

VERKENNERLEWE



Verkennertyd is uitspringtyd
leer ken die wêreld wyd en syd.
Bring my rugsak en stewels
Gee my my stapstok aan.
Vriende, kom jy saam?



Die
Voortrekkers

***Hierdie Verkennerlewe
word opgedra aan elke
Verkenner- spanoffisier
wat oor dekades
Voortrekkerwerk kreatief
ontwikkel en aangebied het
om sodoende ons jeuglede
se karakter te help vorm en
potensiaal te ontsluit.***

Kopiereg ©
Die Voortrekkers
2018

Alle regte voorbehou. Geen deel
van hierdie publikasie mag in
enige vorm gereproduseer of
versprei word of in 'n databasis
of opsporingstelsel gestoor
word, sonder die skriftelike
toestemming van
Die Voortrekkers nie.

Word uitgegee deur:

Die Voortrekkers

Tel: 012 329 6011

Faks: 086 613 9913

E-pos: hkvoort@iafrica.com

Uitleg deur:

Arline Stoffberg

INHOUDSOPGAWE

	VERKENNERTYD IS UITSPRINGTYD	1
1.	ONTMOET DIE VOORTREKKERS	6
	1 Die betekenis van die naam Voortrekker	6
	2 Grondslag, wese, doelstellings en Voortrekkerkode	7
	3 Voortrekkersimbole	15
	4 Voortrekkerstorie	18
	5 Organisasiestruktuur	62
	6 Voortrekkerdrag	65
	7 Verkennerkampe	66
	8 Verkennerkentekens	67
	9 Verkennerbelofte	75
2.	GROENKOPVERKENNER – GRAAD 8	77
	1 Christelike feesdae	78
	2 Effektiewe kommunikasie	81
	3 Boelies	83
	4 Vriendskap	86
	5 Jan van Riebeeck tot by die Groot Trek	87
	6 Familiestamboom	94
	7 Helde	95
	8 Historiese kultuurdae	95
	9 Basiese ekonomiese begrippe	97
	10 Paraatheid	98
	11 Afrika-unie en nasionale liederes en simbole	99
	12 Ysbrekers en spanspeletjies	108
	13 Voortrekkerliedjies	112
	14 Gedragskode in die veld	124
	15 Touwerk	124
	16 Noodhulp	130
	17 Son en sterre	138
	GRAADWIELOPDRAGTE	139

INHOUDSOPGAWE

3.	BAANBREKERVERKENNER – GRAAD 9	143
1	Die Bybel	145
2	Sosiale media	147
3	Konflikhantering	150
4	Spanleierskap	153
5	Generasies	156
6	Tienerdepressie	163
7	Die geboorte van Afrikaans	164
8	Taal- en kultuurhelde	169
9	Die Groot Trek tot by die Anglo-Boereoorlog	171
10	Historiese gedenkwaardighede	178
11	Kultuursimbole en kultuurvlae	185
12	Bestuursvaardighede	190
13	Persoonlike finansies	191
14	Misdaadvoorkoming	193
15	Groep- en tradisionele speletjies	194
16	Spankamp	199
17	Spankos	203
18	Seremonies	217
19	Kompas	219
	GRAADWIELOPDRAGTE	223

INHOUDSOPGAWE

4.	UITHALERVERKENNER – GRAAD 10	227
1	Tien Gebooie	228
2	Afrikaanse Bybel en idiome	232
3	Diensbare leierskap	235
4	Digitale vaardighede	239
5	Emosionele intelligensie in verskillende verhoudings	242
6	Selfbeeldontwikkeling en -verwesenliking	245
7	Probleemoplossing	246
8	Verslawing	248
9	Anglo-Boereoorlog tot voor Republiekwording	252
10	Ekonomiese baanbrekers	263
11	Afrikanerskap en eietydse kultuurbegrippe	264
12	Omgewingsbewaring	269
13	Entrepreneurskap	272
14	Noodsituasies	275
15	Burgerlike protes	277
16	Grondwet en Handves van Regte	278
17	Vaardigheidspeletjies	282
18	Staptoere	284
19	Vuurwapenveiligheid	287
20	Kaartwerk	292
	GRAADWIELOPDRAGTE	298

INHOUDSOPGAWE

5.	BAASVERKENNER – GRAAD 11	301
	1 Geloofsbelewensisse	302
	2 Deugde, waardes en norme	304
	3 Gesinsverhoudings	306
	4 Sosiaal aanvaarbare gedrag	308
	5 Tydsbestuur	310
	6 Stel 'n CV op	313
	7 Onderhoudvoering	315
	8 Toekoms van Afrikaans	317
	9 Republiekwording tot vandag	322
	10 Kultuurbegrip	345
	11 Kulturele vryheid	349
	12 Ekonomiese waarde van kultuur	351
	13 Finansiële instellings	352
	14 Armoede en werkloosheid	354
	15 Gemeenskapsbetrokkenheid	355
	16 Vergaderingprosedures	355
	17 Funksiebeplanning	363
	18 Moderne navigasietegnieke	364
	GRAADWIELOPDRAGTE	367
	INDEKS	371

VERKENNERTYD IS UITSPRINGTYD!

Die woorde van die Verkennerlied nooi jou uit om in jou hoërskooljare-Voortrekkers in die oortreffende trap te geniet!

Voortrekkerlewe is kleurvol, lekker, gelukkig, pret, besig, vol avontuur, maar ook saakmakend, karaktervormend en rigtinggewend. Dit is 'n leefwyse van diens.

Voortrekkers se kultuurbelevens ontsluit moontlikhede om die toekoms winsgewend op alle vlakke te ontgin. Kultuur is nie vir hulle 'n afsluitwoord nie, eerder 'n werkwoord om koers te hou. Kultuur gee vir hulle selfvertroue oor identiteit en idees. Kultuur is vir hulle 'n brugbouwoord oor grense heen. Voortrekkers is trots Afrikaner, dinamies Afrikaans, onlosmaaklik deel van Afrika en verbind tot 'n suksesvolle toekoms vir die land en vir al sy mense.

Deesdae word die vraag of Die Voortrekkers nog bestaan bitter min gehoor. Die Voortrekkers is vandag 'n moderne en relevante Afrikanerjeugbeweging wat voor op die wa is met:

- propvol avontuuraktiwiteite wat jy saam met spanmaats kan beleef
- praktiese diensbaarheid in ons dorpe en stede deur verskeie projekte
- avontuurkampe regoor Suid-Afrika en Namibië.

Daarmee saam 'n *Verkennerlewe* wat jou toerus met lewensvaardighede en jou karakter en leierskapspotensiaal slyp. Dit alles terwyl die adrenalien pomp terwyl jy tussendeur kan seil en roei, berge klim, skubaduik, seeroei, snorkelduik, bergfietsry, abseil, rotsklim, boogskiet, 4x4-veldry en leer van ons spore in die verlede, tradisies en kultuurerfenis.

Die kombinasie en balans tussen *kultuur*, *avontuur* en *natuur* is Die Voortrekkers se geheime resep vir maksimum lewe. Die eerste letters van die woorde spel **KAN**. Voortrekkers is nie Voortrekkers as een van die KAN-boustene ontbreek nie. Waar dit in balans gebring word, **KAN** ons die lewe voluit geniet en as diensbare leiers 'n verskil maak waar ons is.

Deur **V**aardigheidsontwikkeling, waardegedrewe **A**ntwoorde en praktiese **T**oepassing **VAT** die Voortrekkers die toekoms met selfvertroue. Met die Bybel as grondslag en aan die hand van die Voortrekkerkode dink Die Voortrekkers saam oor aktuele vraagstukke.

**DIE KOMBINASIE EN BALANS TUSSEN
KULTUUR, AVONTUUR EN NATUUR
IS DIE VOORTREKKERS SE GEHEIME
RESEP VIR MAKSIMUM LEWE.**

Voortrekkerwerk is spanwerk. Spanwerk is Die Voortrekkers se hoeksteen. In jou Verkenneravonture gaan jy saam met jou span die wêreld wyd en syd leer ken, diep dinge gesels en sommer net lekker kuier. In spanvergaderings, met uitstappies en kampe, fondsinsameling en gemeenskapsprojekte word die waardes van Die Voortrekkers uitgeleef en bevestig.

Diensbaarheid is die asemhaling van Die Voortrekkers. Die kwaliteit van diensbare leierskap word nie bepaal deur titels, posisie of vaardigheid nie, maar deur gesindheid. Sonder 'n gesindheid van diensbaarheid is 'n gemeenskap se kultuurlewe dood. Deel van jou Verkenneravontuur is om deur diensbaarheid die verskil in jou gemeenskap te wees.

Elkeen wat verantwoordelikheid vir hom- of haarself en vir ander aanvaar, is in Die Voortrekkers 'n leier. As Verkenner gaan jy leer hoe om verantwoordelikheid te aanvaar vir jou eie toekoms, maar ook medeverantwoordelikheid vir jou gemeenskap.

Die Voortrekkerloopbaan

Die Voortrekkerloopbaan pas in vier fases soos 'n legkaart inmekaar, naamlik:

- Voorslagleierskapsprogram
- Presidentsverkenner-Leierskapsprogram
- Jongleiersontwikkelingsprogram
- Volwasse toerusting- en verrykingskursusse

Leierskapsprogram	Teikengroep	Erkenning	Uitkomst
Voorslagleierskapsprogram	Laerskool	Nasionale Voorslagtoekenning	Leier van sy eie lewe Die basis van Christelike waardes Spanleierskap Diensbaarheid Vaardigheidsontwikkeling deur 92 kentekens.
Presidentsverkenner- Leierskapsprogram	Hoërskool	Presidentsverkenner Nasionale Toekenning in Kulturele leierskap	Standpuntontwikkeling Spanleierskap Persoonlike leierskap Diensbare leierskap Kommunikasievaardighede Vaardigheidsontwikkeling Tydens die finale Presidentsverkenner- evalueringsproses in Graad 12 word die vaardighede deur 'n skriftelike eksamen geëvalueer en die leierskapvaardighede tydens 'n kamp afgerond.
Jongleiersontwikkelings- program	Studente en jong werkendes	Geakkrediteerde opleidingspunte en sertifikaat	Toepassing van waardes en vaardighede in die universiteits- omgewing en werksomgewing Slyp van jongleiers se stand- punte en kulturele vaardighede Ontwikkeling van beroeps- gerigte vaardighede Diensbaar op Voortrekker- kampe en by ander Voortrek- keraktiwiteite Sosiale netwerk vir studente en werkende jongmense

Volwasse toerusting- en verrykingskursusse	Volwasse lede	Die Voortrekkers is 'n geakkrediteerde opleidingsinstelling wat 'n verskeidenheid van toerusting, verryking en geakkrediteerde opleidingskursusse vir volwassenes aanbied.	Begeleiding van jeuglede in spanverband in leierskap en karakterontwikkeling Effektiewe bestuur van 'n lede-organisasie Betrek van die gemeenskap by die ontwikkeling van jeuglede Effektiewe kommunikasie en aanbiedings
--	---------------	--	--

As Verkenner begin jy nie net 'n nuwe hoofstuk in jou Voortrekkerloopbaan nie, maar word jy deur die Verkennerlewe toegerus vir die wêreld van werk. Die top 10-vaardighede wat internasionaal deur werkgewers geïdentifiseer is, word in die verskillende afdelings van die Verkennerlewe ingewerk.

Topvaardighede vir die werksplek	Beskrywing van vaardighede
Emosionele vaardighede	Vermoë om eie emosies en verhoudings met ander te bestuur
Morele vaardighede	Integriteit Karakter Verantwoordelik Betroubaar Leef volgens waardes Etiek
Kommunikasie-vaardighede	Doeltreffende kommunikasie Goeie kommunikasievaardighede behels om ander te motiveer en inspireer Goeie luisteraar Onderhandelingsvaardighede
Sosiale vaardighede	Spanwerk (Groepwerk) Groepsdinamika Respek vir ander Groepsdruk Konflikhantering
Analitiese en kritiese denke	Probleemoplossingsvaardighede Vermoë om 'n probleem te analiseer en 'n werkbare oplossing te probeer vind Navorsingsvaardighede/hantering van inligting Kritiese denke sluit in terme soos evaluering, objektiwiteit en beoordeling
Leierskapsvaardighede	Diensbare leierskap Strategiese denke Besef die potensiaal van elke spanlid en gebruik hulpbronne effektief Motiveer ander om doel te bereik

Innoverende denke	Kreatiwiteit Verbeelding en nie net logika nie Wees anders/meer innoverend as jou kompetisie Entrepreneurskap Finansiële onafhanklikheid en bestuur
Persoonlike selfbestuur-vaardighede	Selfaktualisering (selfverwerkliking) Selfkennis (persoonlikheidstipes) Selfvertroue Uithouvermoë Hardwerkend Aanpasbaarheid Doelwitgedrewe/visie
Organisatoriese vaardighede	Tydsbestuur Produktiwiteit Prioritiseer Handel take af
Digitale vaardighede	Sosiale media Netetiket (Internet-etiket)

In die *Verkennerlewe* word die vaardighede opgesom as:

- Geloofsvaardighede
- Sosiale vaardighede
- Kulturele vaardighede
- Burgerskapvaardighede
- Voortrekkervaardighede


Aan die einde van elke jaar is daar Graadwielopdragte wat jy individueel of saam met jou span moet voltooi met die oog op die Presidentsverkenner-toekenning.

Dankie

*Die Verkennerlewe is die produk van geslagte Voortrekkers se kennis en harde werk.
Spesiaal dankie aan die Nasionale Komitee: Verkenners wat sedert 2013 aan die boek gewerk het.
Dankie aan al die skrywers vir hulle insette en deel van kennis.*

Erkenning word gegee aan 'n wye verskeidenheid van eksterne bronne, onder andere Mieliestronk, Communitas, die FAK, Bybel-media, Solidariteit, Juig, Netwerk24, Christelike kernensiklopedie, die SAPS, AfriForum, die ATKV, Genealogievereniging.

1 ONTMOET *Die Voortrekkers*



1

ONTMOET

DIE VOORTREKKERS

1. Die Verkenner kan verduidelik wat die naam Voortrekker vir ons beteken.
2. Die Verkenner ken en verstaan die betekenis van die grondslag, wese, doelstellings en Voortrekkerkode.
3. Die Verkenner ken die betekenis van die Voortrekkersimbole.
4. Die Verkenner waardeer ons Voortrekkerstorie.
5. Die Verkenner verstaan Die Voortrekkers se organisasiestruktuur.
6. Die Verkenner dra aktiewe en formele Voortrekkerdrag met trots.
7. Die Verkenner is bewus van verskillende Voortrekkerkampe.
8. Die Verkenner is bewus van die verskillende Verkennerkentekens.
9. Die Verkenner ken en verstaan die Verkennerbelofte.

1. DIE VERKENNER KAN VERDUIDELIK WAT DIE NAAM VOORTREKKER VIR ONS BETEKEN.

**CF Visser is reg as hy sê:
"In ons geskiedenis is
daar seker geen mooier
naam as Voortrekkers
nie, en daar is seker geen
ander naam waarvan daar
vir ons soveel besieling
kan uitgaan nie."**

Jy dra 'n trotse familienaam!

Die Voortrekkers se naam definieer ons. In ons naam, *Voortrekkers*, lê eeue-oue kulturele diepte, kulturele kapitaal, kulturele identiteit en tradisies opgesluit. Diegene wat dink die naam is outyds, verstaan niks hiervan nie.

Ons naam getuig van toekomshoop, dapperheid, wilskrag en visie.

Ons naam vertel van mense wat nie stagneer het of hulself geïsoleer het nie, maar wat voortdurend nuwe moontlikhede ontgin het.

Ons naam, Voortrekkers, definieer ons kultuurbelevens en inspireer ons om as eietydse pioniers nuwe spore te trap, nuwe koers aan te dui – grensverskuiwend, saakmakend en rigtinggewend.

Ons naam sê Voortrekkers stagneer nie, maar streef na uitnemendheid in alle opsigte.

Voortrekkers is voorposmense wat dinkfiks is, wat leiding neem, positief betrokke by hul gemeenskap is, wat nie wag dat dinge gebeur nie, maar dit laat gebeur.

Ons naam sê: Prestasie skep toekoms.

2. DIE VERKENNER KEN EN VERSTAAN DIE BETEKENIS VAN DIE GRONDSLAG, WESE, DOELSTELLINGS EN VOORTREKKERKODE.

Die Voortrekkers se grondslag

God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

Die geloofsgrondslag is die fondament waarop ons hele beweging rus. Ons Christelike geloofsgrondslag is die kompas vir ons denke en daade, maar ook die hoeksteen vir ons bouwerk aan ons karakter en toekoms.

Die Voortrekkers is nie gekoppel aan 'n bepaalde kerkgenootskap nie, maar beoefen die Protestants-gereformeerde godsdiens in die ruimste sin van die woord.

As erfgename van 'n ryk Protestants-gereformeerde nalatenskap, glo Die Voortrekkers:

- in die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees;
- dat God Hom aan ons openbaar in die Bybel – sy onfeilbare, gesaghebbende Woord – en in sy skepping. Dit is in die God wat ons glo en wat ons daagliks met hart, siel en verstand lief het en wil dien;
- dat Jesus Christus deur sy menswording, aardse lewe, kruisdood en opstanding ons verlossing bewerk het;
- dat die Heilige Gees ons in staat stel om Jesus as ons Verlosser en Saligmaker aan te neem;
- dat die enigste sinvolle reaksie op die gawe van verlossing is om ons lewe daaraan te wy om God te verheerlik;
- dat ons hierdie doel uitleef deur gehoorsaam te wees aan die skeppingsopdrag (Gen. 1:28), die Tien Gebooe (Eks. 20:1–17), die Groot Gebod (Matt. 22:37–39) en ander skrifgedeeltes wat die Christelike lewenswyse beskryf.
- Voortrekkers is mense wat graag in die natuur kom. Daar sien ons met verwondering die handewerk van God. Die Bybel help ons om God se skeppingsorde en doel te verstaan en te aanvaar.

Die Voortrekkers kyk na die wêreld deur hierdie geloofsbril en laat toe dat dit ons waardes bepaal. Ons bou alles wat ons doen op die waarhede wat die Here in die Bybel en in die skepping aan ons gee.

Die Voortrekkers diskrimineer teen geen godsdiens en sluit niemand op grond van godsdiens uit nie. Enige iemand is welkom, maar as jy nie 'n Christen is nie, sal jy waarskynlik nie tuis voel by Die Voortrekkers nie.

Ons probeer om die Bybelse opdrag dat ons God in alles moet dien konsekwent deur te trek in al ons Voortrekkeraktiwiteite. Ons lewe in geloof, uit God se genade, vanuit sy Woord en tot sy eer alleen. Ons optrede versinnebeeld Romeine 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid."

Die Voortrekkers se wese

'n Persoon se ID-boek sê wie jy is en hoe jy lyk. Die Voortrekkers se wese is ons Kulturele ID-kaart wat verduidelik wie Die Voortrekkers is en watter mense daaraan behoort.

Die Voortrekkers se ID-boek sê:

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

'n Kultuurbeweging

Kultuur is nie vir ons jong Voortrekkers 'n oudmodiese manier van dink en doen nie. Kultuur is 'n werkwoord waarmee ons die toekoms van moontlikheid en betekenis ontsluit. Vir Die Voortrekkers is dit die wetenskap van die versameling, versorging en oordrag van eie kennis en tradisies. Kultuur is vir ons om skeppend te werk.

'n Suksesvolle toekoms word gebou met 'n kultuur van hoëfunksiedenke en -prestasies.

Deur die woordjie kultuurbeweging sê Die Voortrekkers ons kultuur stagneer nie, want ons is dinamies aan die beweeg, aan die ontwikkel, aan die bou, voortdurend besig om grense te skuif en nuwe horisonne te ontdek.

Die kenmerke van so dinamiese kultuurbegrip is die volgende:

- Dit is 'n karaktervormende kultuur wat strewe na alles wat goed, mooi, skoon, positief en uitnemend is.
- Dit is 'n skeppende kultuur deur innoverende denke en dade.
- Dit is 'n opbouende kultuur deur diensbaarheid.

As eietydse pioniers skep Voortrekkers 'n nuwe toekoms met selfdoenvaardighede, voorposdenke en selfverwerkliking. Horisonne is nie vir Voortrekkerjongmense grense nie, maar nuwe Voortrekkervelde wat wag om ontdek te word.

Dit is die kultuurbegrip waarmee Die Voortrekkers blywende betekenis in ons land en kontinent skep.

Die Voortrekkers is nie 'n ontspanningsvereniging, buitelugklub, godsdiensbeweging, kerklike jeugvereniging, politieke organisasie of algemene jeugvereniging nie. Die Voortrekkers is 'n gefokusde kultuurbeweging. Dit beteken dat ons 'n bepaalde gemeenskap se kultuur onder ons jeuglede bevorder en so 'n noodsaaklike bydrae lewer tot die rykdom van kulturele diversiteit in ons land. Dit beteken ook dat ons die verantwoordelikheid aanvaar om ons kultuur positief uit te leef en dit verder met nuwe inhoud uit te bou.

Wat Die Voortrekkers is:	Wat Die Voortrekkers nie is/doen nie:
• is 'n outonome jeugbeweging;	• is nie die jeugvleuel van enige politieke party of burgerregte-organisasie nie;
• is 'n beweging met 'n sterk Christelike grondslag;	• is nie 'n godsdiensorganisasie of kerk nie;
• beskou Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap as aanvullend tot mekaar;	• beskou nie Afrikanerskap apart van Suid-Afrikanerskap nie;
• is trots op die Afrikanervolk se geskiedenis, en gebruik dit as bousteen vir die toekoms;	• het geen begeerte om in die verlede vas te val nie;
• werk saam met ander jeugbewegings aan gemeenskaplike doelwitte;	• gee nie hul identiteit prys ter wille van samewerking nie;

- is trots op hul erfenis, en gun ander kultuurgroepe die reg om ook op hulle s'n trots te wees;
- beskou nie hul erfenis as meerderwaardig nie, en ontsê nie ander kultuurgroepe die geleentheid om hul kultuur te beoefen nie;
- beywer hulle vir die bewaring en bevordering van ons omgewing;
- is nie 'n buitelugklub of natuurbewaringsorganisasie nie;
- bied gesonde, opbouende aktiwiteite;
- is nie 'n ontspanningsklub nie;
- het respek vir gesag;
- is nie 'n paramilitêre organisasie nie;
- lewer diens aan land, volk en medemens.
- is nie 'n liefdadigheidsorganisasie nie.

Moderne Afrikanerskap: ons kulturele selfverstaan

Die 2005-*Verkennerlewe* sê onomwonde: "Die eintlike besigheid van Die Voortrekkers is Afrikanerkultuur. Ons is moderne Afrikaners, met sappige gespierde Afrikaans wat tintel op die internet, wat ywerig kommunikeer met WhatsApp'e, op Facebook of met Twitter. Ons is moderne Afrikaners wat ontdek dat ons eie lekker is, nie minderwaardig is nie en ook nie noodwendig formeel hoef te wees om respek en liefde te verdien nie. En ons jong Afrikanerleiers sê: Jy mag maar aan jou eie kant ook wees."

Moderne Afrikaners reis die aardbol vol en kyk die wêreld vierkantig in die oë. Hulle het aangepas by die groter wêreld wat deur moderne tegnologie klein geword het.

Moderne Afrikaners is nie blind vir die foute in die verlede nie, maar wil steeds Afrikaners bly. As almal wat foute in die verlede gemaak het, moet verdwyn, wie kan bestaan?

Afrikaner en Afrikaans is nie vir Die Voortrekkers 'n rassesaak nie. Dit is 'n kultuursak. Dit is nie 'n rasse-etiket nie, maar 'n kultuurtrots.

Positiewe burgerskap: ons opbouende betrokkenheid

Voortrekkers is nie positiewe burgers omdat dit 'n politiek korrek modewoord is, of omdat die owerheid graag dit wil hoor nie. Ons is positiewe burgers omdat ons Christene is. As konsekwente Christene kan ons nie ons kop soos volstruise in die sand steek nie. God roep ons om in ons land en kontinent die verskil te wees.

As trotse en positiewe landsburgers van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Brittanje, Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die VSA of enige ander land waar 'n Voortrekker 'n landsburger is, respekteer ons die land se nasionale simbole en gehoorsaam die landswette. Voortrekkers stem in verkiesings, betaal belasting en is opbouend betrokke by die gemeenskap.

AFRIKANER EN AFRIKAANS IS NIE VIR DIE VOORTREKKERS 'N RASSESAK NIE. DIT IS 'N KULTUURSAK. DIT IS NIE 'N RASSE-ETIKET NIE, MAAR 'N KULTUURTROTS.

Positiewe burgerskap is vir Die Voortrekkers 'n leefwyse wat gekenmerk word deur aktiewe betrokkenheid, diensbare leierskap en die trap van nuwe spore.

Ons lojaliteit aan ons kulturele identiteit bots nie met ons lojaliteit teenoor ons land nie, maar vorm juis die kern daarvan.

Net soos wat ons as *Afrikaners* ons kultuurerfenis koester, koester ons as *Suid-Afrikaners* (of Namibiërs!) ons gedeelde erfenis. Ons roep nie alleen die heldedade en prestasies van ons eie kultuur in herinnering nie, maar is ook trots op die prestasies van ander individue en/of kultuurgroepe wat tot ons land se welstand bydra.

Onttrekking en isolasie is vir Die Voortrekkers geen opsie nie. Die welstand van ons land en van die mense wat daarin woon, is ten nouste aan mekaar verbind. Die Voortrekkers besef dat Afrikaners 'n belangrike bydrae het om te lewer tot die breë gemeenskap. Daarom werk ons hand aan hand saam met ander landsburgers om wedersydse respek, vrede en voorspoed in ons land te bewerkstellig.

Gedeelde projekte aan gemeenskaplike sake bedreig nie ons identiteit as Afrikaners nie, maar bied juis vir ons 'n geleentheid om ons kultuurgemeenskap se aansien te verhoog deur die hand van vriendskap na ander uit te reik. Ons handhaaf 'n gesonde balans tussen 'n akkommoderende houding en die handhawing van ons eie identiteit. Ons neem deel aan gemeenskaplike funksies en feesdae en erken nasionale simbole. Ons tree altyd op soos goeie ambassadeurs vir ons kultuur en vir die waardes wat ons verteenwoordig.

Die Voortrekkers sal as aktiewe en verantwoordelike landsburgers standpunt inneem. Voortrekkers staan vir wat reg, billik en regverdig teenoor almal is.

Konsekvente Christenskap: ons getuienis

Die Voortrekkers is onbeskaamd Christelik in ons aktiwiteite. Dit beteken nie dat Voortrekkers van sy lede verwag om super-Christene te wees nie, maar wel genade-mense wat met liefde dien. Voortrekkers erken ook dat ons foute maak en baie keer struikel. Ons hou vas aan die genade van die Here en glo dat liefde alles oorwin.

Vanuit die geloofsbenadering streef Die Voortrekkers na Christelike gesins- en samelewingswaardes en probeer ons God se eer op elke lewensterrein te soek deur die konsekvente toepassing van Bybelse waardes.

As Voortrekkers wil ons niks anders wees as 'n lig wat vir Jesus skyn in ons land nie. Die fakkel in ons Voortrekkerwapen is 'n simbool hiervan.

Roeping: ons opdrag

'n Roepingsbewuste kultuurorganisasie leef nie vir hulself nie. Roepingsbewustheid laat ons wegkyk van die eie ek.

Roepingsbewustheid getuig van 'n organisasie wat Godgesentreerd is en diensbaar in Sy koninkryk wil leef. Deur roepingsbewustheid bely ons kultuurorganisasie dat Die Voortrekkers nie aan onself behoort nie. Geen individu of groep kan aanspraak maak op die hart van Die Voortrekkers nie. Ons behoort aan die Here en moet ons taak op aarde volgens Sy opdrag tot Sy eer vervul. Ons het Hom immers lief met hart, siel, verstand en al ons kragte.

Die Voortrekkers is 'n roepingsgedrewe kultuurorganisasie wat gestig is met die kernideaal om koers vir ons kinders aan te dui. Koers vir ons kinders is steeds ons roeping.

Die roeping om koers vir ons kinders te gee, oortuig ons van ons bestaansreg en ons bestaansrede. As koerswysers en gietvorms vir julle, het Voortrekkeroffisiere 'n groot verantwoordelikheid om saam met julle deurlopend die wil van die Here te soek en in elke tydvak en konteks na te dink oor hoe ons die roeping beter kan vervul. Johan Greijbe, die eerste provinsieleier van Transvaal, skryf in die dertigerjare: *“Die Voortrekkerbeweging soek dus na leiers wat glo in die kind, wat glo in die bestemmingsreg van die Afrikaner en wat die oog gerig sal hou op die Lig. Dit is hy wat sal Koers Hou.”*

Die Voortrekkers glo God roep nie net Die Voortrekkers as 'n kultuurorganisasie vir 'n spesifieke taak nie, maar ook elke lid. Hiervoor gee die Here unieke gawes aan elke mens, ook aan jou, om jou roeping uit te leef. Die Voortrekkers wil jou help om jou roeping te ontdek en jou toerus met soveel as moontlik vaardighede om jou roeping te vervul.

Diensbaarheid: ons polsslag

Ons Protestantse erfenis leer: *Ora et labora*. Bid en werk. Bid asof alles van God afhang en werk asof alles van jou afhang. Daar is baie dinge in ons land wat nie reg gepraat kan word nie, maar wat reg gewerk moet word. Voortrekkerjongmense werk dinge reg. Hulle staan ondubbelsinnig vir die Afrikaanse taal en Afrikanerkultuur, maar verstaan ook dat die Voortrekkerbelofte 'n belofte tot diensbaarheid is.

As diensbare leiers, leef Voortrekkers met deernis. Afrikanerjongmense het begrip dat baie van hul swart en bruin maats moeiliker maatskaplike omstandighede moet oorkom. As diensbare leiers, is Voortrekkers betrokke by talle gemeenskapsprojekte. Waar nood is, sal jy 'n Voortrekker met opgerolde moue vind. Hard aan die werk.

Ons leef in 'n land en konteks waar dienslewering een van ons grootste samelewingsuitdagings is. Ons land is honger vir diensbare leiers wat met opgerolde moue en positiewe waardes op die voorpunt staan om 'n verskil te maak.

Diensbaarheid is die polsslag van 'n lewende kultuurorganisasie. Sonder 'n gesindheid van diensbaarheid is 'n gemeenskap se kultuurlewe dood. Diensbaarheid is onlosmaaklik deel van die karakter van Voortrekkerlewe. Die Voortrekkers bied 'n kultuurruimte waar lede diensbaar kan wees aan die Here, ons land, ons kinders, ons kultuurgemeenskap en ons medemens.

Nie net die wese nie, maar elke Voortrekkerbelofte en die Voortrekkerkode is gerig op 'n diensbare lewe. Kode 1 en 10 dui op die samevatting van die Wet, naamlik die liefde vir die Here en jou naaste wat sigbaar word deur diensbaarheid. Die eerste en die tiende kode omsluit Die Voortrekkers se etos van moderne Afrikanerskap, positiewe Burgerskap en konsekwente Christenskap.

'n Diensgerigte lewe het sy oorsprong in die karakter van 'n persoon. Dit is 'n lewensingesteldheid en 'n gevolg van roeping.

'n Voortrekker moet bereid wees om sy hand uit te steek om jou naaste te help, nie net wanneer dit jou pas nie, maar wanneer jou naaste dit nodig het. Dit is 'n opdrag wat Jesus Christus self vir al sy volgelinge gegee het. Daarom moet jy dit met vreugde doen, want daardeur betoon jy jou dankbaarheid oor alles wat God vir jou doen.

Diensbaarheid is die sleutel waarmee die ABC van Die Voortrekkers in praktyk uitgeleef word. Voortrekkers leef as ABC-mense diensbaar in hul werks-, skool-, kerk- en kultuurgemeenskap, asook in die omgewing waar hulle woon.

Diensbaarheid is nie vir Die Voortrekkers 'n vae konsep of 'n oppervlakkige maatskaplike benadering nie. Afrikaners het met 'n gesindheid van diensbaarheid en 'n troffel in die hand armoede oorwin, kerke, skole en universiteite gebou, lande geploeg, harte oorgeplant, nuwe horisonne ontdek, grense geskuif.

Die Voortrekkers gee deur diensbaarheid prakties inhoud aan ons Christenskap, burgerskap en Afrikanerskap.

ONS LAND HET VANDAG DIENSBARE JONGLEIERS BROODNODIG, VIR WIE ROEPING TOT DIENS DIE WARE NOORD IS.

Diensbaarheid beteken dat ons nie vir ander wag om leiding te neem nie, maar selfverantwoordelikheid neem om ons taal en kultuureie in beskerming te neem en daarvoor te sorg.

Dade van diensbaarheid, hoe gering of klein ook al, gee hoop vir die toekoms.

'n Diensbare hart veronderstel 'n nederige wegkyk van die eie ek waar daar geen plek is vir hoogmoed of selfsug nie. Diensbaarheid vra harde werk, opoffering, toewyding, maar bowenal deursettingsvermoë.

Ons land het vandag diensbare jongleiers broodnodig, vir wie roeping tot diens die ware noord is waarmee hulle koershou na die toekoms.

Die doelstellings: ons verbintenis

Die doelstellings verwoord Die Voortrekkers se vaste onderneming aan ons ouers, lede en vriende, maar veral aan julle as ons jeuglede.

Die Voortrekkers is daartoe verbind om:

1. ons geloof in God Drie-enig in al ons Voortrekkeraktiwiteite te bevestig.
2. as moderne Afrikaners ons taal, kultuur en erfenis met trots te bevorder.
3. as positiewe burgers opbouend betrokke te wees by ons gemeenskap, land en kontinent.
4. as konsekwente Christene deur ons woorde en daade te getuig.
5. diensbaar in ons omgewing te wees.

Die Voortrekkerkode: ons karakter

Die Voortrekkerkode is die norm waarvolgens Voortrekkers leef. Dit is die bakens vir ons pad. In Spreuke 4:26 staan daar: *"Baken jou koers af en jy sal seker wees van elke tree."*

Die Voortrekkerkode beskryf die karakter van ons organisasie en is gerig op karakterontwikkeling van ons jeuglede.

Die kernvereistes vir die Voortrekkerkode is dat dit getrou sal bly aan ons grondslag en wese, belyn sal wees met ons Voortrekkerbeloftes, maar dat dit so eenvoudig en duidelik geskryf sal wees dat die kleinste Voortrekker dit kan verstaan.

Elke lid moet daarna strewende om die Voortrekkerkode na te leef. Dit moet jou keuses en handeling, gesindhede en gedagtes rig.

Die Voortrekkerkode is deur die jare aangepas om vir ons jeuglede in veranderende tye relevant te bly.

- Die eerste Voortrekkerwet is reeds in 1919 deur Vader Visser ontwikkel en het baie ooreengestem met die Scouts se kode.
- Die Voortrekkerwet is in 1931 uitgebrei tot 10 wette en was deel van Die Voortrekkers tot 1993.
- Dit is tydens die 1993-kongres goedgekeur om aan te pas by die veranderende landsomstandighede met kleiner wysigings tot 2009.
- Tydens 2017 is 'n nuwe Voortrekkerkode goedgekeur wat julle makliker kan onthou en wat die ou Voortrekkerwet en Voortrekkerkode saambind. Die belangrikste is dat die Voortrekkerkode steeds tien bakens plant waarmee 'n Voortrekker vandag koers kan hou.

Ons Voortrekkerkode

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.

'n Driedimensionele legkaart

Die grondslag, wese en kode is nie losstaande konsepte nie, maar pas soos 'n driedimensionele legkaart oor mekaar.

Die tabel verduidelik kortliks hoe die ABC en die kode verweef is.

Die grondslag is die fondament en die diensbaarheid die polsslag van elke blokkie.

Kodes	Moderne Afrikanerskap	Positiewe burgerskap	Konsekvente Christenskap
'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.	Belyning met die beloftes Dien die Here as moderne Afrikaner Dui ook op ons Protestantse geloofserfenis en belydenisskrifte	Lief vir die Here in ons land Dien die Here as positiewe burger deur die hantering van jou geld; jou omgang met ander mense; versorging van jou naaste; opstaan vir reg en orde; deelname aan sport; daaglikse werk Godsdiensvryheid	Sluit aan by Jesus se samevatting van die Wet in Matteus 22 (vertikaal en horisontale godsdiens) Lief dui op verhouding Dien die Here as konsekvente Christen deur elke dag dankbaar te leef; Bybel te lees; koninkryk uit te brei deur praktiese getuienis.

'n Voortrekker se woord is sy eer.	Voortrekkerbeloftes – doen wat jy belooft	Eerlikheid in die werk Eerlikheid in die land – (teen korrupsie)	Die Bybel is normatief vir ons woorde en daade Lewe met integriteit Die Bybel is die riglyn van elke Voortrekker. Dit is die maatstaf waaraan ons elkeen ons leefwyse meet en bepaal ons optrede in elke situasie en sluit kwaliteite in soos eerbaarheid, reinheid, gehoorsaamheid, eerbiedigheid, hulpvaardigheid en hoflikheid. Ons strewende daarna om die voorbeeld van Christus na te volg.
'n Voortrekker is gehoorsaam.	Gehoorsaam ouers, onderwysers, Voortrekker-offisiere en mense wat by my aangestel is.	Gesonde samelewing word gekenmerk deur gesag en orde. Gehoorsaam landswette, owerhede Strewe na 'n ordelike samelewing.	Gehoorsaam God se Woord. Verskil tussen luister en hoor Gehoorsaam God, Gesindheid van HOOR + SAAM
'n Voortrekker respekteer ander mense.	Selfrespek. Vertrekpunt van kulturele volwasse- heid/verdraagsaamheid Respek vir ouer mense en gesag is 'n kulturele kenmerk van Afrikaners Vra ook wedsydse respek van ander vir ons kultuurgoedere Respek veronderstel eerbied (beleefdheid; vriendelikheid; inagneming van ander; hoflikheid)	Respek vir diversiteit Respek vir ander ge- lowe, tale, kulture Teen rassisme Respek vir verskillende standpunte	Respek (eerbied) vir die Here Respek veronderstel ook selfrespek Respek vir my medemens as basis van menseverhoudinge en 10 geboorte
'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.	Leer Afrikanergeskiedenis, helde en monumente Afrikaners is bouers	Leer uit 'n veelkantige landsgeskiedenis om beter te verstaan	Leer uit ons geloofsgeskiedenis: Bybel en Protestantse geloofstradisie

'n Voortrekker is trots op Afrikaners se taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.	Kulturele selfrespek Trots = eienaarskap Verantwoordelikheid om dit te bevorder Afrikaans suiwer praat, want dit is deel van ons-self/taal en kultuurambassadeurs Pas ons erfenis op en rig nuwe monumente op	Opstaan vir grondwetlike taal- en kultuurregte Deel Afrikaans met vele gemeenskappe en vier die diversiteit daarvan Bevorder veeltaligheid Saamwerk vir erfenisbewaring	Taal en kultuur is 'n gawe van die Here.
'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.	Erfgrond	Ekologiese kwessies Omgewing en tegnologie	Skeppingsopdrag
'n Voortrekker neem leiding.	Planmaak kultuur Om ons kultuur, erfenis en monumente te bewaar	Wag nie vir staat nie, neem eie inisiatief	Diensbare leierskap in navolging van Jesus
'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.	Kulturele weerbaarheid Op hoogte van sake van die dag wat taal en kultuur raak	Fisiese weerbaarheid/ selfverdediging Burgerlike protes Ekonomiese weerbaarheid (wat insluit sober en spaarsaam/entrepreneurskap)	Emosionele en sosiale weerbaarheid Groepsdruk Sien raak waar daar nood is
'n Voortrekker is diensbaar.	My volk	My land	My medemens

3. DIE VERKENNER KEN DIE BETEKENIS VAN DIE VOORTREKKERSIMBOLE.

Simbole is die sigbare bevestiging van ons identiteit en teenwoordigheid.

Deur die simbool te erken, bewys 'n mens jou liefde daarvoor, jou lojaliteit daaraan en verbind jy jou met die doel, strewe en toekomsideale van die instelling wat deur die simbool voorgestel word.

Die Voortrekkers erken ons nasionale simbole (nasionale wapen, nasionale vlag en nasionale lied) en kultuursimbole (byvoorbeeld kulturele liedere en historiese vlae).

Die Voortrekkers het ook 'n veelvoud van unieke simbole soos spanvaandels, spankrete, kampliedere, gebiedswapens en gebiedsliedere. Die drie kernsimbole wat ons oor alle grense saambind, is ons Voortrekkerwapen, ons vlag en ons Hou Koers-lied.

Die Voortrekkerwapen

Die ontwerp van die wapen was die idee van prof. B Taute (Vooros), latere provinsieleier van Kaapland, terwyl die leuse die voorstel van die eerste hoofleier dr. NJ van der Merwe was. Die wapen is op 13 Augustus 1942 by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer en is in 1960 na 'n Kongresbesluit gestandaardiseer op sy huidige ontwerp. Die Voortrekkerwapen skep die indruk van beweging, doelgerigte beweging op 'n voorafbepaalde koers, die pad van Suid-Afrika.



OP 13 AUGUSTUS 1942 BY DIE DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE GEREGISTREER.

Die wiel

Die wiel bestaan uit 'n naaf, tien speke, vyf vellings en 'n staalband rondom. Die *naaf* is die middelpunt van die wiel en daarin word die hele vraag wat die wiel moet dra, gekonsentreer. Die naaf moet sterk wees om sy funksie te vervul.

Die naaf is dus die simbool van diensbaarheid.

Die naaf en die vellings word verbind deur tien *speke*, eweredig gespaseer. Op elke speek rus 'n deel van die las en dit help dus om die vraag te dra.

Die tien speke is 'n sinnebeeld van die lewensterkte van Die Voortrekkers soos dit in die tweede doelstelling uitgedruk word.

Aan die buitekant van die speke is daar vyf *vellings* wat die speke met mekaar verbind en aan die wiel die ronde vorm gee.

Die velling is die simbool van stewigheid.

Rondom die wiel is daar 'n *ysterband* wat al die afsonderlike dele bymekaarvoeg en die wiel voltooi.

Die voorwiel van die kakebeenwa dui die verbondenheid van die Voortrekkerbeweging met ons volksverlede en tradisies aan.

Dit versinnebeeld stewigheid, vastigheid en betroubaarheid; iets wat 'n swaar las kan dra en dus in die hoogste mate diensbaar is.

Verder suggereer die wiel beweging en vooruitgang omdat die wawiele van die Voortrekkers onbewoonde en woeste binnelande binnegerol het en daar vooruitgang gebring het.

Dit dui dus die rigting aan, want die wa moet die voorwiel volg.

Laastens dui dit ons land se slagspreuk aan: *Ex unitate vires* (Eendrag maak mag).

Die brandende fakkel

Die brandende fakkel simboliseer die lig van die Christelike en Westerse beskawing wat ons voorouers saam met die ossewa in 'n onbeskaafde binneland ingedra het. Ons voorouers was bereid om hul goed en bloed daarvoor te offer.

Daarom spoor die brandende fakkel ons aan om vandag nog ligdraers te wees.

Die leuse

Die leuse *Hou Koers* gee erkenning aan die spore wat deur ons voorgangers getrap is, maar moedig ons aan om met dieselfde deursettingsvermoë en diensbaarheid nuwe spore te trap.

Die leuse herinner ons om koersvas vorentoe te gaan – getrou aan wie ons is en waarvoor ons staan.

Dr. JD Kestell het dit treffend saamgevat toe hy gesê het: “Die persone wat daardie leuse gekies het, het soos die Romeinse boumeesters van ouds, sterker gebou as wat hulle gemeen het.”


Theo Vorster, aanbieder van Sakegesprek op kykNET beskryf die Voortrekkerleuse, “Hou Koers!”, “as die saamstel van die werklike prioriteite en 'n fokus daarop om hierdie prioriteitsdoelwitte te bereik”. Deur die regte prioriteite te bepaal en daarop te fokus, sal Die Voortrekkers nie net in invloed, prestasie en getalle bly groei nie, maar reguit koershou na die toekoms toe.

Die Voortrekkervlag

Die Voortrekkervlag is die vlag van die geskiedkundige Voortrekkerrepubliek Natalia wat na die slag van Bloedrivier in Natal gestig is. Die vlag het die drie kleure van die Nederlandse Statenvlag in driehoekige vorms saamgevoeg omdat die ontwerper daarvan die ou bekende kleure wou behou. Omdat al die ander bekende vorms reeds voorheen in ander vlage gebruik is, het hulle toe besluit om van driehoeke gebruik te maak om 'n unieke vlag te skep. Hierdie vlag was die eerste oorspronklike vlag wat op Suid-Afrikaanse bodem geskep is. Dit is amptelik in 1839 aanvaar en is na 'n kortstondige bestaan op 26 Junie 1942 gestryk.

Hierdie geskiedkundige vlag is op voorstel van mev. MM Jansen, die eerste onderhoofleidster, as die Voortrekkervlag gekies. Sy het die eerste vlag dan ook eiehandig gemaak, en daardie vlag is tydens die stigting van die Voortrekkerbeweging op 30 September 1931 gehys.

Die eenvoudige, dog treffende, Voortrekkervlag is 'n simbool van die selfstandigheid van die Voortrekkerbeweging. Dit identifiseer ons en dui die gemeenskaplike strewe by al die lede daarvan aan.



**DIT IS AMPTELIK IN 1839
AANVAAR EN IS NA 'N
KORTSTONDIGE BESTAAN OP
26 JUNIE 1942 GESTRYK.**

Kleure

Die kleure van die vlag versinnebeeld dieselfde deugde van die Nederlandse Statenvlag:

- **rooi** is die kleur van dapperheid, durf en moed
- **wit** is die simbool van eenheid van strewe, van hoë en skoon ideale en van reinheid van gedagte, woord en daad
- **blou** is die simbool van volharding, vooruitsig, nuwe horisonne

Vorm

Die driehoek is 'n eenvoudige konstruksie wat 'n swaar las kan dra en nie maklik inmeekaargedruk kan word nie. Dit dui op stewigheid.

4. DIE VERKENNER WAARDEER ONS VOORTREKKERSTORIE.

Ons mooiste storie

Die storie van Die Voortrekkers wat reeds vir langer as agt dekades geskryf word, is een van die Afrikaners se mooiste kultuurstories. Dit is 'n storie van deursettingsvermoë, van toewyding en opoffering. Die kultuurstorie van Die Voortrekkers is 'n verhaal van vrywilligers wat hul vrye tyd gebruik om graadwielboeke, handleidings en ander literatuur te skryf. Geboue, spankamers en kampterreine het deur harde werk en innoverende denke ontwikkel tot spogprodukte. Dit is 'n storie van sente omdraai, moue oprol, vasbyt en hard werk. Dit is 'n storie van historiese feeste, monumente bou en erfenisse bewaar. Dit is 'n storie van betrokkenheid, praktiese omgee en diensbaarheid in plaaslike gemeenskappe.

Die Voortrekkerstorie vertel 'n verhaal van planne, vars denke, aanpasbaarheid en hoëfunksieprestasies. Dit is 'n storie van liefde vir Afrikaans, Afrikanerkultuur, Afrikanerkinders, maar bo alles, vir die Here. Ook is dit 'n storie van pret, kameraadskap en avontuur.

Dit is geen wonder dat Die Voortrekkers oor dekades heen gegroei het tot 'n lewenskragtige, en saakmakende kultuurorganisasie nie. Getrou aan die oorspronklike stigtingsideale van NJ van der Merwe, Vader Visser en Japie Heese is Die Voortrekkers vandag steeds 'n toekomsgerigte jeugorganisasie wat:

- Afrikanerkinders se karakter deur Bybels-Christelike waardes vorm.
- Afrikanerkinders die geleentheid bied om hul kultuur in die natuur deur avontuur te geniet.
- Afrikaners begelei om as oortuigde Christene nie net Bybelse waardes in hul persoonlike lewens uit te leef nie, maar ook om gemeenskapswaardes deur middel van diens, deelname en standpunte te help vorm.
- Afrikanerkinders help om lewensvaardighede te ontwikkel om as uitnemende en diensbare leiers 'n betekenisvolle en positiewe bydrae te lewer tot die land en die kontinent.
- Afrikanerkinders 'n tuiste bied waarin hulle Afrikaners se geskiedenis, taal, kultuur en tradisies ten volle kan uitelef en geniet.

Hierdie ideale het oor dekades neerslag gevind in die wese, waardes en strategiese doelwitte van Die Voortrekkers om jong Afrikaners as uitnemende leiers te ontwikkel.

Die belangrikste kultuurvraag in die tweede dekade van die een-en-twintigste eeu is nie meer wie Afrikaners is en of hulle 'n plek in Afrika het nie. Ook nie of Afrikanerkultuur in die nuwe politieke bedeling gaan oorleef nie. Afrikanerkultuurorganisasies het hul aanpasbaarheid en lewenskragtigheid oor en oor aan hulself en ander bewys.

Die Afrikanerkultuurwêreld se fokus is lankal nie meer op oorleef nie, maar op herleef. Die belangrikste kultuurvraag is hoe kan Afrikanerkultuurorganisasies in die huidige tydsomstandighede Afrikaners se kulturele erfenis bevestig, maar ook terselfdertyd nuwe spore trap?

Om die vraag suksesvol te beantwoord, moet Voortrekkers die waarde en sterk punte van die Voortrekkerstorie bevestig, maar ook uit die Voortrekkerstorie koördinate vind om nuwe horisonne te ontsluit. Die bevestigers soek in hul toekomsgerigtheid kontinuïteit met die verlede, maar terselfdertyd na praktiese maniere om aan Afrikaners se kulturele erfenis nuwe betekenis te gee. Daar is 'n dinamiese wisselwerking tussen bevestig en vestig as kulturele werkwoorde.

DIE AFRIKANERKULTUURWÊRELD SE FOKUS IS LANKAL NIE MEER OP OORLEEF NIE, MAAR OP HERLEEF.

Dit is 'n storie wat vandag steeds geskryf word. Jy is nou deel van die storie. Dit is ook jou storie. Deur jou deelname skryf jy aan die volgende hoofstuk van die verhaal.

1913



Cornelius Francois Visser is op 26 Julie 1882 op die plaas Jakkalsfontein naby Phillipstown gebore. Hy voltooi sy opleiding aan die Jongesskool in Wellington en studeer aan die Victoria Kollege (Universiteit van Stellenbosch) en die Universiteite van Leipzig, Amsterdam en Wene. In 1913 verwerf hy die Doktorsgraad in Filosofie en Opvoedkunde. Na afloop van sy oorsese studies in 1913 begin CF Visser sy onderwysloopbaan aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein. As jong onderwyser word hy gekonfronteer met die verstedeliking van Afrikaners en die armoede wat ontstaan het na die Anglo-Boereoorlog. Gedagtig aan die positiewe invloed van jeugverenigings in Europa begin hy voorspraak doen vir 'n eg Suid-Afrikaanse vereniging waarin die Afrikanerjeug tuis sou voel. So vereniging moes die jeug nie net met vaardighede toerus nie, maar hulle kulturele en identiteitsbewussyn ontwikkel. In hul stryd om 'n eie Afrikaanse identiteit, teenoor die Britse imperialisme wat kultuur en tale verdring, het hy die Voortrekkers van die Groot Trek se hoëfunksieprestasies as kompas gebruik. Die nuwe Afrikaanse jeugbeweging sou na hulle vernoem word. Visser skryf: "In ons geskiedenis is daar seker geen mooier naam as Voortrekkers nie, en daar is seker geen ander naam waarvan daar vir ons soveel besieling kan uitgaan nie."

1918

Die Oranje Vroue Vereniging, 'n Vrystaatse maatskaplike vereniging onder voorsitterskap van AA Weich, gee hulle volle steun aan die totstandkoming van Die Voortrekkers. Hulle skenk tien pond.

Die eerste Voortrekkerwet

Visser het in 1919 die eerste Voortrekkerwet geskryf wat hy die "moraal" van Die Voortrekkers genoem het. Die eerste Wet was in wese 'n Afrikaanse vertaling van die Scouts se erekode:

- *Die Voortrekker se woord is sy eer.*
- *Die Voortrekker eerbiedig sy meerdere.*
- *Die Voortrekker is hulpvaardig; hy beskerm die swak mens en die swak dier.*
- *Die Voortrekker is vir reg en geregtigheid.*
- *Die Voortrekker beheers homself.*
- *Die Voortrekker is rein en net en deeglik.*

Die wet is later uitgebrei met 'n gedragskode:

Wat elke Voortrekker moet onthou, is:

- *Om elke dag Bybel te lees en te bid*
- *Om rein in gedagte woord en daad te wees*
- *Om nooit slegte taal te gebruik nie*
- *Om die beste te sien in alle mense, nie kwaad te praat nie, altoos eerlik te wees*
- *Beleefd en vriendelik te wees teenoor al ons medemense*
- *Altoos ons stemme te verhef teen drank en rook*
- *Oorlog teen te werk*
- *Soveel as moontlik van ons land se eie geskiedenis te ken*
- *Om ons doel te maak om ons medemens te dien*
- *Ons in te span om indien nodig eendag ons eie bestaan te maak*
- *Sover moontlik voorkeur te gee aan ons eie industrieë*
- *Onmiddellik gehoorsaam te gee aan mense wat oor ons aangestel is*
- *Ons lewe so te rig dat ons gesond kan wees*
- *Die goeie dinge wat deur die vroue van Suid-Afrika nagelaat is te handhaaf*
- *Getrou te wees aan ons Alma Mater*

Die eerste Voortrekkerkommando

CF Visser stig die Werk-en-Wen kommando aan die Voorbereidende Tegniese skool in Bloemfontein, wat later bekend sou staan as Hoërskool Sentraal. Die eerste mansoffisier was mnr. Rennekamp, 'n onderwyser van Hoërskool Sentraal en die eerste vroueoffisier was Sophie Postma (dogter van ds. Willem Postma).

Die Bloemfontein konferensie

Gedurende Desember 1920 word 'n eerste poging aangewend om Die Voortrekkers te stig tydens 'n konferensie in Bloemfontein. Slegs 12 persone het vir die stigtingskongres opgedaag. So kort na die Eerste Wêreldoorlog was die tyd nog nie reg vir die stig van 'n Afrikaanse jeugvereniging nie. Gedurende die volgende tien jaar word Voortrekkers op verskeie ander dorpe gestig: Graaff-Reinet, Brandfort, Lindley, Tulbagh, Kaapstad, Nieuwoudtville en McGregor.

Eerste Voortrekkerspore in Kaapland

Op inisiatief van 'n jong onderwyser, Japie Heese, word die eerste Voortrekkerkommando in Kaapland in Graaff-Reinet gestig. Na 'n gesprek met sy skoolhoof, Ben Taute, destyds hoof van die opleidingskollege in Graaff-Reinet, stig hy 'n seunsafdeling vir Die Voortrekkers en mej. ME du Toit (later Nig Mundie Heese) 'n dogtersafdeling. Die paar Voortrekkerkommando's het in die eerste jare slegs gepoog om 'n naam en grondslag te vestig, sonder 'n nasionale organisasie of infrastruktuur. Alhoewel hulle bewus was van mekaar, het Bloemfontein en Graaff-Reinet onafhanklik funksioneer.

Die bekende sakereus, Anton Rupert, was as jong seun deel van die Voortrekkerkommando.

'n Tweede gedragkode

In 1923/24 het Japie Heese 'n eie gedragkode ontwikkel:

Al die Voortrekkers moet sê en probeer doen:

- *Ons wil leer om onself te help en om onafhanklik te wees.*
- *Ons wil ons medemens dien waar ons kan, ons bes doen om ander te help en gelukkig te maak.*
- *Ons wil getrou wees aan God en sy geboorte gehoorsaam.*
- *Ons wil ons ouers eerbiedig, lief hê, respekteer en gelukkig maak.*
- *Ons wil nie die wette van Die Voortrekkers oortree nie.*
- *Ons wil manne word, manne van karakter.*
- *Ons wil sterk en gesond wees.*
- *Ons wil werk en leer want kennis is mag.*
- *Ons wil waak teen alles wat sleg en vuil is.*
- *Ons wil net die skone van die lewe raaksien, lewe en geniet.*
- *Kortom ons wil wees ware, opregte Voortrekkertjies.*

Die eerste Voortrekkerkamp

Japie Heese het die eerste Voortrekkerkamp vir 'n honderd kinders in Jeffreysbaai gereël. Maande voor die tyd het die jeuglede begin om fondse in te samel vir die trein en kampgeld deur 'n konsert aan te bied en verkopings te hou. Ouers het beskuit, droë ribbetjies, biltong en allerhande soorte kos geskenk wat in kiste verpak was, om saam te neem. Op Port Elizabeth het Die Voortrekkers oorgeklim op 'n klein "pop-treintjie" wat hulle oor Humansdorp na Jeffreysbaai moes vervoer. Die treintjie het dikwels teen die berghange gaan staan. Die treinrit tussen Port Elizabeth en Jeffreysbaai het destyds ses ure geneem. Tydens die kamp was Die Voortrekkers ingedeel in kookspanne wat vir die hele kamp moes kos voorberei. Die kampprogram het bestaan uit swem, konsert vir die vakansiegangers en baie pret en speletjies.

Die ontstaan van die name Penkoppe, Drawwertjies en Verkenners

Vir die jonger dogters het die geskikte naam nie so gou gekom nie. Vanaf 1923 het tant Mundie Heese hulle "sterretjies" genoem. Dit was na aanleiding van die vroulike vorm van "Voortreksters". 'n Klompie jare daarna moes daar saam besluit word op geskikte name. Tydens die eerste Voortrekkerkamp wat in 1923 in Jeffreysbaai gehou is, het Japie Heese besige strandlopervoëltjies gesien wat vinnig op die strand rondraf. Hy vertel dit het hom laat dink aan "flukse dogtertjies wat in hulle huise rondraf om hulle ma te help." Net daar het hy besluit om alle Voortrekkerdogters wat twaalf jaar en jonger is, Drawwertjies te noem.

Die woord is 'n versamelnaam vir 'n voëlspezie. Drawwertjies word beskryf as klein, valerige drietoonvoëltjies wat van die Kaap tot Uganda en Kenia voorkom. Alhoewel hulle klein en fyn is, is hulle geharde voëltjies wat van waterryke areas tot dorre woestynvlaktes kan oorleef.

Daar is Dubbelbanddrawwertjies, Trekdrawwertjies, Bronsvlerkdrawwertjies en Driebanddrawwertjies. Onlangs in 'n mielieland naby Heilbron is die baie skaars Bloukopdrawwertjie opgemerk. Mense het selfs van Namibië en Kaapstad gery om die Bloukopdrawwertjie te kom fotografeer.

In die Voortrekkersangbundel is daar drie Drawwertjie-liedjies. Die een Drawwertjie-liedjie sing: *"Sy vlieg 'n keer weg en gaan sit op die wal ... nog klein van gestalte, maar yslik van gees."*

Die meer bekende Drawwertjie-lied is dié een: *"Ons is oulik, ons is vroulik. Kom ons sing 'n liedjie, luister net 'n bietjie: Ons is bo!"*

In die Anglo-Boereoorlog, vertel Sophia Izedinova, 'n Russiese verpleegster wat ses maande lank saam met die Russies-Hollandse ambulans aan Boere-kant diens gedoen het, van 12-jarige seuns wat saam met hulle pa's veg. 'n Amerikaanse joernalis, Howard Hillegas, van die *New York World*, het geskryf oor sy bewondering vir 'n seun van 11 jaar wat sy pa orals op kommando gevolg het – of dit na die stellings vir 'n geveg was, of na die fontein om die perde water te laat drink. Die penkop het vir die Amerikaanse joernalis verduidelik as sy pa gewond word, of sneuwel, moet hy daar wees om sy pa se geweer op te tel en vir sy land te veg. Anton van Wouw het seker die dapper penkop in gedagte gehad vir sy beeldhouwerk van die oupa, pa en seun wat gereed is om oorlog toe te gaan. Die beeld staan vandag in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.

Penkoppe op kommando was allesbehalwe soet seuns. Hulle het vinnig maats gemaak en was bekend vir hulle katterkwaad. Penkoppe het onderlinge geskille vinnig met hulle vuiste besleg, maar as die Engelse op die rantjie verskyn, het hulle soos een man saamgestaan.

Sommige penkoppe was nogal voor op die wa. In Mei 1901 skryf CF Rademeyer dit is nou hoogtyd dat die oorlog klaarmaak sodat die parmantige klein penkoppe kan teruggaan skool toe waar hulle kan leer om sy grys hare te respekteer.

Waar kom die naam penkop vandaan? Daar word algemeen aanvaar dat die "penkop"-benaming afgelei is van jong seuns wat se hare so kort gesny was dat dit soos die penne van 'n krimpvarkie regop gestaan het. In vandag se taal sal ons seker van die krimpvarkiestyl praat as 'n *comb over* of 'n nommer vier kammetjie *mo-hawk*-styl.

Brigadier Tom van Dyk, seun van die skrywer JH van Dyk wat die boek *Die Kwêvoël Kommando* geskryf het, gee nóg 'n verklaring wat dalk nader aan die waarheid is.

Jong seuns tussen 10-16 is vergelyk met jong blouwildebeesbulletjies. Wanneer blouwildebeesbulletjies se horinkies uitkom, is dit reguit en nie gekrul soos die ouer ramme s'n nie. Jong blouwildebeesbulletjies het dus twee pennetjehorings op hulle koppe gehad.

Op hierdie ouderdom stamp blouwildebeesbulletjies graag kop. Hulle baljaar pronkerig en is uitdagend en waaghalsig. Nes ons Voortrekker-penkoppe. Die naam *Penkop* is deur Oom Japie aan die jonger Voortrekkerseuns gegee. Nig Sterretjie vertel in die boek dat Oom Japie in Graaff-

Reinet se dae baie na staaltjies uit die Tweede Vryheidsoorlog geluister het en dat een oom van “*penkoppe*” gepraat het en dit vir hom as Bolander toe 'n vreemde woord was. Die naam en betekenis het by hom vasgesteek en hy het toe besluit om dit te behou vir die Voortrekkerseuns.

Daarom sing ons in die Penkoplied:

*Soos bok se kind sy horings toets teen boom en wal en rots,
ontdek ek ook my lewenskoers, my kragte en my trots.
Want penkop is 'n trotse naam wat ek as Trekker dra,
gereed om steeds my plig te doen vir my Suid-Afrika.*

Wat van Verkenners? Waar kom hulle naam vandaan? Ons lees die eerste keer van Verkenners in die Bybel toe Moses twaalf verkenners na Kanaän toe gestuur het om die land en sy inwoners te bespied.

Natuurlik het die naam Verkenner 'n militêre betekenis wat in ons geskiedenis veral verband hou met die uitstekende verkenners van die Anglo-Boereoorlog. Danie Theron en sy Verkenners het hulle verkenningwerk met fietse gedoen, soms te perd en ander kere kilometers deur die nag gekruip.

Minder bekend is dat die woord Verkenners ook 'n internasionale naam is wat vandag steeds deur die Nederlandse Scouts en die Vlaamse Nasionale Jeugverbond, in België, vir hulle hoërskooljeug gebruik word.

Dit is dalk nog minder bekend dat die woord Verkenner selfs 'n moderne rekenaarterm is. Die Nederlandse rekenaarterm vir *Windows explorer* is *Windows Verkenner*. Die naam is die eerste keer vir Windows '95 deur Microsoft geskep.

Die naam, Verkenner, sê steeds presies wie ons Voortrekker-Verkenners vandag is. Hulle is moderne hoërskooljeug, veranker in die Bybel, wat dapper nuwe horisonne verken, of dit nou op Argusfietse, nagmarse of op google is.

Die Verkennerlied in die Sangbundel het 'n uitnodiging vir elkeen van julle Penkoppe en Drawwertjies om Verkenners te word. Ons sing:

*Bring my rugsak en stewels, gee my, my stapstok aan.
Sien jy die pad oor die heuwels. Dis waar ek heen gaan.
Vriend kom jy saam?
Kom ons gaan klim na die kruine: anderkant die rante wag die res van die lewe.*

Die drie name, wat van die eerste tree saam met Die Voortrekkers gekom het, verteenwoordig steeds ons hartklop.

 1928

Die grondslag van spanwerk

Japie Heese verduidelik sy spanbeplanning vir 1928/29 as volg:

“Ons kom eenmaal per week bymekaar. Ons wil graag hê ons kinders moet liggaamlik gesond wees. Daarom moedig ons soveel as moontlik aan om aan 'n schoolsport deel te neem. Waar daar Voortrekkertjies is wat nie aan sport deelneem nie, moet ons vir hulle die geleentheid skep om aan sport deel te neem. Ons moedig sport aan want ons wil sterk en gesonde Voortrekkertjies hê. Ons probeer by ons kinders liefde vir God en godsdiens opwek. Ons eerbiedig dit. Dit speel 'n groot

rol in ons beweging. Ons kinders moet ook moreel sterk en gesond opgroei. Elke Voortrekkertjie moet aan 'n Sondagskool of een of ander godsdienstige vereniging behoort. Ons wil hê ons kinders moet hul plig teenoor hulle medemens besef. Daarom leer ons hulle om hul naaste te dien. Ons leer hulle ook basiese burgerkunde. Ons wil dit aan hulle meedeel deur praatjies, maar meer nog deur die praktiese toepassing daarvan. Ons volg die speelmetode bv. skynverkiesings, skynverhoor, skynparlement. Ons wil hê hulle moet elkeen 'n stokperdjie hê van opvoedkundige aard. Die kind moet die aardrykskunde en geskiedenis van sy onmiddellike omgewing ken. Ons wil sy sintuie ontwikkel. Die Voortrekkers wil die kind ontwikkel op sosiale en intellektuele, sowel as op godsdienstige en sportgebied.

Wanneer u dan ons program van werksaamhede nagaan, vind u daar:

- Gesellige samekomste. Die kinders het hiervoor hulle eie bestuur gekies. Die stel dan 'n program op. Sterk nadruk word op sang en musiek gelê. Liedjies wat om die kampvuur gesing kan word, word hier geleer en geoefen.
- Dan vind daar lesse in knoopmaak, burgerleer, eerstehulp, gesondheidsleer plaas. Ons besoek fabriek, plekke van historiese belang, nywerhede en ander besienswaardighede.
- Dan het ons uitstappies na die veld. Dan leer ons van die plantegroei, klippe en rigting. Ons maak groot kampvure, sing liedjies en leer ons self help met koskook en sterrekunde.
- Ten minste een maal 'n jaar trek ons weg en gaan slaan êrens 'n Voortrekkerkamp op.
- Die laaste wat oorbly is voorlesings. Ons vra persone soos tandartse, dokters en ander om praatjies met ons te kom hou. In die somermaande nooi ons die sprekers uit om om die kampvuur met ons te kom gesels."



Vandag vorm Japie Heese se spanprogram steeds die grondslag van Voortrekkeraktiwiteite in spanverband.

Onderhandelinge met die Scouts

Lord Baden Powell het in 1907 die Boy's Scouts en 'n rukkie later die Girls Guides as jeugbewegings gestig om die Britse kultuur en tradisies te bevorder. Die Scouts het vinnig 'n internasionale voetspoor ontwikkel in die Britse Kolonies, Amerika en in Wes-Europa.

Gedurende 1928 en 1929 het die Scout-raad in Transvaal 'n poging aangewend om Afrikaanse kinders vir die Scouts te werf. Die Voortrekkers het onder leiding van CF Visser maande lank met die Scouts onderhandel en in subkomitees saamgewerk om te kyk of daar 'n manier gevind kon word om een gesamentlike jeugvereniging te stig. Die Eerste Minister, generaal Hertzog, het vanuit praktiese partypolitieke oogmerke daarop aangedring dat daar nie twee jeugbewegings mag wees nie, maar dat Afrikanerkinders by die Scouts moes inskakel. Die onderhandeling het telkens gestruikel oor identiteitskwessies, soos die erkenning van Afrikaans as amptelike taal, die aandrang dat die Union Jack-vlag die enigste vlag van die beweging moet wees en die belofte van trou aan die Britse koning.

Nadat die onderhandelings met die Scouts finaal misluk het, is 'n stigtingskomitee onder voorsitterskap van NJ van der Merwe in die lewe geroep om op nasionale vlak Die Voortrekkers formeel te stig. Hertzog het die stigting goedgekeur en onderneem om die Stigtingskongres by te woon en

die eerste Voortrekkers in te lyf. Die Vrystaatse Helpmekaarvereniging, onder voorsitterskap van dr. NJ van der Merwe, het 'n bedrag van 750 pond vir die stig van Die Voortrekkers geskenk.

Die Scout-raad het besluit om met 'n "hand van kameraadskap en broederskap" na die beoogde Voortrekkerbeweging uit te reik en hul bereidheid verklaar om Die Voortrekkers te help in belang van die kinders van Suid-Afrika. Die Voortrekkers se stigtingskomitee het met dank die hand van vriendskap aanvaar.

1931

Ons Voortrekkervlag

In 1921 laat maak Die Voortrekkers van Bloemfontein 'n vlag van 'n ligbruin leeu op groen agtergrond. Dieselfde jaar word die vlag oor die kis van 'n offisier gedrapeer toe Johannes Spies in 'n motorongeluk sterf. Graaff-Reinet se vlag was 'n skild met Spandaukop, 'n Voortrekker, 'n Bybel, 'n kokerboom.

Nie een van die vlae het byval by die Stigtingskongres gevind nie. As simbool van die band met die Voortrekkers van die Groot Trek is voorgestel dat die vlag van die Voortrekkerrepubliek Natalia die amptelike vlag van Die Voortrekkers moes wees.

Visser verduidelik: "In die dae van die Groot Trek was hierdie vlag 'n sinnebeeld van die Voortrekkers se selfstandigheid en eie volksbestaan in 'n eie vaderland waarvoor baie van hulle hul bloed opgeoffer het. Vandag dien dieselfde vlag as die sinnebeeld van Die Voortrekkers se bestaan as 'n onafhanklike organisasie. Deur die vlag te aanvaar, bring ons nie alleen hulde aan die dappere vryheidsliewende Voortrekkers wat die binneland van Suid-Afrika beskaaf en bewoonbaar gemaak het nie, maar ons gee daarmee te kenne dat ons wil stry en opruk teen alles wat sleg en onedel is. Ons wil alles wat goed en mooi is uit die lewe van die ou Voortrekkers aanneem, navolg en ons eie maak. Onder hierdie vlag wil ons so lewe dat ons werd is om kinders genoem te word van die heldhaftige baanbrekers."

Die kleure van die Voortrekkervlag is dié van die Nederlandse Statenvlag en het die volgende simboliese betekenis:

- **rooi** is die kleur van dapperheid, durf en moed
- **wit** is die simbool van eenheid van strewe, van hoë en skoon ideale en van reinheid van gedagte, woord en daad
- **blou** is die simbool van volharding en 'n helder en skone vooruitsig.

Die driehoek in die vlag is 'n eenvoudige konstruksie wat 'n swaar las kan dra en nie maklik inmeekaargedruk kan word nie. Dit dui op standvastigheid.

Met die formele stigting van Die Voortrekkers het Mabel Jansen eiehandig die Voortrekkervlag vir die stigtingsgeleentheid gemaak. Generaal Hertzog het op 30 September 1931 hierdie vlag aan Die Voortrekkers oorhandig. Die vlag hang vandag in die hoofkantoor van Die Voortrekkers.

Ons leuse

Op 1 Augustus 1931 het die stigtingskomitee in Pretoria vergader om onder andere te besluit oor 'n geskikte leuse. Tydens die ontstaan was verskeie leuses voorgelê, onder andere die volgende: Waak en Werk (Graaff-Reinet), Vorentoe (Malan-kommissie), Padlangs (Eybers-kommissie).

Nie een van die leuses was vir die stigtingskomitee geskik nie. Skielik het NJ van der Merwe uitgeroep: "Wat van: *Hou Koers!*?" Die voorstel is dadelik met groot geesdrif aanvaar. Vandag is die "Hou Koers"-leuse seker een van die bekendste organisasieleuses in Suid-Afrika. JD Kestell het later jare gesê: "Die persone wat daardie leuse gekies het, het soos die Romeinse boumeesters van ouds, sterker gebou as wat hulle gemeen het."

Ons Voortrekkerwapen

Die eerste Voortrekkerwapen het die vorm van 'n ossewa gehad, maar is deur die stigtingskongres verwerp.

Prof. Ben Taute van Kaapland het die ontwerp en simboliek van die huidige Voortrekkerwapen voorgestel.

Die Voortrekkerwapen bevat al drie die kleure van die Voortrekkervlag.

Die wapen is op 13 Augustus 1942 by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer en is in 1960 na 'n Kongresbesluit gestandaardiseer.



DIE FORMELE STIGTING VAN DIE BEWEGING IS OP 30 SEPTEMBER 1931 DEUR CF VISSER INGEDIEN EN DEUR ME. MM JANSEN GESEKONDEER.

Amptelike stigting

Die voorstel tot die formele stigting van die beweging is op 30 September 1931 deur CF Visser ingedien en deur me. MM Jansen gesekondeer. Mabel Jansen is op dieselfde dag as Uniale onderleidster van Die Voortrekkers verkies. Oomblikke daarna is sy as die eerste provinsieleidster van Natal verkies en ook as onderleidster van Transvaal. Sy is die enigste Voortrekkerleier ooit wat tegelyk al drie hoofbestuursampte beklee het.

Die eerste Voortrekkers

Op 30 September 1931 word Die Voortrekkers amptelik gestig en die eerste Voortrekkers by die Vierde Raadsaal in Bloemfontein ingelyf.

- Verkennerseuns: Schlebusch Benade, Johannes Benade, Barend van der Berg, Sarel Breitenbach, David Durand, Joseph Vorster, George Engelbrecht, Renier Diemont
- Verkennerdogters: Wanda Pretorius, Hannetjie Steyn, Nina Wessels, Tibbie van der Merwe, Erika le Roux, Marie Visser, Minnie Daneel. Genl. Hertzog het die heel eerste vlag wat Mabel Jansen gemaak het aan Marie Visser, dogter van CF Visser, oorhandig.
- Penkoppe: Johannes Klopper, Jonathan Klopper, Wynand de Beer, Daniel Breitenbach, Andries Kruger, Johannes Blignaut, Kotie van der Walt, Phillip Pienaar, JH Kammeyer, Hansie du Plessis
- Drawwertjies: Emma van Wyk, Anna van der Merwe, Rita du Preez, Eloise Pelliseur, Elsa Malherbe, Emma Haasbroek, Monica Daneel

Die eerste Voortrekkerbelofte

Op dié dag word die Voortrekkerbelofte die heel eerste keer opgesê. Die eerste Penkop- en Drawwertjie-belofte was: Ek sal probeer om oral en altyd gewillig te wees om te dien en goeie dade te doen net waar ek kan. Ek sal strewe om gehoorsaam te wees aan my ouers, my onderwysers en my leiers.

Die eerste Verkennerbelofte was: Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om getrou my plig teenoor God, my volk en my land te doen om te alle tye my medemens te dien en om die Voortrekkerwet na te leef.

1932

Voortrekkerleiers moes vinnig landswye strukture ontwikkel en leiers verkies om te voldoen aan die behoeftes van die vinnig groeiende organisasie. Die Hoofbestuur sou eers in 1933 konstitueer, omrede Die Voortrekkers van gemeenskapsvlak af moes groei en leiers in elke provinsie geïdentifiseer moes word.



Die entoesiasme was so oorweldigend dat NJ van der Merwe gewaarsku het: "Ons is eintlik bang vir 'n te grote geesdrif, want op sommige plekke wil kinders sommer 'n massabeweging op tou sit en in hulle honderde aansluit. 'n Beweging soos hierdie wat in die lengte van dae in Suid-Afrika moet bestaan, moenie in haas gestig word nie."

Natal

Mabel Jansen word verkies as die eerste provinsieleidster en Hansie Hugo as provinsiesekretaris. Natal het in 1933 'n eerste leierskamp in Amanzimtoti aangebied. Teen 1941 het Natal 15 kommando's gehad met net oor 'n 1000 geregistreerde lede.

Vrystaat

Op die stigtingskongres is CF Visser as die eerste provinsieleier van die Vrystaat gekies. Die eerste registrasie van 'n veldkornetskapskap was Hoërskool Sentraal, die eerste Vrystaatse kommando was Lindley en die eerste offisier was JM Buys.

Van die eerste Vrystaatse projekte was die stig van 'n leiersklas vir studente. Die leiersklas het bestaan uit tien lesings. Die klas was 'n sukses, maar nie veel studente wou dit bywoon nie. Dit is opgevolg met 'n suksesvolle leierskamp by Glen. Teen 1936 was die getal Vrystaatse Voortrekkers oor die 3000 lede. Verskeie groot kampe is gehou, asook 'n strandkamp in Natal.

Kaapland

Prof. Ben Taute is as die eerste provinsieleier van Kaapland verkies. Sy bynaam was Vooros. In 1933 is PJA Vos (oom Vossie) as die provinsiesekretaris verkies. Waar Die Voortrekkers aanvanklik mekaar aangespreek het as meneer en mevrou, het Kaapland met die tradisie begin om mekaar as neef en niggie aan te spreek. Dit is 'n tradisie wat vandag nog voortbestaan en teruggevoer kan word na die stigtingsjare.

Die Kaapland Oskop is ontwerp deur prof. Ben Taute en voorgelê op 12 Desember 1932. Die eerste 12 dosyn oskoppe word op 15 Desember 1934 gelewer. Dit bestaan uit 'n stel weglêhorings met twee skeie, 'n riempie en die letter K. Aan die begin was die agtergrond liggroen en gevorm om die horings, vandag is die agtergrond donkergroen en rond. In die begin was gewone Voortrekkers nie toegelaat om dit te dra nie. Offisiere het die oskop agter op die punt van hulle nekdoeke gedra. Op 26 Maart 1940 besluit Hoofbestuur dat alle Voortrekkers die provinsiale kenteken op die linkermou mag dra.

Op die eerste Hoofbestuursfoto van 1933 staan Anna Steyn fier en regop. Sy word deur Nig Sterretjie beskryf as "beslis, besied, gereed, vurige spreekster, spontaan in omgang en maklike mens om lief te hê." In die beginjare verteenwoordig Ouma Anna, soos sy bekend was, Kaapland op die hoofbestuur deur as die onderprovinsieleidster te dien van 1931 tot 1941. Sy dien van 1941 tot 1954 as provinsieleidster. Ouma Anna is betrokke met die reëlins van die Eeufeesjaar in 1938 en die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1949. Sy skryf gereeld bydraes vir die Hou Koers en tot haar afsterwe op die ouderdom van 81 op 16 Desember 1970 was sy in hart en siel 'n Voortrekker.

Transvaal

Johan Greijbe word as die eerste provinsieleier verkies en die latere hoofleier, Badie Badenhorst, as die eerste provinsiesekretaris.

Transvaal het in die eerste tien jaar talle prestasies behaal, soos die verkoop van die 1938-Huisgenoot-gedenkuitgawe, die reëlins van die Fakkelloop by die Voortrekkermonument. Die eerste Voortrekkerkommando in Transvaal was Randjieslaagte. Vir die eerste tien jaar was daar net een Voortrekkerkommando in Pretoria met verskillende veldkornetskappe. Teen 1941 verdeel dit in vyf kommando's. Teen 1941 kon Transvaal spog met 767 offisiere en 9000 lede.

1933

Inhuldiging van die eerste Hoofbestuur

Op Saterdag 2 Julie 1933 is die Hoofdagbestuur van Die Voortrekkers by die historiese woning van president MT Steyn, Onze Rust, ingehuldig. Die inhuldiging het plaasgevind onder die olienhoutboom, bekend as die Boom van Sameswering, wat vandag steeds besigtig kan word. Onder die boom is 'n groen bankie waarop president Steyn vir baie ure gebid en gedink het. Hier het hy na ure se gebed besluit dat die Vrystaat saam met Transvaal oorlog teen Brittanje sal verklaar.

Regs van die boom het die Verkennerdogter van die Hoofleier gestaan met die landsvlag in haar hande. Haar jongste suster, 'n Drawwertjie het die Voortrekkervlag vasgehou.

Tussen hulle wapperende vlage het die bejaarde JD Kestell gestaan en bewoë gesê: "As Voortrekkers staan ons op ons eie, is ons vry van vreemde invloede en kan ons derhalwe onself wees." By dieselfde Boom van Sameswering het Die Voortrekkers in September 1940 die Ere-orde van die Vriend van Die Voortrekkers aan Kestell oorhandig.

Voortrekkerdrag

Die daarstel van 'n eenvormige Voortrekkerdrag was een van die grootste prioriteite na die stigting. Die Uniform-Taakgroep (tans Voortrekkerdrag-taakgroep) wat in 1933 gestig is, is tot op datum die oudste taakgroep in Die Voortrekkers.

Aangesien daar nog geen uniformdepot was nie, moes die uniforms spesiaal op aanvraag gemaak word. Die seuns se hoede was aan die regterkant opgeslaan, maar hierdie gebruik is baie gou gestaak. Die eerste hoedwapens vir die seuns was 'n ossewa en vir die dogters 'n grys ovaalvormige kenteken met groen omboor met V in groen en bokant 'n kappie in wit met die leuse onderaan.

Materiaal kon van Fletcher en Cartwright in Kaapstad bestel word en papierpatrone was beskikbaar. Rautenbachs van Kroonstad en Uniewinkels van Pretoria het ook uniforms verskaf.

Die eerste landswye kamp

Van 3-7 Julie word die eerste landswye Voortrekker-leierskamp in Amanzimtoti aangebied. NJ van der Merwe was die kampeier en het die reëls vir die kamp vasgestel wat later die grondslag sou word vir alle Voortrekkerkampe:

- "Voortrekkeroffisiere moes deskundiges in die kuns van uitkamp word.
- Dissipline moes streng gehandhaaf word, sonder om die gesellige gees van Voortrekkerlewe te demp.
- Ongerief van die buitelewe moes deur voorsorg en planmaak oorwin word.
- Daar moet 'n gees van dienende liefde wees.
- Die egte Voortrekkergees is om die naaste te dien en daarom is herinnering soet."

"MEVROU, AS ONS SO TENT IN DIE KONSENTRASIEKAMP GEHAD HET, SOU ONS DIT 'N PALEIS GENOEM HET."

Japie Heese het die eerste kampervaring as volg beskryf: "Soos feitelik elke Voortrekkerkamp daarna is die eerste kamp gekenmerk deur die vrolike herinnering van sang en kampvuur, van braaivleis en mieliepap, van reën en sonskyn, van vryheid en frisheid wat uit see, bos en dal gekom het om oor ons kamp te swewe. Dit was 'n triesterige en grys reëndag toe die eerste Voortrekkerkamp begin het.

Die vragmotor wat die bagasie vanaf die stasie na die kamp moes vervoer, het nat gereën. Die nat drade van die ou skedonk wou geen krag deurlaat nie. Die Hoofleier het saam met die seuns sy gewig agter die vragmotor ingegooi en dit aan die brand gestoot. Om op 'n nat dag by 'n nat see aan te kom en jou slaapsak in 'n nat tent oop te gooi, is geen plesier nie. Toe een van die ouer dames haar lot by die Hoofleier bekla, het hy haar ferm geantwoord: 'Mevrou, as ons so tent in die konsentrasiekamp gehad het, sou ons dit 'n paleis genoem het.' Daarop ontvang hy 'n vol saluut van die dame."

Opleiding vir Voortrekkeroffisiere

In 1931 is 'n kort handleiding vir Voortrekkeroffisiere opgestel en in 1934 herdruk as: *Ons eerste handboekie*.

Die eerste leierskamp vir volwassenes vind by Heidelberg-kloof plaas.

Die nuwe Voortrekkerwet

Tydens die stigting is Die Voortrekkerwet aanvaar en in 1934 die eerste keer gepubliseer. Die Voortrekkerwet was:

1. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
2. 'n Voortrekker is rein in gedagte, woord en daad.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam en eerbiedig sy meerdere.
4. 'n Voortrekker is sober en spaarsaam.
5. 'n Voortrekker hou sy taal in ere.
6. 'n Voortrekker is hulpvaardig.
7. 'n Voortrekker is vriendelik.
8. 'n Voortrekker is hoflik.
9. 'n Voortrekker is opgeruimd onder moeilikhede.
10. 'n Voortrekker is 'n vriend van diere.

Later jare is Wet nommer 10 uitgebrei as 'n Voortrekker is 'n liefhebber van ons diere, ons plante en ons grond.

Verkennerloopbaan

Volgens *Die Handleiding Vir Leiers Van Die Voortrekkers*, 1934, moet 'n Verkenner drie maande diens doen, sonder uniform, en sekere basiese toetse aflê. Na die tydperk en toetse kan die Verkenner uniform dra en bekend staan as 'n GROENKOPVERKENNER. Na nog drie maande kon die Verkenner die toets aflê vir sy eerste graadwiel, 'n swart ossewawiel op 'n groen agtergrond en bekend staan as 'n BAANBREKERVERKENNER. Die graadwiel word op die linkermou onder die spankenteke gedra. Na nog 'n jaar kan die Verkenner deur nog toetse sy tweede graadwiel verdien en bekend staan as 'n UITHALERVERKENNER. Intussen kon 'n Verkenner ook begin werk aan SPESIALE ONDERSKEIDINGSTEKENS.

Voortrekkers in Suidwes-Afrika (Namibië)

Teen die einde van 1931 het die Afrikanerkring, 'n kultuurorganisasie, vir die eerste keer die moontlikheid bespreek om Voortrekkers in Suidwes te stig. Die stigtingsvergadering het in Februarie 1934 in Windhoek plaasgevind.

Suidwes-Afrika se kenteken was 'n juk met 'n trekketting en 'n veldfles soos Piet Retief gedra het en te sien is in die Geloftekerk-museum. Na die naamsverandering na Namibië het die gebiedswaap verander na 'n gestileerde skild met die Diaskruis daarop.

Op Stamprietfontein het Die Voortrekkers versoek of hulle eerder velbroeke en velhoede mag dra weens die groot armoede in die distrik. Die Hoofbestuur het die versoek toegestaan.

Die Voortrekkers is in Suidwes gevestig deur volwasse opleiding, groepspele en die aanbied van leiersklasse.

Teen 1938 was daar 13 Voortrekkerkommando's met 28 veldkornetskappe, 90 offisiere en 870 Voortrekkers.

1935

Die eerste Transvaalse gebiedskamp vind in Lourenço Marques, Mosambiek, plaas.

1936

Grondslag

Die Hoofbestuur aanvaar die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing as grondslag vir Die Voortrekkers.

Hou Koers-blad

Die gedagte van 'n blad vir Voortrekkeroffisiere het by die eerste Hoofsekretaris, Japie Heese, ontstaan. Aanvanklik sou die blad slegs 'n blad vir Kaapland se Voortrekkeroffisiere wees.

Die eerste *Hou Koers* verskyn as 'n kwartaalblad met 98 intekenare. Die blad is op wasvelle getik en op Die Nasionale Pers se nuwe Gestetner-masjien afgerol. Die artikels is nagesien, voor hulle op "stencils" getik is om afgerol te word. Dit het drie volle dae geneem om die twintig bladsye af te rol. Die afgerolde bladsye is in 'n groot tas geplaas om gerangskik en gebind te word.

1938

Eeufees-Fakkelloop

Die Voortrekkers se eerste groot openbare optrede was die landswye fakkellope tydens die Eeufeesvieringe van die Groot Trek van 1938. Meer as 30 000 Voortrekkers het oor 'n tydperk van twee maande deelgeneem aan 5000 km. Die hoogtepunt van die feesjaar was die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria. Die beroemde feesfakkel is deur oom Vossie ontwerp en deur TO Honiball gemaak. Die 1938-fakkelvlam is tydelik bewaar by die Universiteit van Pretoria en op 15 Desember 1949 na die senotaafsaal geneem waar dit vandag nog brand.

1939

Voortrekkers in Rhodesië (Zimbabwe)

In 1938 het die Afrikaanse Hulp- en Vriendskapsverbond vir seuns en die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging 'n gesamentlike kommissie aangestel om 'n vereniging vir Afrikanerjeug te stig. Die kommissie het aanbeveel dat Die Voortrekkers in Rhodesië gestig moet word. Die Ring van Bulawayo het besluit dat Die Voortrekkers onder beskerming van die NG Kerk in Noord- en Suid-Rhodesië sou funksioneer. Die NG Kerk sou ook leiding neem om Voortrekkerkommando's te stig en geskikte Voortrekkeroffisiere te vind.

Die Voortrekkers is op 10 Julie 1939 in Salisbury gestig en het bestaan tot 1981. Die provinsiekenteken versinnebeeld die Matopoklippe, 'n stel beeshorings en die letter R. Die twee olifanttande het Noord- en Suid-Rhodesië gesimboliseer.

Die Britse goewerneur-generaal het geweier om as beskermheer van Die Voortrekkers in Rhodesië op te tree. Die Voortrekkers moes ook doeanebelasting op Voortrekkerdrag betaal. Ten spyte van die terugslae het Die Voortrekkers stadig maar seker gegroei.

In 1939 het JM Buys, die provinsiesekretaris van die Vrystaat, die eerste jeug- en volwasse lede ingelyf. Jasper Martin Buys is op 15 Julie 1894 gebore.

Hy was Nr 1 in die registrasieregister van die Vrystaatse Voortrekkers. Hy dien 18 jaar as die provinsiesekretaris van die Vrystaat. Nadat Vader Visser in 1940 Hoofleier word, volg Buys hom op as provinsieleier. As provinsieleier bevorder hy hom vir die verdere uitbou van die Vrystaatse Voortrekkers deur die stig van kommando's, opleiding, brosjures saam te stel vir die hou van kampe, seremonies en drilwerk. Hy is die eerste Voortrekker wat die Reddingsboei vir dapperheid ontvang het en in 1948 ook die eerste kampleier op Doornkloof. Hy is begrawe op Doornkloof.

Die Hou Koers word 'n uniale blad

Tydens die vergadering van die Hoofbestuur wat Desember 1938 plaasgevind het in die groot markeetent reg in die middel van die Eeufeeslaer, word besluit om die *Hou Koers* uit te brei tot amptelike blad vir die hele beweging. Volgens opdrag van die Hoofbestuur word daar met die eerste uitgawe 2000 kopieë gedruk vir bemarkingsdoeleindes. Die afrol daarvan het 'n volle maand geneem. Die eerste *Hou Koers* as uniale blad verskyn in 1939.

In Junie 1940 besluit die Hoofbestuur dat al die offisiere op die *Hou Koers* moet inteken. 1941 open die *Hou Koers*-kantoor in Kaapstad en in 1942 word 'n elektriese drukmasjien aangekoop. Teen 1945 is 2500 en teen 1975 is 7000 *Hou Koerse* gedruk.

Aankoop van Sarel Cilliers se plaas, Doornkloof

Sarel Cilliers sterf op 4 Oktober 1871 en word op die plaas Doornkloof begrawe. Na die dood van Cilliers se seun Pieter Cilliers, erf Cornelius Cilliers in 1927 die ou opstal en 236,5 hektaar van Doornkloof. Tydens die Anglo-Boereoorlog is die ou huis aan die brand gestee. Die grasdak het afgebrand, maar die dik mure van 75 cm was ongeskonde. Na die oorlog het Pieter Cilliers die huis met 'n sinkdak herstel. Hy kon egter nie ekonomies op die plaas boer nie en sit die plaas in 1939 in die mark.

Advokaat CR Swart rapporteer op 11 Mei 1939 by 'n Provinsiebestuursvergadering dat Doornkloof te koop is. Daar was enkele struikelblokke, soos dat Sarel Cilliers se testament bepaal dat die opstal nooit vervreem mag word nie. Met toestemming van die familie en met behulp van CR Swart is dit met privaat wetsontwerp ter syde gestel. Oom Koos Theron van Winburg, kommandant uit die Anglo-Boereoorlog, het die koopsom van 1700 pond plus 100 pond vir rente teen 4% rente aan Die Voortrekkers geleen. Insamelingsfunksies is gehou en die bedrag is binne vier en half jaar terugbetaal met tiekies en sikspense. Op 1 September 1939 koop die Vrystaatse Voortrekkers die plaas Doornkloof vir R3 312.00.

Op 18 Mei 1940 word die eerste Provinsiebestuursvergadering op Doornkloof gehou.

'n Nasie Hou Koers

Na afloop van die 1938-Eeufeesvieringe het Die Voortrekkers 'n 4-uur lange rolprent oor die gebeure vervaardig, naamlik: *'n Nasie Hou Koers*. 'n Bedrag van R1500 is aan dr. Hans Rompel (onderleier van die Natalse Voortrekkers) geleen om die film te vervaardig. Dit is die enigste volledige dokumentêre rolprent oor die Eeufeesjaar.

'n Spesiale rolprentkomitee onder leiding van Hoofsekretaris Japie Heese, moes sorg vir die verspreiding van die rolprent, reisprogramme, pamflette, plakkate. 'n Chevrolet-bus met die naam, "Oubaas" het die filmspan oral in die land rondkarwei om *'n Nasie Hou Koers* te vertoon.

Op 10 Augustus 1939 vind die amptelike vertoning in Pretoria plaas en op 15 November 1941 sluit die toer in Stellenbosch af na 36 000 myl. Ongeveer 101 500 persone het die rolprentvertonings in 300 dorpe bygewoon.

Vir die projek het Die Voortrekkers 'n lening van 750 pond aangegaan en 'n wins van paar duisend pond gemaak. Die oorspronklike film is aan die Nasionale Filmraad oorhandig vir veilige bewaring.

Die rolprent was so 'n sukses dat Die Voortrekkers ook die volgende films vervaardig het (sommige daarvan as voorprente van ander films):

- *Die Ruimtes Roep – 'n Naweekkamp.* Die 2-uur lange film vertel die storie van 'n klomp Voortrekkers wat gaan kampeer en Voortrekkerwerk doen soos spoorsny, sein, kampvuurnommers. Die voorprogram bestaan uit Inlywing van Staatmakers en grepe uit die Uniale kongres in Skukuza
- *Die Begrafnis van dr. NJ van der Merwe*
- *Oorhandiging van Ere-Ordes op Onze Rust*
- *Op Reis deur Ons Land; Natuurtonele*
- *Hul Goeie Daad; Grappige prent met Voortrekkers as sterre*
- *Die eerste uitreiking van ere-ordes op Onze Rust*
- *Uniale Kongres 1941, Skukuza*
- *Tant Bella*
- *Fratse op Fietse*
- *Inlywing van Staatmakers; verfilm op Stellenbosch*
- *Die Hugenote-museum*
- *Die Geskiedenis van ons blad Hou Koers*
- *Die Voortrekkers van Vandag en More.*
- *Demonstrasieprente sluit in: alles en nog wat oor vure, die saluut en inlywing van staatmakers*
- *Geskrewe kommentaar is saam met die ou rolprente verskaf, maar die kommando's moes self sorg vir agtergrondmusiek en 'n persoon om die kommentaar te lees.*

1940

Hoofleier NJ van der Merwe sterf

Op Saterdagmiddag 10 Augustus 1940 het Die Voortrekkers na slegs een jaar die 285ste vertoning van 'n *Nasie Hou Koers* feestelik op Steynsrus in die Vrystaat gevier. Die rolprent was finansiële en andersins 'n reusesukses wat landswyd groot skares getrek het. In 'n jaar is die vertoning van die rolprent deur meer as 50 000 mense bygewoon. NJ van der Merwe sou as feesredenaar optree, maar is die middag in die Bloemfonteinse hospitaal opgeneem. Die volgende dag sou Die Voortrekkers die verpletterende nuus verneem dat hy oorlede is.



Op Taaldag, 14 Augustus 1940, het Die Voortrekkers hul eerste Hoofleier begrawe. Dit was een van die grootste begrafnisse nog in Bloemfontein. Op 10 Desember 1942 word NJ van der Merwe in die leiersbegraafplaas op Doornkloof herbegrawe.

Die Voortrekkers wou Van der Merwe se nagedagtenis eer deur

die stig van die "Dr. NJ van der Merwe-studiefonds." Die motivering was dat "NJ graag sou wou gesien het dat ons sal dink aan die kinders deur iets te doen vir kinders. Deur die instelling van die fonds huldig ons sy nagedagtenis en hoop ons om baie kinders met hulle opvoeding te kan help." Die Hoofbestuur het jaarliks 'n studiebeurs van £50 aan Voortrekkers toegeken. Die eerste ontvanger van die beurs was Elsa van der Merwe, dogter van wyle NJ van der Merwe.

CF Visser word as Hoofleier verkies.

Die Orde van die Afrikaneros

Kort voor sy afsterwe het die Hoofbestuur die eerste Ere-orde (Orde van die Afrikaneros) toegeken aan NJ van der Merwe.

Dit is 'n reliëfbeeld van 'n afrikaneros op 'n ronde silwerkleurige medalje, die agterkant skoon en dit hang aan 'n rooi lint. Dit is uitgereik aan offisiere wat besondere diens aan die land se Voortrekkers gelewer het. Dit is op 28 September 1940 aan sy weduwee oorhandig.

Hierdie medalje is in 1992 vervang met die medalje vir besondere diens, goud.

Die Orde van die Fakkel

Die Orde van die Fakkel is vir die eerste keer in 1940 toegeken. Dit was 'n ronde koperkleurige medalje met aan die voorkant 'n brandende fakkel. Die agterkant is skoon en dit hang aan 'n blou lint en is uitgereik aan offisiere wat besondere diens aan 'n provinsie gelewer het. Die eerste ontvangers van die Orde van die Fakkel was Japie Heese, JM Buys en mev. A Malan. Dit was ook by die geleentheid op 28 September 1940.

Hierdie medalje is in 1992 vervang met die medalje vir besondere diens, silwer.

1941

In 1941, toe Die Voortrekkers hulle tiende verjaarsdag gevier het, was daar landswyd 21 000 Voortrekkers.

Die Nasionale kongres vind in die Krugerwildtuin se hoofkamp, Skukuza, plaas. Tydens die kongres tree Mabel Jansen as Onderhoofleidster uit en Tibbie van der Merwe, weduwee van dr. NJ van der Merwe, word as Onderhoofleidster verkies.

1942

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die goewerneur-generaal Die Voortrekkers se dril- en paradewerk verbied uit vrees vir 'n jeugopstand in die oorlogsjare.

Die eerste uitgebreide Handleiding vir Leiers verskyn

Die Trektou word die eerste keer as jaarblad uitgegee. As gevolg van die Tweede Wêreldoorlog se papierskaarste het die jaarblad slegs een keer verskyn.

1943

Vriend van die Voortrekkers

Op 7 Julie 1943 besluit die Hoofbestuur om erkenning te gee aan persone wat Die Voortrekkers help. Die eerste kenteken was 'n klein Voortrekkerwapen soortgelyk aan die lapelwapen met 'n groot V daarop. Sedert 1999 het die wapen verander en is dit 'n skildvorm in silwer met die Voortrekkerwapen daarop en 'n V daaronder. Die Vriend Van Die Voortrekkers word steeds toegeken.

1945

Formele inbesitname van Doornkloof

Tydens die formele inbesitname van Doornkloof het Hoofleier CF Visser gesê: "In die naam van Die Voortrekkerbeweging so wyd as wat ons land wyd is en wyer, en in die versekering dat ons daarby die seën van die Allerhoogste geniet, verklaar ek dat ons die inbesitname van hierdie gewyde grond waar die oorskot van die groot Voortrekkerleier Sarel Cilliers rus, aanvaar, dit in stand gaan hou en dit 'n plek van samekoms vir Die Voortrekkers en die volk gaan word, waar ons saam gaan beraadslaag en saam besieling sal vind uit die groot geskiedenis van die Afrikanervolk. Ons hoop dat God ons die krag sal gee om die verpligting wat ons aanvaar na te kom."

Sarel Cilliers-wa

Die Sarel Cilliers-kakebeenwa wat tydens die 1938-Eeufeesviering gebruik was, word op 14 Augustus 1945 vir veilige bewaring aan Doornkloof geskenk. Die wa is van stinkhout uit Knysna gemaak. Tydens die Simboliese Ossewatrek doen die wa op Doornkloof aan waar Vader Kestell op 22 Oktober 1838 die wa sy naam gee. Die wa kan vandag nog besigtig word in Doornkloof se Voortrekkermuseum.

1948

Die ontstaan van die Voortrekkerdepot

Tydens die Tweede Wêreldoorlog, van 1939 tot 1945, was dit besonder moeilik om uniforms van oorsee te kry en heelwat daarvan is met groot moeite in Suid-Afrika verkry. Dit was so groot probleem dat toestemming verleen is dat Voortrekkers sonder uniform ingelyf mag word.

Die Hoofbestuur neem met kommer kennis van hoeveel selfgemaakte Voortrekkeruniforms in omloop was en hoe min Voortrekkers wel Voortrekkerdrag besit het. Die Hoofbestuur het besluit dat die Voortrekkers eie verantwoordelikheid moet neem om drag aan sy lede te verskaf, veral omdat die pryse in Suid-Afrika goedkoper was.

Die Hoofbestuur besluit ook om die grys Voortrekkerdrag wat tydens die eerste dekade gedra is te vervang met die groen kleur wat ooreenstemming toon met die kleur van die Unielugmag.

'n Hoofdepot word in Boksburg tot stand gebring in die garage van die provinsiesekretaris, oom Badie Badenhorst. Daarvandaan is die voorraad na die provinsies versprei. In die eerste jaar het oom Badie £6 994 se Voortrekkerdrag verkoop. Met tyd het die verskaffing van Voortrekkerdrag gegroei tot 'n voltydse onderneming. Transvaal moes verantwoordelikheid neem vir die verskaffing van die uniforms en Kaapland vir die drukwerk.

Kaapland se depot was aanvanklik in Die Grootte Kerkgebou no. 308, Parlementstraat, Kaapstad. As gevolg van verhoogde huur en 'n spasieprobleem word die depot op 8 April 1961 na Weltevredenstraat 35, Bellville, 'n drieslaapkamerhuis, verskuif.

Na Thys Greeff se afsterwe in Junie 1972 neem oom Jaap, mnr. FE Leygonie, die winkel oor. Tydens 1978 verskuif al die depots na een sentrale punt in Pretoria en personeel word in diens geneem om die winkel te bedryf. Die Nieuway-gebou in Pierneefstraat word in 1987 deur Die Voortrekkers gekoop.

Eerste provinsiekamp op Doornkloof

Die eerste Vrystaatse provinsiekamp vind in September 1948 op Doornkloof plaas met JM Buys as kampleier. Oom Willem le Roux beskryf kampe in die eerste paar jaar as volg: "Ons wou niks met die beskawing te doen gehad het nie en het neergekyk op skoolmaats wat vakansietye by die see rondlê. A nee, 'n man met murg in sy pype bring vakansietye deur in die vry natuur met minimum geriewe en slegs die allernoodsaaklikste in sy rugsak. Blikkieskos was taboe. Ons kos was pap, swart koffie, vrugte en aangevul met veldkosse. Ons eetgereedskap het slegs uit 'n knipmes bestaan. Bikers het ons self vervaardig uit konfytblikkies en lepels het ons uitgesny uit olienhoutstompies."

Voortrekkersangbundel

Die eerste Voortrekkersangbundel verskyn in Junie 1948. Die sangbundel is saamgestel deur liedere wat deur Voortrekkers geskryf is, maar ook uit Afrikaanse liedere wat in die *FAK-Sangbundel* verskyn het. Verskeie Afrikaner- en Voortrekkerliedere het uit die pen van CF Visser verskyn, byvoorbeeld: "Die Trekkers" (wat in die *FAK-Sangbundel* opgeneem is), "Liefdesliedjie", "Kom maats kom", "Voortrekkereer", "Ken jy die land waar die boerevolk woon?" en "Dierbaar Suid-Afrika".

Bennie Badenhorst het ook 'n belangrike bydrae gelewer met die ontwikkeling van 'n eie liedereskat. Hy het talle liedere geskryf wat vandag nog steeds deur Voortrekkers gesing word. Van sy bekendste werke is: "Voortrekkers stoere voorgeslag", "Nimmer gaan 'n nasie onder" (die tweede en derde verse), asook "Sawens om die vuurtjie".

Die gewildheid van die eerste sangbundel word gesien in die 25 000 sangbundels wat met verskillende herdrukke verkoop is.

1949



Inwyding van die Voortrekkermonument

Die Voortrekkermonument word feestelik ingewy. Meer as 3000 Voortrekkers het op Monumentkoppie gekamp. Die Voortrekkers was verantwoordelik vir die vlagseremonies, kampvuuraanstekseremonies, die oorbring van die fakkelvlam vanaf die Universiteit van Pretoria na die Monument waar die vlam vandag nog in die senotaafsaal brand, erewagte, die aansteek van vreugdevure en die fakkeloptog.

1950

Danie Theron-monument

Die gedagte vir die oprig van 'n monument by Gatsrand waar Danie Theron tydens die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het, ontstaan by dr. JJ van Tonder in 1935. Tydens die provinsiale kongres van die Transvaalse Voortrekkers, op 16 Mei 1942, het dr. CF Visser beloof die hele Voortrekkerbeweging sal die gedagte steun. 'n Bedrag van R2500 is hiervoor ingesamel.

Op 9 September 1950, 50 jaar na die dood van Danie Theron, is die monument ingewy. Verskeie van Danie Theron se strydmaats was by die geleentheid teenwoordig. Die betongedeelte bestaan uit 50 ringe – simbolies van die halfeeu wat verloop het, terwyl die metaalgedeelte 'n vlam voorstel van vryheid en onafhanklikheid.

1952

Van Riebeeck-fees, Kaapstad

Meer as 2700 Voortrekkers het op 6 April 1952, tydens die Van Riebeeck-fees in Kaapstad gekamp. 'n Fakkelloop is deur Adderleystraat tot by die Kasteel de Goede Hoop gehou ter herdenking van Van Riebeeck se landing driehonderd jaar gelede.

Mondigwording

In 1952 het Die Voortrekkers hulle 21ste verjaarsdag luisterryk gevier. Die Eerste Minister, dr. DF Malan, was die gasspreker tydens die feesgeleentheid en 'n spesiale *Hou Koers* is uitgegee.

1953



Fondsinsameling vir Wenhoogte

Die weduwee van die Stellenbosch-pionier, Jannie Marais, skenk aan Die Voortrekkers 'n pragtige groot en swaar silwerbeker (sowat 26 duim hoog), van die beste silwer. Dit moet reeds al baie oud wees. Die waarde daarvan is in 1953 tussen een- en tweehonderd pond geskat. Mev. Jannie Marais en haar broer, mnr. Paul de Villiers hoop dat dit as 'n aansporing sal dien vir Voortrekkerkommando's om meer geld vir ons Hoofkwartier in te samel. Aan die

einde van elke jaar sal bereken word watter provinsie die meeste geld ingesamel het vir die Hoofkwartierfonds op 'n pro rata-basis bereken per Voortrekker. Dit beteken dat die provinsie met die kleinste aantal Voortrekkers dieselfde kans staan om die beker te wen as 'n provinsie met die grootste aantal Voortrekkers. Veronderstel 'n provinsie met 1500 Voortrekkers samel £750 in terwyl 'n provinsie met 600 Voortrekkers £375 insamel. Die eerste een se bydrae is dan 10s. per Voortrekker, terwyl die kleiner provinsie s'n 12s. 6d. per Voortrekker is. Laasgenoemde wen dan daardie jaar die wisselbeker. Maar omdat die beker so groot en so swaar is, bly dit op Stellenbosch (totdat die Hoofkwartier gebou is waarin dit dan gehuisves kan word). Die wennende provinsie kry dan 'n skildjie en 'n portret van die beker.

1954

Skuif van Kruger-standbeeld

Die Hoofbestuur versoek elke Voortrekkerkommando om vir elke 100 Voortrekkers 5 sjielings by te dra om die Kruger-standbeeld vanaf Pretoria-stasie na Kerkplein te skuif.

1955

Vereistes vir volwasse lede

Die Hoofbestuur keur die volgende vereistes vir volwasse lede goed:

Ek as leier:

- bied myself aan om met groot bereidwilligheid diensvaardig te wees.
- glo dat ons kinders die beste belegging is vir my tyd en my energie.
- is seker dat die Voortrekkerbeweging 'n uitstekende geleentheid bied vir die vorming van sterk karakters.
- is gewillig om myself so in te leef in die Wet en belofte dat ek vir my span 'n Voortrekker is.
- is gereed om myself so bekwaam moontlik te maak as leier deur leierskursusse te volg en alle beskikbare informasie op die gebied in te win.
- neem my voor om myself te gee met vriendelikheid, vasberadenheid, geduld, sterk liefde en onmeetbare vertroue.
- wil behalwe spanwerk die beweging steun in streeks-, provinsiale en uniale aangeleenthede.
- wil aanneem dat Voortrekkers vir die kind 'n spel is, maar vir die leier 'n spel met 'n doel.
- wil die belange van die Voortrekkerbeweging beskerm, behartig en verryk.
- wil die Voortrekkerbeweging in stand hou vir hulle wat na my kom.

Wenhoogte word in gebruik geneem

Die uniale hoofkantoor, Wenhoogte, word in Bloemfontein in gebruik geneem. Japie Heese verduidelik die simboliese betekenis as volg: "Wenhoogte, sigbare bewys van 'n groot oorwinning behaal oor haas onoorkomlike moeilikhede; en ook Wenhoogte simbool van ons eenheid vanaf die Kaap tot bo in die Noorde."

Die ontwikkeling van Doornkloof begin

Die ontwikkeling van Doornkloof begin in alle erns deur die omskepping van die skaapkraal, bokkraal, kalwerhok as slaapsale. Die Ou Huis word gerestoureer om slaapplek vir 17 persone te voorsien, 'n konferensiesaal word in die sterfkamer van Sarel Cilliers ingerig, kombuisie en badkamers word aangebou.

1956

'n Kwarteeu Voortrekkers

Die Voortrekkers vier hulle 25-jarige bestaan met byeenkomste en feeste. Die beweging het gegroei tot 26 000 Voortrekkers en 300 kommando's regoor die Unie van Suid-Afrika.

Tydens die Provinsiekongres op Cradock word Kaapland in vyf Trekkersoorde ingedeel, naamlik Boland, Grens (Oos-Kaap), Middelland (Suid-Kaap), Karoo en Oranje (Noord-Kaap).

Die Hou Koers-kantoor

Die *Hou Koers*-kantoor word in Kaapstad gevestig. Behalwe vir die *Hou Koers*-blad, was die kantoor verantwoordelik vir die uitgee van alle Voortrekkerliteratuur. Die sukses van die kantoor sou nie moontlik gewees het sonder die baanbrekerswerk van oom Vossie nie.

1957

Sarel Cilliers-saal word ingewy

Op 16 Desember word die Sarel Cilliers-saal op Doornkloof feestelik in gebruik geneem. Die Voortrekkers het 250 pond tot die boukoste bygedra.

1958

Die portretskilder, Neville Lewis, voltooi die skilderye van die eerste twee Hoofleiers, NJ van der Merwe en CF Visser.

Begrafnis van dr. Malan

Tweehonderd Voortrekkers het 'n erewag gestaan by die begrafnis van dr. DF Malan. Dr. Malan se graf is deur Die Voortrekkers van Stellenbosch gegrawe en deur Voortrekkeroffisiere van verskillende Voortrekkerkommando's in Kaapland toegegooi.

Eerste Penkop en Drawwertjieboek

Die eerste Penkop en Drawwertjie-graadwielboek met die titel *Ons eie boekie* verskyn. Dit is geskryf deur Nig Sterretjie (MM Verster) van Kaapland.

Die Hoofbestuur besluit dat boks en stoei nie meer as Voortrekkeraktiwiteite erken word nie.

Eerste Verkennerkompetisiekamp

Die eerste Verkennerkompetisiekamp van Die Voortrekkers het op 10 April in Natal plaasgevind en is deur 100 Verkenners en offisiere bygewoon.

Aanvra van kampbenodigdhede

Volledige voorskrifte vir die aanvra van kampeerbenodigdhede word deur die Minister van Verdediging gegee. Kampbenodigdhede sou 18 dae voor die kamp op 'n trok gelaai word om te verseker dit is betyds. Geen aansoeke mag vir kampe by die kus aangevra word nie. Dit word benadruk dat 'n Voortrekkerkommando onder geen omstandighede direk aan die Minister van Verdediging of enige Minister of LV 'n skrywe mag rig om te kla as die aansoek nie toegestaan word nie, of indien die kampbenodigdhede nie betyds is nie. Na afloop van die kamp moet die kampbenodigdhede by die naaste stasie gelaat word.

Voortrekkerleierskursus

Die Voortrekkerleierskursus word deur 150 studente aan die Paarlse Opleidingskollege voltooi onder leiding van oom Vennie (JP Venter, dosent by Opleidingskollege in Paarl). Oom Vennie stel ook 'n publikasie, *Toneelstukke vir die Voortrekkerkonsert*, bekend.

 1959

Die Wonder van Afrikaans

Die Voortrekkers neem landswyd deel aan die FAK se Wonder van Afrikaans-feeste ter herdenking van die stigting van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Akademie het 'n onskatbare bydrae gelewer om Afrikaans as letterkunde-, wetenskaps- en universiteitstaal uit te bou.

Eerste nagmars

Die heel eerste nagmars van Die Voortrekkers word in Julie aangebied in die vallei waar die Pienaarsrivierdam later gebou is. Dit is gereël deur die Kommandant Generaal Klopper-kommando. Die nagmars het bestaan uit drie spanne wat geblinddoek na die beginpunt geneem is en vandaar 6 myl met behulp van 'n kaart moes terugstap. In Oktober dieselfde jaar word 'n tweede nagmars aangebied en in 1960 word die hele Pretoria betrek. Die weermag het hulp verleen met radio-apparatuur, toubrûe, 'n mynveld, gipsafdrukke van spore, vuurpyle en kompas. Die Hoofbestuur besluit dat nagmarsse 'n Verkenneraktiwiteit is en nie vir Penkoppe en Drawwertjies mag plaasvind nie.

Vader Visser

Dr. CF Visser tree na 19 jaar uit as Hoofleier. Tydens sy uittrede besluit die kongres eenparig om hom die ere naam, Vader van Die Voortrekkers, te gee en dat niemand na hom ooit die ere naam kan dra nie.

Vader Visser het die slagspreuk: "Eenmaal 'n Voortrekker, altyd 'n Voortrekker", aan die beweging gegee. Hierdie Karoosseun was 'n denker, 'n filosoof, 'n natuurliefhebber, 'n opvoedkundige by



uitnemendheid, maar bowenal 'n Voortrekker. Hy ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n erepenning en van die Vrystaatse universiteit 'n eredoktorsgraad vir sy Voortrekkerwerk. Hy sterf op 6 Augustus 1965 in die ouderdom van 83 jaar.

Japie Heese word Hoofleier

Hoofsekretaris Japie Heese word in 1959 as derde Hoofleier verkies. Oom Japie skryf sedert 1940 Voortrekkerpublikasies met die titels: *Die Voortrekkers en ander jeugverenigings*, *Van penkop tot Hoofleier* en *Ons hou koers ter aandenking van die 10jarige bestaan van die beweging*. Hy dien jare lank as redakteur van die *Hou Koers*.

1960

Die Unie van Suid-Afrika, 1910-1960

Die Voortrekkers neem deel aan die vyftigste herdenking van die Unie met fakkellope en seremonies.

1961

Republiekwording

Met die Republiekwording in 1961 was Die Voortrekkers betrokke by die inhuldiging van Suid-Afrika se eerste staatspresident, adv. CR Swart. Die Voortrekkers het in Kerkstraat 'n erewag vir hom gevorm. CR Swart word ook benoem as Hoofbeskermheer.

Die Voortrekkers rig 'n gedenkhek op by die ingang na Doornkloof. Op die hoeksteen staan: "In hierdie heuglike jaar van republiekwording bring die Voortrekkers hulde aan die Groot Trek, sy manne, vroue, kinders en diere." Onder die hoeksteen is 'n stel ou en nuwe muntstukke, 'n Paul Kruger-tiekie, 'n Voortrekkerhoedwapen, stelle posseëls en 'n naamlys van die kampfangers ingemessel.

Tydens die kamp van 1961 is die Doornkloof-wekroep die eerste keer gesing.

Gesinsbeleid

Die Hoofbestuur aanvaar 'n gesinsbeleid wat die grondslag gelê het vir Die Voortrekkers se gesinsfokus. Die beleid is herbevestig op die 2017-kongres.

1962



Eerste veldwerkkamp in Transvaal

Die eerste veldwerkkamp in Transvaal, Lunsklip, is deur Werner Louw saam met Edelweiss du Plessis gestig. Lunsklip is ook die oudste gebiedskamp in Transvaal. Die eerste kamp is deur 76 Verkenners bygewoon wat die spesiale onderskeidingsteken van veldwerk voltooi het. Die kenteken is later aangevul deur veldkennis, veldvernuf en selfbehoud. Die kamp het in 'n dekade gegroei tot meer as 700 Verkenners.

In die vroeë sestigerjare het Werner Louw, 'n onderwyser van Johannesburg, 'n groep van sowat 100 Verkenners, offisiere en kinders van offisiere in die winterkoue na die plaas Lunsklip geneem vir die heel eerste veldwerkkamp in Die Voortrekkers. Oom Percy Fyfe, die boer op die plaas, se pampoenland was die kampterrein. Die offisiere het min kennis, baie entoesiasme en 'n idee gehad.

1963

Rooi offisierehandleiding

In 1961 word die eerste Meesterleierkursus vir Voortrekkeroffisiere onder leiding van Japie Heese by Hartbeespoortdam aangebied om die standaard van volwasse opleiding te verhoog.

Voortvloeiend uit die kursus is die *Rooi Handleiding vir Voortrekkeroffisiere* saamgestel en opleidingskursusse gestandaardiseer. In 1963 is die *Volledige handleiding vir offisiere* bekendgestel. Dit word vandag nog beskou as een van die beste Voortrekkerpublikasies en 'n standaard naslaanbron.

Gronddiploma

In 1963 is die gronddiploma bekend gestel vir basiese opleiding. Die kenteken was 'n wit fakkel op 'n groen ronde agtergrond met 'n ekstra baan aan die onderkant vir sterretjies. Daarna kon offisiere in ses verskillende rigtings spesialiseer. Vir elke rigting was 'n metaal sterretjie in 'n ander kleur op die gronddiploma aangebring:

Seremonies geel
Veldwerk groen
Kampverpleging wit
Kampkookkuns rooi
Kamp blou
Waterwerk feeblou

Hierdie kenteken het gebly tot met die verandering na die bruin uniform in 1977.

Brand fakkel

Met die oog op die Republiekfees van 1963 het Hoofbeskermheer CR Swart die lied "Brand fakkel brand" geskryf. Op 28 Mei 1963 het die Staatspresident die fakkelvlam aangesteek en die woorde van die lied voorgedra:

*Laat jou lig steeds vlammen brand
Vlam jou boodskap deur ons land
Smee 'n hegte eenheidsband
Met trou en liefde vas verpand
Aan ons eie Vaderland
Brand fakkel brand
Vul ons harte met jou gloed
Brand dit tog in merg en bloed
Sterk ons met hernude moed
Rotsvas te staan deur suur en soet
Vir ons skone vaderland
Brand fakkel brand!
In ons harte een in lewe een*

*In siele een in strewe een
Vir ons God en eie volk alleen
So stap ons saam tot heil en seën
Van ons dierbaar vaderland
Brand fakkel brand!*

Op 7 September 1963 het 1500 Vrystaatse Voortrekkers by die Vierde Raadsaal byeengekom waar genl. Hertzog in 1931 'n handjievol Voortrekkers ingelyf het. CR Swart wat in 1931 by die stigting teenwoordig was, het die feesrede gelewer.

Waternverkenners

Waternverkenners is gedurende 1963 op verskeie plekke in die land gestig. Die eerste blou uniforms is tydens die kongres in 1963 by Illovo vertoon. In Kaapland het die DF Malan-kommando van Port Elizabeth 'n veldkornetskapp gestig. Dit was die begin van waterwerkkampe.

Kapitaalfonds

Die hoofbestuur besluit om 'n kapitaalfonds te stig wat aangewend sou word vir die ontwikkeling van Voortrekkereïendomme, personeelsalarisse en opleiding van offisiere. 'n Nutsmaatskappy met aandele is gestig om fondse in te samel.

Staatmakerkoor

Wonderboom se Staatmakerkoor vervaardig 'n langspeelplaat met die titel: *Hou Koers*. Aan die een kant is 16 Voortrekkerliedjies opgeneem en aan die ander kant 18 liedjies. Die opbrengs van die plaat was vir die kapitaalfonds geskenk.

Voortrekker Inligtingsdiens

Die Hoofbestuur besluit om 'n Inligtingsdiens daar te stel wat moet fokus op landswye publisiteit vir Die Voortrekkers. Die Inligtingskomitee moes veral met die media skakel. Die besluit is die begin van Die Voortrekkers se amptelike bemarkingstruktuur.

1965

Die tweede Voortrekkersangbundel

Die Voortrekkersangbundel word hersien en toestemming word verkry om van die Psalms en Gesange te publiseer.

Die Orde van die Wawiel

Die Orde van die Wawiel is vir die eerste keer in 1965 toegeken. Dit is 'n ronde bronskleur medalje met aan die voorkant 'n wiel van 'n ossewa. Die agterkant is skoon, en dit hang aan 'n groen lint en is toegeken aan offisiere wat besondere diens aan hul eie kommando gelewer het. Hierdie medalje is in 1992 vervang met die medalje vir besondere diens, brons.

1966

Voortrekkerhoed

Tydens die 1966-kongres word daar tydens 'n nagsitting besluit om die hoed met 'n baret te vervang en die uniform te vereenvoudig.

Presidentsverkenner

Die idee van die Presidentsverkenner-toekenning vir uitstaande Verkenners word die eerste keer in 1964 genoem. In 1966 het die Hoofbestuur die toekenning goedgekeur. Die eerste PV-kamp het van 3-9 Januarie 1967 vir 81 Verkenners by die Fonteine in Pretoria plaasgevind.

Die eerste Presidentsverkenners se balkies word deur Staatspresident CR Swart oorhandig. Martin Venter wat tydens die 85-eesjaar die sestig-jaar-balkie ontvang het, was van die eerste groep Presidentsverkenners. Hy was ook die eerste Presidentsverkenner wat op die Hoofdagbestuur gedien het.

Fakkeldraer

Die Hoofbestuur sou 'n vertydse organiseerder aanstel as hulle bereid sou wees om jaarliks R5000 tot sy salaris by te dra. Die FAK skenk 'n groot bedrag aan Die Voortrekkers vir die aanstel van 'n rondreisende sekretaris wat as 'n Fakkeldraer bekend sou staan.

AS du Plessis word as Fakkeldraer aangestel. Hy is op die salarisstaat van die FAK geplaas en die FAK het 'n gratis kantoor tot sy beskikking gestel.

Hanlie van Niekerk

Die bekende sopraan, Hanlie van Niekerk, het 'n konserttoer ten bate van Die Voortrekkers aangebied. Saambou Nasionaal het die uitgawes vir die toer geborg en die netto opbrengs van die toer was R10 600.

CQ Hou Koers

In Julie 1963 het Chicot Ernst, Steve Rossouw en Mauritz Olivier die moontlikheid van amateurradio bespreek en die stig van Voortrekkerradioklubs bespreek. Op 13 Mei 1967 het Roelf Kloppers 'n voorstel ingedien dat 'n "CQ Hou Koers Saamtrek op die lug" aangebied word met die steun van die Noord-Transvaalse tak van SA Radioliga.

Op 14 Oktober 1967 is CQ Hou Koers die eerste keer vir 24 kommando's aangebied, waarvan 16 uit Transvaal en 8 in die Vrystaat was. Die hoofstasie is deur Roelf Klopper en Willie Wilson by die Voortrekkermonument opgerig. Die eerste boodskap wat uitgesaai is, was dié van Bennie Badenhorst, destyds provinsieleier van Transvaal.

In 1968 het Kaapland en Suidwes ook deelgeneem. Teen 1972 het die getal deelnemende kommando's gegroei tot 64.

Sedert 1975 het Chicot Ernst 'n eenmanskommisjie gevorm wat jaarliks die CQ Hou Koers gereël het.

Fees van die grond

Met die doel om bewaringsbewustheid te skep, het Die Voortrekkers die *Fees van die grond* aangebied. Elsa Stofberg het op Doornkloof uit sandsteenklip 'n handvol grond uitgebeitel.

Louis Trichardt-gedenktuin

Die Voortrekkers samel geld in en neem deel aan die onthulling van die Louis Trichardt-gedenktuin in Lourenço Marques (Maputo, Mosambiek).

1969

Voortrekkerfonds

Op 1 Augustus het die Eerste minister, BJ Vorster, tydens 'n deftige ete in Hotel President, Johannesburg, die Voortrekkerfonds formeel geloods. 'n Oprigtingsakte en Raad van Trustees is saamgestel om die Voortrekkerfonds te bestuur. Die driefaseplan het behels om halfmiljoen in te samel deur korporatiewe skenkings en plaaslike insamelings.

AS du Plessis se pligte is uitgebrei om ook as fondsorganiseerder op te tree. Vanaf 1969-1974 het Saambou Nasionaal 'n gratis kantoor beskikbaar gestel.

Hoofleierswag

In die *Hou Koers* van 1969 skryf Nig Sterretjie dat die Verkenners wat werk vir die Presidentsverkenner-toekenning geen erkenning kry vir hul harde werk as hulle dit nie behaal nie. Sy stel voor 'n Hoofleierswagtoekenning moet ingestel word. Kort hierna is die eerste Hoofleierswagkentekens toegeken.

1970

Eerste Verkennerlewe verskyn

Die eerste handleiding vir Verkenners verskyn en staan bekend as die *Verkennerlewe*. Die boek is verskeie kere herdruk en is in 1995 grondig hersien.

1971

Bloedrivier

Op versoek van die Bloedrivier Geloftefeeskomitee begin Die Voortrekkers in 1961 met 'n fondsinsamelingsprojek om die slagveld te restoureer.

Ten Maart 1965 is 'n bedrag van R6338 ingesamel en teen 1969 het die fonds op R8330 gestaan. In 1968 is o.l.v. die Historiese Monumente-kommissie van die FAK begin met restourasie van die slagveld.

Die Voortrekkers het die bronswaens vanaf Germiston-stasie begelei. Op 16 Desember 1971 was 400 Voortrekkers teenwoordig met die inwyding van die Bloedrivier-walaer.

Reklamerolprent

Gedurende Junie het die Hoofbestuur 'n reklamerolprent vir Die Voortrekkers goedgekeur: *Wat doen die Voortrekkers*. Alle fasette van Voortrekkerwerk – spanwerk, uitstappies, toere, veldwerk, kompetisiekampe, gemeenskapsdiens, volksfeeste en paradewerk is verfilm.

1973

Langenhoven-gedenkfees

In 1973 het die FAK die omvangryke Langenhoven-gedenkjaar nasionaal aangebied. Die Voortrekkers het 'n fakkelloop van Langenhoven se geboortedorp tot Oudtshoorn gehou met

die fakkelvlam wat uiteindelik op sy graf gedooft is. 'n Gedenkplaat is oorhandig wat by die Langenhoven-huis Arbeidsgenot onthul is.

1974

Voortrekkeruniform

Teen 1974 was daar 13 verskillende weergawes van die Voortrekkeruniform. 'n Jeuglid moes vyf verskillende uniforms gedurende sy Voortrekkerloopbaan aankoop. Boonop was daar probleme soos wye verskeidenheid van groottes, oorsleuelings van verskillende kleure, 'n gekompliseerde kleurstelsel. Die kongres besluit om 'n ondersoek na 'n nuwe uniform te loods. Die voorwaardes waaraan die nuwe uniform moes voldoen, was onder andere: bekostigbaar, tradisie, aanskoulik, duursaam, maklik verkrygbaar, doelmatig en kwaliteit. Die hulp van die SA Weermag en SABS, asook opvoedkundiges en sosioloë, is ingeroep. Daar is besluit dat die nuwe uniform die kleur van die Suid-Afrikaanse veld sal wees en is in 1976 begin dra.

Opleiding hersien

Met die koms van die bruin uniforms het die opleiding van offisiere ook verander, en daarmee saam die kentekens. Die opleiding was nou verdeel in kursusse van 1 tot 4 en die kentekens het soos volg gelyk, in die kleure van oranje tot rooi.

Hierdie kentekens het lank so gebly, maar in 1992 word besluit dat die Suiderkruis voortaan die kenteken vir opleiding sal wees. 'n Ekstra kleur het nou bygekom, silwer, wat beteken dat so 'n persoon opleiding aan offisiere kon gee. In 1993 is toe oorgeskakel na 'n gestileerde fakkel wat onmiddellik byval gevind het. Die kenteken was weereens in die kleure van oranje tot silwer.

Van provinsie na gebied

Tydens die 1974-kongres word besluit dat die ou naam 'provinsie' verval ten gunste van die naam gebied.

Voortrekkerbeloftes

Tydens die 1974-kongres word nuwe beloftes vir jeuglede goedgekeur:

Penkoppe en Drawwertjies: *Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my land, my volk en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.*

Verkenners: *Op my eer beloof ek dat ek sal strewen om God te eer, om my land, my volk en my medemens te dien en om die Voortrekkerwet uit te leef.*

Transvaal kry 'n kampterrein

Die Transvaalse Dagbestuur het sonder veel sukses gesoek na geskikte grond om as 'n kampterrein in te rig. In Maart 1974 het die Dagbestuur besluit om Gedeelte 24 (119,9 hektaar groot) van die plaas Hartbeesfontein naby Wagenaarsdrift, vir die Transvaalse Voortrekkers te koop.

1975

Nuwe PD-graadwielboekies

Die Penkop en Drawwertjie se *Ons eie boekie* word vervang met die oranje graadwielboekies 1-6.

Taalfees

In 1975 speel Die Voortrekkers 'n rol in die landswye taalfees ter herdenking van die stigting van die GRA en die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in Augustus 1875, asook met die inwyding van die Taalmonument te Paarl.

Meer as 50 000 persone het die opening van die Taalmonument bygewoon waar die feesrede deur die Eerste Minister en hoofbeskermheer van die Voortrekkers, BJ Vorster, gelewer is.

Met 'n indrukwekkende seremonie het Die Voortrekkers die feesfakkels oorhandig aan die nasate van die GRA en die Eerste Minister.

CR Swart-borsbeeld

Op 30 Junie besluit die Hoofbestuur om die borsbeeld van Staatspresident CR Swart aan te koop. Jo Roos was die beeldhouer. Op 3 Julie het mnr. en mev. Swart Wenhoogte besoek en die beeld onthul. Die beeld is gebeitel uit maroelahout en staan tans in die Ou Huis op Doornkloof.

Voorslagknoop vir PD's

In Junie 1975 keur die Hoofbestuur goed dat 'n Voorslagknoop met onderskeiding vir Penkoppe en Drawwertjies ingestel word.

Boknes

Boknes Erf 152 is deur Daan Scheepers aan Die Voortrekkers geskenk. Op 7 Maart 1968 is die grond oorgedra in die naam van Die Voortrekkers en Boknes-kampterrein kom tot stand. Vanaf 26 September tot 3 Oktober 1973 kamp Somerset-Oos Voortrekkers die eerste keer op Boknes in die deel van die geboue wat reeds opgerig is, nl. 'n groot saal, kombuis en spens vir 300 Voortrekkers.

Later is slaapsale aangebou met slaapplek vir 360 Voortrekkers. Kommandant Isak Malan was die krag agter die Boknes-projek en om dié rede is die hoofsaal na hom vernoem. Gedurende die volwasseopleidingskamp vanaf 30 September tot 3 Oktober 1974 is die geboue amptelik in ontvangs geneem deur Kaaplandse gebiedsleier, Andre Duminy. Die eerste gebiedskamp vind 21 tot 26 Maart 1975 plaas toe 190 Voortrekkers van Cradock, Fort Beaufort, Alice, Bedford, Adelaide en Somerset-Oos op die terrein kamp.

1976

Die eerste PD-gebiedskampe

Die eerste gebiedskamp vir Penkoppe en Drawwertjies vind by die Oog-Elandsfontein naby Carltonville plaas. Gedurende 1976 verdeel die kamp in Noordelike PD-kamp (tans op Westfalia naby Tzaneen), Sentrale PD-kamp (wat later na De Bank-terrein geskuif het) en Suidelike PD-kamp op Venterskroon.

Hartbeesfontein word amptelik geopen

Die Kompetisiekamp van 1976 was die eerste Gebiedskamp wat op die terrein aangebied is. Op daardie stadium was slegs die saal wat die kombuis ingesluit het, en die helfte elk van die bestaande seuns- en dogtersablusieblokke voltooi.

Die Gebiedsraad van 3 September 1976 en 'n Meesterskursus vir Offisiere is op die terrein gehou waar die slaaplokale en ablusieblokke nou voltooi was.

Oom Bennie Badenhorst, Hoofsekretaris van Die Voortrekkers open die terrein amptelik tydens dié geleentheid. 'n Bronsplaak om die geleentheid te herdenk, is in die saal aangebring. Gebiedsdagbestuurlede en 'n aantal Voortrekke-offisiere het elk 'n inheemse boom aan die noordekant van die saal geplant.

Die Voortrekkerwet word hersien

Die kongres besluit die volgende: "Geen beoefening van deugde wat eie is aan die Christelike lewe kan plaasvind as die Bybel nie die fondament van hierdie deugde is nie." Kongres het dit aan die Hoofbestuur opgedra om die plek van die Voortrekkerwet in Die Voortrekkers te ondersoek en die wet te hersien.

Eerste veldwerkkamp op Doornkloof

In 1971 het Josias Swanepoel van die Vrystaat saam met agt lede van sy graad 11-span Lunsklip bygewoon. In 1978 bied hy en Hans van der Watt die eerste Veldwerkkamp op Doornkloof aan.

Skenking aan die Voortrekkermuseum, Winburg

In 1978 het die destydse Gebiedsleier van die Vrystaatse Voortrekkers, oom Piet Geyer, 75 historiese items van Doornkloof aan die Provinsiale Regering op bruikleen geskenk vir uitstalling in die Voortrekkermuseum te Winburg.

Wemmershoek

Wemmershoek het as gevolg van 'n ruiltransaksie eiendom van Kaapland Voortrekkers geword. Die Suiderkruis-kampterrein in die Hawekwaberge is verruil vir 90 ha in die Wemmershoekberge. Voordat die ruiltransaksie in 1978 gedoen is, het Bosbou sowat 70 ha van die 90 ha ontbos en die oorblywende 20 ha se Pinus Pinaster-bome gelos. Kaapland Voortrekkers het in 1978 onder leiding van neef Stoffie 'n "proefkamp" op Wemmershoek aangebied om sodoende 'n "gevoel" vir die terrein te kry vir die latere ontwikkeling.

Daar is besluit om twee kampterreine te ontwikkel, naamlik Wawiel en Fakkel (name ontleen aan die ere-orde van die tyd) en bouwerk het in 1979 begin. Aanvanklik is net ablusieblokke en 'n kombuis beplan. Met die eerste provinsiekampe in September 1979 vir die graad 7- tot 9-Verkenner op Wawiel, was die ablusieblokke gedeeltelik voltooi en die kombuis was 'n dubbele weermag-markiestent.

Die Standaard 8- (graad 10)-kamp in 1979 is op Fakkel aangebied met dieselfde gebrekkige infrastruktuur. Die toegangspad was gruis en die offisiere met karavane moes onder by die hek stop en wag dat 4x4's die karavane opsleep kamp toe. Menige busse het ook onder gestop en kinders moes met al hul bagasie bergop stap tot by die kamp.

Grootste gebiedskamp in Transvaal

Die Kompetisiecamp op Hartbeesfontein bereik onder leiding van Jan Oelofse 'n hoogtepunt met 1500 Verkenner en Voortrekkeroffisiere. Vir die kompetisiecampverkenner staan hy bekend as Oom Jan van die bosveld. Tydens die 1981-kongres word hy tot hoofsekretaris verkies. Jan Oelofse het 'n wesentlike rol gespeel in die hersiening van Die Voortrekkers se grondwet tussen 1971-1974. Hy was bekend as 'n uitstekende administrateur wat daarin geslaag het om die beweging organisatories te orden, vaartbelyn en professionele benadering ten opsigte van die finansiële bestuur te skep. Jan Oelofse het Hartbeesfontein-kampterrein se permanente strukture ontwikkel. Die temas van feeste en kongresse is vir jare deur hom uitgedink. Hy is op 25 Junie 2003 na 'n kort siekbed oorlede. Die hoofsaal op Hartbeesfontein is na hom vernoem.



Hoofleier Badie Badenhorst sterf kort voor die Kongres

Johannes Frederik Petrus Badenhorst dien sedert Desember 1937 as Provinsiesekretaris van die Transvaalse Voortrekkers en word in Julie 1959 tot Hoofsekretaris verkies in die plek van Japie Heese wat as Hoofleier verkies is. Hy word in 1966 in die plek van Japie Heese as Hoofleier verkies. Oom Badie skryf in 1980 dat hy na 15 jaar by die 1981-kongres as hoofleier gaan uittree. As hoogtepunte van sy termyn beskryf hy herformulering van Die Voortrekkers se grondwet, ontstaan van die Voortrekkerfonds wat van R0 tot R400 000 gegroei het en teen 1975 reeds R120 000 se rente kon uitbetaal, die nuwe uniform in 1977, die ontwikkeling van Voortrekkerlektuur met 'n verwysing na die Penkop en Drawwertjie graadwielboeke. Oom Badie sterf onverwags op 2 Julie 1981, etlike dae voor die kongres.

Piet Geyer beskryf sy sterk eienskappe as "ware Christen-Afrikaner, dienaar, mensliewend, vredemaker, redenaar wat kon besiel met diens aan die Voortrekkertaak. As Afrikaner het hy nie 'n prys gehad nie."

Op Donderdag 12 Julie 1984 het lede van die hoofbestuur en oom Badie se familie, asook Voortrekkers van Susan Badenhorst in Boksburg-begraafplaas bymekaargekom vir die onthulling van sy grafsteen. Die Susan Badenhorst-kommando is vernoem na sy eggenote.

Oom Bennie Badenhorst word vir vier dae Hoofleier

Barend Hermanus Badenhorst (Oom Bennie) word in 1938 'n Voortrekker. Met die verkiesing van oom Badie in 1959 as Hoofsekretaris word hy verkies as provinsiesekretaris van Transvaal. In 1966 word hy as provinsieleier verkies en in 1972, met die afsterwe van Thys Greeff, word hy Hoofsekretaris. 'n Dag voor die kongres word hy deur die Hoofbestuur as Hoofleier verkies en het gedien tot die laaste dag van die kongres. Oom Bennie is een van die min persone wat daarop aanspraak kan maak dat hy elke rang in die Voortrekkers beklee het: veldkornet, kommandant, provinsiesekretaris, provinsieleier, hoofsekretaris en hoofleier. Hy was 'n uitstaande sangbegeleier en sy dirigeerstokkies is uitgestal in Wemmershoek se Voortrekkermuseum.



Carel Boshoff word Hoofleier

Carel Boshoff was 'n bekende in Afrikanerkultuurkringe. Hy dien etlike jare op die direksie van die FAK, was lid van die Afrikanerbond sedert 1954 en dien ook as voorsitter daarvan tussen 1981-1983 en was betrokke by SABRA, 'n akademiese instelling wat bevolkingsverhoudings ondersoek het. Hy was voorsitter daarvan van 1972 tot 2007. Sy kultuurbetrokkenheid was nie net tot Afrikaners beperk nie. Hy het, naas traktaatjies en ander geestelike lektuur, ook radiostories en inliggende materiaal vir Radio Bantoe se SePedi-diens geskryf. Bewaarskole en vakansiekampe was van die belangrikste nie-kerklike werk wat hy in Soweto in die 1960's gedoen het. Hy was stigter en voorsitter van die Afrikanervolkswag sedert 1984, en in dié hoedanigheid ook voorsitter van die Groot Trek 150 Fees.

Sedert 1988, met die oprigting van die Afrikaner Vryheidstigting, het hy hom ook op die politieke terrein van die kultuur begewe. Die gevolglike stigting en ontwikkeling van Orania.



Oom Carel se kultuurbeskouing was holisties. Om versies vir sy kinders of kleinkinders op te sê, liedjies te sing of op te maak, klei-osse te maak, sweep te klap, perd te ry of osse in te span, was soveel van 'n kultuurtaak (of liever kultuurplesier) as vergaderings bywoon en groot planne maak. In Pretoria het hy by Die Voortrekkers betrokke geraak en verskeie Leeuspanne tot by Hoofleierswag en Presidentverkennervlak begelei. Onder sy leiding as kommandoleier het die Suiderkruis-kommando meer as 1000 lede gehad. Hy dien as hoofleier van Die Voortrekkers vanaf 1981 tot 1989.

Voortrekkers op mars

In 1981 het Die Voortrekkers bestaan uit 400 kommando's, 5000 offisiere en 40 000 jeuglede.

Die tema van die halfeeupees was: *Voortrekkers op mars*. Vyftig jaar van Voortrekkerlewe is gevier met fakkellope vanaf Bloemfontein na verskillende gebiede, 'n gedenkboek en 'n film oor die 50ste viering wat op 29 September 1981 gebeeldsend is.

5c-Posseël

Op 30 September 1981 reik die poskantoor 'n spesiale 5c-gedenkposseël uit. Vyf en twintig miljoen seëls en 200 000 gedenkkoeverte is gedruk.

1982

Vrede van Vereeniging

Tagtig jaar na die Vrede van Vereeniging het Die Voortrekkers op 2 Oktober 'n funksie gereël wat deur 500 konsentrasiekampoorlewendes en 1000 Voortrekkers bygewoon is.

Selfbehoudplan

Met die Grensoorlog en binnelandse onluste het Die Voortrekkers 'n omvattende selfbehoud-leerplan ontwikkel wat fokus op:

- Staatskundige selfbehoud: plaaslike bestuursverkiesings, skoolraadsverkiesings, rol van polisie, speurdiens, verkeerspolisie, plaaslike en nasionale wette
- Ekonomiese selfbehoud: versekering, bankrekenings, spaar, beleggings, spekulasie
- Liggaamlike selfbehoud: gesond eet in 'n eeu van kitskos, drank, sigarette, dwelms en ander verleidings
- Geestelike selfbehoud: waardeskale, musiek, leesstof, vermaak
- Noodtoestande: oorstromings, terrorisme, brand, bom, propaganda/breinspoeling

Tarentaalstraat

Die *Hou Koers* van 1982 berig dat 19 Voortrekkervriende 'n 2000 hektaarplaas aangekoop het vir die ontwikkeling van 'n nuwe Voortrekkerkampsterrein. Die plaas is reeds 1895 uitgemeet en bestaan uit bosveldbome, berge, heuwels en standhoudende riviere met swempoele. Een nag het Steve Rossouw en Piet de Jager 'n luiperd tien tree van 'n tent platgetrek. In 1987 bewillig Transvaal Voortrekkers 'n bedrag van R20 000 om Tarentaalstraat te ontwikkel. Die Voortrekkers het 'n serwituut van 10 ha op die plaas en stapreg op die hele plaas. Steve Rossouw word nie net beskou as die stigter en vader van nagmarse en vlotvaarte nie, maar ook van die Avontuurkampe op Tarentaalstraat wat vandag as Rhus Keeti bekend staan. Daniël Stephan (Steve) Rossouw is vanaf sy standerd 4-jaar in 1950 'n lid van Die Voortrekkers. As Penkop was hy by Wonderboom-kommando en as Verkenner by Magaliesburg-kommando. In 1955 word hy op 15-jarige ouderdom Veldkornet van die Alwyn-veldkornetskap in Transvaal. Hy woon dan ook daardie jaar

die Provinsiekongres by as afgevaardigde. Tydens sy eerste jaar op universiteit in 1958 word die Alwyn-veldkornetskaps 'n volwaardige kommando – die Generaal Kloppe-kommando waar hy toe as offisier diens gedoen het. Tydens 1959 reël hy die eerste nagmars in Die Voortrekkerbeweging. In 1960 reël hy 'n nagmars vir al Pretoria se kommando's. In 1961 tree hy as kursusaanbieder op by die eerste Meestersleierkursus (nagmarse/skuiingsbou/toubrûe). Vanaf 1962–1964 tree hy op as kampadjudant vir die Transvaalse kompetisiekamp onder oom Doors le Roux. Vanaf 1963–1964 tree hy op as kampadjudant vir die Landswye Leierskampe onder oom Johan Steyn. In 1964 was hy 'n offisier by die Lyttleton-kommando. In 1965 stig hy die Stampfordhill-kommando in Durban en dien as offisier daar tot Junie 1966 en keer toe terug na Transvaal. Gedurende 1967 tree hy op as kampeier van die Transvaalse Kompetisiekamp. Van 1968–1979 dien hy as offisier en later kommandoleier by Bellville-kommando in Kaapland. In dié tyd gaan hy vir drie jaar na Engeland

HY REËL ELKE TWEDE JAAR 'N GROOT KOMMANDOTOER VIR 100 TOT 200 JEUGLEDE NA BV. DRAKENSBERGE, VISRIVIER, OKAVANGODELTA, MALAWI, KENIA, ZAMBIË...

na die Visrivier en Drakensberge. In 1980 keer hy terug na Pretoria as offisier by Voor-die-Berg-kommando en later by Overberg-kommando. Hy tree dan ook op as kommando-, streek- en oordleier. Hy was ook vir langer as 10 jaar die kampeier van die Skeerpoort Veldwerkkamp. Hy begin dan ook die Avontuurkamp by Tarentaalstraat; tree steeds op as kursusleier. Hy reël elke tweede jaar 'n groot kommandotoer vir 100 tot 200 jeuglede na bv. die Drakensberge, Visrivier, Okavangodelta, Malawi, Kenia, Zambië, Zimbabwe, Tanzanië, Zanzibar en Lesotho. Hy klim saam met groepe Berg Kenia en Kilimandjaro – reël en lei toere daarheen. Overberg-kommando was gereeld onder sy leiding wensers van die Vlotvaart. Vanaf 2004–2006 is hy betrokke by Die Kruin-kommando in Pretoria. In 2008 ontvang hy erelidmaatskap.

vir verdere studie. By sy terugkeer is hy weer betrokke en reël hy twee oordkampe vir Suiderkruis-kommando; reël die eerste vlotvaart in Die Voortrekkers; reël die eerste stadsnagmars wat vanaf Kaapstad se middestad na Kaapstad-hawe en na Robbeneiland gaan; reël 'n massa inlywing en fakkelloop vir sy oord waar meer as 1 000 Voortrekkers ingelyf word deur eertydse minister PW Botha; reël Voortrekkertoere

1983

Die eerste vyftig jaar getroue diens

Die eerste toekenning vir 50 jaar getroue diens is aan die einde van 1983 aan Lana Kruger oorhandig. Sy was ook die eerste persoon in Pretoria wat in 1958 die goue voorjuk ontvang het. Tannie Lana word in 1932 'n Voortrekker toe haar ma stigterslid van Witbank-kommando was. In 1944 ontmoet die Verkennerdogter 'n Staatmaker, Bill Kruger. Hulle het 'n Voortrekkertrou gehad met 'n Voortrekkerwapen op die kaartjies, 'n vierverdieping-Voortrekkerbruidskoek en 'n Voortrekkererewag. Sedert 1941 is sy deel van die Jan Lombard-kommando, betrokke as kursusleier en by die skryf van die Penkop en Drawwertjie-handboeke.

Nig Sterretjie

MM Verster, algemeen bekend as Nig Sterretjie, sluit in 1942 by Die Voortrekkers in Swellendam aan. Sy dien vanaf 1949 op die *Hou Koers*-redaksie en is sedert 1954 betrokke by volwasse opleiding. Sy skryf die eerste *Handleiding vir Penkoppe en Drawwertjies* en bied saam met Japie Heese 'n leierskursus aan by die Universiteit van Stellenbosch. Vanaf 1968–1973 dien sy as Gebiedsonderleidster. In 1982 tree Nig Sterretjie uit die *Hou Koers*-redaksie. In 1982 onthul sy die monument wat ter ere van Japie Heese op Wemmershoek opgerig is. Op die sestigste verjaarsdag van Die Voortrekkers in 1991, sterf Nig Sterretjie Verster. Tom Dreyer skryf in sy huldigingswoord: "As die kennis van Penkop- en Drawwertjie-werk 'n ster was, was Nig Sterretjie die hele melkweg."

1984

Vegkop

Van 9-10 Oktober het 1277 Vrystaatse Voortrekkers die gerestoureerde Vegkop-slagveld feestelik in gebruik geneem. Vyftien seremoniële fakkels regoor die Vrystaat is aangesteek en na Vegkop gebring. Die Voortrekkers het gekamp op dieselfde plek waar die laer van 1836 gestaan het.

Ontwikkeling van Wemmershoek

Die teerpad word in 1984 gebou. Wawel se saal, museum en komiteekamer is ook later (1984-1985) aangebou, asook die slaaplokale met fondse wat bekom is met die verkoop van die Sandbaai-erwe. (Kaapland het die stuk grond by Sandbaai ontwikkel in erwe, vandaar die Voortrekkername van die strate in Sandbaai.) Die slaaplokale het die bynaam van die "Trein" gekry, angesien die aanvanklike beddens in die kamers daardie ou groen treinbeddens was.

1985

Ontwikkeling van Doornkloof

Gedurende 1984 is Wenhoogte verkoop vir 'n bedrag van R300 000 wat hoofsaaklik gebruik is vir die ontwikkeling van Doornkloof. Die ontwikkelingsplan sluit o.a. 'n Trekkerspoor-wandelroete in wat die geskiedenis van Afrikanerjeug uitbeeld met tien beeldhouwerke. Marietjie Muller van Frankfort is hiervoor gekontrakteer. Die restourasie van die plaasopstal en inrig daarvan as unieke Voortrekkermuseum, die opbou van 'n beeskudde, die vestiging van 'n wildtuin met inheemse wild en die bou van 'n offisiersopleidingsentrum was ook beplan.

'n Gipsbeeld van Sarel Cilliers is deur Marietjie Muller ontwerp en die Piet Geyer-beeld is opgerig voor Afsaal.

1986

Nuwe kursusse

Johan van der Walt wat Piet Geyer as die Vrystaatse gebiedsleier opgevolg het, het 'n reusebydrae gelewer in die ontwikkeling en afronding van Kursus 3 (Voortrekkerbestuur) en Kursus 4 (Leierskursus). Hy het ook leiding geneem om die wyse van die aanbieding van Kursus 4 te ontwikkel in die werkswinkel-/seminaarmetode. Die kursusse is ontwikkel m.b.v. bestuurskonsultante en in 1985 is Kursus 1-3 goedgekeur en in 1986, Kursus 4.

CQ Hou Koers

CQ Hou Koers bereik dié jaar 'n nuwe hoogtepunt met 117 radiostasies. Volgens tradisie is die hoofstasie by die Voortrekkermonument opgerig. Vanaf hierdie stasie word Die Voortrekkers presies om 12 uur op aandag geroep vir die saluut wat deur die Hoofleier tydens 'n vlagparade in die amfiteater geneem is. Daarna word die boodskap van die Hoofleier aan alle Voortrekkers uitgesaai.

Voortrekkers het veldradiostasies (wat met batterykrag moes werk en van tydelike luggrade voorsien is) op kreatiewe plekke ingerig soos bo-op 'n berg of selfs op 'n vlot.

1987

Ingebruikneming van die 'nuwe' Doornkloof

Op 14 Maart 1987 is die nuwe Doornkloof in gebruik geneem met die tema: "Die jeug vandag word toegerus vir more".

Die nuwe Doornkloof bestaan uit 'n netwerk van ses kampterreine, 'n sentrale hoofkwartier en 'n terreinbestuurder wat sal omsien na die plaasbedrywigheide, elektrisiteit, sentrale watervoorsiening, vier kombuise, gekoördineerde noodhulpdiens, sentrale siekeboeg en 'n radio- en kommunikasiestelsel. Die Johan van der Walt-opleidingsentrum bestaan uit moderne huisvesting, konferensiesieriewe en badkamers met warm water. In 1988 is besluit Doornkloof word 'n wildsplas. In 1989 skenk Gert Visser van Harrismith sewe blesbokke.

'n Hoofkantoor in Pierneefstraat

Op Donderdag 8 Julie word die nuwe hoofkantoor in die Neuway-gebou, Pierneefstraat, feestelik ingewy. Die hoofkantoor huisves die *Hou Koers*-kantoor, argief, raadskamer, uniformdepot en administratiewe kantore. In 1990 is 'n woonstel aangekoop.

1988

Die Voortrekkers is betrokke by die Groot Trek 150-fees, die Hugenotefees en die Diasfees. Die Voortrekkers is egter nie gespaar gebly van die bitter rusies, twiste, partypolitiek en skeurings wat Afrikaners gedurende die tagtigerjare gekenmerk het nie. Onder die oppervlak was die politieke spanningslyne sigbaar. Tydens die 150ste herdenking van die Groot Trek het sommige Voortrekkers die herdenkingsfeeste op Donkerhoek bygewoon waar die leier van die opposisie, dr. Andries Treurnicht die hoofspreeker was. Ander Voortrekkers het die geleentheid op Monumentkoppie bygewoon waar pres. PW Botha die hoofspreeker was.

1989



Johan van der Walt word Hoofleier

Tydens die 1989-kongres word Johan van der Walt verkies as die sewende Hoofleier. Na sy verkiesing in 1989 neem hy 'n jaar verlof van sy gemeente om voltyds vir Die Voortrekkers te werk. 'n Raamwerk vir nuwe leerplanne vir jeuglede is opgestel, die ontwikkeling van leiers vir die toekoms was op die voorgrond geplaas, 'n unieke boek, *Treffer Tiener*, het die lig gesien en 'n nuwe sangbundel, *Kom sing saam met die Voortrekkers*, is gepubliseer, kursusse vir opleiding en motivering van offisiere is ingrypend verander, die rol van kampe en kampterreine is indringend ondersoek en die dokument *Vereistes vir 'n Afrikanerkind* is bekend gestel.

Hersiening van die Verkennerlewe

Die kongres besluit om die *Verkennerlewe* te hersien met die volgende riglyne:

- Die beklemtoning van die ontwikkeling van leierspotensiaal deur dit as fokus vir graadwielvereistes te stel
- Die insluiting van groter verskeidenheid leierseienskappe in graadwielvereistes, bv. debatvoering, doelwitformulering, bestuur, kommunikasie, selfbeeld, leierskapstyle
- Die gebruik van leierskapontwikkeling as kragtige reklame-instrumente in Die Voortrekkers se beeldbou-aksies

- Die beklemtoning van persoonlikheidsontwikkeling
- Die beskikbaarstelling van moderne hulpmiddels
- Die koppeling van aspekte van diensvaardigheid aan werklike sinvolle dienslewering
- Die beklemtoning van groepsdruk en die versterking van die ouer-kind-verhouding.

Die uniform verander

Onder leiding van Corrie Scheepers begin Die Voortrekkers met 'n omvattende ondersoek na die uniform met die doel om Die Voortrekkers te demilitariseer. Die Hoofbestuur besluit in 1991 dat daar vanaf 1 Januarie 1992 weggedoen word met die hoofbedekking en das vir Penkoppe en Drawwertjies. Graadkentekens is herontwerp om rond te wees en alle offisiere dra slegs rooi skouerlappe (die pers en maroen skouerlappe verval).

1990

Ononderhandelbare vereistes vir Afrikanerkinders

As deel van die insette tot die KODESA-proses waar 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika onderhandel is, het die Hoofbestuur sewe minimum vereistes gestel wat vir Afrikanerjeug ononderhandelbaar is. Dit is die volgende:

- Die reg om godsdienstig vrylik te kan beoefen. Vir Die Voortrekkers beteken dit geloof in die Drie-enige God.
- Die geleentheid om opgevoed te word en te studeer in 'n omgewing waar Afrikaans en kultuureie van die Afrikaner uitgebou word, die opvoeding en die onderwys Christelik is en die Bybel as riglyn vir die totale aktiwiteite van die mens erken word.
- Die erkenning van die plek van die ouer as eerste verantwoordelikheid teenoor sy kind.
- 'n Omgewing waar stabiliteit en orde heers en waarin die kind beskerm binne eie reg kan werk en leef.
- Dat die Afrikanerjeug saamwerk en bou aan die RSA in die nakoming van sy kultuuroopdrag om nuwe inisiatiewe aan die dag te lê en op grond van sy vermoëns leiding te neem. 'n Bestel waarin meriete en beloning vooruitgang bepaal, is daarvoor nodig.
- Erkenning van die regte van groeperinge met verskillende waardes en gebruike en die reg voorbehoud tot disassosiasie.
- Dat die sedes van die jeug beskerm word, onder andere deur 'n stelsel van sensuur wat rekening hou met die kwesbaarheid van die jeug.

Die dokument is onder die opskrif: *Standpunte van Afrikanerjeug – sewe nieonderhandelbare vereistes met die oog op die toekoms* gestuur aan “almal wat erns maak met die jeug van ons land.” Positiewe terugvoer is onder andere van die Kantoor van die President, die ANC en Inkatha ontvang.

1991

Gereed vir môre

Die tema van die Voortrekkers se sestigste verjaarsdag was: Gereed vir môre. 'n Spesiale feesembleem is ontwerp waarvan die simboliek beskryf is as “die Afrikanerjeug saamgesnoer deur Die Voortrekkers. In die smeltkoers van die tyd word hulle na Bo gerig en sodoende voorberei vir môre.”

In die feesjaar het die Hoofbestuur Die Voortrekkers se taak as volg verwoord:

- Dat Die Voortrekkers in geloofsgehoorsaamheid vra wat die Here wil hê en sy lede uitstuur as draers van die Christelike hoop.
- Dat Die Voortrekkers sy roeping om die volkseie-ideale en Afrikanerkultuur binne sy eie vaderland kragdadig by sy jeug inskerp en steeds sien as sy besondere taak nou en in die toekoms.
- Dat Die Voortrekkers dit as sy taak sien om ons eie volk se jeug toe te rus om met kennis en vertroue op te tree, leiding te gee en die noodsaaklike kreatiewe denke aan die dag te lê om as leiers aan die huidige en toekomstige eise te beantwoord.
- Dat Die Voortrekkers sy lede toerus om gesag te aanvaar en om goeie menseverhoudinge te handhaaf sodat jeuglede stabiliteit, orde en vrede kan help bewerkstellig.
- Dat die beweging bekommerd is oor die ontwrigte jeug van alle bevolkingsgroepe in ons land en sy kundigheid beskikbaar wil stel om die probleem op te los.
- Dat Die Voortrekkers sy offisiere wil motiveer en toerus sodat hulle 'n duidelike visie het en oor die vermoë beskik om in 'n moderne idioom doelgerig met veranderinge tred te hou.
- Kernagtig saamgevat: om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God, land, volk en medemens.

CQ Hou Koers word 25

Tydens die 25ste herdenking van CQ Hou Koers het die hoofbeskermheer en Staatspresident, mnr. FW de Klerk, in 'n spesiale boodskap gesê: "Goeie kommunikasie is een van die belangrikste fasette vir begrip en suksesvolle samewerking tussen mense."

1992

Begin van Oos-Kaap selfbehoud

In 1992 is 'n nuwe periode by Boknes ingelui met die koms van ds. Willem Petzer, wat die Selfbehoudkamp, as deel van die Bokneskamp, staan gemaak het. Tot in 1992 was daar geen gebiedskamp vir die graad 11- en 12-Voortrekkers nie. Willem Petzer het vanaf 1978 op Lunsklip gekamp en in 1989 na Oos-Londen verhuis. In April 1992 het hy en vier Oos-Kaapse offisiere Lunsklip besoek. Ses lede van Despatch se Tierespan het ook saamgegaan, waaronder Ge van Schalkwyk en Charl Meyer. In September 1992 het hulle die eerste keurgroep geword.

Eers was die Selfbehoudkamp net buite die dorp gehou op 'n plaas van 'n goedgesinde boer. In 2004 het dit geskuif na Klein Kaba, die plaas van Marnius en Nelmarie Oosthuysen. Sedertdien het die Kabakamp selfstandig begin optree, onder kampleierskap van Neef Willem Petzer. Hierdie kamp was 'n groot inspirasie vir die Afrikanerjeug van Oos-Kaap. Vandag lok dit ook kinders uit Noord- en Wes-Kaap.

1993

Die Voortrekkers demilitariseer

Die 1993-kongres was die grootste nog met 492 afgevaardigdes, 106 besoekers en 262 kommando's. Dit was ook die eerste keer dat Verkenners afgevaardig is.

Die kongres het met 'n groot meerderheid die nuwe grondwet aangeneem waarin 'n ander grondslag/wese bygevoeg is. Lidmaatskapvereistes is verander en die doelstellings en Voortrekkerkode is herbewoord.

Die Christelik-nasionale grondslag van Die Voortrekkers is vervang met: Die Woord en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.

In die wese is Die Voortrekkers beskryf as 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

Die kongres het besluit om Die Voortrekkers te demilitariseer, die woordjie parade is vervang met seremonie met 'n meer informele aanslag en die militêre saluut is met 'n siviele saluut vervang. Summiere afdwing van militêre dissipline verdwyn.

Die “Hou Koers”-lied

Die Voortrekkers het 'n ope uitnodiging gerig vir 'n nuwe oorspronklike lied. Die lied wat dadelik die oog gevang het, is geskryf deur dr. Ansie du Plessis. Christa Steyn is genader om spesiaal 'n melodie vir hierdie woorde te skep. Toe die Hoofbestuur die resultaat hoor, het hulle besef dat Die Voortrekkers 'n treffer gekry het. Hierdie lied is tydens die openingsaand van die 1993-kongres in Bloemfontein bekend gestel en het onmiddellik algemene byval gevind.

Voorinniekoor

Die Transvaalse Voortrekkers het 'n nasionale kompetisie *Voorinniekoor* bekendgestel om nuwe Afrikaanse liedjies te skep. 'n Plaat met die liedjies is vrygestel.

Jeugvriend 7

Die projek is bekendgestel om voorsiening te maak vir Voortrekkervriende om sewe ure per jaar hulle kundigheid tot beskikking van Die Voortrekkers te stel.

1996

Hou Koers word 'n jaarblad

Weens die stygende drukkostes en dalende getalle, het die Hoofbestuur besluit om die *Hou Koers* as 'n jaarblad uit te gee.

Wildschutsbrand, Wemmershoek

Die kampterrein Wildschutsbrand is gebou met geld wat verkry is met die verkoop van die stuk grond by Wildschutsbrand naby Scarborough aan die Atlantiese seefront. Die rede vir verkoop was die ontstaan van 'n informele nedersetting daar naby en die feit dat die grond nie meer deur Die Voortrekkers as kampterrein gebruik is nie. Die grond is destyds deur die Malherbe-gesin aan Die Voortrekkers geskenk. Die besluit was om die terrein se naam te behou en om 'n gedenkplaat vir die Malherbe-gesin op te sit.

1997

Tom Dreyer word Hoofleier

Tydens die 1997-kongres word Tom Dreyer tot Hoofleier verkies. Kort nadat hy Hoofleier geword het, het Niekie van den Berg, destyds aanbieder van “Sê wie?” op RSG, in 'n radio-onderhoud aan oom Tom gevra om in een sin te sê wat hy in Die Voortrekkers as Hoofleier wil bereik. Niekie was seker ietwat verras toe oom Tom antwoord: “Om ons lede te laat dink.” Onder oom Tom se leiding is Die Voortrekkers se ABC-ideeraamwerk inhoudelik ontwikkel en gevestig as deel van Die Voortrekkers se begroting. Oom Tom se eerste Voortrekkerspore is getrap as



spanoffisier by Stellenbosch-kommando. In 1981 is hy verkies tot agtste kommandoleier van Stellenbosch-kommando en het hierdie rang bekleed tot 1990. Hy word onthou vir sy volgehoue betrokkenheid by die kinders as spanoffisier, selfs toe hy later ander posisies in Die Voortrekkers bekleed het. Tydens oom Tom se termyn as Hoofleier, vanaf 1997 tot 2001, is die moderne blou Voortrekkerdrag geïmplementeer wat vandag nog gedra word. Al was oom Tom slegs een termyn Hoofleier, het hy met 'n positiewe toekomsvisie en deursettingsvermoë strategiese leiding gegee om Die Voortrekkers op so wyse in die werklikhede van die nuwe Suid-Afrika te posisioneer dat dit vandag steeds 'n moderne, relevante en dinamiese jeugbeweging is. In 2013, tydens die HWPV-kamp op

Wemmershoek, het oom Tom sy hoofleiersbaadjie aan die Voortrekkermuseum oorhandig. Hy het die matriek-Voortrekkers geïnspireer met 'n boodskap van toekomshoop en hulle aangemoedig om as jong Afrikaners verantwoordelikheid te neem vir die uitbou van ons taal en kultuur.

Simbolestryd

Na 1994 was daar weerstand by sommige Voortrekkers teenoor die nuwe nasionale simbole. Die voortslepende konflik om die erkenning van die nuwe nasionale simbole het sy hoogtepunt bereik met die Hoofleiersverkiezing van 1997. Theuns de Wet, die Transvaalse gebiedsleier, wat nie die nasionale simbole binne Die Voortrekkers wou erken nie, het te staan gekom teen Tom Dreyer van Stellenbosch. Dreyer het met 'n groot meerderheid gewen teen De Wet. Theuns de Wet het met 'n klein groepie Voortrekkers kort na die kongres weggebreek en 'n eie organisasie, die Afrikaner Kultuurbond gestig. Die Voortrekkers het egter sterker uit die wegbreekaksie gekom en kon sonder interne spanning aandag gee aan die heropbou van die beweging.

1998

Ontstaan van Die Voortrekkers se ABC

Spanoffisiere wat die grondslag, wese en doelstellings aan die kinders moes verduidelik, het na praktiese maniere gesoek om die identiteitsraamwerk bevatlik te verduidelik. 'n Kaapse Penkop- en Drawwertjie-spanoffisier, Nell Smit, het met die blink plan vorendag gekom om die Voortrekkerkode deur middel van die ABC vir kinders te leer. Sy beskryf dit as volg:

“Ek was 'n laerskool onderwyseres en wanneer jy aanbiedings vir die kinders moes voorberei, is altyd van prentjies, stories of sleutelwoorde gebruik gemaak om dit vir die kinders maklik te maak om te onthou. Wanneer jy van daardie tegniek vir jare gebruik gemaak het, bly dit deel van jou. Daarom toe ek by 'n geleentheid besig was met voorbereiding vir die aanbied van 'n kursus vir offisiere, het ek weer teruggeval op een van die drie metodes. Prentjies en stories sou nie werk vir die aanbied van begroning van die Voortrekker se doelstellings nie. Ek het die 10 stellings uitmekaar gehaal en op 'n ander wyse gegroepeer. Deeglik gekyk waaroor elkeen gaan en toe bymekaar gesit wat saam hoort – een groepie oor Godsdiens, een oor die Afrikaner en een oor ons optrede teenoor ander wat saam met ons die land deel. Godsdiens het ek verander na Christen, Afrikaner het ek so behou. Ek was altyd lief om sleutelwoorde te gebruik om dinge te onthou. Ek het 'n woord probeer maak met die C en die A. Skielik tref dit my dat as ek die A voorsit en die derde groep Burgerskap noem en dan die Christenskap laaste plaas, dan het ek die ABC van Die Voortrekkers, maklik om te onthou. Was eers huiwerig omdat Christenskap laaste is, maar laaste beteken hier nie die minste nie, maar die belangrikste.

Deur verder te stoei met die gedagte bring dit my by die sêding in Afrikaans 'om die abc van iets te ken' wat beteken om alles van iets te weet. Ek was tevrede, want deur elkeen van die drie groepies te ken en jou eie te maak, raak jy die kern van Voortrekkerlewe. Ek het dit op die kursus so verduidelik. Dit is goed ontvang. Tom Dreyer was op daardie stadium nog ons Gebiedsleier. Ook hy was beïndruk met die ABC van die Voortrekkers. Toe hy later hoofleier word, het hy die begrip heel dikwels gebruik in toesprake en by kommandobesoeke en in vergaderings."

Die ABC-identiteitsraamwerk is deelgemaak van die alledaagse Voortrekkerspreektaal- en denkwêreld. Byvoeglike naamwoorde soos konsekwente Christenskap, positiewe burgerskap en moderne Afrikanerskap is by die bestaande ABC gevoeg. Kort na 2001 is die ABC in die Sarel Cilliers-saal op Doornkloof op die verhoog aangebring en ook in die Voortrekkersaal op die Voortrekkermonumentterrein. Veral die beeld van moderne Afrikanerskap het die outydse militêre beeld 'n gevoelige hou gegee.

Verkennerkongresse

Die eerste landswye Verkennerkongres word in Bloemfontein aangebied.

1999

Nuwe Voortrekkerdrag

Vanaf 1999 dra alle Voortrekkers die blou drag. Die idee is om die koste so laag as moontlik te hou en kledingstukke te dra wat elke persoon alreeds in sy besit het. In die toekoms word dit ook nie meer 'n uniform genoem nie, maar 'n drag, om sodoende weg te beweeg van die militêre beeld.

Met die koms van die blou drag het die Oskop verskuif na die erkenningsbaadjie en word dit net onder die blou Voortrekkerwapen aan die linkerkant gedra. Gedurende 2006 verander Kaapland se kenteken en is nou die Taalmonument.

Van die begin af was Transvaal se kenteken die Vierkleur, eers op 'n swart agtergrond. Met die koms van die blou drag het die agtergrond verander na beskuitjie-bruin. Gedurende 2006 verander Transvaal se kenteken na die Voortrekkermonument.

2001



In 2001 word PJ Strauss die negende Hoofleier van Die Voortrekkers.

**GEDURENDE 2006 VERANDER
KAAPLAND SE KENTEKEN
NA DIE TAALMONUMENT
EN TRANSVAAL SE
KENTEKEN NA DIE
VOORTREKKERMONUMENT.**

2002

Natal Gebied word 'n Oord onder die bestuur van die Vrystaatse Voortrekkers.

Voortrekkermaatskappy gestig

Die Voortrekkermaatskappy word gestig om die Voortrekkereïendomme te bestuur.

Doelstellings

Die 2005-kongres verwoord die doelstellings as volg:

1. Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit die geloof voortspruit, uit te leef
2. Om gesag te aanvaar en deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe
3. Om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar
4. Om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem wat goed is en daarop te bou vir die toekoms
5. Om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar
6. Om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel
7. En om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.

Kortliks as Die Voortrekkers se ABC opgesom:

- Die kultuur van die Afrikaners wat as kosbare erfenis gewaardeer en behou moet word en voortdurend beoefen en ontwikkel moet word.
- Burgerskap wat elke Voortrekker se verantwoordelikheid en verpligting aan die natuur en teenoor medelandsburgers omsluit.
- Die Bybels-Christelike lewensbeskouing wat steeds die hoeksteen is waarop die hele struktuur van ons beweging rus.

Wêreldfees vir jongmense

In Julie 2005 ontvang Die Voortrekkers 'n uitnodiging van die ANC Jeugliga om saam met hulle en die nasionale jeugkommissie die wêreldfees vir jongmense en studente in Caracas, Venezuela, te gaan bywoon. Die fees is bygewoon deur 20 000 jongmense van regoor die wêreld. Die Voortrekkers is verteenwoordig deur Gustaf Pretorius. Volgens hom het hy die volgende geleer:

- Jongmense wil werklik 'n verskil maak en kan 'n groot impak hê.
- Christen Afrikaners in SA het 'n belangrike rol om te bid vir ons leiers.
- Staatmakers kan 'n rol speel om verhoudinge met ander jeugorganisasies te bou.
- Engels is nie 'n wêreldtaal nie.

Voorslagtoekenning

Die kongres besluit om 'n brons, silwer of goue Voorslagtoekenning te gee aan graad 7-Voortrekkers na afloop van hulle toetsing.

**75-feeskamp**

Die Voortrekkers vier hulle 75ste bestaansjaar met 'n nasionale feeskamp. Van regoor die land en Namibië het alle lede, oudlede, sowel as ondersteuners van Die Voortrekkers by die Voortrekkermonument saamgetrek. Uiteindelik het meer as 6000 Voortrekkers op Monumentkoppie gekamp. Dit was die grootste Voortrekkerkamp in die geskiedenis van die beweging. Wilhelm Herbst het as kampleier gedien.

Verkennerlewe

Die *Verkennerlewe* het in 2006 in 'n koffietafel-formaat verskyn met 'n groter klem op entrepreneurskap, lewensvaardighede en praktiese leierskap.

2009

Grondslag en wese hersien

Die identiteit- en waardegedrewe benadering het nuwe diepte binne Die Voortrekkers gebring. Tydens die 2009-kongres is die grondslag vereenvoudig tot "God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping".

Die wese van Die Voortrekkers is aan die hand van die ABC nuut geformuleer tot "Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat die moderne Afrikaner, in besonder sy jeug, bemagtig om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees."

Die ABC-waardes het ook in Die Voortrekkers se toekomsvisie 2020 neerslag gevind, naamlik "Om 'n beduidende rol te speel in die bemagtiging van jong Afrikaners, om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees." Die 2013-kongres het besluit om die toekomsvisie te verwerklik deur jong moderne Afrikaners as uitnemende leiers te ontwikkel.

ABC-puntestelsel

Kaapland het onder leiding van Chris Human die Orde van die Mier begin omdat hy gevoel het daar was nie 'n erkenningstelsel vir kinders nie. Op soortgelyke wyse het Transvaal die Penningstelsel begin. Gedurende 2002 het Hoofbestuur besluit om die twee stelsels saam te voeg en die ABC-toekenning is in werking gestel.

Sarel Cilliers-museum op Doornkloof word ingewy

Die gedagte van die museum het gedurende 2007 ontstaan, nadat die beriggewing in *Volksblad* begin het oor die verval van die Winburg Voortrekkermuseum en die beskadiging van verskeie historiese items, onder andere Statebybels.

Aan die begin van 2008 het Die Voortrekkers Vrystaat 'n erflating van bykans R7000 ontvang na die dood van mev. Hannatjie Badenhorst. Dit het die weg gebaan vir die begin van die museum.

Na vele frustrerende onderhandelinge is daar op 5 Maart 2009 'n kontrak onderteken tussen Die Voortrekkers Vrystaat (GL Willie Engelbrecht) en die Departement Sport, Kuns en Kultuur (mev. E Nthongoa – die nuwe Hoof) wat 75 historiese items oorplaas na Die Voortrekkers Vrystaat. Op 19 Maart 2009 het Willie Engelbrecht die historiese items ontvang vanaf mej. Marina Nel van die Departement Sport, Kuns en Kultuur. Die historiese gebeurtenis is baie positief ontvang deur die media en berigte van die verskuiwing van die historiese items het verskyn op SAUK TV nuus op 26 April 2009 en 27 April 2009. Beriggewing is ook gedoen op RSG op 27 April 2009.

Die Gebiedsbestuur het in 2009 'n verdere R8500 bewillig en die Sarel Cilliers Museum Projek het in April 2009 begin onder leiding van Willie Engelbrecht. Hierna het vyf maande se harde werk gevolg tot die museum ingewy kon word op 27 September 2009 as deel van die Doornkloof Feesjaar.



Tydens die kongres in Pretoria word dr. Danie Langner verkies as die tiende Hoofleier van Die Voortrekkers. Hy is die jongste Hoofleier in die geskiedenis van Die Voortrekkers en die eerste Presidentsverkenner wat Hoofleier word.

Mnr. Nico Tromp word die eerste Namibiër wat as Hoofbeskermheer aangewys word. Hy was ook die eerste Presidentsverkenner in Namibië.

Die Voortrekkers was op verskeie maniere betrokke by die herdenking van die Bybel 80, Vrouemonument 100 en Groot Trek 175.

Die Voortrekkers was betrokke by die verfilming van die Groot Trek Viertrek dokumentêr wat gedurende 2014 op kykNET vertoon is.

Op Erfenisdag word die Voortrekkerkode volledig oor Monitor (RSG) deur Verkenners gelees.

Die Hoofbestuur het in die lig van die Kongres se besluit die wese uitgebrei om voorsiening te maak vir diensbaarheid. Hierdeur bevestig Die Voortrekkers diensbaarheid as waarde wat vanaf die eerste tree in 1913 deel was van Die Voortrekkers se doen en late.

Doornkloof was in 2014 75 jaar in die besit van Die Voortrekkers Vrystaat. HL Danie Langner onthul 'n gedenkplaat.

Die *Hou Koers* trek 'n nuwe baadjie aan met die e-Hou Koers. Die elektroniese nuusbrieff is aan 48 000 persone gestuur.

DIE VOORTREKKERS IS GEREGISTREER AS 'N OPLEIDINGSINSTANSIE.

Die Voortrekkers is geregistreer as 'n opleidingsinstansie. Die eerste kursus in Avontuurfasilitering is geakkrediteer. Dit is ook die eerste en enigste soortgelyke geakkrediteerde kursus in Afrikaans.

Die NJ van der Merwe-boekfonds is gestig om studerende Voortrekkers te help met die befondsing van universiteitshandboeke.

'n Baie suksesvolle nasionale HWPV-kamp is vir die eerste keer in dekades op Wemmershoek in die Wes-Kaap aangebied. Tydens dié geleentheid het oud-hoofbeskermheer en voormalige president, FW de Klerk, met die matriek-Voortrekkers gepraat oor die belangrikheid van balans tussen eie en veelvoudige identiteit.

Die onafhanklikheid van Namibië, gepaardgaande met die afgelope dekade se ontwikkeling van 'n eie kulturele identiteit onder Namibiese Afrikaners, het meegehelp om die vertrekpunt van veelvoudige burgerskap te vestig wat uitdrukking vind in veelvoudige simbole en liedere. Die Voortrekkers se Hoofbestuur het in 2014 erkenning gegee aan veelvoudige burgerskap deur die Afrika-Unie se vlag en lied-simbole as teken van Afrikaners se verbondenheid aan

Afrika te aanvaar. Dit is nou deel van Die Voortrekkers se vlae- en liederesimbole. Op die Presidentsverkennerkamp is die Afrika-Unie-vlag as deel van Die Voortrekkers se veelvoud van simbole in gebruik geneem. Afrikaners het immers hulself na Afrika vernoem en Afrikaans is 'n taal van die kontinent. Afrikaners het ook in Afrika 'n roeping om as diensbare leiers 'n verskil te maak.

Die Voortrekkers se eie materiaalreeks is ontwerp en bekendgestel. Op die materiaal is gebiedswapens en die woorde van Voortrekkerliedjies gedruk.

2015

Ter herdenking van Afrikaans se 90 jaar as amptelike landstaal word die eerste Taalmonument in Namibië deur die FAK en Die Voortrekkers bekendgestel. Op die monument is die gedig, "Namib", van Ernst Schlengemann. Dit is die eerste Afrikaanse gedig in Namibië.

'n Platform vir aanlyn leer is ontwikkel wat volwasse lede in staat stel om per internet Voortrekkerkursusse te voltooi.

Die Voortrekkers se aanlyn winkel word ontwikkel en staan bekend as die Voriemôl.

2016

Die Voortrekkers se 80-jarige feesvieringe vind landswyd plaas met Jak de Priester wat spesiaal 'n lied geskryf het vir die geleentheid.

Die *Voortrekkers Kook* verskyn met kampe en spanne se geliefkoosde disse.

Die Voortrekkerkindbeeld word op Erfenisdag by die Voortrekkermonument onthul.

2017

'n Nuwe Voortrekkerkode word aanvaar en in gebruik geneem.

Natal word as gebied herstig.

2018

Die Voriemôl word in Pierneefstraat geopen.

5. DIE VERKENNER VERSTAAN HOE DIE VOORTREKKERS FUNKSIONEER.

Hierdie is 'n skematiese voorstelling van die belangrikste elemente in Die Voortrekkers se organisasiestruktuur.

Kongres		
Nasionaal (Goud)	Hoofbestuur	Hoofdagbestuur
Gebied (Silwer)	Gebiedsbestuur	Gebiedsdagbestuur
Oord (Rooi)	Oordbestuur	Oorddagbestuur
Kommando (Blou)	Kommandobestuur	Kommandodagbestuur

Die hoogste gesag in Die Voortrekkers is die **kongres**. Die kongres vergader minstens elke vier jaar. Verteenwoordiging op die kongres word deur Die Voortrekkers se reglemente bepaal. Wanneer die kongres nie in sitting is nie, word die magte en pligte binne Die Voortrekkers aan die **Hoofbestuur** oorgedra.

Die Hoofbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar minstens een keer per jaar. Verteenwoordiging op die Hoofbestuur word bepaal deur Die Voortrekkers se reglemente. Elke Gebied wat binne Die Voortrekkers geregistreer is, het verteenwoordiging op die Hoofbestuur ooreenkomstig die bepaling in die reglemente van Die Voortrekkers. Die Staatmakers het ook verteenwoordiging op die Hoofbestuur soos bepaal in die betrokke reglement. Wanneer die Hoofbestuur nie in sitting is nie, word die magte en pligte binne Die Voortrekkers oorgedra aan die **Hoofdagbestuur**.

'n Dagbestuur bestaan uit die leier (Hoofleier, Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier) en Adjunkleiers (Adjunkhoofleiers, Adjunkgebiedsleiers, Adjunkoordleiers, Adjunkkommandoleiers). Daar is gewoonlik 'n adjunkleier vir finansies en vir administrasie en ander portefeuljes soos daar bepaal word, bv. PD's, Verkenners, Bemarking en Volwasse sake.

Die hoogste gesag in elke gebied is die **Gebiedsraad**. Die Gebiedsraad vergader elke vier jaar op 'n tyd en plek soos deur die Gebiedsbestuur bepaal. Elke Voortrekkerkommando/los veldkornetskaps wat binne die betrokke gebied geregistreer is, het verteenwoordiging op die Gebiedsraad soos wat die reglemente van Die Voortrekkers voorskryf. Die twee Gebiedsjeugleiers van die gebied het ook verteenwoordiging op die Gebiedsraad. Wanneer die Gebiedsraad nie vergader nie, word die werk gedoen deur die Gebiedsbestuur. Die **Gebiedsbestuur** bestaan uit die:

- Gebiedsdagbestuur
- Die Oordleiers in die gebied (die Oordbestuur kan ook 'n Oordagbestuurslid nomineer as sekundus op die Gebiedsbestuur)
- Die Gebiedskakeldraer
- Twee Gebiedsjeugleiers van die betrokke gebied

Die Gebiedsbestuur groepeer al die Voortrekkerkommando's en veldkornetskappe in die gebied in oorde om goed te kan funksioneer. Die Voortrekkerkommando's en veldkornetskappe binne die oord val dan onder die Oordbestuur. Die **Oordbestuur** bestaan uit:

- Die lede van die Oorddagbestuur
- Kommandoleiers in die oord
- Veldkornette of hoofgroepleiers van los veldkornetskappe in die oord
- Oordjeugraadsverteenvoordiger

Wanneer die Oordbestuur nie vergader nie, word die werk gedoen deur die Oorddagbestuur.

Die hoogste gesag in 'n Voortrekkerkommando is die jaarvergadering. Elke Voortrekkerkommando moet ten minste een jaarvergadering per jaar hou. Die **jaarvergadering** bestaan uit:

- Die Kommandodagbestuur
- Die Offisiereraad
- Ouers van jeuglede
- Ander belanghebbendes in die gemeenskap

Wanneer die jaarvergadering nie vergader nie, word die werk gedoen deur die Kommandobestuur. Die **Kommandobestuur** is die gesagsliggaam van 'n Voortrekkerkommando wat verantwoordelik is vir die ordelike verloop en bestuur van alle sake binne die kommando. Die Kommandobestuur vergader minstens een keer per kwartaal. Die Kommandobestuur bestaan uit:

- Die Kommandodagbestuur
- Die Offisiereraad
- Die verkose Heemraadslede
- Die Hoofgroepleier en Groepleiers van die Staatmakers [indien die Voortrekkerkommando Staatmakers het]
- Die Kommandojeugleiers

Wanneer die Kommandobestuur nie vergader nie, word die werk deur die Kommandodagbestuur gedoen. Elke Voortrekkerkommando stel sy eie Kommandoprosedures vir gebruik in die kommando op.

Die rangkentekens van Die Voortrekkers

Nasionaal	Gebied	Oord
Hoofleier 3 goue gekruisde fakkels	Gebiedsleier 3 silwer wiele	Oordleier 3 rooi kompasse
Adjunkhoofleiers 2 goue gekruisde fakkels	Adjunkgebiedsleiers 2 silwer wiele	Adjunkoordleiers 2 rooi kompasse
	Gebiedsjeugleiers 3 kruithorings met silwer omboorsel	Streekleier/Gebiedskampleier 1 rooi kompas
	Adjunkgebiedsjeugleiers 2 kruithorings met silwer omboorsel	

Kommando	Verkenneraad	Staatmakers
Kommandoleier 3 blou kompasse	Spanleiers 2 kruithorings	Hoofskakeldraer 2 silwer wiele
Adjunkkommandoleiers 2 blou kompasse	Adjunkspanleiers 1 kruithoring	Gebiedskakeldraer 3 rooi kompasse
Veldkornette 3 groen kompasse		Adjunkgebiedskakeldraer 2 rooi kompasse
Kommandopredikant 3 groen kompasse		Hoofgroepleier 3 groen kompasse
Kommandodokter 3 groen kompasse		Groepleier 2 groen kompasse
Adjutant/Offisier 2 groen kompasse		Adjungroepleier 1 groen kompas
Kommandojeugleiers 3 kruithorings		

Kleurstelsel van Die Voortrekkers

Getroue diens word beloon deur 'n jukskei vir elke jaar diens tot die vierde en 'n voorjuk vir die vyfde jaar toe te ken. Daarna herhaal die proses hom met verskillende kleure jukke soos hieronder aangetoon. Na 30 jaar herhaal die proses hom met 'n voorjuk in die bepaalde kleur waarop 'n lourierkrans aangebring is.

	Oranje	Groen	Blou	Rooi	Silwer	Goud
Diens: Jukskei	1 jaar	2 jaar	3 jaar	4 jaar		
Diens: Voorjuk	5 jaar	10 jaar	15 jaar	20 jaar	25 jaar	30 jaar
Rangkentekens (Kleur)	PD's	Verkenner Veldkornetskap	Kommando	Oord	Gebied	Nasionaal (Hoofdagbestuur)

Graadwiele - PD's

Wit	Oranje	Groen	Blou	Rooi	Silwer	Goud	
Graad 0 (R) Ontdekker	Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7 Dagbreek Voorslag
							

Graadwiele - Verkenners

Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12 Presidentsverkenner
				

6. DIE VERKENNER DRA AKTIEWE EN FORMELE VOORTREKKERDRAG MET TROTS.

Voortrekkeroffisiere, Staatmakers, Verkenners, Penkoppe en Drawwertjies dra formele en aktiewe Voortrekkerdrag. Heemraadslede mag vrywillig formele en aktiewe Voortrekkerdrag dra, terwyl Voortrekkervriende en Ontdekkers vrywillig aktiewe Voortrekkerdrag kan dra. Die dra van Voortrekkerdrag is na aanvaarding van lidmaatskap verpligtend. Die Voortrekkerdrag kan met verskillende soorte Voortrekkeergeleenthede gedra word.

Formele drag: Inlywingsfunksie, jaarafsluiting, seremonies en spesiale funksies.

Aktiewe drag: Tydens enige geleentheid en kan ook gebruik word om Die Voortrekkers te bemark. Voortrekkerdrag is die identifikasie van 'n Voortrekker en word te alle tye volledig en netjies gedra.

Formele drag

Penkoppe en Drawwertjies

'n Donkerblou, rooi of wit gholfhemp met die Voortrekkerembleem daarop en 'n donkerblou erkenningsbaadjie.

Drawwertjies: 'n Donkerblou langbroek, donkerblou kort- of lang romp, verkieslik van denimmateriaal mag gedra word.

Penkoppe: 'n Donkerblou langbroek, verkieslik van denimmateriaal.

Skoene van eie keuse moet by formele drag gedra word.

Verkenners, Staatmakers, Heemraadslede en Voortrekkeroffisiere

Mans/Verkennerseuns: 'n Wit boordjehemp met 'n effe kleur grys langbroek. Kouse bypassend tot die broek en donker poleerbare skoene. Das word geknoop dat die breë punt net bokant band/gordel van broek hang en smal punt mag nie onder breë punt uithang nie. 'n Voortrekkerlapelwapen as dasspeld is opsioneel. Verkennerseuns dra 'n donkerblou das en 'n donkerblou erkenningsbaadjie.

'n Donkerblou enkel- of dubbelborsbaadjie óf donkerblou erkenningsbaadjie word gedra.

Dames/Verkennerdogters: 'n Wit bloes/hemp met 'n kraag en moue. Die bloes mag met wit borduurwerk versier wees. Verkennerdogters dra ook 'n wit bloes/hemp met 'n kraag en moue, sonder kant of borduurwerk.

'n Donkerblou romp – knielengte of langer – word gedra. 'n Ander snit om figuur te pas, kan ook gedra word. 'n Effe kleur donkerblou langbroek mag ook gedra word.

By formele drag dra dames en Verkennerdogters sykouse in kleure van "Smokey Haze" of "Black Mail". Afhangend van romplengte en snit, mag Verkennerdogters wit sokkies dra. Dames dra donkerblou hofskoene sonder gespes en ander versiersels terwyl Verkennerdogters poleerbare skoene dra.

'n Voortrekkerserp of donkerblou tantinie, verkrygbaar by die Voortrekkerdepot, word gedra. Verkennerdogters kan 'n donkerblou tantinie óf donkerblou serp dra.

Dames dra 'n donkerblou-baadjie (kort- of langmoue) óf 'n donkerblou erkenningsbaadjie. Verkennerdogters dra 'n donkerblou erkenningsbaadjie.

Warmdrag

Enige effe kleurige donkerblou warmdragkledingstuk sonder strepe, wapens, logo's of slagspreuke op kan by formele drag gedra word.

Aktiewe drag

'n Donkerblou, rooi, wit of tweekleurige Voortrekker-gholfhemp. 'n Donkerblou lang-, kort- of driekwartbroek kan gedra word (verkieslik van denimmateriaal). Dogters/dames kan 'n donkerblou romp dra. Kaalvoet of skoene (van eie keuse) mag gedra word. By 'n langbroek moet skoene gedra word. Enige hoofdeksel (hoed) kan na eie keuse gedra word.

Aankope van Voortrekkerdrag

Die Voriemôl is die enigste verskaffer van Voortrekkerdrag, kentekens en drukwerk vir Die Voortrekkers. Die aankooppryse en artikels kan besigtig word by die aanlyn winkel <https://voriemol.voortrekkers.co.za>. Die pryse sluit BTW in. Die Voriemôl is geleë in Pierneefstraat 901, Villieria.

Die winkelure is Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 tot 17:00 en Saterdag vanaf 09:00 tot 13:00. Sondag en vakansiedae is dit gesluit.

Bestellings moet asseblief aanlyn geplaas word of kan direk by die Voriemôl aangekoop word. Met elke aanlyn bestelling kan die koerierkoste ook aangevra word. Bestellings word gekoerier direk nadat die EFT-betaling ontvang is.

7. DIE VERKENNER IS BEWUS VAN VERSKILLENDSE VERKENNERKAMPE.

Daar word gesê "Voortrekkers is om te kamp". Dit is waar, want op kampe vind ons avontuur in die natuur en tussen ander Voortrekkers en beleef ons dinge wat jy op geen ander plek kry nie. In Die Voortrekkers word kampe op verskillende vlakke aangebied:

- Nasionaal – Nasionale feeskampe en die Presidentverkennerkamp
- Gebied – Gebiedskampe vir die spesifieke Gebied
- Oord – Oordkampe vir die spesifieke Oord
- Kommando – Kommandokampe
- Span – Spankampe

Die Voortrekkers het verskeie gebiedskampe, nl. veldkampe, waterwerkkampe, seekampe, woestynkampe (Namibië).

Verkenners mag in enige gebied gaan kamp.

8. DIE VERKENNER IS BEWUS VAN VERSKILLENDSE VERKENNERKENTEKENS.

Verkenners

Afrikaanse Taalgeskiedenis		Boogskiet	
Afrikanerenerfenis		Boomidentifisering	
Afrikanergeskiedenis		Bouwerk	
Afrikanertradisies		Branderry	
Anglo-Boereoorlog		Brandweer	
Berge		Burgerskap	
Bergfietsry		Bybelkennis	

Bonsai		Erfenisbewaring	
Christelike weerbaarheid		Familiekunde (Genealogie)	
Dansvaardighede		Fietsryer	
Dienaar-Leier		Fotografie	
Dorslandtrek		Gelowe	
Ekologie		Gevorderde Boogskiet	
Elektrisiteit		Gevorderde Noodhulp	
Elektronika		Godsdiens vandag	

Grotte		Kampkommunikasie	
Handvaardighede		Kamplewe	
Huishouding		Kampvuurkonsert	
Jag en Wildbeheer		Kerkjaar	
Joernalistiek		Kommunikasie	
Kaart & Satellietkompas		Kuns	
Kamera		Kuswag	
Kampbeveiliging		Leierskapsvaardighede	

Lewensvaardighede		Natuurbewaring	
Lewens- & Besigheidsvaardighede Gr 10		Noodhulp	
Lewens- & Besigheidsvaardighede Gr 11		Nutsman	
Lewens- & Besigheidsvaardighede Gr 12		Oewervernuf	
Manne & vroue uit die Bybel		Omgewingskennis	
Motorbootkunde		Omgewingstudie	
Musiekwaardering		Ondernemerskap/ Entrepreneurskap	
Nasionale Gedenkwaardighede		Padda-identifisering	

Paraatheid		Rotshengel	
Paradewerk		Rotsklim	
Radio-operateur		Ruimte/Tegnologie	
Radioamateur		Ruiterkuns	
Radiospraak		Sang	
Rekenaarkunde		Seekunde	
Riviere		Seeroeikunde	
Roeikunde		Seilkuns	

Seilvernuf		Seremonies	
Seiner		Skoonheid en Sjarme	
Selfbehoud – Land		Snorkelduik	
Selfbehoud – Ruimte		Skubaduik	
Selfbehoud – See		Soutwaterhengel	
Selfbehoud – Water		Spyseniering	
Selfverdediging		Sterrekunde	
Selfverwesenliking		Strandstudie	

Strandvernuf		Veldvernuf	
Touwerk		Veldwagter	
Tradisionele Spele		Verfbal	
Tuinbou		Verfwerk	
Tuisverpleging		Verkeersveiligheid	
Varswaterhengel		Videoredigering	
Varswaterkunde		Vier by Vier (4 x 4)	
Veldstudie		Vierwielmotorfiets	

Vliegkuns



Waardes



Voëlidentifisering



Waterredding



Voetslaner



Waterveiligheid



Volkssdanse



Werktuigkunde



Volkspele



Woestynse



Vuurwapens



Wynkennis



9. DIE VERKENNER KEN EN VERSTAAN DIE VERKENNERBELOFTE

Elke Verkenner verklaar by sy inlywing plegtig:

**“OP MY EER BELOOF EK DAT EK SAL STREWE OM GOD TE EER,
OM MY VOLK, MY LAND EN MY MEDEMENS TE DIEN EN OM DIE
VOORTREKKERKODE NA TE LEEF.”**

Op my eer beloof ek

As 'n Voortrekker sê: “Ek belowe”, gee hy sy erewoord. Dit beteken: hy sit sy goeie naam en reputasie op die spel. Die wyse waarop hy sy belofte nakom, sal wys wat sy eer beteken.

dat ek sal strewe

Strewe beteken “aanhoudend probeer”. Ons weet ons is swak en feilbaar. Ons sal altyd vir onself bly sê: Jy skiet tekort, jy kom nie jou belofte ten volle na nie, jou erewoord getuig teen jou. Daarom bly ons probeer. Ons strewe aanhoudend, elke dag, om te doen wat ons beloof het.

om God te eer

dit bevestig die verbintenis aan ons grondslag

om my volk

dit bevestig die verbintenis aan Afrikanerskap

my land

dit bevestig die verbintenis tot ons land

en my medemens

dit bevestig die verbintenis tot ons naaste

te dien

dit bevestig die verbintenis van diensbaarheid as ons polsslag


en om die Voortrekkerkode na te leef

Deur diensbaarheid aan God, naaste en ons omgewing (kode 1 en 10) word die totale Voortrekkerlewe omarm.



**JY IS NOU GEREED
VIR JOU VOLGENDE
VERKENNERAVONTUUR!**

2 *GROENKOP- VERKENNER*



2 GROENKOP- VERKENNER

Geloofsvaardighede

1. Die Verkenner vier Christelike feesdae.

Sosiale vaardighede

2. Die Verkenner verstaan wat die kernvereistes vir effektiewe kommunikasie is.
3. Die Verkenner staan hul man teen boelies.
4. Die Verkenner kies die regte vriende en groep.

Kulturele vaardighede

5. Die Verkenner ontdek die geskiedenis van Jan van Riebeeck tot by die Groot Trek.
6. Die Verkenner teken sy familiestamboom en vertel sy familiegeskiedenis.
7. Die Verkenner identifiseer helde.
8. Die Verkenner herdenk historiese kultuurdae.

Burgerskapvaardighede

9. Die Verkenner ken basiese ekonomiese begrippe.
10. Die Verkenner verstaan wat beteken paraatheid.
11. Die Verkenner ken die Afrika-Unie en nasionale liederes en simbole.

Voortrekkervaardighede

12. Die Verkenner bied ysbrekers en spanspeletjies aan.
13. Die Verkenner sing Voortrekkerliedjies.
14. Die Verkenner ken die gedragskode in die veld.
15. Die Verkenner kan agt basiese knope knoop en gebruik.
16. Die Verkenner kan basiese noodhulp praktiese toepas.
17. Die Verkenner moet rigting met die son en sterre kan bepaal.

GRAADWIELOPDRAGTE

1. DIE VERKENNER VIER CHRISTELIKE FEESDAE.

Om fees te vier, is 'n wonderlike geleentheid in elke mens se lewe. Dink net, elke verjaarsdag wat jy vier, is 'n fees! 'n Mens behoort verskeie feeste te vier om die wonderlikheid van die lewe te herdenk. Soms vier mens fees omdat jy dankbaar is. Soms vier jy fees omdat jy iets wil herdenk wat vir jou besonders was. Soms vier jy fees omdat jy nie 'n gebeurtenis wil vergeet nie of net aan God eer wil gee! Deur Christelike feesdae vier Christene God se verlossingsplan en bevestig ons identiteit as volgelingen en kinders van Jesus Christus. Regoor die wêreld staan hierdie feeste bekend as God se kalender of die kerklike jaar.


Die kerklike jaar het oor duisende jare ontstaan. Met die verloop van tyd het die weeklikse eendagfees, Sondag (wat die enigste Christelike fees is waarvan ons in die Bybel lees), gelei tot die viering van 'n weeklange "Stil Week" om die kruisiging en opstanding van Christus te herdenk. Mettertyd het die vroeë Christene die veertig dae tot by Hemelvaart, waarin die verskyning van Jesus plaasgevind het hierby gevoeg. Nog later is die tien dae van Hemelvaart tot Pinkster daarby gereken, om so, vyftig dae van Pasce tot Pinkster te kry. So, eers was daar net 'n Paassiklus, later het die Pinkstersiklus bygekome met Hemelvaart, Pinkster en Triniteitssondag. Baie lank na die Paas- en Pinkstersiklus het die Adventsiklus (Kersfees) bygekome.

Die kerkhervormers wou aanvanklik geen feeste behalwe Sondag as opstandingsdag toelaat nie. Martin Luther wou radikaal breek met Joodse tradisies, omdat Christus 'n radikale nuwe orde gebring het! Calvin het ook net in Sondag geglo, hoewel hy ook ander dae begin toelaat het.

Die Protestante het eers in 1618 by die Sinode van Dordt besluit dat hulle voortaan die volgende feesdae gaan vier: Sondag (as opstandingsdag), Goeie Vrydag (sterwe van Jesus), Opstandingsdag en Kersfees (geboortedag). Later is Hemelvaart bygevoeg.

Die Adventsiklus (Kersfees)

Volgens G van der Leeuw het die eerste Christene nie soseer in die datum van Jesus se geboorte belanggestel nie, maar in sy opstanding. Eers in die vierde eeu het die kerk begin om aan Kersfees aandag te gee. Oor die presiese datum wanneer Jesus gebore is, weet ons tot vandag toe nog nie. Verskillende berekenings is gemaak, maar op die einde het die Oosterse Christelike Kerk die sesde Januarie en die Westerse Kerk 25 Desember as Christus se geboortedag gevier. Die jaartal weet ons ook nie regtig nie. Die een navorser beweer dat dit omtrent 3 v.C. en die ander dat dit 4 v.C. moes wees.



Die mees geloofwaardige verklaring oor waar die datum vandaan kom, is dat dit ontstaan het uit die viering van die fees van die songod, Mithras. Die ou Germaanse stamme het baie waarde aan die winter en somer sonwending gegee. Ongeveer 25 Desember het die son al hoe helderder geword. Die Christene wat uit die heidendom gekom het, het die dag verchristelik en dit het die tyd geword wanneer Christene die geboorte van Christus begin herdenk het.

Dit is egter nie belangrik presies wanneer Christus gebore is nie, want ons weet eenvoudig nie. Wat eerder van belang is, is dat ons aan die dag 'n Christelike inhoud gee.

Baie mense wys op die heidense afkoms van Kersfees en wil dan niks daarmee te doen hê nie. Ons moet onthou dat die Christene uit die heidendom baie aanpassingsprobleme gehad het en baie dinge eenvoudig 'n Christelike inhoud gegee het. So het Kersfees 'n Christelike inhoud gekry. Die datum is egter nie so belangrik soos die inhoud nie. Elke Christen kan Kersfees vier wanneer hy wil, maar ter wille van die eenheid van die Kerk regoor die wêreld, is gekies vir 25 Desember.

Ons vier Kersfees vandag oor drie redes:

1. Dit is 'n fees om die geboorte van die Here te herdenk.
2. Dit is 'n jubelfees oor die vreugde en blydskap oor die verlossing wat gekom het (Luk. 2:10).
3. Dit is ook 'n familiefees, want dit is Christus wat ons as familie saambind.

So, al het Kersfees se datum uit die heidendom ontstaan, kom Kersfees (herdenking van Christus se geboorte) en die vreugdevolle viering daarvan uit die Bybel (Luk. 2:10). Dit is elke gelowige se eie keuse om dit saam met Christene te vier en die fees nie gelyksoortig aan die wêreldse of heidense feeste te maak nie.

Christene vier ook die vier Sondae voor Kersfees, nl. Adventtyd. Advent kom van die Latynse woord *adventus* wat koms of aankoms beteken. Die kerk het die tyd waar ons voorberei om die geboorte van Christus te herdenk, Advent genoem. Die oorsprong was heel moontlik in die vyfde eeu in Spanje of Frankryk. Aanvanklik lyk dit of daar 'n behoefte was aan die voorbereiding vir die viering van die koms van die Messias en het hulle die 40 dae voor Paasfees gebruik om 'n tydperk voor Kersfees ook vas te stel. Die getal Sondae voor Kersfees was egter nie altyd dieselfde nie. Dit het gevarieer tussen ses (Milaan), vyf (Gallikaanse liturgie) en vier (Rome) Sondae. Tussen 1073 en 1085 het Gregorius VII die getal Adventsondae vir die kerk op vier Sondae vasgestel.

Die motiewe of bedoeling van die Adventtyd was suiwer om Christene voor te berei op Kersfees. Die bedoeling was dat ons saam met al die gelowiges moes begryp wat die omvang van Christus se liefde is.

Paassiklus (Opstanding)

Paasfees, wat oor die opstanding handel, was aanvanklik saam met die Sondag die enigste siklus wat vroeë gelowiges gevier het. Dit is die een Christelike fees wat 'n Ou-Testamentiese agtergrond het, nl. die pasgafees wat herinner aan Israel se uittoeg uit Egipte en die slag van die lam en die gebruik van sy bloed. (Lees die verhaal in Eksodus.) Die Here Jesus het hierby aangesluit die nag toe Hy verraai is. Dit is ook die nag waar die nagmaal ingestel is wat na sy komende dood verwys het. Na sy opstanding vier Jesus saam met sy dissipels die nuwe Paasmaaltyd (Hand. 10:41). Van toe af sou dit die middelpunt wees van die nuwe verbondsgemeenskap. Die bloed van die paaslam word nie meer op die altaar gesprinkel nie, want dit is op Golgota gesprinkel. Elke Sondag vier Christene die opstanding van die lewende Here.



**DIE BLOED VAN DIE PAASLAM
WORD NIE MEER OP DIE ALTAAR
GESPRINKEL NIE, WANT DIT IS
OP GOLGOTA GESPRINKEL.**

Die vasstelling van die datum het tot groot debatte in die vroeë kerk gelei, totdat die kerkvergadering van Nicea in 300 n.C. 'n datum vasgestel het. Daar is besluit dat Paasfees gevier sal word op die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die dag-en-nagewening van 21 Maart. Die vroegste datum is dus 22 Maart en die laatste datum is 25 April.

Later (600 n.C.) het die behoefte tot voorbereidingstyd vir die kruisiging (Lydenstyd) ook begin posvat. Die Protestante het die 7 weke lydenstyd by die sinode van Dordt in 1618 vasgemaak.

Pinkstersiklus

Die 50 dae van die Opstanding tot Pinkstertyd wys op die afwagting na die uitstorting van die Heilige Gees en die hemelse vreugde wat sou kom.

Die Pinkstersiklus omvat Hemelvaart, Pinkster en die Triniteitsfees.

Na die opstanding is dit 40 dae tot met Hemelvaart, hierna weer 10 dae tot met Pinksterfees wat die uitstorting van die Heilige Gees herdenk.

Hoekom is feeste van die kerkjaar vir Christene belangrik?

- Dit herinner die volgelinge van Christus aan Jesus se lewe en liefdesoffer. Die feeste word jaarliks gevier sodat Christene Jesus se lewe in herinnering kan roep.
- Feeste se doel is om op spesifieke tye aan God eer te bring vir sy genade en liefde.
- Christelike feeste het ook 'n ekumeniese motief. Dit bind Christene uit verskillende kerke regoor die wêreld saam.
- Christelike feeste help gelowiges om 'n geestelike ritme te ontwikkel wat weer geestelike dissipline aanhelp.

Jy kan selfs jou eie feeste skep in lyn met die pad wat jy met die Here gestap het, soos jou doop of belydenisaflegging. Feeste op ons geloofspad is belangrik! Solank Christus sentraal is – kan jy enige fees vier!!!!

Ons grootse fees is natuurlik die fees van die opstanding – Dit vier ons elke dag!

2. DIE VERKENNER VERSTAAN WAT DIE KERNVEREISTES VIR EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE IS.**Wat is kommunikasie?**

Elke mens kommunikeer elke dag deur gesprek, te bel deur middel van selfone, sosiale media, radio's, koerante, gesigsuitdrukkinge, liggaamstaal, handgebare. Die tegnologie help ons om vinniger en makliker te kommunikeer. Kommunikasie is die proses waar senders en ontvangers betrokke is en boodskappe deur 'n medium oorgedra word. Die boodskappe word dan geïnterpreteer. Ons onderskei dus tussen verbale (praat) en nieverbale (liggaam) kommunikasie. Ten spyte van die baie kommunikasiemetodes wat ontstaan, is daar steeds kommunikasiegapings, misverstande, konflik. Die rede is dat mense nie weet hoe om effektief hulle boodskap te kommunikeer nie.



Alles begin by luister


Effektiewe kommunikasie behels dat jy 'n boodskap so oordra dat dit reg verstaan word. Dit is belangrik om te leer hoe om reg te kommunikeer. Baie probleme ontstaan nie as gevolg van 'n gebrek aan kommunikasie nie, maar eerder 'n gebrek aan luister. Jesus verduidelik in Markus 4 deur die gelykenis van die Saaier die verskil tussen hoor en luister. Hoe kom 'n mens agter hoe iemand voel? Jy luister en kyk na die persoon se lyftaal. Om goed te luister, is baie belangriker as om te praat.

Sosiale media en effektiewe kommunikasie

Sosiale media leer ons nie basiese kommunikasietegnieke, soos om oogkontak te maak of te weet hoe om geselsies met ander aan te knoop nie. Facebook leer niemand interpersoonlike vaardighede nie.

Wat sosiale media ook nie vir ons leer nie, is om jou beurt in 'n gesprek af te wag en erkenning te gee vir iemand se bydrae tot die gesprek.

Daar is ook nie ruimte om te oefen om nieverbale kommunikasie soos lyftaal, stemtoon en gesigsuitdrukkings te interpreteer en toepaslik daarop te reageer nie.



Om persoonlik 'n gesprek met iemand aan te knoop, moet jy die ander party se belangstelling identifiseer en jou oomblik reg kies. Jy moet ook besluit hoe naby jy aan die persoon gaan staan, hoe hard of sag jy gaan praat afhangend van of jy op 'n pawiljoen of in 'n biblioteek sit. Dit kan nie deur 'n WhatsApp-gesprek geleer word nie!

Interaksie is nie net sinnetjies oor en weer nie. 'n Mens antwoord nie sonder om daaroor te dink nie. Jy aarsel, dink na oor jou antwoord en redigeer soms jou reaksie. In 'n persoonlike gesprek dra elke woordkeuse gewig. Elke aarseling en verandering in stemtoon, asemhaling en fyn mikro-uitdrukkings spreek boekdele.

WhatsApp-boodskappe is baie keer vol hartjies en presentjies en glimlaggende gesiggies, maar ons weet glad nie hoe om ons gevoelens in 'n persoonlike gesprek uit te druk nie. Sonder emotikons weet ons amper nie meer hoe om die tekens te lees van "hou van" of "hou nie van" nie! 'n Emotikon met 'n stroom trane onder elke oog kan nooit dieselfde boodskap oordra as 'n drukkie wat jy met jou eie lyf gee nie. Persoonlike gesprekke is baie beter as emotikons.



Groepgesprek werk baie beter as 'n "chatroom" ... In 'n gesprek wat jy van aangesig tot aangesig voer, beleef jy ander se woorde, maar ook hulle liefde, respek, ondersteuning, lojaliteit en deernis. Hierdie opregte gevoelens kan maklik op sosiale media vervals word. Wat soos werklike verhoudings voel, is gebaseer op wat elke persoon kies om van hulleself te wys. Maar in persoon onthul ons onbewustelik baie dinge oor onself deur ons lyftaal. Dit maak verhoudings baie ryker as net blote woorde en emotikons.

A green background with various icons: a compass, an ear, a smartphone with a red 'X' over it, a person's head, and several circles.

-
- A cartoon illustration of a person's head and shoulders. The person has light skin, rosy cheeks, and a small smile. They have short, wavy orange hair with a yellow ring or headband. The background is a solid light green.

Wat doen boelies?

Boelies hou daarvan om vir ander mense te lieg om hulle onnosel te laat lyk en hul sin te kry. Hulle doen dit herhaaldelik en steek opsetlik die waarheid weg. Op hierdie wyse skep hulle ook vals hoop, met geen voorneme om dit te verwesenlik nie.

Die verspreiding van kwaadaardige gerugte, skinderstories en insinuasies val ook onder hierdie hoof en berokken diegene wat bedrieg word en ook die samehorigheid in die skool of span baie skade.

Enige tipe boelie hou daarvan om te intimideer ten einde jou minderwaardig en homself meerderwaardig te laat voel. Soms gebruik 'n boelie openlike of bedekte dreigemente en vreeskeppende kommunikasie en gedrag.

'n Ander gunsteling van boelies is om iemand uit te stoot of te ignoreer. Basies ontken dit iemand se waarde en selfs sy bestaan en is niks minder kwaadaardig as om hom te intimideer nie. Dit neem die vorm aan van iemand weg te laat uit partytjies, pouses en skoolaktiwiteite en selektiewe groet en interaksie.

83

deurdat hy al die blaam kry. Die boelie kritiseer ook die slagoffer en sonder ophou, en vind fout met alles wat hy doen. Die boelie neem al die lof vir suksesvolle spanpogings en ander mense se idees en projekteer al die blaam vir mislukkings op sy slagoffers.

Voorts word die slagoffer se menings verkleineer. 'n Minder gebruiklike vorm van boelie is om met die slagoffer se werktoerusting en persoonlike besittings te peuter. Die slagoffer se privaatheid word ook geskend deurdat die boelie hom teister en bekruipe en op hom spioeneer.

Wie word deur boelies geteiken?

Niks is egter verder van die waarheid as die algemene persepsie dat boeliery gewoonlik uitsluitlik gerig is op diegene wat swakker as andere is nie. **Hulle teiken die bestes.**

'n Studie deur die Workplace Bullying Institute en gesprekke met duisende slagoffers het getoon dat boelieteikens gewoonlik nie net die swakste persone in 'n groep is nie, maar meestal slim en onafhanklike kinders wat baie waardevol vir hulle skool en organisasies is.

Die teikens is dikwels gewild, selfversekerd, beskik oor goeie sosiale vaardighede en het 'n hoë emosionele intelligensie.

Boelies is in werklikheid ongelooflik onseker van hulself en hulle hou nie van mense wat onafhanklik en slimmer as hulle is nie en hulle gebruik allerhande subtile en openlike maniere om die teiken, wat hulle as 'n bedreiging beskou, te ondermyn.

Die teikens is dikwels ook fluitjieblasers wat hoogs eties en eerlik is. Dit maak hulle ongewild by sekere kinders en daarom word hulle geboelie.

Boelies gedy ook op onmiddellike mag en smag daarna. Dit is dus logies dat skaam, sagmoedige en stil kinders vir boelies "maklike" teikens is, terwyl die boelie sukkel om moeiliker teikens te hiet en gebied. Sommige boelies word eenvoudig verteer deur haatdraendheid en om te boelie, is dus hul standaardoptrede teenoor almal.

Kwesbare teikens is gewoonlik nie konfronterend nie en reageer nie met aggressiewe gedrag op aggressiewe gedrag nie. Baie keer dink slagoffers hulle kan hulself beskerm deur passief en onderdanig te wees of om gretig die boelie ter wille te wees. Hierdie slagoffers probeer om die boelie te paai en behaag, maar dis vergeefs, want die boelie is steeds 'n onsekere persoon met 'n verborge minderwaardigheidskompleks.

Wat is die gevolge van boelie?

Boelie het 'n drieledige invloed op 'n persoon en beïnvloed sy/haar huislike en persoonlike lewe, gesondheid en geluk.

Vrees vir die boelie begin die persoon se lewe oorheers en sy/haar huislike en privaat lewe ly daaronder. Die persoon se totale ondersteuningsbasis verbreek.

Daarna begin die gesondheidsprobleme. Eet- en drinkgewoontes verander, en dan volg slaaploosheid, gewigsprobleme, knaende moegheid, bloeddruk, spier-, nek-, rug- en ander pyne, stres en depressie.

Asof dit nie genoeg is nie, kalwe die teistering die persoon se entoesiasme weg. Energie en produktiwiteit verdwyn. Die persoon raak vergeetagtig en kan nie meer konsentreer nie.

Die persoon raak negatief, maak meer foute, behaal nie sy/haar doelwitte nie en kom selfs dikwels in die moeilikheid.

Wenke om op te staan teen boelies

Kinders wat oor 'n lang tyd heimlik deur 'n sterker een afgeknou word, is dikwels so vasgevang in 'n web van vrees dat hy nie maklik self die grootmense van die boelie in sy lewe sal vertel nie. Dit is waarom sy maats, broers of susters (as hulle van die afknouery te hore kom) van hul eie vrese moet vergeet en die bullebak moet ontmasker ...

Omdat die slagoffers van boelies egter ongelukkig dikwels te bang is om daaroor te praat, word die afknouery in baie gevalle maande of selfs jare lank in die geheim verduur – tot almal se nadeel. Die hartseer is dat die probleem met die ingryping bes moontlik gou opgelos kon gewees het.

Hier is 'n paar dinge wat jy kan doen as 'n spanmaat, vriend of boetie of sussie by jou kom hulp soek as hulle deur iemand geboelie word, of as jyself geboelie word:



Probeer die afgeknoue kind oortuig om met 'n grootmens daaroor te praat – dit kan 'n onderwyser of die kind se pa of ma wees.




Moedig die kind aan om met jou te praat oor wat die afknouer aan hom doen.



Bied aan om namens hom met 'n grootmens daaroor te praat.



Stel dit duidelik aan die afknouer dat jy nie so bang vir hom is dat jy niks sal doen nie en dat jy vasbeslote is om 'n einde aan sy skrikbewind te help maak.



Betrek soveel mense as moontlik. Probeer veral seker maak dat die onderwysers weet wat aan die gang is – maar, die belangrikste van alles, praat met iemand.

En hier is twee van die dinge wat jy nie moet doen nie:

- Moenie geweld teen die boelie gebruik nie – jy kan dalk op die ou end daarvan beskuldig word dat jy self 'n boelie is.
- Moenie aan die slagoffer sê dat jy nie betrokke wil wees nie en dat hy self die probleem moet hanteer nie – as hy kon, sou hy jou nie gevra het om hom te help nie ...

4. DIE VERKENNER KIES DIE REGTE VRIENDE EN GROEP.

Vriendskappe

Elke mens staan in 'n verhouding met 'n klomp ander mense. Hierdie mense kan jou maats, ouers, onderwysers, mense van ander kulture en van die teenoorgestelde geslag wees. Die belangrikste verhouding is die verhouding met jou Hemelse Vader en met Jesus Christus. Goeie verhoudings word gebou deur respek, vertroue, aanvaarding, liefde en effektiewe kommunikasie.

Kenmerke van goeie vriende

- Vriende betoon wedersydse *respek* vir mekaar.
- Vriende kan mekaar *vertrou* en by tye oor dieper dinge openlik gesels.
- Vriende stel opreg in mekaar *belang*.
- Met 'n vriend kan jy jou bekommernisse en nood deel ... maar ook jou *vreugdes* (sonder om bang te wees dat hy/sy sal dink dat jy spog). In sekere tye beteken dit sorg vir – en dra van – mekaar. Dit beteken dat daar dikwels vreugdevolle gesprekke sal wees, maar ook saamvoel en deel met mekaar in tye van *pyn* en moeilike omstandighede.
- Vriende let doelbewus op die ander se *mooi eienskappe* en bespreek nie hul slegte eienskappe met ander nie. As daar foute of probleme is, hanteer 'n vriend dit op 'n sagte, openhartige, maar mooi manier. Vriende is eerlik en openlik teenoor mekaar, sonder om seer te maak.
- Vriende gee *aanmoediging* en kan bemoedig wanneer nodig. Hulle waardeer mekaar.
- Vriende se *ingesteldheid* teenoor mekaar is belangrik. Vriende gee om vir mekaar en wys dit.
- Vriende gun aan mekaar *bewegingsruimte*.
- Vriende *aanvaar* mekaar onvoorwaardelik.
- Vriende is *lojaal* en *betroubaar* teenoor mekaar.
- Vriende *bou* mekaar en *hou* nie boek van die kwaad nie. Die gees van 1 Korintiërs 13 word ervaar in die vriendskap.

Vriende kan jou opbou, maar kan ook jou lewe opfoeter. In Spreuke 18:24 staan daar: “Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader as 'n broer is.” Dit is dus belangrik om die regte vriende te kies.

Waarhede oor vriendskap:

“MAAK JOU VRIENDELIKHEID GOEDKOOP EN HOU JOU VRIENDSKAP DUUR.”

– CJ Langenhoven

- Vriendskap is nie goedkoop nie en daarom kan jy verwag om slegs 'n paar lojale vriende te hê.
- Vriendskap is 'n keuse. Jy kan kies met wie jy vriende wil wees.
- Vriendskap is 'n gee en neem ding. CJ Langenhoven het 'n baie waar opmerking gemaak toe hy gesê het: “Die ware vriendskap, nou, is nie te koop nie; want vriendskap vind nie sy lus in neem nie, maar in gee. Vriendskap vra dat jy gee, sonder dat dit gemeet word.”
- Vriendskap vra eerlikheid. Praat reguit as iets pla. Sê dit op 'n mooi manier sonder om afbrekend te wees. Moenie opkrop dat dit later tot 'n uitbarsting lei nie. Vriende praat verskille uit.
- Maak tyd vir vriende, nie net op sosiale media nie, maar van aangesig tot aangesig.
- Wys dat jy jou vriende waardeer.
- Vriende vertrou mekaar en praat nie uit nie.

- Vriende is daar in goeie en slegte tye.
- Vriende aanvaar mekaar net soos hulle is.
- Vriendskap vra dat jy luister en opreg belang stel.

Wat is groepsdruk?

Groepsdruk is die manipulasie deur ander mense, veral jou maats, om jou iets te laat doen wat jy self nie noodwendig wil doen nie. Soms is die groepsdruk baie subtiel sodat jy nie eers werklik daarvan bewus is nie! Groepsdruk kan sowel negatief as positief wees. Goeie maats is dié wat 'n positiewe invloed op jou gedrag het.

Dit gaan dikwels by groepsdruk daaroor dat ons moet bepaal wat reg of verkeerd is. As jy self weet wat reg of verkeerd is, sal dit makliker wees om standpunt in te neem. Mense gee toe onder groepsdruk omdat almal 'n behoefte aan liefde en aanvaarding het. Selfvertroue en vertroue in jou Skepper kan jou help met besluite. As jy toegee, word aanvaarding van die groep gesoek.

Hoe kan ek weet of iets reg of verkeerd is

- ☐ Die persoonlike toets – Sal ek, deur dit te doen, 'n beter of 'n slegter mens wees?
- ☐ Die praktiese toets – Sal dit gewenste of ongewenste gevolge hê?
- ☐ Die sosiale toets – Sal dit ander beïnvloed om beter of slegter mense te wees?
- ☐ Die universele toets – Gestel almal doen dit, kan ek anders kies?
- ☐ Die skriftuurlike toets – Word dit beslis in die Woord van God verbied?
- ☐ Die rentmeesterskaptoets – Sal dit 'n vermorsing wees van God se talente wat in my belê is?
- ☐ Die sendingtoets – Sal dit die uitbreiding van God se Koninkryk op aarde aanhelp of verhinder?
- ☐ Die karaktertoets – Sal dit my sedelik sterker of swakker maak?
- ☐ Die publisiteitstoets – Sou ek wou hê my vriende/familie moet daarvan weet?
- ☐ Die gesonde verstandtoets – Weerspieël dit goeie alledaagse gesonde verstand?
- ☐ Die gesinstoets – Sal my ouers dit goedkeur?
- ☐ Die vriendskapstoets – Sal dit in die belang van my maats wees?

5. DIE VERKENNER ONTDEK DIE GESKIEDENIS VAN JAN VAN RIEBEECK TOT BY DIE GROOT TREK.

Hoekom Afrikanergeskiedenis?

In die kerk leer julle Bybelse en geloofsgeskiedenis. Op skool leer ons van internasionale tot Afrikageskiedenis. Ons jeuglede leer ook van ander perspektiewe op bepaalde tye en gebeure. Dit is reg, want verskillende mense en gemeenskappe kyk anders na gebeure. Voortrekkers vertel vanuit 'n Afrikanerperspektief die storie van ons mense. Dit beteken nie dat Afrikaners se perspektief die enigste perspektief op die verlede is nie. Ons erken en respekteer ander mense se verstaan en probeer ook om dit te begryp.

Voortrekkers erken dat ons mense ook foute in die verlede gemaak het. Dit is waar van alle mense, volke en gemeenskappe. Waar foute gemaak is, probeer ons verstaan hoekom dit gebeur het, maar ons fokus nie net op die negatiewe nie. Afrikaners het baie positiewe dinge in ons land en kontinent gedoen.

Ongelukkig het baie van ons die verhaal van Afrikaners vergeet. Daar is baie redes soos dat historiese name van stede en strate verander het, dat erfenisgebiede en -monumente verwaarloos word en nie meer veilig is om te besoek nie, of mense wat om politieke redes geskiedenis herskryf om beleid te regverdig. Dalk is die rede dat baie van ons dink geskiedenis is 'n vervelige vak vol datums en vreemde name.

Die historikus, Hermann Giliomee, vertel hoedat Generaal Jan Smuts in 1949 tydens die opening van die Voortrekkermonument byna lirieks oor Afrikanergeskiedenis geraak het: "Watter jong volk kan op 'n meer romantiese geskiedenis roem, een van meer ingrypende belang? Kleur, insident, tragedie en komedie, nederlaag en oorwinning, vreugde en smart. Ons geskiedenis is van die aangrypendste menslike belang. Daar is nie alleen goud in ons aarde nie, maar nog meer goud in ons geskiedenis."

Ferdi Greyling skryf: "Geskiedenis is net so belangrik soos wiskunde." Hoekom? Geskiedenis help ons om te verstaan waar ons vandaan kom en gee ons insig in eietydse vraagstukke. Geskiedenis is ook die storie van ons mense se spore en bakens in die land en kontinent. In moeilike tye kan ons daarna terugkyk en dit kan ons moed gee vir die toekoms. Nog belangriker, die storie van jou mense is ook jou storie.

- Kulturele onthoustories help jou om te verstaan dat Afrikaners 'n plek in Afrika het.
- Kulturele onthoustories help jou om te verstaan watter bydrae ons Afrikaners in Suid-Afrika en Namibië gelewer het.
- Kulturele onthoustories inspireer deur vorige geslagte se deursettingsvermoë, harde werk, maar veral hul geloofsdapperheid in herinnering te roep.
- Kulturele onthoustories maak ons trots.

Afrikanergesinne se stories is verweef met die Groot Trek, die Tweede Vryheidsoorlog, die Groot depressie, wêreldoorloë, Republiekwording, die Grensoorlog. Deur die geskiedenis ontdek jy die wonder van jou ouma, oupagrootjie, pa of ma se storie.

Eerste spore

Eeue voor Afrikaners hul eerste spore aan die Suidpunt van Afrika getrap het, was hier reeds vele ander spore. Die San, 'n volk van jagters en versamelaars, het reeds sowat 35 000 jaar gelede in die Kaap gewoon. Die Hollanders het na hulle as *bosjemans* verwys wat letterlik "mense wat agter gevlegte takkies woon" beteken. Hul leefwyse was eenvoudig, maar hulle het nogtans indrukwekkende rotsreliëfs, -tekeninge en -skilderye agtergelaat. Die Khoi-Khoi (letterlik "Mense-Mense") was 'n tweede groep mense wat in die Kaap gewoon het. Hulle was 'n volk van skaap- en beestelers.

Bartholomeus Dias was die eerste Europeër wat op 3 Februarie 1488 in Mosselbaai sy voet aan wal gesit en met plaaslike Khoi-Khoi-stamme handel gedryf het. Tydens sy terugreis na Europa het Dias 'n kruis by Kwaaioek opgerig wat vandag die oudste Westerse gedenkteken in Suider-Afrika is. Hy het die Kaap die "Kaap van Storms" genoem, wat deur die Portugese koning herdoop is tot *Cabo da Boa Esperança* ("Kaap die Goeie Hoop").



TAFELBAAI IS IN 1503 DEUR DIE PORTUGEES ANTONIO DA SALDANHA ONTDEK.

Vanaf 1500 het Portugese skepe op pad na Indië gereeld in Mosselbaai aangedoen om vars water, voedsel en ander voorrade te laai. Tafelbaai is in 1503 deur die Portugees Antonio da Saldanha ontdek wat ook die eerste Europeër in die geskiedenis was om Tafelberg te bestyg. Ten spyte van die Kaap se strategiese

ligging het die Portugese geensins daarin belanggestel om hier 'n permanente nedersetting te stig. Daar was ander hawens aan die Afrika-kus soos Lourenço Marques (Maputo) in Mosambiek wat in teëstelling met die Kaap in alle Portugese behoeftes kon voorsien.

Die VOC

In die middel van die sestiende eeu het Spanje sy politieke mag regoor Europa gevestig. Kolonies, soos Suid-Amerika, se rykdomme is geplunder. Spanje wou die Rooms-Katolieke staatsgodsdienst op kleiner volke afforseer. Die Nederlanders het hulle teen die Spaanse oorheersing verset. Die gevolg was 'n 80-jarige oorlog tussen die magtige Spaanse ryk en die klein Nederlandse state. Die Spanjaarde het spottend na hulle verwys as die "*geux de mer*" of geuse. Dit beteken "bedelaars van die see". In 1648 het die Geuse onder leiding van Willem van Oranje die Spaanse juk afgewerp en hul vryheid verwerf. Na afloop van die oorlog het Nederland vinnig ontwikkel tot die wêreld se belangrikste handelsnasie.

In 1602 is die VOC gestig en teen 1650 was dit die wêreld se grootste handelonderneming. Dit kan in vandag se terme vergelyk word met die handelsryke van Henry Ford en Bill Gates. Net in die tydperk 1652 tot 1662 het 250 skepe met 40 200 mense aan boord verby die Kaap na die Ooste geseil. Om dié rede het die VOC besluit om 'n verversingspos aan die Kaap te stig.

Op 6 April 1652, vier jaar na die oorlog, het Johan Anthonisz (Jan) van Riebeeck aan wal gestap om 'n VOC-nedersetting te stig. Van Riebeeck se opdrag was om 'n fort vir sowat 80 mense te bou, klein akkers aan te lê, groente en vrugte te verbou en handel met die inheemse bevolking te dryf. Aanvanklik was Van Riebeeck se fort vierhoekig en deur 'n wal met palissades om beskerm.

In Maart 1653 is die verversingspos vir die eerste keer op die proef gestel. 'n Vloot onder die bevel van admiraal Gerard Demmer het in Maart 1653 by Van Riebeeck se verversingspos aangedoen. Die vloot is van groente, vleis en melk voorsien, en die kolonie se prestasies is deur admiraal Demmer ná sy terugkeer in Nederland geloof. Die landbou-aktiwiteite is geleidelik uitgebou, en reeds in 1659 is die eerste wyndruwe geoes. Die Kaapse bevolking is versterk met die invoer van die eerste slawe in 1658. Saam met die slawebevolking is die Islam-godsdienst aan die Kaap gevestig.



'n Nuwe taal

Die VOC se amptelike taal was Nederlands. Soos die skepe van verskillende lande die VOC-verversingstasie besoek het, is daar spoedig in 'n mengelmoes van tale soos Frans, Engels en Portugees gekommunikeer. Skeepslui het van die plaaslike bevolking se woorde begin opteken. Khoi-woorde soos dagga, boegoe en kerie was al voor 1652 opgeteken en is vandag steeds deel van die woordeskat van Afrikaans. Alhoewel Nederlands die oorheersende taal was, het daar stadig maar seker uit die mengelmoes van tale 'n nuwe taal ontstaan. Hierdie taal is Afrikaans – spontaan vernoem na die Afrika-bodem waaruit dit ontstaan en wortelgeskiet het.

Vryburgers

Die Vryburgers was werkers van die VOC aan wie toestemming verleen is om die VOC se diens te verlaat (dus “vry burgers” te word) en te gaan boer. Sedert 1657 is die eerste plase aan hulle toegeken. Aanvanklik moes die Vryburgers saai en plant wat die VOC voorskryf en die lae pryse van die VOC aanvaar. Reeds in 1658 het die Vryburgers in opstand gekom teen die VOC se ekonomiese voorskriftelike regeerwyse. Die Vryburgers was nie net pioniers wat deur landbou die kontinent moes tem nie, maar ook ekonomiese en politieke pioniers. Hul stryd om ekonomiese vryheid was die voorloper vir die latere stryd vir politieke vryheid. Hier is die eerste grondslag gelê vir Afrikaners se politieke en ekonomiese vryheidsideale.

Die despotiese regering van die VOC het inderwaarheid in skerp teenstelling met die Nederlandse regeerpraktyk gestaan. MCE van Schoor wys dat die Nederlanders in die sestiende en sewentiende eeu politieke en godsdienstige vryhede geniet het soos geen ander volk ter wêreld nie. Die verskil is waarskynlik daaraan te wyte dat die Staten-Generaal aan die VOC die volmag gegee het om handel te dryf, ooreenkomste met vorste en klante te sluit, goewerneurs en regters aan te stel en hul eie verdedigingstelsel te vestig. In praktyk het dit beteken dat die Nederlandse regering nooit sy invloed in die Kaap kon laat geld het nie, omdat die VOC as 'n staat binne 'n staat gefunksioneer het. Dit is ironies dat die nasate van die Geuse wat agt dekades baklei het vir politieke en ekonomiese vryheid, nou self die onderdrukkers van vryheidsideale geword het.

Die ontwikkeling van 'n eg Suid-Afrikaanse identiteit onder die pioniers het ongeveer 40 jaar later sigbaar geword toe vier jongmense op Sondag 6 Maart 1707 met 'n Stellenbosch-meulenaar stry gekry en toe handgemeen geraak het. Landdroos Johannes Starrenburg het ondersoek ingestel en die jongmense met 'n rottang bygedam. Hendrik Biebow, 'n 17-jarige jeugdige, het op die landdroos gekree: *“Ik wil niet loopen, 'k ben een Africaander al slaat die landrost mijn dood, of al setten hij mij in den tronk. Ik sal, nog wil niet swijgen.”* Die landdroos hét hom en die ander in die tronk gegooi, en in 'n brief aan die regering in Kaapstad het hy aanbeveel dat die vier seuns verban word.

Hendrik Biebow se uitroep is om twee redes belangrik:



Eerstens was Hendrik Biebow se openbare verset op Stellenbosch die eerste geleentheid dat daar aangeteken is dat 'n Europeër die naam Afrikaner vir homself gebruik. Die vier seuns is almal in Suid-Afrika gebore, terwyl die amptenare Nederlanders was. Die uitroep dat hy 'n Afrikaner is, staan in die teken dat hy nie die gesag van die Nederlandse landdroos erken nie.



Tweedens staan Biebouw in die teken van die Vryburgers se toenemende ontevredenheid met die outokratiese bestuurstyl en korrupsie van die VOC-amptenare. Verskeie Vryburgers het onder leiding van Adam Tas in die geheim 'n klagskrif aan die Here XVII in Amsterdam gestuur. Nadat goewerneur Van der Stel daarvan te hore kom, word Tas verhoor en vir ongeveer 'n jaar in Die Kasteel aangehou. Die uiteinde was egter 'n oorwinning vir die Vryburgers. Die Kompanjie het ten gunste van die Vryburgers beslis en Willem Adriaan van der Stel, sekondus Samuel Elsevier, landdros Johannes Starrenburg en Petrus Kalden is na Nederland teruggeroep. Frans van der Stel, broer van die goewerneur, is uit die Kaap verban. Dit was die einde van Van der Stel en sy bondgenote se skrikbewind.

Die koms van die Franse Hugenote

Duisende Protestantse Christene is deur die Rooms-Katolieke Kerk vervolgt, gemartel en doodgemaak nadat Koning Lodewyk die Edik van Nantes, wat godsdienstvryheid in Frankryk waarborg, herroep het. Protestante mag ook nie meer vir eredienste bymekaarkom nie, hul kerke is verwoes en hul predikante is verban of doodgemaak. Hierdie gebeure wat duisende kilometers ver in Europa afgespeel het, het 'n blywende invloed op die godsdienstige en ekonomiese ontwikkeling van die Kaapkolonie uitgeoefen.

Tussen 1688 en 1700 het sowat tweehonderd Franse Hugenote uit Frankryk gevlug en aan die Kaap gearriveer. Die meeste Hugenote het hulle in Franschhoek en Drakenstein gevestig. Bekende Hugenote-vanne is Du Plessis, Du Toit, Viljoen, Naude, De Villiers, Malan, Du Preez, Malherbe, Cronjé, Pienaar en Senekal. Gewilde Hugenote-name is Francois, Pierre, Etienne, Jacques en Louis. Die trekleier, Piet Retief, was 'n afstammeling van die Hugenote.

Die Hugenote se vervolging toon watter opoffering geloofsoortuiging kan eis. Hulle koms na die Kaap het 'n nuwe diepte aan die Vryburgers se vryheidstrewende en identiteit gegee. Omrede hulle as Protestante geïntegreer het teen godsdienstonderdrukking, was een van hul grootste nalatenskappe godsdienst- en gewetensvryheid. Die Hugenote het ook blywende spore nagelaat op die Kaapse kultuur, wynbou, argitektuur en ekonomiese ontwikkeling.

Die eerste trekboere

In die loop van die agtiende eeu het 'n steeds groter plattelandse bevolking van boere ontwikkel. Hierdie boere was op soek na nuwe en groter weivelde vir hul vee. Die swerwende boere, bekend as trekboere, met hul groot troppe vee, het gaandeweg die Kolonie se grense na die Oos-Kaap verskuif. Soos wat die Kolonie se grense verskuif het, het hulle in aanraking gekom met die vyandige Xhosa-stamme. Die Groot Visrivier is as die oostelike grens van die Kaapkolonie bepaal, maar reeds in 1779 het die Eerste Grensoorlog tussen die trekboere en die Xhosas uitgebreek vanweë botsings oor grond, weiding en vee. Die VOC was nie in staat om die setlaars teen Xhosa-aanvalle te beskerm nie, met die gevolg dat die trekboere op hulself aangewese was vir eie beskerming.

Vryheidsideaal

Die historikus Pieter Kapp wys daarop dat die Kaapse vryheidsideale saamgeval het met twee ingrypende internasionale gebeure, naamlik die Amerikaanse Vryheidstryd en die Franse Rewolusie.

- Die Amerikaanse vryheidstrewe het die omskepping van 13 Amerikaanse kolonies in 'n federale republiek onafhanklik van Brittanje en Europa tot gevolg gehad.
- Die grusame Franse Rewolusie wat in 1789 uitbreek het, was 'n ingrypende vorm van verset teen onderdrukkende heersers. Vryheid, gelykheid en broederskap het saam met republikeinsdemokrasie, wat burgers se regte waarborg, krete geword wat regoor die wêreld weerklink het.



Die 1795-rebellie in Graaff-Reinet

Aan die Kaap het die internasionale gebeure daartoe gelei dat die aanvanklike behoefte aan ekonomiese vryheid uitgebrei het na 'n strewe om politieke vryheid. Die Kaapse Patriotte-beweging (1778-1787) het aangedring op die VOC se erkenning van die plaaslike burgers se politieke regte.

Die Franse Rewolusie in 1789 het ook die doodsklok vir die VOC gelui. In 1795 het Frankryk Nederland binnegeval en die Prins van Oranje het na Engeland gevlug. In Nederland het die Bataafse Republiek met Franse steun tot stand gekom.

In die Kaap het die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam van die politieke omwenteling gebruik gemaak om in 1795 twee republieke te stig. In Graaff-Reinet het die inwoners vir landdros Maynier verjaag as gevolg van swak plaaslike bestuur en korrupsie. Alhoewel die twee republieke die band met die despotiese en onsimpatieke VOC wou verbreek, wou die burgers hulle nie losmaak van die Nederlandse Staten-Generaal nie. Die twee republieke het kortstondig bestaan tot Brittanje die Kaap die eerste keer beset het.

Britse oorheersing

Aanvanklik sou die Britse besetting net 'n tydelike reëling wees om Britse belange teen Frankryk te beskerm. Die strategiese posisie op die seeroete na die Ooste en die uitbreek van die Napoleontiese oorloë het die Britte genoop om teen 1806 die Kaapkolonie finaal te beset. Die Kaap sou nooit weer Hollands wees nie. Die nuwe Britse bewind het weinig van die ou VOC se bestuurstyl verskil. Om dié rede was die verhouding tussen die Britse besetters en die Kaapse bevolking van die begin af gespanne.

Dit was aan die begin van die negentiende eeu vir koloniale moondhede soos Brittanje ondenkbaar om selfbeskikkingsreg aan enige Britse kolonie toe te staan. Die Britse goewerneur aan die Kaap het sy outokratiese en selfregerende mag behou en kon op eie gesag proklamasies uitreik. Hy was slegs verantwoordelik aan die Britse Sekretaris van Kolonies.

Die Britte het hul taal- en kultuurstempel op alle lewensterreine probeer afdruk deur 'n imperialistiese verengelsingsbeleid. Daarby was die Britse regering in Kaapstad ver verwyderd van die probleme wat die plattelandse boere op die Oosgrens ondervind het. Die verwydering tussen die staat en sy burgers het spoedig aanleiding gegee tot groter vervreemding tussen die inheemse burgers en die staat. Die meeste burgers het soos vreemdelinge in hul eie land begin voel.

Slawerny as ekonomiese praktyk

Slawerny was destyds 'n algemene arbeidspraktyk en die hoeksteen van die wêreld ekonomie. Brittanje het leiding geneem met radikale hervormings wat teen 1834 tot die algehele vrystelling van slawe binne die hele Britse Ryk gelei het.

Ten spyte van die Britse regering se beloftes van vergoeding het die grensboere groot finansiële skade gelei, wat bankrotskappe en skuldprobleme tot gevolg gehad het. Nie die vrystelling van slawe nie, maar die verbreekte beloftes oor vergoeding en die gevolglike finansiële skade was een van die redes van die Groot Trek.

Europese setlaars

As gevolg van die langdurige oorloë in Europa het Europese immigrante reeds tydens die VOC-bewind hulle aan die Kaap gevestig. 'n Paar duisend Duitsers het tussen 1652 en 1795 hulle aan die Kaap gevestig. Die Duitse sendeling Georg Schmidt is in 1737 deur die Morawiese Sendinggenootskap gestuur om die evangelie aan die Khoi-Khoi te verkondig. In 1806 is die naam van die sendingstasie na Genadendal verander. Die Berlynse Sendinggenootskap het ook sendingstasies soos Amandelboom (vandag Williston) gevestig. Na 1800 het ongeveer nog 5000 Duitsers hulle in die Kaap gevestig. Die Britse bewind het die Duitsers veral in die westelike dele van die Kaapkolonie gevestig. Duits-Suidwes-Afrika is in die 1880's as 'n Duitse kolonie gevestig.

Die beëindiging van die Napoleontiese oorloë, tesame met die industriële vooruitgang in Brittanje het 'n ernstige werkloosheidskrisis veroorsaak. Om die probleem te oorbrug, het die Britse regering burgers in hul kolonies hervestig. Britse setlaars is gelok deur aan hulle vrye landbougrond in die Oos-Kaap te belowe. Die setlaars moes help om die Engelse leefwyse aan die Kaap te vestig en terselfdertyd ook die Oos-Kaapse grensgebied teen aanvalle van die Xhosa-stamme te verdedig.

GEDURENDE 1820 HET 4000 BRITSE IMMIGRANTE IN TAFELBAAI AANGEKOM. HULLE IS IN PORT ELIZABETH, GRAHAMSTAD, OOS-LONDEN EN DIE ALBANIE-DISTRIK HERVESTIG.

Goeie verhoudinge

Die lewensomstandighede in die grensgebied was uiters moeilik as gevolg van droogtes, siektes, afstande, misdaad en die voortdurende aanvalle van Xhosa-stamme. Ten spyte van die moeilike omstandighede het die setlaars gewasse soos mielies, rog en gars suksesvol verbou. Skaapteelt en wolvervaardiging wat deur hulle in die gebied ingevoer is, sou gaandeweg tot winsgewende bedrywe ontwikkel. Ander setlaars, wat hulle al in Engeland as handelaars en sakemanne bekwaam het, het 'n hupstoot aan die plaaslike handel en ekonomie gegee en die vinnige groei van nuwe nedersettings soos Grahamstad en Port Elizabeth bevorder.

Die grensbewoners was in die omstandighede afhanklik van mekaar se hulp en ondersteuning. Die Britse setlaars en die Hollandse oosgrensboere het uitstekend oor die weg gekom. Die goeie verhouding word ook later gesien, toe die vrederegter Thomas Phillips as verteenwoordiger van die Britse setlaars 'n Bybel as afskeidsgeskenk aan Jacobus Uys tydens die Groot Trek oorhandig het.

Tot 1795 het die VOC die vrye drukpers aan die Kaap verban. Saam met die koms van die Setlaars het koerante soos die *Grahamstown Journal* ontstaan. Hierdie koerant sou as kommunikasiemiddel 'n belangrike rol speel om die grensbewoners in te lig van internasionale tendense, maar ook aan hulle 'n stem te gee vir eie griewe. Die koerant het van tyd tot tyd berigte in Hollands geplaas en ook Piet Retief se manifes in 1837 gepubliseer.

'n Klein groepie 1820-setlaars het verder noordwaarts na Natal getrek, wat destyds deur Shaka met 'n leër van hoogs opgeleide en gedissiplineerde Zoeloe-krygers geregeer is. Hulle het hulle in Port Natal (Durban) gevestig. Die Voortrekkers sou later weer met hierdie groep in aanraking kom.

6. DIE VERKENNER TEKEN SY FAMILIESTAMBOOM EN VERTEL SY FAMILIEGESKIEDENIS.

Hoekom is familiegeskiedenis belangrik?

Winston Churchill het gesê as jy nie weet waar jy vandaan kom nie, weet jy nie waarheen jy op pad is nie. Elke mens het 'n unieke lewens storie. In jou storie speel nie net mense in jou eie lewe 'n belangrike rol nie, maar ook jou voorgeslagte.

Genealogie is die studie van jou familiestorie. Genealoë gebruik mondelinge tradisies, historiese rekords, genetiese analise, en ander bronne om inligting oor families te bekom. Verwantskappe word dikwels met behulp van stambome en databasisse aangedui.

'n Tipiese genealogiese databasis sal die datum en plek van persone se geboortes, troues en sterftes aanteken.

Stambome word gewoonlik grafies weergegee met lyne wat aandui hoe mense aan mekaar verwant is.

Familiegeskiedenis in die Bybel


In die Bybel kom daar op talle plekke familiestambome en geslagsregisters voor. Die eerste geslagsregister kom reeds in Genesis 5 voor. Die nuwe Testament begin in Matteus 1 met Jesus se geslagsregister.

Afrikaners en geslagsregisters

Die interessante feit is dat Afrikaners die enigste volk ter wêreld is wat 'n volledige genealogie het. Van die Afrikaanse families kan hulle stambome terugtrek tot by die VOC-tydperk. Die oudste bekende geslagsregister in Suid-Afrika is deur Magdalena Christina Marais, 'n gehoorgestremde dame, op 26 Julie 1832 opgestel. Sy was die eerste persoon wat haar stamboom volledig geteken het.

Deur jou stamboom ontdek jy nie net wie jou voorgeslagte was nie, maar ook hulle stories van vasbyt, teleurstelling, val, opstaan. Dit maak jou trots en gee jou moed vir die toekoms.

Om jou eie stamboom saam te stel, vereis dikwels navorsing. Kerke se doop- en huweliksregisters is nuttige hulpbronne. Die doodsertifikaat van 'n persoon kan ook gebruik word om inligting te verkry. Behalwe die staatsargief kan die internet ook gebruik word as navorsingsbron. 'n Baie nuttige program is **MyHeritage.com** wat gratis afgelaai kan word. Hierdie program kan gebruik word om jou stamboom saam te stel. GISA, die Instituut vir Genealogiese Navorsing, in Stellenbosch besit die grootste versameling van Afrikaanse familienamers.



7. DIE VERKENNER IDENTIFISEER HELDE.


NP Van Wyk Louw onderskei tussen “helde van die daad” en “helde van die gees”. Helde van die daad is staatsmanne, krygsmanne en politieke leiers, terwyl helde van die gees skeppende mense is – die skrywers, digters, stryders vir die waarheid. Helde van die daad verrig altyd hul taak in die openbaar, op ’n verhoog, voor die magtige gehoor van die wêreld, terwyl die held van die gees dikwels die eenling is: die wetenskaplike in sy eensaame laboratorium, die skilder in sy ateljee, die skrywer agter sy lessenaar.

Daar is ook ’n derde soort held, naamlik helde van diensbaarheid. Dit is die held wat ons dikwels miskyk, of vanselfsprekend aanvaar. Die ongesiene helde van diensbaarheid is daardie persone in ’n gemeenskap, skool, kerk, Voortrekkerkommando wat moue oprol, agter die skerm baie hard werk en meer doen as wat van hulle verwag word.

’n Held het ’n verskil aan hul konteks en aan ander mense se lewens gemaak. Helde is nie volmaak nie, want hulle is ook maar feilbare en sondige mense. Niemand is volmaak nie. Daarom kan ’n held nooit op ’n troontjie gesit word of soos ’n afgod hanteer word nie. Erkenning aan helde is vir Die Voortrekkers nie mensverering nie. Voortrekkers beskou helde as egte mense, met foute en al, maar erken hulle vir die verskil wat hulle gemaak het. NP van Wyk Louw verwoord dit so: “Dit is sulke heldefigure wat vir ons uit die alledaagsheid en uit die eie tyd en tydgees opruk; dit is hulle wat vir ons leer om nie met die oomblik se goedkeuring tevrede te wees nie, maar om eie prestasie naas die prestasie van die allergrootstes te stel; dit is hulle wat vir ons tegelyk nederig maak en tot groter dinge aanspoor.”

’n Held is met ander woorde iemand wat vir jou ’n inspirasie en ’n kompas is. Iemand wat jou inspireer om groter te droom, meer te wees, jou grense te verskuif.

Dit kan ’n sportster, sanger, digter, krygsman wees of selfs jou oupa, ouma, pa of ma. Dit kan jou Voortrekkeroffisier wees. Almal hoef nie saam te stem oor wie helde is nie. Jou held of helde is jou keuse. Die feit bly, elkeen van ons het ’n held nodig.



8. DIE VERKENNER HERDENK HISTORIESE KULTURDAG.

Historiese kulturdag herinner ons aan belangrike datums en gebeure in ons geskiedenis. Die dag herinner ons dat Afrikaners oor eeue heen diep spore in die land getrap het. Deur die herdenking van die dag huldig ons die bouwerk van ons voorgeslagte, maar terselfdertyd moedig dit ons aan om in ons tyd nuwe spore te trap en nuwe geskiedenis te skryf.

Vrystaatdag, 23 Februarie

Die Vrystaatse Republiek was die eerste staat in Suid-Afrika wat op gereelde basis hul onafhanklikheid gevier het. Op 23 Februarie 1854 is die Bloemfontein-konvensie onderteken waardeur die Vrystaat sy onafhanklikheid verkry het. Reeds in 1856 het die Volksraad dié dag tot openbare vakansiedag verklaar. Die dag is gevier tot die uitbreek van die oorlog in 1899.

Majubadag, 27 Februarie

Op 31 Mei 1882 het die Transvaalse Volksraad besluit dat 27 Februarie 'n openbare feesdag sal wees ter herdenking aan die veldslag toe Piet Joubert die Britse leër by Majuba beslissend verslaan het. Na 1902 is die dag nie weer gevier nie. In 1940 het die Ossewabrandwag die feesterrein aangekoop en 'n paar jaar lank daar feesgevier. Na 1994 word die dag jaarliks deur kultuurorganisasies as simbool van Afrikaners se vryheidstrewe herdenk.

Van Riebeeck-dag, 6 April

Jan van Riebeeck het self 'n besondere waarde aan die datum 6 April geheg. Dit was op die dag wat hy aan wal gestap het nadat hy met drie skepe, naamlik die Drommedaris, Reijger en Goede Hoop by Tafelbaai gearriveer het met die doel om 'n verversingstasie te vestig. Die gebeure is jaarliks herdenk. In 1752 is die dag met 'n erediens gevier. Sedert 1852 het die Kaapse kerk gevra dat die dag as 'n godsdienstige feesdag beskou moet word. Tydens die driehonderdste herdenking van 6 April in 1952 is dit tot openbare vakansiedag verklaar. Na 1994 het Van Riebeeck-dag as vakansiedag verval.

Hugenotefees, 13 April

Die eerste Hugenote het op 13 April 1688 in Tafelbaai aangekom. Alhoewel die dag deur die eeue in herinnering geroep is, was dit nooit erken as 'n amptelike feesdag of openbare vakansiedag nie. Die rede is waarskynlik dat die Afrikaanse gereformeerde kerke Hervormingsfees op die Sondag naaste aan 31 Oktober vier en die huldiging aan die Hugenote se godsdienstige bydrae hierby insluit.

Republiekdag, 31 Mei

Alhoewel Republiekdag eers vanaf 1961 as openbare vakansiedag gevier is, het die datum 31 Mei 'n besondere betekenis in Afrikanergeskiedenis. Die FAK het reeds in 1930 'n beroep op Afrikaners gedoen om die dag as 'n Afrikanerkultuurdag te herdenk. Enkele historiese gebeure wat aan die datum verbind word, is:

- 31 Mei 1902* – Vrede van Vereeniging
- 31 Mei 1910* – Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika
- 31 Mei 1928* – Die Unievlag word die eerste maal gehys
- 31 Mei 1957* – Die Unievlag word as nasionale vlag en die Stem van Suid-Afrika as die volkslied van die land aanvaar
- 31 Mei 1960* – Die vyftigste herdenking van die Unie van Suid-Afrika
- 31 Mei 1961* – Die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika

Afrikaanse

Taaldag, 14 Augustus

Op hierdie dag is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig. Alhoewel die dag nooit as 'n openbare vakansiedag erken is nie, herdenk Afrikaanse kultuurorganisasies gereeld op dié dag die waarde en ontwikkeling van Afrikaans.

Bybeldag, 27 Augustus

Dit is die dag waarop die Afrikaanse Bybel amptelik in 1933 bekendgestel is. Die Afrikaanse kerke en kultuurorganisasies herdenk die geleentheid gewoonlik op die Sondag naaste aan 27 Augustus.

Heldedag, 10 Oktober

Die dag staan ook bekend as Krugerdag, aangesien dit President Kruger se verjaarsdag was. Op die dag huldig ons al ons Afrikanerhelde.

Geloftedag, 16 Desember

Sedert 1838 het Afrikaners plek-plek 16 Desember as 'n dankdag onderhou. Die Uniegrondwet van 1910 het 16 Desember as 'n openbare vakansiedag verklaar. Eers na die 1914-Rebellie is die dag landswyd herdenk. Geloftedag of Dingaansdag soos dit destyds bekend was, het 'n belangrike rol begin speel in die kulturele opbou van die Afrikaner. Na 1994 is die dag se naam verander na Versoeningsdag. Afrikaners vier landswyd in groot getalle steeds Geloftedag. Die fokus val op die eer van die Here wat ons roep om die fakkel op elke lewensterrein tot eer van Sy naam te laat brand.

9. DIE VERKENNER KEN BASIESE EKONOMIESE BEGRIPE.

Bruto Binnelandse Produk (BBP)

Definisie: Die waarde van alle finale goedere en dienste wat geproduseer word binne die grense van 'n land binne 'n bepaalde periode.

Inflasie

Definisie: Die gemiddelde styging in pryse van goedere en dienste in die land. Net soos met die BBP vergelyk ons ook pryse van jaar tot jaar en gebruik die sogenaamde Verbruikersprysindeks (VPI).

Rentekoerse

Definisie: Die prys wat betaal moet word as jy geld leen, of die prys wat die bank jou betaal as jy geld daar bêre, uitgedruk as 'n persentasie.

Wisselkoers

Definisie: Die koers waarteen een land se geldeenheid verruil word vir 'n ander land s'n. Anders gestel, die prys van een monetêre eenheid (die rand) in terme van 'n ander monetêre eenheid (die dollar).

Bruto Binnelandse Produk (BBP)

- Hierdie berekening word gewoonlik kwartaalliks of jaarliks gedoen op 'n seleksie van goedere en dienste wat as verteenwoordigend gesien word van die land en sy ekonomiese aktiwiteite.
- Die syfer word dan vergelyk met die vorige verwante BBP wat bepaal is (hetsy vorige kwartaal of jaar) en die verskil word as persentasie uitgedruk van die vorige waarde. 'n Tipiese nuusberig sal lui: "De BBP het op 'n jaargrondslag met 3,6% toegeneem."
- As die totale produksie se waarde dus met 3,6% toegeneem het, sê ons sommer die ekonomie het met 3,6% gegroei in 'n jaar se tyd.
- Die groei in Suid-Afrika het in die laaste tyd kwaai afgeneem as gevolg van politieke en ander redes.

Inflasie

- Verskillende produkte het verskillende gewigte in die berekening, afhangend van hoe belangrik elke produk in die verbruiker se mandjie van goedere is. Kos sal byvoorbeeld 'n groot gewig hê en luukse goed 'n kleiner gewig. Jy kan ook jou eie inflasiekoers uitwerk deur te kyk hoeveel styg die pryse van al die goed wat jy koop.
- Inflasie is 'n faktor wat ekonomiese welvaart kan strem, want as items vinniger duurder word as wat ons salarisse styg, raak ons in wese armer. Afgetredenes se pensioene bly dikwels dieselfde terwyl kospryse styg. Dan verarm hulle.
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het 'n inflasieteiken van tussen 3 en 6% per jaar wat beteken hulle wil nie hê dat die VPI met meer as 6% per jaar moet styg nie. Wanneer dit onder 3% is sal hulle gewoonlik die ekonomie probeer stimuleer om vinniger te groei.
- Inflasie word ook deur die repokoers beïnvloed. Dit word in die volgende paragraaf verduidelik.

Rentekoerse

- Die basis van alle rentekoerse is die repokoers: Dit is die koers waarteen die SARB geld aan banke en soortgelyke finansiële instellings uitleen.
- Ons as publiek kan nie geld direk by die Reserwebank leen nie. Die SARB is die "bank" van die handelsbanke (soos ABSA, FNB, Nedbank), ander finansiële instellings en die regering.
- Handelsbanke is besighede wat probeer wins maak. Daarom sit hulle 'n addisionele kerf by die repokoers en leen aan ons uit teen 'n hoër koers. Die beste koers wat ons kan kry, is gewoonlik die "prima uitleenkoers".
- 'n 50 basispunteverlaging in die repokoers sou beteken dat jou pa 0,50% minder rente gaan betaal op julle huislening, voertuie, kredietkaarte, ens. 'n Halfpersent het ook 'n groot invloed op ons land se wisselkoers.

Wisselkoers

- As die rand verhandel teen R 12,80 vir een Amerikaanse dollar, beteken dit dat as ons Amerika toe gaan vir vakansie moet ons R 12,80 betaal vir elke dollar wat ons koop.
- Die rentekoers beïnvloed ook die wisselkoers, maar die verhouding is nie so eenvoudig nie. Gewoonlik versterk die Rand as ons rentekoerse hoër is as ander lande s'n.

10. DIE VERKENNER VERSTAAN WAT BETEKEN PARAATHEID.

Die woord paraatheid kom van die Latynse woord *paratus* wat beteken "om gereed te wees". Soos ons dit vandag gebruik, beteken paraatheid "om altyd voorbereid te wees vir enigiets wat mag gebeur". Vir Verkenners beteken dit in die besonder om altyd gereed te wees vir enige gevaar wat mag opduik en om diens aan jou volk en medemens te lewer. Daarom staan daar in Die Voortrekkers se Paraatheidskenteken dat ons altyd gereed moet wees om in 'n noodsituasie diens te lewer. Dus moet jy altyd op jou hoede wees en bereid wees om in enige omstandighede vir jou medemens van diens en hulp te wees en waar nodig jouself te kan beskerm.

Ons paraatheid word gemotiveer uit die Christelike beginsels van ons godsdiens. Oordink die volgende punte:

- Ons weet dat God alles wat op die aarde en in die hemelruim is, geskape het, onder andere ook al die plante, diere en mense. Hy het dit alles in die sorg van die mens geplaas om daarvoor te heers (besluite daarvoor te neem), dit te bewerk en op te pas. (Lees Gen. 1:1-31 en Gen. 2:15.)

- God is die oorsprong of begin van alle lewe op die aarde. Daarom is lewe vir Hom kosbaar. Hoe misvorm, vermink of ongewens dit ook mag wees. 'n Verkenner moet onthou dat elke mens net een lewe het en dat alle lewe beskerm en bewaar moet word. Ons is daarom altyd gereed om lewe te beskerm. (Lees Gen. 1:26, Gen. 9:5, Matt. 16:26, Ef. 4:24 en Kol. 3:10.)
- Ons het die verantwoordelikheid om lewe, die gesin en eiendom te beskerm en vrede te bewaar.
- Paraatheid is daar om vrede te bewaar. Jou fisiese paraatheid beteken dat wanneer jy vir fisiese beskerming verantwoordelik is, jy so sal optree dat vrede eerste gestel word en nie geweld of oorlog nie. Fisiese paraatheid is nodig as 'n afskrikmiddel om lewe te behou en vrede te bewaar. (Lees Rom. 12:17 en verder aan; kyk ook na die optrede van Dawid in 1 Sam. 24 en 26.)
- Paraatheid is om altyd gereed te wees om lewens te probeer bewaar en te beskerm, ongeag wie die medemens, dier of plant is. (Lees die oproep om hulp in Ps. 94:16 en die daad van hulp in Spr. 24:11.)
- Paraatheid is om altyd gereed te wees om jou huisgesin te eniger tyd en in alle omstandighede by te staan in hartseer, te help in 'n noodsituasie en te beskerm teen gevaar op geestelike (geloofsvertroue), verstandelike (kennis), emosionele (gevoel van veiligheid) en liggaamlike (fiks en gesond) gebied. Meer nog, jy moet ook gereed wees om die huisgesin van jou vriende en medemens te beskerm. (Lees Gen. 42:19 en 33, Ps. 68:7, Spr. 31:15, 1 Tim. 5:3-9. Kyk ook in verband met dié wat honger is en dié wat te veel eet in 1 Kor. 11:21 en 22.)
- Paraatheid is om altyd voorbereid te wees om verantwoordelikheid te aanvaar vir die eiendom wat in ons sorg geplaas is. God is die Eienaar van alles wat Hy geskep het. (Lees Ps. 24, Ps. 50:9-12 en 1 Kor. 10:26.) Hy het bepaal dat ons as getroue rentmeesters oor die hulpbronne van Sy skepping sorgsaam mag heers en dit bewaar. (Lees Heb. 2:5 en verder, Ps. 248.) Ons privaat eiendom en familiebesittings is die vrugte van eerlike harde werk en moet deur eerlikheid, spaarsamigheid en skeppingsvermoë beskerm word teen roof, plunder, diefstal en besetting. (Lees oor privaat eiendom in Spr. 12:24 en 24:3 en 4, oor spaarsamigheid in Spr. 13:11, 21:17 en 22:7, oor arbeidsaamheid in Spr. 6:6, 10:4, 12:11 en 24, en oor belegging in Matt. 25:27.)

11. DIE VERKENNER KEN DIE AFRIKA-UNIE EN NASIONALE LIEDERE EN SIMBOLE.

SUID-AFRIKA

Die nasionale lied

Die verslag van die Nasionale Simbolekommissie wat gedurende Oktober 1993 vrygestel is, het 'n aanbeveling bevat dat beide “Die Stem van Suid-Afrika” en “Nkosi Sikelel' iAfrika”, wat reeds lank 'n nie-amptelike nasionale lied vir baie Suid-Afrikaners was, tot nasionale liedere van die Republiek van Suid-Afrika verklaar word. Hierdie aanbeveling is op 15 Maart 1994 deur die Uitvoerende Oorgangsraad aanvaar en op dié se aanbeveling het die destydse staatspresident dit op 20 April 1994 bevestig.

Vir drie jaar, vanaf 1994 tot 1997, is gepoog om beide “Die Stem van Suid-Afrika” en “Nkosi Sikelel' iAfrika” as nasionale liedere te gebruik. Om praktiese redes, soos byvoorbeeld die lengte van die twee liedere, is 'n kommissie saamgestel om 'n kragtiger, korter nasionale lied daar te stel. Sedert Oktober 1997 is die nasionale lied van Suid-Afrika in die Staatskoerant geproklameer as die enigste nasionale lied. Dit bevat elemente van beide “Die Stem van Suid-Afrika” en “Nkosi Sikelel' iAfrika”, en is geskryf in vyf van die land se elf amptelike tale.



Die landswapen

'n Landswapen of staatseembleem is die amptelike simbool van die staat. Dink 'n bietjie na oor die belangrike gebeurtenisse in jou lewe – geboorte-, huwelik-, dood- en skoolsertifikate, jou paspoort – hierdie dinge word onderskryf deur die landswapen. Die kleinste muntstuk het dit op albei kante. In die buiteland beteken 'n muurplaat van die landswapen teen die ambassade 'n tuiste weg van die huis.

Die landswapen is ook 'n sentrale deel van die Grootseël wat tradisioneel as die hoogste embleem van die Staat geag word. Onvoorwaardelike magtiging word aan elke dokument gegee wat die Grootseël dra, want dit beteken dat die dokument deur die president van Suid-Afrika goedgekeur is.

Die landswapen wat op 27 April 2000 in gebruik geneem is, vervang die een wat Suid-Afrika sedert 17 September 1910 gebruik het. Die verandering weerspieël die regering se doelwit om die demokratiese veranderinge en 'n nuwe patriotisme in Suid-Afrika te beklemtoon.

Die ontwerp van die landswapen

Die landswapen bestaan uit 'n reeks elemente wat ingedeel is in twee bepaalde sirkels wat bo-op mekaar geplaas is.



1 Die onderste sirkel

Die eerste element is die leuse in 'n groen halvesirkel. Twee simmetries geplaaste olifanttande wat opwaarts wys, voltooi die halvesirkel. Binne die sirkel, gevorm deur die tande, is twee simmetriese koringare wat weer 'n sentraal geplaaste goue skild omraam.

Die vorm van die skild verwys na die drom, en bevat twee mensfigure uit Khoisan-rotskuns. Die figure wys na mekaar met 'n groetgebaar en eensgesindheid.

Bo die skild is 'n spies en knopkierie geplaas, gekruis in 'n enkele eenheid. Hierdie elemente is in harmonie gerangskik om op die skild te fokus en voltooi die onderste sirkel van die wapen.

2 Die sirkel van Opkoms

Net bo die sirkel van fondasie is die visuele middelpunt van die landswapen, 'n protea. Die kroonblare vorm 'n driehoekige patroon wat herinner aan die kunsvlyt van Afrika.

Die sekretarisvoël is bo die protea geplaas en die blom vorm die bors van die voël. Die sekretarisvoël staan met uitgestrekte vlerke in 'n koninklike en opstaande gebaar.

Die kombinasie van die boonste en onderste sirkels kruis om 'n ongebroke, oneindige baan te vorm en die harmonie tussen die basiese elemente lei tot 'n dinamiese, elegante en unieke ontwerp.

3 Die leuse

Die leuse, *!ke e: /xarra //ke*, is geskryf in die Khoisan-taal van die /Xam mense en beteken letterlik: *diverse mense verenig*. Dit spreek elke individuele poging aan om die eenheid tussen denke en aksie in te span. Dit vra die nasie om te verenig in 'n gevoel van samehorigheid en nasionale trots – *Eenheid in Verskeidenheid*.

4 Die koringare

Dit is 'n embleem van vrugbaarheid en simboliseer ook die idee van ontkieming, groei en die ontwikkeling van enige potensiaal. Dit hou verband met die voeding van die mense en dui dus op die landbou-aspekte van die grond.

5 *Olifanttande*

Olifante simboliseer wysheid, krag, standvastigheid, matigheid en ewigheid.

6 *Die skild*

Dit dui op die weerspieëling van identiteit en geestelike verweer. Dit is die primêre simbool van ons nasie.

7 *Die mensfigure*

Die figure is afkomstig van beelde van die Lintonrots, 'n wêreldberoemde voorbeeld van Suid-Afrikaanse rotskuns en word ten toon gestel in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Die Khoisan, die oudste bekende inwoners van ons land, getuig van ons gesamentlike menslikheid en herkoms as Suid-Afrikaners. Die figure wat mekaar groet, verteenwoordig die begin van die individu se groei tot 'n gevoel van samehorigheid met sy nasie en die mensdom.

8 *Die spies en knopkierie*

Dit simboliseer verdediging en gesag. Dit verteenwoordig ook die bene van die sekretarisvoël. Die spies en knopkierie simboliseer vrede, omdat dit as wapens neergelê is.

Die sirkel van Opkoms

9 *Die protea*

Die protea is 'n embleem van skoonheid in ons land en die opbloeï van die potensiaal as 'n nasie op soek na die Afrika Renaissance. Die protea simboliseer die integrasie van kragte wat groei uit die grond en van bo versorg word. Die gewildste kleure van Afrika word aan die protea toegewys – groen, goud, rooi en swart. As Voortrekkers glo ons dat God Drie-enig vir alles sorg.

10 *Die sekretarisvoël*

Die sekretarisvoël word voorgestel in vlug. Dit simboliseer groei en spoed. Die sekretarisvoël se bene (wat as die spies en knopkierie voorgestel word) word gebruik in sy jag van slange en simboliseer die beskerming van die nasie teen sy vyande. Volgens oorlewering is dit 'n boodskapper van die hemele en weerspieël dit grasie op aarde. In hierdie sin is dit 'n simbool van goddelike statigheid. Die uitgestrekte vlerke is 'n simbool van die opkoms van ons nasie en dui terselfdertyd op beskerming. Die goue kleur koppel dit aan die son en gesag.

11 *Die opkomende son*

Dit simboliseer helderheid, prag en energie. Dit simboliseer die belofte van 'n nuwe begin, kennis, goeie oordeel en wiskrag. Dit is die bron van lewe, lig en die heelheid van die mensdom.

Die struktuur van die landswaapen kombineer die onderste en boonste sirkels in 'n simbool van oneindigheid.

Die nasionale vlag

- Datum van ingebruikneming: **27 April 1994**
- Die rissierooi, wit en blou kom reeds vanaf ons vroegste geskiedenis in die vlage van ons land voor; terwyl die groen, swart en goud voorgekom het in die vlage van die negentiende eeu.
- Die sentrale ontwerp in die vorm van 'n Y wat vanaf die vlagpaal strek en in die middel van die vlag byeenkom, kan gesien word as 'n simboliese ineenkakeling van verskeie strome in die Suid-Afrikaanse samelewing, wat saam die pad vorentoe aandurf.



DIE SENTRALE ONTWERP IS IN DIE VORM VAN 'N Y.

Ons kyk nou in meer besonderhede na die samestelling van die vlag. In Artikel 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 200 van 1993) word drie nasionale simbole gespesifiseer, naamlik die nasionale vlag, die nasionale lied en die nasionale wapen wat ook in die Grootseël van die Republiek van Suid-Afrika opgeneem is. Teen die einde van 1993 toe die nuwe Grondwet aanvaar is, was die kwessie van 'n nuwe nasionale vlag nog nie gefinaliseer nie. Op advies van die destydse Uitvoerende Oorgangsraad het die destydse staatspresident op 20 April 1994 'n proklamasie uitgevaardig waarin die nuwe landsvlag in 'n bylae tot die Grondwet beskryf word.

Die nasionale vlag word soos volg geteken:

Samestelling van die Suid-Afrikaanse landsvlag

1. 'n Reghoek met die verhouding van 3 in die lengte tot 2 in die hoogte (15 cm x 10 cm of 18 cm x 12 cm is gerieflike groottes)
2. Gebruik 'n potlood om die reghoek in 3 ewe breë horisontale bane te verdeel.
3. Verbind die 4 hoeke met 'n skuins kruis.
4. Trek aan weerskante van die skuins kruis, wat die middellyn uitmaak, parallelle lyne waarvan die afstand tussenin gelykstaande aan een derde vlaghoogte is. Verbind die betrokke lyne soos aangedui.
5. Binne die Y-vormige vlak wat vanaf die hoeke by die vlagpaal tot die buitekant van die wapperkant strek, word 'n reeks parallelle lyne, waarvan die afstand tussenin gelykstaande aan een vyfde die vlaghoogte is, nou aangebring. Verbind die betrokke lyne soos aangedui en vee die oorblywende potloodlyne uit.
6. Kleur die vlakke, soos aangedui in.

Die kleure van die nasionale vlag het geen heraldiese simboliek nie.

Vertoon van die nasionale vlag:

Wanneer die nasionale vlag saam met-

- a. enige ander vlase tegelyk vertoon word, moet dit eerste gehys en laaste gestryk word;
- b. die nasionale vlase van ander state vertoon word, moet al die vlase ongeveer dieselfde grootte en ewe hoog vertoon word, en moet die nasionale vlag van die betrokke land aan die regterkant van die gebou of verhoog vertoon word (dit wil sê aan die linkerkant van die toeskouers);
- c. enige ander vlase, behalwe ander nasionale vlase, aan aparte vlagpale vertoon word, moet die nasionale vlag in die middel of aan die linkerkant van die toeskouers of aan die hoogste punt van die groep geplaas word;
- d. enige ander vlase op een vlagpaal vertoon word, moet dit aan die toppunt vertoon word;
- e. enige ander vlag aan gekruisde pale vertoon word, moet die nasionale vlag aan die toeskouers se linkerkant wees en sy paal moet voor dié van die ander vlag geplaas word;
- f. 'n ander vlag of ander vlase in 'n optog gedra word, moet die nasionale vlag aan die regterkant van die optog wees (dit wil sê aan die linkerkant van die toeskouers). Indien daar 'n ry vlase is, geld die bepalings van c hierbo.

Respek vir die nasionale vlag

Die nasionale vlag moet te alle tye gerespekteer en met eerbied behandel word.

Die vlag mag nie:

- aan die vloer of grond raak nie;
- as tafelkleed gebruik word of teen 'n verhoog gedrapeer word nie;
- gebruik word om 'n standbeeld te bedek of as drapering by hoeksteenleggings, onthullings of soortgelyke geleenthede nie;
- gebruik word om enige kompetisies, wedrenne of soortgelyke geleenthede te begin of eindig nie.

Ander nasionale simbole van Suid-Afrika

Die nasionale dier: die springbok

Die dier wat selfs sy naam aan Suid-Afrika se rugbytrots gegee het, was vroeër die volopste van alle Suid-Afrikaanse boksoorte. Nou is daar maar min oor, hoofsaaklik as gevolg van die springbok se lekker vleis (en natuurlik biltong).

Die springbok is 'n besonder sierlike bok en albei geslagte het horings, hoewel dié van die ramme dikker en growwer is. Die bok is nagenoeg 75 cm hoog en weeg sowat 40 kg. Die rooierige bruin van die rug word deur 'n donker streep van die suiwer wit onderkant onderskei. Tipies van hierdie spesie is die "pronk" (springerige vertoon) waarvan hy ook sy naam gekry het.

Springbokke is tropdiere wat in die winter in klein troppe beweeg, maar dikwels in die somer in groter getalle saamtrop.

Die nasionale blom: die koningsprotea

Die koningsprotea word ook die reuse-protea genoem. Dit kom wydverspreid in die suidelike en suidwestelike dele van die Wes-Kaap voor en in die Oos-Kaap tot net oos van Grahamstad.

Die *Proteaceae*, 'n verstommende groep van sowat 370 bekende spesies, kry juis hul naam van die god Proteus in die Griekse mitologie wat verskillende vorms sou kon aanneem soos dit hom behaag het.

Die indrukwekkende blomkoppe van die koningsprotea is die grootste in die protea-genus en kan tot 30 cm in deursnee wees. Aan die buitekant is talle stywe, gepunte, smal skutblare wat dit 'n kelkvorm gee. Die onderste helfte van die skutblare is roomkleurig of geel en raak helderpienk of fluweelrooi in die boonste helfte. Binne-in die kelk is 'n massa van wit meeldrade wat almal na die middel toe neig.

Die nasionale boom: die geelhout

Geelhout, waarvan sulke voortreflike meubels gemaak word, was die feitlik vanselfsprekende keuse toe daar tot 'n nasionale boom vir Suid-Afrika besluit moes word. Dit word immers reeds eeue lank plaaslik benut. Dit was byvoorbeeld die belangrikste timmerhout van die eerste Europese pioniers aan die Kaap en is onder meer vir die bou van huise en waens gebruik.

Geelhoutbome groei oor 'n breë gebied – van die Soutpansberge en Blouberge van Limpopo suidwaarts deur die klowe van die Drakensberge en teen die Suid-Afrikaanse suidkus langs tot op Tafelberg in die Kaap. Dit kom ook in die tropiese Oos- en Wes-Afrika voor tot by Tanzanië en die Kameroen.

Die geelhout, 'n stadige groeier, is 'n manjifieke boom met 'n massiewe stam en wydgestrekte kroon. Die waardevolle hout is liggeel met 'n gladde grein.

Die nasionale voël: die bloukraanvoël

Hy kom slegs in Suidelike Afrika in die vrye natuur voor en veral in sekere van ons natuurstreke is hy in sy element: op die kort grasvelde en geploegde landerye van veral die Wes- en Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Noord-Vrystaat en Gauteng. 'n Klein bevolking woon ook op die Etoshapanne in Namibië.

Die elegante, ligte blougrys, voël met sy knopkieriekop en lang biesierige bene is sowat 'n meter hoog. Die voëls wei dikwels saam-saam in pare of as klein familie-groepe, en die wyfies lê hulle eiers sommerso in die oopte, baie keer naby water.

Kraanvoëls is goeie voorbeelde van moderne ouers. Albei geslagte help met die bou van 'n nes, asook die uitbroei en grootmaak van kleintjies. Die eiers broei binne 33 dae uit. Die kleintjies kan eers ná drie maande vlieg, en hul ouers versorg hulle byna 'n jaar lank voordat hulle vir hulself kan sorg.

Ongelukkig is ons uitsonderlike bloukraan baie hoog op die lys van voëls wat beskerming nodig het.

Die nasionale vis: die galjoen

Vir die Nederlanders van die sestiende en sewentiende eeu was 'n galjoen 'n groot seilskip met verskeie dekke, 'n hoë boord en skerp voorstewe wat deur die Spanjaarde gebruik is en wat hulle 'n *galeon* genoem het.

Vandag ken ons die galjoen eintlik nog net as 'n vis – 'n stompvormige seevis wat van een tot sowat vyf kilogram weeg en gewild is by hengelaars. Die galjoen se skubbe sit ferm aan die lyf.


Die galjoen kom slegs in die see aan die kus van Suid-Afrika voor. Hy hou meestal in vlak water en word dikwels in ruwe branding (woelige en skuimende golwe aan die seestrand) gevind.

NAMIBIË

Die nasionale lied

Die naam van die nasionale lied van Namibië is "Namibia Land of the Brave". Axali Doeseb was die koorleier van die Kalahari Desert-groep en is met onafhanklikheidswording in 1990 gevra om die Nasionale lied te skryf en te komponeer. Die lied is in 1991 aanvaar en amptelik in gebruik geneem.

Die nasionale lied verteenwoordig die geskiedenis van Namibië en sy mense. Dit beskryf die wil om te oorleef ten spyte van moeilike omstandighede, maar bowenal liefde vir die land en nasie. Dit herinner die Namibiërs daaraan om nooit hulle verlede te vergeet nie, maar om te strewe na nasionale eenheid.



Namibiese landswapen

Die landswapen verteenwoordig Namibië en sy mense. Verskeie nasionale simbole word verteenwoordig in die landswapen:

- Die nasionale vlag word op die skild herhaal en het dieselfde simboliek as die vlag. Die skild is stewig geanker in die sand van die eeu oue Namibwoestyn.
- Die twee diere en die plant word simbolies gebruik op die landswapen:
 - Die visarend het 'n duidelik herkenbare roep en uitstekende visie en is dus die simbool vir die oproep vir eenheid en visie vir die land se leiers.
 - Die gemsbok is inheems aan ons semi-woestyn landskap en bekend vir sy durf, elegansie en trots .
 - Die Welwitschia Mirabilis, stewig geanker in die woestynsand, is een van die wêreld se oudste plante en dus 'n unieke woestynplant wat veg vir oorlewing en is daarom die simbool van die nasie se krag en deursettingsvermoë en sal heel waarskynlik toekomstige generasies oorleef.
- Die tradisionele patroon op die dekkleed simboliseer die belangrikheid van diamante en ander mynbou vir die land.



Die leuse "Eenheid, vryheid en geregtigheid" hou die beginsels in die Namibiese grondwet in ere.

Die nasionale vlag

Die nasionale vlag is 'n simbool van die land se stryd om nasionale eenheid. Die vlag simboliseer vrede, eenheid en loyaliteit aan Namibië.

Die vlag het 'n rooi baan wat diagonaal oor die vlag van onder teen die vlagpaal tot bo weg van die vlagpaal strek. Die bokant van die vlag word gevul met 'n blou vlak wat met 'n dun wit baan van die rooi baan geskei is. Die onderkant van die vlag



word gevul met 'n groen vlak wat met 'n soortgelyke dun wit baan van die rooi baan geskei word. In die middel van die blou vlak is 'n goue son met twaalf driehoekige sonstrale. Die sonstrale word van die goue middel geskei deur 'n blou ring.

- Die son simboliseer lewe en energie. Die kleur goud verteenwoordig warmte van die Namibiese son sowel as die kleur van die goue grasvlaktes van die Namibwoestyn.
- Blou simboliseer die helder skoon Namibiese hemel, die Atlantiese Oseaan, ons maritieme bronne, ons kosbare waterbronne en die belangrikheid van reën.
- Rooi verteenwoordig die Namibiese mense, hulle heldhaftigheid en hulle vasberadenheid om 'n toekoms met gelyke geleenthede vir almal te bou.
- Wit verwys na vrede en eenheid.
- Groen verteenwoordig Namibië se plantegroei en landbouhulpbronne.

Ander nasionale simbole van Namibië

Welwitschia

**DIE GEMIDDELDE PLANT
WORD TUSSEN 500 EN
600 JAAR OUD GESKAT.**

Welwitschia bestaan uit 'n kort, vet stam, waaruit slegs twee blare groei, en 'n lang dik penwortel. Die plant groei uiters stadig: die gekombineerde reënval van 1 tot 100 mm per jaar plus die kondensasie van mis wat gelyk is aan 50 mm per jaar, is onvoldoende vir die plant se oorlewing en die ekstra water word verkry uit ondergrondse waterbronne en strome.

Dit is moeilik om die ouderdom van die plante vas te stel, maar hulle kan moontlik meer as 1 000 jaar leef. Die gemiddelde plant word tussen 500 en 600 jaar oud geskat, alhoewel daar sommige plante is wat dalk meer as 2 000 jaar oud is.

Alhoewel die plante as bedreigd beskou word as gevolg van hul baie stadige groeitempo, kom daar steeds 'n redelike aantal eksemplare in die natuur voor.

Visarend

Die visarend (*Haliaeetus vocifer*) is 'n groot roofvoël met 'n wit kop en bors met 'n bruin pens en hoofvlerke. Hierdie arend het swart en bruin ondervlerke en 'n wit stert.

Gemsbok

Die gemsbok (*Oryx gazella*) is 'n groot wildsbok wat in die dor, waterlose gebiede van Afrika aangetref word. Volwasse gemsbokke het 'n gemiddelde massa van 200 kg en 'n hoogte van ongeveer 120 cm. Die bul het reguit horings wat 'n "V" op sy kop vorm en tot 122 cm lank kan word.

Afrika-unie (AU)

Die Afrika-unie (AU), met meer as vyftig lidstate, is 'n tussenregeringsorganisasie waarin feitlik al die state in Afrika en sy eilande verteenwoordig is. Die alliansie is nie so heg soos dié van die Europese Unie nie en dit vorm nie 'n enkele ekonomiese entiteit soos die EU nie.

Die liggaam beywer hom vir die ekonomiese, maatskaplike en selfs staatkundige integrasie van die vasteland van Afrika. Sy doel is om volhoubare groei te bevorder, armoede uit te wis en Afrika se assimilasie in die wêreld ekonomie aan te moedig.

Die Afrika-unie beywer hom ook vir vrede. Hy streef daarna om onmin tussen Afrikalande by te lê en om politieke, ekonomiese, kulturele, wetenskaplike en mediese beleidsrigtings en verdedigingsake te koördineer. Goeie regering en demokrasie word aangeprys.

Die AU, wat in 2002 gestig is, se hoofkantoor is in Addis Abeba, die hoofstad van Ethiopië, waar sy voorganger, die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE), ook gesetel was.

Die Pan-Afrikaanse Parlement is in Midrand, Suid-Afrika. Hierdie liggaam bespreek sake wat Afrika in die breë raak en doen aanbevelings aan die staatshoofde van die AU. Die parlamentslede is verteenwoordigers wat uit die vyf streke van Afrika benoem is.

Afrika-unie vlag



As burgers van Afrika wat ons volk en ons taal na die kontinent vernoem het, erken Die Voortrekkers die Afrika-Unie vlag as een van ons simbole.

Die vlag bestaan uit 'n groen agtergrond wat hoop simboliseer. Die 53 goue sterre simboliseer die lidlande, waaronder Suid-Afrika en Namibië. Suid-Soedan het in 2011 die 54ste lid geword en Marokko in 2012 die 55ste lid van die Afrika-unie.

Die leuse van die Afrika-unie is *“'n Verenigde en sterk Afrika”*.

12. DIE VERKENNER BIED YSBREKERS EN SPANSPELETJIES AAN.

Hoekom speel Voortrekkers?

Daar is baie speletjies beskikbaar vir jou selfoon of rekenaar. Sommige speletjies is opvoedkundig, maar die meeste speletjies is skop en skiet speletjies wat jy alleen kan speel. Hierdie speletjies is sonder humor, pret en vriende. Selfs spansport soos rugby, hokkie en netbal is vandag erg kompetierend en sukses word gemeet aan wen of verloor.

Jy het seker al gesien hoe lekker klein kindertjies met mekaar speel al ken hulle mekaar skaars. Soms speel hulle sonder dat hulle met mekaar gesels en soms lyk dit of hulle nie eers van mekaar bewus is nie! Hierdie spelery gaan voort in een of ander vorm, van jou kleuterdae tot jy eendag 'n volwassene is (selfs volwassenes speel!).

In Die Voortrekkers het speletjies 'n ander doel.

Speletjies is lekker. Jy lag saam met jou maats. Dit bou spangees. Dit kan op enige plek gespeel word – in die spankamer, op die Voortrekkerterrein, om die kampvuur, in die veld.

Die speletjies help ons om sekere lewensvaardighede aan te leer en te oefen wat ons nodig het om as volwassenes in die samelewing te funksioneer.

Dit is lekker oefening! Party speletjies oefen jou nie net op 'n liggaamlike vlak nie, dit stimuleer ook jou brein en gee jou kreatiwiteit 'n lekker hupstoot.

Deur te speel, leer jy baie van menslike verhoudings, samewerking in spanne, konflikhantering en ander sosiale vaardighede waaroor ons eendag moet beskik in die wêreld van 'n volwassene.

Een van die voordele waarvan jy skaars bewus is terwyl jy speel, is om 'n bepaalde dissipline te handhaaf deur die spelreëls na te volg.

Deur speletjies aan te bied leer jy om:

- leiding te neem deur jou speletjies, soos die oordra van die spelreëls.
- te oordeel of jou speletjies gepas vir die ouderdom en geslag van jou spelers.
- te oordeel of die terrein en weersomstandighede geskik is vir jou speletjies.
- die verantwoordelikheid te neem deur te sorg dat jy die regte apparaat en hulpmiddels het vir jou speletjies.
- te sorg dat jy die nodige hulp wat beskikbaar is te organiseer en te beheer.

Voortrekkerspeletjies sluit niemand uit nie. Dit is vir almal. In 1954 skryf Nig Sterretjie: "Daar is die skaam kind en die voorbarige kind; die stadige kind en die lewendige kind; die eensame en verstote kind; die knap kind vir wie alles reg kom. Deur middel van speletjies moet almal van hulle reageer op die prikkels van die spel. Dit is hoor en sien en oplet en doen. Dit is waarneem, 'n oordeel vorm, uitvoer. Dit is opstaan as jy geval het; dit is vinnig padgee en planne maak. Dit is uithou en aanhou. Ook sjuut, wag-'n-bietjie, kontrole en selfbeheer. Dit is wilskrag en daadkrag. Dit is balans en regverdigheid."

"DIT IS LAG. DIT IS WAG. DIT IS MEEDEEL. DIT IS GEHEIMHOU. DIT IS SAAMDOEN. DIT IS HELP. DIT IS BEWEGING. DIT IS GROEI. DIT IS DIE LEWE!"

Watter soorte speletjies kry ons?

Daar is natuurlik 'n groot hoeveelheid speletjies wat jy kan aanbied – elkeen met sy eie uitkomst en doelwitte.

Voortrekkers het speletjies vir spanbyeenkomste, kampe, groot groepe, om werk te leer en sommer net speletjies vir geniet. Voortrekkerlewe sonder speletjies is ondenkbaar.

- Ysbrekers, Kenmekaarspeletjies, Opkickers, Uittelrumpyies
- Bordspeletjies byvoorbeeld slangetjies en leertjies
- Balsopeletjies byvoorbeeld bok-in-die-hok
- Binnenshuise speletjies of spele vir 'n groot binnenshuise area (saal) soos warmpatat en hokkie ('n balsopeletjie met twee koerante en 'n kous)
- Buitenshuise speletjies
- Klipspeletjies soos klippieskool, gat-gat en bolkrans
- Sangspeletjies soos musiekvasvrae (noot vir noot) en "musical chairs"
- Boeresportspeletjies soos sak- en driebeenresies
- Tradisionele speletjies soos blikaspaai en "Wolf, wolf, hoe laat is dit?"
- Woorde- of getallesspeletjies soos "Ek gaan met vakansie"
- Raaispeletjies byvoorbeeld geluide-raai en hoe ruik dit?
- Speletjies waarin knope en vaswoele gemaak moet word, byvoorbeeld knoepkrieket
- Krag-speletjies (individueel), byvoorbeeld armdruk of hoenderhaanskop of krag-speletjies (in spanne), byvoorbeeld toutrek
- Bewegingspeletjies (pare), byvoorbeeld derdemannetjie en boompie-verplant
- Kaartspeletjies soos "Donkie" en "Snap"



Dan is daar nog Groepspeletjies, Tradisionele speletjies, Boeresport, Bewegingspeletjies, Ballonspeletjies, Balspeletjies, Waterspeletjies, Slimspeletjies, Skryf- en tekenspeletjies, Eenminuut speletjies, Uitdaagspeletjies, Kampvuurspeletjies en Kampvuurkonserte.

Kom ons speel

Ysbrekers

Dit is 'n aktiwiteit of speletjie wat gebruik word om mense op hulle gemak en ontspanne te kry. Dit word veral aan die begin gebruik vir 'n groep wat mekaar nie ken nie.

'n Paar ysbrekerspeletjies is die volgende:

Het jy al ooit ...?

Persone staan in 'n kring en tree na die middel en gee vir mekaar 'n "high five" as dit van toepassing is: Het jy al ooit ... (Voorbeelde)



- 'n hoë berg geklim?
- in die Drakensberge gestap?
- vir langer as 'n jaar oorsee gebly?
- karaoke gesing?
- kaal geswem?
- nie vir 5 dae gestort of gebad nie?
- perd gery?
- 'n maaltyd vir meer as 20 persone voorberei?
- valskerm gespring?

Die son skyn op almal ...

Rangskik stoele in 'n kring. Elke persoon sit op 'n stoel, behalwe een persoon wat in die middel staan (die leier).

Die leier roep dan "Die son skyn op almal wat Voortrekkerhemde aan het". Alle persone wat Voortrekkerhemde aan het, moet opstaan en op 'n ander stoel gaan sit. Die leier probeer ook op 'n stoel sit. Die persoon wat dan nie 'n stoel kry nie, is dan in die middel en die leier.

Die leier kan enige iets uitroep ... "Die son skyn op almal wat denims aan het". 'n Persoon wat nie opstaan as hy/sy moet nie, moet in die middel wees.

Die speletjie kan gevaarlik wees as persone hardloop en ander stamp om by 'n stoel uit te kom!

Wat kies jy?

'n Persoon moet een van die twee kies.
 Spelleier lees en die persoon kies.
 Elkeen kry 'n beurt om te antwoord.
 Sal jy eerder ...



- *Brokkoli of blomkool eet?*
- *Onsigbaar wees of gedagtes lees?*
- *'n Slang of rot aanhou?*
- *'n Appel of piesang eet?*
- *Sonder rekenaar of sonder televisie wees?*
- *Nie sien nie of nie hoor nie?*
- *Die toekoms voorspel of die verlede verander?*

Koerant-legkaart

Verdeel die groep in spanne van ongeveer vyf persone. Gee aan elke span 'n kopie van dieselfde koerant.

Beskryf 'n spesifieke advertensie, artikel, feit of foto. Die groep moet dit dan in die koerant vind, uitskeur en bring. Die eerste span wat dit (advertensie, artikel, feit of foto) bring, kry 'n punt.

Hou aan om items uit te roep totdat daar nie veel meer van die koerant oor is nie.



Die span wat wen, is die span met die meeste punte.

Kou die dropstring (liquorice)!

Hierdie speletjie moet net met vrywilligers gespeel word. Verduidelik die speletjie en vra vir vrywilliges wat wil deelneem. Kies so ses pare (seuns en meisies). Jy benodig een lang dropstring vir elke paar.

Die pare staan teenoor mekaar en ontvang een string drop. Elke een van die pare plaas een kant van die dropstring in hulle mond. Op die teken, begin hulle kou. Die paar wat wen, is die paar wat eerste in die middel is.

Rug aan rug

Verdeel die groep in pare. Laat elke paar rug aan rug sit, voete uitgestrek na vore en arms ingehak. Die taak is om gelyktydig op te staan. As almal dit reggekry het, maak dan 'n groep van vier met dieselfde taak. Die groep kan dan verder uitgebrei word na ses, as die groepe van vier lede dit reggekry het. Hou so aan om die groepe groter te maak, totdat die hele groep (indien nie te groot is nie) gelyktydig moet opstaan.

Kaarthuis

Deel die groep in spanne en gee vir elke span 'n pak kaarte. Hulle moet dan probeer om die hoogste huis van kaarte te bou. Die span wat se huis die hoogste is, is die wenner.

Vir 'n variasie kan dieselfde tipe opdrag gegee word, maar die groep moet kyk wie die hoogste toring met hulle skoene of sandale kan bou. Slegs die groep se skoene of sandale mag gebruik word. Die groep mag nie veters of toue gebruik nie. Die groep met die hoogste toring is die wenner.

13. DIE VERKENNER SING VOORTREKKERLIEDJIES.

Hoekom sing Die Voortrekkers?

"Sang is net so deel van Voortrekkerlewe as wat sonlig deel is van Suid -Afrika." Dit is die woorde waarmee die 1981-Voortrekkersangbundel sy buiging om die Voortrekkerkampvuur maak. Voortrekkers sonder sang is ondenkbaar.

Die heel eerste Voortrekkersangbundel het in Junie 1948, kort na die Tweede Wêreldoorlog verskyn. Naas die FAK-Sangbundel wat in 1937 verskyn het, is dit die eerste Afrikaanse jeugsangbundel wat deur 'n kultuurorganisasie saamgestel is.

Geslagte Voortrekkers het met geliefde Voortrekkerliedjies soos "Om 'n kampvuur in die bosveld", "Tortelduifie", "Sawens om die vuurtjie" grootgeword. Dit is liedere wat vandag steeds oraloor op Voortrekkerkampe gehoor word.

Hoofleiers soos CF Visser en Bennie Badenhorst het 'n reusebydrae gelewer om nuwe liedere te ontwikkel. CF Visser se "Ken jy die land?", "Land van die Vaders" (ook bekend as "Dierbaar Suid-Afrika") en "O Boereplaas" is later ook in die FAK-Sangbundel opgeneem. Van Bennie Badenhorst se bekendste liedere wat vandag steeds gesing word, is: "Voortrekkers stoere voorgeslag", "Nimmer gaan 'n nasie onder", asook "Sawens om die vuurtjie". Die eerste Voortrekkersangbundel se gewildheid word gesien in die feit dat 25 000 sangbundels verkoop is en dat dit telkens herdruk is.

Eers in 1965 is Die Voortrekkersangbundel hersien om voorsiening te maak vir Psalms en Gesange wat gereeld op Voortrekkerkampe gesing word. Dit is ook 'n interessante feit dat "Nkosi Sikelel' iAfrika" in die Sangbundel opgeneem is. Die weergawe van "Nkosi Sikelel' iAfrika" is weer in dié uitgawe opgeneem.

Na die verskyning van die nuwe FAK-Sangbundel in 1979, word die Voortrekkersangbundel in 1981 'n derde keer hersien. Nuwe FAK-liedjies is bygevoeg en die bekende Voortrekkerliedjies is heringedeel, asook verbeter wat inhoud, betekenis, taalgebruik en singbaarheid betref.

Gedurende die laat-tagtigerjare het Die Voortrekkers deur middel van die Voorinniekoor-projek bekende Afrikaanse kunstenaars soos Janita Claassen, Carike Keuzenkamp, Jan de Wet, Johan Stemmet, Christa Steyn, Francois en Elizabeth Fourie en vele meer genooi om nuwe Afrikaanse liedere te ontwikkel. Dit het gelei tot 'n splinternuwe Sangbundel in 1993, *Kom sing saam met die Voortrekkers*. Die Voortrekkers se gewilde "Hou Koers"-lied deur Ansie du Plessis en Christa Steyn het uit die projek ontstaan.

Tydens die 85-fees in 2016 het Jak de Priester 'n "Sporelied" vir Die Voortrekkers geskryf. Hierdie lied is uitgesaai op RSG en feitlik elke Afrikaanse gemeenskapsradiostasie. In verskeie musiekprogramme was die lied 'n toptreffer. Jak het ook die "Sporelied" op sy nuutste album geplaas. Die lied is deel van die nuwe Voortrekkersangbundel.

Tydens die 2017-kongres is *#VoortrekkersKAN LEKKER SING* bekendgestel. Met die sangbundel in die hand KAN ons Voortrekkers weer lekker sing om die kampvuur, in die bosveld en langs die koffiekant.

In die Voortrekkersangbundel of die Voortrekkerwebblad is daar nog Voortrekkerliedjies om saam met jou maats om die kampvuur te sing.

HOU KOERS LIED

As die lente oor die velde in 'n asemgroen ontwaak,
leer en speel ons in ons eie, word die toekoms oopgemaak.
om die kampvuur; in die stiltes, weef ons drome in die wind,
strek ons uit na horisonne; sal die hoop ons saam verbind.

As die son se môreklanke saggies in my oor kom lê,
kies my voete wandelpaaie, weet ek wat my siel wil hê.
Oor die vlaktes, deur die ruimtes, lê my spore ankervas,
volg ek bly my volk se roetes met geloof se klein kompas.

As die somer in sy glorie my op tenger halms rig,
reik my hand in diepe ootmoed na die sekel van my plig.
Erf my kennis, leef my vreugde, volg die sterre in hul baan,
voel die polsslag van die lewe, loof die Bron van ons bestaan.

Refrein

Hou koers! Hou koers!
Deel die liefde vir ons land.
Hou koers! Hou koers!
Pluk die toekoms, vat my hand.

VERKENNERTYD IS UITSPRINGTYD

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Wes-Indies

Verkenner tyd is uitspring tyd
leer ken die wêreld wyd en syd.
Die jare gaan so snel verby:
wat hou die toekoms in vir my?

Refrein

Bring my rugsak en stewels
Gee my my stapstok aan.
Sien jy die pad oor die heuwels?
Dis waar ek heen gaan.
Vriend, kom jy saam?
Kom ons gaan klim na die kruine:
anderkant die rante wag die res van die lewe.

'n Mens moet werk en mens moet sweet,
om eers te leer wat hy moet weet;
sy eie koers moet elkeen baan:
wie weet waarlangs my pad nog gaan?

Refrein

En kom ek ooit weer eendag tuis,
dan wink nog steeds die Suiderkruis;
die verre einders lok my aan:
wie kan die trek se drang weerstaan?

Refrein

SPORELIED

Teks en melodie: Jak de Priester

Ons spore lê ver oor die land
Tot oor die see se witste sand
Ons vure sal steeds helder brand
Ons vier ons vryheid in ons land

My mooiste drome reis alweer
Na bosveld nagte en donderweer
Dit bring ons vreugde vir die jaar;
Dit leer ons liefde vir mekaar.

Refrein

Want ons harte is hier in die veld
Waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
Maak ons nuwe spore
Voortrekkerspore

Ons spore lê ver oor die land
Ons maak 'n kampvuur selfs in die sand
En ons almal bou 'n hegte band.
Ons vorm die toekoms van ons land

Refrein

Want ons harte is hier in die veld
Waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
Maak ons nuwe spore
Voortrekkerspore

Brug

Ons wil ons harte vir jou wys;
Ons is diensbaar hier en in elke huis.
Elke dag maak ons spore
Nuwe spore

Refrein

Want ons harte is hier in die veld
 Waar die doringbome groei en strome vloei.
 Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
 Want ons harte is hier in die veld
 Waar die doringbome groei en strome vloei.
 Elke dag en elke nag bring nuwe krag
 Maak ons nuwe spore voortrekkerspoore... X2

AS DIE OPROEP KOM VIR DIENS*Teks:* Voortrekkergeledere*Melodie:* "Erica", H Niel

As die oproep kom vir diens aan eie land, voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!
 Staan jou man en doen jou plig met vaste hand; voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!

Bring die offer wat jou land jou vra, Trekkerjeug wat vryheidsvaandel dra
 Laat ons saam ons volk se naam in ere hou.
 Voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!

O, DIE VOORTREKKERLEWE*Teks:* Voortrekkergeledere*Melodie:* Duits

O, die Voortrekkerlewe,
 dis die lewe vir my!
 O, dis kamp, sing en spelery,
 mens kan niks beters kry!

Voortrekkers, holdria-di-da-ho,
 Holdria Hou Koers!
 Holdria-di-di-ha,
 Holdria Hou Koers!
 Holdria-di-di-ha,
 Holdria Hou Koers!
 Trekkerslewe altyd bo!

WAT MAAK 'N TREKKER?

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Engels

Wat maak 'n Trekker ver in die veld as hy self sy kos moet gaarmaak?
Hy maak 'n vuur en braai oor die kole lekker stokbrood en vars boerewors.
Klein pampoentjies, roosterkoek, aartappels en soetpatats:
smaaklik die spyse so voorberei!
In die veld vind ons boonop rus vir die siel
en leef ons ná aan moeder aarde, leef ons na aan moeder aarde.

Hoe gaan 'n Trekker ver in die veld op 'n nagmars vol gevare?
Hy volg die spoor oor berg en deur dal en kruip deur baie doringdrade.
Morsekode, rigting hou, oor die sloot, al langs die tou,
kaart- en kompaslees, noodhulp en sang.
In die veld leer ons speel-speel sorg vir ons self
en leef ons ná aan moeder aarde, leef ons ná aan moeder aarde.

WAT MAAK JY MET 'N SNYWOND

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Tradisioneel

Wat maak jy met 'n snywond? Jy druk die snyplek vas.
Wat maak jy met 'n skuurwond? Mooi skoon moet jy dit was.
'n Brandwond moet jy vinnig in koue water hou.
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!

'n letsie in die oog, of 'n ietsie in die oor?
Ag, maak dit liewer toe, laat 'n grootmens daarvan hoor.
'n letsie in die neus? Blaas! met eenkant toegehou.
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!

En sê nou daar's 'n slang of 'n kwaai ou skerpioen?
Wel, as jy in die veld stap, dan dra jy liefse 'n skoen.
Maar byt 'n ding jou tog, man, wat maak 'n mens dan nou?
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!

WAT MAAK 'N KAMP SO LEKKER?*Teks: Voortrekkergeleedere**Melodie: Tradisioneel*

Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis koffie, pap en wors.

Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis koffie, pap en wors.

Dis koffie (2x)

Dis koffie, pap en wors.

Dis koffie (2x)

Dis koffie, pap en wors.

DIS NET 'N WORSIE*Teks: Tradisioneel, Hannes van der Merwe (vers 2, 3, 4)**Melodie: "Daar in die velde", Tradisioneel*

Dis net 'n worsie, anderhalfdumpe, bo-op 'n snytjie botter en brood.

Dis net 'n worsie, anderhalfdumpe, bo-op 'n snytjie botter en brood.

Maar in ons hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:

ons het die worsie na binne gestuur!

Dis net 'n worsie, anderhalfdumpe, bo-op 'n snytjie botter en brood.

Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.

Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.

Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:

ons drink die beker met boeretroos saam!

Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.

Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.

Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.

Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:

ek sal die kampvuur van vriendskap bly stook!

Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.

Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.

Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.

Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:

ek sal die taal met vrymoedigheid praat!

Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.



NOG VOORDAG IN DIE MÔRE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Switsers

Nog voordag in die môre, daar blaas die opstaanbeuel
en orals uit die tente kom kinders uitgepeul.
"Staan op! Staan op! Gaan was gou jou gesig!
Kom hou jou bord en beker, die pap en wors is gaar!"

Te laat vir vlagparade, daar roep die offisier;
hy stuur jou gou kombuis toe en laat jou potte skuur.
O hart! Dis swart! Die vet is vasgebrand!
Maar nou's jy nie meer laf nie, die lewe is maar suur.
O hart! Dis swart! Die vet is vasgebrand!
Maar nou's jy nie meer laf nie, die lewe is maar suur.

ROL DIE WIELE

Teks: Voortrekkergeleedere, Hannes van der Merwe (vers 2, 3)

Melodie: Tradisioneel

Rol die wiele, wiele, wiele, rol die wiele van die wa.
Rol die wiele, wiele, wiele, rol die wiele van die wa.
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!

Oor die berge, deur die klowe gaan ons more tegemoet.
Oor die berge deur die klowe sal ons roepstem jou begroet:
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!

In die chaos van die tye wat ons almal soms beleef,
klink die kreet uit trekkerharte wat ons nuwe rigting gee:
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!



HOOR HOE SING DIE VOËLTJIES

Teks: Voortrekkergeleedere
Melodie: Voortrekkergeleedere

Hoor hoe sing die voëltjies, ruik hoe ruik die veld,
lekker waai die windjie, ons ruil dit vir geen geld.
Ons sing nou fie-faai-fie-die-ha-dou,
lag so ha! ha! ha!
Ons wil jou so hou, mooi Suid-Afrika.

Warm brand die sonnetjie, groen is elke boom,
Voel hoe streef die grassies – die lewe is 'n droom!
Ons sing nou fie-faai-fie-die-ha-dou,
Lag so ha! ha! ha!
Ons wil jou so hou, mooi Suid-Afrika.



WANDELLIED

Teks: Eitemal

Melodie: "Lippe Detmold, eine wunderschöne Stadt", Volksliedjie, verw.: Chris Lamprecht

As ek moeg word vir die lewe in die stad, lok my die wandelpad. (2x)
In die veld pluk ek 'n wandelstaf van die naaste doringboompie af,
en sing my wandellied, en sing my wandellied.

Of ek luister na my eie voeteval op pad oor berg en dal. (2x)
Dan's ek weer die eensaam wandelaar na die lekker landstreek wie weet waar,
'n swerwer lewenslank, 'n swerwer lewenslank.

En die blou plafon wat oor die velde strek sal saans my sluimer dek. (2x)
En die sterreheer sal kom en gaan oor die maanverligte hemelbaan,
en vriend'lik wink van ver, en vriend'lik wink van ver.

KOFFIE, KOFFIE

Teks: Tradisioneel

Melodie: Volkswysie, verw.: Chris Lamprecht

Koffie, koffie, anders val ek om, jo-ho!
Koffie, koffie, anders val ek om.
Bly die koffie in die rugsak, sal ek net hier inmeakaarsak.
Koffie, koffie, anders val ek om.



DIE VONKE SKIET EN SPRING

Woorde: Voortrekkergelede

Melodie: Duits

Die vonke skiet en spring, ons vorm nou wyd die Trekkerkring
en pak nog stompe op, en pak nog stompe op.
So hoog, so hoog, so hoog word vonke uitgestrooi
en verf die naglug rooi, en verf die naglug rooi!
So hoog, so hoog, so hoog word vonke uitgestrooi
en verf die naglug rooi, en verf die naglug rooi!

'n Swerwer in die veld, hy stap so deur die groen vallei
en sing sy liedjie bly, en sing sy liedjie bly.
Ja-ho, tra-la, ja, heerlik is die geure hier,
hier in die veld en vlei, hier in die veld en vlei.
Ja-ho, tra-la, ja, heerlik is die geure hier,
hier in die veld en vlei, hier in die veld en vlei.

AS DIE VONKE DEUR DIE LUG SEIL

Woorde: Voortrekkergelede

Melodie: Duits

As die vonke deur die lug seil, lug seil, en die vlamme knetter spring,
of as wolke deur die blou peil, blou peil, stap ons maats dan saam en sing.
Stap ons saam en stap ons saam en stap ons saam en sing.
Stap (ons saam) en stap (ons saam) en stap ons saam en sing.

Lag die jeug nog in ons harte, harte, trek ons saam die toekoms in;
Trekkers ken geen tyd vir smarte, smarte; trek ons saam die toekoms in,
Trek ons saam, ja, trek ons saam, ja, saam die toekoms in.
Trek ons saam, ja, trek ons saam, ja, saam die toekoms in.

Ewig leef vir ons die uurtjies, uurtjies; kole gloei en ketel kook.
Rustig, eensaam om ons vuurtjies, vuurtjies; worsie sis en kole rook.
Ewig vry, ja, ewig bly die Trekkerslewe vry.
Ewig vry, ja, ewig bly die Trekkerslewe vry.

BRAND, KAMPVUUR

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Tradisioneel

Brand kampvuur, brand kampvuur.
Kom nader, kom nader.
Sing 'n liedjie, sing 'n liedjie.
Lekker vrolik, lekker vrolik!

KOM DAAR STAAN DIE HOUT AL KLAAR*Teks: PH Langenhoven**Melodie: Volkswysie*

Kom, daar staan die hout al klaar:
 pale, stompe, groot en swaar.
 Vorm nou wyd die Trekkerskring,
 laat ons nie mekaar verdring.
 Steek maar aan! Steek maar aan!
 Laat die vlamme hoog opslaan!
 Steek maar aan! Steek maar aan!
 Laat die vlamme hoog opslaan!

OM 'N KAMPVUUR IN DIE BOSVELD*Teks: Voortrekkergeledere**Melodie: Duits*

Om 'n kampvuur in die Bosveld voel ons Trekkers almal tuis.
 Elke Trekker voel so lekker as die windjie saggies suis.

Refrein

Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

Lekker lawwigheid en grappies en ons lag ons byna gek.
 Om die kampvuur in die Bosveld is vir een en almal plek.

Refrein

Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

Net die geur van boerekoffie laat 'n mens weer watertand.
 Elke Trekker staan nou nader met die beker in die hand.

Refrein

Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

En dan loop die aand ten einde en die maats begin te gaap.
Na die tente trek ons almal vir 'n welverdiende slaap.

Refrein

Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
Ho-la-hi! (Ho-la-hi!) Ho-la-ho! (Hol-la-ho!)
Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

AS EK SAANS MET MY MAATS

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

As ek saans met my maats om die kampvuur sit,
kampvuur sit, klop my hart van puur genot.
Dan's ek bly, dan's ek bly, soos 'n voël so vry,
voël so vry, gans tevrede met my lot.
Net die maan en sterre prag bo my,
ai, wat kom ooit daarby?

As ek saans met my maats om die kampvuur sit,
kampvuur sit, klop my hart van puur genot!

As die vleis, as die vleis op die kole braai, kole braai
en sy wondergeur versprei;
wonderskoon, wonderskoon, wonderreukwerk skoon, reukwerk skoon
soos jy nêrens anders kry;
en ons hef spontaan 'n liedjie aan
uit sieledrang ontstaan;
as die vleis, as die vleis op die kole braai, kole braai
en sy wondergeur versprei.

As hy kook, as hy kook, as die ketel kook, ketel kook
en sy deksel rinkink-dans;
as die geur van die vleis en die koffie meng, koffie meng
en die geure ons omkrans;
dan's dit tyd om sing en praat te staak;
'n blye sug te slaak;
as hy kook, as hy kook, as die ketel kook, ketel kook
en sy deksel rinkink-dans.

ALLE VURE BRAND NOU*Teks:* Voortrekkergeleedere*Melodie:* Tradisioneel

Alle vure brand nou, alle vure brand nou,
 net vergete vure nie.
 Alle vure brand nou, alle vure brand nou,
 net vergete vure nie.
 O, ou kampvuur, jy bring heimwee in my hart;
 O, ou kampvuur, heimwee in my hart.

Alle Trekkers slaap nou, alle Trekkers slaap nou,
 net die maats wat wagstaan nie.
 Alle Trekkers slaap nou, alle Trekkers slaap nou,
 net die maats wat wagstaan nie.
 O, ou kampvuur, jy bring heimwee in my hart;
 O, ou kampvuur, heimwee in my hart.

**SOOS KAMPVUURSTOMPE***Teks:* Voortrekkergeleedere*Melodie:* "Net soos 'n waterstroompie", Volkswysie, verw.: Chris Lamprecht

Soos kampvuurstompe deur die nag met helder vlamme brand,
 so vlam in ons die liefde vir die jeug van hierdie land.
 Die kinders van ons vaderland,
 o ja, vaderland, bly steeds ons duurste pand.

En as ons met ons Trekkerseuns en Trekkerdogters werk,
 dan maak geloof en liefde, ja, ons hart' en hande sterk;
 en saam sal ons in hierdie land,
 o ja, hierdie land, 'n helder toekoms bou.



14. DIE VERKENNER KEN DIE GEDRAGSKODE IN DIE VELD.

Om in die veld te stap, is deel van Voortrekkers. In Genesis 1:26-28 gee God opdrag aan die mens om oor die natuur te heers. Dit beteken ons moet die natuur bewaar en benut.

Gedragskode in die veld:

- Moenie enige iets in die veld verniel nie.
- Moenie enige rommel strooi nie.
- Versamel dooie takke vir hout. Moenie takke van 'n boom afbreek nie.
- Moenie enige wilde diere voer nie.
- Moenie alleen stap nie.
- Moenie vooruit hardloop nie. Bly by die groep.
- Bly verkieslik op die voetpaadjies.
- Behandel die natuur met respek. Wees versigtig vir gevare soos bye en slange.
- Moenie onnodig dapper probeer wees deur byvoorbeeld 'n slang te vang nie.
- Wees versigtig om klippe op te tel. Daar kan skerpioene of ander gediertes onder die klip wees.
- Los slegs jou voetspore. Daar moet geen teken wees dat daar mense was nie.

15. DIE VERKENNER KAN AGT BASIESE KNOPE KNOOP EN GEBRUIK.

Touwerk is 'n lekker tydverdryf. Elke persoon behoort te weet hoe om 'n paar knope te maak.

Die gebruik van tou vir jag, trek, versterking, vasmaak, dra, optel en klim dateer terug na prehistoriese tye. Dit is moontlik dat die eerste "tou" natuurlike lengte van plantvesel, soos wingerde, was. Pogings om vesels te draai en te vleg om tou te maak soos ons dit vandag ken, het daarop gevolg. In Europa is tekens van tegnieke om tou te maak, gevind, wat 28 000 jaar terug dateer. Gefragmenteerde fossiele van 2 string tou van ongeveer 7 mm deursnee wat terug dateer na 15 000 v.C., is in grotte in Lascaux gevind. Die eerste mense het knope gebruik om wapens te maak, kos te vang, skuilings te bou, versiering te maak en om rekord te hou. Knope is vandag nog net so belangrik soos wat dit in die verlede was. Moderne mense is konstant besig om nuwe gebruike vir knope te kry en nuwe knope te ontwikkel.

DIE TOU IS VAN ABSOLUTE BELANG IN VERSKEIE VELDE SOOS KONSTRUKSIE, SEIL, SPORT, ONTSPANNING EN KOMMUNIKASIE.

Tou is 'n lengte van vesel, gedraai of gevleg om die trekkrag te versterk. Tou is van absolute belang in verskeie velde soos konstruksie, seil, sport, ontspanning en kommunikasie. Reeds in prehistoriese tye was tou, of een of ander vorm van bindmiddel soos riem of plantslingers gebruik. Om tou vas te maak, is 'n groot klomp knope reeds ontwikkel.

Wanneer jy 'n gereedskapskas oopmaak, is jy seker watter gereedskap die werk sal kan doen en wat nie. Wanneer jy 'n werk het wat met tou te doen is, sal die knope soos jou gereedskap wees. Net soos wat jy nie veel nut gaan kry van 'n gereedskapskas met een item in nie, sal jy nie veel kan doen met net een knoop nie.

Knoop word hoofsaaklik gebruik om twee of meer toue aanmekaar te las, om 'n lus te maak, om iets te bind of vas te maak. Die doel waarvoor die tou gebruik gaan word, bepaal die tipe knoop wat gebruik sal word. Sekere knope kan meer as een doel dien, waar ander slegs goed is om een taak te verrig. Sodra jy die funksie van elke knoop ken, sal jy weet of dit die regte knoop is vir die werk wat jy wil doen.

Deur 'n klomp knope onder die knie te hê, beteken dat jy in staat is om in enige situasie tou te kan gebruik om 'n taak te vergemaklik.

Versorging van 'n tou


- Tou moet in 'n koel droë plek gestoor word, verkieslik in 'n stoorsakkie.
- Om “kinking” te voorkom, word tou gewoonlik opgerol.
- Die punte van die tou moet altyd beset wees om uitrafeling te voorkom.
- Moenie tou op die grond gooi nie.
- Moenie op die tou trap nie.
- Moenie tou in direkte sonlig los nie.
- Hou weg van chemikalieë.
- Was 'n vuil tou met koue water en laat dit deeglik droog word voordat dit gestoor word.
- Gebruik die tou waarvoor dit bedoel is. Moenie 'n sleeptou gebruik om 'n berg te klim nie, en 'n klimtou om 'n voertuig te sleep nie.
- Tou moet gereeld geïnspekteer word vir enige skade en vervang word waar nodig. Vragdraende tou wat vervang word, kan gebruik word vir nievragdraende werk.
- Die leeftyd van tou is vyf jaar.

Skuifknoop

Voortrekkers, sowel as ander mense, gebruik hierdie knoop seker die meeste van alle knope,

nie alleen in Voortrekkerwerk nie, maar ook in die daaglikse lewe. Die knoop is eintlik bedoel om twee toue van dieselfde dikte aanmekaar te koop, maar vandag word dit somer vir baie ander doeleindes ook gebruik.

- Neem die werkende punte van tou A en B.
- Kruis die punte a en b van die toue, A en B (bo).
- Vou punt a terug langs A en bo-oor punt b (middel).
- Steek punt b oor punt a en onder die oog deur langs B soos die pyl aandui.
- Trek styf.




Ons ken mos almal hierdie metode – die een wat gepaard gaan met die versie: “Links oor Regs en dan Regs oor Links”. Hierdie metode is veral belangrik by die afeindiging van 'n vaswoel, want dikwels is die punte van die tou nog baie lank en kan ons somer maklik met 'n domknoop afeindig. Noodhelpers weet ook al uit dure ondervinding dat domknope teen 'n mens tel wanneer jy die een of ander spalk moet aanlê. Ons moet dus almal hierdie knoop somer toe oë kan maak.

Visserknoop

Vissers het gou agtergekom dat die skuifknoop losglimp wanneer dit nat word en moes **dus noodgedwonge 'n lasknoop vind wat stewiger is**. Hulle het toe die vissersknoop ontwerp. Hierdie knoop is stewig, gly nie los as die toue nat is nie en kan tog weer geredelik losgemaak word as dit moet. Hierdie knoop is dus geskik om twee stukke tou van dieselfde dikte aanmekaar te knoop, veral as die toue aan nattigheid blootgestel gaan word.

- Maak 'n oorhandknoop in een tou, sonder om die knoop styf te trek.
- Gebruik die werkende punt van die tweede tou en ryg dit deur die eerste tou se oorhandknoop.
- Maak 'n oorhandknoop met tou 2, sodat die werkende punt van tou 1 binne die knoop is.
- Trek die oorhandknope styf. Deur aan die staande punte te trek sal die oorhandknope styf teen mekaar skuif.



Sorg dat die oorhandknope so gemaak word dat die punte van tou 1 en 2 altyd na buite wys. Dit sal dan outomaties veroorsaak dat die kruislae mooi styf teenmekaar pas. So 'n knoop sal nie maklik losgaan nie en sal ook somer baie netjies vertoon.

Voorslagknoop

Wanneer 'n dik tou en 'n dun toutjie aanmekaar geknoop word, word hierdie knoop daarvoor gebruik. Die voorslag van 'n sweep word ook dikwels met hierdie knoop aan die dikker ankerslag vasgebind, vandaar ook die mooi naam van die knoop. Voortrekkers gebruik hierdie knoop veral wanneer hulle vlage gereed maak vir 'n vlaghysing

- Maak 'n lus in tou A
- Steek werkende punt van toutjie B deur die lus sodat dit oor punt a gaan.
- Neem punt b agter om die lus soos die pyltjie aandui.
- Steek punt b oor tou A, onder toutjie B deur en weer oor a.
- Trek styf.

Let wel dat die punte a en b albei aan dieselfde kant van die staande deel van die dik tou A lê, d.w.s. die punt b gaan altyd eers om die punt a van die dik tou en dan die dik tou self.



Kniesalter

Verkenner gebruik hierdie knoop sekerlik die meeste van alle knope wanneer hulle kampeer, want alle vaswoele word daarmee begin. **Dit is 'n baie nuttige knoop, want 'n tou kan daarmee baie stewig aan 'n paal vasgebind word.** Boerseuns en -dogters sal ook weet dat die knoop gebruik word om perde te kniesalter en ook om swepe aan sweepstokke vas te maak.

Hierdie knoop kan op meer as een manier gemaak word, en dit is goed om meer as een metode te ken, want dit is nie altyd moontlik om net van die een metode gebruik te maak nie.

Metode 1

Hierdie metode is toepaslik waar die knoop om 'n vaste voorwerp gebind moet word, soos 'n boom of ingeplante paal.



- Draai die werkende punt van die tou om die paal sodat dit onder deur homself gaan.
- Draai die werkende punt weer agter die paal en steek weer onder homself deur
- Trek styf. Kyk dat die twee slae agter die paal nie kruis nie en sien ook toe dat die twee slae mooi styf teenmekaar lê.

Metode 2

Oor die algemeen word hierdie metode as die makliker metode beskou. Dit is vinniger om te maak as die eerste metode en is om daardie rede van groot waarde vir die verkenner wat kampgeriewe vervaardig.

- Vorm 'n oorhand en 'n onderhandlus.
- Skuif die onderhandlus bo-op die oorhandlus.
- Steek die stok deur die dubbele lus
- Trek styf en kyk weereens dat die slae mekaar nie agter die stok kruis nie.

**DIT IS GOED OM
MEER AS EEN
METODE TE KEN.**



Figuur agt knoop

Die knoop word gereeld op seiljagte gebruik. Die maklike en eenvoudige knoop het meer volume as die oorhandknoop en maak makliker los.


- Maak 'n lus.
- Gaan met die werkende punt bo-oor die staande tou.
- Draai die werkende tou se punt terug onderdeur die staande tou.
- Druk die werkende tou deur die lus wat in stap 1 gemaak is.
- Trek die knoop styf.



Skenkelknoop

Ons vind dit dikwels nodig om tou tydelik korter te maak, maar terselfdertyd vind ons dat die tou reeds in gebruik is, soos bv. die tou van 'n opgeslaande tent. **In sulke gevalle gebruik ons die skenkelknoop.** Hierdie knoop kan egter baie maklik losglip en sal dan ook net suksesvol wees as die tou onder spanning verkeer. Indien dit egter slegs by tye onder spanning sal verkeer, kan ons wel nog die knoop gebruik, maar dan sal sekere wysigings aan die knoop nodig wees.

Om die knoop te maak wanneer die tou reeds in gebruik is, dit wil sê wanneer die twee punte van die tou reeds vasgemaak is, maak ons die knoop soos in figuur 7-10 aangedui word. As die punte van die tou egter reeds vas is en ons kan dit nie deursteek nie, kan ons met behulp van twee stokkies ook seker maak dat die knoop nie losglip nie, soos figuur 6 duidelik aantoon.



Die metode kan ook gebruik word om 'n stuk tou wat beskadig is uit te skakel, sodat die res van die tou die vrag kan dra.

Metode 1

- Vou die tou sodat twee lusse A en B gevorm word
- Draai punt b agter om lus A en punt a agter om lus B
- Steek punt b oor lus A en onder b self deur
- Netso steek punt a oor lus B en onder a self deur
- Trek punte a en b styf.


Metode 2

- Kruis die hande oor mekaar en neem die tou met albei hande. Trek die hande by mekaar verby. Die tou sal nou soos 'n S lyk.
- Neem dit in die middel met een hand sodat die S nie versteur word nie.
- Maak 'n oog met die ander hand in die staande part van die tou .
- Steek die een lus deur die oog (die lus moet van agter af in die oog gesteek word). Trek die staande part van die tou sodat die oog toetrek.
- Doen dieselfde aan die kant van die ander lus.
- Trek aan die staande parte van die tou en die knoop sal vertoon soos in die laaste figuur.

Booglynknoop

Die booglynknoop is 'n knoop wat nie kan toeskuif nie, al is die gewig wat dit moet dra ook hoe groot. Om hierdie rede is dit 'n belangrike knoop, veral vir Voortrekkers wat dikwels nodig het om mekaar teen kranse of uit 'n put te trek. Daar is ook baie ander gebruike van hierdie knoop, maar alle gebruike berus juis daarop dat die knoop nie kan toeskuif nie. Van die voordele van die knoop is dat dit nie losgaan, gly of vassit nie.

- Maak 'n oog B in tou A.
- Steek punt a deur oog B soos die pyltjie aandui.
- Bring punt a agter om tou A en weer deur oog B.
- Trek styf.




Om die booglyn vinnig los te maak, kan 'n gliplus met die werkende punt gemaak word.

Kruisvaswoel

'n Kruisvaswoel word gebruik om 'n dwarsbalk vas te maak.

Dit is uiters belangrik dat die tou elke keer baie styf getrek word. As dit gebeur, kan een enkele kruisvaswoel maklik die gewig van 'n groot man dra sonder om af te skuif.

- Maak 'n kniehalterstag om die regop paal. Sorg dat 'n stukkie tou aan die een punt oorbly om later 'n skuifknoop te kan maak.
- Plaas die dwarsbalk teen die regop paal en wel so dat die dwarsbalk op die kniehalterstag kan rus en dat die kruis van die kniehalter reg onderkant die dwarsbalk is.
- Draai die lang punt van die tou voor om die dwarsbalk, agter om die regop paal, weer voor om die dwarsbalk en weer agterom die regop paal.
- Trek die tou styf.
- Herhaal hierdie paalslae minstens drie keer.
- Draai die tou om die dwarsbalk en maak weer minstens twee wurgslae in die paalslae.
- Eindig af deur die twee punte van die toue met 'n skuifknoop aanmekaar te knoop.




DIE EERSTE MENSE HET KNOPE GEBRUIK OM WAPENS TE MAAK, KOS TE VANG, SKUILINGS TE BOU, VERSIERING TE MAAK EN OM REKORD TE HOU.



16. DIE VERKENNER KAN BASIESE NOODHULP PRAKTIES TOEPAS.

ONDERSOEK VAN DIE BESEERDE

Voordat 'n siek of beseerde persoon behandel word, kontroleer eers die lewenstekens:



Asemhaling:

Kyk vir borskasbeweging
Luister vir asemhalingsklanke by die mond en neus
Voel vir warm lug teen jou wang

Sirkulasie:

Voel vir 'n pols by die nek, duimkant van die polsgewrig, binnekant van die enkel of bo-op die voet

Temperatuur:

Voel met die rugkant van jou hand op persoon se voorkop
Die temperatuur kan normaal, koud of warm wees

Velkleur:

Kan wees: rooi – koorsig
bleek – ernstige bloeding
blouerig – asemhalings- of hartprobleme

Bloeding

Dit help nie veel om 'n noodhulpsakkie byderhand te hê as jy nie weet hoe om noodhulp toe te pas nie.




Vermý direkte kontak met 'n ander persoon se bloed weens die gevaar van die oordra van siektes soos vigs en hepatitis (geelsug). Trek dadelik handskoene aan of trek 'n plastieksak oor jou hande.

Die algemeenste oorsake van uitwendige bloeding is:



Skraapwonde



Snywonde




Mond- en neusbloeding

Mense skrik gewoonlik wanneer hulle bloed sien en die persoon wat bloei, mag erg geskok wees.

Uitermatige bloeding moet dadelik gestop word, want dit veroorsaak dat minder bloed en suurstof na die brein, hartspier en liggaamsweefsels vloei en kan 'n skoktoestand veroorsaak wat tot die dood kan lei.

Hanteer 'n neusbloeding soos volg:

- Vra die persoon of hy aan hoë bloeddruk ly – indien dit die geval is, moet die bloeding nie gestop word nie, kry dringend mediese hulp.
- Laat die persoon met die kop effens vooroor sit.
- Pas met die duim en wysvinger druk toe op die neus waar die kraakbeen ophou.
- Hou die drukking vir minstens vyf minute vol (of langer indien nodig).
- Sit 'n koue kompres (koue nat lap) op die neus en agter die nek. Die persoon kan ook met sy wysvinger onder sy bolip druk uitoefen.
- Jy kan ook die hele kop met koue water afkoel as dit 'n baie warm dag is.
- As bloeding nie so gestop kan word nie, druk 'n gaasprop in die neus op.
- As dit 'n erge, onbeheerbare bloeding is of die persoon het 'n skedelbreuk, moet hy dadelik na die naaste dokter of hospitaal geneem word.

**Asemnood**

Die algemene oorsake van asemnood is:

- Verdrinking
- Elektriese skok
- Verstikking
- Borskasbeserings
- Verwurging
- Beroerte
- Vermorsing
- Hartaanval
- Giftige gasse inasem
- Hoofbeserings

Diagnose

Kyk vir die volgende tekens:

Moeisame asemhalingspogings
 Spiere tussen ribbes, bokant die sleutelbeen en borsbeen trek in
 Lippe, neus, ore en gesig word blou
 Die nekspiere en are bult uit
 Die pols is meestal vinnig

**Hantering van die pasiënt**

Posisie: Laat die persoon plat op sy rug op 'n harde oppervlak lê met sy kop laer as sy liggaam.

Sorg vir 'n oop lugweg

- Kniel enige kant van die pasiënt.
- Gebruik die kopagteroormetode om die lugweg oop te maak as die pasiënt nie 'n nekbесering het nie.
- Sit die palm van die een hand op die voorkop van die pasiënt en druk die kop agteroor – lig terselfdertyd die ken met 2 vingers van die ander hand.
- Sit gaas oor wysvinger van die een hand, maak die pasiënt se mond oop en vee kos, braaksel of vreemde voorwerpe met jou wysvinger uit die mond. Indien 'n nekbесering vermoed word, gebruik die kaakligmetode om die lugweg oop te maak.
- Neem die hoeke van die kakebeen met albei hande en lig die kakebeen vorentoe.
- Maak die mond met die duime oop.
- Verwyder sigbare voedsel, braaksel en vreemde voorwerpe soos hierbo.

Stel vas of die persoon asemhaal:

- Hou die lugweg oop en sit jou oor by die pasiënt se neus en mond:
- Kyk vir borskasbeweging.
- Luister vir asemhalingsklanke.
- Voel vir lugbeweging teen jou wang.



As die persoon nie asemhaal nie:

- Voel die pols in die nek vir 5-10 sekondes.
- As daar 'n pols is, maar geen asemhaling nie, begin met kunsmatige asemhaling.
- Maak stywe klere los en hou die lugweg oop.
- Blaas nou lug in die persoon se longe in teen 'n tempo van 12-20 blase per minuut deur een van die volgende metodes te gebruik:

Mond-tot-mond metode

- Sit 'n KPR-mondstuk in die persoon se mond.
- Laat die duim en wysvinger van die hand wat die kop vashou, onder die plasties ingly en knyp die neus toe.
- Trek jou asem diep in en sit jou mond oor die mondstuk sodat dit dig seël.
- Blaas stadig in vir 2 tellings.
- Kyk of die persoon se borskas uitsit.
- Hou die lugweg oop, draai jou kop dwars en neem weer 'n asemteug.
- Voltooi 10 inblase en voel die pols vir 5-10 tellings na elke 10 inblase.
- Herhaal ritmies teen 'n tempo van 12-20 maal per minuut.

Kaakligmetode

- As 'n nek- of rugbeserings vermoed word, moet die kaakligmetode gebruik word.
- Lig die kaak met die vingers van albei hande.
- Laat die duime onder die plastiek ingly en druk die neus toe.
- Blaas soos by die vorige metode by die mond in.

Beenbreuke

As 'n span ver weg in die veld is en een van die spanlede breek 'n arm of 'n been, moet jy die kennis hê om jou maat te help.

Diagnose

Hoe weet jy dat 'n ledemaat gebreek is? Let op die volgende tekens en simptome:

- Die persoon kon 'n klapgeluid gehoor het.
- Die ledemaat is pynlik, geswel, misvorm, verkort en verkleur.
- Die ledemaat kan nie lekker beweeg nie of beweeg abnormaal.
- Daar kan knoppe of vervorming onder die vel wees.
- Daar is 'n geluid van bene wat op mekaar knars.
- Die persoon ly aan skok.



Hantering van die beseerde**Immobilisering**

Dit beteken dat jy die breuk doeltreffend moet ondersteun sodat dit minder pynlik is, die breuk nie erger word nie en om die ontwikkeling van skok te voorkom. Daarvoor gebruik jy spalke en verbande.

Metodes van immobilisering**Harde spalke**

Dit kan reguit stukke plank, metaal, plastiek en selfs draad wees. 'n Gevoude koerant of tydskrif kan ook uitstekende spalke wees. Bedek altyd die spalk voor jy dit gebruik.

Sagte spalke soos kussings en klere kan ook gebruik word. Dit word om die ledemaat gevou en met verbande vasgemaak.

Verbande

Dit is nie altyd nodig om spalke te gebruik nie – 'n gebreekte bo-arm kan met verbande aan die borskas vasgemaak word en 'n gebreekte been kan aan die gesonde been vasgemaak word.

Prosedure van immobilisering

- Spalk die ledemaat in die posisie waarin dit gevind is, in so 'n gemaklike posisie as moontlik.
- Sit gaas, sponsrubber, verbande ens. in die holtes byvoorbeeld onder die knie en enkel.
- Plaas bedekte spalk teen die gebreekte ledemaat.
- Maak die spalk met verbande weerskante van die breuk vas.
- Indien moontlik, lig die ledemaat hoër as hartvlak.

**SAGTE SPALKE SOOS KUSSINGS EN KLERE KAN OOK GEBRUIK WORD.
DIT WORD OM DIE LEDEMAAT GEVOU EN MET VERBANDE VASGEMAAK.**

Riglyne vir behandeling

- Verwyder klere versigtig van die breuk.
- Behandel die fraktuur met minimale beweging van die ledemaat.
- Voordat ledemaat gespalk word, kontroleer die pols onderkant die breuk. Toets ook vir beweging en gevoel onderkant die breuk.
- As daar geen pols of gevoel onderkant die breuk is nie, ondersteun net die ledemaat en vervoer die beseerde dringend na die hospitaal.
- Bedek alle wonde met skoon gaas en moenie been-ente wat deur die vel steek, probeer terugtrek nie.
- As daar wel 'n pols en gevoel is, spalk die ledemaat en voel daarna weer die pols onderkant die breuk.
- Lig die ledemaat so hoog as moontlik – dit verminder bloeding en swelling.
- Vra die beseerde of die verbande nie te styf is nie.
- Monitor die beseerde se toestand gereeld.
- Vervoer die pasiënt op 'n draagbaar.

Brandwonde, slangbyt, insektebyt en skerpioensteek

Op kampe en staptogte wanneer julle ver van 'n hospitaal of geneesheer is, kan daar gevaarlike beserings voorkom soos brandwonde, slangbyt en skerpioensteek. Of iemand kan verstik of 'n kwaai allergiese reaksie na 'n insektebyt toon. As hierdie dinge gebeur, wil jy nie magteloos en onvoorbereid staan nie. Kom ons kyk hoe jy 'n medemens wat in so 'n penarie is, kan ondersteun en help om sy pyn te verlig. Ons gaan net kortliks aanstip wat in elke geval gedoen kan word.

Brandwonde

By brandwonde word die vel en weefsel deur hitte of chemikalieë beskadig. Op kampe en staptogte word die skade meestal deur son en vuur veroorsaak.

Oorsake van brandwonde

- **Vogtige hitte:** kookwater, kookolie, warm kos en drank
- **Droë hitte:** son, elektrisiteit, weerlig, wrywing ('n tou wat deur die hande gly)
- **Bytende chemikalieë:**
 - Gekonsentreerde sure (soutsuur, swaelsuur, salpetersuur)
 - Gekonsentreerde alkalieë (seepsoda, ongebluste kalk)

Tipes brandwonde en die behandeling daarvan



Oppervlakkige brandwonde

- Die area is rooi en pynlik en swelling mag voorkom.
- Hou die brandwond dadelik onder koue lopende water en spuit iets soos "Burn-o-caine" op die brandwond. (Vra jou apteker watter middel hy sal aanbeveel.)



Diep brandwonde

- Blase, met 'n liggeel vloeistof daarin, vorm op die vel en dieper weefsel mag vernietig of verkool wees.
- Koel die brandwond met koue water vir tien minute af as die brandoppervlakte minder as 10% is.

Versorg die pasiënt soos volg verder

- Beveilig die omgewing vir die pasiënt en jouself.
- Handhaaf die persoon se liggaamstemperatuur.
- Sorg vir 'n oop lugweg en maak seker dat hy asemhaal.
- Kontroleer sy pols.
- Kalmeer die pasiënt – hy ly beslis aan skok.
- Bedek die brandwond met klam gaas of 'n klam laken as die brandoppervlakte baie groot is.
- As die tone of vingers verbrand is, sit klam gaas tussen die tone of vingers.
- Onthou, hoe groter die oppervlakte wat verbrand is, hoe ernstiger is die pasiënt se toestand.
- Laat hom plat lê met die bene gelig.
- Vervoer hom dringend na die hospitaal.



Chemiese brandwonde

- Word veroorsaak deur sure of alkalieë. Spoel die aangetaste deel aanhoudend met 'n sterk stroom water af en beveilig jouself tydens die wasproses.
- Verwyder besoedelde klere en hanteer verder soos hitte brandwonde.
- Droë kalk moet eers afgeborsel word voor die wasproses begin.



Brandwonde veroorsaak deur weerlig of elektrisiteit


- Daar is dikwels min sigbare uitwendige brandtekens omdat die weefsels inwendig beskadig word.
- Die pasiënt is dikwels bewusteloos en haal nie asem nie. Hartstilstand kom ook dikwels voor.
- Moenie aan 'n persoon raak wat 'n elektriese skok opgedoen het voordat die krag afgeskakel is nie. As daar nie 'n skakelaar naby is nie, moet jy die elektriese draad van die persoon verwyder met 'n niegeleier soos 'n stuk hout.
- Pas dadelik kunsmatige asemhaling toe as die persoon nie asemhaal nie.
- Sodra die asemhaling herstel is, kan jy na die brandwonde omsien en die persoon vir skok behandel.



Oogbrandwonde

- Spoel die oog met groot hoeveelhede koue water uit.
- Bedek die oë met 'n klam verband of 'n skoon lap.
- Neem pasiënt dadelik na die hospitaal.

Byte en steke



Bysteke Dit veroorsaak swelling en is pynlik, maar kan ook 'n persoon se dood veroorsaak as hy allergies vir bysteek is. Skraap die angel af met 'n mes of jou vingernael om te voorkom dat die gif in die angel ook in die wond ingaan. Verlig die pyn deur 'n koue kompres op die steekplek te sit.

As die persoon 'n allergiese reaksie toon soos asemhalingsprobleme, 'n droë tong, "galbulte" of erge swelling, moet 'n antihistamientablet geneem word en die persoon moet so vinnig as moontlik na 'n dokter of hospitaal vervoer word.


Skerpioensteek 'n Skerpioensteek is baie pynlik, maar nie altyd gevaarlik nie. 'n Steek van die skerpioen met klein knypertjies en 'n dik stert, kan dodelik wees.

Tekens en simptome

- Die bytplek is baie pynlik.
- Algemene spierpyne kom voor.
- Daar is oormatige speekselafskieding.
- Verlamming van die asemhalingspiere.
- Die persoon se pols is vinnig.
- Onvermoë om te urineer.

Behandeling

- Sit 'n koue kompres of yspak op die steekplek – dit verlig die pyn en vertraag die verspreiding en werking van die gif.
- Laat persoon 'n antihistamien neem as daar 'n allergiese reaksie is.
- Ondersteun die ledemaat.
- Indien nodig, pas kunsmatige asemhaling toe.
- Ontbied so goue as moontlik hulp.
- Vervoer die persoon so vinnig as moontlik na 'n hospitaal.




Slangbyt Die meeste slange is gevaarlik en 'n paar slangsoorte is dodelik giftig. Die giftige slange is pofadders, mambas, kobras, rinkhalse, boomslange en voëlslange. Die meeste van die slange vlug vir voetstappe, behalwe die pofadder wat moeilik sigbaar is in die veld en wat bly lê tot jy langs hom of op hom trap en dan pik. Die meeste pofadderbyte is gewoonlik aan die voet of been van die mens of dier. As jy deur 'n mamba of boomslang gepik word, is spoedige mediese behandeling uiters noodsaaklik.

Hantering van slangbyte

- Maak seker of die persoon werklik gepik is en probeer om 'n presiese beskrywing van die slang te kry.
- Beveilig die omgewing.
- Kalmeer die pasiënt en laat hom lê.
- Sorg vir 'n oop lugweg en kontroleer asemhaling en sirkulasie.
- Moenie die bytplek probeer behandel nie.
- Sit die kussinkie van 'n drukverband op die bytplek en draai die verband styf vas.
- Draai 'n crêpeverband stewig om die hele ledemaat, van onder na bo.
- Hou die tone of vingers oop om die sirkulasie te kontroleer.
- Spalk die hele ledemaat.
- Behandel die persoon deurentyd vir skok. Kalmeer hom en hou hom rustig. Vervoer die persoon op 'n draagbaar na die hospitaal.

Slanggif in die oë

Sekere slange soos die kobras kan baie ver spoeg. As iemand in die oë gespoeg is, spoel die oë herhaaldelik met koue water uit. Swelling, pyn, ligskuheid en tydelike blindheid verdwyn gewoonlik sonder permanente skade.



Bloublasies Hierdie slymerige blou diertjie wat lyk soos 'n blasie met 'n lang stert, vang baie swemmers onverhoeds. Die suiertjies aan die lang stert suig op 'n mens se vel vas en laat 'n pynlike rooi swelsel op die vel agter. Die pyn kan verlig word deur vleisversagter op nat gaas te sprinkel en op die swelsel te sit. 'n Antihistamiensalf kan ook aangesmeer word.

Allergiese reaksies Dit kom voor wanneer die liggaam in aanraking kom met 'n stof waarvoor hy baie allergies is. Die vreemde stowwe kan ingeasem, ingesluk, ingespuet of deur die vel ingeneem word.

Tekens en simptome

- Die vel word rooi, jeuk of swel op ("galbulte")
- Oë traan en jeuk en neus loop
- Benoud as gevolg van die lugpype wat toeswel
- Moeilike, fluitende asemhaling
- Vinnige pols
- Persoon is beangs en gaan in 'n skoktoestand

Behandeling

- Behandel vir skok.
- Laat persoon 'n antihistamien kou voordat hy dit insluk.
- Vervoer na 'n hospitaal of geneesheer.

**Verstikking**

Verstikking vind plaas wanneer iets die lugweg blokkeer en is een van die groot oorsake van asemnood.

Oorsake van verstikking

- Kos, lekkers of ander voorwerpe soos albasters
- Bloed
- Braaksel
- Swelling van die weefsel om die lugpyp, allergieë of beserings

Tekens en simptome

- Die persoon gryp met albei hande na sy keel.
- Hy kan nie praat of asemhaal nie.
- Die nekspiere en die are bult uit.
- Die mond en gesig word blou.

Behandeling

- Moedig die persoon aan om te hoës.
- As die voorwerp nie loskom nie, gaan staan agter die persoon en sit albei arms om sy lyf.
- Maak 'n vuus en laat die duimkant van die hand net bo die persoon se naeltjie rus.
- Vat die vuus met die ander hand vas en voer 'n vinnige in- en opwaartse beweging uit (Heimlich Maneuver).
- Herhaal tot die voorwerp loskom.

'n Baba moet met sy gesig na onder op jou arm geplaas word. Ondersteun die kop met 'n greep op die kakebeen. Laat jou voorarm op jou dybeen rus en hou die baba se kop laer as sy lyf. Gee vyf houes tussen die baba se skouers met die hak van jou ander hand. Herhaal indien nodig. As die kind die voorwerp insluk, raadpleeg 'n dokter.

KOS, LEKKERS OF ANDER VOORWERPE SOOS ALBASTERS KAN MOONTLIK VERSTIKKING VEROORSAAK.



17. DIE VERKENNER MOET RIGTING MET DIE SON EN STERRE KAN BEPAAL.

Ons lewe in 'n land van wye vlaktes, berge en bosse, 'n land met groot ruimtes. Dit kan maklik gebeur dat jy verdwaal in die veld. As jy nie self jou rigting kan vind nie, kan dit jou lewe kos.

Eendag sal dit dalk nodig wees om in die veld te leef en te veg vir jou land; daarom is dit noodsaaklik dat jy nou reeds die basiese beginsels van rigtings en die kompas leer ken.

Die son

Ons woon in die suidelike halfgrond. Die son sal dus nooit reg bo ons wees nie, maar altyd effens noord van die oos-wes lyn wat reg bo ons verbygaan. Om 12 uur is dit maklik om dit waar te neem.

Hou 'n dun grassie regop sodat dit 'n reguit skaduwee gooi. Plaas jou horlosie plat neer sodat die syfer 12 na die son toe wys.

Die skadu val reguit van die 12 oor die 6.

Plaas nou 'n ander grassie plat neer op die horlosie sodat dit van die middelpunt van die horlosie presies halfpad tussen die syfer 12 en die uurwyser deur wys.

Hierdie grassie wys nou presies noord-suid met noord aan die kant van die laagste syfer ná twaalfuur in die middag en aan die kant van die grootste syfer tydens die voormiddag.

Die sterre

Die Suiderkruis

Metode 1

Verleng die lang kant van die kruis in jou verbeelding met omtrent $4\frac{1}{2}$ maal sy eie lengte. Meet dit met jou vingers teen die hemel af. Die punt waar jou oog dan rus, dui ongeveer die suide aan.

Metode 2

Trek 'n denkbeeldige loodregte lyn op 'n lyn wat die wysers verbind en verleng die lang as van die kruis. Waar die twee lyne mekaar kruis, trek jy dan 'n loodregte lyn na die horison toe, wat suid sal aandui.

Orion

Die sterrebeeld Orion herken ons aan die drie sterre wat die kop vorm, 'n ster links en een regs wat die twee arms voorstel, die drie helder sterre wat die gordel uitmaak (ook genoem die Drie Konings) en die twee sterre wat die voete voorstel. Die drie sterre van Orion se swaard wys reguit na die suide toe.

Nou fokus jy jou oog op 'n uitstaande voorwerp, bv. 'n boom, klip, paal (of iemand wat jy as baken vooruit kan stuur) en "merk" dit. Nou kan jy na daardie voorwerp toe stap.

GRAADWIELOPDRAGTE

Afrikanerskap

Stel 'n familiestamboom van ten minste vier geslagte saam (aanneem-, pleeg- of enkelouers is ook van toepassing).

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. 'n Familiestamboom van ten minste vier geslagte, wat by die Verkenner begin, is saamgestel.		
2. Geboorte- en sterftedatums is vir elke persoon aangedui, vir ten minste drie geslagte.		
3. Geboortedorpe is vir elke persoon aangedui, vir ten minste drie geslagte.		
4. Beroepe of nerings is vir elke persoon aangedui, vir ten minste drie geslagte.		
5. Een of meer familiestaaltjie en/ of interessante feite word oor die Verkenner se voorsate gegee (ten minste 50 woorde).		
6. Opsioneel: 'n Familiewapen is ingesluit.	n.v.t.	

Burgerskap

Besoek 'n nooddiens om die doel en die werking van paraatheid te verstaan.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. 'n Foto is ingesluit waarop die Verkenner is en waarin die nooddiens duidelik geïdentifiseer kan word.		
2. Die doel van die nooddiens is kortliks beskryf.		
3. Die werking (funksionering) van die nooddiens is kortliks beskryf.		
4. Die waarde wat die nooddiens tot die gemeenskap toevoeg, wat die Verkenner se persoonlike persepsie is, is in een of meer paragrawe saamgevat (minimum 100 woorde).		

Christenskap

Maak 'n artikel vir jou huis, kamer of tuin wat Christenskap uitbeeld; OF Skryf 'n gedig, kortverhaal of drama met Christenskap as tema.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. 'n Foto van die onvoltooide produk of rofwerk van die geskrewe stuk is ingesluit.		
2. 'n Foto van die voltooide produk of 'n afskrif van die gedig, kortverhaal of drama is ingesluit.		
3. Die simboliek van die Christenskap wat uitgebeeld word, is kortliks beskryf (minimum van 20 woorde).		

Voortrekkerlewe

Identifiseer en beskryf jou hoogtepunt van hierdie jaar se Voortrekkeraktiwiteite.


STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die aard van die aktiwiteit is kortliks beskryf (minimum 20 woorde).		
2. Die aktiwiteit is toegelig met ten minste een foto (of enige vorm van bewys) van deelname aan die aktiwiteit.		
3. 'n Motivering vir die keuse van die aktiwiteit is kortliks beskryf (minimum 50 woorde).		



OM GOED TE **LUISTER**, IS
BAIE **BELANGRIKER**
AS OM TE **PRAAT**.



3 *BAANBREKER- VERKENNER*



3 *BAANBREKER- VERKENNER*

Geloofsvaardighede

1. Die Verkenner verstaan die betekenis van die Bybel as 'n Voortrekker se anker en kompas.

Sosiale vaardighede

2. Die Verkenner gebruik sosiale media korrek.
3. Die Verkenner weet hoe om konflik te hanteer.
4. Die Verkenner verstaan die beginsels van spanleierskap.
5. Die Verkenner onderskei tussen verskillende generasies.
6. Die Verkenner is bewus van die oorsake en hantering van tienerdepressie.

Kulturele vaardighede

7. Die Verkenner identifiseer bakens in die geboorte van Afrikaans.
8. Die Verkenner identifiseer taal- en kultuurhelde.
9. Die Verkenner ontdek die geskiedenis van die Groot Trek tot by die Anglo-Boereoorlog.
10. Die Verkenner identifiseer historiese gedenkwaardighede.
11. Die Verkenner identifiseer kultuursimbole en kultuurvlae.

Burgerskapvaardighede

12. Die Verkenner ontwikkel bestuursvaardighede.
13. Die Verkenner bestuur persoonlike finansies.
14. Die Verkenner is bewus van misdaadvoorkoming.

Voortrekkervardighede

15. Die Verkenner speel groep- en tradisionele speletjies.
16. Die Verkenner beplan 'n spankamp.
17. Die Verkenner berei saam met sy span kos in die veld voor.
18. Die Verkenner beplan 'n seremonie.
19. Die Verkenner kan rigting met 'n kompas bepaal.

GRAADWIELOPDRAGTE

**AS DAAR GEEN BYBEL WAS NIE, WAS ONS SOOS 'N HUIS SONDER
'N FONDAMENT.**

1. DIE VERKENNER VERSTAAN DIE BETEKENIS VAN DIE BYBEL AS 'N VOORTREKKER SE ANKER EN KOMPAS.

Die lewe van 'n Christen is gebou op die Bybel en sy boodskap. So ook die lewe van 'n Christelike kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers. As daar geen Bybel was nie, was ons soos 'n huis sonder 'n fondament. Die grootste geskenk wat ons ontvang het, is om die Bybel in ons eie taal te mag lees.

Die oorsprong van die Bybel

Die Bybel is 'n Boek van 66 boeke. Die woord Bybel beteken *biblioteek*. Die Bybel het nie skielik ontstaan nie, maar het geleidelik oor baie eeue ontwikkel. Dit is deur gewone mense met verskillende beroepe in verskillende tye in verskillende lande geskryf. Elke skrywer het sy eie kultuur, agtergrond en verhale gehad. Bybelse woorde kom in die taal van die skrywer, maar hulle is net die instrument deur wie die woorde van God kom.

In die Bybel is daar prosa, poësie, spreuke, wette, liederes, briewe. Die Ou Testament is in Hebreeus en Aramees geskryf en die Nuwe Testament in Grieks.

Oor tyd het die kerk op verskillende sinodes die Bybel onderskei tussen die kanonieke boeke (die Bybel soos ons dit ken) en die apokriewe boeke. Apokriewe boeke het in dieselfde tyd ontstaan, maar die kerk is nie oortuig dit is die ware Woord van God nie. Kerke mag uit die apokriewe boeke preek in soverre dit ooreenstem met die Bybelse boodskap.

Die Bybel is die boek wat die eerste gedruk is en sedertdien amper in elke taal vertaal is. Daar is geen boek in die wêreld waaroor soveel geskryf, gedink, geredeneer en gepraat is nie. Steeds is die boodskap nuut.

Die Bybel is nie:

- **'n Wetenskaplike handboek nie**

Die Bybel is geskryf vir gewone mense en praat die taal van gewone mense. Die Bybel kan nie misbruik word om moderne natuurwetenskaplike teorieë te verklaar nie.

- **'n Kitsantwoordboek op alle vrae nie**

Ons word elke dag gekonfronteer met 'n klomp vrae. Selfs met moeilike lewensvrae. Die Bybel gee nie kitsantwoorde vir elke vraag nie. Wie gelowig omgaan met die Bybel kry wel oor tyd antwoord op sy vrae.

Die Bybel is:

- **God se Woord in mensetaal**

Die Bybel is meer as 'n biblioteek van boeke, want die inhoud en boodskap is deur God geïnspireer. In die Bybel kom God self aan die woord. Deur die verhale en woorde van die Bybel kom openbaar God Homself sodat ons Hom kan leer ken vir wie Hy is. Deur die Bybel leer ons ook wie die mens is, wat sy bestemming is en hoe sy verhouding met God moet lyk en wat God van ons verwag.

Die Heilige Gees het in die lewe van die Bybelskrywers gewerk dat hulle God se bedoeling sou

verstaan en Sy boodskap sou neerskryf. Die hele Bybel praat met gesag wat van God afkom. Die inhoud van die Bybel wat deur die Heilige Gees in die Bybelskrywers geïnspireer is, oortuig ons dat dit die Woord van God is. As die Gees met die Boodskap van die Bybel praat, hoor ons wat deur dieselfde Gees tot geloof gekom het, die Here praat. Die Gees oortuig ons dat die Here deur die Bybel praat. Daarom hanteer Voortrekkers die Bybel met ontsag en respek.

- **'n Betroubare kompas vir ons hele lewe**

Die Bybel gee aan ons genoeg om die basiese dinge van elke mens – ook van my – te ken. Dinge soos wie ek is, hoe ek verlos kan word en hoe ek die Here vir so 'n verlossing dankbaar moet wees. Hoe ek gehoorsaam aan die Here moet lewe. Die Bybel leer ons deur te vermaan, te troos, te bestraf, maar veral die goeie nuus van God se verlossing aan ons bekend te maak.

Beginnels vir Bybelstudie?

Die volgende beginsels is belangrik:

- Lees die Bybel gereeld. Soos wat ons gereeld eet vir energie, moet ons die Bybel lees en bestudeer vir geestelike energie.
- Werk die Bybel sistematies of aan die hand van 'n tema deur. Moenie rond en bont blaai nie. Op Voortrekkerkampe word Bybelstudies vooraf uitgewerk aan die hand van 'n tema. Julle span kan ook 'n spesifieke tema kies. Op die Bybelgenootskap se toepassing is daar temas vir elke dag se lewe en hulpmiddels om die Bybel in een jaar deur te lees.
- Lees die Bybel dankbaar en gehoorsaam. Deur die Bybel ontdek ons met dankbare harte wat God deur Jesus Christus vir ons kom doen het. Die dankbaarheid word prakties gesien deur 'n lewe van gehoorsaamheid en diensbaarheid. Ons moet die eer van God hoër ag as enige van ons eie prestasies en doelwitte. Ons moet alles dus toets aan die Woord van die Here. Voortrekkers besef dat dit nie my eie suksesse is wat sin aan die lewe gee nie, maar die bydrae wat ek kan lewer tot die uitbouing van God se kerk en koninkryk.

Die Bybel en ons kultuurbegrip

DIE HELE BYBEL PRAAT MET GESAG WAT VAN GOD AFKOM.

Die Christelike geloof het met Jan van Riebeeck se koms 'n vastrapplek in Suider-Afrika gekry. Die Protestantse geloof is versterk deur die koms van die Hugenote, Duitse sendelinge, Britse setlaars en ander Westerlinge. Geloof is uitgeleef deur huisgodsdienste en gesinne wat kerk toe gaan. Hulle het Sondae eerbiedig, saamgekuier, hegte gesinsbande gehad en was gasvry. Hulle het kerkgeboue gebou, Christelike skole begin en die opvoedkunde,

musiek, digkuns, beskerming en bewaring van dier- en plantlewe gevestig. Die Voortrekkers het met die Bybel in hulle wakis getrek en kinders het uit die Bybel leer lees. In krisistye was die Bybel 'n anker vir Afrikaners.

Die Westerse kultuur word beskou as 'n Christelike kultuur. Afrikaners se kultuurbegrip sluit baie nou by 'n Westerse kultuur aan. Ten spyte van al die goeie dinge van die Westerse kultuur is dit nie sonder kritiek nie. As ons eerlik kyk na die Westerse kultuur sien ons kritiekpunte soos:

- Individualisme – die mense se woord is wet en elkeen maak soos hy of sy wil. Westerlinge doen dit wat hulle geniet, hulle wil alleen gelaat word en onafhanklik van ander optree.

Die selfsugtige lewensingesteldheid van Westerlinge bring mee dat vooruitgang, groei, sukses en ontwikkeling as baie belangrik beskou word. Dit gebeur dikwels ten koste van hul medemens en gemeenskap.

- Persoonlike sukses en selfverwesening is die dryfveer en maatstaf vir geluk en status. Dit is vir mense belangrik wat hulle ry, waar hulle bly en wat hulle kry. Dit het tot gevolg dat Westerlinge bereid is om hard te werk, maar dikwels net vir hulle eie voordeel. Westerlinge is dikwels meer op eie sukses ingestel as op ander mense se behoeftes. Sukses word slegs aan geld gemeet. Die skepping word oormatig ontgin tot eie voordeel en dit lei tot uitbuiting en misbruik van die skepping. Interaksie met die medemens is van min waarde.

Die gevolg hiervan is dat die waarde van die lewe net in die oppervlakkige, materiële gesoek word. Die vervulling wat geloof en naastediens bied, word nie beleef nie.

Christus kom staan op die skerpkant van kultuur. Hy is die maatstaf waaraan elke kultuur en kulturele aktiwiteit getoets moet word. Alle kulture moet hervorm word na Christus se beeld. Dit beteken in 'n Christelike kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers moet ons:


- die eer van God hoër ag as enige van ons eie prestasies en doelwitte.
- alles wat ons doen, toets aan die Woord van die Here.
- nie vra wat kan ek kry nie, maar waar kan ek 'n bydrae lewer.
- alles wat ons doen nie in eie krag nie, maar in afhanklikheid van God doen.

2. DIE VERKENNER GEBRUIK SOSIALE MEDIA KORREK.

Wilhelm Jordaan skryf in 'n artikel in *Beeld*:

“SO WORD JY ALGAANDE 'N DEURLUGTE AANLYNER, MAAR OP DIE KEPER [NOUKEURIG] BESKOU 'N VEREENSAAMDE PANNEKOEKMENS – PLAT EN DUN GESPREI IN DIE INTERNETRUIMTE SE WESENLIK LEEË GEDAGTEGANGE.”

Facebook, Instagram en ander sosialemediaplatforms word toenemend die plaasvervanger van egte vriendskappe. Mense sal eerder met ander deur sosiale media kommunikeer as om bymekaar te kom en te kuier. Sosiale media mag die hoeveelheid kommunikasie verhoog, maar die kwaliteit daarvan word ingeboet. Mense kommunikeer oppervlakkig. Hulle gebruik verkorte sinne, wat nie ruimte laat vir dieper betekenisvolle kommunikasie nie.



Goeie gewoontes by die gebruik van sosiale media:



Dink mooi voor jy iemand as "vriend" aanvaar.

Moenie enige beledigende inhoud oor jou vriende, jou skool of onderwysers bekend maak nie.

Dink mooi wat jy oor jouself plaas. Baie werkgewers kyk na aansoekers se profile op die internet om meer van hulle te wete te kom.



Beperk die hoeveelheid tyd wat jy op sosiale netwerke spandeer. Verslaafdheid aan die internet is deesdae 'n groot probleem. Mense is permanent op hulle selfone besig om boodskappe te stuur of te antwoord of op Facebook te kyk wie iets geplaas het.

Moenie iemand wat jy deur die internet ontmoet het, alleen by 'n koffiewinkel ontmoet nie. Mense is nie altyd wie en wat hulle voorgee om te wees nie.

Inligting wat jy op die internet geplaas het, is vir altyd daar. Jy kan dit afhaal, maar ander het dit dalk klaar ontvang en kan dit teen jou gebruik.

Beperk wie verskillende inligting op jou profiel kan sien en wie kommentaar kan lewer.



Moenie enige inligting aan vreemdelinge verskaf nie. Moenie jou selfoonnommer, e-posadres of PIN-nummer bekend maak nie.

Maak seker dat die boodskappe wat jy stuur, nie spelfoute bevat nie.

%&^*\$@#!!

Moenie enige vloekwoorde gebruik nie.

Moenie reageer as jy kwaad is nie.

Wees altyd positief.

Moenie foto's plaas wat jou dalk in 'n verleentheid sal stel nie.



Respekteer jouself.

Pasop vir kuberboelies!

Boelies is niks nuuts nie, maar met selfone en sosiale netwerke het boelies nou 'n nuwe giftige angel en dis erger en makliker om te boelie.

Kuberboelie word dikwels beskou as die moderne "speelgrond" van verwoesting. Facebook, Twitter, WhatsApp, e-pos, Instagram en ander sosialemediaplatforms is vandag die nuwe speelgrond vir kuberboelies.

Hulle negatiewe en afbrekende kommentaar breek hulle slagoffers se selfbeeld af.

Soms word "grappe" op sosiale media as verskoning gebruik om iemand te verkleineer. 'n Grap is nie 'n grap as dit ten koste van 'n ander persoon is nie. Grappe met steke maak seer en breek af. Valse gerugte, gemene aanmerkings en dreigemente is ook vorme van kuberboelie. Hulle versprei met opset gemene gerugte om die slagoffer seer te maak en te verneder. En dis natuurlik soveel makliker om katterig te wees as jy nie die teiken van jou gemene smeerveldtog in die gesig hoef te kyk wanneer jy hom/haar beswadder nie.

Facebook behoort die plek te wees waar familie en vriende, wat ver van mekaar bly, gebeurde en foto's van mekaar kan volg. Dit het ongelukkig die plek geword vir mense wat wil afknou en verwoesting saai. 'n Kuberboelie kan ander teister of verneder deur 'n rekenaar of selfoon te gebruik. Die boelie versprei privaat sake of foto's om iemand seer te maak. 'n Paar persone staan gewoonlik saam en lewer almal negatiewe kommentaar. Die boodskappe kan wees 'n lelike opmerking oor iemand se lyf, foto's of skinderstories waaroor die kind skaam is om met ouers oor te praat.

Aangesien die kommentaar vir almal sigbaar is, bv. op Facebook, is kuberboelie erger as om net te skinder. Soms is tieners se status van so 'n aard dat dit iemand beskryf en beledig.


Boelies gebruik tegnologie vir hul verwoesting omdat hulle maklik 'n vals naam gebruik en het dan die moed van 'n leeu. Boelies neem so wraak teen iemand teen wie hulle nie werklik opgewasse is nie.

KUBERBOELIES KAN ENIGE TYD VAN DIE NAG OF DAG ANDER TEISTER, ALHOEWEL DIT MEER GEBEUR GEDURENDE NAWEKE EN VAKANSIES.

Mense wat 'n kuberboelie is, oortree ook die Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte op Menswaardigheid. Deur iemand minderwaardig te behandel deur aksies of woorde, beskou jy jouself as hoër en jy ontken die ander persoon se menswees en belangrikheid in die samelewing. Wanneer jy die Handves van Menseregte oortree, oortree jy ook een van ons land se wette. Daar is gevalle waar kinders al gearresteer was vir kuberafknoeiery en die gevolg was gemeenskapsdienslewering en 'n kriminele rekord.

Kinders wat gereeld in kletskamers met mekaar kommunikeer, is maklike teikens.

Statistiek:



Wenke om kuberboelie hok te slaan:

- ☐ Verstaan mooi, dit is nie jou skuld nie.
- ☐ Kies foto's wat jy oplaai baie versigtig.
- ☐ Moenie sensitiewe foto's op Facebook of WhatsApp plaas nie.
- ☐ Moenie op 'n kuberboelie se beledigende boodskap reageer nie.
- ☐ Moenie emosie toon teenoor die boelie nie.
- ☐ Staan op en PRAAT met jou ouers of onderwyser wie jy kan vertrou.
- ☐ Moenie jou wagwoord aan ander mense gee nie.
- ☐ Meld dit aan op Facebook en blok die persoon.
- ☐ Sorg dat jou rekenaars die regte antivirus-sagteware op het.
- ☐ Stoor alle bewyse van boeliegedrag soos WhatsApp's of SMS'e. Hou ook skermskote van webbladsye en gee die bewyse aan 'n ouer of onderwyser.

3. DIE VERKENNER WEET HOE OM KONFLIK TE HANTEER.


WAT IS KONFLIK?

Daar is geen mens op aarde wat nie op een of ander stadium konflik beleef nie. Konflik, selfs tussen die beste vriende, is normaal. Die vraag is, hoe hanteer jy dit? As konflik nie reg hanteer word nie, kan dit lei tot kwaai vriendskap. Dit kan voorkom word.

Vir baie mense is dit moeilik om konflik te hanteer, en daarom word meningsverskille dikwels in 'n negatiewe lig beskou. Konflik is egter nie nét negatief nie – ten spyte van die ongemaklikheid wat dikwels daarmee gepaard gaan, kan konflik 'n baie positiewe bydrae maak as dit reg bestuur word. Die volgende positiewe en negatiewe kenmerke van konflik kan onderskei word:

Negatiewe gevolge van konflik


- Konflik in die span kan tot die volgende negatiewe gevolge lei:
- Dit veroorsaak spanning onder die betrokke partye sowel as ander wat deur die konflik geraak word.
 - Spanning lei tot laer spanlidmoraal, wat weer 'n negatiewe impak op produktiwiteit het.
 - Ongelukkige spanlede kan begin om onder-standaard te presteer.
 - Konflik kan maak dat spanlede mekaar nie kan verdra nie, en daarom nie effektief kan saamwerk nie.
 - Konflikhantering kan tydrowend wees.



Positiewe gevolge van konflik

As konflik reg bestuur word, kan dit egter ook die volgende positiewe eienskappe toon:

- Konflik dui op probleme waaraan aandag gegee moet word – dis soos 'n rooi vlaggie vir iets wat andersins misgekyk kon word. Moontlike probleme wat deur konflik uitgewys kan word, sluit in negatiewe karaktereienskappe van spanlede, swak gekommunikeerde instruksies, 'n gebrek aan hulpbronne of verkeerdelike aannames oor die beste manier om 'n proses of prosedure te hanteer.
- Deur konflik en meningsverskille toe te laat, kan meer innoverende oplossings vir bepaalde situasies gevind word – dis eers wanneer 'n idee uitgedaag word dat mense met beter idees vorendag kom.
- Konflik is belangrik vir die ontwikkeling van goeie bestuurders. Idees wat openlik gedeel word, belangrike onderwerpe wat openhartig en reguit bespreek word en perspektiewe wat passievol verduidelik word, kan alles konflik veroorsaak. Dit stop egter nie daar nie – dit gee die partye ook die geleentheid om alternatiewe standpunte as hulle eie te oorweeg.
- Wanneer konflik manifesteer – of die spreekwoordelike bom bars – word spanning verlig.
- Konflik stimuleer analitiese denke en verandering.
- Effektiewe konflikhantering kan groepskohesie verbeter.
- Konflik lei tot hoër kwaliteit besluite omdat verskillende opsies eers deeglik oorweeg word.



Die volgende stappe kan geneem word wanneer konfliksituasies voorkom:



Beheer jouself

Selfbeheersing verwys na die vermoë om ontwrigtende drange en stemmings te beheer of te bestuur, nie te oordeel nie en te dink voor jy praat of doen. Daar kan ook daarna verwys word as selfbestuur. Kenmerke van mense wat selfbeheer beoefen, sluit in betroubaarheid en integriteit, gemaklik met dubbelsinnigheid, sowel as gemaklik met verandering wees.


Die eerste stap in die effektiewe hantering van konflik, is om in beheer van jouself te bly. Moenie toelaat dat emosies jou rasonale denke oorneem en jou 'n gek van jouself laat maak nie. Onthou dat jy dalk nie die situasie kan beheer nie, maar jy het ALTYD 'n keuse oor die manier waarop jy reageer. Neem doelbewuste besluite eerder as om jouself toe te laat om dinge te doen waaroor jy later spyt gaan wees.



Erken die ander persoon se bekommernisse

As die ander persoon die meningsverskil begin het of irrasioneel reageer op 'n saak wat vir jou van belang is, moet jy dit teenoor daardie persoon verbaliseer. Jy kan byvoorbeeld sê: "Ek besef hierdie saak is vir jou baie belangrik", of "Ek besef dat jy dalk nie met my voorstel saamstem nie, maar ek voel tog dat dit meriete het". As die meningsverskil vinnig in 'n hewige gestryery ontaard, is dit 'n goeie idee om jouself uit die situasie te haal. Dui aan dat jy 'n breek nodig het en koel af voor julle die saak verder bespreek.

EK BESEF...



Bespreek beide partye se belange kalm en rustig

Probeer om die emosies uit die gesprek te haal deur nie op mekaar te skree of mekaar vir dinge te blameer nie. Stel jou saak op die man af en spesifiek. Dit sal vir die ander party makliker wees om op spesifieke voorbeelde te reageer as op breë veralgemenings of aantygings. Bly liefsweg van woorde soos 'altyd' of 'nooit' – dis selde die waarheid.



Alhoewel dit moeilik mag wees, is dit 'n goeie idee om die konflik tot een of twee kwessies te beperk. Moenie dat die konfrontasie elke lieue probleem wat al ooit in julle vriendskap of verhouding voorgekom het, insluit nie.



Gee die ander persoon 'n kans

Bly stil en gee die ander persoon ook 'n geleentheid om sy/haar kant van die saak te stel. Luister aktief na wat hulle sê – moenie bloot 'n fout in hulle argument soek of fokus op wat jy gaan terugse nie. Luister WERKLIK na wat die ander persoon sê, ongeag of dit is wat jy wil hoor of nie.

Moenie die ander persoon aanjaag nie. Gee hulle die kans om al hul kwessies teen hul eie pas op die tafel te sit. Dit sal die ander persoon gerespekteer laat voel, en hulle sal besef dat jy werklik na hulle geluister het.



Behandel die ander persoon met respek

As jy nie saamstem met wat die ander persoon sê nie, bevestig sy/haar bekommernisse eerder as om in 'n strydery betrokke te raak. Neem 'n paar sekondes om jou gedagtes te orden voor jy reageer, want so jy kan jy keer dat jy die ander party onnodig seermaak. Sê iets soos: "Ek kan sien waarom jy ontsteld is". Deur die ander persoon tegemoet te kom, verbeter jy die kanse dat hy/sy ook positief op jou behoeftes sal reageer.



Slaan ag op jou liggaamstaal

Net soos wat dit van kritieke belang is om nie te skree, vloek of skel nie, is dit eweneens belangrik om deur jou lyf taal die behoefte om te kommunikeer, weer te gee. Moenie jou arms voor jou lyf vou nie en sorg dat jou postuur ontspanne is. Goeie oogkontak is ook baie waardevol. Moenie vingerwys of jou hande wegsteek nie, want dit kan dui op 'n onwilligheid om te gesels.



Gebruik humor

Onthou dat 'n argument nie noodwendig NET ernstig hoef te wees nie. As jy daartoe in staat is en dink dat die ander persoon dit sal waardeer, maak 'n grappie of twee. Dit kan die spanning verlig en wys dat jy nie verdedigend is of dinge persoonlik neem nie. Moet egter nooit 'n grap ten koste van die ander persoon maak nie – dit kan die konflik vererger eerder as verbeter.

Hoe hanteer ek konflik? Kortliks opgesom:

- Bly kalm.
- Doen selfondersoek. Alle konflik het twee kante. Wees eerlik oor jou aandeel in die konflik.
- Luister na die ander persoon. Moenie die ander persoon in die rede val nie. Wag tot die persoon klaar gepraat het.
- Laat die persoon verstaan dat jy gehoor het wat hy/sy sê en dat jy hoor wat sy/haar argument is.
- Moenie die konflik ten alle koste probeer oplos nie.
- Moenie die laaste woord probeer inkry nie. Dit gaan dan oor 'n magspel.
- Probeer jou argumente rasioneel, eerder as emosioneel, stel.
- Moenie ander oordeel voor jy nie genoeg kennis opgedoen het nie.
- Gebruik EK-boodskappe eerder as JY. EK sien dat jy ongelukkig is ... eerder as JY doen net wat jy wil ...
- Neem aan dat geen twee persone dieselfde is nie. Elke persoon is uniek. Persone kom van ander agtergronde en kulture. Probeer die ander persoon se standpunt insien.

4. DIE VERKENNER VERSTAAN DIE BEGINSELS VAN SPANLEIERSKAP.**Die spanleier**

Oor die eeue heen en reg oor die wêreld het "leiers" 'n paar dinge in gemeen gehad.

- 'n Leier is net 'n leier wanneer daar mense is wat hom volg. Daar kan dus nie gepraat word van iemand wat lei sonder dat daar *volgeling* is nie.
- Die mense wat gelei word deur die leier gee aan die leier "*toestemming*" om hulle te lei. Dit gebeur dus nie vanselfsprekend dat, as iemand as "leier" opgehemel word, leierskap deur almal toegelaat en aanvaar word nie.
- Leiers kry dit reg om hul volgeling aan te lok deur die oortuigings en unieke "storie" wat hy vertel. Dit *waarvoor die leier staan, maak dan dat 'n sekere groep mense hom sal volg.*
- Die leier se oortuigings en "storie" word gekenmerk deur die volgende drie eienskappe:
 - **'n Sterk rede.** Hierdie aspek van die leier se "storie" gee die volgeling 'n sterk genoeg rede sodat hulle daarin *wil* glo. Dit antwoord die volgeling se vraag: "Waarom moet ek?"
 - **Versekering.** Die leier se "storie" gee gewoonlik aan mense die gevoel dat dit die moeite werd is om dit na te volg. Die volgeling sien dit as "die waarheid" en glo dat dit beter is as dit wat hulle gehad het.
 - **Hertoewyding.** Die leier se "storie" is so oortuigend dat die volgeling hulself daaraan sal verbind omdat hulle glo dat dit hul lewens beter sal maak. Hulle glo dat die nuwe die oue sal vervang.
- Die leier se "storie" en oortuiging is van so 'n aard dat dit mense laat voel dat hulle op hul eie manier die volgende drie dinge ervaar:
 - **Betekenisvolheid.** Mense voel dat, wanneer hulle sou deel in die leier se oortuiging, hul optrede sou lei tot 'n betekenisvolle bestaan. Hul siening oor die leier se optrede, is dat dit betekenis aan hul toekoms gee.
 - **Eiewaarde.** Mense voel dat hul eiewaarde op een of ander manier toeneem deurdat hulle inkoop in die leier se "storie". Die leier se "storie" word gesien as iets wat hul selfrespek en eiewaarde laat toeneem.
 - **Sekuriteit.** Mense voel dat hul deelname aan die aktiwiteit wat deur die leier se "storie" aangebied word, vir hulle een of ander vorm van sekuriteit sal kan bied.
- Die leier se "storie" is *sinvol vir die tyd en plek waar dit "vertel" word.* Die leier se "tydsberekening" is dus net reg. Soms gee dit vir die volgeling 'n onmiddellike gevoel van versekering in die huidige situasie. Ander kere weer kan die leier se "storie" nie onmiddellik 'n effek hê nie, maar wel in die toekoms.
- 'n Leier bou sy prioriteite rondom 'n *stel waardes* wat ook toepaslik is vir die volgeling. Dit waaraan die leier aandag gee en dit wat hy doen, is wat vir hom werklik belangrik is. Waardes is belangrik omdat dit iets sê van dit wat reg/verkeerd en goed/sleg vir mense is. Mense sal dus, deur middel van hul waardes, bepaal hoeveel betekenis hulle kan heg aan dit wat die leier hulle bied. Daarvolgens sal mense besluit hoe ver hulle die leier wil volg.

Spanleiers speel 'n belangrike rol in die effektiewe funksionering van spanne. As spanleiers hul rolle verkeerd verstaan of vertolk, kan hulle hul spanne groot skade berokken en hul spanne lelik aan bande lê.

Die volgende eienskappe is kenmerkend van goeie spanleiers:

- **Kommunikasie:** Effektiewe spanleiers kan goed kommunikeer. Deur effektiewe kommunikasie gee leiers hul verwagtings aan spanlede deur op 'n manier wat hulle verstaan. Onthou dat jou SMS'e en blitsboodskappe 'n belangrike deel van jou kommunikasiemedie uitmaak en dat dit reg aangewend moet word.



- **Organisasievermoë:** Effektiewe spanleiers is goeie organiseerders. Georganiseerde spanleiers stel stelsels in plek om orde te handhaaf en spanlede te lei na die bereiking van die organisasie se doelwitte.
- **Vertroue:** 'n Effektiewe spanleier het vertroue in sy/haar vermoëns, sowel in dié van sy/haar spanlede. Hulle is selfversekerd in die besluite wat hulle neem en hul spanlede kan rus in die wete dat die spanleier die nodige gesag in die organisasie geniet.

- **Respek:** 'n Kwaliteit spanleier respekteer sy/haar spanlede. Hulle bemagtig hul spanlede deur hulle aan te moedig om insette te lewer in besluite wat hulle raak en daardeur weet die spanlede dat die leier hul insette en opinies waardeer en respekteer.




- **Regverdigheid:** Goeie spanleiers behandel spanlede regverdig. Hulle is konsekvent in die toekenning van belonings en die gee van erkenning, sowel as in die neem van dissiplinêre stappe. 'n Regverdige leier maak seker dat alle spanlede gelyke behandeling ontvang.



- **Integriteit:** 'n Effektiewe leier is eerlik en oop met sy/haar span. Hulle wen die vertroue van hul spanlede omdat hulle by hul woord hou en ander behandel soos hulle graag behandel sou wou word.



- **Invloedryk:** Invloedryke leiers inspireer hul spanne om toegewyd te werk aan die bereiking van die organisasie se doelwitte. Hulle help ook om veranderinge in die werkplek te bestuur omdat hulle effektiewe besluite neem en openlik kommunikeer, en daardeur die vertroue van hul spanlede wen.



- **Delegeringsvermoë:** Effektiewe spanleiers weet hoe om leierskap deur delegasie te deel. Hulle ken sekere take aan betroubare spanlede toe.



- **Fasiliteringsvaardighede:** Vir 'n spanleier om effektief te wees, moet hy/sy ook die rol van 'n kragtige fasiliteerder kan vertolk. Hulle moet hul spanlede help om hul doelwitte te verstaan en hulle moet ook 'n bydrae lewer in die ontwikkeling van 'n aksieplan. Daarna moet hulle help met die organisering van spanlede om volgens die aksieplan te werk sodat doelwitte bereik kan word.

- **Onderhandelingsvaardighede:** Spanleiers moet hul onderhandelingsvaardighede gebruik om resultate te behaal. Indien 'n spanleier goed kan onderhandel, sal dit die besluitnemingsproses vergemaklik, terwyl dit ook probleme op 'n wyse sal oplos wat in alle partye se beste belang is.



- **Sin vir humor:** Spanleiers moedig hul spanne aan om te lag oor die foute wat hulle gemaak het eerder as om daaroor te huil. Spanleiers moet 'n punt daarvan maak om grappies met hul spanlede te deel en hulle moet persoonlike gesprekke oor die naweek se planne en aktiwiteite aanmoedig.

- **Positiewe houding:** Solank as wat 'n span gelukkig en opgeruimd voel, is die kanse beter dat hulle sal saamwerk. As die spanleier negatief is oor iets sal die span ook negatief voel.



'N REGVERDIGE LEIER MAAK SEKER DAT ALLE SPANLEDE GELYKE BEHANDELING ONTVANG.



- **Kreatiwiteit:** Soms is die regte besluit nie voor die hand liggend nie. Dit mag partykeer nodig wees om af te wyk van die koers wat aanvanklik ingeslaan is en besluite moet soms op 'n drafstap geneem word. Dis dan wanneer kreatiwiteit deurslaggewend sal wees. Dis ook 'n goeie tyd om spanlede te betrek en leiding by hulle te kry sodat 'n ingeligte besluit geneem kan word. Vir spanleiers is dit belangrik om te leer om buite die boks te dink. Moenie noodwendig die eerste of maklikste opsie kies nie – dink dalk eers daarvoor na, kry spanlede se insette en neem dan 'n besluit.

- **Intuisie:** Wanneer 'n spanleier sy/haar span op onbekende paaie lei, is daar nie padkaarte om te help nie. Alles is onseker en hoe hoër die risiko is, hoe groter is die druk. Dis dan wanneer 'n spanleier se natuurlike instink moet inskop. Wanneer onverwagse dinge gebeur en die span na hom/haar kyk vir leiding, moet die spanleier kan staatmaak op sy/haar vorige ervarings, hulle moet raad vra en hulle moet leer om op hul voorgevoel staat te maak. Spanleiers moet leer om hulleself te vertrou net soveel as wat spanlede moet leer om spanleiers te vertrou.



5. DIE VERKENNER ONDSKEI TUSSEN VERSKILLENDEN GENERASIES.

Generasies is mense met gemeenskaplike ervarings en wat 'n bepaalde waardestelsel en kultuur deel. Mense is nie almal presies dieselfde nie, maar tree op volgens bepaalde waardes. 'n Generasie is 'n groep mense wat ongeveer in dieselfde tyd gebore is en strek oor omtrent twintig jaar.


Die vinnige tempo van ontwikkeling van die samelewing lei tot 'n gaping tussen een generasie na die volgende waar daar vroeër jare drie of meer generasies was wat 'n soortgelyke lewenstyl gehandhaaf het.

Verskillende generasies is daagliks in kontak met mekaar en interaksie vind plaas tussen verskillende generasies, wat dikwels aanleiding gee tot frustrasie, konflik en misverstande. Elke generasie dink hulle is slimmer as die een voor hulle en wyser as die volgende. Tog het elke generasie iets nuut om te bied en kan daar iets geleer word van elkeen. Mense se houdings, waardes en verwagtinge word gebaseer op hoe die lewe was toe hulle grootgeword het.

As generasieverskille in ag geneem word, kan daar makliker begrip getoon word van hoe om verskillende ouderdomme beter te verstaan.

Verskillende generasies

Hoewel verskillende weergawes bestaan oor watter ouderdomsgroep in watter generasie val, kan die volgende riglyn gebruik word:



Generasie X

(Gebore tussen 1966–1976): “Latchkey” Generasie, “Baby Buster” Generasie, Uitdraaier Generasie, Misverstande Generasie, Verlore Generasie

**Algemene kenmerke/lewensbeskouing**

Ouers het gerebelleer teen oormatige streng beheer wat toegepas is deur hulle ouers; dus het hulle oormatige vryheid beleef wat amper grens aan verwaarlosing. Kinderjare (vormingstyd) was gekenmerk aan die minste betrokke ouersorg in die geskiedenis. Hulle het grootgeword met die idee dat hulle ouers nie geweet het wat aangaan by die skool nie, en onderwysers het nie geweet wat aangaan by die huis nie. Die ouers oorkompenseer dus deur seker te maak hulle kinders kry alles wat hulle nodig het.

- Het praktiese, veilige loopbane gebou met die idee dat hulle suksesvol kan wees solank hulle bereid is om hard te werk.
- Pragmaties, individualisties, neem risiko's.
- Fokus op resultate: Is uitkoms-gesentreerd.
- Eerste dubbelinkomste-families en dus ook eerste “dagsorg-generasie”.
- Werk met geld: Versigtig, konserwatief, spaar spaar spaar.
- Werk slimmer – groter uitset.
- Hou van struktuur.
- Wil inkom, werk, klaarkry en aanbeweeg na volgende taak.

Positiewe eienskappe

- Goeie waardestelsels.
- Goeie balans tussen werk en lewe. Werk om te lewe, nie lewe om te werk nie.
- Neem verantwoordelikheid.
- Eties.
- Het selfvertroue en is onafhanklik.
- Baie aanpasbaar en buigsaam.
- Gretig om te leer en gedetermineerd.
- Goeie korttermynoplossingsvaardighede.
- Persone wat verskeie take gelyk kan doen (*multitaskers*).
- Word nie geïntimideer deur gesagsfigure nie.
- Tegnologies vaardig.
- Besik oor die potensiaal om die generasiegaping te oorkom: Van die oudste tot die jongste generasie kan geakkommodeer word.
- Sal goeie werk doen as hulle die regte toerusting het.

Negatiewe eienskappe

- Sterk sin van geregtigheid.
- Kwaad, maar weet nie waarom nie.
- Word gekritiseer dat hul geen lojaliteit teenoor werkgewers toon nie.
- Sinies en skepties.
- Aanvaar nie maklik gesag, baie gestruktureerde omstandighede of reëls nie.
- Ongeduldig.
- Gebrek aan mensvaardighede (*people skills*).
- Gebrek aan langtermynvisie.
- Wantroue teenoor organisasies.

Hoe kommunikeer jy suksesvol met die generasie?

- Direkte, onmiddellike en reguit kommunikasie.
- Gebruik 'n informele kommunikasiestyl.
- Kommunikeer kortliks maar gereeld.

Wat motiveer die generasie?

- Doen dit op jou manier, vergeet van die reëls, werk onafhanklik.
- Redes vir opdragte of take hou hulle gemotiveerd: As hulle nie verstaan waarom hulle 'n sekere taak moet verrig nie, sal hulle dit bevraagteken.
- Fokus op produktiwiteit.
- Verskeidenheid, onafhanklikheid, tegnologie en pret.
- Genoeg tyd en vryheid om te doen wat hulle wil.
- Gereelde en konstruktiewe terugvoer oor hulle werk maak hul meer effektief (hoewel hulle nie afhanklik is van persoonlike erkenning deur ander nie).
- Laat-maar-loop-leiding (*hands-off*).
- Hulle families is 'n sterk fokuspunt.

Wat demotiveer die generasie?

- Mikrobestuur.
- Te veel inligting laat hulle oorlaai en gebombardeer voel. Hulle werk so hard en vinnig dat hulle verveeld raak as hulle nie kan byhou nie.

Generasie Y

(Gebore tussen 1977–1993): Die Millennium Generasie, Aggressiewe Generasie, E-Generasie, Sondebok Generasie, Hollywood Generasie, Die Ambisieuse Generasie



Algemene kenmerke/lewensbeskouing

Grootgemaak met 'n sin van optimisme en ongekende moontlikhede en sien hulle ouers as hulle helde. Spandeer baie tyd en geld aan slimfone en internetdata. Hul fokus is om kinders groot te maak met 'n hoë selfbeeld – al impliseer dit dat hul kinders nie tereggewys word of hulle enigsins gedruk word om te presteer nie.

- Tegnologie is integraal. Ken nie 'n wêreld sonder tegnologie nie.
- Verdien inkomste sodat hulle dit kan spandeer.
- Diversiteit, veral in terme van multikulturaliteit.
- Hoë morele waardes.
- Pret.
- Kompetierend.
- Hou van persoonlike aandag.
- Sosiaal en werk maklik saam in spanne.
- Lede van 'n globale gemeenskap: Dink meer aan gemeenskap as individu.
- Spiritueel.
- Nou!
- Straatslim.
- Kind-gesentreerde ouerskapstyl.
- Geheg aan toestelletjies (*gadgets*) en ouers.
- Verbruikersmentaliteit.
- Sien die ouer generasie as kief.

- Wil ander mense gelukkig hou.
- Lewe vriendelike en gestruktureerde lewens.
- “Ek eerste”-houding in werkslewe.
- Respekteer bevoegdheid eerder as 'n titel.
- Handelsname is belangrik.

Positiewe eienskappe

- Optimisties, realisties en positief.
- Het nie bagasie oor kleur of geslag nie.
- Selfvertroue.
- Baie onafhanklik.
- Sterk fokus op kinders en familie.
- Oop vir nuwe idees.
- Innoverende, uit-die-boks-denkers.
- Doelgerig.
- Baie vaardig met tegnologie.
- Doen verskeie take (*multitask*) vinnig.
- Patrioties en wil graag positiewe bydrae tot die samelewing maak.
- Neem van jongs af verantwoordelikheid.
- Balanseer nie net balans tussen werk en lewe nie, maar ook tussen gemeenskap, betrokkenheid en selfontwikkeling.

Negatiewe eienskappe

- Sterk sin van “aanspraak”.
- Selfgesentreerd.
- Benodig toesig en struktuur.
- Dissipline ontbreek dikwels.
- Hoë verwagtinge.
- Gebrek aan sosiale vaardighede om met moeilike mense te werk.
- Het die hoogste lewenstandaard nog ooit – materialisties.

Hoe kommunikeer jy suksesvol met die generasie?

- Beleefd.
- Gebruik positiewe, respektvolle, motiverende en elektroniese style.
- Kommunikeer in persoon wanneer die boodskap dringend is.
- Gebruik aksiewerkwoorde.
- Gebruik taal om visuele beelde uit te beeld.
- Wees noukeurig in keuse van woorde en hoe boodskappe oorgedra word: Hulle is nie goed met persoonlike kommunikasie nie, as gevolg van tegniese kommunikasie wat grotendeels gebruik word.
- Gebruik humor.
- Bind boodskappe aan doelwitte en ambisies. Wees duidelik oor wat doelwitte en verwagtinge behels.
- Gee gereeld terugvoer – hulle sal ook daarvoor vra.

Wat motiveer die generasie?

- Respek.
- Hul persepsie is dat hulle enige iets kan bemagtig, want hulle is uniek en spesiaal.
- Raak gou verveeld en wil nuwe vaardighede aanleer eerder as om te spesialiseer in een aspek van hul beroep.
- Betekenisvolle, stimulerende en uitdagende werk.
- Spanwerk saam met slim en kreatiewe mense of vriende.
- Die idee dat hulle werk 'n betekenisvolle bydrae lewer en 'n verskil maak.
- Verskeidenheid en diversiteit.
- Beloning vir ekstra moeite en uitnemendheid.
- 'n Ondersteunende, gestruktureerde omgewing met ruimte vir buigsaamheid.
- Buigsaamheid kragtens werksure omdat tegnologie hulle in staat stel om van enige plek en enige tyd te werk.
- Interaktiewe werksomstandighede.
- Sterk, etiese leiers motiveer hulle.
- Respek ten spyte van hulle ouderdom.
- Organisasies wat netwerk-georiënteerd, eerder as hiërargies is.
- Finansiële vergoeding.
- Om iets te leer en onmiddellike resultate te sien.

Wat demotiveer die generasie?

- Onbuigbare, hiërargiese organisasies.
- As daar neerhalend met hulle gepraat word.
- Vervelige, repeterende of onstimulerende werk word gesien as swak besteding van hul tyd en energie, en word gesien as 'n aanduiding dat hulle nie ernstig opgeneem word nie.
- Reageer negatief op mense wat outoritêr optree en verwag om respekteer te word bloot op grond van hoër posisie.
- Ervaar dit as disrespekvol as daar verwag word hulle moet iets doen bloot op grond van die feit dat dit nog altyd so gedoen is, of dat dit bloot van hulle verwag word.
- Evaluasie gebaseer op insette eerder as uitsette: Wil geëvalueer word op grond van produk/diens gelewer, nie hoe, waar of wanneer hulle dit gedoen het nie.

**TEGNOLOGIE STEL
HULLE IN STAAT OM
VAN ENIGE PLEK EN
ENIGE TYD TE WERK.**



Generasie Z

(Gebore na 1994): Die Swyende Generasie, Internet Generasie, iGenerasie, Generasie-Nou, Google Generasie, Ek-Generasie



Algemene kenmerke/lewensbeskouing

Word hoofsaaklik grootgemaak deur Generasie X-ouers, maar word baie meer blootgestel aan multigenerasiefamilies: Leef dikwels saam met ouers in tweede huwelike, grootouers en ouer broers of susters. Hulle word nie meer grootgemaak met sterk fokus op geslag-spesifieke rolle nie.

- Tegnologie is hul eerste taal. Meer tegnologie-vaardig as Generasie Y.
- Sosiale media en onmiddellike, direkte kontak is belangrik.
- Raadpleeg verskeie mense (*crowd source*) op sosiale media vir oplossings.
- Verwag om enige plek en tyd te kan werk, leer en studeer.
- Konstant in kontak met wolkgebaseerde (*cloud-based*) wêreld van vriende, data en vermaak.
- Wag vir e-posse was nog nooit deel van hulle leefwêreld nie.
- Baie individualisties en onafhanklik: Druk unieke styl uit in kleredrag eerder as om in te pas by portuurgroep se styl.
- Selfgesentreerd, maar het groot sin vir regverdigheid.
- Minder geslag-spesifiek.
- Glo in die reg om te wees wie jy wil wees, ongeag geslag, ras of kultuur.
- Entrepreneurs, toekomsgerig en het globale lewensuitkyk.
- Ongekende invloed op familie-uitgawes in terme van klere, kos en vermaak, en ook op wêreld ekonomie.
- Materialisties, tog groot sosiale bewustheid.
- Het vrees om iets mis te loop: FOMO (*fear of missing out*).
- Geen handelsmerklojaliteit nie: Meng en pas alles van klere tot filosofieë.
- Van vroeg af gebombardeer met beelde en nuus van oorlog, resessie en klimaatsverandering, dus dra hulle groot sosiale verantwoordelikheid en onsekerheid.
- Word te vinnig groot, maar word ook glad nie groot nie! Blootstelling aan ontstellende wêreldnuus dwing hulle om vinnig groot te word, tog sal hulle tot in hul volwasse lewens spelers (*gamers*) wees en wil hulle hê skoolwerk moet pret wees.
- Goeie selfbeeld gekombineer met digitale vaardighede laat hulle dink hulle kan enige iets vermag.
- Tuisonderrig neem toe onder hierdie generasie.
- Kuberruimte-afknouing, identiteitsbedrog, intellektuele armoede is potensiële risiko's.
- Benodig gespesialiseerde vaardighede kragtens tegnologiese vooruitgang, maar universele onderrig hou nie by die behoefte nie.
- Generasie Z wat nie toegang tot digitale wêreld het nie as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede, het agterstand en word benadeel.
- Egskeidings, druk om suksesvol te wees en gebrek aan duidelike grense lei tot spanning en depressie.
- Gaping tussen vaardighede wat hulle benodig en wat skole leer, word al groter.

Positiewe eienskappe

- Vermoë om in kort tyd deur massas inligting te sif en te besluit wat relevant is.
- Meer realisties as Generasie Y.
- Sin vir regverdigheid.
- Bewus van omgewingsbewaring en oorweeg loopbane wat verskil sal maak in die wêreld.
- Sterker band met ouers en baie na aan hulle: Kyk dieselfde televisieprogramme, luister dieselfde musiek en speel dieselfde videospelletjies.
- Brein is aangepas by vinnige prosessering van data, beelde, videospelletjies en Internet: Gaan slim volwassenes wees wat baie inligting kan hanteer en besluite neem.
- Persone wat baie take gelyk kan verrig en dit konstant doen (multi-taskers).
- Is bewus van hul eie passie omdat inligting vrylik beskikbaar is.
- Geen kennis van apartheid nie.
- Aktiewe vrywilligers en gee om vir die mensdom.
- Minder spandabelrig, versigtig met geld en maak nie somer skuld nie.
- Meer bewus van privaatheid en hulle eie handelsmerk (brand) as generasie Y wat alles op sosiale netwerke deel.
- Lojaal, bedagsaam, barmhartig, onbevooroordeeld en verantwoordelik.
- Gedetermineerd – gee nie maklik op nie.
- Gaan balans, leierskap en stabiliteit na die werksplek bring.

Negatiewe eienskappe

- Soek konstante en onmiddellike terugvoer, wat kan voorkom as gebrek aan geduld en 'n kort aandagspan.
- Beskryf as te afhanklik van tegnologie.
- Ander generasies moet aanpas by hulle veranderende (of gebrek aan) interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
- Baie skepties as gevolg van hulle blootstelling aan die media.
- Raak te emosioneel geheg aan digitale gewoontes.
- Soek vinnige antwoorde, soms ten koste van akkuraatheid.
- Staar gesondheidsprobleme in die gesig as gevolg van onaktiewe lewenstyle.
- Geen lojaliteit teenoor organisasies nie.
- Kry wat jy wil hê. Onmiddellike behoeftebevrediging.
- Tegnologie is egter nie die grootste kenmerk nie, maar wel ISOLASIE.

Hoe kommunikeer jy suksesvol met die generasie?

- Verkies om deur middel van digitale media te leer en leer maklik vanaf die Internet.
- Tog stel hulle persoonlike kommunikasie in klein groepe en een tot een hoog op prys.
- Kort en onmiddellike terugvoer.
- Kommunikeer deur visuele beelde, ikone en simbole te leer.
- Hulle digitale wêreld kan spesifiek en doelgemaak word deur middel van tegnologie, daarom verwag hulle dieselfde van hulle onderrig.

Wat motiveer die generasie?

- Het nodig om uitgedaag te word deur projekgeoriënteerde, aktiewe leermetodes.
- Wil werk vir sukses, vir hoë-intensiteitverhoudings, en werk na iets waaroor hulle sterk voel.
- Wil nie ander teleurstel nie.
- Om op te staan en te veg vir dit waarin hulle glo.
- Om 'n verskil te maak in iemand anders se lewe, om die geleentheid te hê om bevorder te word en om krediet vir iets te ontvang.
- Nie gemotiveer deur geld nie.
- Waar Generasie Y YouTube gekyk het, wil Generasie Z eerder mede-skep, lewendig uitsaai (*live stream*) en aktiwiteite opmaak soos hulle gaan.
- Reageer goed op duidelik gedefinieerde take waarvoor duidelike belonings gekommunikeer is. Prestasie en goeie werksverhoudings word gedryf deur prestasie en beloning uitdruklik en deurlopend te kommunikeer in 'n openlike transaksie.
- Gestruktureerde en duidelik gedefinieerde rolle en verantwoordelikhede.

Wat demotiveer die generasie?

- Onderrig waar daar nie deelname is nie, maar waar onderwysers in beheer is en kinders moet luister. Geen interaksie tussen kinders en onderwyser nie.
- Die idee dat daar vir hulle gepreek word.
- Lang eentonige kommunikasie van inligting.
- Oneerlikheid.
- Onsekerheid kragtens dit waarvoor hulle werk en wat die doel van take/opdragte is.

6. DIE VERKENNER IS BEWUS VAN DIE OORSAKE EN HANTERING VAN TIENERDEPRESSIE.**Waar kom tienerdepressie vandaan?**

“WANNEER EK DEPRESSIEF VOEL, WIL EK NIKS DOEN NIE, NIE EERS DIE DINGE WAARVAN EK GEWOONLIK HOU NIE. EK WIL NET SLAAP. EK VOEL DAT NIEMAND VIR MY KAN LIEF WEES NIE, EN DAT EK WAARDELOOS EN 'N LAS VIR ANDER IS,” SÊ ANNA.

Al hoe meer jongmense word met depressie gediagnoseer. En siekte kan enige deel van ons liggaam aantast, selfs ons brein.

Dit kan met enige een gebeur! Soms ontstaan depressie as gevolg van boelie by die skool, konflik, lae selfbeeld of gesinsomstandighede soos ouers wat skei, of die dood van iemand naby jou. Depressie kan ook ontstaan in gevalle van fisiese of seksuele mishandeling, siekte, 'n ernstige ongeluk of 'n leergestremdheid – veral as dit 'n kind verwerp laat voel.

Nog iets wat depressie kan veroorsaak, is wanneer ouers te veel van hul kinders op skool verwag. Soms is depressie geneties. 'n Mens se gene kan dus 'n rol speel en moontlik 'n chemiese wanbalans in die brein veroorsaak. Ander fisiese faktore wat tot depressie kan lei, sluit in hartvatsiekte, hormoonvlakke wat verander en dwelmmisbruik.

'n Bietjie stres is nie 'n slegte ding nie. Maar te veel stres kan vir ons fisies en emosioneel baie sleg wees. Hierdie soort stres, tesame met die hormoonveranderinge wat normaalweg in 'n tiener se liggaam plaasvind, kan tot depressie lei. Maar die presiese oorsaak van depressie is nog nie duidelik nie.

Meestal is dit 'n kombinasie van faktore.

Tekens van tienerdepressie

- Tieners voel desperaat, moedeloos, hartseer en waardeloos.
- Hulle onttrek van hul vriende en vind dit moeilik om te konsentreer of is vergeetagtig.
- Veranderinge in slaappatrone, eetlus en gewig.
- In uiterste gevalle oorweeg die jongmens om selfmoord te pleeg.

Hierdie simptome beteken nie noodwendig jy ly aan depressie nie. Wanneer deskundiges vermoed dat iemand aan depressie ly, kyk hulle gewoonlik of hy meer as een simptome het wat weke lank aanhou en of dit sy daaglikse lewe ontwrig.



Wat kan jy doen?

- Matige tot ernstige depressie kan gewoonlik behandel word met medikasie en terapie.
- As jy aan depressie ly, moet jy seker maak dat jy vir jou liggaam en verstand sorg. Eet gesonde kos, kry genoeg slaap en oefen gereeld. Wanneer 'n mens oefen, stel dit chemiese stowwe vry wat jou beter kan laat voel, jou meer energie gee en jou beter laat slaap. Probeer uitwerk wat jou depressief laat voel en besluit op 'n plan van aksie.
- Praat met iemand wat jy vertrou. Hegte familieledes en vriende kan jou help om jou depressie te hanteer.
- Skryf jou gedagtes en gevoelens in 'n dagboek neer.
- Die belangrikste ding wat jy kan doen, is om 'n verhouding met God op te bou. Depressie kan met die krag en liefde van God oorwin word.

7. DIE VERKENNER IDENTIFISEER BAKENS IN DIE GEBOORTE VAN AFRIKAANS.

Afrikaans is 'n taal van Afrika wat ontstaan uit die mengelmoes van rasse, tale en nasies wat aan die puntjie van Afrika in 'n kultuurpot saamgegooi is.

Afrikaans se verhaal begin in 1652 met die aankoms van die Hollanders aan die Kaap. Benewens daardie Hollandse invloed was daar twee ander belangrike groepe wat 'n bydrae gelewer het: die slawe en die Khoi-Khoen. Afrikaans se wortels lê dus beide binne en buite Suid-Afrika.

Europese wortels

Die sewentiende-eeuse setlaars het verskillende dialekte uit Holland na die Kaap gebring. Die burgers het van verskeie Europese lande soos Holland, Duitsland en Frankryk gekom en het Hollands as hul moedertaal aangeneem. Baie het heelwat later na die oostelike grense van die Kaap getrek en die tipe Hollands wat hulle gepraat het, is Oosgrens-Afrikaans genoem. Oosgrens-Afrikaans is deur die Groot Trek die binneland ingedra.

Oosterse wortels

Die slawe uit Hollandse kolonies in die Verre-Ooste, soos Batavia (tans Java), het uit verskillende taal- en kultuuragtergronde gekom, maar almal kon tot 'n meerdere of mindere mate Maleis-Portugees praat. Dit was omdat Portugees meestal deur handelaars, soldate en matrose gepraat kon word en Portugal vir eeue die seeroetes tussen Europa en die Ooste beheer het.

In die Kaap het die slawe Hollands begin praat. Dit was 'n vereenvoudigde Hollands wat deur Maleis-Portugees en ander slawetale beïnvloed is. Dit was die begin van die Kaapse Afrikaans. Van die vroegste Afrikaanse geskrifte is deur die Moslem-imams van die Oosterse slawe in Arabies geskryf. Die Koran was voor die Bybel in Afrikaans vertaal.


Oorblyfsels van Maleis-Portugees is steeds in moderne Afrikaans te vind in woorde soos *baie*, *koejawel*, *makou*, *blatjang*, *bobotie*, *sosatie* en *piesang*.

Suid-Afrikaanse wortels

Die inheemse Khoi-bevolking het ook 'n invloed op Afrikaans gehad. Die boere en Khoi moes handel dryf en hierdie ruilhandel het tot die ontstaan van 'n tipe Pidgin-Hollands tussen die vryburgers en die Khoi gelei.

Die Khoi se sosiale stelsel is vernietig en ná die pokke-epidemie het baie van die Khoi na die gebied naby die Oranjerivier uitgewyk.

Die tipe Hollands wat hulle gepraat het, was bekend as Oranjerivier-Afrikaans. Woorde soos *abba*, *boegoe*, *dagga*, *kanna*, *karos* en *kierie*, *koedoe*, *kwagga*, *geitjie*, *kango*, *kamma*, *aitsa*, *arrie* en *eina*.



Vader van Afrikaans

Ná die Britse oornames in 1806 het die Kaap verengels weens 'n verengelsingsbeleid om Nederlands en Afrikaans te probeer verdring. Arnoldus Pannevis word as die vader van Afrikaans beskou. Hy was 'n taalkundige en onderwyser by De Gimnasium, 'n privaat skool vir Hollandssprekende kinders in die Paarl. Hy het besef dat die Kaaps-Hollands nie meer as 'n dialek van Hollands beskou kan word nie, maar inderwaarheid 'n nuwe taal is. Hy was die eerste persoon wat die taal Afrikaans genoem het.

Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)

As diep godsdienstige wou Pannevis hê dat die Bybel in Afrikaans vertaal word, maar alvorens dit kon gebeur, moes Afrikaans erkenning as skryftaal kry.

Op Saterdag 14 Augustus 1875 het sewe mans in die huis van die welgestelde wynmaker, Gideon Malherbe, vergader met die doel om Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) te stig. Hul leier was die 27-jarige NG dominee, Stephanus Jacobus du Toit. Hy was ook die vader van Totius, wat later 'n leidende rol in die vertaling van die Bybel in Afrikaans sou speel. Ook teenwoordig is SJ du Toit se 29-jarige broer, Daniël Francois du Toit. Hy word later bekend as "Oom Lokomotief". Daar was nog 'n Malherbe, Petrus Jacobus, ook 'n wynboer van 22 jaar oud. Hy was die pa van die latere skrywer DF Malherbe.

Tydens die vergadering is besluit om die GRA te stig om Afrikaans, wat toe reeds die spreektaal van duisende mense was, tot skryftaal te verhef en as landstaal erken te kry.

Die rede vir die benaming Regte Afrikaners was omdat daar volgens die GRA drie soorte Afrikaners in Suid-Afrika was: Afrikaners met Hollandse harte lojaal aan hul Hollandse verlede; Afrikaners met Engelse harte wat die taal en kultuur van die Engelse regering as hul eie beskou het; Regte Afrikaners met Afrikaanse harte lojaal aan die taal en kultuur van Suid-Afrika.

'n Koerant, 'n skool en 'n tydskrif

Statusbewuste koloniale Afrikaners in die stede en dorpe wou graag aanvaar word deur die toonaangewende Engelssprekendes en het om dié rede Engels verkies. Selfs in die Vrystaatse hoofstad, Bloemfontein, het Afrikaners om dieselfde rede verkies om eerder Engels te gebruik. Teen 1880 was Bloemfontein feitlik 'n Engelse hoofstad. Dit is geen wonder nie dat CP Hoogenhout in 1880 moedeloos in *Di Patriot* uitgeroep het: "Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor; In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor."

Die GRA het kort na hul stigting 'n eie Afrikaanse koerant begin uitgee. Dit was *Die Afrikaanse Patriot* wat op 15 Januarie 1876 vir die eerste keer verskyn het. DF du Toit (oom Lokomotief) was een van die eerste redakteurs van die koerant.

Die koerant se sirkulasie was aanvanklik klein, maar het om politieke redes gewild geraak toe die koerant die kant van die Transvalers gekies het nadat Engeland eensydig dié republiek in 1877 geannekseer het. Soos wat die koerant die gevoel en standpunte van Afrikaners verwoord, het mense ook gewoon begin raak aan Afrikaans as skryftaal.

Die GRA het min geld gehad, maar hulle het die *Patriot* aan die gang gehou, later ook 'n tydskrif, *Ons Klyntji*, en baie boeke uitgegee. Tot 1895 is 81 000 eksemplare van Afrikaanse boeke gedruk, onder andere 'n geskiedenis van die Afrikaners, ook 'n taalkundeboek, 'n kookboek, en die gewildste van almal die versamelings Afrikaanse gedigte wat in die *Patriot* verskyn het.

Die GRA het ook 'n Afrikaanse skool op die plaas Kleinbosch in Daljosafat opgerig. Bekende digters soos Totius, AG Visser en DF Malherbe het hier skoolgegaan.

Afrikaans in die ZAR

In die Vrystaatse en Transvaalse republieke het veral Paul Kruger Hollands in die onderwys en staatsdiens probeer bevorder en van Nederlanders gebruik gemaak om die taal te onderrig. Alhoewel Hollands die amptelike taal was, was die algemene spreektaal Afrikaans. In Transvaal het baie Afrikaners nietemin 'n betreklik goeie Hollands geleer. In die Anglo-Boereoorlog was sommige dagboeke, soos dié van Gustav Preller, die digter Jan FE Celliers en Gideon Scheepers in perfekte Hollands. Afrikaans het egter in die Vrystaat en Transvaal 'n klompie voorstanders gehad, soos FW Reitz, wat self Afrikaanse gedigte geskrywe het, asook die later bekende digter Eugène Marais en Koos de la Rey. De la Rey het in die Volksraad gewaarsku dat pogings om Afrikaans teen te gaan, vergeefs sou wees. Afrikaans was ewe goed as Hollands vir die beskaafde uitdrukking van gedagtes.

SJ du Toit het President Kruger se Kaapse bondgenoot geword. Die Eerste Taalbeweging was uitgesproke ondersteuners van die Transvaalse onafhanklikheidstrew. Die vriendskap tussen Du Toit en Kruger was die grondslag van 'n Afrikaanse nasionale beweging wat gestalte gekry het toe Du Toit die hoof van onderwys in Transvaal geword het. So het die Afrikaanse taalbeweging wat in die Kaap begin het, neerslag gevind in die noorde van Suid-Afrika. Afrikaans sou mettertyd vir Afrikaners die simbool en draer word van kulturele identiteit en protes teen Britse oorheersing en verengelsing.

Die tweede taalbeweging

Na die Anglo-Boereoorlog het Afrikaans vir Afrikaners toenemend 'n simbool van hul eie identiteit geword. Daarteenoor was taal 'n wapen in Brittanje se hand om deur verengelsing Afrikaners se kulturele identiteit te vernietig en gehoorsame onderdane te kweek. Steyn waarsku: "Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde is die taal van slawe."

Soos wat Britse imperialiste die Britse Ryk se koffers gevul het met die nuutgevonde skatte uit die Suid-Afrikaanse goud- en diamantvelde en Milner met sy verbete imperialistiese aanslag gepoog het om Afrikaners te verengels, het Afrikaners in 'n rekordtyd dorpe en plase weer hervestig en meer as 'n duisend CNO-skole gestig.

Eugène Marais se gedig, "Winternag" wat in 1905 verskyn het, was een van die belangrikste gebeurtenisse tydens die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Die gedig wat onder die skuilnaam "Klaas Vakie" verskyn het, het reeds al die kenmerke van moderne Afrikaans bevat. Die gedig het Afrikaanssprekendes oortuig van die skeppende vermoë en skoonheid van Afrikaans. Gustav Preller het voorspel dat indien slegs 'n paar versreëls van Afrikaans na 'n eeu sou oorleef, hierdie gedig een van hulle sal wees.

.....
 . Koud is die windjie, en schraal!
 . En blink in die doflig en kaal –
 . zó wijd as die Heer se genade –
 . die velde in sterlig en shade.
 . En hoog op die rande,
 . verspreid in die brande,
 . is die gras-zaad aan't roere zo's wenkende hande.
 . O! treurig die wijsie
 . op d'ooswind se maat,
 . zo's die stem van 'n meisie,
 . in haar liefde verlaat!
 . In elke gras-blaar se vouw
 . blink 'n druppel van doud,
 . en vinnig verbleek dit tot rijp in die kou.

Teen 1908 het die Afrikaanse taalstryd op vele terreine vlamgevat. DF Malan het as voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging op 13 Augustus 1908 'n leidinggewende toespraak gehou met die tema: "Dit is ons erns!" Hierdie toespraak was 'n antwoord op Onze Jan Hofmeyr se vraag: "Is het ons ernst?" en Gustav Preller se artikelreeks: "Laat't ons toch ernst wezen!" Malan antwoord: "Iedere lewende, kagtige taal word gebore op die bodem van die volkshart ... Geen taalgeleerde kan 'n lewende taal maak nie, ewemin as wat 'n skeikundige lewe in sy laboratorium kan skep." Hy moedig jong Afrikaners wat hul taal lief het aan om hul talente te gebruik om Afrikaans as skryf- en kultuurtaal te ontwikkel.

Afrikaners het begin om Afrikaanse liederes, prosa en poësie te skryf. Afrikaanse Debatsverenigings is gestig. Koerante soos *Vriend des Volk* (Vrystaat) en *De Volkstem* (Transvaal) het Afrikaans ontwikkel tot 'n joernalistieke taal. Kultuurverenigings soos die Transvaalse *Afrikaanse Taal Genootskap* (1905) en die Vrystaatse *Afrikaanse Taal Vereniging* (1906) het die weg berei vir lewenskragtige Afrikaanse dramas en verhoogproduksies. Nadat die vroeëre publikasie van die GRA, *Ons Klyntji*, gestaak is, het die eerste Afrikaanse tydskrifte die lig gesien. *Die Brandwag* het in 1910 in Pretoria en *Ons Moedertaal* in 1914 op Stellenbosch verskyn. In 1909 is die Zuid-Afrikaanse

Akademie voor Taal, Letteren en Kunst gestig. Die doel van die Akademie was die bevordering van Afrikaans as hoëfunksietaal. Die Akademie het in 1914 die Hertzogprys ingestel, wat vandag nog die prestige- letterkundige prys is. Die prys het ontstaan ná 'n taalstryd-hofsaak in die Vrystaat. Hertzog het met sy onderwyswette gelyke behandeling vir Hollands en Engels op skool verseker. 'n Paar skoolinspekteurs se weiering om die wet uit te voer, het tot 'n hewige debat en 'n lastereis gelei wat Hertzog verloor het. Hy moes ook die hofkoste betaal. As teken van ondersteuning het Afrikaners geld ingesamel om die boete en onkoste te betaal. Die fondse wat oor was, het Hertzog aan die Akademie geskenk om 'n prys in te stel vir die bevordering van die Afrikaanse letterkunde. Die eerste Hertzogprys is in 1916 vir Totius se digbundel *Trekkerswee* toegeken.

Afrikaans as skooltaal

Op aandrang van CJ Langenhoven het die Kaapse Provinsiale Raad in 1914 Afrikaans as 'n laerskooltaal erken. Die Vrystaat en Transvaal het later in 1914 dieselfde besluit. Afrikaans het ná die Langenhoven-ordonnansie van 1914 spoedig 'n onderrigtaal geword. Top- Afrikaanse skole het in al die provinsies tot stand gekom; Jan van Riebeeck in Kaapstad, Helpmekaar in Johannesburg, die Afrikaanse Hoër Seunskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria. In Bloemfontein is die Oranje Hoër Meisieskool en die Sentrale Hoërskool gestig.

Woordelys en spelreëls

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het besef dit is noodsaaklik om Afrikaans behoorlik te standaardiseer. Die Akademie het op sy jaarvergadering in Julie 1914 in Bloemfontein 'n voorstel van Langenhoven aangeneem om 'n spellingkommissie in te stel. Dié moes spelreëls aanbeveel sodat daar 'n eenvormige spelling kon kom. Eenvormige spelreëls sou veral vir die skrywers van skoolboeke van groot waarde wees. In 1915 het die Spelreëls verskyn en in 1917 die eerste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* wat 'n wesenlike bydrae gelewer het om Afrikaans as skryftaal te standaardiseer.

Die Burger

Die toenemende behoefte om in Afrikaans te lees en te skryf, het tot die totstandkoming van die Nasionale Pers gelei, asook die verskyning van *Die Burger* op 26 Julie 1915 onder die redakteurskap van 'n voormalige NG Kerk predikant, DF Malan. Die eerste sin van die eerste hoofartikel vertel iets van die onderliggende emosie van die geloofsdaad: "*De Burger* is 'n kind van de smart en van de hoop". Die Nasionale Pers het met 'n uitgewery begin. In 1916 het *Die Huisgenoot* as gesinstydskrif verskyn. Dit was eers 'n maandblad en het in 1923 'n weekblad geword. In 1917 het Nasionale Pers *Die Volksblad* in Bloemfontein oorgeneem. Na die Rebelle is *Ons Vaderland* as 'n noordelike koerant gestig. Dit is uitgegee deur die Noordelike Drukkers Maatskappy Beperk wat in September 1915 gestig is. Daaruit het die Afrikaanse Pers Beperk ontstaan wat ontwikkel het tot die persgroep, Perskor. In 1919 het die eerste Afrikanervroublad, *Die Boerevrou*, met Mabel Malherbe as redaktrise verskyn.

Afrikaans as amptelike landstaal

In 1918 het drie Afrikaanse universiteite tot stand gekom, naamlik Stellenbosch, Kaapstad en die Universiteit van Suid-Afrika wat uit ses kolleges bestaan het. Dié kolleges het later selfstandige universiteite geword, naamlik die Universiteite van Pretoria, Vrystaat, Natal, Witwatersrand en Rhodes. Die Afrikaanse kolleges kon vanaf 1918 Afrikaans as onderrigtaal gebruik. In dieselfde jaar is ook die eerste professors vir die vak Afrikaans aangestel, naamlik DF Malherbe in Bloemfontein en Johannes Smith in Stellenbosch.

Afrikaans het in die twee dekades na die oorlog van kombuistaal tot 'n volwaardige universiteitstaal gegroei. Potchefstroom was die eerste universiteit wat volledig Afrikaans was, en Stellenbosch betreklik gou daarna. Die Universiteit van Pretoria het in 1932 Afrikaans geword, en die Universiteit van die Vrystaat aan die einde van die veertigerjare. Baie akademici het vrywillig reusebydraes gelewer om Afrikaanse vaktaal te ontwikkel. Die bekende digter en regter, Toon van den Heever, het onder andere 'n belangrike bydrae gelewer om Afrikaans as regstaal uit te bou.

Generaal Hertzog word in 1924 eerste minister, nadat Smuts by die stembus verslaan is. Die redakteur van *Die Burger*, DF Malan, het minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys geword. Een van Malan se eerste take was om Afrikaans as amptelike landstaal goed te keur. Dit sou beteken dat die grondwet gewysig sou moes word. Gedurende Februarie 1925 het Malan 'n mosie by die Volksraad ingedien om Nederlands met Afrikaans as amptelike landstaal te vervang.

Op 8 Mei 1925 tydens die gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat verklaar hy: “Daar is vir die Hollandsprekendes in Suid-Afrika eintlik maar net een taal wat in die volste sin van die woord hulle eie is, en dit is die Afrikaanse taal.” Malan het sy dank betuig teenoor die welwillendheid van die Engelssprekendes wat nie die mosie teengestaan het nie. Op 22 Mei 1925 is die wetsontwerp deur die goewerneur-generaal geteken en het Afrikaans 'n amptelike landstaal van Suid-Afrika geword.

Die staatsdiens was wel oorwegend Engels, maar Afrikaanssprekendes se getalle het stadig maar seker in staatsinstellings gegroei. Afrikaans het mettertyd net so noodsaaklik as Engels geword om aangestel en bevorder te word in die beroepswêreld. Afrikaans het nog meer ekonomiese waarde gekry. Twaalf jaar later, in 1937, verklaar Malan: “'n Nasie kan nie sonder sy taal bestaan nie. Die geboorte van ons taal in so kort tydjie is 'n wonderwerk wat nie sy gelyke in die wêreldgeskiedenis het nie.”

8. DIE VERKENNER IDENTIFISEER TAAL- EN KULTUURHELDE.

Francis William Reitz (1844–1934) was 'n Afrikaanse prokureur, digter, geskiedskrywer, Kaapse parlamentslid, Hoofregter en vyfde Staatspresident van die Oranje-Vrystaat, Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek onder president Paul Kruger, en die eerste president van die Senaat van die Unie van Suid-Afrika. Buiten sy latere voortreflike politieke loopbaan, word Reitz veral onthou as een van die eerste digters wat bewustelik in Afrikaans poësie geskryf het. Reeds in die 1870's het sy gedigte soos “Klaas Gezwint en zijn paert” en “Die steveltjes van Sannie” in *Het Volksblad* verskyn. In 1880 al het hy Afrikaans in die openbaar as 'n fatsoenlike en lewenskragtige taal verdedig.

Louis Henri Meurant (1811–1893) was in die negentiende eeu 'n drukker, joernalis en die eerste persoon wat 'n ernstige gebruik van Afrikaans as skryftaal gemaak het. Onder die skuilname “Platje Wysneus” en “Elsie Beuzemstok” publiseer hy in die negentiende eeu verskeie briewe en samesprake oor aktuele sake. Sy reeks *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie* word in 1861 gebundel, en word (ten spyte van die Nederlandse titel) as die eerste Afrikaanse boek beskou.

Casparus Petrus Hoogenhout (1843–1922) het in 1860 uit Nederland na Suid-Afrika gekom. In die Kaap word hy onderwyser na sy vriend Arnoldus Pannevis se aanmaning. Hoogenhout skryf reeds in 1873 in Afrikaans, en was 'n vurige taalstryder. Hy was stigterslid van die GRA, het gereelde bydraes tot *Die Patriot* gelewer, en het van die eerste proefvertalings van die Bybel in Afrikaans gemaak.

Gustav Schoeman Preller (1875–1943) was 'n Afrikaanse joernalis, redakteur, skrywer en literêre kritikus, wat veral onthou sal word as die dryfkrag agter die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. In *De Volkstem* lei hy dié beweging in met sy artikelreeks "Laat 't ons toch ernst wezen". As redakteur van *Die Volkstem*, *Ons Vaderland* en *Die Brandwag* het Preller die gebruik van Afrikaans as skryftaal gepropageer. Daarby het hy ook die Afrikaanse toneelkuns ingespan om veld vir die taal te wen. Hy was die skrywer van talle geskiedkundige boeke en biografieë, en word erken vir die feit dat hy die Afrikaners opnuut bewus gemaak het van hul Voortrekker-erfenis.

André Huguenet (1906–1961) was die verhoognaam van die akteur Gerhard Petrus Borstlap, 'n baanbreker op die gebied van die Afrikaanse toneel. Hy was eers joernalis, waarna hy by Paul de Groot se toneelgeselskap aansluit. Later stig hy sy eie toneelgeselskap. Huguenet was Suid-Afrika se voorste verhoogpersoonlikheid in talle Afrikaanse dramas, sowel as vertalings van Shakespeare. Met die opvoering van *Hamlet* in Afrikaans, het Huguenet die gehoor aan die einde van die verrigtinge toegesprek en gesê dat dit sy lewenslange ambisie was om een van die wêreld se beste tragedies in die wêreld se jongste taal op te voer.

Jacobus Johannes (Jamie) Uys (1921–1996) was 'n baanbrekende Afrikaanse akteur, rolprentregisseur en -vervaardiger. In sy loopbaan het Uys die regie van 24 rolprente oor sy loopbaan hanteer. Die eerste een was *Daar doer in die Bosveld*, waarin hy ook die hoofrol vertolk. Latere Afrikaanse films wat uitstaan, is *Rip van Wyk* en *Lord Oom Piet*. Hy verwerf internasionale bekendheid met sy film *The Gods Must Be Crazy!* Hierdie film is die kommersieel suksesvolste film wat ooit uit Suid-Afrika gekom het (met 'n verdienste van oor die \$100 miljoen), en het met sy vrystelling alle rekords vir buitelandse films in die VSA gebreek.

Anna Neethling-Pohl (1906–1992) was 'n Afrikaanse aktrise en skrywer. Sy het in meer as 50 verhoogproduksies en hoofrolle opgetree, en was regisseur van 60 produksies. Daarby het sy in verskeie rolprente gespeel, en het sewe dramas van Shakespeare na Afrikaans vertaal. Sy was stigterslid van die Volksteater en vir twee dekades omroeper by die SAUK. As skrywer het sy verskeie romans gepubliseer, en ontvang die Langenhoven- en Vaderland-prys. In 1948 ken die SA Akademie 'n Erepenning vir Toneelspel aan haar toe.

James Barry Munnik Hertzog (1866–1942) was 'n Boeregeneraal, advokaat, regter, kabinetsminister, Afrikaanse taalstryder, en latere Eerste Minister van Suid-Afrika. Ná die Tweede Vryheidsoorlog het hy in die Vrystaat hom beywer vir gelyke behandeling van Hollands in die onderwys. Saam met voormalige president Theunis Steyn het Hertzog 'n leidende rol gespeel in die erkenning van Hollands (waarby Afrikaans inbegrepe was) as amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika, en dit was juis Hertzog se beginsels oor taal wat tot die breuk tussen hom en Louis Botha gelei het. Die Hertzogprys is deur die SA Akademie ingestel na generaal Hertzog 'n bedrag bemaak het ter bevordering van nasionale literatuur. Dit is steeds die mees gesogte prys in die Afrikaanse letterkunde.

Nicolaas Petrus van Wyk Louw (1906–1970) was 'n Afrikaanse digter, skrywer, dramaturg, akademikus, literêre kritikus en filosoof. Hy was die leidende persoonlikheid onder die Dertigers en word deur vele beskou as die grootste figuur in die Afrikaanse letterkunde. Hy doseer aan die Universiteite van Kaapstad, Amsterdam en Witwatersrand. Louw het diep besin oor Afrikanerskap en die letterkunde, en het kulturele brûe tussen Suid-Afrika en Wes-Europa gebou. Hy was die oprigter van die letterkundige tydskrif *Standpunte*, en word saam met CJ Langenhoven op die Taalmonument aangehaal. Sy jonger broer was die digter WEG Louw.

Petrus Johannes Nienaber (1910–1995) was 'n Afrikaanse skrywer, akademikus en letterkundige. Hy was skrywer en samesteller van meer as 500 boeke, en het meer as 100 artikels geskryf. Hy was van 1974 tot 1987 direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsinstituut (NALN) op Bloemfontein. Sy boekery was indertyd die omvattendste versameling Afrikaanse boeke in private besit. Buiten NALN het Nienaber ook leiding geneem in die totstandkoming van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) sowel as in die bewaring van die Vrystaat se argitektoniese en historiese erfenis.

Theunis Theodorus Cloete (1924–2015) was 'n Afrikaanse digter, skrywer, letterkundige en akademikus. Cloete was professor op Potchefstroom, rektor van die Universiteit van Port Elizabeth, en vir jare voorsitter van die SA Akademie se Letterkundige Komitee. Hy was behulpsaam met die hersiening van die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans, en die omdigting van die Psalms wat in 2001 verskyn. As digter debuteer hy eers in 1980, op 56-jarige ouderdom. Hy is bekroon met die Gustav Preller-medalje vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek, die Ingrid Jonkerprys vir Poësie, die WA Hofmeyr-prys vir Poësie en die Hertzogprys vir Poësie.

Louis Wybren Hiemstra (1897–1978) was 'n Afrikaanse taalkundige, wat veral bekend is vir sy medewerking aan die *Tweetalige Woordeboek*. Hy studeer aan die Universiteit van Kaapstad, en was joernalis by *Die Volkstem*, *Die Burger* en *Die Volksblad*. Hy was taalkundige redakteur van Nasionale Pers, en lid van die SA Akademie se Taalkommissie, waar hy bekend word as voorstander van taalsuiwerheid. Ná sy dood stel sy weduwee Rikie die LW-Hiemstra Trust in sy naam op, wat al meer as 300 skenkings gemaak het ter bevordering van die publikasie van Afrikaanse boeke van kulturele waarde.

9. DIE VERKENNER ONTDEK DIE GESKIEDENIS VAN DIE GROOT TREK TOT BY DIE ANGLO-BOEREOORLOG.

'n Kookpot van strewes

Reeds in 1825 het die luitenant-goewerneur van die Oosgrens, Andries Stockenström, die Britse sendelinge gewaarsku:

DAAR IS DRIE KEUSES VIR DIE GRENSBOER; ONS MOET ÓF WEGHARDLOOP, ÓF STILSIT EN ONS KELE LAAT AFSNY, ÓF ONS MOET ONS VERDEDIG MET WAT ONS HET.

Teen 1830 was die Oosgrens van die Kaapkolonie 'n kookpot van drie botsende strewes. Enersyds het Brittanje met sy imperialistiese ideale voortdurend die Kaapkolonie se oosgrens verder probeer uitbrei. Dit het tot toenemende konflik met die plaaslike bevolking gelei.

Aan die ander kant van die Groot Visrivier het die Xhosa-monargie hulself toenemend begin verset teen die grondhonger van imperiale Brittanje. Hul krimpende grondgebied het nie net 'n verlies aan lewensruimte en voorvaderlike erfgrond beteken nie, maar ook vir die bestaansboere ernstige ekonomiese implikasies gehad.

Vasgedruk tussen die twee botsende monargieë was die Hollandse grensboere, wat later bekend sou staan as die Voortrekkers. Dit was veral hulle wat onder die oosgrenskonflik en onveilige toestande moes ly. Retief beskryf die onveilige omstandighede onder andere as:

- oproerige en oneerlike gedrag deur rondlopers
- volgehoue verwoesting en ruïnering
- misdaad en plundering.

Slagtersnek het 'n simbool geword van die Britse owerheid se onderdrukking. 'n Plaaswerker het 'n klagte oor wanbetaling teen sy werkgewer Freek Bezuidenhout ingedien. Daarvoor sou Freek meer as 'n 100 kilometer te perd moes aflê om sy kant te stel en sy plaas alleen laat te midde van die onveilige grenstoestande. Freek het nie by die hof opgedaag nie. 'n Groep soldate is opdrag gegee om hom in hegtenis te neem. 'n Geveg het uitgebreek. Bezuidenhout is noodlottig gewond. Die saak het hande uitgeruk en 'n rebellie het uitgebreek. By Slagtersnek is die burgers oorreed om die wapen neer te lê. Van die leiers het gevlug, is later in hegtenis geneem, verhoor, skuldig bevind en ter dood veroordeel. Die galgtoue was oud en het gebreek met die hangery. Vir die omstanders was dit 'n teken dat hulle nie moes hang nie. Die owerhede het geweier en die veroordeeldes moes toe wag vir nuwe galgtoue. Die digter Dirk Opperman sê hieroor in sy *Joernaal van Jorik*: "Hulle sê die toue was vrot, maar ons sê dis God."

Kort voor Kersfees 1834 het tussen 12 000 en 15 000 Xhosa-krygers oor die Groot Visrivier-grens gestroom. Met die Sesde Grensoorlog is groot getalle vee weggevoer en ongeveer 7000 Hollandse grensboere oornag in armoede gedompel. Boonop het die Britse regering die skuld vir die oorlog op die Hollandse grensboere gepak.

'n Dryfkrag vir vryheid

Die dryfkrag vir vryheid het geleidelik onder die Hollandse grensboere tot volwassenheid gegroei. Andries Pretorius het verklaar dat die "sug van vryheid" wat "nu in den harten van den Afrikaanshe boeren woon" nie net daarin bestaan het om van die Britse monargie vry te wees nie. Die dryfkrag vir vryheid was ook vir die reg om 'n selfstandige gemeenskap met 'n eie identiteit te mag wees. Die vryheidstrewes word onderlê deur enkele faktore wat later die staatsregtelike vorming van die Boererepublieke beïnvloed het.

Eerstens was daar 'n dwingende behoefte aan plek. Die Oosgrens was digbevolk en die behoefte aan plek het jong grensboere genoop om na nuwe ruimtes vir hul gesinne te soek. Sarel Cilliers was maar 34, Gerrit Maritz 38 en Andries Pretorius 39 ten tye van die Groot Trek. Die ontvolking van die Suid-Afrikaanse binneland as gevolg van die vernietigende Mfecane het dit vir die grensboere moontlik gemaak om te verhuis. Die Mfecane was 'n gedwonge migrasie van die inheemse bevolking waar een gemeenskap die ander aanval, onderwerp of laat vlug het. 'n Kettingreaksie van geweld, stropery, konflik, moord en uitroeiing het die inheemse stamstrukture vernietig. Die Suid-Afrikaanse binneland was na die omwenteling verwoes en ontvolk.

Tweedens het sterk gemeenskapsbande ontwikkel. Vanweë die groot afstande en die afgesonderde plase, het die Oosgrensboere vinnig gemeenskaplike verantwoordelikheid vir mekaar se welstand aanvaar. Die hegte gemeenskapsgebondenheid het die grondslag gelê vir die latere verhouding tussen gemeenskap en staat.

Derdens het die voortdurende konflik met die Xhosas by die Hollandse grensboere 'n deeglike besef gevestig van die noodsaaklikheid om goeie betrekkinge met die swart stamme te vestig. Retief het in sy manifeste dit duidelik gestel dat die Voortrekkers in vrede trek en vrede sal nastreef, maar wanneer hulle bedreig word sal hulle hulself beskerm. Hierdie benadering het die grondslag gelê vir die verhouding met die inheemse bevolking.

Retief onderneem in sy manifeste om die volgende te doen:

- Behoorlike arbeidsverhoudinge te handhaaf.
- Geen volk te pla nie.
- Niemand van die geringste eiendom te ontnem nie.
- In vrede en vriendskap met die swart volke saam te leef. Dit was nie die Voortrekkers wat die gebiede van inheemse volke geannekseer het nie. Hulle het hulle gevestig in die gebiede wat deur die Mfecane leeggelaat is. Dit was Brittanje wat Griekeland-Wes, Botswana, Lesotho, die Ciskei en die Transkei, en Zoeloeland geannekseer het.

Vierdens het die Oosgrens se haglike omstandighede die grensboere voorberei vir die verdediging van hul eiendom. As gevolg van die onbeholpe Britse bewind, moes grensboere staatmaak op eie vernuf en planne om wet en orde aan die grens te probeer handhaaf. Retief was onder die grensboere bekend as 'n visioenêre leier, entrepreneur en 'n militêre strateeg. Hy was vol energie en daadkrag wat die belange van sy mense op die hart gedra het en hul bekommernisse en frustrasie kon verwoord. As spreekbuis van die Oosgrensboere het hy hulle besware verwoord, briewe geskryf en met die Britse owerhede onderhandel. Retief het Britse forte help bou om die veiligheid aan die Oosgrens te help verseker.



MFECANE



POST RETIEF

Die praktyk van 'n beweeglike burgerlike kommandostelsel onder leiding van veldkornette en kommandante wat presies geweet het hoe om te verken, aan te val en te verdedig, het die hoeksteen gevorm van die militêre taktiek tydens die Groot Trek en die latere Republieke.

Teen 1835 het die Hollandse grensboere in groot getalle die Kaapkolonie begin verlaat. Die hoofkarakter, Rudolf Dreyer, in FA Venter se roman *Geknelde land*, verklaar: "Hier sal ons altyd slawe bly. Ons lewens sal hier nooit seker wees nie." Hulle het geen hoop meer op 'n beter toekoms in die Kaapkolonie gehad nie. Die vryheidsideaal van die Voortrekkers word deur AD Keet se "Voortrekkerslied" beskryf:

.
 .
 . Laat ons trek na die Noorde, hoër op,
 . ver van die dwingelandy,
 .
 . Waar ons hart kan klop, op 'n stywe galop,
 . Vrolik en vurig en vry.
 .
 . Want die las wat ons dra, is so swaar as 'n wa
 . Wat kreun onder grote vrag.
 .
 . En die drywer die swaai sy sweep met lawaai,
 . Sonder oor vir die osse se klag.
 .
 . Laat ons trek oor die Grote Rivier daar bo
 . Met kudde en huisgesin,
 .
 . Van die Kamdebo, oor die dor Karoo,
 . Die wilde wildernis in.
 .
 . Dit is beter ver, om 'n blinkende ster
 . Uit die tent van 'n wa te sien,
 .
 . dan om hoog te woon, op 'n koningstroon –
 . Met die hoop om môre te dien.
 .

Die republiek-op-trek

Die Voortrekkers se eerste doel was om die Garieprivier, wat destyds ook die Oranjerivier genoem is, oor te steek. Hier het die grens van die Kaapkolonie geëindig. Transoranje of oorkant-die-oranje dra volgens Carl Theunissen drie simboliese betekenisse, naamlik:

- Trans-beweeg: om oor die Oranje 'n nuwe toekoms te begin by 'n plek wat die verwesenliking van eie potensiaal moontlik maak.
- Trans-denke: om weg te beweeg van 'n toestand waar voorskriftelikheid en outokratiese optrede denke en vermoëns beperk.
- Trans-doen: om moeilike situasies deur hoëfunksieprestasies te herskep tot veilige en voorspoedige omstandighede waarbinne eie ideale nagestreef kan word.

Die Voortrekkers se eerste groot versamelpunt was Blesberg, naby Thaba Nchu. Volgens Van Schoor kom die eer die Vrystaat toe vir die stigting van die eerste Boererepubliek in Afrika. Op 2 Desember 1836 het die trekgeselskappe van Maritz en Potgieter by Morokashoek die eerste demokratiese regering in Suider-Afrika gevestig. Volgens Van Schoor was die Groot Trek van die punt af 'n republiek-op-trek, aangesien daar nog onduidelikheid oor die gemeenskaplike eindbestemming was.

Die trekkers was nou nie meer as Oosgrensboere bekend nie. Soos wat hulle teen 5 kilometer 'n dag na vryheid getrek het, sou Afrika en nie meer Europa nie, hul kulturele identiteit vorm. Om dié rede het die Voortrekkers hulself na die kontinent vernoem as *Afrikaners* en hulle taal Afrikaans. Die naam Afrikaner was reeds deel van hul woordeskat. Louis Tregardt skryf in sy dagboek *Africaander* en *Afrikaanders*. Die Voortrekkers se reisjoernale en dagboeke het Afrikaans die binneland ingedra en die grondslag gelê vir die ontwikkeling van Afrikaanse skryfkuns.

Die naam van die eerste, onafhanklike Trekkerrepubliek was *De Vrije Provincie van Nieuw Holland in Zuid-Oost Afrika*. As uitdrukking van hul eie identiteit en vryheid, het die Voortrekkers twee vlae gehad, naamlik die Potgieter- en die Natalia-vlag. Hierdie vlae was egter ook 'n simbool van hul tweedrag oor die uiteindelijke bestemming van die Groot Trek.

Die onsekerheid oor die eindbestemming het nie die Voortrekkers verhoed om die republiek staatsregtelik te orden nie. Op 6 Junie 1837 is Pieter Retief as die eerste goewerneur en Gert Maritz as regter-president naby Winburg ingehuldig. Retief se funksies en verantwoordelikhede as goewerneur het ooreengestem met dié van die presidente van die Boererepublieke. Dit is opvallend dat die Voortrekkers nie die uitvoerende gesag aan een enkele persoon opgedra het nie, maar die uitvoerende en wetgewende funksies geskei het. Dit was 'n reaksie teen die outokratiese optrede van die VOC en Britse goewerneurs in wie se hande al die gesag gerus het.

Die belangrikheid van die gebeure by Thaba Nchu lê ook in die feit dat dit die eerste demokratiese verkiesing van leiers in Suider-Afrika was. Tot op hierdie punt het Europese moondhede eksterne leiers benoem. Hiermee is die Christelik-demokratiese tradisie in Suider-Afrika gevestig waar verkose leiers regeer en deur die burgers verantwoordbaar gehou word vir hul besluite. Die vestiging van demokrasie in Suider-Afrika is een van die Voortrekkers se belangrikste hoëfunksieprestasies en nalatenskappe.

As gelowige mense was die kerk vir die Voortrekkers 'n ankerplek. Dit was vir hulle 'n groot skok toe die Kaapse Sinode die Groot Trek veroordeel het. By Morokashoek was een van die eerste stappe van die Voortrekkers om ook 'n kerk te vestig en 'n eerste kerkraad te kies. Hulle het onmiddellik begin om fondse in te samel om 'n leraar te beroep. Toe die leraars van die Kaapkolonie steeds 'n koue skouer bly gee, het Retief vir Erasmus Smit as die eerste predikant van die Voortrekkers bevestig. Die Kaapse kerk het hulle gelos, maar hulle het nie die kerk gelos nie.

Die verdere verloop van die Groot Trek

- **5 November 1837:** Piet Retief bereik die eerste keer koning Dingane se stat, Umgungundlovu, om grond vir die Trekkers te vra.
- **12 November 1837:** Op hierdie dag, Piet Retief se 57ste verjaarsdag, het Debora Retief haar pa se naam met groen waverf op een van die oorhangende rotse by Kerkenberg geskryf. Boodskaappers het die vorige dag (11 November) laat weet dat Retief se onderhandelinge met Dingane suksesvol was en hy grond aan hulle sal gee. Die plek waar die Voortrekkers die Drakensberge af is, staan bekend as Blye Vooruitsig of Retiefspas. Toe die Trekkers die eerste keer die nuwe land sien met die pragtige uitsig op die Drakensberg se Amfiteater, het hulle spontaan "Prys die Heer met blye galme" gesing.
- **14 November 1837:** Die eerste Voortrekkers trek die Drakensberge af. Die eerste dag het 23 waens die onderpunt van die berg bereik. Binne twee weke was daar meer as 'n 1000 waens onder die berg.
- **4 Februarie 1838:** Piet Retief en Dingane teken die traktaat waarin die Zoeloe-koning Port Natal met die omliggende land, van die Tugela tot die Umzimvuburivier, en van die see noordwaarts wettig aan die Voortrekkers gee.

- **6 Februarie 1838:** Piet Retief, sy 12-jarige seun en hul hele geselskap word deur Dingane vermoor. Hierdie grumoord het die Voortrekker-leierskap ernstig uitgedun met die moord op 70 gesins- en familiehoofde.
- **16 en 17 Februarie 1838:** Die Groot Moord vind langs die Bloukransrivier en Moordspruit plaas. Ongeveer 41 mans, 56 vroue, 185 kinders en 250 diensbodes word onverwags oorval en wreed vermoor. Dit is tot dusver die enigste keer in Suid-Afrika se geskiedenis waar 185 kinders in een nag vermoor is.
- **11 April 1838:** Die Voortrekkerleier, Piet Uys en sy seun Dirkie, sneuwel by Italeni. Die Voortrekkerkommando vlug en Hendrik Potgieter verlaat Natal.
- **13–15 Augustus 1838:** Aanval op Gatslaer wat later Veglaer genoem is. Sowat 2000 Zulu's het tydens die slag gesneuwel. In die dankdiens wat die Voortrekkers na die tyd gehou het, is Psalm 28:6–7 as teks geneem.
- **23 September 1838:** Die Voortrekkerleier Gerrit Maritz sterf op die ouderdom van 41 jaar. Sy laaste woorde was "Hoe moeilik dit ook lyk julle sal die opbloeï van ons volk seker aanskou in die veelbelowende land." Met die afsterwe van Maritz, was die Voortrekkers sonder leiers.
- **22 November 1838:** Andries Pretorius arriveer by die laers aan die Klein-Tugela en word verkies as kommandant-generaal. Kort hierna vertrek hy met 464 mans en 64 waens op 'n strafekspedisie teen Dingane.
- **9 Desember 1838:** Die Gelofte word die eerste keer onder leiding van Sarel Cilliers afgelê.
- **16 Desember 1838:** Die Slag van Bloedrivier vind plaas. Meer as 3000 Zulu-krygers sterf en net drie Trekkers is gewond.
- **21 Desember 1838:** Andries Pretorius vind die oorskot van Piet Retief en sy kommando, asook die ongeskonde traktaat in Retief se bladsak waarin Dingane die grond wettig aan die Voortrekkers gegee het.
- **1839:** Die Trekkers vestig die hoofstad, Pietermaritzburg, wat na die twee trekleiers Pieter Retief en Gert Maritz vernoem is.
- **1841:** Getrou aan die Gelofte het hulle fondse ingesamel vir die bou van die Geloftekerk. Die kerkie word in 1841 ingewy.
- **1845:** Die meeste Trekkers verlaat Port Natal na die Britse besetting en gaan vestig hulle in die destydse Transvaal en Vrystaat.

Prestasies van die Groot Trek

Afrika se wind en weer kon deur die eeue letterlik en figuurlik nie die Trekkerspoor wegwaai nie. Die ou waspoor het saam met erosie verdiep en verewig, maar die geslag se daad en prestasies het 'n blywende spoor op die kontinent gelaat. Tydens die Eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938 het Jan Smuts opgemerk dat die Voortrekkers se "daad" groter was as "die plan". Hulle was slegs van plan om iewers 'n plek te hê waar hulle veilig, vry en voorspoedig kon leef, maar met hul daad het hulle die plan uitpresteer.

DIE VOORTREKKERS SE 'DAAD' WAS GROTER AS 'DIE PLAN'.

Die prestasie van die Groot Trek word die beste weerspieël in die lewe van die trekkerseun, Paul Kruger. Toe Paul Kruger as 'n 11-jarige seun saam met sy pa oor die Oranjerivier getrek het, was daar niks in die binneland van Suid-Afrika nie. Geen dorp, pad, spoorweg, stad, republiek of winkel nie. Toe Paul Kruger in 1904 op die ouderdom van 79 sterf, het die Trekkers en hul nageslag in minder as 50 jaar die volgende gevestig:

- Die grense van moderne Suid-Afrika is getrek.
- Die konsep van vryheid van tirannie van inheemse volke se konings en vryheid van Britse oorheersing, is vir die hele Afrika gevestig.
- Die Voortrekkers wat self gebuk gegaan het onder onreg en despotisme het nie net die grondbeginsels vir Christelike demokrasie by Thaba Nchu vasgelê nie. Hulle het twee Republieke as regstate gevestig met grondwette, landswette, onderwyswette en mynwette waarvan baie regsbeginsels tot vandag toe geldig is. So het die Groot Trek as 'n rebellie vir vryheid tot die vestiging van demokrasie in Suider-Afrika gelei.
- Die verwoestende binnelandse oorloë tussen Zoeloes, Swazi's, Sotho's, Ndebele, Tswana en Griekwas is beëindig.
- Voortrekkers wat gewoon was aan staanplekke en laers, het in 50 jaar dorpe en stede gevestig waar almal, wit en swart, 'n verdienste kon bekom. Dorpe soos Kroonstad, Betlehem, Lydenburg, Rustenburg, Potchefstroom en stede soos Johannesburg, Pretoria en Bloemfontein is gevestig. Die infrastruktuur wat in die kort tydperk van vyf dekades geskep is, was meer as wat die Kaapkolonie in 20 dekades geskep het.
- Beter landboumetodes het werk geskep wat beter lewensmoontlikhede vir die inheemse bevolking daargestel het.
- Die Voortrekkers het ook die grondslag vir natuurbewaring geskep waarvan die Krugerwildtuin groter is as die staat Israel.
- Die Trekkers het met die *Trap-der-jeugd* in die wakis getrek en binne een geslag uitnemende skole en tersiêre kolleges gevestig. Opvoeding en onderwys is die binneland ingedra.
- Die ontdekking van goud in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die ontstaan van handelstede soos Johannesburg en Pretoria, het 'n nuwe dimensie aan ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang in Suid-Afrika geskep.
- Die moontlikheid van uiteindelijke verengelsing van die hele bevolking soos dit in die Kaapkolonie besig was om te gebeur, is geneutraliseer. 'n Afrikaanse taal- en identiteitsbewustheid is geskep. Die identiteitsbewustheid het 'n nuwe energie en ondernemingsgees vrygestel. Hierdie ontwikkeling sou die geleidelike wegkalwing en verdwyning van Britse imperialisme en kolonialisme tot gevolg hê.
- Die Voortrekkers het sonder die ondersteuning van die Kaapse Kerk getrek, met slegs die Bybel in die wakis, maar die Christelike geloof is wyd versprei. Kerke is gebou en teologiese fakulteite is gevestig. Sendingstasies het op plekke tot stand gekom waar dit vroeër nie moontlik was nie.
- Daar was geen pad nie, maar in 50 jaar het hulle waspore ontwikkel tot 'n spoorlyn van Kaapstad tot Pretoria en van Pretoria tot Mosambiek.
- Hulle het sonder ondersteuning en goedkeuring van Brittanje getrek en binne 14 jaar internasionale erkenning van verskeie Europese moondhede gekry.
- Die Voortrekkers was na die Oosgrensoorloë en ontberings verarm, maar het onder leiding van Gert Maritz maatskaplike sorg ontwikkel vir weduwees en wese. Dit het die grondslag gelê vir die latere oplossing van Afrikanerarmoede.
- Die gemeenskap van immigrante wat deur die Britse regering as bywoners hanteer is, het hul staanplek en spore in Suid-Afrika bevestig deur die skep van eie simbole deur middel van vlae, liedere en monumente.

- Verarmde Oosgrensboere wat met min roerende bates getrek het, het in vyf dekades vaste bates van miljarde pond ontwikkel.
- Onderlinge trektwiste het tot gerapporteerde debatte in die Volksraad ontwikkel.
- Huisgodsdien onder tentdoeke het tot sierlike kerke ontwikkel.
- Trekbeeste het tot internasionaal erkende stoeterie ontwikkel.

Die Voortrekkers se grootse nalatenskap was dat hulle in een leeftyd sonder politieke, ekonomiese of kerklike bystand uit die verskroeiende aarde van die verwoestende Mfecane twee republieke uit niks uit opgebou het. Deur harde werk, vindingrykheid, duursame planne, toewyding en opoffering het hulle hoëfunksieprestasies gelewer wat vandag nog vrugte dra en steeds nuwe betekenis skep. Hul daad en prestasies was die inspirasie vir hul kleinkinders en agterkleinkinders om na die Anglo-Boereoorlog se wrede nalatenskap en die leegheid van 'n verskroeiende aarde op te staan en nuut te begin. Die Voortrekkers se dryfkrag vir vryheid het geslagte Afrikaners geïnspireer om met denke en daad na nuwe horisonne te beur. NP van Wyk Louw verwoord dit treffend:

*... ek is die jeug, nog in my dood
sal ek deur hierdie nasie trek
'n voortrek wat geen einde kry;
in elke eeu
as rus en rykdom te dierbaar vir hul word,
sal hul die sweep hoor klap,
en in die land van son en wind
sal ewiglik die waspoor lê.*

10. DIE VERKENNER IDENTIFISEER HISTORIESE GEDENKWAARDIGHED.

Afrikaanse Taalmonument, Paarl

Aan die suidekant van die Paarlberg staan die pragtige Taalmonument wat opgerig is ter ere van Afrikaans. Die Taalmonument is in 1975, 100 jaar na die stigting van die GRA ingewy. Aanvanklik was baie mense skepties oor die idee van 'n monument vir 'n lewende taal, maar daar was tog soveel steun daarvoor dat die Afrikaanse Taalmonumentkomitee van die Paarl in 1964, in samewerking met die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond, 'n beperkte prysvraag uitgeskryf het vir 'n ontwerp vir so 'n monument. Twaalf argitekte is genooi om ontwerpe voor te lê. Die komitee het die ontwerp van Jan van Wijk van Pretoria aanvaar. Hy het 'n definisie van Afrikaans probeer kry deur gedagtes van Langenhoven en Van Wyk Louw te verbind. Langenhoven het die groeipotensiaal van Afrikaans vergelyk met 'n snel stygende boog, of, in meetkundige taal, 'n hiperboliese kromme. Van Wyk Louw het Afrikaans beskryf as die taal wat die helder Weste en die magiese Afrika met mekaar verbind. Die monument versinnebeeld kragtige groei en spreek van lewe en die voortbestaan van ons taal wat inhoud aan jou lewe gee. Bronsletters op die monument lui: "Dit is ons erns". Dit was die woorde van DF Malan in 1908. Die Taalmonument is op 10 Oktober 1975 deur die destydse Eerste Minister, BJ Vorster, onthul.

Afrikaanse Taalmonument, Windhoek

Ter Herdenking van Afrikaans se 90 jaar as amptelike landstaal word die eerste Taalmonument in Namibië deur die FAK en die Voortrekkers bekendgestel. Op die monument is die gedig, "Namib", van Ernst Schlengemann. Dit is die eerste Afrikaanse gedig in Namibië.

Afrikaanse
Taalmonument,
Paarl



Bloedrivierterrein, naby
Dundee



Dorslandtrekker-
monument,
Swartbooisdrift



Hugenate-monument,
Franschhoek



Afrikaanse
Taalmonument,
Windhoek



Bittereinder-
monument,
Windhoek



Dias-kruis

Geloftekerk,
Pietermaritzburg



Erfdeel Kultuursentrum,
Windhoek



Kaalvoetvrou naby
Kerkenberg

Bittereinder-monument, Windhoek

Die monument is opgerig ter nagedagtenis aan die bittereinders tydens die Anglo-Boereoorlog. Die monument verwoord ook iets van die opstaan na die oorlog met die woorde: "Ook ons het gebou."

DIE WALAER VAN 64 WAENS IS IN 1971 DEUR BJ VORSTER ONTHUL.

Bloedrivierterrein, naby Dundee

Die Bloedrivierterrein het 'n paar belangrike monumente, soos die bronswalaer, die Bloedriviermonument, die eerste klipstapel in die middel van die oorspronklike laer asook 'n interessante museum. Die walaer van 64 waens is in 1971 deur BJ Vorster onthul. Die laer staan op die oorspronklike plek waar Andries Pretorius se laer gestaan het.

Dias-kruise

Op 12 Maart 1488 het Bartolomeu Dias by Kwaaihoek tussen Boesmansriviermond en Boknes 'n kruis geplant. Die Dias-kruis by Kwaaihoek kan as die oudste monument in Suid-Afrika beskou word. Brokstukke van die kruis is in 1938 deur Eric Axelson gevind, wat die oorspronklike kruis gerestoureer het. Dias het op sy terugvaart ook kruise geplant by Mosselbaai, Kaappunt en Lüderitz. Die kruise dien as simbool en baken van die Christendom en die Westerse beskawing.

Dorslandtrekker-monument, Swartbooisdrift

Die Dorslandtrekker-monument is in 1953 onthul tydens die 25-jarige herdenking van die hervestiging van die Dorslandtrekkers in Suidwes-Afrika, wat vir 'n halfeeue in Angola gewoon het. Dit is ontwerp en opgerig deur Jan van der Smit, 'n afstammeling van die Dorslandtrekkers. Sedert 2003 word elke vyf jaar 'n Dorslandtrek-gedenkfees gehou, waartydens 'n gedenksteen by die monument gevoeg word.

Erfdeel Kultuursentrum, Windhoek

Die sentrum in die middestad van Windhoek is opgerig deur Netwerk van Afrikanerbelange en huisves 'n Afrikaanse biblioteek en Afrikanerargief. Dit dien hoofsaaklik as bymekaarkomplek vir Afrikanerorganisasies. Die simboliese boodskap is dat Afrikaners steeds hier is en neem eie verantwoordelikheid vir hul kultuur.

Geloftekerk, Pietermaritzburg

Die oorspronklike Voortrekkerkerkie is in 1841 ingewy en kan vandag nog in Pietermaritzburg besigtig word. Dit is vandag 'n museum met belangrike voorwerpe uit die Groot Trek. Die Geloftekerk staan in die teken van die Voortrekkers se roepingsbewustheid. Dit was vir hulle 'n saak van erns om 'n kerk in die binneland van Suid-Afrika te vestig. Ten spyte van onsuksesvolle pogings om leraars uit die Kaapkolonie te beroep, het hulle getrou gebly aan daaglikse godsdienstbeoefening en eredienste op Sondag.

Hugenote-monument, Franschhoek

Hierdie monument is op 17 April 1948 ingewy en het oorwegend 'n Christelike simboliek. Die drie boë simboliseer die Drie-eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees. Bo-op skyn die son van geregtigheid en bo dit is die kruis. Die vrouefiguur simboliseer godsdienst- en gewetensvryheid, met die Bybel in haar een hand en die gebreke ketting in haar ander hand. Die fleur-de-lis verwys na die Franse herkoms, maar ook na die edel karakter. Die aardbol verwys na die godsdienst (Bybel), kuns en kultuur (harp), die landbou en wynbou (gerf koring en wingerd) en industrie (spinwiel) wat die Hugenote saam met hulle na Suid-Afrika gebring het.


Kasteel de Goede Hoop, Kaapstad



*Sarel Cilliers
Geloftemonument,
Kroonstad*



*Vegkop, naby
Heilbron*



Voortrekkermonument, Pretoria



*Paardekraal-
monument,
Krugersdorp*



*Nasionale
Vrouemonument,
Bloemfontein*



*Paul Kruger-
standbeeld,
Kerkplein, Pretoria*



*Voortrekkerkind-beeld,
Pretoria*

Kaalvoetvrou naby Kerkenberg

Susanna Smit was die suster van die Voortrekkerleier Gert Maritz en die eggenote van die Voortrekkerpredikant Erasmus Smit. Sy het vir die kinders op die trek skoolgehou. Tydens die Britse besetting van Port Natal het Susanna gesê: "Ons loop eerder kaalvoet oor die Drakensberge terug as om een dag onder Britse bewind te leef." Die Kaalvoetvrou-standbeeld by Kerkenberg is ter ere van haar opgerig.

Kasteel de Goede Hoop, Kaapstad

Gedurende die tydperk tussen 1666 en 1679 is die tydelike fort omskep tot Die Kasteel wat vandag die oudste bewaarde gebou in Suid-Afrika is. Die Kasteel De Goede Hoop was beplan as 'n halfwegstasie, maar het die hoeksteen geword vir die vestiging van die Westerse beskawing in Afrika.

Nasionale Vrouemonument, Bloemfontein

Die monument is op aandrang van Steyn gebou ter ere van die vroue en kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf het.

DIT IS OP 16 DESEMBER 1913 ONTHUL MET MEER AS 20 000 AFRIKANERS WAT DIE KOPPIES RONDOM DIE NASIONALE VROUEMONUMENT SO VOLGEPAK HET DAT DIT SKAARS SIGBAAR WAS.

Die bekende skryfster Miemie Rothmann (MER) beskryf haar gewaarwording by die aanskouing van die "see van mense wat opstoot teen die hellings van die koppies" as "iets eie aan ons land, ons volk, onse hele geskiedenis". Onder die eregaste was die eerste minister Louis Botha, die bejaarde dokter Andrew Murray, oudpresident FW Reitz en MT Steyn, JD Kestell, asook die bekende Boeregeneraals CR de Wet, JBM Hertzog en JH de la Rey. Op 16 Desember 2013 is die honderdjarige herdenking van die Nasionale Vrouemonument luisterryk gevier.

Paardekraal-monument, Krugersdorp

Op 13 Desember 1881 het ongeveer 15 000 burgers by Paardekraal byeengekom om hulle voor God te verootmoedig. Hulle het klippe op 'n stapel gepak. Paul Kruger het op 16 Desember 1891 die monument onthul met die woorde: "Ek sal my gelofte teenoor die Here betaal." Die klipstapel is 'n getuigenis van 'n volk se begeerte om sy geloftes na te kom en dankbaarheid teenoor God vir uitkoms.

Paul Kruger-standbeeld, Kerkplein, Pretoria

Die standbeeld is oorspronklik gefinansier deur Sammy Marks, 'n persoonlike vriend van Kruger. Die beeld is omring deur vier Boerewagte – twee wat uit die tydperk van die Groot Trek dateer en twee wagte uit die oorlog. Die standbeeld wat vandag op Kerkplein staan, is aanvanklik op Stasieplein voor Pretoria-stasie opgerig. Op 10 Oktober 1925, presies 100 jaar na die geboorte van Kruger het JBM Hertzog dit ten aanskoue van 25 000 mense onthul. Op 10 Oktober 1954 is die beeldgroep na Kerkplein geskuif. Kruger is begrawe in die Heldeakker van Pretoria. Die kragtige eenvoud van die Kruger-standbeeld word ook treffend beskryf in die woorde van Jan FE Celliers: "Soos 'n berg, ongebuk, breed en bonkig van stuk, dis hy!"

Sarel Cilliers Geloftemonument, Kroonstad

Sarel Cilliers het op die ouderdom van 34 jaar saam met sy vrou en ses kinders by Hendrik Potgieter se trek aangesluit. Cilliers was saam met Potgieter by die slag van Vegkop betrokke, maar het later by Retief aangesluit met die doel om hom in Natal te vestig. Cilliers het bekend geword as die geestelike leier van die Voortrekkers. Onder sy leiding is die Geloofte die eerste keer op 9 Desember 1838 aan die Wasbankrivier afgelê. Die beeld toon Cilliers waar hy voor die Slag van Bloedrivier in gebed die hulp van God smeek. Die beeld is op 16 Desember 1960 onthul deur SA Cilliers (kleinseun en oudste naamgenoot van die Voortrekkerleier). Cilliers is op sy plaas Doornkloof, tussen Kroonstad en Lindley, begrawe. Die plaas behoort aan die Vrystaatse Voortrekkers. Behalwe sy graf, kan Cilliers se oorspronklike huis, ou tuin, skaapkraal en fort wat hy tydens die Basoetoe-oorloë gebou het, ook op Doornkloof besigtig word.

Vegkop, naby Heilbron


By Vegkop, naby Heilbron, het die eerste veldslag tussen die Voortrekkers en Matabeles plaasgevind. 'n Handjie vol Voortrekkers (34 mans) het meer as 3000 Matabeles onder leiding van Andries Hendrik Potgieter verslaan. Hendrik Potgieter was ongeveer 44 jaar oud met die aanvang van die Groot Trek. Hy was 'n suksesvolle boer en was veral bekend in die Tarka- en Colesberg-omgewing. Potgieter het die Kaapkolonie in 1835 verlaat met die doel om hom in die huidige Transvaal te vestig. Potgieter het 'n deurslaggewende rol by Vegkop gespeel, maar sy onvermoë om met ander leiers saam te werk, het veroorsaak dat hy nie orals gewild was nie. Hy het die dorp Potchefstroom gestig. Die latere president van die ZAR, Paul Kruger, was as 11-jarige seun by die Slag van Vegkop betrokke. Op die Vegkop-terrein is die grafte van die Trekkers wat tydens die slag gesneeu het, 'n museum en etlike gedenkstone.

Voortrekkermonument, Pretoria

Die Voortrekkermonument is een van die belangrikste monumente vir Afrikaners. Die Monument staan binne 'n laer van 64 ossewaens. Voor die Monument staan 'n beeld van 'n Voortrekkervrou en haar kinders. Binne die Monument is marmerfriesse wat die verhaal van die Groot Trek uitbeeld.

Voortrekkerkind-beeld, Pretoria

'n Voortrekkerkind-beeld is op Erfenisdag, 24 September, by die Voortrekkermonument onthul as deel van Die Voortrekkers se 85-fees. Dit is ontwerp en gebou deur 'n Namibiese Voortrekker en beeldhouer, Duif Keyser. Dit is die eerste beeld van 'n Namibiër op die historiese terrein. Aan die voetstuk van die beeld is die Manifes van 'n moderne Voortrekker ingemessel:



**'n Moderne Voortrekker se manifes
vir die trap van nuwe spore**

*Ek trap nuwe spore met
visie
wilskrag
verbeelding.*

*Deur onderskeidende denke
moed
en diensbaarheid
hou ek koers deur
uitdagings te aanvaar
en nuwe geleenthede
te skep
om my geloof in Jesus
Sy Woord
my taal
en kultuur
met trots
te bevestig,
uit te leef
en te laat groei.*

*Ek eer my voorgangers se spore vir
wat hulle bereik het,
en vir die betekenis wat hulle gevestig het.*

*Op my pad sal ek
ontdek,
ontgin,
bou
en handhaaf
tot voorspoed van
my gemeenskap,
my land,
my mede-landgenote
en my kontinent.*

*Danie Langner
Hoofleier*

11. DIE VERKENNER IDENTIFISEER KULTUURSIMBOLE EN KULTUURVLAE.



Nederlandse vlag

Hierdie vlag het drie horisontale bane in rooi (soms oranje), wit en blou. Die VOC het dieselfde vlag gebruik en net die letters VOC in die middelste wit baan gedruk. Die Nederlandse vlag is die kultuurvlag wat die langste onder die skadu van Tafelberg gewapper het, vanaf 1652-1795 en toe weer vanaf 1803-1806.

Hugenote-kruis

Die kruis is deur die ou Hugenote gedra as simbool van hul geloof en ook as 'n manier om mekaar te herken. Die boonste ronde knoppies verteenwoordig die agt saligsprekinge, die Malteserkruis gevorm deur die vier blare van die Franse lelie verteenwoordig die vier evangelies, Die vier fleur-de-lis, elk met drie blare, verteenwoordig die 12 apostels, die hangende duif verteenwoordig die Heilige Gees. Toe die vervolging op sy ergste was, het hulle in die middel van die kruis 'n pêrel geplaas as simbool van trane wat vloei.



Die Gelofte

Die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 is een van die belangrikste gebeure in die Afrikaner se geskiedenis. Die Voortrekkers was bewus dat hulle 'n klein groepie mans (464) is, teenoor 'n mag van 16 000 Zulu's. Hulle het besef dat hulle nie met eie mag en krag oorwinning kan behaal nie, maar totaal afhanklik is van die Here se genade om hulle in die stryd te bewaar. Vanaf die 9de Desember 1838 het hulle elke aand die Gelofte herhaal waarin

hulle nie net hul afhanklikheid teenoor die Here bely nie, maar ook beloof om die eer aan die Here alleen te gee.

*My broeders en mede-landgenote,
hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde,
om 'n gelofte aan Hom te doen,
dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee,
ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag,
soos 'n Sabbat sal deurbring,
en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag
en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel
tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte.
want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur
die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee.*



Die ossewa is een van die bekendste simbole in die Afrikaner se kultuur.

Baie kultuurorganisasies het 'n ossewa of 'n wawiel as deel van hul organisasie se simboliek. Enersyds was die wawiel sterk genoeg om dit te dra wat vir die Voortrekkers kosbaar was, maar andersyds ook sterk genoeg om nuwe spore oor berge, vlaktes en deur riviere te trap. Die ossewa was vir die Voortrekkers 'n huis, maar ook beskerming in die veld. Talle idiomatiese uitdrukkings in Afrikaans hou verband met 'n ossewa.



Die Statebybel was die Voortrekkers se kosbaarste besitting. Die groot swaar Bybel het 'n ereplek in die wakis gekry. Familiename, doopdatums en sterfdatums is sorgvuldig opgeteken. Oggendgodsdien en aandgodsdien was deel van die Voortrekkers se daaglikse roetine. Die historiese Bybel is 'n simbool van Die Voortrekkers se geloof en afhanklikheid van die Here op die trekpad.

Die vlag van die Republiek Natalia was vanaf 1939-1945 die amptelike vlag van die Voortrekkerrepubliek Natalia. In 1931 het die vlag die amptelike vlag van Die Voortrekkers geword.



Die Potgieter vlag is deur die Trekkeleier Andries Hendrik Potgieter gebruik as sy amptelike vlag. Met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument is die vlag gebruik om die hoeksteen voor onthulling te bedek.

Die Lydenburgse vlag

In die pioniersjare van die ou Transvaal, voordat die ou Voortrekkers en hulle afstammelinge 'n sterk staat gevorm het, het die inwoners van Lydenburg van 1857 tot 1860 hulle eie vlag gebruik. Dit het soos die Nederlandse vlag gelyk, maar met 'n rooi baan bo.



Die Stellalandse vlag

Die Republiek Stellaland het net enkele jare bestaan, naamlik van 1882 tot 1884. Dit was op die Transvaalse wesgrens geleë en die hoofstad daarvan was Vryburg. Die oostelike deel van Stellaland het in 1884 deel van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword en die westelike deel 'n deel van Brits-Betsjoeanaland, wat later by die Kaapprovinsie ingelyf is.

Die Stellalandse vlag het twee vertikale bane, groen links teen die vlagpaal en rooi regs, met in die middel tussen die twee bane 'n wit ster.

Die Republiek Land Goosen

Hierdie was die tweeling republiek van Stellaland. Dit was direk noord daarvan geleë met Rooigrond, wat naby die huidige dorp Mafikeng geleë is, as hoofsentrum. Dit het ook van 1882 tot 1884 bestaan en is uiteindelik op dieselfde wyse as Stellaland verdeel. Die Gooseniete het 'n vierkleur gehad met swart, wit en rooi horisontale bane en 'n vertikale groen baan teen die vlagpaal.



Die Nuwe Republiek

Hierdie vlag het van 1884 tot 1888 suid van die suidoos-grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) bestaan. Die hoofstad van daardie republiek was Vryheid. Dit is in 1888 by Transvaal ingelyf as die distrik Vryheid, maar het na die Anglo-Boereoorlog deel van Natal geword. Die vlag van die Nuwe Republiek het soos die Vierkleur gelyk,

maar met 'n blou vertikale baan teen die vlagpaal en rooi, wit en groen bane horisontaal onder mekaar.



Die Vierkleur, Transvaalse landswaapen en Volkslied

Die Vierkleur is ontwerp deur dominee Dirk van der Hoff, die eerste predikant in Transvaal. Die rooi, wit en blou bane dui op die Nederlandse vlag. Die groen baan is 'n simbool van hoop, jeug en groei. Die leuse van die waapen, Eendrag maak mag, was ook die leuse van die latere Republiek van Suid-

Afrika. Die amptelike Volkslied is tydens die presidentskap van president TF Burgers geskryf en in 1876 deur die Volksraad goedgekeur.

Eerste strofe van die ZAR-Volkslied

*Kent jy dat volk vol heldenmoed
En toch so lang geknecht?
Het heeft geofferd goed en bloed
Voor vrijheid en voor recht
Komt burgers! laat de vlaggen wapp'ren
Ons lijden is voorbij
Roemt in de zege onzer dapp'ren
Dat vrije volk zijn wij!
Dat vrije volk, dat vrije volk
Dat vrije, vrije volk zijn wij!*

Ken jy die volk vol heldemoed,
En tog so lank verkneg,
Hy het geoffer goed en bloed
Vir Vryheid en vir reg
Kom burgers! laat die vlage wapper
Ons lyding is verby
Roem in die sege van onse dapp'ers
'n Vrye volk is ons!
'n Vrye volk, 'n Vrye volk
'n Vrye, Vrye volk is ons!

Presidente van die Zuid-Afrikaansche Republiek

MW Pretorius 1857-1859 en 1864-1871

WC Janse van Rensburg 1863-1864

TF Burgers 1872-1877

SJP Kruger 1883-1902



Die Vrystaatse vlag, landswaapen en Volkslied

Die vlag en landswaapen herinner sterk aan die Nederlandse wortels van die Vrystaatse republiek. In die linkerkantse hoek van die Vrystaatse vlag is die Nederlandse vlag, en die lemoenboom herinner aan die Huis van Oranje wat die Nederlandse koningshuis is. Die Vrystaatse Volkslied het tydens die presidentskap van JH Brand tot stand gekom.

Eerste strofe van die Vrystaatse Volkslied

*Heft, Burgers, 't lied der vrijheid aan
En zingt ons eigen volksbestaan!
Van vreemde banden vrij.
Bekleedt ons klein gemenebest,
Op orde, wet en recht gevest,
Rang in der Staten rij.
Rang in der Staten rij.*

Sing burgers, die lied van vryheid
En sing van ons eie volksbestaan
van vreemde oorheersing vry
Ons klein gemeenskap
is op orde, wet en reg gevestig
Ons het 'n plek tussen die state
Ons het 'n plek tussen die state

Presidente van die Republiek van die Oranje-Vrystaat

JP Hoffman 1854-1855

JN Boshoff 1855-1859

MW Pretorius 1860-1863

JH Brand 1864-1888

FW Reitz 1889-1895

MT Steyn 1896-1902



Die Afrikaanse Bybel

Die verskyning van die Afrikaanse Bybel is seker die grootse gebeurtenis wat nog ooit in Afrikaans plaasgevind het. Dit is ook 'n simbool van die Afrikaanse Bybel het 'n enorme rol gespeel om Afrikaans te standaardiseer wat noodsaaklik is vir enige taal om te ontwikkel tot 'n akademiese taal. Afrikaans was ook nie meer die huis-, tuin- en kombuistaal nie, maar 'n kanseltaal, universiteitstaal, skryftaal en singtaal.

Kook en Geniet

Die gewilde kookboek is die eerste keer in 1951 deur Ina van Schalkwyk uitgegee en is sedertdien talle kere herdruk. Deur middel van hierdie boek het meer as een geslag Afrikaners nie net leer kos maak nie, maar is talle tradisionele resepte en geregte bewaar.



Groot Verseboek

Vir meer as 'n halfeeue het DJ Opperman se *Groot Verseboek* die kanon van die Afrikaanse poësie bepaal. Die Verseboek het die mooiste Afrikaanse gedigte in een boek saamgebind en 'n beeld gegee van die ontwikkeling van Afrikaanse poësie oor dekades.



EEN VAN DIE OUDSTE AFRIKAANSE LIEDJIES WAT VANAF 1907 TOT VANDAG TOE NOG GESING WORD, IS “SLAAP KINDJIE SLAAP”.

FAK-Sangbundel

Die verhaal van die *FAK-Sangbundel* is verweef met die historiese ontwikkeling van Afrikaanse musiek. Die Sangbundel is die opvolger van Mansvelt se *Hollands-Afrikaanse Liederebundel* (1907) en die *Groot Afrikaanse-Hollandse Liederebundel* (1927). In Mansvelt se bundel is slegs

78 liederes opgeneem en in die 1937-bundel 314 Afrikaanse liederes. Dit dui op die ongelooflike groei van Afrikaanse musiek in net tien jaar. In 1961 en 1979 is die Sangbundel weer uitgegee met 400 nuwe Afrikaanse liederes. Ongeveer 90% van die Afrikaanse liederes het egter oorsese wysies gehad of was vertalings van Europese liederes. In 2012 met die 75ste verjaarsdag van die Sangbundel het 'n nuwe FAK-Sangbundel verskyn met 353 splinternuwe Afrikaanse liederes waarvan 99% van Afrikaanse liederes oorspronklike wysies en skeppings uit eie bodem is. Dit dui op die lewenskrag van Afrikaanse musiek. Die oudste Afrikaanse liedjies wat vanaf 1907 tot vandag toe nog gesing word, is: “Afrikaners landgenote”, “Slaap kindjie slaap”, “Ou tante Koba is so dom”, “Stellenbosch se boys” en “Mamma ek wil 'n man hê”.

“Die Stem van Suid-Afrika”

Sedert die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is slegs die Britse nasionale lied: “God save the King” gesing. In 1918 het CJ Langenhoven “Die Stem” gedig. Op 2 Mei 1957 is dit tot die enigste nasionale lied van Suid-Afrika verklaar.



Unievlag

Vanaf 1957 tot 1994 was die Unievlag die enigste landsvlag van Suid-Afrika. Vandag respekteer Afrikaners die vlag steeds as 'n kulturele simbool.

Landswapen

Die oorspronklike landswapen is deur Arthur Holland ontwerp en op 17 September 1910 deur koning George V aan die Unie van Suid-Afrika toegeken. Die vier kwartiere verteenwoordig die vier provinsies, naamlik Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal. Die leeu is afgelei van die Britse en Nederlandse landswapens. Die wapenspreuk, *Ex unitate vires*, is 'n Latynse vertaling van die voormalige Transvaalse wapenspreuk: Eendrag maak mag.



12. DIE VERKENNER ONTWIKKEL BESTUURSVAAARDIGHEDE.

Delegering

Breedweg gesproke delegeer 'n mens wanneer jy gesag aan iemand anders gee om sekere pligte en take uit te voer en daarmee saam die nodige besluite te kan neem. Dus gee jy, as verantwoordelike persoon, 'n deel van jou gesag weg aan iemand anders. Jy sê aan daardie persoon: "Ek vertrou jou om die taak suksesvol gedoen te kry."

Dit is nodig om te delegeer wanneer jy te veel pligte het om te verrig en jy dus die hoeveelheid werk moet versprei onder die mense in die groep. Soms is jou en die groep se tyd beperk en het jy nodig om te besluit wie doen watter deel van die taak sodat julle jul doelwit kan bereik. 'n Mens delegeer egter nie sommer enige taak na enige persoon nie.

Die sukses van jou besluit sal uitgewys word deur die resultate wat jy kry. 'n Belangrike deel van delegering is dus om te weet wat die sterk punte van elkeen van die mense in jou groep is sodat jy dit kan gebruik wanneer die situasie hom voordoen.

Fasilitering

'n Fasiliteerder is iemand wat sy kennis en vaardighede, om met groepe te werk, gebruik om 'n groep by hul einddoel te kry. Wanneer jy verantwoordelik is as die voorsitter van 'n vergadering, is jy besig om die groep te fasiliteer om die vergadering suksesvol af te handel.

As fasiliteerder is dit nodig om, onder meer, die volgende te kan doen:

- Deeglik te beplan vir 'n vergadering of groepbyeenkoms
- 'n Vergadering of groepbyeenkoms te kan uitroep
- Die mense by die byeenkoms of vergadering te kan "lees"
- Tyd in gedagte te kan hou
- Konflik tydens die byeenkoms of vergadering te kan hanteer
- Mense te help om te fokus op die belangrike temas
- Nadat daar gebreek is die mense weer te help fokus

Van die eienskappe van 'n goeie fasiliteerder is:

- *Openheid* – om respek te hê vir alle soorte mense met allerhande soorte persoonlikhede
- *Eerlikheid en regverdigheid* – om aan elke persoon 'n billike kans te gee
- *Handelinge kan deurvoer* – doen deurlopend dieselfde ding
- *Fokus* – om die groep te help fokus, is dit nodig dat die fasiliteerder self kan fokus
- *Aktief kan luister* – as jy na iemand luister en dit wat hulle gesê het, so kan weergee dat hulle die boodskap kry dat jy verstaan het wat hulle sê
- *Buigbaar wees* – om verskillende maniere te kan toelaat om 'n probleem op te los
- *Selfgeldend* – om mense met 'n ferm stemtoon te kan laat fokus op die belangrike dinge
- *Entoesiasties wees* – om met oorgawe en ywer die situasie te kan hanteer

'n Goeie fasiliteerder is 'n meester as dit kom by take. Die volgende stappe is belangrik om 'n groep te help om 'n taak effektief te kan verrig:

- Beplanning
- Implementering
- Evaluering

Die implementeringstap kan verder opgedeel word in spesifieke take vir die fasiliteerder. Dan lyk die metode om die taak aan te pak as volg:

- *Beplanning* – bedink die beste manier om die taak te doen. Besluit ook hoe die groep sal weet of die taak suksesvol was
- *Organisasie* – besluit wie doen wat
- *Koördinasie* – reguleer wanneer wat gedoen word
- *Kontrole* – maak foute reg
- *Aansporing* – gee raad en sit hand by
- *Evaluering* – bespreek met die groep wat hulle geleer het

Alhoewel dit die fasiliteerder se plig is om aan gepaste take vir die groep te dink, is dit die groep wat besluit watter taak hulle wil aanpak. Dit is belangrik dat die fasiliteerder hom ook as 'n lid van die groep beskou, en dus ook werk sal verrig wanneer 'n taak aangepak word – hy sit nie agteroor nie en domineer nie die groep nie. Onthou, die enigste mense wat bo begin wanneer hulle 'n taak aanpak, is grafgrawers – en hulle taak eindig onder in die gat!

Met jou eerste taak sal jy moet konsentreer om al die stappe te onthou, maar later kom dit sommerkansels. Jy verstaan natuurlik wat elkeen van hierdie woorde beteken, en nog belangriker: jy weet hoe om dit in die praktyk toe te pas.

Tydsbestuur

'n Mens kan nie tyd bestuur nie. Tyd is 'n bron wat gebruik word. As jy 'n taak het om te verrig, bepaal die einddoel wat belangrik is. As tyd belangrik is, word dit ingereken by die res van die dinge wat belangrik is. Dit gebeur soms dat tyd nie belangrik is om 'n einddoel te bereik nie.

MENS KAN NIE TYD BESTUUR NIE. TYD IS 'N BRON WAT GEBRUIK WORD.

Hoe ouer 'n mens word, hoe meer verander jou prioriteite. Prioriteite is die woord wat 'n mens gee aan die dinge wat belangrik is. Om te prioritiseer, beteken om te besluit wat belangrik is, dit te rangskik van

belangrik na minder belangrik en dan te bepaal hoeveel tyd jy nodig het om elke taak af te handel. Wat alles moet gebeur om die einddoel te bereik, gaan ook bepaal hoe lank voor die tyd jy moet aandag gee aan iets. As daar baie reëlins betrokke is by iets soos 'n Voortrekkerfunksie en mense moet van ver af kom om dit by te woon, moet jy hulle baie lank vooraf in kennis stel. Mense kan nie net hul dagboeke rondskuif om by ander se programme in te pas nie. Jy toon respek wanneer jy mense vroegtydig laat weet van die funksie.

13. DIE VERKENNER BESTUUR PERSOONLIKE FINANSIES.

Die eerste en seker die belangrikste aspek in die bestuur van jou finansies is om te beplan. Die spreekwoorde lui: “Besin eer jy begin” of “Goed begin is half gewin”.

Die mees basiese beplanningsmeganisme in finansies is 'n begroting wat jy maandeliks opstel. As jy sukkel hiermee, vra 'n kundige persoon om jou te help.

Hier volg 'n basiese voorbeeld van 'n begroting:

Item	Inkomste	Uitgawes
Sakgeld van Pa	R200	
Help Oupa in die tuin	R35	
Boetie betaal geleende geld terug	R25	
Flik en uitgaan		R100
Selfoon		R60
Snoepiegeld		R35
Kerkgeld		R20
Totaal	R260	R215
Spaar	R45	



Uit bogenoemde voorbeeld kan jy sien hierdie Verkenner staan nie net bakhand voor sy ouers nie, maar begin self woeker en steek hande uit die mou. Hy het sy oupa in die tuin gehelp, wat twee voordele inhou: hy leer sy oupa beter ken en verdien 'n paar rand.

Verder sal jy sien daar was 'n terugbetaling van 'n "lening".

Sy boetie is dalk nie 'n Voortrekker nie en het nog nie goeie finansiële gewoontes aangeleer nie. Aan die einde van die vorige maand was sy geld op en sy meisie het verjaar. Gelukkig was sy broer byderhand om te help. Uit dankbaarheid belowe hy toe om nie net die R20 terug te gee nie, maar R25. Bonus rente van R5!

Nog 'n ding waarna jy moet oplet in jou begroting, is dat daar geld **gespaar** moet word!

Op dié stadium van jou lewe is daar waarskynlik nie groot en noodsaaklike dinge om voor te spaar nie, maar eerder luukshede – dalk 'n oorsese toer saam met die skool! Dit is egter belangrik om dié goeie gewoonte so jonk as moontlik aan te leer. Oor vyf jaar, wanneer jy moet begin beplan en spaar vir jou oudag, kan die gewoonte reeds gevestig wees en sal dit vir jou makliker wees as vir iemand wat gewoon is om alles te spandeer.

Dit is redelik maklik om elke maand al jou sakgeld te blaas, maar dit is moeilik om te spaar.

Selfdiscipline! In die algemeen sukkel die meeste mense hiermee en daarom sukkel hulle ook met hulle finansies.

Hier is 'n paar wenke en voorstelle:

- Begin deur klein beloftes aan jouself te hou. As jy beplan het om net een maal per maand te gaan fliek, hou by die plan! As jy meer as een keer gaan fliek, sal jy gedwing word om van jou spaargeld te gebruik.
- Dis ook goed om nie geld rond te skuif tussen begrotingsitems nie. As R50 vir fliek begroot is, moenie R10 van jou selfoongeld leen en R60 uitgee nie, want dan moet jy weer later elders leen.
- Wees realisties as jy jou begroting opstel. Moenie verwag om met 'n R29 selfoonkaart vir die maand uit te kom as jy en jou vriende selfoonverslaafdes is nie.

Hieruit kan jy ook die volgende leer:

Jy moet jou spandeergewoontes ondersoek en as dit buitensporig is, werk daaraan! Wie se voorbeeld volg jy na? Pasop vir mense wat alles koop wat hulle oë sien. Gebruik liever iemand as voorbeeld wat gesonde koop- en begrotingsgewoontes het.

Wanneer jy lus raak om iets te koop, vra jouself af: "Het ek regtig dié item nodig?", "Is my huidige item regtig so uit die mode of stukkend dat ek die nuwe een móét koop?" Indien jou antwoord op beide vrae "ja" is (sonder twyfel), is die laaste vraag: "Waar kan ek die beste kopie in die hande kry?"

Laaste, maar nie die minste nie, moet jy gewaarsku wees teen skuld. Moenie geld leen as jy nie 120% seker is dat jy dit sal kan terugbetaal nie. Die beste opsie is om heeltemal weg te bly van skuld af! Namate jy ouer word (begin werk of studeer) gaan skuld 'n noodsaaklikheid word (huislening, motorlening, studielening), maar dit moet steeds aktief en nugter bestuur word. Die goue woorde is steeds "kontant kraai koning!"

14. DIE VERKENNER IS BEWUS VAN MISDAADVOORKOMING.

'n Misdaad is die oortreding van die wet van Suid-Afrika. Volgens die Westerse regsleer moet daar 'n gesamentlike sameloop van 'n paar dinge wees, naamlik skuldige handeling en skuldige gewete.

Meer spesifiek, 'n misdaad word beskou as oortreding teenoor die gemeenskap en slegs die staat kan straf. Dit is 'n probleem in baie van ons meer afgeleë gebiede. Die gemeenskap neem die reg in hulle eie hande. Dit veroorsaak net nog meer misdaad en glad nie misdaadvoorkoming nie.

Nou dat ons weet wat misdaad is, moet ons ook weet wat is misdaadvoorkoming. Die belangrikste rolspelers in die voorkoming van enige misdaad is JY! Die gemeenskap word die oë en ore van die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Dit is die strewe van die Suid-Afrikaanse Polisie diens om misdaad totaal in Suid-Afrika uit te wis. Dit is dus belangrik om die volgende nommer te onthou: **10111**.

Indien jy enige misdaad vermoed of waarneem, kan en moet jy as 'n Voortrekker dit by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanmeld.


Dit is verder ook baie belangrik om die nommer van jou plaaslike polisie stasie uit jou kop te ken. Dit kan ook op jou selfoon gestoor word.

Verder bestaan daar ook iets soos 'n GPF (Gemeenskaps Polisiëringsforum). Dit word altyd deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens in samewerking met die gemeenskap gereël. Daar word gewoonlik op 'n maandelikse basis 'n vergadering gehou en misdadertendense in die gebied (sektor soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens dit noem) bespreek.

'N MISDAAD WORD BESKOU AS OORTREDING TEENOOR DIE GEMEENSAP EN SLEGS DIE STAAT KAN STRAF.

Jy kan die volgende doen:

- Indien jy enige iets verdags sien of van hoor, meld dit aan by die SAPD. Dit is belangrik om te besef dat die Polisie jou vriend is en dat jy nie bang moet wees om hulle te kontak nie.
- Indien jy deur vreemdelinge, wat vir jou verdag lyk, genader word, hardloop so vinnig as wat jy kan en skree so ver as wat jy gaan. Misdadigers hou nie van aandag wat op hulle gevestig word nie. En natuurlik moet jy die rapporteer aan die SAPD.
- Wees altyd oplettend en kyk wat om jou aangaan. Moenie dat vreemde mense jou help om by die otm geld te trek nie. Moenie na vreemde mense se huise, voertuie, ens. Gaan nie en weet altyd dat die polisie net 'n oproep ver is!
- Sluit aan by jou naaste GPF. Jy weet mos nou wat dit is en jy kan ook 'n bydrae lewer.
- Wees eerder bang Jan as dooie Jan. Moenie jou lewe onnodig in gevaar stel nie. Dit is nie veilig om alleen te loop nie, vertel altyd iemand waarheen jy op pad is en laat weet as jy veilig daar aangekom het. Beweeg altyd in groepe van twee of meer maats.



15. DIE VERKENNER SPEEL GROEP- EN TRADISIONELE SPELETJIES.

Die spelleier

Jy as leier van die speletjies moet die leiding aanvaar en vermoë openbaar om die groep suksesvol te kan hanteer. Daar word van jou verwag om die volgende te kan doen:

- Verstaan die reëls van die spel baie goed en verduidelik vir die groep duidelik.
- Organiseer en reël die apparaat en hulpmiddels wat jy gaan nodig hê – jy hoef nie alles self te doen nie! Kry iemand om jou te help.
- By spanspele moet jy die lede gebalanseerd kies – dit gaan nie werk as die een toutrekspan 'n rugbyspan en die ander span 'n netbalspan is nie!
- Jy moet almal motiveer om aktief deel te neem aan die speletjies – dit kan 'n uitdaging wees, so dink goed hieroor en wees kreatief.
- Wees voorbereid om jou speletjies aan te pas – die groepsdinamika, fisiese omstandighede en selfs die weer kan jou goed uitgewerkte planne pootjie!
- Moenie hoogmoedig wees nie – daar is altyd iemand wat 'n oulike voorstel sal hê om jou speletjie beter, snaakser of lekkerder te maak – pas jou speletjies aan!
- Wees waaksaam vir spelers wat nie betrokke is nie – hulle gaan maklik ongemerk deur in 'n groep spelers – maak hulle doelbewus deel van die speletjie.
- Wees altyd in beheer en hou by die speletjie se reëls anders kan dit groot frustrasie veroorsaak.

Wenke by die aanbied en beplanning van groepspeletjies

- 'n Speletjie het gewoonlik 'n leier wat die speletjie aanbied. Die persoon wat die speletjie aanbied (spelleier), moet die persoonlikheid en vermoë besit om sterk leiding te neem. Die spelleier moet in beheer van die groep wees.
- Die spelleier moet duidelik praat.
- Die spelreëls moet verduidelik word. Verduidelik vinnig en effektief. Maak seker almal verstaan en weet wat om te doen.
- 'n Oefenrondte kan gespeel word voordat die speletjie begin.
- Besluit vooraf hoe die groepe ingedeel gaan word. Dit kan op verskeie maniere gedoen word, bv. wie verjaar in watter maand, letters waarmee 'n naam begin, ens.
- Die spelleier moet sorg dat by die spelreëls gehou word. Daar heers gewoonlik groot ongelukkigheid as 'n span of speler nie by die reëls hou nie.
- Maak seker dat almal kan sien wat besig is om te gebeur anders verloor hulle belangstelling.
- Probeer almal by die speletjie betrek.
- Almal wat jou help, moet reeds voor die tyd gereed wees en weet wat van hulle verwag word.
- Maak alle materiale wat jy nodig het vir die speletjie, vroegtydig bymekaar en kry dit voor die tyd gereed. (Wanneer dit lank neem om die voorbereiding te doen, verloor jy die mense se aandag en belangstelling.)
- Lees die gehoor. Kyk wanneer die speletjie nie meer vir hulle lekker is nie. Stop die speletjie of maak aanpassings om die speletjie op 'n ander manier te speel.
- Maak seker die terrein is geskik vir die speletjie.
- Dit is nodig om noodhulp-toerusting byderhand te hê indien daar 'n besering is.
- Maak seker dat die speletjie veilig is.
- Sorg dat almal 'n beurt met die speletjie kry.
- Neem die ouderdom en geslag by die keuse van 'n speletjie in ag. Hoërskooldogters sal dalk nie graag raakrugby wil speel nie!

KOM ONS SPEEL!**Groepspeletjies****Stomstreke**

Maak vooraf kaartjies met onderwerpe wat deur 'n deelnemer of deelnemers sonder woorde vertolk moet word. Die spanlede moet raai waarom dit gaan.

As hulle reg raai, kan die volgende persoon (groep) weer 'n kaartjie trek.

Gebruik woorde, idiome, Voortrekkerkodes of enige ander inhoud vir die kaartjies.

Woorde: Verkleurmannetjie, reënboognasie, wasmasjien, braaivleis, boeresport, kamp opslaan, seremonie, nagmars, ensovoorts.



Stoeledans (Musical chairs)

Plaas stoele in 'n sirkel, een minder as die aantal deelnemers. Sodra die musiek begin speel, beweeg die deelnemers in een rigting aan die buitekant rondom die stoele. Die oomblik wat die musiek stop, moet elkeen op 'n stoel gaan sit. Die persoon wat nie 'n stoel kry nie, is uit. Neem nog 'n stoel weg en begin dan weer musiek speel. Deelnemers begin weer saam met musiek beweeg totdat die musiek stop. Die persoon wat nie 'n stoel gekry het nie, is uit. Neem dan nog 'n stoel weg. Hou so aan totdat daar net een stoel oor is.



'n Variasie op die gewone stoeledans is dat meer as een op 'n stoel kan gaan sit. Die spelleier sê hoeveel persone moet op een stoel gaan sit, byvoorbeeld twee of drie of vier ... Gebruik hoelahoepels in plaas van stoele en sê dan hoeveel moet in 'n ring gaan staan.

Tradisionele speletjies

Blik aspaai

Hierdie speletjie is deur die Verkenners gedurende die Anglo-Boereoorlog gespeel. Die "aspaai" is afgelei van die Engelse woorde "I Spy" wat die Verkenners by die Engelse gehoor het.

Hierdie speletjie word net soos wegkruipertjie gespeel. Die een wat "aan" is, moet 'n blik oppas en gelyktydig na die wegkruipers soek. Gebruik 'n blikkie met klippies in. Die blik mag nie saamgedra word nie. As die aan-speler 'n persoon sien, word uitgeroep: "Blikaspaai vir Anje agter die boom".

Die wegkruipers moet probeer om die blik te kry en dit weg te gooi. Wanneer hulle die blik weggooi, roep hulle: "Blikaspaai". As dit gebeur, moet die een wat "aan" is, eers die blik gaan haal en op die regte plek sit voordat daar verder gesoek word. Dit gee die een wat die blik gegooi het, kans om weer te gaan wegkruip. As hulle gesien word voordat hulle die blik kan weggooi, is hulle uit.

Die speletjie moet ook in 'n afgebakende gebied gespeel word, en die blik moet nie so weggeskop word dat dit onmoontlik is om te kry nie.

Ellie Rose

Seuns en meisies vorm 'n lang ry, twee-twee langs mekaar.

Een seun, die wewenaar, staan voor met sy rug na die rye.

Hy roep uit: "Ellie Rose!"

Die agterste seun nael langs die seunsry en meisie langs die meisiery af.

Die wewenaar probeer die meisie vang.

As hy haar vang, staan hulle twee heel voor langs mekaar.

Die oorspronklike maat is nou wewenaar en skree weer "Ellie Rose!"

Die seuns maak allerhande planne om sy meisie te behou. Spring soms tussen die rye deur na meisies se kant om weer by haar te kom voordat die wewenaar haar vang, of hy hardloop voor om.

Meisies verwar die wewenaar deur links of regs van seuns te staan.

Boeresport

Stoktrek

Twee deelnemers sit plat op die vloer met hulle voete teenmekaar. Hulle hou met albei hande 'n kort, stewige stok dwars tussen hulle vas. Die stok moet net lank genoeg wees vir die vier hande om dit mooi vas te vat. Die een probeer nou om die ander van die vloer af op te lig deur aan die stok te trek. Die bene moet deurgaans styf gehou word en daar moet egalig getrek word, nie geruk word nie.

Die deelnemer wat die ander ongeveer 15 cm van die grond af kan oplig, wen.

Donkie se stert aansteek

Benodig: Tekeninge van 'n donkie, 'n stert en 'n duimspyker



Teken vooraf 'n groot donkie op 'n plank, of teken dit op papier en sit dit op die plank vas. Hang die plank teen die muur op. Die donkie se stert moet op 'n aparte stukkie papier geteken wees. Die prent moet ongeveer armhoogte van die grond af wees.

Die persoon wat deelneem, word eers geblinddoek en 'n paar keer in die rondte gedraai tot sy/haar gesig weer in die rigting van die donkie is. Hy/sy moet dan met die donkie se stert in die hand nader gaan en die stert op die tekening vassteek waar hy/sy meen dit behoort te wees. Hy/sy mag nie eers aan die plank of die papier voel nie. Hy/sy moet die stert aansteek waar sy/haar hand die papier of plank raak.

Die deelnemer wat die stert naaste aan die regte plek aansteek, is die wenner.

Noodhulpspeletjies

Speletjie 1: Verdeel die groep in spanne van twee. Een spanlid is die pasiënt en die ander lid die noodhelper. Verdeel die groep in pasiënte aan die een kant en noodhelpers aan die ander kant. Elke pasiënt word dan meegedeel watter besering hy/sy het, byvoorbeeld snywond, skraapwond, gebreekte vinger, ensovoorts. Sodra die fluitjie blaas moet die noodhelpers na hulle pasiënt hardloop en probeer uitvind wat die probleem is. Die pasiënt kan kreun of net uitroep wat die probleem is, byvoorbeeld "Eina my vinger, my vinger". Die noodhelper moet dan die korrekte behandeling toepas. Sodra die pasiënt gehelp is, moet beide die pasiënt en noodhelper na die spanoffisier hardloop. Die spanoffisier sal dan bepaal of die korrekte behandeling toegepas is.

Speletjie 2: Draagbaar-resies

Maak spanne van drie. Een spanlid is die pasiënt (gewoonlik die ligter een!) en die ander twee is die spanlede wat 'n draagbaar moet maak. Twee lede van die span staan op die wegspringstreep, die pasiënt lê 'n entjie van die wegspringstreep af in 'n ry. Sodra die fluitjie blaas moet die spanlede na die pasiënt hardloop, 'n draagbaar maak en die pasiënt terugdra tot by die wegspringstreep.

Elke span kan byvoorbeeld twee stokke en 'n baadjie of kombers of item waarmee 'n draagbaar gebou kan word, ontvang. Spanlede kan ook die verskillende noodhulp-drametodes gebruik om die pasiënt te vervoer.

'n Variasie van die speletjie is om 'n briefie by elke pasiënt te plaas wat die aard van die besering aandui, byvoorbeeld 'n gebreekte sleutelbeen.

Touwerkspelletjies

Speletjie 1: Ken jou knope!

Oefen knope deur spelletjies en kompetisies.

Plaas 'n tou voor elke spanlid. 'n Knoop word gegee, byvoorbeeld "Skuifknoop". Almal wat die knoop reg het, beweeg een tree vorentoe. Die persoon wat die knoop eerste reg kry, kan twee treë vorentoe beweeg. Kyk wie eerste by 'n bepaalde plek is.

Variasies van die knopekompetisie is:

- Maak die knoop agter jou rug of maak die knoop met jou oë toe. Almal wat dit regkry, kan vorentoe beweeg.
- Slegs die eerste een wat vyf knope reg het, kan vorentoe beweeg.
- Almal wat die knoop in 'n sekere tyd voltooi, kan vorentoe beweeg.

Speletjie 2: Knope ken

Verdeel die span in twee groepe. Knope word vooraf gemaak en word agter die groepe geplaas. Spanne staan agtermekaar in rye. Die offisier blaas 'n fluitjie en roep 'n knoop se naam uit. 'n Lid van elke span hardloop nou vorentoe en gaan haal die regte knoop. Elke span versamel dan die knope wat hulle reg het. Sorg dat daar byvoorbeeld meer as een van 'n soort knoop is. Die wenspan is die span met die meeste knope. 'n Foutiewe knoop tel nie.

Speletjie 3: Knoopkrieket

Hierdie spelletjie werk goed vir kinders vanaf graad 5. Dit help vir die inskerping van verskillende knope.


Verdeel die groep in twee spanne. Die een span is die kolwers en die ander die veldwerkers.

Die span wat veldwerk doen, moet dieselfde as 'n bofbalspan opgestel wees (een bouler, vier basisse met 'n veldwerker op elke basis).

Die eerste kolwer kom in en staan by die eerste basis. Die offisier skree die tipe knoop wat gemaak moet word. Die bouler en kolwer moet die knoop maak. As die bouler eerste klaar is met die knoop, gooi hy sy knoop na die veldwerker by die eerste basis (waar die kolwer staan). Die kolwer is dan uit. As die kolwer eerste klaar is met die knoop, hardloop hy na die tweede basis. Sodra die kolwer begin hardloop, mag die veldwerker by die tweede basis begin om die knoop te maak. Indien die veldwerker die knoop voltooi voor die kolwer by die huis is, is die kolwer uit. Die volgende kolwer kom in en die spelletjie gaan so voort.

Indien die eerste kolwer veilig by die tweede basis aangekom het, kom die volgende kolwer in. Die offisier skree weer 'n knoop wat gemaak moet word. Die bouler en twee kolwers begin gelyktydig die knoop maak. Die veldwerkers op die tweede en derde basisse kan die knoop begin maak sodra die kolwer op die vorige basis se knoop voltooi is en hy begin hardloop. Sodra al die kolwers uit is, ruil die spanne om.

Die span met die meeste lopies oor al die basisse wen.



16. DIE VERKENNER BEPLAN 'N SPANKAMP.

Doel van 'n spankamp

'n Spankamp is daar vir die avontuur, sosiaal en spanbouaksies van die spanlede. Spankampe word tradisioneel of meer modern gereël.

Die tradisionele spankamp

Wat is lekkerder as om laatnag in jou slaapsak om 'n vuurtjie in die bos te lê en in jou span stories uit te ruil? Vir 'n spankamp moet julle aan die volgende sake aandag gee: 'n geskikte kamp- en slaapplek, reëlins vir rommel en vuil water, higiëne, skuilings en, vir 'n Voortrekker 'n groot saal, kook- en braaigeriewe. As julle self nie presies weet wat om te doen nie, vra 'n bekwame offisier of vriend van Die Voortrekkers wat as 'n ou kampeerder vir julle kan raadgee.

Die moderne spankamp

Hier slaap ons in geboue of tente wat vinnig opslaan en min plek in beslag neem. Ons gebruik tegnologie soos elektriese of gasstowe, yskaste en rekenaars om die kamp vir ons aangenaam en maklik te maak. Op hierdie wyse kan ons die maksimum tyd aan die doel waarvoor ons kom kamp het, spandeer. Onthou dat die meeste van die aspekte genoem by kampe op 'n tradisionele manier ook by die moderne spankamp van toepassing is. Dit gaan nie hier herhaal word nie.

Hier volg 'n paar idees vir spankampe om julle te help om interessante dinge tydens julle spankampe aan te vang. Dit wat vir die kamp beplan word, moet prettig wees. 'n Kreatiewe span kan interessante kampe uitdink. 'n Kamp moet egter 'n doel hê en binne die ABC van Die Voortrekkers bly. Voorbeelde van 'n spankamp is 'n

- Jagkamp of visvangkamp
- Selfverdedingskamp
- Oorlewingskamp sonder kos en tente. Lewe uit die veld en leer oor bome, slange, voëls en visse.
- Vlotvaart-, kanovaart- of seiljagkamp
- Boomhuiskamp. Bly en oorleef die naweek in 'n boom
- Plattelanders in die stad-kamp. Besoek monumente en museums en gaan fliek, ysskaats, kyk liggies in die nag
- "Zoo Snoozz"-kamp. Oornag in 'n dieretuin
- Avontuurkamp wat kan insluit bergklim, abseil, valskermspring, stap in 'n wildduin of enige ander adrenalienaktiwiteit
- Rekenaarkamp
- Boemelaarskamp
- Bewaringskamp. Is 'n kamp waar een of ander bewaringsaktiwiteit die doel is, byvoorbeeld die uitroei van indringerplante langs 'n rivier. Hierdie dienslewering moet geassosieer kan word met pret en plesier.
- Kamp op die skool se rugbyveld waar ons 'n plakkerskamp bou.



Spankampbeplanning: 'n opsomming van waarna jy moet kyk

'n Suksesvolle spankamp begin met 'n idee en 'n doel. Die volgende faktore moet bespreek en beplan word:

- Tyd, doel en 'n kampprogram
- Plek
- Finansies
- Spyskaart of kos
- Toerusting
- Administrasie soos kamp- en reisgelde
- Vervoer
- Noodhulp en gebeurlikheidsbeplanning
- Kampplek en uitleg

Spesifieke spanlede kan getaak word om spesifieke aspekte te hanteer. Leiers kontroleer of hierdie dinge gereël en uitgevoer is. In die proses maak spanleiers seker dat elke spanlid weet wat hy/sy moet doen en dat hy/sy dit uitvoer. 'n Plan met, onder andere, take en name kan afgemerk word sodra 'n taak uitgevoer is.



Finansies

Om te verseker dat die kamp nie op 'n verlies werk nie, moet 'n behoorlike, eenvoudige begroting vir die kamp opgestel word. As julle weet wat die hele kamp gaan kos, kan julle bepaal wat elkeen moet bydra.



Terrein

Dit is belangrik dat daar bepaal word watter geriewe op die terrein beskikbaar is, wat die verblyf kos, hoever dit na die terrein toe is en wat die reëls – indien enige – van die terrein is. Dan kan die detail van die kamp beplan word. Indien nodig, moet daar natuurlik eers toestemming vir die gebruik van die terrein verkry word.



Verblyf

Verblyf kan in die veld, tente, skuilings of geboue wees.



Benodigdhede

Hier gaan dit oor noodsaaklikhede. Maar, onthou julle kamp. Behalwe jou normale kampklere en toiletbenodigdhede wat vir son, swem, koue, reën en skoon was voorsiening maak, kan jy 'n flitsie, bordesak, waterbottel en jou Bybel saamneem. Vir noodgevalle – oorlewing in die warm dag en koue nag – sorg jy vir sonbrand- en lekkegoed. Biltong moet jy deel met die span!

Kampplek

As julle op 'n sekere plek wil kamp, moet julle seker maak dat julle daar mag kamp, dat julle skuilings mag bou van natuurlike dinge (stokke, gras, blare, teen bome en kranse) wat julle in die omgewing vind, tent mag opslaan, vuurmaakplekke mag inrig en storte – indien nodig – kan prakseer. Daarby moet die omgewing geskik wees vir die kampprogram of kentekens waaraan julle wil werk.

Kamputileg

Rig julle so gerieflik moontlik met inagneming van die omgewing en julle behoeftes in. Hanteer mekaar se ruimtes met begrip en respek.

'n Kampplek moet versigtig gekies word. Maak seker dat daar genoeg gelyk grond vir gerieflike slaapplek is, daar 'n plek vir 'n tydelike toilet is en 'n geskikte area vir koskook is. Moenie sommer net jou slaapsak iewers ooprol nie. Maak seker dat jou kop nie laer lê as jou voete nie en dat daar nie 'n helling na die kant toe is sodat jy in die nag gaan afrol nie. Spandeer 'n bietjie tyd om die bulte en gate van jou slaapplek plat te stryk.

Verwyder alle klippies en stokke wat jou dalk gaan pla en maak 'n "matras" van dennenaalde of droë gras as dit beskikbaar is. Besluit waar jy jou rugsak gaan plaas, sodat dit in die nag byderhand is en ook vanaf die kookplek bereikbaar is sonder om oor iemand se slaapplek te loop. As jou lêplek nie gerieflik is nie, sal jy die hele nag rondrol en almal uit die slaap hou, met die gevolg dat almal se humeure die volgende dag aan die kort kant is. Die resultaat is dat niemand die buitelug en die natuur geniet nie, want hulle wil net by die huis kom om te gaan slaap. Daarom is dit baie belangrik dat die span besluit wanneer om te gaan slaap en by hulle besluit hou. Die opgewondenheid van die eerste aand in die veld en die andersheid daarvan veroorsaak gewoonlik dat almal graag die hele nag wil baljaar. Wie het nou lus om te slaap as jy lekker op jou rug na die Suiderkruis tussen die sterre kan soek? Dit verg sterk selfdisipline van elke spanlid om vooruit te dink aan die volgende dag en te sorg dat almal genoeg slaap. Net een onbedagsame spanlid wat nie tot ruste kan kom nie, kan die hele kamp bederf. As so iets voorkom moet sterk leierskap die saak beredder voordat daar onaangenaamheid ontstaan.

Kamptoerusting

Die kamptoerusting wat ons saamneem, hang af van die kamp wat ons beplan. Oorweeg egter noodsaaklike goed soos grawe, byle, kook- en braaigeriewe, voustoete, 'n tafeltjie, skottelgoedseep en lappe, en 'n noodhulpkissie.

Vuurmaak- en kookplek

Die kookplek is baie belangrik. Vure mag net gemaak word as dit in daardie gebied toelaatbaar is. Kyk na 'n plek wat soveel as moontlik windbeskut is, skoon en oop genoeg is vir 'n vuur en nie stof maak nie. 'n Vuur, bruikbare vlamme en gasstofies hou nie van wind nie. Pasop vir brandstigting (kyk vir droë grasse, blare en takkies wat op die plek rondlê) wat eiendom en mooi gesindhede kan beskadig. Voortrekkertrots gee jou 'n renons (afkeur) in 'n nalatige brandstigter. Vind uit van gerieflike braai- en kookmetodes op 'n vuur in die veld en beproef dit. Kyk na die rigting van die wind sodat rook en stof nie op julle slaapplekke waai nie. Moenie vuur probeer maak as daar 'n baie sterk wind waai nie of by 'n plek waar bome en bosse naby is nie. Selfs groen dennebome brand maklik as gevolg van die hars in die takke. As jy op 'n stofie (gas, spiritus of paraffien) kook, verwyder eers alle blare en takke rondom die stofie en maak baie seker dat die stofie stewig en gelyk staan voordat jy begin om te kook. Met 'n vuur is dit altyd 'n probleem om water vinnig en doeltreffend te kook sonder dat die kookblik vol roet en as word. Jy kan drie of vier groot klippe onder die kookblik plaas en die vuur dan tussen die klippe maak.

Rommel en vuil water

Rommel en vuil water skep altyd 'n probleem op kampe. Rommel ontsier nie alleen die natuurskoon nie, dit kan veral vir dierelewe hoogs gevaarlik wees. Bottels is nie net baie swaar om te dra nie, maar is ook gevaarlik as die glas sou breek. Daarom bly bottels liewers by die huis. Blikke, plastieksakke en papier moet in vuilgoedblikke geplaas word, indien beskikbaar, of saam gedra word totdat dit op 'n munisipale ashoop weggegooi kan word.

Plastieksakke moet verkieslik nie verbrand word nie, want dit laat dan gifstowwe vry wat die lug besoedel. Wees versigtig waar was- en skottelgoedwater gegooi word. Baie van ons moderne wasmiddels (seep en tandepasta) bevat opgeloste stowwe wat water kan besoedel en dit ongeskik vir menslike gebruik kan maak.

Sorg dat waswater nie naby waterstrome, damme, putte of boorgate kom nie deur 'n sentrale dreineringsput te grawe waar alle afvalwater ingegooi kan word.

Reël met iemand wat weet waar om julle asblikke te plaas. Bestry rommelstrooi en die bemorsing van die omgewing. Sorteer dit na 'n plek op die kamp en dra of ry alle vullis uit na 'n weggooiplek. Of maak 'n asblik wat julle later op 'n ashoop uitdop. Gebruik plastiese bottels vir vloeistowwe. Julle kan dit weggooi sonder dat dit glasstukke maak. En onthou, julle kan nie alles verbrand as julle daarvan ontslae wil raak nie.

Higiëne

Mense wat hulleself of hulle eetgerei (borde, messe, lepels en vurke) nie was nie, soek moeilikheid. Was jouself gereeld al is jy nie by die huis nie, en eet met skoon hande en skoon gereedskap. Die Voortrekkers is 'n jeugbeweging, nie 'n siekeboeg nie. Die kookarea of kombuis op 'n kamp moet skoon wees.

Plaas die toilet op 'n beskutte plek waar die grond redelik los is en daar nie gevaar is dat water besoedel kan word nie. Dit is baie belangrik dat 'n graaf daarvoor saamgeneem moet word. Grawe 'n vlak sloot omtrent 10 cm diep. Begin om die sloot vanaf die een kant te gebruik en gooi die gedeelte dadelik toe wat jy gebruik het. Op hierdie manier ontstaan daar nie onaangename reuke nie, en die omgewing word nie ontsier en besoedel nie. Onthou altyd dat 'n Voortrekker net sy voetspore in die veld agterlaat!

Kampgeriewe

Fabriseer vir jou met takke en klippe uit die veld, bos, grot of oorhangkrans kampgeriewe soos klerehangers, skoenbêreplekke en 'n bordhangkas. Praat met mense oor hoe en wat jy met jou beskikbare geriewe kan kook en gaarmaak, braai en prut.

Kampspyseniering

'n Oorhoofse spyskaart met die benodigdhede maak eet op die kamp 'n plesier. Stel 'n gebalanseerde spyskaart op en reël die eetvooruitsigte behoorlik.

Stel 'n minister van eetsake vir alles of net vir bepaalde etes op die kamp aan en reël alles in oorleg met hulle. Moenie huiwer om by kenners van kampkos in Die Voortrekkers kers op te steek nie. In elke kommando is daar sulke – meestal vroulik – onmisbare Voortrekkers. Maak vooraf seker by 'n spanvergadering of die aangewese ministers self gesorg het dat alles gereël is.



17. DIE VERKENNER BEREI SAAM MET SY SPAN KOS IN DIE VELD VOOR.

“WAT MAAK 'N TREKKER VER IN DIE VELD AS HY SAANS SY KOS MOET GAARMAAK?

HY MAAK 'N VUUR EN BRAAI OOR DIE KOLE LEKKER STOKBROOD EN VARS BOEREWORS. KLEIN PAMPOENTJIES, ROOSTERKOEK, AARTAPPELS EN SOETPATATS.”



In die veld het Voortrekkers geleentheid om die natuur van naby te leer ken en te waardeer. Dit gee geleentheid vir stilword, 'n sonsopkoms of -ondergang aanskou en ook om blootgestel te word aan natuurelemente. Dit is in hierdie omstandighede wat hegte vriendskapsbande gevorm word. Hierdie is ervarings wat geen geld kan koop nie! Om onder sterre te slaap of reëndruppels deur jou “waterdigte” skuiling te voel, is nie alledaagse belewenisse nie. Een van die hoogtepunte is kosmaak in die veld.

Die hartklop van enige suksesvolle spankamp is die gesamentlike kosmaak. Spankampkos maak 'n kamp so lekker. Spankampkos is nie bedoel om deur een spanlid voorberei te word nie. Dit is 'n spanpoging. Of almal ly honger, of almal eet lekker. Die sukses van die maaltyd is die span se gedeelde verantwoordelikheid.

Op spankampe is potte skuur en skottelgoed was net nie 'n groot prioriteit nie. Om dié rede probeer spanne so min as moontlik potte en panne vuilmaak. 'n Blikbeker word in Die Voortrekkers lankal nie meer net vir koffie gebruik nie. Dit is sommer ook 'n pot, kastrol en bord.

Spankos is nie bedoel vir goed toegeruste kombuise nie. Dit word meestal in die veld oor die kole of selfgeboorde veldstowe gaargemaak. Die koskas is 'n trommel en waar 'n yskas benodig word, bou 'n span dit self.

In die veld bekommer Voortrekkers hulle glad nie oor die stoflagie as bo-op die stokbrood nie. Voortrekkerwysheid leer dit wat nie doodmaak nie, gee smaak.


Soos die Voortrekkerliedjie sê: “Daar ver in die veld vind ons boonop rus vir die siel en leef ons na aan moeder aarde.”

Hoe om 'n veldyskas te maak

Jy kan 'n vierkantige of driehoekige yskas bou, afhangend van die hoeveelheid goedere wat verkoel moet word.

Benodighede vir driehoekige yskas:

9 stokke/riete
Koerante
Gom
Baie water
Tou



Metode:

- Gebruik die kruisvaswoel om stokke/riete aan mekaar te heg. Riete werk baie goed. Deel die werk in die span en laat elke spanlid 'n paneel bou of ten minste 'n kruisvaswoel maak.
- Trek nou die raamwerk met baie koerantpapier oor.
- Gebruik gom of tou om die papier te heg. Onthou van 'n deur!
- Vind 'n geskikte plek in die koelte waar die yskas moet staan.
- Gooi baie water oor die yskas sodat die koerantpapier sopnat word. Hou die yskas nat vir die tydperk van gebruik.

Wenke

Hou die yskas deurentyd nat.

Gooi minder water by die jelliepoeier as wat op die aanwysings gegee word.

Hoe om 'n veldstografie te maak**Metode 1**

- Gebruik 'n gewone konfytblik, ma se kondensmelkblik nadat sy Melanie se flatervrye fudge vir jou span gemaak het of sommer pa se bierblikkie.
- Dan benodig jy net 'n kers of 'n paar kole. Kap 'n paar gaatjies met 'n spyker in sodat daar genoeg suurstof is vir die kers om te kan asemhaal.
- Dit help ook om 'n paar stokkies onder die blikkie te plaas.
- Draai die blikkie om en gebruik as 'n stofie.

Metode 2

- Jy benodig 'n leë kondensmelkblikkie, ± 2 of 3 kerse en kerspitte, karton, 'n messie, 3 of 4 spykers.
- Sny die karton met die messie. Die breedte van die karton moet dieselfde as die hoogte van die kondensmelkblikkie wees.
- Rol die karton stewig op en plaas in die blikkie.
- Smelt die kerse en haal die pitte uit.
- Plaas die kerspitte tussen die karton.
- Plaas 3 of 4 langerige spykers in die blikkie.
- Gooi die kerswas oor die karton, $\pm \frac{3}{4}$ vol kerswas.
- Wag tot die kerswas stol.
- Steek die kerspitte aan die brand. Die karton slaan aan die brand, asook die kerspitte.

Stokbrood

Stokbrood en Voortrekkers is sinoniem. Dit is van die eerste vaardighede wat nuwe Voortrekkers leer.

In die kostrommel

Besemstokke, 1 per spanlid. (Koop by 'n hardewarewinkel. Dit werk goed en kan weer gebruik word.)

Stokbrooddeeg: Wondermeeldeeg of koop deeg wat klaar aangemaak is. Reël vooraf vir vetkoek- of brooddeeg by die bakkerij of supermark. Hou die deeg in 'n verkoelde plek aangesien dit uit die sakkie uit rys!

Stroop, konfynt, botter, gerasperde kaas. Dit is ook lekker om 'n worsie saam met die stokbrood gaar te maak. Plaas die worsie binne-in die gaar stokbrood.

Op die kole

- Rol die deeg met die hande sodat dit 'n lang dunnerige stuk vorm.
- Draai die deeg om 'n stok. Begin van bo na onder. Die deeg moet nie te dik om die stok gedraai word nie.

Maak die stokbrood oor die kole gaar. Waarsku spanlede voor die tyd dat geduld nodig is. Hulle moenie die stokbrood binne-in die vlamme druk nie. Draai die stok sodat die stokbrood aan alle kante gaar word.

Laat spanlede self 'n plan beraam om die stokbrood gaar te maak sonder om dit die heel tyd vas te hou. Klippe kan bv. gebruik word.


Die stokbrood is gaar as dit maklik van die stok afgehaal kan word. Dit moet ook bruin wees. Haal van die stok af en gooi stroop of konfyt binne-in.

Die Berghane se veldomelet

Die veldomelet is maklik om te maak, en dit gee vir 'n span van vyf die energie van 'n rugbyspan van vyftien.

In die kostrommel

125 g spek, stukkies gesny
1 ui, gekap
2 tamaties, grof gekap
10 eiers
gerasperde kaas
sout en peper
30 ml olie

**Op die kole**

- Spuit 'n platboompot of pan met kleefwerende kossproei.
- Gooi die olie by om die pot mooi te smeer.
- Braai die spek en uie liggies oor lae hitte. Gooi grof gekapte tamaties by en roer goed deur. Klits eiers liggies. Gooi sout en peper na smaak by. Gooi oor spekmengsel.
- Moenie die mengsel roer nie. Strooi kaas bo-oor. Sit die deksel op die pot en plaas 'n paar kole op die deksel. Laat staan vir ongeveer 5 minute.
- Haal van vuur af en bedien met roosterbrood.

Die Tierboskatte se kampskons

Jy het nie 'n oond nodig om skons te maak nie. Hierdie kampskons is nie so soet nie, maar honger Tierboskatte verslind dit saam met botter, konfyt of stroop. Die resepte is vir ses skonse. Ondervinding het geleer dit is genoeg vir een honger graad 7-Tierboskat.

In die kostrommel

250 ml (1 k) koekmeel
1 geklitste eier
½ t sout
5 ml (1 t) bakpoeier
½ koppie melk
botter of olie om te braai

Op die kole

- Meng koekmeel, bakpoeier en sout.
- Meng eier en melk en meng met die droë bestanddele.
- Gooi olie of botter in 'n swaarboompan.
- Die deeg is dikker as 'n plaatkoekie. Gooi lepelvol van die deeg in die pan.
- Braai op 'n stadige vuur vir so ongeveer 7 minute. Draai om en braai vir nog 7 minute. Die pan moet nie te warm wees nie, anders brand die skons en is dit nie binne gaar nie.
- Bedien met botter, stroop of konfyt.

Die Jakkalse se pannekoekbroodjies

Eduard Stoffberg se spanoffisier, Sani, het op 'n koue reëndag besef haar graad 2-penkoppe is nie lus om te wag totdat die pannekoekdeeg eers aangemaak word nie. Hulle soek kitspannekoek. Sy moes 'n plan beraam dat haar penkoppe sommer op die vuur hulle eie pannekoekbroodjies maak. Vandag is Eduard in matriek en dink steeds die Jakkalse se pannekoekbroodjies is baie lekkerder as die ware Jakob. Laat hulle solank die volgende pannekoekbroodjie braai, terwyl hulle die een sommer van die vuur af verslind.

In die kostrommel

1 sny brood vir elke honger Jakkals
genoeg kaneelsuiker
botter

Op die kole

- Rooster die broodjie oor die kole aan beide kante. Die kole moet nie te warm wees nie.
- Smeer met botter.
- Strooi kaneelsuiker oor.



Die Tinktinkies se toorbroodjie

Wat hierdie toorbroodjie so gewild maak, is dat dit maklik aangepas kan word by die aantal spanlede of die bestanddele in jou kostrommel. Jy kan letterlik die resep omtower na 'n ontbyt- of gesondheidsbroodjie vir 6 Tinktinkies.

In die kostrommel

250 ml (1 k) koekmeel
5 ml (1 t) bakpoeier
2 ml sout
½ koppie melk
30 ml (2 e) mayonnaise

In die veldoond

- Meng alles saam. Verdeel deeg in ses en bak in 'n muffinpannetjie vir 15 minute teen 180 °C tot goudbruin.
- Voeg 4 repies spek (bros gebräai en fyngekap) by en jy het 'n heerlike onbytbroodjie.
- Voeg 'n ½ koppie semels by om die broodjie in 'n gesondheidsbroodjie om te toor of vervang die koekmeel met 'n ¾ koppie broodmeel en ½ koppie semels.
- 'n Teelepel gerasperde ui en 'n handvol gerasperde kaas lewer 'n smaaklike southappie.
- Roosmaryn en knoffel is ook 'n geurige opsie.
- Voeg 'n ryp piesang by vir 'n lekker piesangbroodjie. Die moontlikhede is oneindig.

Die Leeus se bielie mieliepotbrood

Die bielie mieliebrood is 'n wenner om die honger van enige Leeuspan te troef. Met potbrood werk enige seunspan die Kampkookkuns- of Kamplewe-kenteken blitsvinnig op hulle baadjie vas. Boonop sal enige Leeu se ma beïndruk wees met hierdie lekker potbrood.

In die kostrommel

- 1 kg bruismeel
- 2 x 410 g blikkies roommielies
- 2 blikkies melk (mielieblikkies)
- 60 ml gesmelte botter
- 5 ml (1 t) sout

Op die kole

- Meng die bruismeel, sout, roommielies en melk in 'n mengbak.
- Smelt die botter somer in een van die blikkies op die kole.
- Voeg die botter by.
- Meng goed.
- Smeer 'n swartboompot van 30 cm in deursnee goed met olie.
- Gooi die mengsel daarin.
- Plaas die deksel op.
- Voeg genoeg kole onder die pot en op die pot se deksel. Die pot moet nie direk op die kole wees nie, maar plaas op 'n driehoekie.
- Bak die brood vir ongeveer 50 tot 60 minute afhangend van die hitte van die kole. Onthou daar moet heelwat kole bo-op die deksel wees.



Die Meerkatte se roosterkoek

Daar is deesdae gewoonlik tradisionele roosterkoeke op kosmarkte te koop, maar niks hou kers vas by die Meerkatte se roosterkoek nie. Die meerkatte gebruik die deeg ook vir stokbrood of vetkoek.

In die kostrommel

- 1 kg koekmeel
- 30 ml (2 e) suiker
- 1 pakkie (10 g) kitsgis
- 10 ml (2 t) sout
- 2 tot 2½ koppies lou water
- botter of margarien vir smeer

Op die kole

- Sif koekmeel, suiker, kitsgis en sout saam.
- Voeg die lou water bietjiesgewys by. Die deeg moet styf wees. As te veel water bygevoeg word, is die deeg slap en sal dit deur die rooster loop! Meng dit tot 'n werkbare deeg.
- Knie die deeg vir ongeveer 10 minute tot die deeg glad en elasties is.
- Smeer die deeg met botter of margarien bo-op. Bedek liggies met kleefplastiek.
- Laat die deeg vir ongeveer 45 minute rys. Vorm die deeg in roosterkoeke. Bedek met kleefplastiek en laat 20 minute rys.
- Rooster op matige kole tot gaar. Die kole is gereed as jy jou hand vir so 10 sekondes oor die kole kan hou.
- Die roosterkoeke is gaar wanneer dit hol klink wanneer met die vinger daarop geklop word.

Die Bokmakeries se Trekkerbrood


Die Bokmakeries het 'n meer verfynde aanslag as die Meerkatte. Hulle verkies 'n netjies gedekte tafel met hulle variasie wat hulle Trekkerbrood noem. Hulle eet die heerlike brood saam met kaas en biltong.

In die kostrommel

- 1 kg koekmeel
- 30 ml (2 e) suiker
- 1 pakkie (10 g) kitsgis
- 10 ml (2 t) sout
- 2 koppies lou water
- 125 g botter of margarien
- 1 eier

Op die kole

- Meng die koekmeel, suiker, kitsgis en sout.
- Frummel die botter of margarien in die meel. Klits die eier by 2 koppies lou water.
- Voeg die lou water bietjiesgewys by die frummelmengsel.
- Volg nou dieselfde metode as die Meerkatte se roosterkoek.
- Plaas die deeg in 'n goedgesmeerde swart platboompot en bak vir ongeveer 1 uur op die kole.
- Die pot moet op 'n driehoek 'n entjie van die kole geplaas word.
- Plaas so 8 kole bo-op die deksel. Na 40 minute kan die deksel gelig word. Plaas nog kole bo-op as dit nog nie bruin is nie.



Die Olifante se boepensbroodjies


Die Olifante het op Lunsklip gesien daar word nie van jafels gepraat nie, maar van boepensbroodjies. Sedertdien is dit hulle gunsteling spankos. Hierdie resep is voldoende vir 10 Olifante. Vir 100 Olifante benodig jy 18 brode ($9 \times 18 = 162$ jafels) en 5×500 g margarien om die brode te smeer. Plaas ongeveer 30 g maalvleis op 'n broodjie. Vir 'n boepensontbyt vervang die Olifante die maalvleis met roereier, strooikaas en blatjang.

In die kostrommel

- 1 kg maalvleis
- 40 snye brood
- tamatieskyfie per broodjie
- ± 20 g gerasperde kaas per broodjie
- ± 30 g maalvleis per boepens

Op die kole

- Smeer broodjies aan een kant.
- Plaas maalvleis (effens warm), kaas en tamatie op brood. Plaas die ander snytjie bo-op.
- Smeer ander kant. Knyp toe.
- Rooster oor matige kole tot ligbruin aan beide kante.



Die Koedoes se vetkoekmaalvleis

Die Koedoes hou nie van souserige maalvleis in hulle vetkoek of boepensbroodjies nie. Hulle verkies dié maalvleisresep. Hierdie resep is genoeg vir 100 mense vir vetkoek of boepensbroodjies.

In die kostrommel

6 kg maalvleis
 1.5 kg uie, geskil en gekap
 250 g margarien
 3 pakkies beesstertsoppoeier
 3 pakkies bruin uiesoppoeier
 6 x 410 g blikkies gemengde groente
 1 botteltjie (100 ml) braaivleisspeserye
 1 bottel (740 g) warm blatjang

Op die kole

- Braai die uie in margarien tot sag en deurskynend.
- Voeg die maalvleis by en braai tot bruin.
- Dreineer die groente (hou die water), en druk die groente fyn.
- Meng die soppoeier met al die groentewater.
- Voeg die groente, soppoeiermengsel en geurmiddels by die vleis en kook, terwyl geroer word, tot die soppoeier gaar is.

**Veldtee**

Rosyntjebostee is van die lekkerste tee wat jy in die veld kan maak. Hier is drie soorte veldtees wat jy kan maak.

Die blare van die Kareeboom, Rosyntjebos of Koorsteebossie (*Lippia javanica*) kan gebruik word vir veldtee. Pluk verkieslik die droë blare. Voeg die blare by die water en kook tot die water 'n donker kleur het. Voeg suiker na smaak by en drink verkieslik sonder melk.

Elandsdoring se blare met klein bietjie water op maak goeie seep om hande in die veld skoon te maak! Vryf blare en water saam tot dit 'n slym afgee. Sommer vinnig het jy seep.

Hoender op 'n blikkie

Die geheim van hierdie heerlike hoender is dat terwyl die hoender buite bros braai, stoom die bier die binneste gaar. Hoender kan ook op 'n spit gaargemaak word. Improviseer 'n eie spitbraai. Maak seker dat die hoender stewig op die draad/spit is en plaas so 20 tot 30 cm bokant die kole. Draai gereeld. Die kole moet nie te warm wees nie. Die hoender neem ongeveer 45 tot 60 minute om gaar te word.

In die kostrommel

1 heel hoender
 5 ml (½ t) sout
 30 ml (2 e) olyfolie
 45 ml (3 e) vars gekapte kruie soos pietersielie, origanum en tiemie
 45 ml (3 e) hoenderspeserye
 1 blik (370 ml) bier van jou keuse
 sout en vars gemaalde swartpeper na smaak

Op die kole

- Verwyder alle sigbare vet en vere van die hoender en geur die binnekant van die hoender met sout.
- Vryf die buitekant met olyfolie, die vars kruie en hoenderspeserye in.
- Gooi bietjie van die bier uit (of drink dit!) en druk die blikkie met die res van die bier in die maagopening van die hoender.
- Maak die hoender staan in 'n swartpot en bedek met foelie.
- Braai die hoender sowat 60 minute op matige kole of tot gaar. Daar mag van die dele van die hoender (bopunt) wees wat nie mooi gerooster is nie. As die hoender amper gaar is, haal van die blikkie af en rooster aan die kante wat nog nie goudbruin is nie.

Buitepos-waterblommetjies

Hierdie is Buiteposkamp se waterblommetjiebredie.

In die kostrommel

2 x 5-liter houers vol waterblommetjies
2 uie gekerf
8 middelslag aartappels in blokkies gesny
sout en braaisout na smaak
5 liter water
3 suurlemoenblare
2 vars suurlemoene

Op die kole


- Gooi jou waterblommetjies in 'n skottel soutwater om van die goggas ontslae te raak.
- Braai die uie in 'n pot.
- Voeg water by die gebraaide uie en bring tot kookpunt.
- Voeg die aartappels en waterblommetjies by die water.
- Voeg speserye na smaak by.
- Sit die deksel op en prut vir 'n half uur.
- Voeg 3 suurlemoenblare by en voeg die sap van 2 suurlemoene by.
- Prut verder vir 1½ ure (of tot sag).
- Roer af en toe.
- Sodra die groente sag is, voeg weer braaisout by.

Dassiepot

Spanne wat nie 'n dassie kan vang nie, gebruik 'n heel hoender! In die resepte word dassie saam met hoender gaargemaak.

In die kostrommel

2 groot slaghoenders
1 geslagde dassie
1 koolkop, gekerf
1 groot pak spinasie, gekerf
1 pakkie wit uiesoppoeier
water
sout en braaisout na smaak
2 suurlemoene



8 middelslag aartappels, in blokkies gesny
1 gekerfde ui

Op die kole

- Smeer braaisout oor die hoenders en dassie.
- Sit die heel hoenders in die pot en vul met water tot die vleis bedek is.
- Kook vir 30 minute.
- Voeg sout by na smaak.
- Voeg die heel dassie by.
- Kook vir nog 30 minute.
- Voeg die gekerfde groente by.
- Druk die sap van 2 suurlemoene by die pot.
- Voeg weer sout na smaak by.
- Prut vir 'n uur en roer af en toe.
- 2 ure na die potjie begin is, moet die hoenders en dassie in stukke gebreek word in die pot.
- Prut vir 30 minute.
- Maak die wit uiesoppoeier in aparte houer aan.
- Voeg die sop by die potjie.
- Kook tot die vleis heeltemal van die been af is.

Plaatkoekies op 'n veldstoof

Plaatkoekies wat op 'n selfgemaakte veldstofie gemaak is, proe net anders as ma se elektriese stoofkoekies. Om 'n veldstofie te maak, is so maklik soos een, twee, drie. Gebruik jou eie veldstofie om 'n plaatkoekie op gaar te maak of maak dit in 'n pan op die kole gaar.

In die kostrommel

2 eiers
½ koppie suiker
1 koppie melk
30 ml gesmelte botter
500 ml koekmeelblom
20 ml bakpoeier
2.5 ml sout

Op die veldstoof

- Klits die eiers en suiker saam.
- Voeg die helfte van die melk en gesmelte botter by.
- Sif die koekmeel, bakpoeier en sout saam en voeg by die eiermengsel.
- Voeg die res van die melk geleidelik by om 'n gladde mengsel te vorm.
- Gooi lepelsvol in 'n gesmeerde pan. Bak eers aan die een kant en as dit bo-op vol lugblasies is, draai plaatkoekies om en bak aan die ander kant tot dit mooi bruin is.
- As jy jou plaatkoekie op 'n omgekeerde blikkie maak, is dit belangrik om dit goed met olie te smeer. Draai die plaatkoekie met 'n mes of spaan om sodra dit begin borreltjies vorm. Gebruik 'n foeliebakkie om jou plaatkoekie op jou veldstofie gaar te maak.
- Voor jy weet, is jou blikbord vol heerlike blikstoofkoekies.

Springmielies op 'n veldstoof

Gooi springmieliepitte en genoeg olie in 'n blikkie.

Bedek die blikkie met foelie (m.a.w. maak 'n foeliedeksel).

- Plaas op die veldstofie.
- Daar is groot opgewondenheid as die springmielies begin spring! Vir vinnige maak van springmielies kan 'n blikkie direk op die kole geplaas word.

Warmsjokolade op 'n veldstoof

As jou springmielies klaar in jou blikkie gespring het, plaas 'n ander blikkie of blikbeker met water op hierdie stofie.

Die water word warm genoeg om warsjokolade mee te maak.

Soetrissie-eiers op 'n veldstoof

Hierdie spanresep is baie maklik, maar bied geleentheid vir lekker gaarmaak-uitdagings. Soetrissie-eiers kan maklik op groter blikstofies gaargemaak word. 'n Lekker alternatief is om eiers in papiersakkies (dié waarin die kafee op die hoek slaptjips bedien) gaar te maak. Plaas spek onder in die sakkie. Breek 'n eier bo-op die spek en plaas direk op die kole. Jy kan ook vir spanlede 'n uitdaging skep om 'n eier gaar te maak deur net 'n stukkie foelie of geen houters te verskaf nie.

In die kostrommel

2 eiers per spanlid

soetrissies (verskillende kleure)

margarinen of olie

sout en peper

Op die veldstofie

- Smelt bietjie margarine bo-op jou veldstofie of smeer met olie of gebruik kleefwerende kossproei.
- Sny die soetrissies in ringe en pak die soetrissieringe in 'n pan of op jou veldstofie.
- Breek die eiers in die "nessies". Geur met sout en peper.
- Sit 'n foeliedeksel op om die eiers bo-op ook te laat gaar word.

Blikbekerontbyt

Op spankampe is potte skuur en skottelgoed was net nie 'n groot prioriteit nie. Om dié rede probeer spanne so min as moontlik potte en panne vuilmaak. 'n Blikbeker word in Die Voortrekkers lankal nie meer net vir koffie gebruik nie. Dit is sommer ook 'n pot, kastrol en bord. Hierdie is 'n lekker kreatiewe gereg met verskillende variasies.

In die kostrommel

'n blikbeker

botter of margarine

stywe pap

gaar gekeurde maaltvleis of spek

tamatie-en-uiesmoor

gebraaide sampioene (opsioneel)

'n eier

sout en peper

foelie

Op die kole

- Smeer die blikbeker deeglik met botter of margarine.
- Skep 'n laag (4–5 cm) pap in die blikbeker en druk dit stewig teen die kante en bodem vas.
- Skep 'n laag vleis of spek, tamatie-en-uiesmoor en sampioene bo-op.
- Breek die eier bo-op en geur met sout en peper.
- Bedek die blikbeker met 'n deksel van foelie.
- Maak 'n holte in die kole en plaas die blikbeker daarin. Plaas 'n kool of twee bo-op die foeliedeksel.
- Haal af wanneer die eier gestol is.
- Terwyl jy eet, plaas solank 'n ketel met koffiewater op die kole. As jy klaar geëet is, spoel jou blikbeker uit vir 'n warm koppie boeretroos.

Blikbeker-quiche

'n Quiche bestaan gewoonlik uit 'n kors met 'n soutige eier-en-roomvlavulsel en bestanddele soos spek, uie, sampioene, biltong of ham. Spanlede maak graag hulle eie quiche sonder 'n kors in 'n blikbeker.

**In die kostrommel**

2 eiers
 ¼ koppie melk of room
 sout en peper
 stukkies ham, gerasperde kaas, gebraaide uie

Op die kole

- Klits die eiers, melk of room, sout en peper saam.
- Smeer die blikbeker deeglik of bespuit met kossproei.
- Plaas die ham, kaas en uie in die blikbeker. Gooi die eiermengsel daaroor. Die blikbeker moet so half vol wees.
- Plaas 'n swart platboompot op die kole met water. Die pot moet nie te vol water wees dat die water in die blikbekers kom nie. Plaas die blikbekers in die pot en sit die deksel van die pot op. Kook vir ongeveer 12 minute.

Blikkiepoeding

Maak vrugtejellie van die sap van die vrugte en die oorblywende vrugte. Die vrugte kan ook in 'n foelie gebak word. Sny 'n groot genoeg stuk foelie en plaas die goed gedreineerde vrugte in die foelie. Strooi 'n krummellagie oor en stip met klontjies botter. As tertappels gebruik word, kan kaneel oorgestrooi word. Draai in 'n foeliepakkie toe. Plaas op kole en draai om. Van die meel kan vervang word met hawermout of klapper. Stukkies pekanneute kan ook bygevoeg word.

In die kostrommel

1 x 825 g blik gemengde vrugte of tertappels
 125 mℓ koekmeel
 ¼ koppie botter
 80 mℓ suiker
 1 mℓ sout

Op die kole

- Meng die suiker, sout en meel en vryf die botter in totdat dit soos broodkrummels lyk.
- Dreineer die vrugte in die blik en plaas die helfte van die vrugte in die blikkie terug. Maak seker die vrugte is goed gedreineer.
- Plaas die krummels bo-op die vrugte sodat dit goed bedek is.
- Bedek met 'n dubbel-foelielagie.
- Plaas die blikkie terug op die kole en ook kole bo-op die foelie.
- Na so 25–30 minute behoort die krummellagie lekker bros gebak te wees.
- Bedien met vla.

Ziploc-omelet

Hierdie is 'n baie lekker spankampaktiwiteit. Die pot moet groot genoeg wees vir almal se Ziploc-sakkies. Die sakkies moet verkieslik nie teen die kant kom nie, anders smelt die sakkie. Laat elke persoon sy naam op die Ziploc-sakkie met permanente inkskryf. Netnou kry jy iemand anders se omelet!

In die kostrommel

1 Ziploc-sakkie per spanlid

2 eiers per spanlid

bestanddele soos uie, kaas, tamatie, worsies, oorskiet opgesnyde braaivleis / wors

Op die kole

- Breek 2 eiers in 'n Ziploc-sakkie (nie meer as twee nie) en skud dit goed.
- Plaas uie, kaas, tamatie, worsies, oorskiet opgesnyde braaivleis of wors in die sakkie, saam met die eiers.
- Skud goed sodat alles kan meng.
- Maak seker dat al die lug uit die sakkie is en maak dig toe.
- Plaas die sakkies in 'n pot met kookwater en kook vir 13 minute.
- Maak die sakkie oop en die omelet sal maklik op jou blikbord uitrol.

Eier in 'n lemoenpampoentjie

Gebruik 'n lemoenpampoentjie as houer om 'n eier in gaar te maak. Die lemoenpampoentjie kan op die kole gaargemaak word as groentegereg. Plaas 'n malvalekker binne die holte en strooi kaneelsuiker oor. Draai toe en plaas direk op die kole. Bak vir ongeveer 30 minute.

In die kostrommel

1 lemoenpampoentjie per spanlid

2 eiers

sout en peper

Op die kole

- Sny die lemoenpampoentjie middeldeur en haal die pitte uit.
- Plaas 'n eier in elke holte.
- Geur met sout en peper.
- Draai heeltemal met foelie toe met die blinkkant na binne en plaas direk op die kole.
- Plaas 'n klein kooltjie bo-op die foelie as jy van 'n meer gaar eier hou.

Pannekoekpret

Hierdie is 'n baie maklike resep wat baie vinnig tydens 'n spanbyeenkoms gemaak kan word. Maak die resep 'n paar keer aan en gebruik ekstra pannekoeke vir pannekoekspeletjies.

In die kostrommel

500 ml (2 k) melk of water

250 ml (1 k) koekmeel


2 eiers

½ teelepel sout

olie vir braai

In die pan

- Klits die eier en voeg die melk of water by. Meng die res van die bestanddele by die melkmengsel. Klits totdat die deeg glad is. Laat staan vir 20 minute.
- Gebruik verskillende vulsels vir die pannekoeke. Vir soet vulsels: kaneelsuiker, stroop, sjokoladesous of roomys. Vir soutvulsels: maaltvleis, gerasperde kaas, tuna- of hoendermayonnaise.



Voorbeelde van pannekoekspeletjies:

Plaas voor elke spanlid 'n opgerolde pannekoek. Hande moet agter die rug geplaas word. Die pannekoek moet geëet word sonder om die hande te gebruik. Die persoon wie se pannekoek eerste klaar geëet is, is die wenner.

Kyk wie kan die meeste pannekoekke in 1 minuut eet. 'n Pannekoek moet klaar geëet wees voordat die volgende een in die mond geplaas kan word. Hierdie kan gevaarlike speletjie wees met 'n hoërskool- seunspan. Maak dus voorsiening vir **baie** pannekoekke vir die speletjie.

Kyk wie kan die pannekoek in die lug met 'n pan gooi en weer vang.

Kyk wie kan die pannekoek die hoogste in die lug met 'n pan gooi en weer vang.

Speel pannekoektennis met twee panne en 'n pannekoekbal. Vir die pannekoekbal: Sny ongebleikte linne in 'n sirkel so groot soos die pannekoekpan. Doop in die deeg en bak.

Hoe om wors op 'n vuur gaar te maak


Dit is altyd lekker om wors op 'n vuur gaar te maak. Hier is 'n paar alternatiewe metodes.

Metode 1: Soek 'n dunnerige stokkie. Maak die stokkie skoon. Steek die wors daardeur en rooster oor die kole.

Metode 2: Draai die wors in koerantpapier toe. Gooi die pakkie direk op die kole. Die koerantpapier sal swart word, maar behoort nie aan die brand te slaan nie. Die vet van die wors maak dat die koerantpapier nie brand nie.

Metode 3: Draai die wors in foelie toe, blinkkant na binne. Gooi direk op die kole.

Metode 4: Braai direk op 'n rooster.

**Hoe om koek in 'n lemoen te bak****In die kostrommel**

10 tot 12 middelslag lemoene
koop 'n pakkie koekmengsel.

Op die kole

- Sny die lemoen se kop/dekseltjie ongeveer een derde van bo af.
- Hol nou die twee dele van die lemoen versigtig met 'n lepel uit sonder om die skil te beskadig. Plaas eenkant.
- Maak die koekmengsel aan volgens die resepte.
- Skep die lemoenbakkies halfvol met die koekmengsel.
- Sit die dekseltjie op en draai versigtig in foelie toe met die dowwe kant na buite.
- Maak holtes in die kole en plaas die foelie-toegedraaide lemoene daarin. Wees versigtig dat dit nie te warm is en brand nie.
- Bak vir ongeveer 20 minute. Draai die foelie-toegedraaide lemoene na so 12 minute sodat dit orals gaar word.

Groenrietbaberrjellie

Op Bodemvas kamp die graad 9's op die oewer van die Vaalrivier. Vir die duur van die kamp bly hulle in die veld. Hulle bou skuilings, maak kampmeubels en berei kos voor op sleutelgatvure. Die spanne kompeteer teen mekaar oor wie die lekkerste kos maak. Hierdie nagereg is deel van die spanspyskaart. Die kuns is dat dit moet stol in die selfgemaakte veldskas. Om 'n veldskas met stokke, tou en koerantpapier te bou, was 'n groot uitdaging, maar dit het gewerk. Die jellie het binne ure gestol!



In die kostrommel

2 pakkies groenpruimjellie
2 x 115 g blikkies grenadellamoes
½ koppie kookwater
250 ml (1 k) koue water
1 blikkie kondensmelk

In die veldyskas

- Los die twee pakkies jellie op in 'n halwe koppie kookwater. Voeg een koppie koue water by en roer tot alle kristalle opgelos is.
- Laat jellie afkoel.
- Voeg 1 blikkie kondensmelk by en roer aanhoudend. Sodra jellie begin stol, voeg grenadellamoes by en roer tot goed gemeng.
- Laat in yskas tot gestol.
- Bedien met vla of roomys.

Hoe om muffins of kolwyntjies op 'n oop vuur te bak

Hierdie aktiwiteit kan vir Kampkook gebruik word, wanneer daar nie 'n oond beskikbaar is nie. Dit is geskik vir alle ouderdomme. Groter kinders kan alles self doen. Lekker vir ontbyt of nagereg.

In die kostrommel

klaargemengde kolwyntjiedeeg – self gemaak of gekoop
muffinpapierbakkies
'n platboomswartpot met deksel
dik foelie om in pot te sit
bietjie olie of kleefwerende kossproei om in die papierbakkies te spuit
'n klompie braaibrikette

Op die kole

- Maak 'n vuurtjie. Kry kole gereed. Pasop vir te warm vuur sodat die kolwyntjies nie aan die onderkant brand nie.
- Voer platboomspot met foelie uit.
- Pak leë papierbakkies in 'n platboomspot wat as "oond" dien.
- Skep die deeg daarin sodat 'n derde van die papierbakkie vol is.
- Plaas die deksel op die pot en sit dit effens gelig op die vuur. Sit ook 'n klompie kole bo-op die deksel.
- Bak vir ongeveer 20 minute, afhangend van hoe warm die vuur is.
- Laat die kolwyntjies goed afkoel voor dit versier word.

Rys in 'n slaapsak

Hierdie resep is handig vir brandstof- of gasbesparing op 'n staptoer. Gebruik hierdie metode om rys in 'n slaapsak gaar te maak. Maak net seker almal weet dat die pot rys in die slaapsak is!

1 koppie rys
2 koppies water
5 ml sout

Gebruik 'n kleinerige kastrol en maak voorsiening dat die rys gaan verdubbel. Voeg die rys en water bymekaar en plaas op stofie. Sodra die water kook, haal die potjie van die stofie af. Draai in 'n handdoek toe en plaas in 'n donsslaapsak. Haal na 1 uur uit. Die rys behoort lekker sag te wees.

Kampkoffie

Voortrekkers is leiers op die gebied van kampkoffie. "Koffie, koffie anders val ek om. Bly die koffie in die rugsak sal ek seker in mekaar sak. Koffie, koffie anders val ek om" is een van die Voortrekkers se gunsteling spanliedjies.

Voortrekkerkoffie (1 persoon): 10–15 ml koffiepoeier, 220 ml kookwater. Bedien met melk en suiker. Vir 'n romerige smaak kan die melk vervang word met room.

Kondensmelkkoffie: Gooi 20–30 ml (afhangend van hoe 'n soettand jy is) kondensmelk, in plaas van melk en suiker, by jou koffie.

Oggendkoffie: Maak lekker warmmelkkoffie om stadig wakker te word. Verhit melk tot net voor kookpunt. Meng koffiepoeier (10–15 ml) met klein bietjie kookwater in koffiebeker. Verdubbel die hoeveelheid koffie vir 'n espresso-smaak. Voeg nou die melk en suiker by. Afhangend van hoe romerig jy die koffie verkies, kan jy net warm melk byvoeg of 'n mengsel van warm melk en kookwater. Rond die koffie af deur kakaopoeier, milo, kaneel of warm sjokoladepoeier oor te strooi.

Moerkoffie: 1 eetlepel (15 ml) gemaalde koffiebone per koppie. Gebruik 'n dompelkoffiepot (plunger). Moenie kookwater gebruik nie, wag dat die kookwater effens afkoel en gooi dan oor die gemaalde koffiebone. Hoe stadiger die koffie trek, hoe sagter die koffiesmaak.

Wagstaankoffie: Koffie is net die ding om jou wakker te hou tydens 'n wagstaanbeurt. Kry eers goeie geselskap. Loop 'n paar draaie deur die kampterrein en maak dan vir jou 'n lekker koppie sterk koffie, dat jy vir 'n rukkie kan wakker bly. Twee opgehoopte teelepels koffie met kookwater sal die ding doen.

Malvalekker-koffie: Gooi twee malvalekkers by gewone koffie.

Mokkakoffie: Meng 1 teelepel kakaopoeier met 125 ml melk en verhit tot kookpunt. Maak koffie volgens gewone resep, maar gooi net die helfte van die water by. Voeg die melkmengsel by die koffie en roer. 'n Vinnige metode om Mokokkoffie te maak is om 1 teelepel warm sjokolade by gewone koffie te voeg.



18. DIE VERKENNER BEPLAN 'N SEREMONIE.

Seremonies is hoofsaaklik daargestel om eer aan simbole te bewys.

'n Simbool is 'n sigbare voorstelling van geestelike kwaliteite wat vir ons van waarde is, bv, vaderlandsliefde, volkstrou en nasietrots. Ons verbind ons ook aan die doel, strewe en toekomsideale van dit wat die simbool voorstel.

Die Voortrekkers beoefen seremonies om die volgende redes:

- Samewerking te bewerkstellig
- Orde te handhaaf
- Gesagsaanvaarding 'n gewoonte te maak
- 'n Goeie beeld in die openbaar te skep
- Selfdisipline te beoefen

- Bepaalde sentimente oor te dra

Seremonies skep 'n atmosfeer wat die deelnemers en gehoor gevoelig en meer vatbaar maak vir die ideale van Die Voortrekkers. Dit kan dus dien as middel om die strewe en beginsels van Die Voortrekkers jou eie te maak. Wanneer seremonies beplan word, moet die opsteller van die program in die moderne idioom dink en beplan. Sonder die verlede kan ons nie, maar die opdrag was immers "Bou daarop voort" en NIE bly daar staan nie. 'n Kampvuur op die verhoog met rooi papier en 'n flits het lankal sy trefkrag verloor. 'n Ossewa en die Voortrekkerkappie is deel van ons mooi geskiedenis, maar dit maak die huidige geslag nie meer opgewonde nie. Dink dus nuut, oorspronklik en verstaanbaar. Maak gebruik van moderne tegnologie om die seremonie werklik trefkrag te gee. Voortrekkers kan deur middel van seremonies bemark word op verskeie terreine, mits dit so aangebied word dat ander hulle daarmee kan identifiseer. Skep geleenthede in julle kommando. Dit gee geleenthede vir die kreatiewe Verkenner om hom uit te leef. Die meeste seremonies vind in formele Voortrekkerdrag plaas en is dus 'n formele geleentheid.

Daar is baie kreatiewe idees wat julle self kan uitdink om van 'n seremonie 'n plegtige funksie te maak. Ons kyk na verskillende seremonies.

Vlagseremonies

Lees in die **Reglemente** van Die Voortrekkers wat verduidelik hoe 'n formele vlaghysing/-stryking asook 'n vlagpresentering en verwyderingseremonie aangepak en uitgevoer moet word.

Kreatiewe seremonies

'n "Kreatiewe vlagseremonie" kan so verloop:

Ons land het mooi kultuurvlae wat met groot sukses by 'n seremonie gebruik kan word. Onthou dat enige vlag met groot respek behandel moet word. Ons kan die gehoor en die deelnemers opstel om dit *interessant* te maak.

Voorbeelde:

- Almal sit/staan in 'n V-vorm.
- Die vlagdraers loop in 'n sirkel/sigsagvorm na die vlagpale.

Die vlase kan op 'n oorspronklike manier gedra word bv.

- gedrapeer aan 'n vlagstok wat tussen 2 jeuglede gedra word of
- aan die punte deur 4 persone gedra word.

Die seremonie kan ingekleur word deur:

- 'n vlaghysing en vlagpresentering gelyktydig te laat doen
- ~~net van gebare (sonder bevel) of tromslae gebruik te maak om sekere aksies uit te voer.~~

“SONDER DIE VERLEDE KAN ONS NIE, MAAR DIE OPDRAG WAS IMMERS, ‘BOU DAAROP VOORT’ EN NIE BLY DAAR STAAN NIE.”

'n Voorbeeld van 'n kreatiewe seremonie is wanneer 'n gewone vlaghysing/stryking ingekleur word met *marshmusiek*, 'n *verskeidenheid vlase*, *fakkels* of linte en draperings. Die geheim is dat alle seremonies vooraf eers ingeoefen moet word sodat almal presies weet wat om te doen. By formele seremonies moet die saluut geneem word. Dit kan die persoon teenwoordig met die hoogste gesag wees of die hele groep.

Vlagprotokol moet gerespekteer word. Mens mag nie 'n vlag aan die grond laat raak of oor 'n tafel gooi as 'n tafeldoek nie. Die nasionale vlag moet **links** en ander vlage regs wees. Die langste paal moet vir die nasionale vlag gebruik word. Hierdie vlag word eerste ingedra as ander vlage betrokke is. Vlase kan **oop** of **gevou** gebruik word. Drapeer die vlase oor die dogters se linkerskouers. As liedere gesing/gespeel word, moet die **Nasionale lied** een daarvan wees. Met 'n funksie of kamp moet dit as die openings- en/of sluitingslied gebruik word.

Fakkels moet versigtig hanteer en nie doodgeblaas word nie. Neem 'n deksel of klam lappie om dit te blus. Dra fakkels weg van jou lyf en van die ander fakkeldraers.

Vertonings as seremonie

Hierdie seremonies word gebruik waar Voortrekkers wil spog met hulle dissipline. Dit kan in die opelug of 'n saal uitgevoer word met vlagdraers, orkeslede, vlaghysers of -strykers, musiekdrywers en die lede van 'n verbymars. Die seremonie kan by 'n kommandoverjaarsdag of die inhuldiging van 'n kommandoleier gebruik word.

Drilwerk as seremonie

Hier het ons meer formele situasies waar mens dril. Dit gaan oor gelyktydige optrede deur almal. Meestal gee een die opdragte sodat almal weet wat om te doen. Goeie inoefening maak daarvan 'n skouspel. Marsmusiek maak dit treffend met almal in formele Voortrekkerdrag.


19. DIE VERKENNER KAN RIGTING MET 'N KOMPAS BEPAAL.

Die kompas

Lang seereise is deur die seevaarders van vroeër tye onderneem deur gebruik te maak van veral die sterre vir navigasie. In die noordelike halfrond was navigasie betreklik eenvoudig deurdat seevaarders 'n ster gehad het, die Poolster, wat altyd reg noord aandui. Betrokke en mistige weer het dit egter baie moeilik gemaak om koers te hou. Die ontdekking dat sekere ysterertse en ysternaalde neig om in die noord-suid rigting te bly staan as dit vry opgehang word, het baie gehelp vir navigasie in slegte weersomstandighede. Die ontdekking van hierdie eienskap van die magnetiese naald word aan die Sjinese toegedig, maar latere geskrifte dui daarop dat dit terselfdertyd onafhanklik in die Weste ook ontdek is. Die eerste geskrifte wat die eienskappe van die magnetiese naald noem, is in 1100 n.C. in Sjina gepubliseer, gevolg deur geskrifte uit Arabië in 1220 en Skandinawië in 1250. In hierdie antieke tyd het kennis maar stadig versprei, sodat dit hoogs onwaarskynlik is dat die kennis van Sjina na Skandinawië in 'n skamele 150 jaar oorgedra kon word. Algemeen word aanvaar dat die ontdekking van die eienskappe van die magnetiese naald in die 9de eeu n.C. plaasgevind het.

Die eerste gebruik van die kompas was vir navigasie ter see. Die klein skepies wat in gebruik was, was so in die mag van wind en see dat noukeurige navigasie nie baie belangrik was nie. Net 'n algemene aanduiding van posisie was beskou as voldoende.

Die eerste kompas wat ter see gebruik is, het bestaan uit 'n naald wat op 'n strooi of plankie vasgemaak is en die plankie is dan in 'n bad water geplaas sodat die naald 'n Noord-Suid oriëntering kon inneem. Uit hierdie eenvoudige begin het die huidige noukeurige magnetiese en



ander kompas ontwikkel.

Gebruik van die kompas

'n Kompas bestaan gewoonlik uit die volgende dele:

- 'n Kompasnaald, wat 'n lang plaatjie kan wees of 'n plaatjie wat in 'n plastiek skyfie in gesmelt is, wat vry draai op die skerp punt van 'n vertikale ysterpennetjie. Die naald kan vry in lug beweeg of in 'n houer vol vloeistof verseël wees.
- 'n Wyserplaat waarop die grade aangedui is en wat verstelbaar is.
- 'n Meganisme van een of ander aard om die gebruiker die geleentheid te gee om die grade te kan aflees terwyl die kompas op ooghoogte gehou word. 'n Spieël word in die meeste gevalle gebruik of 'n prisma in die geval van die prismatiese kompas.
- Die visier en korrel is ook 'n belangrike onderdeel van die kompas.

Bepaal ware noord

Ons het tot dusver gesê dat die vryswaaiende magnetiese naald 'n noord-suid rigting inneem, maar hierdie stelling is nie heeltemal korrek nie. Die naald wys in werklikheid na 'n punt ongeveer 2250 km van die noordpool af. Hierdie punt lê in die ysige noordelike gedeelte van Kanada en word die magnetiese noordpool genoem. Daar is dus 'n taamlike afstand tussen die magnetiese noordpool en die ware noordpool, ook soms genoem die geografiese noordpool.

Die feit dat die naald altyd na die magnetiese noordpool wys, is al 'n groot hulp vir navigasie. Ons in Suid-Afrika weet dat vir ons die geografiese of ware noordpool tussen $\pm 17^{\circ}$ en 23° regs van die magnetiese noord-aanduiding is. Hierdie hoek word die deklinasiehoek genoem.

As jy reguit na die noorde kyk, is die suide reg agter jou, wes is aan jou linkerkant en oos aan jou regterkant. Ons kan dus nou sê die geografiese noord is 23° oos van die magnetiese noord.

As jy nou na magnetiese noord wys en regsom in die rondte draai, wys jy agtereenvolgens na oos, suid, wes en as die sirkel voltooi is, weer noord. Om akkurate rigtingaanduiding moontlik te maak, word die sirkel in 360° ingedeel. As ons nou praat van 'n magnetiese rigting van 120° , beteken dit 'n rigting wat 120° na regs met die magnetiese noord-aanduiding maak.

Die kompasnaald is sensitief vir versteurings. Moenie naby yster, magnete of elektriese installasies werk nie. 'n Flitslig wat aangeskakel word om 'n kompaslesing in die donker te maak, sal die naald versteur!

Laat die naald toe om behoorlik tot stilstand te kom voordat 'n lesing gemaak word.

Draai die skuifbare deel van die kompas totdat 337° regoor die naald is. Nou wys die naald na die magnetiese noord toe maar die N op die kompassirkel toon die ware noord aan.

Neem van peilings

'n Peiling na 'n voorwerp (bv. 'n boom, baken, ens.) is die hoek wat gevorm word tussen die magnetiese noord, die waarnemingspunt en die voorwerp.

As jy 'n eenvoudige kompas het wat net uit 'n magnetiese naald, verstelbare wyserplaat en 'n basis (gewoonlik 'n deursigtige liniaal) waarop 'n haarlyn gemerk is, bestaan, doen jy net die volgende stappe: Hou die kompas voor jou reg oor jou maag. Verstel die wyserplaat sodat noord-suid met die haarlyn saamval. Draai jou lyf (met die kompas nog steeds in posisie reg voor jou maag) totdat die naald ook met die haarlyn saamval en die noordpool van die naald na 0° (of natuurlik ook 360°) wys. *Jy kyk nou na die magnetiese noord.*

Draai nou jou lyf (met die kompas steeds in posisie reg voor jou maag) totdat die kompas in die rigting van die voorwerp waarvan jy die peiling wil bepaal, wys. Verstel die wyserplaat sodat die noord op die wyserplaat presies saamval met die noordpool van die naald. Lees nou die hoek af teenoor die haarlyn. Dit is die peiling wat ons soek. Daar is ook meer gesofistikeerde kompasse wat met 'n vergrootglas, prisma of spieël toegerus is sodat die peilings meer akkuraat gemeet kan word.

Gewoonlik is die naald in 'n plastiekskyf wat reeds in grade afgemerk is, ingesmelt. As jy so 'n deftige kompas het, gaan jy soos volg te werk:

- Vou die kompas oop en draai die wyserplaat sodat 0° regoor die korrel of die haarlyn van die kompas is.
- Hou die kompas voor jou oog en kry met jou oog die visier, korrel en die voorwerp waarheen jy die peiling neem in 'n reguit lyn. Onthou om die kompas waterpas te hou!
- Sonder om die kompas te laat sak, kyk deur die visier na die wyserplaat. Maak seker dat die visier, korrel en voorwerp steeds in 'n reguit lyn is en dat die kompas waterpas is. Lees nou die peiling af deur die visier; of laat sak die kompas en lees die grade op die wyserplaat by die korrel af.

Rigtingbepaling

DIT IS SO DAT ONS OOK DIE KOMPAS KAN GEBRUIK OM IN 'N BEPAALDE RIGTING TE BEWEEG, SOOS ONS DIKWELS VIND IN DIE GEVAL VAN ROETEMARSE.

Hoe nou gemaak? Veronderstel jy wil in 'n rigting 0° beweeg, m.a.w. reg magneties noord. Volg nou die volgende prosedure:

Draai die wyserplaat sodat 0° regoor die korrel van die kompas is. Hou die kompas waterpas en draai die hele kompas totdat die kompasnaald op die 0° by die korrel tot rus kom. Kantel die spieël van die kompas teen 'n hoek van ongeveer 45° . Terwyl die kompas in die rigting van 0° gehou word, bring jy dit tot ooghoogte en kry die volgende met behulp van die spieël in 'n reguit lyn: jou oog, die visier, die kompasnaald, 0° en die korrel. BELANGRIK, as die kompasnaald en 0° nie in lyn is nie, moet jy die kompas, m.a.w. jouself, in so 'n rigting draai dat die kompasnaald en 0° in lyn met mekaar is.

Volg 'n kompasroete

As jy eers weet hoe om 'n rigting te bepaal, is jy reg om 'n roete in die veld te volg. Dit is 'n belangrike oefening op pad na ons eintlike doelwit: om die roete op 'n kaart uit te werk. Enige roete bestaan uit 'n aantal "bene". 'n Been is net 'n stuk reguit lyn. Vir elke been moet daar 'n afstand en 'n rigting aangegee word. Die afstand kan in treë of meter aangedui word, maar dit sal in alle waarskynlikheid meter wees. Jy het seker nou ongelukkig nie 'n ingeboude meterstok nie en daarom sal jy 'n metode moet vind om jou treë om te sit in meter. Die beste metode is om die afgemete afstand van 100 m op 'n atletiekbaan af te stap en te kyk hoeveel tree jy op hierdie afstand gee. (Die afstand tussen die twee doellyne op 'n rugbyveld is ook 100 m.) Probeer om gewoonweg te stap en nie onnatuurlike lang treë te gee nie. Deel jou aantal treë deur 10; nou onthou jy net hoeveel tree jy vir 10 m gee. (Hoekom kon jy nie maar van die begin af net 10 m afgetree het nie?) Dan is dit mos maklik om uit te werk hoeveel tree jy moet stap om 'n gegewe aantal meter redelik akkuraat af te treë. Slim, nè!


By wyse van oefening gaan jy die been 40^0 , 100 m loop. Kry eers die rigting 40^0 met 'n kompas soos jy hierbo gedoen het. (By die eerste stap moet jy die wyserplaat nou draai dat 40^0 regoor die korrel is.) Merk dan 'n duidelik onderskeibare punt waarop jy kan afstap, soos bv. 'n groot boom. Die keuse van die gemerkte punt waarop jy afstap, is belangrik. Dit moet verkieslik ver wees – op die horison of ver genoeg sodat jy die afstand van die been (100 m in hierdie geval) kan afstap sonder om by die gemerkte punt uit te kom. As daar nie so 'n natuurlike uitstaande voorwerp is nie, kan jy van 'n maat gebruik maak. Laat jou maat in die regte rigting van jou af wegstap. As hy van die reguit lyn afwyk, sê vir hom of hy links of regs moet beweeg om op koers te bly.

Nou tree jy 100 m af in die rigting van die gemerkte punt of na jou maat toe. Siedaar, jy het die eerste been voltooi! 'n Roetemars is nou net 'n klomp bene wat op mekaar volg. Julle span gaan dit eers in die dag doen totdat julle dit goed onder die knie het. As jou span van avontuur en uitdagings hou, doen 'n roetemars in die donker. Dit skei die manne van die seuntjies!

DIT KLING ALLES BAIE MAKLIK, MAAR JY SAL NET DEUR OEFENING, OEFENING EN NOGMAALS OEFENING HIERDIE TEGNIEK VAN RIGTINGBEPALING EN ROETESTAP GOED KAN DOEN. DAAR GAAN BAIE GELEENTHEID DAARVOOR WEES WANT JY GAAN SAAM MET JOU MAATS OP JULLE SPANKAMPE HIERDIE WERK DOEN.

Die gebruik van peilings om 'n punt op die kaart te bepaal

As jy baie peilings moet neem, kan dit regtig verwarrend wees om telkens die deklinasiehoek in berekening te bring, want later is jy nie seker of jy elke keer onthou het om dit af te trek of by te tel nie! Dit is ook raadsaam om altyd jou konstruksielyste op die kaart te los, want dan kan jy jou werk kontroleer. Dit is baie beter om liewers elke keer direk vanaf die noorde wat betrekking het te werk, met ander woorde as jy 'n kompaspeiling moet neem, werk jy vanaf die magnetiese noord na die punt wat jy peil. As jy 'n ware of geografiese peiling moet neem, werk jy vanaf die ware noord na die punt wat jy peil.



GRAADWIELOPDRAGTE**Afrikanerskap**

Besoek 'n historiese gedenkwaardigheid uit die Afrikaner se geskiedenis en bespreek die simboliek en betekenis.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. 'n Foto is ingesluit waarop die Verkenner die gedenkwaardigheid besoek. Die Verkenner en die gedenkwaardigheid moet duidelik en herkenbaar wees op die foto.		
2. Die simboliek van die gedenkwaardigheid is kortliks beskryf.		
3. Die doel en plek vir die gedenkwaardigheid in die geskiedenis is in 'n paragraaf bespreek (minimum 50 woorde).		
4. Die persoonlike betekenis wat die gedenkwaardigheid vir die Verkenner het, is bespreek (minimum 50 woorde).		

Burgerskap

Besoek 'n finansiële instansie en/of raadpleeg 'n kundige oor die bestuur van jou persoonlike finansies.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die naam van die finansiële instansie wat besoek is, en/of die naam van die kundige is gegee.		
2. 'n Minimum van 5 riglyne of wenke, oor die bestuur van persoonlike finansies, is kortliks en puntsgewys neergeskryf.		

3. Besonderhede van 'n spaarrekening, in die Verkenner se naam, is gegee.

4. 'n Uiteensetting van die bankkoste, van die genoemde spaarrekening, is gegee.

5. 'n Verduideliking van rente, vir die betrokke spaarrekening, is gegee.

6. 'n Droomitem (vir die Verkenner) met die huidige geldwaarde, is genoem.

7. 'n Finansiële plan om die droomitem te bekom, is gegee (minimum 50 woorde).

Christenskap

Identifiseer swaarkry of lyding in die Bybel, wat vandag nog relevant is, asook hoop of troos wat die Bybel daarvoor gee.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die Bybelaanhaling vir die swaarkry of lyding is gegee.		
2. Die omstandighede van die swaarkry of lyding is kortliks beskryf (minimum 30 woorde).		

3. Die Bybelaanhaling vir die hoop of troos is gegee.

4. Die hoop of troos is in die Verkenner se eie woorde beskryf (minimum 30 woorde).

5. Die toepaslikheid in vandag se lewe is verduidelik (minimum 50 woorde).

Voortrekkerlewe


Identifiseer en beskryf jou hoogtepunt van hierdie jaar se Voortrekkeraktiwiteite.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die aard van die aktiwiteit is kortliks beskryf (minimum 20 woorde).		
2. Die aktiwiteit is toegelig met ten minste een foto (of enige vorm van bewys) waar die Verkenner deelneem aan hierdie aktiwiteit.		
3. 'n Beskrywing oor die waarde van hierdie aktiwiteit vir jou as menswees, is gegee (minimum 80 woorde).		



**SKEP GELEENTHEDE IN
JULLE KOMMANDO. DIT
GEE GELEENTHEDE VIR DIE
KREATIEWE VERKENNER
OM HOM UIT TE LEEF.**

4 *UITHALER- VERKENNER*



4 UITHALER- VERKENNER

Geloofsvaardighede

1. Die Verkenner gebruik die Tien Gebooie as stapstok vir die lewe.
2. Die Verkenner ken die ontstaanverhaal van die Afrikaanse Bybel en identifiseer Bybelse idiome.

Sosiale vaardighede

3. Die Verkenner leef as 'n diensbare leier.
4. Die Verkenner beskik oor digitale vaardighede.
5. Die Verkenner verstaan die betekenis van emosionele intelligensie in verskillende verhoudinge.
6. Die Verkenner verstaan wat selfbeeldontwikkeling en -verwesenliking is.
7. Die Verkenner los probleme op.
8. Die Verkenner is bewus van die gevare van verslawing.

Kulturele vaardighede

9. Die Verkenner ken die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog tot voor Republiekwording.
10. Die Verkenner identifiseer ekonomiese baanbrekers in ons geskiedenis.
11. Die Verkenner verantwoord Afrikanerskap en eietydse kultuurbegrippe.

Burgerskapvaardighede

12. Die Verkenner maak 'n verskil aan omgewingsbewaring.
13. Die Verkenner verduidelik wat entrepreneurskap is.
14. Die Verkenner weet hoe om verskillende noodsituasies te hanteer.
15. Die Verkenner neem standpunt in oor burgerlike protes.
16. Die Verkenner maak kennis met die Grondwet en Handves van Regte.

Voortrekkervaardighede

17. Die Verkenner bied vaardigheidspeletjies aan.
18. Die Verkenner beplan 'n staptoer.
19. Die Verkenner weet hoe om 'n vuurwapen veilig te hanteer.
20. Die Verkenner doen kaartwerk.

GRAADWIELOPDRAGTE

1. DIE VERKENNER GEBRUIK DIE TIEN GEBOOIE AS STAPSTOK VIR DIE LEWE.

Die Tien Gebooie is tien wette in die Bybel wat God aan die volk van Israel gegee het kort na hul uittog uit Egipte. Die Tien Gebooie is hoofsaaklik 'n samevatting van die 613 wette wat in die Ou Testamentiese Wet gevind word. Die eerste vier gebooie handel oor ons verhouding met God. Die laaste ses gebooie handel oor ons verhoudinge met mekaar. Die Tien Gebooie is opgeteken in die Bybel in Eksodus 20:1-17 en



Deuteronomium 5:6-21. Jesus bevestig in die Nuwe Testament die geldigheid van die Tien Gebooie met sy opsomming daarvan in die samevatting van die Wet (Matt. 22). In die Tien Gebooie word God se wil vir ons lewe in 'n neutredop opgesom.

Die eerste gebod – Stel God, wat die enigste God is, altyd eerste

Hierdie gebod gaan oor die plek wat God in die Christen se lewe moet hê. Die Bybel leer ons dat daar slegs een God is. Vir die opregte Christen is daar net één God, die God wat ons liefhet en wat na ons toe kom as ons Vader in Jesus Christus.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moet niks in jou lewe belangriker as God ag nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Maak God, die Vader van ons Here Jesus Christus, die enigste God in jou lewe; die persoon wat jy wil aanbid en aan wie jy jou hele lewe wil gee.

Die tweede gebod – Aanbid God in waarheid

Die tweede gebod gaan oor hoe ons moet aanbid. Die Bybel beveel dat ons God in “waarheid en gees” moet aanbid (Joh. 4:24). Die doel van hierdie gebod is om ons op te roep tot suiwer aanbidding van God.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Hierdie gebod verbied dat enige beeld van God gemaak word.

Die positiewe kant van hierdie gebod

God is 'n jaloerse God wat alleen aanbid en geëer wil word. Doen dit en gee jouself ten volle aan Hom as 'n offer (Rom. 12:1-2).

Die derde gebod – Eerbiedig die naam van God

Hierdie gebod gaan oor die naam van God wat ons moet respekteer. Ons kan sy naam alleenlik gebruik wanneer ons met Hom praat en ander van Hom vertel. Dit moet met die nodige respek, eerbied en verheerliking gedoen word.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moenie God se naam oneerbiedig gebruik, 'n valse of onnodige eed aflê of selfs nalaat om ander van Hom te vertel nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Gebruik God se naam met die nodige eerbied en respek. Eintlik roep hierdie gebod ons op dat al ons woorde en dae altyd 'n getuigenis tot eer van God moet wees; ons wat sy kinders is en sy naam dra.

Die vierde gebod – Eerbiedig die dag van die Here

Hierdie gebod gaan oor watter betekenis ons aan die dag van die Here moet heg; met ander woorde, waarvoor hierdie dag bedoel is.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Baie dinge kan genoem word wat nie op 'n Sondag gedoen behoort te word nie. Veel meer nog kan by die lys gevoeg word. Ongelukkig konsentreer baie toegewyde Christene net op hierdie negatiewe aspek en sien hul onttrekking aan alle aktiwiteite op hierdie dag as die nakoming van hierdie gebod.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Ons behoort meer te beklemtoon wat op 'n Sondag gedoen behoort te word:

- Die bywoning van eredienste en aanbidding;
- die onderrig in die Woord van die Here in die katechese;
- deelname aan die sakramente; deelname aan diens van barmhartigheid; en
- die soeke na geestelike voedsel vir die nuwe week.

Die vyfde gebod – Respekteer jou ouers

Hierdie gebod gaan oor ons gesindheid en optrede teenoor enige vorm van gesag; om alle owerhede en mense wat in die gesagsposisies oor ons aangestel is, te respekteer en te gehoorsaam.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

- Moenie op jou ouers, aan wie die Here jou gegee het, vanweë hul persoonlikheid, beroep of swakhede, neersien nie.
- Moenie ongehoorsaam wees aan die reëls, regulasies en wette waartoe jy verbind is nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

- Wees lief vir jou ouers, gehoorsaam hul be vele en onderwerp jou aan hul gesag, ongeag wie hulle is.
- Respekteer en onderwerp jou aan die owerhede onder wie se gesag jy staan.

DIE LAASTE SES GEBOOE HANDEL OOR ONS VERHOUDINGS MET MEKAAR.

Die sesde gebod – Respekteer die lewens van ander mense

Hierdie gebod gaan oor die eerbied wat ons vir ons eie lewens en dié van ander moet hê.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moenie roekeloos wees en jou eie lewe of dié van ander mense in gevaar stel nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

God wil hê dat ons mekaar se lewens moet respekteer, omdat lewe die belangrikste besitting is wat elke mens het. Doen alles in jou vermoë om die voorspoed in ander se lewens te bevorder. "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:39), en selfs jou vyande.

Die sewende gebod – Respekteer die huwelik

Hierdie gebod gaan oor die seksuele lewe en die huwelik in al sy fasette.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moenie betrokke raak by enige seksuele wanpraktyke soos prostitusie, homoseksualiteit en ander wanpraktyke nie. Moenie ontrou aan jou huweliksmaat wees nie en pas op dat 'n derde persoon nie die huwelik bedreig nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Respekteer jou eie en ander se huwelike. Werk daaglik aan jou eie huwelik en wees verseker van 'n meer suksesvolle en gesonde verhouding. Wees lief vir jou huweliksmat, lief soos God jou liefhet. Respekteer mekaar en probeer gereeld om jou maat se goeie en sterk eienskappe raak te sien.

Die agtste gebod – Wees 'n goeie rentmeester van jou besittings

Hierdie gebod gaan oor goeie rentmeesterskap van al jou besittings. Die mens moet hom daarvan weerhou om ander mense se besittings te beskadig of te steel.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Hierdie gebod verbied enige vorm van steel, soos bv.

- winkeldiefstal, dobbelary en enige ander vorm van diefstal;
- om aan jou besittings vas te klou en dit nie met ander wat swaarkry, te deel nie;
- om besittings te verkry waarvoor jy nie gewerk het nie. Geskenke en erflatings is die uitsondering

Die positiewe kant van hierdie gebod

Dit gebied ons om die besittings van ander te respekteer en om wat ons het, met dié wat nie het nie, te deel. Dit roep ons ook op om God te vertrou om in ons behoeftes te voorsien.

Die negende gebod – Praat altyd die waarheid

Hierdie gebod gaan oor die waarheid en leer ons om altyd die waarheid te praat. Om te jok is so goed as om in die duisternis te lewe. Iemand wat jok, wil altyd iets wegsteek.

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moenie jok, die waarheid verdraai of net dele van die waarheid vertel nie. Moet ook nie 'n ander persoon se woorde verdraai om 'n verkeerde indruk te skep nie.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Bewaar die eer en naam van jou medemens. Beveg die leuen en strewe daarna om die waarheid te praat en te doen.

Die tiende gebod – Wees tevrede met wat jy besit

Hierdie gebod handel oor ons liefde vir ander mense se besittings in plaas van om daardie mense lief te hê. Die woordjie begeerte beteken om 'n sterk verlange te hê na ...

Die negatiewe kant van hierdie gebod

Moenie jaloers wees op wat ander het en jy nie. Daar sal vir seker ook dinge wees wat jy het, wat hulle weer graag sou wou hê.

Die positiewe kant van hierdie gebod

Wees dankbaar vir die dinge waarmee God jou geseën het – gawes, talente, besittings, gesondheid, geloof ... As jy iets nodig het, sê dit vir God en vertrou Hom om in jou behoeftes te voorsien.

2. DIE VERKENNER KEN DIE ONTSTAANSVERHAAL VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL EN IDENTIFISEER BYBELSE IDIOME.

Die behoefte aan 'n Bybel in Afrikaans

Die Eerste Taalbeweging het sy geboorte te danke aan die behoefte om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Arnoldus Pannevis het die taalstryd afgeskop met 'n artikel wat op 7 September 1872 in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer is met die opskrif: "De Bijbel in het Afrikaans". Daar moes egter nog baie water in die see vloei voor daar met 'n Afrikaanse Bybelvertaling begin kon word. Afrikaans was nog nie 'n gestandaardiseerde, gevormde spreek- en skryftaal nie. Hierdie vertalings was soms skote in die donker wat nie altyd in die smaak van ernstige kerkmense geval het nie. Die Here se stok en staf in Psalm 23 het byvoorbeeld 'n knopkierie geword.

Die amptelike besluit

NJ van der Merwe het namens NG gemeente Wepener se kerkraad twee beskrywingspunte na die 1916-Vrystaatse Sinode gestuur, naamlik:

1. "'t Afrikaansch op den kansel
2. Het vertalen van den Bijbel in het Afrikaansch"

Die Sinodale Regskommissie het aanvanklik 'n kompromie tussen die uiteenlopende standpunte probeer bewerkstellig deur aan te beveel dat "zij de gebruik van Afrikaansch op den kansel niet afkeurd, maar dat zij twijfelt of die tijd nu gekomen is om den Bijbel in het Afrikaansch te vertalen". In gehoorsaamheid aan Christus se laaste opdrag, besluit die Vrystaatse Sinode "tot het vertalen van den Bijbel in Afrikaansch". Die Sinode sou ook poog om die hulp van die ander provinsies, asook van die Hervormde en Gereformeerde Kerke te vra om so 'n vertaling so wyd as moontlik aanvaarbaar te maak.

Die werk begin

Die eerste vergadering van die Afrikaanse Bybelvertalingskommissie het op 9 Augustus 1916 plaasgevind. Die voorsitter was JD Kestell en NJ van der Merwe het as sekretaris gedien.



Die Afrikaanse Bybel word in ontvangs geneem.

Die vertaalwerk was 'n gesamentlike poging van al die Afrikaanse kerke. Die eindvertalers was JD Kestell, JD du Toit (Totius), BB Keet, HCM Fourie en EE van Rooyen. Van Mei 1933 tot Desember 1934 is 266 875 Bybels uit Londen na Suid-Afrika verskeep. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het verklaar dis 'n rekord vir die verkope van enige eerste uitgawe in 'n nuwe taal. Op Sondag, 27 Augustus 1933, is die Bybel in elke gemeente van die drie Afrikaanse kerke amptelik in ontvangs geneem.

Ander vertalings

Die Afrikaanse Bybelvertaling was die eerste tree van vele ander Bybelvertalings in Afrika-tale wat sou volg. Vandag is die Bybel vertaal in al die amptelike landstale.

Bybelvertalings moet tred hou met die ontwikkeling van die taal waarin vertaal is. Daarom is die 1933-vertaling van die Bybel so vroeg as 1953 hersien in 'n nuwe 1953-vertaling in Afrikaans. Hierdie hersiening het nie veel aan die vertaling van 1933 verander nie.


Teen 1980 was daar egter 'n behoefte aan 'n totaal nuwe Afrikaanse vertaling. Die 1933-vertaling se Afrikaans was vir baie mense – veral die jongeres – nie meer so verstaanbaar nie.

'n Span kundiges sorg dus vir die Nuwe Afrikaanse Bybel (NAV) in 1983. Hierdie vertaling word vandag as die amptelike kerklike vertaling gebruik. Waar die vertaling van 1933 byna woord vir woord was, wil die vertaling van 1983 eerder die betekenis van die oorspronklike Bybelteks in moderne Afrikaans oordra as om woord vir woord te vertaal. Die NAV het waarskynlik gehelp dat ons elke teksvers in sy verband lees – soos ons die Bybel moet lees.

Afrikaans is dinamies. 'n Feit wat ook wys uit die vertaling van die Bybel vir die moderne sprekers van Afrikaans.

Invloed op Afrikaans

Die voorreg om God se Woord in eie taal te mag lees en te hoor, het na 1933 ook momentum gegee aan die ontwikkeling van Afrikaans op bykans elke lewensterrein. Afrikaanse mense het met die verskyning van die Bybel skielik 66 boeke in hul eie taal gekry – van poësie, prosa, profesieë en selfs regstaal. So is die drome en ideale van die ou taalstryders ook verwesenlik. Een van die mooiste voorbeelde van Bybelse Afrikaans is Totius se beryming van Psalm 8:



Idiome en idiomatiese uitdrukkings wat hul oorsprong het in die 1933/53 Afrikaanse Bybel

Dit is net 'n druppel aan/in die emmer (Jes. 40:15)

Hulle is soos Dawid en Jonatan (1 Sam. 20:17; 2 Sam. 1:26)



Dit is die ware Jakob (Gen. 27)

Die wysheid van Salomo (1 Kon. 3:12)


Job se geduld (Die boek Job)



'n Jobstrooster (Job 2:11; 13:4)
Vir Mammon dien (Matt. 6:24)
'n Doring in die vlees (2 Kor. 12:7)
Sout van die aarde (Matt. 5:13)
Elkeen moet sy eie kruis dra (Matt. 10:38; Mark. 10:21)
Hy is 'n regte jakkals (Luk. 13:32)
Witgepleisterde grafte (Matt. 23:27)
'n Balk in jou eie oog (Matt. 7:3)
My beker loop oor (Ps. 23:5)
Hy het sy Moses teëgekom (Eks. 14:28)
In die kring van die spotters (Ps. 1:1)
Die hand in eie boesem steek (Eks. 4:6)
'n Dienende Marta (Luk. 10:38-42)
'n Wolf in skaapsklere (Matt. 7:15)
Goed vir kwaad vergeld (Rom. 12:17, 21)
Jou brood op die water werp/gooi (Pred. 11:1)
'n Gideonsbende (Rig. 7)
'n Barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25-37)
"Vanwaar Gehasi?" (2 Kon. 5:25)
Die weduwee se kruik (1 Kon. 17:14-16)
Dit is soos manna uit die hemel (Eks. 14:4, 15, 33)
Die skrif is aan die muur (Dan. 5:5)
'n Ongelowige Tomas (Joh. 20:25)
Gee aan die keiser wat die keiser toekom (Matt. 22:21)
Jou talente begrawe (Matt. 25:26)
Die Leviëte voorlees (Die boek Levitikus)
Die tweede myl saamloop (Matt. 5:41)
'n Vlieg in die apteker se salf (Pred. 10:1)
Kom ek om, so kom ek om (Est. 4:16)
'n Meulsteen om die nek (Matt 18:6)
'n Steen des aanstoots (Rom. 9:32)
Sit in sak en as (Matt. 11:21; Job 2:8)
Hy is my regterhand (Jes. 41:10)
Die kalf is in die put (Luk. 14:5)
Die koring van die kaf skei (Matt. 3:12)
Die sondebok (Lev. 16:9, 10)
Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (Matt. 12:34)



Ikabod daaroor skryf (1 Sam. 4:21)
 Horende doof (Jer. 5:21; Mark. 4:12)
 Jou pêrels voor die swyne/varke gooi (Matt. 7:6)
 Op alles ja en amen sê (2 Kor. 1:20)
 Jou daaglikse brood verdien (Matt. 6:11)
 Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê (Matt. 7:12)
 Berge versit (Matt. 17:20)
 Die ark is oop (Gen. 8:15-19)
 In Adamsgevaad/Evasgevaad (Gen. 3:7)
 Hy is 'n regte Fariseër (Matt. 23:13 vv)
 Die vleispotte van Egipte (Eks. 16:3)
 'n Babelse verwarring (Gen. 11:9)
 'n Jibroer (Matt. 21:30)
 Daar is niks nuuts onder die son nie (Pred. 1:9)
 "Berge, val op ons!" (Op. 6:16)
 Geen haan sal daarna kraai nie (Matt. 26:75)
 Bloed sweet (Luk. 22:44)
 Kop en skouers bo ander uitstaan (1 Sam. 10:23)



3. DIE VERKENNER LEEF AS 'N DIENSBARE LEIER.

Op elke vlak van Die Voortrekkers is daar leiers – spanleiers, kommandoleiers, oordleiers, gebiedsleiers en nasionale leiers. In 1934 het die destydse hoofleier, dr. NJ van der Merwe, in die eerste *Hou Koers* geskryf: "Die drie belangrikste prioriteite vir Voortrekkers is om jong Afrikaners te ontwikkel as leiers, leiers en nogmaals leiers."

Wat bedoel Die Voortrekkers as ons praat oor leierskap? Voortrekkers verstaan nie leierskap as 'n posisie of rang nie. In Die Voortrekkers is jy nie eers 'n leier wanneer jy op die leerlingraad dien of as hoofseun, hoofmeisie of kaptein van jou sportspan verkies word nie. Die Voortrekkers beskou elke jeuglid as 'n leier in eie reg en bied aan elkeen die geleentheid om tot sy volle potensiaal as leier te ontwikkel. Die Voortrekkers beskou leierskap as

DIE AANVAARDING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN DIE UITLEWING VAN ROEPING DEUR DIENSBARHEID.

Roeping

God roep my vir 'n spesifieke taak in my omgewing om 'n spesifieke nood aan te spreek en 'n verskil vir Hom te maak. Daarvoor gee Hy my gawes/talente en geleenthede.

Verantwoordelikheid

Die werkwoord in verantwoordelikheid is *antwoord*. Wanneer God my roep vir 'n spesifieke dienssaak, moet ek Hom antwoord.

Ek vind koerswysers vir my antwoord in God se *Woord*. Die Woord sê my nie voor nie, maar gee beginsels waarvolgens ek my besluit in ooreenstemming met God se wil kan neem. Wanneer ek JA antwoord, word daardie nood my *verantwoordelikheid*.

Diensbaarheid

Deur diensbaarheid moet ek nou 'n verskil maak.

Ek kan nie sit en wag vir ander nie. God roep my persoonlik en daarom moet ek die voortou neem deur my verantwoordelikheid deur diensbaarheid na te kom.

Bybelse leierskap is diensbare leierskap

Elkeen wat sy verantwoordelikheid teenoor God en sy naaste nakom, is 'n diensbare leier. Normaalweg dink ons leiers lei en dienaars dien. Christus bring die twee rolle bymekaar in Matteus 20:25-28, Markus 10:35-44 en Lukas 22:24-30.

Christus lê nie klem op die rol/funksie/eienskappe van 'n leier nie, maar op die aard/motivering/hart van 'n ware leier, naamlik om God en sy naaste te dien.

Diensbaarheid is die sleutel om leierskap in Die Voortrekkers te verstaan en verwerklik.

28 Stellings oor leierskap om oor na te dink

1. 'n Leier, los van 'n beginselvaste idee-raamwerk, is so nuttig soos 'n Springbok-losskakel op 'n sokkerveld. Dit is baie beter om 'n Christelik demokratiese idee-tradisie te vestig waaruit baie leiers na vore kan tree as om 'n briljante enkeling te hê wat hoogstens skadebeheer kan toepas.
2. Leiers besef hulle is baie bewustelik besig om hul organisasies in elke konteks te vorm en te help hervorm sodat die organisasie hul roeping kan vervul. Die bouplan rym of harmonieer gewoonlik met iets wat klink soos katedrale, met ander woorde iets wat gerig is op die nageslag en die eeue.
3. Goeie leiers weet dat hulle tradisies bewandel wat groter as hulself is. Hulle kan egter ook vanuit die tradisie verbeeldingryk met idee-raamwerke omgaan en het 'n oor vir verskillende stemme in 'n lewende tradisie. Juis so vind skeppende vernuwing plaas.
4. Leiers het, naas baie ander kosbare kenmerke, spreek- en/of skryfgawes, maar hulle maak nie staat op demagogie nie. Hulle werk juis aan stelsels en strukture wat nie so maklik deur spreekvosse en breedspakiges ingepalm kan word nie.
5. Idee-raamwerke en 'n lewende tradisie is baie meer as naïewe ideologie. Ideologie wat bloot met dis-hoe-dit-is redenasies werk, is kanonvoer vir Marx-mannetjies. Die hermeneute van suspisie ontbloot graag enige kontekskondisionering en verskuilde belange.
6. Leiers wat net die vorige status quo wil handhaaf, kan nie in gesprek tree met Marxiste nie, maar ook nie met die wêreld en die eeue nie. Hulle val pens en pootjies in die slaggate van eiebelang, die potpadda-sindroom, en van versmalling van 'n lewende tradisie.
7. Die wyse waarop ons vrykom van naïewe ideologie is hoëdefinisie-Bybelstudie, egte tradisie, en blootstelling. Die blootstel begin by die Bybel en die Heilige Gees en dit is die Christen-leier se eerste opdrag (vgl. Jos. 1 en Ps. 1). Die Bybel interpreteer ons, meer as wat ons die Bybel interpreteer. Leiers wat die Bybel in gemeenskap met die kerk van die eeue onder leiding van die Heilige Gees lees, kan nie bly wat hulle was nie. Dit veroorsaak groeiende dink- en doengewoontes, ook genoem goeie en groeiende tradisie. Kopskuiwe is nie uitgesluit nie, maar dit gebeur net geloofwaardig in 'n lewende tradisie wat die kenmerke van Godvresenheid dra.

8. Leiers is nie oikofobies (bang vir die eie nie) nie. Om jouself bloot te stel, moet jy weet waarvandaan jy kom. Jy moet jou eie tradisie diepgrondig kan waardeer en dit by die naam kan noem.
9. Leiers is ook nie zenofobies nie. Die verantwoordelike blootstel aan onbekende ruimtes is soms die enigste manier waarop ons uit bepaalde bringroewe en vasgehaakte deuntjies kom. 'n Lewende tradisie is voortdurend in gesprek met die eeue en met onbekende opinies en strukture. Daarom is leiers wat weet waar hulle staan nie bevrees om in gesprek met ander te tree nie.
10. Leiers kom nie skielik na vore nie. Hulle het baanrekords. Dawid sou nie kans gesien het vir Goliath as hy nie reeds met die beer en die leeu slaags was nie. Spoedig het die baanrekord deur God se beskikking meer publiek geraak. Baanrekords gaan nou wel oor die verlede en nie oor die hede nie, maar gee tog dikwels belangrike aanduidings van die wortel waaruit die vrugte gedra word.
11. Leiers moet kan vlieg, bo-oor allerhande kleinlikhede, maar veral bo-oor naywer. Hulle moes al deur die meule gegaan het oor daardie groen saak wat selfs in die binnekring van die Here Jesus uitbreek het: die vraag na wie nou eintlik die grootste is. Naywer word nie getoets ten opsigte van hulle wat swakker as jy vaar nie, maar ten opsigte van hulle wat beter as jy vaar. Die hoëres loer op die hoëres en leiers moet weet hoe om vry te bly van hierdie

HULLE [LEIERS] BEGRYP OOK DIE VERSKIL TUSSEN STRATEGIE EN TAKTIEK.

- besmetting. Hulle moet ook besef dat die glybaan van admirasie na afguns besonder glad en steil is. En kom ons sê dit reguit: Twee van die ironiese tekens dat ons nie vry van die besmetting is nie, is dikwels die volgende vroom frases: "ek gee nie om wat ander sê nie" en "dit gaan vir my hier oor niks anders as die beginsel van die saak nie."
12. Leiers weet hoe om te inspireer voordat hulle instruksies deurgee. Hulle weet dat konserwatiewe en liberale wettisisme beide benoudheid veroorsaak. Inspirerende leiers is daarom vreugdevolle vegters wat ook kan veg vir vreugde. Skril tone en skel ondertone is gewoonlik sterk aanduiders dat die werwingskrag nie verder sal strek as die plaaslike "fan club" nie.
13. Leiers begryp die verskil tussen beginsel en toepassing en tussen vastheid en variasie. 'n Beginsel is vas en oral en altyd geldig, maar toepassings nie. Toepassings en metodes kan varieer, sonder om noodwendig die beginsel prys te gee. Of jy nou vir iemand jou hoed afhaal of dit net ophang as jy iemand groet, maak nie soveel saak nie. Dát jy wel groet, maak baie meer saak. Leiers wat toepassings verabsoluteer, snap dikwels nie die diepere beginsels nie en het oorgegaan van tradisie na tradisionalisme.
14. Ware leiers streef na 4D-visie op hul tradisie. Hulle lees oor vorige leiers van die tradisie (1D); hulle lees die leiers self (2D); hulle lees die leiers se bronne (3D); en hulle ontwikkel insig in vorige leiers se posisies in die denkstrome van die geskiedenis (4D). Hulle is bereid om te luister, te studeer en te besin totdat die eeue, tesame met hul eie konteks, vir hulle oopgaan. Hulle verstaan daarom die kuns om agter bepaalde toepassings van bepaalde tydvakke en leiers terug te vra na die onderliggende strome wat ter sprake is.
15. Leiers is nie lakeie van utopia-beheptes nie. Hulle bewandel die weg van reformasie eerder as revolusie. Hulle besef dat ware herstel 'n lang pad is, vol van inkrementele skuifelpassies. Hulle ly nie aan koorsdrome van een of ander hemel op aarde wat hierdie kant van die graf net om die draai is nie.
16. Leiers is strategies. Dit is deel van hul werksbeskrywing. Hulle begryp ook die verskil tussen strategie en taktiek. Strategiese leiers is baie dun gesaai. Dit vra beginselvaste mense wat ook die konteks korrek kan lees. En konteks gaan nie net oor die onmiddellike situasie nie, maar ook oor die situasie anderkant die horison.

17. Leiers het werwingskrag, ook buite die kring van plaaslike sikofante. Hulle kan hul visie so uiteensit dat mense ver verwyderd van die binnekring, steeds aanvalle van resonansie beleef.
18. Leiers besef dat sogenaamde buite die boks-denke baie maklik maar net in die volgende voorspelbare boksie kan beland. Hulle het wel 'n waardering vir nuwe modelle wat moontlik ou dooie punte kan deurbreek, maar redeneer hieroor eerder vanuit 'n lewende tradisie as naïef in diens van 'n verdagte tradisie.
19. Leiers besef dat oortuiging dikwels nie te doen het met logika nie, maar met persepsie. Wanneer mense eers aan 'n bepaalde persepsie of paradigma vashou, verbind hulle gewoonlik die kolletjies heel logies binne daardie raamwerk. Die eintlike uitdaging is dus om die persepsie deur oortuiging ten goede te verander.
20. Leiers weet dat Christus se gesag die maatstaf is. Insig in gesag loop hand aan hand met geloof wat Christus eer (vgl. Matt. 8:10). As jy nie bevele kan gehoorsaam nie, is dit ook nie gepas dat jy bevele gee nie. Dit loop ook hand aan hand met die kenmerk van diensbaarheid. Hoe kan dit anders as Christen-leiers besef dat Christus nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Mark. 10:45).
21. Leiers begryp dat hoogmoed die vinnigste pad na ondergang is (Spr. 16:18). Hulle begryp ook dat mense wat ly aan verskuilde hoogmoed, maklik werklikheidsvreemd is. Die rede is eenvoudig: Wanneer ons onself in die sentrum van alles opstel, is ons nie in lyn met hoe God die wêreld geskape het nie.
22. Leiers begryp ook dat enige ideologiese afgod in die sentrum van ons lewens daartoe lei dat ons uit voeling is met Hom wat eintlik op die troon is. Wanneer die lewende God nie in die sentrum staan nie, raak enigteen, ook leiers, vinnig uit pas met die werklikheid.
23. Leiers begryp dat daar veral drie groot afgode is wat enige Voortrekker kan kelder: mag, geld en begeerte. (Vgl. Jak. 1:14-15.) Leiers wat nie hul hart beter as hul huis bewaak nie, word maklik deur een van die bekende driemenskap oorrompel (Spr. 4:23).
24. Tyd vir 'n kragtige cliché: Die enigste leiers wat nie val nie, is hulle wat baie tyd op hul knieë deurbring.
25. Tyd vir 'n aanhaling: "As jou dade ander aanspoor om meer te droom, meer te leer, meer te word, is jy 'n leier" – John Quincy Adams.
26. Tyd vir borrelbars: Leiers is bereid om ook volgelinge te wees. Hulle lei net wanneer dit nodig is. Hulle stel nie daarin belang om soos Diótrefes altyd die eerste te wil wees nie (vgl. 3 Joh. 1:9).
27. Leiers moet bereid wees om te ly. Die rede is dat hulle dikwels sien wat ander nie sien nie; juis daarom dat hulle leiers is; juis daarom die verguising van leiers in die geskiedenis wat dikwels eers agterna geëer word, soms eers deur die volgende geslag(te). Juis daarom dat die volgende geslag weer so maklik die fout met hul eie leiers maak wanneer hulle vashaak by die vorige leiers se deurbrake. En die nuwe leiers bou voort, werk nie met geykte formules nie, maar poog eerder om die werklikheid met wysheid te betrag. Hulle sien, uit genade, iets van die groter prentjie, en verduur dikwels verguising wat gepleeg word in die naam van 'n vorige leier.
28. Leiers kom op baie fronte na vore. Daar is plaaslike leiers, provinsiale leiers en nasionale leiers. Daar is ook leiers wat uitstyg bo die eeue. Niemand kan hierdie waardigheid, en lyding, en mynveld van versoeking, vir hom- of haarself opneem nie. Dit word van Bo geskenk en die uitnemendste leiers streef juis nie na hoë dinge nie, maar voeg hulle by die nederiges. Hulle besef dat daar 'n toekoms is waar laastes eerstes en eerstes laastes sal wees. Hulle blom daarom eerder waar hulle geplant is en laat hul weg aan Hom oor wat die beste weet. Ware leiers, op enige vlak, besef dat die grootste maatstaf in die toekoms lê – wanneer Christus sal sê of nie sal sê nie: "Mooi so ... oor weinig was jy getrou ..."

4. DIE VERKENNER BESKIK OOR DIGITALE VAARDIGHEDE.

'n Generasie gelede was inligtingstegnologie en digitale media grootliks onbekend. Vandag is dit 'n kernvaardigheid wat nodig is om in die meeste loopbane te slaag.

Wat is jou digitale intelligensie?

Soos IK of EI – wat ons gebruik om iemand se algemene en emosionele intelligensie te meet – is 'n individu se gebruik van digitale media 'n vaardigheid wat gemeet kan word. Ons noem dit DI: digitale intelligensie. En die goeie nuus is dat DI 'n intelligensie is wat baie aanpasbaar is.

DI kan breedweg in drie vlakke verdeel word:



Vlak 1:

Digitale burgerskap

Die vermoë om digitale tegnologie en media op veilige, verantwoordelike en effektiewe maniere te gebruik.



Vlak 2:

Digitale kreatiwiteit

Die vermoë om deel te wees van die digitale ekosisteem deur nuwe inhoud te skep en idees in werklikheid te verander deur digitale gereedskap te gebruik.



Vlak 3:

Digitale entrepreneurskap

Die vermoë om digitale media en tegnologieë te gebruik om globale uitdagings op te los of nuwe geleenthede te skep.

Die digitale vaardighede wat ons jongmense moet leer

Digitale burgeridentiteit: die vermoë om 'n gesonde identiteit aanlyn en aflyn met integriteit te bou en te bestuur.

Skermtydsbestuur: die vermoë om skermtyd te bestuur, die vermoë om verskeie take te verrig, en 'n mens se betrokkenheid by aanlyn speletjies en sosiale media met selfbeheersing.

Bestuur van kuberteistering: die vermoë om situasies van kuberteistering op te spoor en dit deeglik te hanteer.

Kuber-sekuriteitsbestuur: die vermoë om die data te beskerm deur sterk wagwoorde te skep en verskillende kuberaanvalle te bestuur.

Privaatheidsbestuur: die vermoë om met alle diskresie alle persoonlike inligting wat aanlyn gedeel word te beskerm.

Kritiese denke: die vermoë om te onderskei tussen ware en vals inligting, goeie en skadelike inhoud, en betroubare en twyfelagtige kontakte aanlyn.

Digitale voetafdrukke: die vermoë om die aard van digitale voetafdrukke en hul lewenswerklike gevolge te verstaan en hul verantwoordelik te bestuur.

Digitale empatie: die vermoë om empatie te toon teenoor die eie en ander se behoeftes en gevoelens aanlyn.

Digitale vaardighede en sosiale verhoudings

Tegnologie het sosiale netwerke deel van ons daaglikse lewe gemaak. 'n Sosiale netwerk is 'n platform vir sosiale verhoudings tussen mense wat dieselfde belange, aktiwiteite en agtergronde het. Die mense kan vriende van jou wees of individue wat jy aanlyn ontmoet het. Sosiale netwerke is webgebaseerde dienste wat toelaat dat individue 'n openbare profiel skep, 'n lys van vriende het met wie hulle 'n verband het en met hulle kan kommunikeer. Facebook, Google+, YouTube, LinkedIn, Instagram, Pinterest, Tumblr en Twitter is voorbeelde van die mees gebruikte netwerke in sosiale media wêreldwyd.



Elkeen van ons moet doelbewus die impak van tegnologie op ons verhoudings begin bestuur, juis omdat dit so deel vorm van ons daaglikse roetine. As ons dit nie doen nie, sal tegnologie ons verhoudings negatief beïnvloed.

Interaksies op Facebook, Twitter of per e-pos help ons om met die mense om ons te kommunikeer, maar ons kan nie hierdie verruil vir fisiese persoon-tot-persoon kommunikasie nie. 'n Gedeelte lag met 'n vriendin kan wondere doen, 'n "LOL" per SMS kan nie hierdie vervang nie.

LOL!

Aanlyn kommunikasiemetodes word al meer ingespan om persoon-tot-persoon kommunikasie te vervang wanneer moeilike of konfronterende boodskappe gedeel moet word. Ons dink dat dit makliker is om slegte nuus per e-pos of SMS te hanteer, maar die uiteinde is meestal verwarring en emosionele diskonneksie.

Persoonlike interaksies help beide die ontvanger en kommunikeerder om emosionele vaardighede te leer soos die lees en verstaan van emosies en die vermoë om emosies op 'n konstruktiewe manier uit te druk. Hierdie vaardighede word nooit ontwikkel in aanlyn kommunikasie nie en hierdie emosionele vaardighede is absoluut noodsaaklik vir die verdieping van enige verhouding.

'n Simbool van 'n drukkie in 'n SMS, kan eenvoudig nie dieselfde doen vir omgee as 'n werklike drukkie nie.


VOLGENS 'N NAVORSER ROBIN DUNBAR, KAN ONS BREINE SLEGS 150 VRIENDSKAPPE HANTEER.

Wanneer ons hierdie syfer begin oorskry verlaag die diepte van verhoudings aansienlik. Facebook is dus besig om ons vriendskappe in te dring deurdat ons nou ons aandag en kapasiteit moet begin versprei oor 150+ “vriende”. Die tyd wat ons spandeer om al ons vriende se aktiwiteite te volg, boodskappe te stuur, te “tweet”, ens. neem tyd en kapasiteite weg van die vriende- en familieverhoudings wat vir ons die belangrikste is.



Negatiewe effekte op tieners wat sosiale netwerke gebruik:

- Tieners word maklik die slagoffers van kuberboelies.
- Tieners is nie produktief genoeg gedurende die dag nie. Die meeste van hul tyd word op sosiale netwerke spandeer, wat laer punte in akademie tot gevolg het.
- Tieners kommunikeer baie minder met vriende van aangesig tot aangesig, omdat hulle liever met die vriende aanlyn sal kommunikeer.
- Tieners leer nie hoe om te kommunikeer in die regte wêreld nie.
- Tieners leer nie hoe om lyftaal te gebruik en hul stemtoon te varieer om by hul eie gevoelens asook hul geselskap se gevoelens te pas nie.
- Tieners sukkel om te konsentreer terwyl hulle leer, omdat hulle die heeltid besig is op die sosiale netwerke.
- Tieners kan aggressief en geïrriteerd optree as hulle te lank op sosiale netwerke is.
- Tieners se opstelle, woordeskat en sinskonstruksie verswak. Daar is geen taal- of spellingreëls op sosiale netwerke nie.
- Tieners wat meer emosioneel en sensitief is, sal makliker ongelukkig en hartseer voel of hulself seermaak as 'n beledigende boodskap vir hulle gestuur word.
- Gee tieners te veel selfvertroue. Tieners kan baie makliker iets lelik aanlyn sê omdat hulle nie van aangesig tot aangesig kommunikeer nie en so verhoudings verbreek.
- Tieners sukkel om te dink, leer of navorsing te doen omdat alle inligting altyd voor hulle is op die sosiale netwerke; tieners hoef nooit vir inligting te soek nie.
- Tieners se geestelike en fisiese toestand lei onder sosiale netwerke.
- Tieners bly vir langer ure wakker om op sosiale netwerke te kommunikeer en eet nie ordentlik nie omdat daar nie tyd is tussen die sosiale netwerke en slaap nie.
- Tieners kan persoonlike inligting deurgee aan individue wat die inligting tot die tiener se nadeel gebruik.
- Tieners word “vriende” met individue wat valse profiele geskep het. Tieners praat dus regtig met iemand heeltemal anders as wat die prentjie sê.



Positiewe effekte op tieners wat sosiale netwerke gebruik:

- Tieners maak meer vriende met behulp van sosiale netwerke.
- Sosiale netwerke bied 'n plek waar tieners kan dink en sê hoe hulle voel sonder om raas te kry of afkeuring te ontvang.
- Tieners kan aan groepe op sosiale netwerke behoort en makliker oor dinge praat wat hulle nooit direk vir iemand sou vertel het nie.
- Maak kommunikasie vinniger. Tieners kan nou enige tyd van die dag op enige plek vir 'n vriend of vriendin iets sê of vertel.
- Sosiale netwerke voed tieners op. Vriende kan vir tieners aanlyn vertel van hul kultuur, taal, geloof en die nuutste tegnologie. Tieners wat nooit hierdie dinge op hul eie sou gaan opsoek het nie se algemene kennis word verbreed.



- Sosiale netwerke veroorsaak dat tieners in aanraking kom met vriende aan die ander kant van die wêreld met 'n ander taal, kultuur, geloof, ens. Tieners het dan dikwels meer begrip vir sosiale en ekonomiese omstandighede wat kultuurgroepe behels.
- Verbeter 'n tiener se selfvertroue. Goeie opbouende boodskappe laat 'n tiener voel asof hulle iets vir iemand beteken en verbeter hul selfvertroue en die manier waarna die tiener na hom-/haarself kyk.
- Skaam teruggetrokke tieners of gestremde tieners het 'n kans om vriende te maak op sosiale netwerke wat dieselfde as hulle is en hulle verstaan.
- Versterk en verbeter kommunikasie tussen tieners en hul familie wat ver weg bly.
- Versprei belangrike inligting vinniger as enige ander bron.

5. DIE VERKENNER VERSTAAN DIE BETEKENIS VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE IN VERSKILLENDIGE VERHOUDINGE.

Emosionele intelligensie het die afgelope tyd 'n gonswoord geword. Dit word beskou as 'n beter voorspeller van werkverrigting in die werkplek as IK (intelligensie kwosient). Daar kan verwag word dat diegene met hoë vlakke van emosionele intelligensie (ook genoem EI of EK – intelligensie kwosient) verder sal gaan en meer sal bereik as diegene wat tradisioneel slimmer is. Maar wat is emosionele intelligensie?

Emosionele intelligensie kan beskryf word as die vermoë om jou eie emosies en dié van ander te identifiseer en te bestuur. Dit beïnvloed hoe ons gedrag bestuur, ingewikkelde sosiale situasies navigeer en persoonlike besluite neem wat positiewe resultate behaal.

Daniel Goleman het in die middel 1990's die konsep van “emosionele intelligensie” in sy boek met dieselfde titel geformuleer. Hy het vyf beginsels geïdentifiseer wat die konsep van emosionele intelligensie omskryf:

Selfbewustheid kan beskryf word as die vermoë om jou eie stemming, emosies en aandriwing, sowel as die effek wat dit op ander mag hê, te herken en verstaan.

Selfbeheer verwys na die vermoë om ontwrigtende drange en stemmings te beheer of te bestuur, nie te oordeel nie en te dink voor jy praat of doen. Daar kan ook daarna verwys word as selfbestuur. Kenmerke van mense wat selfbeheer beoefen, sluit in betroubaarheid en integriteit, gemaklik met dubbelsinnigheid, sowel as gemaklik met verandering wees.

Selfmotivering verwys na 'n passie om te werk vir interne redes wat eksterne belonings soos geld en status oortref/oorskry. Hierdie interne redes mag 'n innerlike visie wees van wat belangrik in die lewe is; of om vreugde te vind deur iets te doen; of om nuuskierig te wees en 'n behoefte te hê om meer te leer; of om die “hoog” te ervaar wat veroorsaak is deur verdiep te wees in 'n aktiwiteit.

Empatie verwys na die vermoë om ander mense se emosionele samestelling te verstaan en hulle volgens hul emosionele reaksies te behandel. Dit kan help om talent te ontwikkel en te behou; dit bevorder sensitiwiteit oor kultuurgrense; en dit bevorder diens aan kliënte.

Sosiale vaardighede Mense met sosiale vaardighede bestuur verhoudings en bou netwerke met gemak. Hulle het 'n spesiale vaardigheid om gemeenskaplike belang met ander te vind. Goeie sosiale vaardighede word gekenmerk deur verandering doeltreffend te laat plaasvind, oorredend te wees en het ondervinding in die bou en lei van spanne.

Emosionele intelligensie is die basis vir baie kritiese vaardighede en oefen dus invloed uit op amper alles wat jy sê en doen.

Emosionele intelligensie tussen 'n ou en 'n meisie

Verhoudings tussen seuns en meisies is ingewikkelde interaksies wat heelwat tyd en energie verg om te ontwikkel.

Daarom verkies baie mense die maklike opwinding bo die ingewikkeldhede van 'n egte verhouding en raak hulle betrokke in "swaaideur"-verbintenisse. Hulle kom bymekaar, gaan saam uit totdat hulle verveeld raak en gaan dan by die uitgang uit om sodoende 'n einde te maak aan die verhouding.

In 'n egte verhouding, met ware liefde, word 'n hoë standaard gestel! Ware liefde is nie klaar volmaak daar wanneer die verhouding ontstaan nie. Dit moet versigtig gekweek word tussen twee mense wat hulle tot mekaar verbind het en wat God eerste in hul lewens stel.

Moenie romanse en liefde verwar wanneer 'n ernstige verhouding met daardie spesiale persoon in jou lewe ontstaan nie!

Romanse teenoor ware liefde



ROMANSE (SWAAIDEUR-VERHOUDING)

Romanse is pret!

Romanse is opwindend!

Romanse is tydelik en is al beskryf as:

- 'n toestand van tydelike malligheid
- egosentries – op die eie gerig
- die bron van 'n wonderlike nuwe selfbeeld
- oombliklike, dog tydelike redding uit eensaamheid
- 'n gedeelde dromerige beeld van jouself en jou maat, aangewakker deur druk van buite
- 'n gevoel wat 'n mens kan geniet!

VS



LIEFDE (EGTE VERHOUDING)

Ware liefde is die band wat gesmee word wanneer 'n paartjie leer om aan mekaar te gee, om die ander se belange voor hul eie belange te stel en om mekaar eerlik te aanvaar net soos hulle is. Volgens 1 Korintiërs 13 is ware liefde ...

- 'n lewensnoodsaaklikheid
- geduldig
- opbouend
- nie besitlik nie
- nie verwaand nie
- nie op die eie gerig nie
- goedgemanierd
- nie wraaksugtig nie
- nie gou kwaad nie
- nie bly oor verkeerde dinge nie
- bly oor die waarheid
- verdraagsaam
- vol vertroue
- vir ewig!

Tussen die geslagte is daar verskille in die ontwikkeling van 'n verhouding.

*'n Seun se ontwikkeling in 'n verhouding
verloop gewoonlik in die volgende orde:*

1. Kennisse
2. Oppervlakkige vriende
3. Goeie vriende
4. Vas uitgaan
5. Soen
6. Liefkoos
7. Geheg raak
8. Verlange na
9. Beskermend
10. Emosioneel betrokke

*'n Meisie se ontwikkeling in 'n verhouding
verloop gewoonlik in die volgende orde:*

1. Kennisse
2. Oppervlakkige vriende
3. Goeie vriende
4. Vas uitgaan
5. Verlange
6. Beskermend
7. Emosioneel betrokke
8. Soen
9. Liefkoos
10. Geheg raak

Uit bogenoemde tabel is dit dus duidelik dat 'n meisie gewoonlik eers emosioneel betrokke raak, voordat sy gereed is vir 'n fisiese verhouding.

Hierteenoor kom die seun se fisiese betrokkenheid gewoonlik voor sy emosionele betrokkenheid.

Sien julle dus dat die ontwikkeling van die verhouding verskillend verloop by 'n meisie as by 'n seun? Die meisie beleef die verhouding gouer ernstig (op 'n diep emosionele vlak) as die seun. Die seun wil reeds fisiese kontak hê, voordat hy werklik diep voel oor die meisie en daarom is daar dikwels misverstand.

MIN JONGMENSE IS BEWUS VAN HIERDIE VERSKILLE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N VERHOUDING TUSSEN DIE GESLAGTE EN DAAROM ONTSTAAN DAAR DIKWELS MISVERSTANDE EN KONFLIK.

Indien 'n mens oor die kennis beskik, kan jy openhartig met jou vriend/vriendin daaroor praat.

Emosionele intelligensie en interkulturele verhoudings

Houdings word gewoonlik gevorm na aanleiding van ervarings of gebeurtenisse in 'n mens se lewe. Wanneer jy byvoorbeeld vir die eerste keer kerrievleis eet en nie daarvan hou nie, sal jy die houding inneem dat kerrievleis sleg is. So kan ons verkeerde houdings vorm teenoor mense, maar ook teenoor groepe van mense (bv. ander kulture). Ons moet onthou dat as een werker byvoorbeeld geld steel, beteken dit nie dat alle werkers diewe is nie. Ons mag nooit veralgemeen nie.

Jy kan dus 'n houding inneem as gevolg van jou ervaring met *dinge* (soos bv. die kerrievleis) of met *mense* (soos bv. die steel van die opstel of die geld).

Verder word jou houding beïnvloed vanuit die huis waarvandaan jy kom, die skool wat jy bywoon of die kerk waaraan jy behoort (bv. deur standpunte wat ingeneem word ten opsigte van sekere sake of gebeurtenisse) of deur die gemeenskap waar jy bly.

Jou gevoelens bepaal in 'n groot mate die houding wat jy inneem.


Houdings teenoor mense van ander kulture word op dieselfde wyse gevorm. Dit berus op bepaalde indrukke wat ons kry en afleidings wat ons maak. In ons gesprekke met vriende, die nuusmedia, ons eie ervarings of opmerkings van ander mense, vorm ons 'n bepaalde beeld van die mense van ander kulture.

'n Mens kan amper sê dat jy deur 'n bepaalde "bril" na mense kyk.




Kultuurbril

Omdat ons in 'n bepaalde kultuur grootword, word seker houdings teenoor mense of dinge gevorm. Ons moet besef dat ander se kulture vir hulle waardevol is. Ons eie kultuurbril kan miskien maak dat ons verkeerd na ander mense se kulture kyk. Van ons afleidings kan foutief wees en dit bring mee dat ons verkeerde houdings teenoor hierdie mense of groepe van mense het.



Donkerbril

Wanneer ons houding teenoor mense van ander kulture verkeerd is, kan dit wees dat ons met 'n donkerbril na hulle kyk. Hiermee word bedoel dat jy niks van hulle wil weet nie. Jy aanvaar hulle nie en jy is ook nie bereid om meer van hulle te leer nie. Sodoende leer jy hulle nie beter verstaan nie en is jyself daardeur 'n armer mens. Jou houding bly dan afwysend, vyandig of negatief.



Halfbril

As jy te min inligting van ander kulture het (bv. van die Portugese wat van 'n kultuurgroep is wat heelwat ander gewoontes as ons het), kan dit met die kyk deur 'n halfbril vergelyk word. Jy sien net die helfte van die ware feite raak (so kan 'n mens byvoorbeeld dink dat alle Portugese groentewinkels of kafees het).



Duikbril

Somtyds kyk 'n mens na ander mense met 'n duikbril aan. 'n Duikbril het klappe aan die kant wat jou breër visie versper. As jy byvoorbeeld nie van iemand hou nie, kan hy in jou oë niks reg doen nie. Dit beteken dat jou houding teenoor so 'n mens net al hoe meer negatief raak.

As die afleidings wat jy maak omdat jy deur 'n bepaalde bril na mense of groepe van mense kyk, verkeerd is, ontwikkel 'n mens verkeerde houdings teenoor hulle. Daarom moet ons bereid wees om meer kennis oor ander mense en kulture in te win, om sodoende 'n gebalanseerde houding te ontwikkel.

6. DIE VERKENNER VERSTAAN WAT SELFBEELDONTWIKKELING EN -VERWESENLIKING IS.

Wat beteken die volgende woorde: Selfbeeld, selfkonsep en selfhandhawing?

Selfbeeld is die prentjie wat jy van jouself het. Dit word dikwels beïnvloed deur gebeure en wat ander sê. Dit sê wie en wat jy is.

Selfkonsep is die idees wat jy oor jouself opbou. Dit bestaan uit konsepte soos hoe sportief jy is, hoe slim jy is, hoe die teenoorgestelde geslag jou ervaar. Jy kry hierdie opvattinge uit hoe mense teenoor jou optree, jou prestasie in sport, jou skoolrapport en dinge wat met jou gebeur.


Om **selfhandhawend** te wees, beteken om op jou eie regte te staan, maar ook dié van ander te respekteer.

Hoe kan ek my selfbeeld verbeter?

- Wees jouself. Moenie soos iemand anders probeer wees nie.
- Wees positief oor jouself, dit is 'n doelbewuste besluit. Skryf positiewe dinge van jouself neer en plak dit êrens dat jy nie kan vergeet nie.
- Wees eerlik. Staan vir die waarheid.
- Ken jouself en besef watter goeie en swak eienskappe jy het.
- Doen soms iets uit jou aard.
- Doen iets vir ander mense sonder om iets terug te verwag. Reik uit na ander.
- Lag vir jouself. As jy 'n baie dom ding gedoen het, lag daarvoor en besluit dit is nie die einde van die wêreld nie. Jy het ander goeie eienskappe ook.
- Bou jou talente uit.
- Verbeter jou emosionele intelligensie. Daar is lewenskuns kursusse wat mens kan loop.

7. DIE VERKENNER LOS PROBLEME OP.

Die basiese probleemoplossingsproses bestaan uit die volgende agt stappe:



Probleemidentifisering

Sommige probleme is voor die hand liggend, maar dis nie altyd ewe maklik om die werklike probleem te identifiseer nie. As deel van 'n effektiewe probleemoplossingsproses is dit belangrik om aktief na die probleem te soek – selfs wanneer dinge voor die wind gaan. Proaktiewe probleemoplossing help om krisisse te voorkom en bied jou die geleentheid om kalm en in beheer te wees wanneer 'n kwessie wel opduik.

Feiteversameling

Nadat 'n potensiële probleem geïdentifiseer is, moet inligting daarvoor versamel word. Watter faktore dra by tot hierdie probleem? Wie is betrokke daarby? Watter oplossings is al in die verlede probeer? Wat dink ander van die probleem?

As jy te vinnig na 'n oplossing beweeg, is daar 'n gevaar dat jy staatmaak op onvoldoende of onvolledige inligting wat op aannames en beperkte oogpunte geskoei mag wees, so maak seker dat die probleem deeglik nagevors word.

Probleemdefiniëring

Wanneer die probleem behoorlik verstaan word, kan dit duidelik en volledig beskryf word. Deur 'n duidelike probleemstelling te formuleer, kan jy spesifieke grense aan die probleem stel – dit keer dat die omvang van die kwessie nie te groot raak nie, en dit help om op die kernaspekte gefokus te bly.

Ideegenerering

Wanneer 'n duidelike probleemstelling beskikbaar is, kan daar met die generering van idees van moontlike oplossings begin word. Dis belangrik om aanpasbaar te wees en soveel as moontlik perspektiewe te oorweeg. Dit is dikwels 'n goeie idee om na patrone of gemeenskaplike aspekte in verskillende dele van die probleem te soek.

Besluitneming

Nadat idees ingesamel is, moet die verskillende opsies oorweeg word. Besluit watter elemente is nodig vir 'n realistiese en praktiese oplossing en dink aan die kriteria wat jy kan gebruik om tussen potensiële oplossings te onderskei.

Beplanning

Sommige mense dink dat die keuse van 'n oplossing die einde van die probleemoplossingsproses is, maar dit is eintlik net die begin van die volgende fase van probleemoplossing, naamlik implementering.

Kry ondersteuning

As deel van die beplanningsproses moet jy ook belangegroepe oortuig dat die gekose oplossing die beste een is. Jy kan moontlik weerstand te wagte wees, so voordat jy die idee probeer verkoop, moet jy seker wees dat jy al die moontlike gevolge oorweeg het.

Wanneer jy begin het om jou plan te kommunikeer, moet jy luister na ander se insette en die nodige aanpassings maak. Hoe beter jou oplossing aan almal se behoeftes voldoen, hoe groter sal die positiewe impak daarvan wees.

Implementering

Nou, nadat jy sleutelpersone oortuig het dat jou voorgestelde oplossing die moeite werd is, kan jy na die implementeringsfase oorgaan. Dit is die opwindendste en bevredigendste deel van probleemoplossing, wat die hele proses die moeite werd maak.

Hierdie fase is die einde van die proses, maar dis ook 'n begin, want nadat implementering begin het, herhaal die proses homself soos wat jy weer begin om die omgewing te ontleed vir areas waar verbeteringe nodig is.

8. DIE VERKENNER IS BEWUS VAN DIE GEVARE VAN VERSLAWING.

Verslawing is 'n gewoontevormende middel of gedrag wat beheer oor jou lewe oorneem. Dit kan iets wees soos dwelms en alkohol, eetversteurings, selfone, rekenaarspeletjies. Die middel waaraan 'n persoon verslaaf word, word inderwaarheid 'n afgod in die verslaafde se lewe. Dit beïnvloed die verslaafde se verhouding met die Here en sy naaste. Kom ons kyk na die invloed van drie tipes verslawing, naamlik dwelms, alkohol en selfone.

Dwelms

Die afgelope jare het die soorte vryelik beskikbare dwelms astronomies toegeneem. Jongmense gebruik veral dagga, LSD, *Ecstasy*, kokaïne, *Mandrax* en *Speed*, maar daar is verskeie ander middele ook op die mark.

OP STRAAT WEET TIENERS PRESIES WAARVOOR OM TE VRA:

Hulle vra vir *rocks* of *gafif* om *crack* (kokaïne in kristalvorm met ander elemente gemeng) te bekom.

'n *Ecstasy*-tablet word *Doves*, *Dollar*, *Superman* of *Adam & Eve* genoem.

Hulle vra vir *Buttons*, *Mandies*, *White Lightning*, *Originals of the Article* en kry dan *Mandrax*-tablette.

Acid, *California Sunshine* en *Candy* is straatname vir LSD.

Grass, *Green* en *Weed* lewer die immergewilde dagga wat onderverdeel word volgens herkoms: *Swazi*, *Durban*, *Poison*, *Chilli Bites*, *Sotho Reds*, *Stics* en *Hydroponics*.

Dwelms is duur, maar die fisiese en sielkundige gevolge is veel duurder:

- **Crack** beland onmiddellik in die bloedstroom en bereik die brein binne 4-7 sekondes. *Crack* kan die asemhalingstelsel verwoes en hartversaking, rusteloosheid, paranoia, depressie, angs, aggressie en geweld veroorsaak.
- **Ecstasy** beïnvloed die senuwepistels in die brein wat serotonien vrystel en kan lei tot hartversaking, ineenstorting van die asemhalingstelsel, versteurde visie, hoë bloeddruk, lewerskade, verlamming, breinbloeding, depressie, paranoia, angstigheid en verlies van korttermyngeheue.
- **LSD** belemmer die waarneming van fisiese beperkings wat die gebruiker in lewensgevaarlike situasies kan dompel. LSD kan die asemhalingstelsel laat ineenstort en bloeddrukprobleme, stuipe, gevaarlike verlaging van die liggaamstemperatuur, komas, depressie, vervolgingswaan en paniekaanvalle veroorsaak.

Alkoholisme

Alkoholisme kan omskryf word as 'n leefwyse waar 'n persoon alkoholiese drank in so 'n mate gebruik dat dit hom geestelik, sielkundig, liggaamlik en maatskaplik benadeel. Hy is nie in staat om die gebruik daarvan te beheer of te staak of die uitwerking daarvan in te sien nie. Kortliks gestel, 'n alkoholis is iemand wat gereeld moet drink om die mas op te kom.

Alkohol, die veroorsakende faktor in alkoholisme, is 'n potensieel gevaarlike dwelm en word geklassifiseer as 'n depressant ('n verdowingsmiddel) wat die werking van die senustelsel onderdruk).

Alkoholisme is 'n lewensomvattende probleem wat alle fasette van die lewe van die alkoholis raak.

Geestelik: Die verhouding met God raak ernstig versteur. Die godsdiens vervlak en ontwikkel gewoonlik sterk egosentries.

Sielkundig: Die persoonlikheid word afgetakel en onaanvaarbare, antisosiale gedrag ontwikkel.

Liggaamlik: Oormatige gebruik van alkohol vergiftig die liggaam. Gepaard met wanvoeding ontstaan ernstige en soms ongeneeslike siektetoestande.

Maatskaplik: Alle aspekte van die tussenmenslike verhoudingslewe trek skeef – dikwels met uitkringende en tragiese gevolge.

Verdedigingsmeganismes is deel van die natuurlike optrede van enige mens, maar ontwikkel baie sterk by die alkoholis. Die volgende verdedigingsmeganismes speel 'n groot rol in die lewe van die alkoholis:

Ontkenning: Dit is die belangrikste en mees algemene verdedigingsmeganisme by die alkoholis. Die alkoholis weier eenvoudig om te aanvaar dat hy/sy 'n probleem het. Die alkoholis se onaanvaarbare gedrag word eenvoudig uit sy/haar bewussyn verdring.

Kleinerig: Hier word die probleem waarmee die alkoholis worstel, nie kleiner gemaak nie, maar wel die persoon teenoor wie hy minderwaardig voel.

Verbreking van kontak: Dit gebeur dikwels dat 'n alkoholis sy voormalige vriende vermy, en moontlik net met mense wat drank gebruik (misbruik?) assosieer.

Kompensasie: As 'n alkoholis besef hy het verbrou, kan hy probeer "vergoed". Maar in die optrede gaan dit nie om die benadeelde persoon nie, maar om die beveiliging van sy eie posisie.

Perfeksionisme: Die alkoholis kan in baie opsigte 'n slordige lewe hê, maar in sommige opsigte kan hy hoë standaarde stel en baie puntenerig wees – 'n baie deursigtige metode om sy eie gebreke te probeer verbloem.

Verdringing (repressie): Dikwels kan die alkoholis belangrike gebeure in sy lewe nie onthou nie – veral onaangename gebeure wat verband hou met sy drankmisbruik.

Leuens: Om sy bas te red, leer die alkoholis om leuens te vertel. Dit kan hy tot so 'n fyn kuns ontwikkel dat hy baie vinnig 'n plan kan uitdink as hy onder druk kom.

Vermyding: Die alkoholis vermy indringende gesprekke of hy vermy bv. eredienste omdat dit vir hom 'n element van bedreiging inhou.

Selfbejammering: Veral na 'n hewige drinksessie, of as die druk op hom te groot word, verval die alkoholis maklik in selfbejammering. Dit wek dalk empatie by vreemdes, maar nie by sy naasbestaendes nie.

Verkleining: Dit is 'n baie gerieflike verdedigingsmeganisme. Hy probeer die probleem so verklein, dat dit binne aanvaarbare norme is.

Aggressie, vyandigheid: Met 'n aanval, waarvoor daar nie altyd 'n aanleiding hoef te wees nie, of met vyandigheid, probeer die alkoholis enige ongewenste toenadering besweer en sy gewete te sus.

Rasionalisering: Die alkoholis soek verskonings vir sy gedrinkery of onaanvaarbare optrede en probeer dit verstandelik met allerlei argumente regverdig.



Selfoonverslawing

Selfoonverslawings is 'n groot werklikheid en vorm deel van dieselfde familie van ander verslawings. Enigiets wat plesier in jou brein veroorsaak, het die potensiaal om 'n verslawing te word. Verlies aan beheer is dan ook die belangrikste element in enige verslawing. Ten minste vier van die volgende simptome is 'n aanduiding dat jy aan jou foon verslaaf is.

Tieners mis uit op slaap om speletjies te speel of sosiale media te besoek – Tieners het tussen agt en 'n half en nege en 'n half uur se slaap nodig om optimaal te funksioneer. Jou tiener verloor kosbare ure as hulle slaap opoffer om tyd aanlyn deur te bring.

Tieners bring meer as drie uur per dag voor die skerm deur – Hulle moet tyd voor die skerm deurbring vir huiswerk; dis hoe dit deesdae werk. Maar dit is tydrowend en kan verslawend wees om te veel tyd aanlyn deur te bring.

Tieners het meer aanlyn vriendskappe as aflyn – Dit is veral waar wanneer jou tiener gedurig teksboodskappe stuur en aanlyn sosialiseer, maar jy sien nooit enige vriende in lewende lywe nie.

Tieners skeep hul persoonlike higiëne af – Jou tiener moet regtig meer stort as wat hulle doen. Maar hulle stel dit uit omdat hulle video's kyk, speletjies speel of eenvoudig nie die foon kan neersit nie. Soms raak dit so laat dat hulle dae lank nie hulself versorg nie.

Preokkupasie met die selfoon – Hulle kan nie 'n gesprek of taak voltooi sonder om na die foon te kyk nie.

'n Konstante behoefte aan die nuutste foon, Apps of verhoogde gebruik.

Wanneer jy nie op jou foon kan kom nie, ervaar jy onttrekkingsimptome wat insluit woede, spanning, depressie, geïrriteerdheid en rusteloosheid.

Behandeling vir 'n selfoonverslawing

- Aanvaar dat daar 'n probleem is.
- Stel grense vir jouself. Sit jou foon op "silent" en skakel al die notifikasies af. Stel 'n tyd vas om jou foon na te gaan en hou daarby.
- Uit die oog uit, uit die hart. Sit jou foon op 'n plek waar jy dit nie kan sien of hoor nie, veral in gesins- en skooltye.
- Moenie saam met jou foon slaap nie. Koop 'n wekker.
- Geen selfoon in die badkamer, eetkamer of slaapkamer nie.
- Enige toestel kan misbruik word en matigheid is die sleutel. Waardeer tegnologie maar voorkom dat dit jou lewe en verhoudings beheer.
- Begin met klein stappies om onnodige gebruik te voorkom soos byvoorbeeld om nie die foon saam te neem badkamer toe nie.
- Probeer om lekker dinge in jou tyd sonder jou foon te doen soos stap of gesels.
- Herontdek jou gesin en jou vriende asook jou belangstellings.
- Laai 'n App af om jou te help om jou selfoontyd te verminder. Breakfree en Mental help jou om jou tyd te beperk en Coldturkey en Selfcontrol help jou om webwerwe te blok waarop jy te veel tyd spandeer.
- Oefen ontspanningstegnieke om die "craving" na jou foon te hanteer.



Hulp vir die afhanklike

'n Verkenner moet beseft dat hy slegs 'n verslaafde se probleem kan help oplos deur met 'n kundige oor die saak te praat en nie self terapeut te wil speel nie.

Voordat jy begin om iemand met 'n afhanklikheidsprobleem te help, moet jy eers die probleem verstaan. Hou die volgende sake in gedagte wanneer jy hulp wil verleen:

- Afhanklikheid is 'n terugval-siekte. Dit beteken dat 'n persoon nooit kan sê "Nooit weer sal ek drink of dwelms gebruik" nie, ongeag hoe lank hy al nugter of skoon is.
- 'n Terugval is nie noodwendig 'n mislukking nie, dit beteken dat die persoon 'n nuwe les oor sy herstelproses geleer het en sy herstelplan moet aanpas.
- Mense wat afhanklik is van alkohol of dwelms gebruik leuens om hulself te beskerm teen hul eie skuldgevoel en ook om hul gewoonte van ander weg te hou (wat ook al die rede). Die bedoeling is nie om jou seer te maak nie. Ongelukkig word leuens vinnig 'n gewoonte en dit is net so moeilik om daarmee op te hou soos die afhanklikheid self.
- Moet nooit sonder meer die alkohol, pille of dwelms uitgooi of weggooi nie. As iemand volslae afhanklik is van die middel, kan hulle begin onttrekkingsimptome kry, bv. konvulsies (stuiptrekkings) of hallusinasies (drogbeelde). Onttrekkingsimptome moet medies behandel word.
- Afhanklikes is goeie mense met slegte gewoontes en gedrag. Wanneer hulle skoon en nugter is, is hulle eintlik aangenaam.
- Om op te hou dwelms gebruik, is 'n ewige proses en 'n mens kom nooit op die punt waar jy sê die persoon is nou gesond nie. Elke dag moet die persoon werk om skoon en nugter te bly en aan die einde van die dag kan die persoon sê: "Ek het dit vandag gemaak".
- Hoe langer die persoon skoon en nugter bly, hoe makliker word dit.
- Dwelms beïnvloed emosies, denke en optrede. Dit impliseer dat alkohol ook 'n dwelm is.
- 'n Dwelmafhanklike behoort nie alkohol, kalmeer- en slaappille of sterk pynverdowners te gebruik nie.
- Om nugter te bly, is baie harde werk en die persoon het baie PROFESSIONELE ondersteuning nodig.
- Dit neem jare se ervaring om afhanklikheid effektief aan te spreek omdat dit baie kompleks is. Slegs professionele mense moet by die berading van verslaafdes betrokke raak.

Wanneer 'n mens iemand met 'n afhanklikheidsprobleem aanmeld, is daar 'n paar reëls wat baie belangrik is om te volg:

- Onthou, jy het waarskynlik gehelp om die persoon se lewe te red. As jy stilbly, kan hy dalk 'n oordosis neem, betrokke raak by bendes, tot kriminele daade oorgaan (bv. prostitusie), selfmoord pleeg en hom wend tot gesinsgeweld.
- As jy iemand aanmeld, doen dit teenoor 'n VOLWASSENE wat jy VERTROU en weet dat daardie persoon iets aan die probleem sal doen SONDER om jou bloot te stel.
- Sê baie duidelik vir die volwassene dat jy nie wil hê enigiemand moet weet dat jy eerlik oor die probleem is nie. As jy nie verder betrokke wil wees nie, byvoorbeeld om die persoon saam met sy ouers te konfronteer, sê dit ook duidelik.
- Hou net by feite. As jy net gerugte gehoor het, kan jy dalk verkeerd wees en oordrewe inligting oordra.
- Moenie vir ENIGE van jou vriende vertel dat jy die persoon aangemeld het nie. Dit maak nie saak hoe baie jy die vriend vertrou nie. So 'n geheim is te groot vir net een persoon en binnekort weet almal wat jy gedoen het. Vriende sal sukkel om jou weer te vertrou. As die persoon by kriminele

aktiwiteite betrokke was, soos bende-aktiwiteite, kan dit vir jou fisies ook bedreigend wees. Die bende sal nie hard na jou hoef te soek om wraak te neem as die hele skool jou geheim ken nie.

- As jy baie skuldig voel oor wat jy gedoen het, bespreek dit met die volwassene met wie jy gepraat het of 'n ander betroubare volwassene, NIE jou vriende nie.
- Aanmelding kan ook in die vorm van 'n anonieme oproep (oppas vir selfone) of 'n briefie wees.
- Wanneer die persoon uitvind IEMAND het hom verklap, verwag maar dat hy kwaad gaan wees en allerhande dreigemente gaan uiter. Onthou dat hy nie weet dit was jy nie en probeer om die gesprek te vermy. Onthou: Vertrou die volwassene met wie jy praat oor die probleem.
- Dikwels moet die persoon vir behandeling gaan. 'n Rehabilitasiesentrum is 'n veilige, nie-bedreigende plek. Jy hoef nie skuldig te voel of jou te bekommer oor jou vriend se veiligheid nie.
- Bid vir die persoon vir krag en insig in sy probleem en lewe. Vra die Here om jou te help om die persoon nie te oordeel nie en om 'n positiewe invloed op die persoon se lewe te hê.

DWELMAFHANKLIKES EN ALKOHOLISTE HET ALTYD 'N TEKORT AAN WARE, SKOON EN NUGTER CHRISTEN-VRIENDE... WEES EEN.

Die tweede manier om iemand met 'n afhanklikheidsprobleem te help is om die regte benadering teenoor die persoon en sy probleem te hê. Jy moet 'n nie-veroordelende houding hê en beskikbaar wees as 'n vriend en nie alles te glo wat die persoon vir jou vertel nie. Wanneer jy die gevoel kry dat die persoon jok, konfronteer hom op 'n rustige, nie-veroordelende, maar ferm manier.

Laastens, as 'n persoon met 'n afhanklikheidsprobleem jou vir hulp vra, verwys hom na 'n volwassene. Jy KAN NIE die probleem self oplos nie – dit is te kompleks. SANCA is 'n nasionale organisasie wat mense met afhanklikheid help. Hulle het rehabilitasiesentrums, wat spesialiseer in rehabilitasie van alkoholiste en dwelmafhanklikes, regoor die land. Die nasionale kantoor sal jou kan verwys na 'n plaaslike SANCA-kliniek.

9. DIE VERKENNER ONTDEK DIE GESKIEDENIS VAN DIE ANGLO-BOEREORLOG TOT VOOR REPUBLIEKWORDING.

Opstaan

Na afloop van die allerverwoestende Anglo-Boereoorlog was die Afrikaners 'n getraumatiseerde gemeenskap. Hulle was militêr verslaan, polities onmagtig, ekonomies verarm en kultureel bedreig. Die verslaetheid word beskryf deur Jan FE Celliers se gedig, "Dis al":

	<i>Dis die blond,</i>
●	<i>dis die blou:</i>
	<i>dis die veld,</i>
	<i>dis die lug;</i>
	<i>en 'n voël draai bowe in eensame vlug –</i>
	<i>dis al</i>
●	<i>Dis 'n balling gekom</i>
	<i>oor die oseaan,</i>
	<i>dis 'n graf in die gras,</i>
	<i>dis 'n vallende traan –</i>
	<i>dis al</i>

TC Pienaar skryf in 1904: “Die volk was moedeloos omring deur duisternis; nêrens was daar 'n straal van hoop meer nie. Duisende vaders en moeders van die opkomende geslag was daar nie meer nie, en radeloos het die jeug van die volk gesmag na leiding en hulp. Maar in die as van die verbrande wonings het die vuur nog gesmeul; in die hart van die nasie het die wil om weer op te staan, nog flou gepols.” 'n Brief, gedateer 4 Augustus 1902, aan 'n banneling in Ceylon getuig van hierdie moed en wilsrag:

“Daar is nou vrede in die land, maar nie soos ons verwag het nie. Die twee klein Republieke bestaan nie meer nie. Almal van ons, het ons wapens afgegee. Ons moes 'n briefie onderteken waarin ons Koning Edward as ons wettige Soewerein erken. Maar ons moenie treur soos een wat geen hoop het nie. Ons moet glo en hoop en vertrou. Ons besit op die oomblik vier perde, twee muile en 'n paar skape. Gister het ek 'n emmer koring gesaai. Sodra ek kan, sal ek nog saai en plant. As Pa van Ceylon af terugkom, sal ons spoedig weer 'n boerdery op die been kan bring.”

Drie Boeregeneraals, Louis Botha, Koos de la Rey en Christiaan de Wet, het in Europa geld probeer insamel vir die nood onder Afrikaners. Ten spyte van die helde-ontvangs, kon hulle in Nederland, België, Duitsland en Frankryk slegs £125 000 insamel. Simpatieke Kapenaars het £60 000 bygedra en die Britse regering het £3 miljoen geskenk. Die fondse is in die *Generale Boeren Hulp Fonds* gestort waarvan 'n groot deel gebruik was om weesinrigtings in Transvaal en die Vrystaat te stig.

Georgina Solomon, vrou van die Kaapse parlamentslid JP Solomon, het in 1905 aan die *South African News* geskryf dat Afrikanerkinders sonder skole was en nie in hul moedertaal onderrig mag word nie. Skoolgeboutjies wat die boere in hul armoede in skure opgerig het, was sonder nodige



Weeskinders na die Anglo-Boereoorlog

onderrigmateriaal en toerusting. Na die oorlog is Suid-Afrika boonop getref deur die ernstigste droogte in 50 jaar wat saamgeval het met 'n verlamende ekonomiese depressie en misoeste wat tot 1909 geduur het. Solomon vertel die aangrypende verhaal van Afrikanervroue wat hulself in spanne van nege voor 'n ploeg ingespan het, omdat daar geen osse was om die ploeg te trek nie. Toe sy oor gedeeltes van hierdie geploegde lande geloop het, het sy gevoel sy loop op heilige grond.

Die stryd om behoud van menswaardigheid en eie identiteit was 'n samebindende faktor vir die naoorlogse Afrikaners. Afrikaners het hul plase, kerke en dorpe in 'n rekordtyd herbou. Hulle het politieke partye, skole en kultuurinstellings gestig, maar selfs in die tyd van allergrootste nood het Afrikaners getrou gebly aan hul roeping om die evangelie in Afrika te verkondig. Met pennies en sikspense van arm Afrikaners het die Vrystaatse NG Kerk in die eerste dekade na die oorlog die Manne- en Vroue-Sendingbond gestig om sendelinge na onder andere Noord-Rhodesië, Njassaland en Zambië te stuur.

In sy gedig "Vergewe en vergeet" beklemtoon Totius die sentiment. Hy gebruik as metafoor vir die oorwonne republieke 'n klein doringboompie wat deur die ossewa (Britse Ryk) platgetrap is. Hy sinspeel op Afrikaners se vermoë om die smarte van die oorlog te kon vergewe deur nie vasgevang te word in die greep van bitterheid nie, maar "met die salf van eie gom" uit die as op te staan.

*Daar het 'n doringboompie
vlak by die pad gestaan,
waar lange ossespanne
met sware vragte gaan.*

*En eendag kom daarlanges
'n ossewa verby,
wat met sy sware wiele
dwars-oor die boompie ry.*

*"Jy het mos, doringstruikie,
my ander dag gekrap;
en daarom het my wiele
jou kroontjie platgetrap."*

*Die ossewa verdwyn weer
agter 'n heuweltop,
en langsaam buig die boompie
sy stammetjie weer op.*

*Sy skoonheid was geskonde;
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeer.*

*Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom.*

*Ook het die loop van jare
die wonde weggewis –
net een plek bly 'n teken
wat onuitwisbaar is.*

*Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daar die merk word groter
en groei maar aldeer aan.*

Die Unie van Suid-Afrika

Dag en datum, skaars agt jaar na die Vrede van Vereeniging, kom die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand. Die oudstryder en Boeregeneraal, Louis Botha, word verkies as eerste minister. Die politieke toneel van die Unie-kaart sou vir die volgende 50 jaar deur die premierskap van drie Boereoorloggeneraals, naamlik Botha, Smuts en Hertzog oorheers word.



Generaal Louis Botha

Volgens die Unie-grondwet is die voormalige vier selfregerende kolonies as provinsies binne die Unie saamgevoeg. Die regeringstelsel was gebaseer op die Britse Westminster-stelsel waar die parlement ten opsigte van binnelandse sake onafhanklik was, maar ten opsigte van buitelandse sake onderworpe was aan die Britse parlement en buitelandse beleid. Dit het die tafel gedek vir Suid-Afrika se betrokkenheid by twee wêreldoorloë. Binne die monargale-demokratiese stelsel het die goewerneur-generaal in Britse kolonies die Britse monarg as staatshoof verteenwoordig.

Afrikaners het die Uniale bedeling nie gelate aanvaar nie. Die wonde van die Anglo-Boereoorlog was nog te rou. Kort na Uniewording het politieke tweespalt in die kabinet uitgebreek vanweë

“EK STAAN EERDER TE MIDDE VAN MY VOLK OP 'N MISHOOP AS TUSSEN VREEMDELINGE OP 'N SKITTERENDE VERHOOG.”

verskille tussen Hertzog en Botha. By Hertzog het Suid-Afrika se belange die swaarste geweeg, terwyl Botha en Smuts Brittanje se belange voorop gestel het met hul eenstroombeleid van konsiliasie, versoening, vergewe en vergeet. Hertzog het sterk ondersteuning van ander Boeregeneraals soos De la Rey en De Wet gekry. De Wet het op 'n komposhoop uitgeroep: “Ek staan eerder te midde van my volk op 'n mishoop as tussen vreemdelinge op 'n skitterende verhoog.” Die verskillende politieke rigtings het binne vier jaar tot 'n skeuring in die Botha-kabinet en die stigting van die Nasionale Party in 1914 gelei.

Die nuwe Uniale grondwet het nagelaat om die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, naamlik die swart bevolking, se politieke aspirasies aan te spreek. Die direkte gevolg van die versuim was die stigting van die ANC in 1912 met die doel om verzet teen die regering te mobiliseer. Beide die Nasionale Party en ANC was nasionalistiese bewegings wat die beskerming van groepsbelange vooropgestel het. Die twintigste eeu is voortaan gekenmerk deur die stryd tussen Britse imperialisme, Afrikanernasionalisme en Afrika-nasionalisme.

Die 1914-Rebellie

Afrikaners was in beginsel gekant teen die gedagte om Brittanje in 'n oorlog te steun teen 'n land wat hulle nog nooit enige kwaad aangedoen het nie. Die vonkie by die kruitvat wat Suid-Afrika laat ontplof het, was die besluit van die Unie-parlement in September 1914 om in ooreenstemming met 'n versoek van Brittanje aktief tot die oorlog teen Duitsland toe te tree en die Duitse kolonie Suidwes-Afrika aan te val. Onder leiding van voormalige Boeregeneraals soos Christiaan de Wet, het Afrikaners teen die besluit gerebelleer. Die gebeure het tot intense spanning en selfs skeuring in Afrikanergeledere gelei.

Op 15 September 1914 is De la Rey in 'n padblokkade op pad na Potchefstroom doodgeskiet. Een van die mees omstrede en verdelende kwessies was Smuts se hardnekkige besluit om ten spyte van pleitroepe om begenadiging toe te laat dat Jopie Fourie op grond van sy deelname aan die Rebelle op 20 Desember 1914 tereggestel word.



JOPIE FOURIE HET 'N MARTELAARSTATUS GEKRY EN 'N NAOORLOGSE SIMBOOL GEWORD.

Afrikaners was geskok oor die daad waar 'n Afrikaner 'n mede-Afrikaner ter dood veroordeel het. Baie Afrikaners kon Smuts dit nooit vergewe nie. Jopie Fourie het 'n martelaarstatus gekry en 'n naoorlogse simbool geword van Afrikaners se republikeinse strewe. Toe Smuts in 1948 sy setel in Standerton verloor, het iemand uit die skare geroep: "Nou is Jopie Fourie gewreek!" Jan FE Celliers beskryf die impak van die teregstelling met die woorde:

*Daar trek 'n koeël, met spoed, met spoed;
Hy's nat van Afrikaner-bloed,
en smart die boodskap wat hy voer;
hy kom uit Afrikaner-roer,
hy kom deur Afrikaner-hart.
Maar met die roue en die smart
bring hy die hart se kragte oor.
Slaap sag, trou hart, so wreed deurboor,
want, trekkend, trekkend jaar en stond,
sal steeds die koeël sy boodskap spreï;
en waar hy tref, heel nooit sy wond;
en wat hy tref, dit heilig hy!*

Die mislukking van die Rebelle het die demokratiese tradisie in Suid-Afrika herbevestig. Afrikaners het besef dat die Suid-Afrikaanse regering nie deur gewapende geweld omvergewerp sal word nie, maar by die stembus verslaan moet word. Die Rebelle het aan Afrikaners getoon dat die era van die Boererepublieke vir altyd verby was. Die republikeinse ideaal sou alleen deur 'n grondwetlike demokratiese proses verwesenlik word.

Die Helpmekaar-beweging

Op die oog af was die Rebelle 'n mislukking. Rebelleleiers soos Beyers het in die Vaalrivier verdrink. De Wet het ses jaar tronkstraf en £2000 boete gekry en Kemp 'n £1000 boete en sewe jaar tronkstraf. Een van die belangrikste gevolge van die Rebelle was die totstandkoming van die Helpmekaar-beweging.

Die Botha-regering het deur die skadeloosstellingswet hulself van enige eise gevrywaar en geen bydrae gelewer om enige skade te vergoed nie. Die gesamentlike boetes en die eise teen die Rebelle het ongeveer £400 000.00 beloop. Baie Afrikanergesinne het totale verarming en ekonomiese ondergang in die gesig gestaar. Afrikaners het tot die besef gekom dat hulle eie verantwoordelikheid moes neem om 'n groot deel van hul gemeenskap van die bedelstaf te red. Die Helpmekaar-beweging is gebore uit die pleitroep van JD Kestell: "Laat ons mekaar en ook ander help." Kestell het die geboorte van hierdie spontane beweging soos volg beskryf: "Daar ontstaan iets in die volkshart in 1915. Dis 'n gees, wat iedereen in sy mag kry. Niemand het hom geskep nie; niemand kon hom teëhou nie. Niemand het hom verwag nie; niemand het voorspel hy sou kom nie. Maar hy het gekom. Hy het ons volk oorweldig, soos niks anders dit nog gedoen het nie. Dis 'n magtige stroom wat bruis oor die hele land. Ons gee aan hom 'n naam: hy is Die Helpmekaar."

Steyn het einde 1916 in sy heel laaste toespraak, oomblikke voor sy onverwagse dood, voor die Oranje Vrouevereniging-kongres verklaar: "Die Helpmekaar is uit God gebore. Dit is die enigste geval in die wêreld waar 'n volk wat in opstand was, homself ingespan het om die skade te vergoed en selfs deur opponente bygestaan word. Die mens wat so 'n beweging teenstaan, is geen vriend van sy volk nie."

Volgende fondse was ingesamel om al die uitstaande eise van die Rebelle te betaal. Die organiseerders het die oorskot van sowat £60 000.00 pro rata onder die verskillende provinsies verdeel om 'n beursfonds vir hulpbehoewende Afrikanerstudente te skep. Teen 1962 het hierdie fonds R5 miljoen Helpmekaarlenings beskikbaar gestel waarmee 2441 onderwysers, 205 predikante, 461 geneeshere, 376 landboukundiges, 168 natuurwetenskaplikes, 119 ingenieurs, 354 ekonome en 159 regsgeleerdes hul kwalifikasies verwerf het. In hierdie hele periode het die Helpmekaarfonds nie een sent aan slegte skuld verloor nie. Vandag kan voornemende studente hulp kry van die Noordelike- en Suidelike Helpmekaarfonds.

Die Helpmekaar-beweging was 'n aansporing om Afrikaanse ondernemings te stig deur die konsolidasie van spaarkapitaal. In 1918 het Sanlam, Santam en die KVV tot stand gekom. Dit alles het Afrikaans bevorder omdat die taal daarmee ekonomiese waarde verkry het. Sanlam se prospektusse, polisse, briewe en leesstof is in sowel Afrikaans as Engels opgestel, en daarvoor moes nuwe Afrikaanse versekeringsterme geskep word. Op dié wyse het Afrikaans die status as hoëfunksie- ekonomiese taal bereik.

'n Eie landsvlag

Tydens die Britse Rykskonferensie van 1926 het Brittanje die selfbeskikkingsreg van sy kolonies erken. Die Britse parlement het met die Statuut van Westminster die besluite van die Rykskonferensie bekragtig. Brittanje het afstand gedoen van alle staatkundige seggenskap oor Suid-Afrika en hulle in status as sy gelyke erken. Suid-Afrika het aan sy kant deur die Statuswet sy posisie as 'n soewerein onafhanklike land staatkundig aanvaar. Dit was 'n historiese deurbraak wat as Hertzog se grootste nalatenskap beskou kan word. Sy ideaal van "Suid-Afrika eerste!" het praktiese gestalte gekry. Die hoeksteen vir latere Republiekwording is gelê en die weg gebaan om eie nasionale simbole te skep.

ORANJE-BLANJE-BLOU-VLAG MET DIE KLEIN VLAЕ VAN DIE BOEREREPUBLIEKE EN DIE UNION JACK IN DIE MIDDEL, IS AS AMPTELIKE LANDSVLAG AANVAAR.

DF Malan moes as Minister van Binnelandse Sake die wetsontwerp vir 'n eie nasionale vlag hanteer. Na 'n lang en verdelende vlagstryd het die parlement in Oktober 1927 die oranje-blanje-blou-vlag met die klein vlae van die Boererepublieke en die Union Jack in die middel, as amptelike landsvlag aanvaar. Daar is goedgekeur dat die wet op 31 Mei 1928 in werking sou tree. Dit is simbolies dat Suid-Afrika 26 jaar na die Vrede van Vereeniging en 18 jaar na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika sy eie vlag gekry het.

Die positiewe en emosionele impak van 'n eie vlag word die duidelikste geskets in die "Vlaglied" wat CJ Langenhoven in 1926 geskryf het:



*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,
om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
die vlag van ons eie Suid-Afrika.*



“Die Stem van Suid-Afrika”

CJ Langenhoven het in 1921 “Die Stem van Suid-Afrika” in sy bundel *Eerste Skoffies op die pad van Suid-Afrika* gepubliseer. Gedurende 1931 het die FAK 'n kompetisie geloods om 'n geskikte volkslied vir Suid-Afrika te vind. Uit die ingestuurde gedigte het die keuringskomitee eenparig Langenhoven se gedig “Die Stem” aanbeveel.

Langenhoven het ML de Villiers versoek om die gedig te toonset. De Villiers beskryf die toonsetting soos volg: “Ek onthou nog goed dat dit een van daardie goddelike dae was waarvoor die Boland bekend is. Daar sit ek in my studeerkamer in Simonstad. Ek kyk uit oor die blou van onse hemel, oor die diepte van die see – en aan die oorkant van Valsbaai sien ek die pragtige en magtige gebergtes, waar die kranse antwoord gee ... Voor my sien ek wat Langenhoven aangevoel het. Ja ineens sien ek dit in een beeld. Die note van my musiek moes opgaan na die blou van onse hemel, en dit moes terug en afkom na die diepte van ons see ... en dan antwoord die berge.” In 1937 het die FAK-keurkomitee eenparig besluit dat ML de Villiers se toonsetting die beste uit 40 inskrywings was.



CJ Langenhoven

DF Malan het die verband tussen 'n vlag en 'n volkslied so verduidelik: “As 'n nasie 'n eie vlag het, en die volk sien met sy oog daardie vlag bo sy land waai dan spreek dit tot sy hart oor die noodsaaklikheid van vaderlandsliefde. Wanneer ek geen lied het nie, geen volkslied nie, dan gee my hart geen antwoord daarop nie. Gelukkig het Suid-Afrika 'n Langenhoven te voorskyn gebring en kan die Suid-Afrikaanse volk in hul gemeenskaplike vaderlandsliefde hul eenheid vind ten spyte van hul tweeheid. Dit kan so gebeur: Daar is 'n stem ... Dit is geen stem van hierdie of daardie bepaalde persoon of groep nie, en komende uit hierdie of daardie bepaalde aard nie. Dit is die Stem van Suid-Afrika!” Na volgehoue vertoë is “Die Stem” op 2 Mei 1957 tot enigste amptelike volkslied verklaar. Die kopiereg van “Die Stem” het aan die FAK behoort. In 1957 is dit oorgedra aan die Suid-Afrikaanse regering.

Na 1994 het “Die Stem” se gewildheid nie onder Afrikaners afgeneem nie. Gedurende 2013 was “Die Stem” 'n kategoriewenner van Maroela Media/KykNET se Grootste Afrikaanse liedjie-kompetisie. Vir Afrikaners is “Die Stem” as kultuurlied steeds simbool van 'n eie identiteit. “Die Stem” staan in die teken van Afrikaans wat na die Anglo-Boereoorlog gegroei het van kombuistaal tot kanseltaal, van tuintaal tot 'n taal wat deur middel van musiek en liriek Afrikaners se diepste verlange verwoord. Deur die amptelike erkenning van “Die Stem” as volkslied het Suid-Afrikaners in die vorige eeu as landsburgers verenig deur 'n lied wat fokus op Suid-Afrika eerste. Na 1994

het “Die Stem”, waarvan ’n paar reëls in die nuwe Nasionale lied opgeneem is, weer ’n rol gespeel om Suid-Afrikaners te verenig. Afrikaners koester veral die laaste strofe as toekomsgebed van vertroue wat vra dat dit wat vir kosbaar is uit die verlede “vir ons kinders erwe bly”.

Arm Afrikaners

Sedert die twintigerjare het Afrikaners toenemend begin verstedelik. Die verwoestende droogte van 1933 en ’n wêreldekonoomiese krisis, wat ook bekend staan as Die Groot Depressie, het die armoedevraagstuk onder stedelike Afrikaners verdiep. Nie alle Afrikaners het destyds goeie skoolopleiding gehad nie, met die gevolg dat werkloosheid onder Afrikaners ’n groot probleem geword het. Baie Afrikaners het vroeg die skool verlaat om op die paaie, spoorweë of in die myne te gaan werk.



Aanvanklik was daar geen eenstemmigheid oor hoe om die groeiende armoede onder die verstedelike Afrikaners te benader nie. Die algemene siening was dat die verarmde Afrikaners self verantwoordelik was vir hul omstandighede en dat die Afrikaanse kerke die probleem as deel van hul barmhartigheidswerk moes hanteer. Die persepsie het veral onder Engelssprekendes bestaan dat armoede ’n direkte gevolg was van Afrikaners se intellektuele vermoëns.

Die omvattende Carnegie-onderzoek van 1929 het egter die weg gebaan vir ’n nuwe oplossing. Die onderzoek het getoon dat die groeiende armoede nie arm Afrikaners se skuld was nie. Dit was eerder die gevolg van politieke, ekonomiese en maatskaplike prosesse waarvoor hulle min beheer gehad het. Die onderzoek het ook bevind dat alhoewel arm Afrikaners ongeskoold en ongeletterd was, hulle beslis nie dom was nie. Die intelligensietoetse van die Carnegie-kommissie het getoon dat arm kinders se intelligensie baie goed vergelyk met die welgestelde deel van die bevolking. Die Carnegie-kommissie het aanbeveel dat die oplossing vir die armoedevraagstuk in gehalte onderwys, industriële vaardighede en werkskepping gevind moet word. Die Carnegie-verslag het met reg gewaarsku dat armes nie van liefdadigheid afhanklik gemaak moes word nie.

DF Malan het die denkraamwerk van die Carnegie-onderzoek verdiep deur aan te dring dat armes uit isolasie gered moet word en weer deur die Afrikanermiddelklas opgeneem word. Hy het ook daarop gewys dat die armes nie “as voorwerpe van barmhartigheid” behandel moet word nie, omdat dit hulle “afdruk in stigma van minderwaardigheid”. Tydens die Eeufeesherdenking het Malan op 16 Desember 1938 by Bloedrivier verklaar: “Die slagveld is verskuiwe. U Bloedrivier lê in die stad. Die Afrikanerdom is weer op trek, op sy nuwe Groot Trek. Dis nie soos ’n honderd jaar gelede ’n trek weg van die middelpunte van die beskawing af nie, maar ’n trek terug – terug van die platteland na die stad.” Die reeds bejaarde Kestell het die versugting uitgespreek dat die Eeufeesjaar ook ’n “magtige reddingsdaad” vir Afrikaners moet bring. Hy het klem gelê op Afrikaners se aanvaarding van eie verantwoordelikheid teenoor hul armes met die beginsel van: “’n Volk red homself.”

Die impak van die Carnegie-onderzoek se aanbevelings word die duidelikste weerspieël in die besluit van die FAK se reëlingskommissie vir die 1939-kongres dat ’n omvattende liefdadigheidsplan nie die uitkoms van die kongres moet wees nie. Teen dié tyd het Afrikaners besef dat ekonomiese opheffing die belangrikste voorwaarde vir kerklike, kulturele en wetenskaplike voortbestaan is. Grietjie Verhoef beskryf die nuwe benadering as ’n besigheidsfilosofie, eerder as ’n oproep tot opheffingswerk: “Die fokus het verskuif vanaf ’n

verwagting dat die owerheid op nasionale vlak moes ingryp om te red, na 'n rasionele, doelgerigte selfbemaagtigingsprogram van die vestiging van eie besighede waardeur ekonomiese doelwitte verwesenlik kon word." Die denkraamwerk waarin die Eerste Ekonomiese Volkskongres in 1939 plaasgevind het, het neerslag gevind in konkrete besluite wat geneem is en met praktiese dade uitgevoer is. Afrikanerkoopkrag en -kapitaal is suksesvol gemobiliseer en belangrike instellings soos die Afrikaanse Handelsinstituut, Federale Volksbeleggings en die Reddingsdaadbond is gestig.

Die sleutel tot die suksesvolle aanpak van armoede bly steeds goeie onderwys, doelgerigte vaardighedsopleiding, 'n gesindheid van helpmekaar en samewerking. Arm Afrikaners is nie 'n unieke verskynsel nie. Wat wel uniek is, is dat die Afrikaner waarskynlik die enigste volk ter wêreld is wat daarin geslaag het om twee keer in een eeu, na die Anglo-Boereoorlog en in die dertigerjare, uit die vernietigende gevolge van armoede op te staan.

Ontwikkeling van kulturele identiteit

In die twintiger- en dertigerjare het Afrikaners begin om hulself op kulturele gebied in instellings te organiseer. Hennie Aucamp beskryf die kritiese rol van kultuurorganisasies met die stelling: "In krisistye is kultuur geen luukse nie, maar die hoogste vorm van selfbehoud. Kultuur staan vir interne orde en interne orde is die fondament van alle beskawing." Afrikanerkultuurorganisasies soos die Afrikanerbroederbond (1918), die FAK (1929), die ATKV (1931) en Die Voortrekkers (1931) is gestig. Ten spyte van erge politieke verdeeldheid was daar by Afrikaners van die vroegste tye af 'n behoefte aan 'n vorm van eenheid. Alhoewel die eenheidsideaal op politieke gebied buite bereik gebly het, kon Afrikaners op kulturele terrein grootliks eenheid bewerkstellig. Die erfenisjoernalis, Marthinus van Bart, skryf dat dit nie taal is wat mense saambind nie, maar gemeenskaplike kultuur. Onderliggend aan die kulturele eenheid is die beginsel dat daar op kulturele terrein geen plek vir partypolitiek is nie. Dit skep die voorwaarde en ruimte waar Afrikaners oor grense heen hande kan vat en saamwerk, soos met die 1938-ossewatrek.

Kort na die Anglo-Boereoorlog het talle Afrikaners begin om die Groot Trek-gebeure te herinterpreteer. Die motivering om oor die Voortrekkers te skryf was vir Kestell te wyte aan 'n onvriendelike onderwysstelsel wat poog om Afrikanerkinders se verbintenis met hul verlede los te



maak. Dit het hom gegrief dat Afrikanerkinders slegs die Britse Ryk geskiedenis leer. Die gevolg was dat hulle die name van al die Britse konings kon opsê, die datums van al die vernaamste veldslae van die Britse Ryk op die punte van hul vingers ken, "maar hulle het nie die flouste idee gehad van wie Piet Retief, Hendrik Potgieter of Andries Pretorius was nie." Die eeufees herdenking van die groot Trek was vir baie Afrikaners 'n kulturele en emosionele hoogtepunt.

Soos wat die ossewaens oor die ou Trekroetes beweeg het, het daar 'n ongekende geesdrif en volksliefde by Afrikaners wakker geword. Vir baie Afrikaners was die wonderjaar 'n herontdekking van hul identiteit, kultuur, religieuse verlede, tradisies en politieke ideale. 'n Bruisende geesdrif het onder Afrikaners posgevat. DF Malan het jare later die gebeure in die idioom van volksidealisme as volg beskryf: "Toe die wiele van die Ossewatrek oor die uitgestrekte vlaktes van Suid-Afrika hul boodskap tot die Afrikanervolk gebring het, en toe onder die magtige inspirasie van 'n heldhaftige verlede die innerlike, maar tog sluimerende kragte ontwaak het, het dit die Afrikaner saamgebond tot 'n eenheid en dit omskep tot 'n magtige reddingsdaad."

Die bruisende geesdrif het neerslag gevind in talle plek-, skool-, dorp- en straatname soos Piet Retief, Louis Trichardt, Voortrekkerhoogte, Voortrekker hoërskool. Vandag is daar min dorpe wat nie 'n Voortrekker-, Retief- of Potgieter straat het nie. In bykans elke dorp is sement ossewaspore en Eeufesgedenktekens steeds sigbaar.

Kultuurorganisasies het 'n belangrike bydrae gelewer om uitdrukking te gee aan Afrikaners se kulturele identiteit deur Afrikaanse musiek te publiseer soos die *FAK-Sangbundel* (1937); die vestiging van 'n Afrikaanse radiodiens (1937); die reël van kulturfeste soos die Simboliese Ossewatrek (1938) en die Van Riebeeckfees (1952); en fondse in te samel vir die bou van die Voortrekkermonument en ander erfenisterreine.

Afrikaans is al van vroeg in die twintigste eeu op grammofoonplate gehoor. In 1931 het die maatskappy, Colombia, bekend gemaak dat byna 55 000 van Chris Blignaut se plate binne die eerste drie maande uitverkoop is. Van sy treffers op die plaat was "Ou Ry-perd" en "O, die donkie".

IN 1931 HET AFRIKAANS OOK SY EERSTE KLANKROLPRENT GEKRY. DIT WAS *MOEDERTJIE*, 'N 32-MINUUT LANGE VERWERKING VAN JFW GROSSKOPF SE EENBEDRYF *IN DIE WAGKAMER*.



MER

Miemie Rothmann of ook bekend as MER word algemeen beskou as een van die grootste Afrikaners van die vorige eeu. Sy staan bekend as een van die uitnemendste Afrikaanse prosaïste, vurige stryder vir die bemagtiging van vroue en pleitbesorger vir armes. As vroueredaktrise van *Die Burger* het sy nuwe Afrikaanse woorde soos toebroodjie, katjiepierung en bloureën geskep wat vandag nog gebruik word. Sy was die enigste vrou op die Carnegie-kommissie en ook 'n wenner van die Hertzogprys. Op haar 100ste verjaarsdag het die BJ Vorster haar oor die radio gelukgewens.

Die strewe van NP van Wyk Louw en die ander tydgenote was om Afrikaanse letterkunde en poësie tot dieselfde peil as dié van ander Westerse kultuurvolke te bring. Op versoek van Anna Neethling-Pohl het Van Wyk Louw *Die dieper reg* met die oog op die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938 geskryf. In *Die dieper reg* gaan dit nie oor die grootheid of die kleinheid van die Voortrekkers se dade nie, maar oor die suiwerheid waarna hulle gestrewe het – dít maak die dieper reg van hul voortbestaan uit. Daar was so 'n toeloop na die opvoering dat dit vyf keer op een dag herhaal is! Nederlandse kritici het Van Wyk Louw se werk hoog aangeslaan. In 1948 het die Universiteit van Utrecht 'n eredoktorsgraad aan Louw toegeken as blyk van die Nederlandse wetenskap se groot waardering vir die ontwikkeling in die Afrikaanse letterkunde.

Teen 1959 was Afrikaans gevestig as wetenskapstaal by vier Afrikaanse universiteite. Afrikaans was in die staatsdiens, geregshoue, letterkunde, rolprente en die uitsaaibedryf gevestig. Die FAK het in 1959 die Wonder van Afrikaans-feeste gereël waarmee die halfeeufes van die Akademie vir Wetenskap en Kuns herdenk is. Die taalfeeste is van 6 April tot 30 Mei 1959 gevier. Engelsmedium-, bruin en swart skole het ook aan die feesprogramme deelgeneem. Die afsluitingsfees by die Voortrekkermonument is deur 60 000 mense bygewoon en die hoofspreeker, eerste minister HF Verwoerd, het Afrikaans "die taal van ons wonderlike toekoms" genoem.

Die Tweede Wêreldoorlog

Jan Smuts word 'n tweede keer in 1939 eerste minister nadat Suid-Afrika besluit het om aan Brittanje se kant teen Duitsland te veg. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was hy 'n Britse veldmaarskalk en dien in die imperiale oorlogskabinet onder leiding van Winston Churchill. Die aansien wat hy geniet het, word gesien in die besluit dat indien Churchill tydens die oorlog tot sterwe sou kom, Smuts aangewys sou word as die waarnemende Eerste Minister van Brittanje. Hy was 'n medestigter van die Verenigde Nasies.




Jan Smuts

Soos met enige oorlog het die Tweede Wêreldoorlog ook 'n uitkoms vir arm Afrikaners gebied. Baie Afrikaners het in Noord-Afrika en Italië gaan veg.

Dan Pienaar was bekend as Suid-Afrika se gewildste generaal aangesien die welsyn en veiligheid van sy manskappe vir hom belangriker was as die bevele van sy meerderes. Onder sy leiding neem die Suid-Afrikaanse troepe deel aan die slae van Sidi Rezegh en Gazala. In Egipte het hy hom onderskei in die Slag van El Alamein. Dit was die keerpunt van die oorlog in Noord-Afrika waar die Geallieerde magte die Duitsers onder leiding van veldmaarskalk Rommel sou vernietig. Pienaar sterf Desember 1942 in 'n noodlottige vliegtuigongeluk. Hy word begrawe op Voortrekkerhoogte en die woonbuurt, Dan Pienaar, in Bloemfontein word na hom vernoem.

Afrikaners kies demokrasie teenoor nasionaal-sosialisme

Op tuisfront het baie Afrikaners nie die oorlog ondersteun nie. Soos in 1914 was dit vir baie Afrikaners ondenkbaar om onder die Britse vlag te veg na die leed en lyding van die Anglo-Boereoorlog. Die Ossewabrandwag het kort na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ontstaan as 'n protesbeweging teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Die Ossewabrandwag het aanvanklik vinnig veld gewen, maar hul pro-Duitse benadering sou Afrikaners vinnig vervreem. Leiers van die Ossewabrandwag het gehoop dat 'n Duitse oorwinning 'n nasionaal-sosialistiese Afrikanerrepubliek, vry van Brittanje, kon bewerkstellig. Om dié rede is die Ossewabrandwag met sy grondwet, organisasiestrukture en afdelings soos die Stormjaers geskoei op die outokratiese strukture van die Duitse Nazi-party. Die Ossewabrandwag het aktief vir Hitler ondersteun deur spioenasie en propaganda. Die bekendste Afrikaanse spioen gedurende dié tydperk was die Olimpiese bokser, Robbie Leibrandt.



DIE OSSEWABRANDWAG HET AKTIEF VIR HITLER ONDERSTEUN DEUR SPIOENASIE EN PROPAGANDA.

Nasionale Afrikaners soos DF Malan, CR Swart, JG Strijdom, PW Botha en vele ander, het hulle vinnig van die Ossewabrandwag se nasionaal-sosialistiese gesagstaar gedistansieer. Vir die nasionaliste was daar geen ander alternatief as om 'n demokratiese grondwetlike roete te volg om 'n Suid-Afrikaanse Republiek tot stand te bring nie. Op 3 Junie 1941 verklaar Malan as leier van die Nasionale Party: "Ons mag nie vergeet dat ons hele geskiedenis nog altyd in die rigting was weg van diktatorskap oor liggaam en gees en weg van 'n gedwonge eenheidstelsel wat vir ons eie nasieskap en vir ons gewetensvryheid en vir ons menslike regte geen plek gehad het nie."

Tydens die Nasionale Party se Uniale kongres in 1942 verklaar hy: “Ons verwerp die diktatorbeginsel, wat ’n essensiële kenmerk is van die totalitaristiese ideologie en vir die massas van die volk geen ander funksie meer het nie as om bevele uit te voer en op te hou om self te dink en te vra.” Nazi-radiostasies het Malan en sy partygenote deurentyd veroordeel, verkleineer en bespot, maar Afrikaners het Malan se leiding gevolg en in groot getalle uit die Ossewabrandwag bedank. Na afloop van die oorlog was die Ossewabrandwag feitlik geen rolspeler meer in Afrikanerpolitiek nie.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die uurglas van die generaals se kaart vinnig leeggeloop. Ten spyte van Suid-Afrika se prestasies tydens die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se internasionale aansien as medestigter van die Verenigde Nasies het die Smuts-regering op die tuisfront ongewild geword. Die regering se onbeholpe hantering van oudsoldate se werkloosheid, hul onvermoë om oplossings te bied vir die Suid-Afrika se rassevraagstuk en hul blinde oog vir die opkoms van kommunisme, het Afrikaners vinnig vervreem. Nie eers die besoek van die Britse koningsgesin in 1947 kon die bruisende Afrikanernasionalisme stuit nie. Op 26 Mei 1948 is Smuts se Verenigde Party deur Malan se Nasionale Party by die stembus verslaan.

10. DIE VERKENNER IDENTIFISEER EKONOMIESE BAANBREKERS IN ONS GESKIEDENIS.

Hendrik Johannes van der Bijl, PhD, was by beide die Western Electric Company en die American Telephone and Telegraph Company in die VSA in diens. Ná die ontwikkeling van die termoioniese vakuumbuis wat langafstand radio-telefonie moontlik maak, aanvaar hy Jan Smuts se uitnodiging om die Departement van Mynwese en Nywerheid se tegniese raadgewer te word. Onder sy leiding word Evkom, Yskor, die NOK en Vikor opgerig. Die dorp Vanderbijlpark is na hom vernoem.

Albert Wessels was ’n Afrikaanse sakeman, nyweraar en stigter van Toyota in Suid-Afrika. Hy studeer tale, sielkunde en later handel aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy werk eers by ’n beleggingsbank, word hoof van ’n korrespondensiekollege, en later direkteur van ’n klerefabriek. In 1961 voer hy die eerste Toyota-bakkies in na Suid-Afrika, en teen 1968 is dié maatskappy die grootste vervaardiger van motorvoertuie in die land. Wessels was getroud met die digteres Elisabeth Eybers.

Anthony Edward (Anton) Rupert was ’n Afrikaanse entrepreneur, sakeman en filantroop. Gebore op Graaff-Reinet, studeer hy Chemie aan die Universiteit van Pretoria en word later dosent. Sy eerste besigheid is ’n droogskoonmakery. Later stig hy die tabakmaatskappy Voorbrand, en vervaardig sigarette in sy motorhuis. Voorbrand sou later ontwikkel tot Rembrandt, ’n tabak en industriële reus. Rembrandt sou later verdeel in Remgro en Richemont, besighede wat vandag honderde maatskappye in 35 lande besit, en ’n gekombineerde jaarlikse netto verkope van \$10 miljard het. As stigterslid van die World Wildlife Fund was Rupert ook verantwoordelik vir die oprigting van oorgrensparke in Suid-Afrika.



11. DIE VERKENNER VERANTWOORD AFRIKANERSKAP EN EIETDSE KULTUURBEGRIPPE

Wanneer is ek 'n Afrikaner?

Het jy al gewonder of jy kwalifiseer om 'n Afrikaner te wees? Miskien is dit vir jou 'n sinlose vraag omdat jy jouself nog altyd as 'n Afrikaner beskou het. Miskien het jy 'n vreemde van of ouers wat hulleself nie as Afrikaners beskou nie. Miskien het iemand anders ook al vir jou hierdie vraag gevra.

Daar is nie vandag meer 'n klinkklare definisie op die vraag wie Afrikaners is nie. Afrikaners was nooit 'n gewilde en onderdanige minderheidsgroep nie, hulle het uiteenlopende politieke standpunte en geloofsoortuigings, maar hul teenwoordigheid en bydrae tot die land en gemeenskap is onmiskenbaar.

Afrikaners het nooit toegelaat dat ander mense hul Afrikanerskap definieer nie. Afrikanerskap is dinamies en Afrikaners het deur die eeue in verskillende omstandighede hulself vanuit 'n interne locus standi gedefinieer.

Vandag sê ons om 'n Afrikaner te wees, moet 'n persoon hom enersyds tuis voel as Afrikaner (m.a.w. hom met Afrikaners vereenselwig) en andersyds deur Afrikaners aanvaar word (aanvaarding deur die groep). Ons eie voorouers het opgehou om Duits, Frans, Engels, Nederlands, Portugees of wat ook al te wees, en het deur vrye assosiasie hulle lot by die Afrikaners ingewerp. Die oorgrote meerderheid middelgrondsoekende Afrikaners definieer vandag Afrikanerskap as ruimteskeppend (nie voorskriftelik nie) op die beginsel van vryheid van assosiasie. Afrikanerskap is 'n hartsaak. Die beste definisie vir selferkende Afrikanerskap is om te sê: Ek weet in my hart ek is 'n Afrikaner en ek is trots daarop. Afrikanerskap is ook 'n keuse. 'n Vrye vereenselwiging met die kultuurgemeenskap en sy geskiedenis. Die blote feit dat jou ouers Afrikaners is, maak nie van jou 'n Afrikaner nie. 'n Mens is eers 'n Afrikaner as jy vir jouself sê: "Ek is 'n Afrikaner," en jou optrede die Afrikaners om jou laat sê: "Hy is 'n Afrikaner."

Ons voorouers het almal op 'n stadium aan 'n ander kultuurgroep behoort. Afrikaners spruit/kom uit Hollanders, Duitsers, Franse, Portugees en ander, selfs Engelse!

Uit 'n opname wat in 1806 aan die Kaap gemaak is, het dit geblyk dat ons op daardie stadium van 37% Nederlandse, 37% Duitse, 12% Franse en 14% ander oorsprong was. Êrens op die pad het jou voorouers ook by die Afrikaners aangesluit. Wanneer was dit? Hoe het dit gebeur?

Die antwoord op die vraag na waarvandaan die Afrikaner kom, is eenvoudig.

DIT WAS TOE MENSE SELF BESLUIT HET DAT HULLE DEEL WIL WEES VAN DIE AFRIKANERVOLK EN OPENLIK DAARMEE GEASSOSIEER HET. TOE HULLE HULLE MET SY TAAL, BLYPLEKKE, TRADISIES EN VERLEDE VEREENSELWIG HET. DAAR IS GEEN RAAD OF OWERHEID BY WIE JY AANSOEK DOEN OM 'N AFRIKANER TE WORD NIE. JY KIES EN LEEF DIT.

Hierdie kultuur neem jy saam met jou waar jy gaan. Jy kan dit alleen verloor as jy nie langer daarmee geassosieer wil wees nie en 'n ander kultuur aanneem. Tog sal jou Afrikaanse tongval of gerolde "r" in Engels – soos by die Skotte – jou bybly. 'n Saak wat wêreldwyd by mense voorkom. Dink maar aan Nederlanders wat steeds herkenbaar Hollands is na 'n leeftyd in Afrika. Iets waarvoor jy jou nie hoef te skaam nie omdat Afrikaners hulle nie oor hulle Afrikanerwees hoef te skaam nie.

Gemeenskaplike grond

Alhoewel Afrikaners vandag nie meer met 'n objektiewe definisie hulleself definieer nie, beteken dit nie dat daar geen gemeenskaplike kenmerke is wat Afrikaners met mekaar deel nie.

Gemeenskaplike geskiedenis

Afrikaners deel 'n bepaalde geskiedenis. Dit is goed opgeteken en begin by Jan van Riebeeck in 1652. Daarna was daar groot gebeurtenisse in die verlede wat ons as volk saamgesnoer het: die Groot Trek (1835-1840), die Eerste (1880-1881) en Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), Afrikaans as erkende, amptelike taal in Suid-Afrika in 1925 en ons politieke geskiedenis met uitstaandatus soos 1852, 1854, 1910, 1961 en 1994 – om enkele voorbeelde te noem. Hierdie verlede is breedweg vir almal wat vandag Afrikaners is, dieselfde en dien as 'n gemeenskaplike agtergrond.

Bodemgebondenheid

Die Afrikaner het 'n verbintenis met Afrika en die mense van Afrika. Die naam van ons kultuurgroep en ons taal dra die naam van die kontinent. Ons is van Afrika en Afrikane. Ons voel hier tuis. Hier het ons voorouers diep spore getrap. Natuurlik kan jy 'n Afrikaner wees as jy in Londen of Sydney bly, maar jy sal as Afrikaner altyd 'n simboliese verbintenis hê met Afrika en sy mense.



Taal

Afrikaans is beslis nie net die taal van die Afrikaner nie. Van die 6,833 miljoen mense wat met die sensus van 2011 in Suid-Afrika Afrikaans as hul moedertaal aangegee het, is ongeveer die helfte nie Afrikaners nie. Afrikaans het ontwikkel uit 'n vereenvoudigde Nederlands sodat dit ook deur die slawe aan die Kaap gepraat kon word. Tog speel Afrikaans 'n belangrike rol in die identiteit van die Afrikaner. Afrikaners het Afrikaans gestandaardiseer as 'n spreek- en skryftaal en ontwikkel tot 'n volwaardige Bybel-, wetenskaps-, regs- en handelstaal. Die eerste vertaling van die volledige Bybel in Afrikaans (1933) het hierin 'n groot rol gespeel. Na 1994 bly Afrikaans 'n medium vir Afrikaanssprekendes en die Afrikaners om hulleself uit te leef in die nuwe Suid-Afrika. Daarby groei Afrikaans met kunstefeeste, Afrikaanse musiek en sangers, die internasionaal erkende prestasies van Afrikaners en die geestelike spiere en menings in 'n jong Afrikaans en van Afrikaners. Soveel so dat ons hoor: Afrikaans is groot!

Tradisie

Die tradisies en gebruike van Afrikaners word dikwels gebruik wanneer daar na 'n beskrywing van Afrikaners gesoek word. Dit sluit in die kos wat ons eet, die manier hoe ons kuier, dans, feeste vier, ons sport en meer. Dit is hierdie tradisies en gebruike wat maak dat ons gemaklik voel in mekaar se geselskap. Dat ons met mekaar identifiseer en so ons groepsgevoel bevorder.

Geloof

Die Afrikaner het 'n Christelike-Protestantse godsdienssin. Dit was beïnvloed deur ons Hollandse, Duitse en Franse Hugenote-voorouers. Laasgenoemde het as gevolg van hul Protestantse godsdiens gevlug van vervolging in 'n katolieke Frankryk. Vandag is daar 'n groot verskeidenheid kerke wat op verskillende maniere aanbid, maar tog met 'n Protestantse manier van doen.

Kultuur geskoei op Europese kultuur

Ons kultuur is geskoei op die verskillende Europese kulture wat aan die Kaap saamgesmelt het. Dit beteken dat ons manier van doen in sy wortel Europees van aard is. Dit beteken egter nie dat ons 'n Europese kultuur het nie. Ons kultuur is eg en eie aan Afrika. Ons is van Afrika!

'n Voortrekker sou kon sê:

- Afrikaners is mense wat die Here lief het en erns maak met godsdiens.
- Afrikaners is bouers.
- Afrikaners streef na vryheid.
- Afrikaners het respek vir ander, is trots op hul taal en kultuur.
- Afrikaners is lief is vir hul gesinne en familie.
- Afrikaners is diensbaar in hul gemeenskap, kerk, skool en organisasies.
- Afrikaners is staatmakers om werk gedoen te kry.
- Afrikaners is pioniers wat grense skuif en dinge laat gebeur.
- Afrikaners skep hul eie toekoms.
- Afrikaners is mense met uiteenlopende standpunte en nie skaam om dit te stel nie.
- Afrikaners is Afrikaans.
- Afrikaners het 'n gedeelde geskiedenis van meer as 350 jaar.
- Afrikaners het 'n Westerse lewenswyse.
- Afrikaners het hulself en hul taal na Afrika vernoem. Ons is nie tweedeklasburgers nie. Ons is deel van die kontinent van sy groot ruimtes en onbeperkte horisonne.

Ek, Afrikaner

Ek gaan met my harde nek op my knieë, maar ek buig nét voor Hom.
Ek het my vrou, my gesin, lief, hulle is my alles
Ek het my honde liewer as wat ek meeste mense het
My honde se name is Afrikaans of Duits of Skots
Ek sing 'Grote God' en 'Genade onbeskryflik groot', sonder die boekie
Ek sing 'Ek sien 'n nuwe Hemel kom' as die kis afsak
Ek kan die twaalf-artikels saam met die dominee opsê
Ek sing 'Sarie Marais', ek sing 'My Vader was 'n musikant'
Ek praat van Transvaal en Suid-Wes
Ek steek my trane weg as my mense vermoor word
Ek huil openlik as ek die wilde diere sien doodgaan van honger en dors
Ek weet wat 'jakkals trou met wolf se vrou' beteken
Ek weet nie wat 'husse met lang ore' is nie
Ek het voorvaders in Duitsland, Frankryk, Nederland, Skotland, Engeland
Ek het familie in Australië, Engeland, Kanada, Amerika, Israel, Nieu-Seeland, Suid-Wes en
Botswana
Ek vier Kersfees met koue beestong en aartappelslaai
Ek vier verjaarsdae met boerewors en Windhoek lager

Ek vloek as ek bestuur
 Ek laat ou mense voor my in die ry staan
 Ek bid vir reën en as die reën kom, loop ek kaalvoet in die modder en loof die Here
 Ek kan kleilat speel
 Ek weet hoe om 'n mierleeu te vang, sommer met net 'n grassie in my hand
 Ek weet hoe maroelas proe
 Ek sny biltong
 Ek sny gras
 Ek sny koek as ek vroteier speel
 Ek stem nie altyd saam met die dinge van die land nie
 Ek weet nie vir wie om te stem nie
 My stem was al hees vir die Bokke
 My stem was al hees van Die Stem
 Ek kry hoendervleis as ek die Monument sien
 Ek kry hoogtevrees as ek bo staan
 Ek brand in die Afrikason
 Ek mis my ouma
 Ek wens ek kon my oupa beter ken
 Ek is Afrikaans
 Ek is van Afrika
 Ek, Afrikaner
 Eks 'n boer (al boer ek nie)

Veelvoud van identiteite

Afrikanerskap staan ook nie in spanning met ons ander identiteite nie. Ons leef as Christene ons Afrikanerskap en burgerskap uit in ons gemeenskap, land en kontinent tot eer van die Here.

Moderne Afrikaners vind hulself gemaklik in 'n veelvoud van identiteite. Hulle deel 'n gemeenskaplike Westerse erfenis, maar is ook volledig deel van Afrika. Die verskillende identiteite kan as volg beskryf word:

Afrikanerskap – deel van 'n kultuurgroep

Burgerskap – deel van die medeburgers in jou land

Taal – deel van 'n Afrikaanse taalgemeenskap

Afrika – deel van Afrika

Internasionaal – deel van wêreldburgerskap

Die identiteit wat ontken of onderdruk word, is gewoonlik die een wat deur die individu die sterkste beklemtoon word.

Eietydse kultuurbegrippe

Kultuurgemeenskap: Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir die reg van kultuurgemeenskappe en kultuurorganisasies om hulself op 'n geloofs- en waardegrondslag te organiseer met die beginsel van vryheid van assosiasie. Afrikaners word as 'n kultuurgemeenskap met 'n spesifieke identiteit beskou.

Vryheid van assosiasie: Vryheid van assosiasie is 'n internasionaal erkende begrip wat ruimte skep vir individue om uit eie keuse hulself met 'n kultuurgemeenskap of 'n organisasie te identifiseer. Dit bied ook die ruimte vir 'n kultuurgemeenskap of organisasie om hulle met 'n

individu te kan assosieer. 'n Kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers verwelkom enige persoon wat hulself met die organisasie se wese, grondslag en kulturele waardes kan assosieer.

Kulturele burgerskap: Burgerskap word nie net beperk tot 'n staat nie, want Afrikaners is nie net beperk tot staatsgrense nie. Afrikaners is ook burgers van 'n kultuurgemeenskap wat oor landsgrense strek.

Skeppende kultuur: Kultuur is om skeppend te werk. Deur die Bybelse kultuuroopdrag van bewoon, bewerk en bewaar, uit te leef deur skeppende werk, word betekenis in eie konteks geskep. 'n Skeppende kultuur getuig van lewenskrag waardeur die individu en gemeenskap hul potensiaal kan verwerklik. Deur kreatief en skeppend te werk, trek kultuur met elke nuwe geslag 'n moderne baadjie aan.

Kulturele bouers: Voortrekkers is nie brekers nie, maar bouers. Afrikaners het hul identiteit bevestig en gevier deur die bou van kulturele bakens in die vorm van monumente, gedenktekens en die ontwikkeling van erfenisterreine. Hierdie bakens vertel die verhaal van Afrikaners se gang deur die eeue. Die kulturele waarde van nuwe bakens om Afrikaners se groot stories in

DIE OPRIG VAN KULTURELE BAKENS GETUIG VAN KULTURELE SELFVERTROUEN EN BEVESTIG DAT AFRIKANERS STEEDS HIER NUWE SPORE TRAP.

herinnering te roep en eietyd te bevestig, kan nooit oorskat word nie. Wanneer Afrikaners nuwe spore trap of ou spore in herinnering roep, het kultuurorganisasies die verantwoordelikheid om bakens te plant, maar ook om bestaande bakens in beskerming te neem. Die waarde van nuwe monumente, al is dit hoe klein, kan nooit oorskat word nie. Die oprig van kulturele bakens getuig van kulturele selfvertroue en bevestig dat Afrikaners steeds hier nuwe spore trap.

Voortrekkers neem ou monumente in beskerming, maar bou terselfdertyd nuwe taal- en kultuurmonumente. Vandag se monumente is nie van brons en steen nie. In ons politieke en ekonomiese konteks is elke Afrikaanse proefskrif, Afrikaanse webwerf, Afrikaanse opleidingskursus, Afrikaanse projek, Afrikaanse CD, Afrikaanse film, Afrikaanse boek en Afrikaanse koerant 'n monument in eie reg.

Kulturele kapitaal: Kulturele kapitaal is die kulturele waardes en tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word. In krisistye kan Afrikaners hul kulturele kapitaal ontgin en uit die krag daarvan 'n toekoms skep.

Kulturele selfrespek: Afrikaners is trots op hul identiteit, kultuur, tradisies en geskiedenis. Afrikaners met kulturele selfrespek sal ander kultuurgemeenskappe se erfenis en tradisies respekteer.

Kulturele selfvertroue: Afrikaners wat met selfvertroue standpunt inneem oor sake wat ons kultuurgemeenskap raak. Kultuurorganisasies wat met selfvertroue sonder die prysgawe van eie identiteit in hul gemeenskap netwerke kan vestig, verskille kan akkommodeer, saamwerk, onderhandel en beding wanneer nodig, sal groei in prestige, invloed en getalle.

Kulturele volwassenheid: 'n Lewenshouding wat gekenmerk word deur respek en verdraagsaamheid teenoor diverse taal- en kultuurgroepe.

Interkulturele verhoudings: Kulturele identiteit word nie prysgegee nie, maar verryk deur interaksie met ander kultuurgroepe. 'n Gedeelte land is deel van Afrikaners se verlede en toekoms. Afrikaners het nooit daarvan weggediens om oor kultuurgrense heen 'n hand van vriendskap te reik of te aanvaar nie. So werk kultuurgemeenskappe saam tot voordeel van almal in Suidelike Afrika.

Kulturele vennootskappe: Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurorganisasie, maar reik 'n hand van vriendskap uit na ander kultuurorganisasies wat dieselfde waardes deel. Die Voortrekkers werk as vennote op gelyke grondslag saam met ander kultuurorganisasies om gemeenskaplike doelwitte te bevorder sonder om eie besluit of identiteit prys te gee.

Kulturele entrepreneurs: Kultuurorganisasies sal as kulturele entrepreneurs hul kultuurbelange moet bevorder. As kulturele entrepreneurs, sal Die Voortrekkers finansiële hulpbronne en kundigheid in gemeenskappe moet ontsluit as steun vir nuwe gemeenskapstrukture. Kulturele entrepreneurskap is die enigste manier om Afrikaanse kultuurerfenis suksesvol en volhoubaar te bevorder. Deur 'n brug te bou na die ekonomiese wêreld, bied Die Voortrekkers aan die nuwe geslag Afrikaanse entrepreneurs 'n ruimte waarin hulle met hul kundigheid in jong Afrikanerleiers se toekoms kan belê.

Kulturele simbole: Die Voortrekkers gee erkenning aan Afrikaners se historiese simbole, wat insluit vlae, liedere, kulturele herdenkingsdae.

12. DIE VERKENNER MAAK 'N VERSKIL AAN OMGEWINGSBEWARING.

Leef groener

Regoor die wêreld het mense besef dat die beskerming van ons mooi aarde nie iets is wat net deur die skep van groot wildparke en die herwinning van koeldrankblikkies en plastiek verseker sal word nie.

Om te verseker dat die aarde en sy ongelooflike aanbod van hulpbronne vir ons nageslagte behoue bly, sal elke inwoner van hierdie planeet meer in harmonie moet begin leef met die grond waarop ons loop, die lug wat ons inasem en die watermassas wat om ons ruis.

'n Verkenner se omgewing is waar hy hom ook mag bevind. As ons dus van die standpunt uitgaan dat ons die hoogste moontlike kwaliteit van lewe vir die omgewing moet bevorder, doen ons dit om verskeie redes:

- Om te waak teen besoedeling – dus enige daad wat gifstowwe of ander gevaarlike stowwe in die natuur plaas wat die voortbestaan van ander lewensvorme en uiteindelik ons eie lewe bedreig.
- Om menslik higiëniese redes – ons mag nie deur onoordeelkundige ophoping en weggooi van afvalstowwe broeiplekke vir kieme veroorsaak nie.
- Om estetiese redes – elke deel van ons land se natuur het sy eie bekoring, of dit nou wuiwende grasvlaktes of welige bosse teen die berghange is. Die aanskoue van ongerepte natuur sonder rommel wat deur mense rondgestrooi is, streel steeds die siel van die mens. Deur die natuur word die grootsheid van Gods skepping aan ons geopenbaar en besef ons ons nietigheid en afhanklikheid voor God.


'n Goeie Verkenner sal dus besef dat hy die erfenis van 'n mooi land deelagtig is en altyd so optree dat hy in woord en daad die mooi erfenis so ongeskonde as moontlik aan die volgende geslag sal nalaat.

WAT KAN JULLE AS SPAN DOEN?




Herwin

Herwin papier, glas en blikkies. By die meeste skole of instansies is daar houters waarin materiaal geplaas kan word. Laat jou spanlede papier, glas en blikkies na 'n spanbyeenkoms bring.



Tel rommel op

Besluit om tydens 'n spanbyeenkoms rommel te gaan optel. Laat elke spanlid 'n swartsak bring.



Plant 'n boom

Reël vooraf met die skool of instansie. 'n Kwekery sal jou die inligting gee oor hoe om die boom te plant. 'n Baie goeie boom om te plant is 'n *Acacia Karoo* – Soetdoringboom. Hierdie boom is bestand teen droogte, groei maklik en die geel blomme lok skoenlappers en voëls.



Roei onkruid uit

Roei onkruid/ indringerplante uit. Daar is baie organisasies wat betrokke is met onkruidbestryding. Julle kan selfs in spanlede se tuine help.




Aanneming

Julle span kan 'n dier in die dieretuin aanneem.



Wees bewus

Wees bewus van belangrike omgewingsdae en praat daaroor, bv.:
Wêrelddag vir Water
22 Maart
Internasionale dag vir Biodiversiteit
22 Mei
Wêreldomgewingsdag
5 Junie
Erfenisdag
24 September



Wees in die natuur

Spandeer tyd in die natuur. Gaan stap. Kamp in die veld. of hou 'n omgewingsvriendelike spankamp.



Kode 6

Probeer kode 6 "n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing" toepas in jou lewe.


Trek groen aan of kleur jou hare groen om Erfenisdag te vier.

Wat kan elke spanlid by die huis doen?


- Stort eerder as bad.
- Gebruik gryswater (bad- en skottelgoedwater) om die tuin nat te gooi.
- Bespaar elektrisiteit. Skakel ligte af as daar nie 'n persoon in die vertrek is nie.
- Skakel toestelle wat nie gebruik word nie af, bv. rekenaars en TV.
- Hou altyd plastieksakke in die katebak van die kar. Moenie onnodig plastieksakke koop nie.
- Bespaar papier. Proeflees 'n taak op die rekenaar en druk dan uit.
- Probeer rommel beperk.
- Sorteër rommel in aparte asblikke, soos glas, papier, ens.
- Kook net die hoeveelheid water wat benodig word wanneer koffie of tee gemaak word.
- Laat jou stem hoor oor omgewingsake. Teken petisies wat daarop gemik is om die omgewing te bewaar. Meld besoedeling aan.
- Ondersteun organisasies wat betrokke is by natuurbewaring.
- Maak ander bewus van omgewingsbewaring.

**Wat kan ek as Voortrekker doen om water te bespaar?**

"Regoor die wêreld leef miljoene mense in armoede of in droogtegeteisterde gebiede waar toegang tot water onvoldoende is, maar vir miljoene ander is water 'n vanselfsprekende gegewe. Hulle stap net 'n paar treë na die naaste kraan om toegang te verkry tot redelik goedkoop, redelik skoon water in groot hoeveelhede.



Sowat 97% van die aarde se water is brak, waarvan die meeste in die oseane gevind word.



Van die minder as 3% vars water wat oorbly,



is 2% vasgevang in sneeu en ys –



dit beteken minder as 1% van die aarde se water is as vars water beskikbaar vir menslike gebruik, landbou, die afkoeling van kragentrales en ander industriële gebruike.

Die hoeveelheid beskikbare vars water op aarde bly konstant, en dit is beskikbaar in die vorm van reën, riviere, moerasse, mere, mensgemaakte damme en grondwater.

Vars water word oor en oor beskikbaar gestel deur die watersiklus, maar die hoeveelheid wat beskikbaar is, word nie meer of minder nie: die water wat ons vandag drink, is dieselfde water wat die dinosourusse miljoene jare gelede gedrink het.

Dit is teoreties moontlik dat ons vars water vinniger kan gebruik as wat dit weer deur die natuur vir ons beskikbaar gestel word.

Dié moontlikheid word in ons tyd 'n werklikheid weens bevolkingsgroei, die onvolhoubare onttrekking van grondwater en die droogpomp van riviere.

Dis nie net mense wat water vir hul huishoudings gebruik nie: nywerhede, landbou en die natuur is ook aangewese op water.



Sowat **70%** van beskikbare vars water word deur landbou gebruik, en namate die wateraanvraag vir landboudeleindes toeneem, is daar minder vars water beskikbaar vir huishoudelike gebruik en die natuur se ekologiese funksies.


Namate die wêreldbevolking groei, raak die beskikbare water vir huishoudelike gebruik óók al hoe minder”.

So, wat kan jy doen om te help?

- Draai die kraan toe terwyl jy tandeborsel, hande of gesig was.
- Stort eerder as bad.
- Moenie lank stort nie. 1 Minuut se stort gebruik 20 liter water.
- Indien jy verkies om te bad, moenie die bad vol maak nie.
- Maak die ketel vol met net die hoeveelheid water wat jy gaan gebruik. Dit sal elektrisiteit ook spaar.
- Gebruik gryswater om plante in die tuin nat te gooi.
- Gebruik 'n emmer as jy 'n kar was, eerder as 'n tuinslang.
- Baie water gaan verlore met 'n lekkende toilet of kraan.

13. DIE VERKENNER VERDUIDELIK WAT ENTREPRENEURSKAP IS.

Wat is 'n entrepreneur? Dit is iemand wat:



Eienskappe van 'n entrepreneur



Daar is ongelukkig geen formule om vinnig ryk te word nie en om te werk is natuurlik ook nie speletjies nie. Een van die moeilikste lesse in die lewe is dat jy soms goed gaan moet doen waarvan jy nie hou nie. Jy gaan ook saam met mense moet werk wat nie noodwendig jou vriende is nie. Dis moeilik. Die lewe is nie maklik nie. Maar daar is goeie nuus: Enigiemand kan suksesvol wees. Boonop is 'n universiteitsgraad nie 'n voorvereiste nie.

Maak 'n sukses van jou onderneming

- ☐ **Wat weet jy?** Wees bewus van wat jy weet en wat nie. Jy moet werk maak daarvan om uit te vind wat nodig is om jou spesifieke doelwit te bereik. Praat met mense in die bedryf en doen deeglik navorsing.
- ☐ **Vra altyd hoekom.** Wees nuuskierig en vra uit! Daar is nie so iets soos 'n dom vraag nie. Jy sal dalk verbaas wees oor hoeveel mense bereid is om jou te help.
- ☐ **Moet nooit ophou leer nie.** Moet nooit dink jy weet alles nie – daar is altyd iets nuuts om te ontdek. Enigiemand kan vir jou 'n leermeester wees.
- ☐ **Leer uit ander se foute.** Veral as jy nog jonk is, is dit 'n goeie idee om 'n mentor te hê – iemand wat jou touwys kan maak en jou uit hul ervaring lesse kan leer. Om self al die taai lesse in die sakewêreld te leer is duur; kry liever pitkos uit ander se ervarings.
- ☐ **Jou houding bepaal alles.** Moenie dat jou agtergrond of uitdagings 'n verskoning raak nie. Baie suksesvolle mense moes talle struikelblokke oorkom om sukses te behaal. "Ja, ek kan!" behoort altyd jou houding te wees.
- ☐ **Jy sal hard moet werk.** Werk is nie kinderspeletjies nie – harde werk is al wat jou bo jou mededingers sal laat uitstyg. Daar is geen plaasvervanger daarvoor nie!
- ☐ **Wat is jou waardes?** Maak seker jou dade wys jy is betroubaar, eerlik en pligsgetrou. En wees betyds! Die wêreld gaan nie wag tot jy jou sokkies opgetrek het nie.

- ☐ **Byt vas.** Moenie tou opgooi nie, selfs al is dit moeilik. Die lewe is vol teleurstellings. As jy sukses wil behaal, soek 'n manier om iets uit daardie teleurstellings te leer en dit in 'n sukses verander.
- ☐ **Wees spaarsamig.** Moenie onnodig spandabelrig wees nie, veral wanneer jy 'n onderneming begin. Wees ook versigtig om skuld aan te gaan. As jy bespaar, leer dit jou dissipline.
- ☐ **Kommunikeer.** Praat met mense en loof hulle vir goeie werk. Mense geniet dit om saam te werk met mense wat hul behoeftes duidelik oordra en harde werk kan raaksien.
- ☐ **Skep diversiteit.** Ons almal hou van mense wat nes ons dink, maar dis nodig om na meer as een mening te luister. Jy het nooit al die antwoorde nie, maar dalk kan iemand met 'n ander blik op die lewe met 'n interessante oplossing of idee vorendag kom.
- ☐ **Ondernemings gaan oor mense.** Om 'n suksesvolle onderneming te bestuur, moet jy mense hê wat jy kan vertrou om die werk gedoen te kry. Ondernemings gaan nie bloot oor geld of ontledingstate nie, dit gaan oor verhoudings.

Voortrekkers moet van jongs af leer om geleenthede te identifiseer waar fondse gegenereer kan word. Hier is 'n paar idees rondom entrepreneurskapsvaardighede. Leer entrepreneurskapsvaardighede deur 'n besigheidsplan saam te stel om spanfondse te genereer.

- Identifiseer 'n doelwit waarvoor die span fondse mag nodig hê. Iets waaroor almal in die span opgewonde kan raak. Dit kan moontlik 'n spankamp, toer, gebiedskamp, uitstappie of tent wees.
- Kies 'n teikenmark aan wie jy 'n produk of diens wil lewer.
- Bepaal moontlike behoeftes – produkte of dienste wat mense in die omgewing moontlik mag nodig hê. Dink aan iets eenvoudig waaraan niemand nog gedink het nie.
- Maak 'n lys van alle idees en besluit saam op een of twee wat die span self sal kan doen. Hou koste, tyd en gewildheid in gedagte. Dink aan nuwe, kreatiewe en oorspronklike idees.
- Maak ook 'n lys van die talente waaroor die spanlede beskik, bv. musiek, kuns, drama of kosmaak.
- Bespreek die moontlike hulpbronne in die span. Is daar dalk 'n ouer wat kan help om bestanddele in grootmaat teen lae koste aan te koop?
- Toets die idees. Bespreek die plan met lede van die teikenmark om te bepaal of hulle van die diens sou gebruik maak of die produk sou koop as dit beskikbaar is.
- Bemerk: Hoe gaan die produk geadverteer word? Plakkate of strooibiljette, elektronies of sosiale media bv. Facebook.

Wenke:

- Kies die maklikste, mees realistiese produk of diens wat julle kan bied.
- Bepaal wat elke spanlid se verantwoordelikheid is: Wie help maak, wie verkoop, wie bring kleingeld/tafeldoek/tafel ens.?
- Die belangrikste is om jou kliënte tevrede te stel, sodat hulle jou weer wil ondersteun.
- Onderhandel met jou naaste supermark om bestanddele goedkoper of geborg te kry.
- Nader 'n entrepreneur/sake-eienaar wat met die span kan kom gesels oor entrepreneurskap.
- Gebruik die sakemodel palet (www.businessmodelgeneration.com) om 'n sakeplan op een bladsy te skep. Die volgende aspekte word aangespreek:

Sleutelvennote: Wie is die sleutelverskaffers? Persone wat moet help?	Sleutelaktiwiteite: Wat moet ons doen om waarde te bied; om inkomste te kry; om kliëntverhoudings te bevorder? Sleutel-hulpbronne: Watter vaardighede het ons nodig? Wie moet help met watter aspek?	Waardevoorstel: Wat bied ons aan? Watter waarde kry ons kliënte? Watter behoefte bevredig ons?	Kliëntverhoudings: Hoe kry en behou ons kliënte? Kanale: Deur wie verkoop ons aan die kliënte?	Kliëntsegmente: Wie is die teikenmarkte? Watter groep kliënte kry die beste waarde by ons? Wie is die belangrikste kliënte?
Koste: Wat gaan ons die meeste kos? Hoe kan ons koste spaar?		Inkomste: Waarvoor sal die kliënte betaal? Wat bepaal die pryse wat ons kan vra?		

14. DIE VERKENNER WEET HOE OM VERSKILLENDENOODSITUASIES TE HANTEER.

Algemene veiligheidswenke

Wees bewus van daardie dinge wat die veiligheid van jou en jou gesin bedreig en tree voorkomend op. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar. Hier is 'n paar wenke wat jy by die huis behoort toe te pas:

- Alle noodnommers moet by die telefoon op 'n kaartjie sigbaar wees. Dit sluit die nommers van die brandweer, polisie, hospitaal, ambulansdiens, ouers se werknommers en die buurman se huisnommer in. Laai hierdie nommers ook op jou selfoon.
- Moenie vreemdelinge in jou huis toelaat as jy alleen is nie, al is dit vir een of ander aflewering of diens wat die persoon kom lewer.
- Moet nooit vir iemand vertel dat jy alleen by die huis is nie. Dit maak jou kwesbaar as die verkeerde mense dit te hore kom.
- Hou alle veiligheidsdeure, hekke en die motorhuis gesluit.
- Moet nie onnodig artikels soos fietse, speelgoed en tuingereedskap in die erf laat rondlê nie, veral nie in sig van die straat af nie. Dit spoor misdadigers aan om dit te steel.
- Haal gereeld die pos uit die posbus. Reël dat iemand die pos gereeld uithaal en kanselleer die koerant as julle met vakansie of weg van die huis af is. Dit gee 'n aanduiding vir inbrekers dat julle nie by die huis is nie.
- Laat 'n lig aan as jy uitgaan sodat daar lig is as jy terugkom.
- Wees op die uitkyk vir onbekende persone wat rondstaan in die straat voor jou huis.
- Ken jou bure en beplan saam vooraf hoe julle optree in 'n krisis.
- Hou 'n goeie wag hond aan. Dit dien as 'n afskrikmiddel en gee 'n waarskuwing as daar gevaar is.
- Speelplekke van klein kinders wat alleen is, moenie voor in die erf wees nie.
- Kinders moenie gesprekke aanknoop met vreemdelinge nie.



Voorkoming van brande in die huis

Die meeste mense wat weens brand sterf, sterf in hul eie woonhuise. Die meeste van hierdie brande kon voorkom gewees het as die mense meer veiligheidsbewus was. Om paraat te wees, beteken dat jy bewus moet wees van alle moontlike situasies en gevare wat kan lei tot 'n brand en wat daardie gevare en situasies kan uitskakel.

Inkopies doen


Die Verbruikersraad het bepaal dat winkels in digbevolkte gebiede waar werkloosheid en misdaad hoog is, kwesbaar is vir gewapende roof. Navorsing toon dat gewapende rowers baie meer georganiseerd en gevaarlik is in groter, besiger supermarkte. Hulle teiken supermarkte en winkelsentrums waar die sekuriteitsmaatreëls nie na wense is nie. Hulle gunstelingteikens is winkelsentrums waar maklike toegang en uitgang van en na parkeergebiede, beskikbaar is. Wees van die volgende bewus as jy inkopies doen:

- Rowers verkies naweke as die kasregisters vol is na die naweek se verkope, om toe te slaan. Die spitsyd vir gewapende roof is tussen 11:00 en 13:00 en 18:00 en 20:00, net voor die winkels sluit. Vermoedlik hierdie tye om inkopies te gaan doen.
- Voel vry om inkopies te doen maar wees op die uitkyk vir verdagte persone.
- Moenie waardevolle items in die waentjie los nie.
- Hou jou waardevolle besittings ongesiens in jou handsak of in jou klere, en maak seker dat jou handsak behoorlik toe is.
- Moet nie kinders toestemming gee om alleen toilet toe te gaan nie. Publieke toilette is gebiede waar molestering kan plaasvind.
- Moet nooit jou beursie of selfoon op die tafel in 'n restaurant sit nie. Bêre dit uit die oog.
- As 'n gewapende rower jou konfronteer, moenie sommer teenstand bied nie. Gee vir hom wat hy wil hê. Geen eiendom is jou lewe werd nie. Rowers gee nie om of jy lewe of sterf nie. In 4% van gewapende rooftogte is persone gedood en in 22% iemand beseer.

OTM

Baie persone is al by OTM's op slinkse maniere beroof. Om te voorkom dat dit met jou gebeur, moet jy wakker wees. Voordat jy geld by 'n OTM trek, kyk rond en vergewis jou van wie in die omgewing is en verdag voorkom. Indien daar persone in 'n groepie rondstaan en lyk of hulle niks het om te doen nie, soek 'n ander OTM om geld te trek. Let op die volgende as jy geld trek:

- Staar naby aan die masjien sodat ander persone nie jou nommer sien wanneer jy jou pinkode intik nie. Gebruik jou hande en liggaam as 'n skerm as jy jou pinkode intik. Onthou jou pinkode is die sleutel tot jou bankrekening.
- Indien jy iets suspisies sien, stop en soek 'n ander OTM.
- Moenie jou pinkode aan enige persoon gee nie. Nie eens aan 'n bankbeampte nie. 'n Bankbeampte het nie jou pinkode nodig om jou met iets by te staan nie.
- Moenie hulp van 'n vreemdeling by 'n OTM aanvaar en toelaat dat jou aandag afgetrek word as jy besig is om 'n transaksie uit te voer nie. Indien iemand probeer om jou aandag af te trek, druk kanselleer, neem jou kaart en verlaat die OTM.
- Indien iemand probeer om jou by te staan by die OTM en jy voel veiliger om saam te speel, sleutel 'n verkeerde pinkode in en verlaat die OTM onmiddellik.
- Maak seker dat die kaart in jou besit joune is voor en na elke transaksie.
- Merk jou kaart vir maklike identifikasie. Moenie jou geld by die masjien tel nie.



Kaping

Indien jy 'n slagoffer in 'n kapingsdrama is, moet jy jou nooit teësit of met hulle redeneer nie. Gee vir hulle wat hulle wil hê. Jou lewe is baie meer werd as die voertuig of jou besittings. Vir jou eie veiligheid, hou by die volgende wenke:

- Bly kalm.
- Moet nooit die aanvaller in die oë kyk nie. Indien hy dink jy sal hom kan uitken, kan hy van jou ontslae raak.
- Hou jou hande op die stuurwiel binne sig van die persoon. Hy moet nie die indruk kry dat jy dalk 'n wapen by jou het nie.
- Moet nie enige vinnige beweging maak nie. Dit kan jou jou lewe kos.
- Klim uit die voertuig met jou hande bo jou kop en beweeg weg van die voertuig. Moet nie direk na die aanvallers kyk nie en vermy oogkontak.

15. DIE VERKENNER VERDUIDELIK BURGERLIKE PROTES.

Hoofleier Tom Dreyer skryf:

“DIE TYD TOE AFRIKANERS 'N JUIGKOMMANDO WAS WAT NET GEREELD EN REG MOES STEM, TERWYL GROOT LEIERS DIE DINGE DOEN, IS VERBY. VORENTOE, AS ONS AS 'N KULTUURGROEP WIL OORLEEF, SAL ELKEEN MOET OPSTAAN ...”

Suid-Afrika word geteister deur radikale en gewelddadige vorme van burgerlike protes. Onder Afrikaners vind burgerlike protes meer genuanseerd plaas aan die hand van hofsake, mediaveldtogte, debatte, niebetaling van e-tol.

Verkeerde vorme van burgerlike protes lei tot nuwe rassisme en verharding van verhoudings en radikaliserings van politieke aktiwiteite. Die Voortrekkers streef na positiewe verhoudings met alle gemeenskappe en keur rassisme in enige vorm ten sterkste af.

Nie alle vorme van burgerlike protesaksies is vir Die Voortrekkers aanvaarbaar nie.

- Die Voortrekkers dryf nie 'n bepaalde politieke agenda nie.
- Lede van Die Voortrekkers behoort aan verskillende politieke partye.
- Die Voortrekkers is nie 'n politieke drukgroep nie.


Burgerlike protes staan nie vreemd aan Afrikaners se geloofstradisie nie. Ongeag kerkverband bevind die meeste Afrikaners hulleself in 'n protestantse geloofstradisie. Om te protesteer totdat dit wat in die samelewing verkeerd en onbillik is, reggestel is aan die vereistes van God se Woord, lê in die hartklop van ons Protestantse erfenis.

Burgerlike protes staan ook nie vreemd aan ons geskiedenis nie. Dink maar net aan Adam Tas se protes teen die korrupsie van die VOC, die Hugenote, die wyse waarop Pieter Retief op die Oosgrens die media gebruik het om beswaar aan te teken, die duisende Afrikanervroue se optog ná die Rebelle vir die vrylating van generaal De Wet. Selfs aksies soos die Helpmekaar-beweging was 'n vorm van burgerlike protes.

In 'n demokrasie het burgers die reg en die verantwoordelikheid om die regering te kritiseer en selfs te opponeer as dit nodig word, as die regering nie in die gees van die grondwet optree nie. Burgerlike protes is 'n voorwaarde vir 'n volwasse demokrasie. Die opposisieparty met wie Die Voortrekkers geskakel het, het die noodsaaklikheid beklemtoon dat Afrikanerkinders 'n nuwe politieke woordeskat en die kuns van beïnvloeding moet leer, wat hulle toerus om saakmakend en geloofwaardig standpunt in te neem deur deel te neem aan die openbare debat.

Burgerlike protes is 'n geleentheid waar Afrikaners praktiese raakpunte vind met ander groeperinge oor sake wat almal raak, bv. gebrekkige elektrisiteitsvoorsiening, misdaad, korrupsie, armoede en so meer. In die gemeenskaplike protes oor sake van landsbelang ontdek ons ook gemeenskaplike toekomsideale en grond vir samewerking.

16. DIE VERKENNER MAAK KENNIS MET DIE GRONDWET EN HANDVES VAN REGTE.



Demokrasie

Die eenvoudige omskrywing van 'n demokratiese sisteem is dat mense van 'n land deur hulle stemreg inspraak moet hê in hoe en deur wie die land regeer moet word.

Daar is verskeie vorme van demokrasie regoor die wêreld. Dit sluit in demokratiese stelsels waar die weners van die meerderheidstem alle mag bekom tot stelsels waar maatreëls geskep word om minderheidsgemeenskappe, wat weens hul klein getalle nooit 'n verkiesing kan wen nie, inspraak te gee in sake wat hulle direk raak.

Grondwetlike demokrasie

In Suid-Afrika het ons 'n grondwetlike demokrasie. Dit beteken dat daar 'n geskrewe Grondwet is wat die verhouding tussen die regering en die burgers beheer. Die regering word op die meerderheidsbeginsel saamgestel en daar word nie voorsiening gemaak vir minderhede om wesenlike inspraak uit te oefen op regeringsbesluite rakende sake wat hulle direk raak nie.

Suid-Afrika beskik oor 'n veelpartystelsel, wat beteken dat daar verskillende partye is wat teenoor mekaar staan en mekaar verantwoordelik hou vir hul doen en late. Die regering (president en sy kabinet) moet verantwoording doen aan die parlement as die verteenwoordiger van die kiesers. Die regeringsproses moet deursigtig en volgens die reg geskied. Die houe het die gesag om regeringsoptrede aan die reg te toets en ongeldig te verklaar as dit bots met die reg.

'n Veelpartystelsel wat op die meerderheidsbeginsel geskoei is, werk veral goed in homogene gemeenskappe, waar die mag gereeld tydens verkiesings verwissel word tussen verskillende partye. In heterogene gemeenskappe gebeur dit egter dikwels dat die meerderheidsbevolking vir een party stem en minderhede vir 'n ander, met die gevolg dat daar 'n magswanbalans ontstaan, met een groot party en 'n klein opposisie.

Die Konstitusionele Hof

Artikel 2 van die Grondwet bepaal dat die Grondwet die hoogste gesag in Suid-Afrika is. Dit beteken dat enige wet wat teenstrydig is met die regte wat in die Grondwet uiteengesit word, ongeldig is en nie toegepas mag word nie. Dit is waarom daar 'n Konstitusionele Hof in Suid-Afrika is. Die Konstitusionele Hof se taak is om te beslis oor gevalle waar mense glo dat die Grondwet geskend word.

As die Hof byvoorbeeld beslis dat 'n nuwe wet teenstrydig met die Grondwet is, sal die Hof 'n verklaring maak dat die wet "ongrondwetlik" is. Dit beteken dat die wet nie geldig is nie en nie toegepas mag word nie.

Die Handves van Regte

Die Grondwet is 'n lang dokument en bestaan uit 14 hoofstukke. Een van die belangrikste hoofstukke in die Grondwet is hoofstuk 2. Hoofstuk 2 van die Grondwet staan ook bekend as die "Handves van Regte". Die Handves van Regte gee 'n uiteensetting van wat almal in die land se basiese menseregte is.

Die Handves van Regte bepaal die verhouding tussen die regering van ons land en die burgers – dis nou ek en jy.

Dit is belangrik om te onthou dat geen mensereg absoluut geld nie en dat menseregte beperk kan word. Daar is byvoorbeeld billike perke wat geld by menseregte om vrede en orde te laat geskied.

Die twee beperkings is:

- Dat ons mekaar se regte respekteer. Jy kan dus nie enigiets sê, skryf of publiseer wat disrespekvol is teenoor iemand en dan aanspraak maak op vryheid van spraak nie.
- Die Handves van Regte skryf vir ons voor onder watter omstandighede en voorwaardes menseregte deur die wet beperk kan word.

Dit is belangrik dat elke persoon in hierdie land weet wat sy of haar regte is. As jy nie weet wat jou regte is nie, gaan jy nie weet wanneer jy op jou regte mag aanspraak maak nie en ook nie hoe om dit te doen nie. As jy weet wat jou regte is, gaan jy ook makliker met mense kan debatteer wanneer jy van mening is dat jou regte geskend word. Daarom is dit belangrik dat jy self die moeite doen om hoofstuk 2 van die Grondwet te lees. Wat hier volg, is 'n kort opsomming van die Handves van Regte:

Gelykheid

Daar mag nie onbillik teen jou gediskrimineer word nie, maar rassediskriminasie as gevolg van regstellende aksie word toegelaat. Die Grondwet beskryf dit as "billike diskriminasie".

Menswaardigheid	Jou waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.
Lewe	Jy het die reg op lewe. Hierdie reg het byvoorbeeld daartoe gelei dat die Konstitusionele Hof verklaar het dat die doodstraf ongrondwetlik is en nie meer toegepas mag word nie.
Vryheid en sekerheid van die persoon	Jy mag nie sonder verhoor aangehou, gemartel of wreed gestraf word nie. Huishoudelike geweld word nie toegelaat nie.
Slawerny, knegskap en gedwonge arbeid	Slawerny, knegskap en gedwonge arbeid word verbied.
Privaatheid	Jou privaatheid moet gerespekteer word. Jy mag nie deursoek, afgeluister word, of jou huis en besittings mag ook nie deursoek word nie, behalwe as die polisie die nodige prosedures gevolg het. (Hulle moet 'n dokument wat bekendstaan as 'n "lasbrief" kan wys as bewyse dat hulle die prosedures gevolg het.)
Vryheid van godsdienst, geloof en opinie	Jy mag dink en glo wat jy wil en jy mag die godsdienst van jou keuse beoefen.

Vryheid van spraak	Alle mense mag sê wat hulle wil, solank dit wat jy sê nie propaganda vir oorlog, aanhitsing tot geweld of haatspraak is nie. Haatspraak is iets wat jy sê wat duidelik beskou kan word as dat dit haat teen 'n ander groep aanmoedig. Die Hof het in AfriForum se guns beslis dat Julius Malema haatspraak gepleeg het deur liedjies soos "Skiet die Boer" te sing.
Vergadering, betoging, linievorming en petisionering	Jy mag vreedsaam en ongewapen vergaderings en betogings hou en petisies opstel en voorlê.
Vryheid van assosiasie	Jy mag jou assosieer met wie jy ook al wil.
Politiese regte	Jy kan vir 'n politieke party van jou eie keuse stem en selfs jou eie party stig as jy wil. As jy 'n burger is en ouer as 18 is, mag jy stem.
Burgerskap	Jou burgerskap mag nie van jou af weggeneem word nie.
Vryheid van beweging en woonplek	Jy mag na enige plek in Suid-Afrika gaan en woon waar jy wil. (Hierdie reg beteken nie dat jy enige persoon se privaat grond mag betree nie, want dan skend jy die persoon se reg op privaatheid en eiendomsreg.)
Vryheid van handel, werk en professie	Jy mag enige werk doen waarop jy besluit.
Arbeidsverhoudinge	Jy mag by 'n vakbond aansluit en jy mag staak.
Omgewing	Jy het 'n reg om in 'n gesonde omgewing te leef.
Eiendom	Jy het reg op privaat besit van eiendom. Die staat mag egter jou eiendom van jou af wegneem (dit "onteien") as sekere prosedures gevolg word en die staat kan bewys dat dit in die "openbare belang" is.
Behuising	Jy het 'n reg op toegang tot behoorlike behuising en die staat moet hierdie reg beskerm.
Gesondheidsorg, kos, water en maatskaplike sekuriteit	Die regering moet sorg dat jy toegang het tot gesondheidsorg, kos, water en maatskaplike sekuriteit.
Kinders	Kinders onder die ouderdom van 18 jaar het spesiale regte, soos die reg om nie mishandel te word nie.
Onderwys	Jy het die reg op basiese onderwys, ongeag hoe oud jy is. Jy het ook die reg op basiese onderwys in die taal van jou eie keuse, waar dit prakties moontlik is.
Taal en kultuur	Jy kan die taal gebruik wat jy wil en die kultuur van jou eie keuse beoefen.
Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe	Jy kan jou kultuur, godsdienste en taal in gemeenskap met ander beoefen of gebruik soos jy wil.
Toegang tot inligting	Jy het die reg op toegang tot enige inligting wat die regering het, veral as dit jou raak.
Billike administratiewe optrede	Jy het 'n reg op regverdige optrede.

Toegang tot die hof

Jy het 'n reg om hof toe te gaan wanneer jy 'n regsprobleem het.

Gearresteerde, aangehoude en beskuldigde persone

Hierdie artikel beskerm die regte van mense wat gearresteer is, in die tronk is of van 'n misdaad beskuldig is. As jy van 'n misdaad aangekla en gearresteer word, mag jy byvoorbeeld nie vir langer as 48 uur in die tronk sit voordat jy 'n kans kry om jou saak in 'n hof te stel nie.

Beperking van regte

Wanneer regte teenstrydig is of bots, bepaal die hof watter reg ingeperk kan word. Het jy al ooit gewonder hoe bepaal die hof of 'n beperking op menseregte wettig is?

Om dit te bepaal, gebruik die Konstitusionele Hof vyf faktore, naamlik:

- Die belangrikheid van die betrokke mensereg as dit vergelyk word met ander menseregte. So is die reg op lewe belangriker as die reg om jou kultuur te beoefen.
- Die belangrikheid van die doel van die beperking. Dit beteken dat 'n wettige en goeie rede moet wees om die beperking op te lê al dan nie.
- Die ernstigheid van die beperking. Hier moet die hof bepaal hoe ver die beperking inbreuk maak op die reg. Die beperking moet pas by die doel waarvoor die beperking opgelê is.
- Die verband tussen die beperking en wat bereik gaan word deur die beperking.
- Minder drastiese maniere om die doel van die beperking te bereik. Hier moet die hof vasstel of daar ander maniere is waarop die doel bereik kan word as deur die betrokke beperking.

Grondwetlike regte in teorie en praktyk

Dit is belangrik dat jy verstaan dat die feit dat daar sekere regte deur die Grondwet voorgeskryf word, nie beteken dat daardie regte van jou nooit geskend gaan word nie. 'n Grondwet kan hom nie self in stand hou nie en bied opsigself nie absolute waarborge nie.

Dit kan gebeur dat iemand teen jou diskrimineer op grond van jou taal, selfs al staan daar in die Grondwet dat hulle dit nie mag doen nie. Dit is waarom dit belangrik is om nie net te weet wat jou regte is nie, maar ook dat jy bereid moet wees en weet hoe om jou eie en ander se regte te beskerm.

Wanneer daar in die Grondwet staan dat jy byvoorbeeld 'n reg het om in onderwys in die taal van jou eie keuse skool te gaan, maar die departement van basiese onderwys dwing jou skool byvoorbeeld om Afrikaans as onderrigtaal af te skaf, beteken dit dat jou regte geskend word. As dit gebeur en jy dring nie op jou regte aan nie, beteken dit dat jou reg op onderwys in die taal van jou keuse 'n blote "papierreg" word.

'n "Papierreg" is 'n reg wat in die Grondwet geskryf is en dus op papier bestaan, maar wat nie in die praktyk neerslag vind nie.

Hoewel die Grondwet regte aan almal waarborg, gebeur dit elke dag dat mense se regte geskend word. Die mense wie se regte nie geskend word nie, is die mense wat hul regte ken en bereid is om dit te beskerm.

17. DIE VERKENNER BIED VAARDIGHEID SPELETJIES AAN.

Bewegingspeletjies

Sakhokkie

Hiervoor het jy 'n opgestopte sak ("bal") en twee hokkiestokke nodig. Maak twee doelpale. Stoele kan gebruik word vir die doelpale.

Twee spanne neem deel, nie meer as tien aan 'n kant nie. Hulle kry nommers van 1 tot 10. As die skeidsregter 'n nommer uitroep, moet die spelers die stokke wat in die middel van die vloer neergesit is, opraap en die sak begin "slaan". Die opgerolde sak word soos 'n bal gebruik. Net soos by hokkie, moet die sak in die doelhok geslaan word (in dié geval die stoele se pote). Laat almal 'n beurt kry. Die span met die meeste doele is die wenners.

HIERDIE SPELETJIE KAN OOK IN 'N SAAL GESPEEL WORD. WEES VERSIGTIG VIR DIE HOKKIESTOKKE. KINDERS KAN BAIE HARD NA DIE BAL SLAAN EN DIE OPPONENT PER ONGELUK RAAKSLAAN

Maak seker die spanne weet watter kant hulle doelpale is. Dieselfde nommers kan teenoor mekaar staan. As die bal uit die gebied geslaan word, bring die skeidsregter die bal na die middel terug. GEEN van die ander spanlede mag die bal slaan of skop nie, slegs die twee in die middel. Opgerolde koerante kan ook as stokke gebruik word en 'n opgestopte kous vir 'n bal.

Ballonspeletjies

Ballontennis

Spelers word in twee gelyke rye verdeel, span A en span B.

Die spanne staan/lê so 1-1½ meter teenoor mekaar. Een ballon word opgeblaas.

Die ballon word nou van 'n spanlid A na 'n spanlid B geslaan en weer van 'n spanlid B na 'n spanlid A. Elke span probeer om die ballon weer terug te slaan na die ander span. Die doel van die ballontennis is om die ballon so lank as moontlik in die lug te probeer hou.


Die span wat die minste kere die ballon op die grond laat val het, is die wenners.

Variasie: Die ballon kan met die voete in die lug gehou word, terwyl die spelers op die rug lê.

Balspeletjies

Mikkertjie

Elke speler of span kry 'n sekere hoeveelheid gekleurde balle. Deelnemers staan in 'n afgemerkte kring om 'n emmer wat in die middel van die kring geplaas is. Wanneer die fluitjie blaas, moet hulle probeer om die balle in die emmer te gooi. As hulle misgooi, mag hulle die balle gaan optel,





maar moet eers weer op die afgemerkte kring gaan staan voordat hulle mag gooi. Die eerste een wie se balle almal in die emmer is, is die wenner.

Spelers kan ook in 'n ry staan en een vir een 'n beurt kry om die balle in die emmer te gooi. Dui aan van waar die deelnemers moet gooi. Indien die deelnemer al die balle gegooi het, is dit die volgende een se beurt. Elke deelnemer tel die aantal wat in die emmer beland. Die plek van waar gegooi word, kan ook verskuif word, nadat almal 'n beurt gekry het. Begin met maklik en skuif dan elke keer die plek bietjie verder.



'n Variasie van die speletjie is om die emmer met kartonbokse te vervang. Verseël die bokse en sny verskillende grootte gate in elke boks, een per boks. Skryf op elke boks die punt wat die deelnemer ontvang as hy/sy 'n bal in die gaatjie gooi. Die bokse met die groter gate verdien minder punte as dié met klein gate. Plaas die bokse in 'n ry en trek 'n streep waaragter die deelnemers moet staan, so 3 tot 5 meter van die bokse af. Elke deelnemer kry dan 'n aantal balle om te gooi. Die deelnemer met die meeste punte wen.

Waterspeletjies

Blik met gate

Gebruik 'n 910 gram-konfytblik.

Kap ongeveer 10 gate in die blik op verskillende hoogtes en van verskillende groottes.

Water word met die blik uit 'n bak/emmer/drom, gevul met water, geskep.

Die gate in die blik word met die hande/vingers toegehou.

Die water moet in 'n leë houer ongeveer 10 treë voor die spanlid gegooi word.

Kyk wie se houer eerste vol is of wie die meeste water binne 'n sekere tyd gedra het.

Slimspeletjies

30 sekondes

Verdeel 'n Voortrekkerspan in spanne van twee lede. Indien die span uit 'n ongelyke aantal lede bestaan, kan meer lede by 'n span ingedeel word.

Begin met 'n span. 'n Speler trek 'n kaartjie. Die speler het 30 sekondes om die woorde op die kaartjie te verduidelik. Sy/haar spanmaat moet uit die verduideliking raai wat die woord is. Geen woord of gedeelte van 'n woord wat op die kaartjie is, mag gebruik word in die verduideliking nie. Indien die woord wat die speler moet verduidelik Gebiedskamp is, mag die woord kamp of gebied nie in die verduideliking gebruik word nie. Die speler kan die woorde in enige volgorde verduidelik.

Die span kry die aantal punte van die aantal woorde wat hulle reggekry het.

Die volgende span kry dan 'n beurt. Aan die einde word die punte bymekaargetel.

Daar moet beurte gemaak word vir verduideliking en woorde raai. As die speler die een rondte verduidelik het, moet hy/sy die volgende rondte die woorde raai.

Skryf- en tekenspeletjies***Maak die slot oop!***

Hierdie speletjie verg bietjie dinkwerk. Dit kan met syfers of woorde gespeel word. Hoe jonger die spanlede, hoe korter die kombinasie syfers of letters waaruit die woord bestaan. Om dit moeiliker te maak, kan syfers of letters herhaal word, bv. 1252 of DIENAAR.

Begin deur te sê jy het vier unieke syfers gekies. Die span moet dan raai wat die syfers is. Die syfers moet reg wees, asook in die regte posisie om die slot oop te maak. Dui elke keer aan watter syfers reg is. 'n Regmerk die dui aan dat die syfer reg is, 'n sterretjie dui aan dat die syfer reg is en in die regte posisie is en 'n kruisie dui aan dat die syfer verkeerd is.

3✓	5X	1X	6X
7*	4✓	3✓	2X
7*	3*	4✓	8✓
7*	3*	8*	4*
7	3	8	4

A✓	I✓	O✓	U✓
H✓	J✓	K✓	L✓
M✓	N✓	P✓	R✓
K*	A*	M*	P*
K	A	M	P

Voorbeeld 2 is 'n woord wat bestaan uit 4 unieke letters wat iets met Voortrekkers te doen het. Hierdie aktiwiteit kan ook tydens 'n nagmars of skattejag by 'n punt gebruik word. Die spanlede kan raai tot die aantal blokkies (rye) vol is.

18. DIE VERKENNER BEPLAN 'N STAPTOER.

Staptoere is 'n populêre ding. Enige persoon met twee voete kan daaraan deelneem – op een of ander vlak. Vir Voortrekkers is hierdie aktiwiteit baie spesiaal.

Stap is 'n sosiale geleentheid waar ek en jy kwaliteittyd saam met Voortrekkervriende kan spandeer. Die saam sweet, saam swaarkry en saam seer voete kry, bou kameraadskap soos geen sport nie. As jy eers een keer gestap het, word jy spontaan 'n lid van 'n stapgemeenskap of -groep – niemand behalwe die stapper verstaan die genot wat uit hierdie soort ontspanning verkry word nie.

Omdat stap gewoonlik in groepe gedoen word, is dit 'n ideale manier om ons Afrikanererfenis te bevorder. Gaan stap gerus by 'n historiese plek of besoek een op pad na julle stapbestemming.

Stap is ook 'n manier om jou land te leer ken. Ons is geseënd om in 'n land te woon met 'n ongelooflike natuurskoon. Ons het baie soorte landskappe en verskillende kimate in een land. Dink aan die grou graniet van die Drakensberge, die blou-blou Kaapse berge met sneeukoppe in die winter, die Tsitsikammawoude met die sifreën van Kersfees tot Kersfees, die Visriviercanyon in die suide van Namibië met sy kraters en klowe in 'n dorre woestynland en, nog altyd, "ons verlate vlaktes". In die kultuurlied "Oranje-blanje-blou" sing ons "Die ruwe bergereekse staan hoog teen awendlug. Soos trotse ewighede wat versteen is in hul vlug ..."

In ons natuur leef jy naby aan jou Skepper. Dit vra net jou om stil te wees en die grootsheid van die hemelruim in 'n maanlignag op ons velde te beleef.

Daar is groot voordele aan stap – dit is 'n avontuur, is gesond, laat jou ontspan, verlig jou stres, voer jou weg van jou skoolwerk, selfoon en die ander jakkalsies wat jou lewe ingewikkeld maak. Staptoere verruim jou gees omdat jy die Here se wêreld verken ...

Soos baie dinge in die lewe is al hierdie goed egter nie net eenvoudig nie. Jy gaan nie een oggend wakker word, 'n T-hemp en plakkies aantrek en sommer die eerste en naaste staproete vat nie. Dan soek jy moeilikheid!

Noodsaaklikhede wat by alle staptoere hoort:

- Kaart van die area/roete waar jy gaan stap – verkieslik met plastiek bedek
- Kompas of satelietskompas
- Koplig/flits met batterye, ekstra batterye en gloeilamp
- Voedsel, noodvoedsel en waterbottel
- Sakmes of veeldoelige gereedskapstel ("Leatherman")
- Stormklere (warm baadjie, reënpak of "poncho", handskoene, ens.)
- Skeidsregterfluitjie
- Noodskuiling/ruimtekombers
- Persoonlike noodhulpstel
- Selfoon



Ander items wat ons op meeste staptoere benodig:

- 5 liter Watersak
- Sakdoek of twee
- Sonbril
- Toilet papier
- Grondseil
- Stappersmatras
- Beker, bord en eetgerei
- Sonblok
- Insekwerende middel
- Dun kunsveseltou
- Potte, panne en skuursponsie
- Potgreep (om warm potte te hanteer)
- Stoof, brandstof en stoofherstelgereedskap
- Tent of ander skuiling
- Slaapsak en stopsak
- Binnelaken
- Herstelgereedskap – draad, tou, naald en gare, pennetjies, ekstra waterbottelprop, ens.
- Kerse of ander beligting
- Kamera, film en ligte verkyker
- Goedkoop horlosie
- Koord om bril op jou kop te hou (indien nodig)
- Klein spieëltjie – metaaltipe
- Persoonlike toiletware
- Rugsakoortreksel
- Geld
- ID-dokument, permitte en paspoort as jy buiteland toe gaan
- Eksta swartsakke en vullissakke
- Klerasie kortbroek, kraaghemp, onderklere, kouse, oortrektrui, hoed en handskoene
- Winterdrag soos benodig – termiese onderklere, mus, donsklere, kamaste, sneeubril, reëndrag, ens.

Riglyne vir stapbeplanning

Ons as Voortrekkers besef dat deeglike voorbereiding en beplanning die wenresep vir 'n suksesvolle stapavontuur is. Hier volg riglyne vir wanneer jy jou stap beplan. Gebruik dit met diskresie, maar oorweeg dit ook behoorlik.

• Fisiese fiksheid

- Sorg dat jy goeie stapstewels het wat jou pas en, indien moontlik, ingestap is. Dit is 'n pyn om later met blase of stukkende voete te stap. Dra wolkouse wat jou voete beskerm. Sommige mense glo daaraan om twee pare op 'n slag te dra. Kort nylonkouse glad en styf teen jou vel in 'n skoen wat ingeloop is, kan ook werk.
- Jy moet ongeveer 3 km per uur kan stap met 'n rugsak wat hoogstens 20% van jou liggaamsgewig dra – vir die beplande tyd en afstand van julle staptog. Dit is raadsaam om jou fiksheid voor die tyd te toets deur met jou rugsak waarin 20% van jou eie gewig “gelaai” is, 'n redelike afstand te stap.
- Gaan vir 'n deeglike mediese ondersoek voor 'n langerige, moeiliker stap. Dit is die moeite werd om enige kwale wat jy onder lede mag hê te identifiseer en te behandel omdat jy nie regtig op die roete wil siek word nie. Byvoorbeeld: griep 'n week of twee voor die tyd lui die alarmklokke.

• Die roete wat julle wil stap – deeglike beplanning is van groot belang.

- Die roete se lengte, die moeilikheidsgraad, die verwagte klimaat en beskikbare fasiliteite is belangrik.
- Die eienskappe van die stapgroep soos ouderdom, geslag, ervaring en die grootte van die groep moet oorweeg word as julle 'n roete kies. Hou 'n deeglike spanpraatjie voor die tyd – as dit moet met 'n telefoonkonferensie of Skype – en praat die toer deur met die groep: die roete, klere, oornagplekke, kos en wat julle benodig vir vervoer, logistieke en finansiële steun. Dink as Voortrekkers aan lekker kampvuuraande – langs die Visrivier is dit op die goudgeel sand – met gepasde sang en afsluitings wat jy nooit sal vergeet nie. En gebruik sommer hierdie spanpraatjie vir spanbou. Jy as Voortrekker sal weet hoe ...
- Reël vir inligting oor sake soos parkeerplek vir die voertuie, beskikbare water, reëls vir vuurmaak, topografiese kaarte en gemerkte roetes.

• Toerusting wat jy benodig

Stapskoene

- Ons het reeds gewys op goeie stapskoene. Stapskoene is jou belangrikste toerusting vir die stap!
- Vergeet van tekkies, hardloop- en velskoene op 'n “seniorroete” – dit is onvoldoende. As jy ver loop oor 'n rowwe terrein is geskikte stapstewels die enigste antwoord.
- Die kenmerke van goeie stapstewels is:
 - Dit bied ondersteuning vir jou enkels – die belangrike gewrig wat jou voete met jou bene verbind.
 - Die hak en toon van die stewel moet stewig en hard wees. Dit is jou kontakpunte met die grond – jou tone gaan gereeld kontak maak met rots en klip en jou hakke is die eerste ding wat kontak maak met die grond as jy stap.
 - Die tong van jou stewel moet water en modder uit jou skoene kan hou.
 - Jou stewels moet, vir jou, lig wees!
 - Versorg jou stewels volgens die vervaardigers se aanbevelings.

Rugsak

- Gemak is die wagwoord. Kies 'n rugsak wat gemaklik sit en genoeg spasie laat op die roete wat julle aanpak.
- Daar is verskillende tipes rugsakke maar die moderne binneraamtipe word aanbeveel.
- Die pak van jou rugsak moet gebalanseerd wees – belangriker items moet makliker bereik kan word as minder belangrikes wat dieper gebêre.
- Neem noodsaaklike items in waterdigte houers of sakkies (Ziplock) in jou rugsak. Nat beskuit (van reën of rivierwater) is nie lekker nie en 'n nat slaapsak gaan vir jou niks beteken nie.
- **Noodhulp**
 - 'n Goeie, gepaste noodhulpstel is belangrik.
 - Dit is nie nodig dat elkeen 'n stel dra nie. Ten minste die stapleier moet een hê.
 - Deesdae kan jy 'n volledige stel by die apteek of buitelelewinkel koop. Dit is nie nodig om self een te bou nie. Onthou om die spesiale medikasie wat jy gebruik, in te pak.
- **Kos**
- **Gevare**
- **Klere**

19. DIE VERKENNER WEET HOE OM 'N VUURWAPEN VEILIG TE HANTEER.

Vuurwapens speel 'n sentrale rol in geweldsmisdaad in Suid-Afrika. Statistiek toon dat vuurwapens 'n groot rol in 'n verskeidenheid misdade speel – insluitende moord, poging tot moord en diefstal. As Voortrekkers besef ons dat iets gedoen móét word om vuurwapenverwante misdaad stop te sit.

Die Wet op Vuurwapens en Ammunisie (Wet 60 van 2000) is een van die maniere waarop gepoog word om misdaad in Suid-Afrika te bekamp. Die wet spreek vuurwapenverwante misdaad streng aan deur vuurwapens wat onwettig besit word, uit die gemeenskap te verwyder en deur te verseker dat meer effektiewe beheer uitgeoefen word oor die wettige besit van vuurwapens.

Vuurwapens is potensieel gevaarlike voorwerpe. Dit is 'n stuk gereedskap in die hand van die mens wat vir goed of kwaad aangewend kan word. Indien die mens boos is, word misdade met die wapen gepleeg; indien die mens goed is, dien die wapen tot beskerming van wetsgehoorsame burgers en verskaf dit genot aan die eienaar.

Die mens, eerder as die wapens, moet beheer word. Die vuurwapeneienaar moet op grond van sy bekwaamheid gekeur word. Verantwoordelikheid en veiligheid is die belangrikste bene waarop hulle bekwaamheid berus. 'n Onverantwoordelike persoon behoort nooit toegelaat te word om wapens te besit of te gebruik nie. 'n Verantwoordelike persoon sal altyd veiligheid eerste stel, en daarom nie 'n gevaar vir homself of ander inhou nie.

Kom ons kyk na 'n paar reëls vir wapenveiligheid:

- Hanteer elke wapen asof dit gelaai is.
- Rig geen wapen op enigiets nie, tensy jy bereid is om die sneller te trek.
- Sorg dat die loop en aksie vry van obstruksies is.
- Geen wapen mag onbewaak gelaat word nie.
- Mens speel NOOIT met wapens nie.
- Gebruik slegs droë, skoon ammunisie van die regte kaliber.

- Opslagkoeëls kan doodmaak so moenie na harde oppervlaktes of 'n watervlak skiet nie.
- Sneller trek eis helder denke: kruit en alkohol meng nie!
- Kennis leer jou respek om wapens te hanteer.
- Maak veiligheid 'n gewoonte want gedane sake het geen keer nie.

OP DIE LISENSIE VERSKYN 'N FOTO VAN DIE PERSOON, SY VINGERAFDRUKKE EN HANDTEKENING.

Lisensiëring van vuurwapens

Geen persoon mag 'n vuurwapen besit indien hy nie in besit is van 'n vuurwapenlisensie, permit of magtiging nie. Die persoon moet oor 'n aparte lisensie vir elke wapen beskik. Op die lisensie verskyn 'n foto van die persoon, sy vingerafdrukke en handtekening, asook die doel waarvoor die wapen gelisensieerd is. 'n Persoon moet ouer as 21 wees om 'n vuurwapenlisensie te ontvang. 'n Lisensie mag nie uitgereik word aan 'n persoon wat nie in besit is van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat nie.

Moet jy enige skietopleiding ontvang voor 'n lisensie uitgereik word?

- Voordat jy vir 'n vuurwapen kan aansoek doen, moet jy eers 'n teoretiese en praktiese skietkursus deurloop het, aangebied deur 'n geakkrediteerde skietopleidingsinstansie.
- Die aansoeker moet goed aangepas wees met 'n stabiele verstandelike toestand; nie geneig wees tot geweld nie en ook nie afhanklik wees van enige gewoontevormende middels nie.
- Die bevoegdheidsertifikaat verval elke vyf jaar. Sertifikaat kan geweier word op grond van misdade gepleeg binne en buite die Suid-Afrikaanse grense.
- Slegs in uitsonderlike gevalle word sertifikaat toegeken aan persone onder die ouderdom van 21.

Mag 'n ander persoon jou vuurwapen gebruik?

Dit mag gebeur mits dit plaasvind onder die vuurwapenlisensiehouer se direkte toesig op 'n veilige plek. Persone wat verstandelik siek of onder die invloed van alkohol of dwelms is, mag nie toegelaat word om met die vuurwapen te skiet nie. Dit is strafbaar met drie jaar tronkstraf.

Wat van addisionele lisensies vir een vuurwapen?

In baie gevalle het 'n persoon een vuurwapen in die huis. Ander persone wat by dieselfde fisiese adres bly, mag aansoek doen vir 'n addisionele lisensie vir dieselfde vuurwapen.

Elke persoon moet in besit wees van 'n bevoegdheidsertifikaat. Wanneer die houer van die primêre lisensie tot sterwe kom of ongeskik raak om die vuurwapen te besit, word die addisionele lisensie ongeldig.

Hoeveel vuurwapens mag jy besit?

Vir selfverdedigingsdoeleindes mag 'n persoon een handwapen besit wat nie outomaties is nie, of 'n haelgeweer wat nie outomaties of semi-outomaties is nie. Slegs een vuurwapen mag vir dié doel besit word. Hierdie lisensie sal geldig wees vir vyf jaar. Vuurwapens wat vir selfverdedigingsdoeleindes gelisensieerd is, mag nie deur sekuriteitspersoneel of vir besigheidsdoeleindes gebruik word nie.

Vir persone wat per geleentheid gaan jag of deelneem aan skiet as sportsoort, word vier vuurwapens toegelaat insluitend die een vir selfverdediging. Elke vuurwapen moet oor sy eie lisensie beskik en hierdie lisensies sal geldig wees vir tien jaar.

Wat van beroepsjag en -skiet as sportsoort?

'n Handwapen wat nie outomaties is nie, 'n haelgeweer of langgeweer wat nie outomaties is nie en 'n semi-outomatiese haelgeweer met 'n magasyn van vyf rondtes maksimum, mag gelisensieer word.

Die persoon moet lid wees van 'n geakkrediteerde jag- of sportklub, wat register moet hou en jaarlikse rekords inhandig. Lisensies sal geldig wees vir tien jaar of so lank soos die persoon by die klub geaffilieer is. Daar word nie in die wet 'n beperking geplaas op die hoeveelheid wapens wat in hierdie kategorie besit mag word nie.

Wat van vuurwapens vir besigheidsgebruik?

Lisensies mag uitgereik word vir enige vuurwapen, uitsluitend verbode vuurwapens, aan sekuriteitsmaatskappye, persone wat geregistreer is om vuurwapenopleiding te gee, persone wat geregistreer is as wildjagters of om jag as besigheid te bedryf. Persone wat geakkrediteer is om vuurwapens te verskaf vir teater- of verfilmingdoeleindes, kan ook lisensies vir dié doeleindes verkry.

Watter wapens word verbied?

Die volgende vuurwapens word verbied: outomatiese vuurwapens of vuurwapens wat verander is na outomatiese vuurwapens, asook militêre vuurwapens soos kanonne en mortiere.

'n Persoon word nie toegelaat om namaaksels van militêre wapens en lope, rame en ontvangers van verbode militêre wapens te besit nie. Vuurwapens waarvan die kaliber of lengte van die loop verander is sonder die toestemming van die registrateur, en vuurwapens waarvan die serienommer of identifikasiemerke verander of verwyder is, word verbode vuurwapens, selfs al is die wapen gelisensieerd.

Hoeveel ammunisie mag 'n persoon aanhou?

Volgens afdeling 90 van hierdie wet mag geen persoon enige ammunisie besit nie, tensy die persoon 'n lisensie vir die vuurwapen het waarvoor die ammunisie aangehou word, of as die persoon 'n permit besit om ammunisie aan te hou, of 'n handelaar, vervaardiger, wapensmid is, of betrokke is by die invoer, uitvoer of vervoer van ammunisie.

**DIE HOUER VAN DIE LISENSIE MAG NIE MEER AS 200 RONDTE
VIR ELKE VUURWAPEN BESIT NIE. HY MAG OOK NIE MEER AS 2400
SLAGDOPPIES VIR HERLAAIDOELEINDE BESIT NIE.**

Die persoon mag wel meer as dié hoeveelheid aankoop en skiet, maar sodra die persoon terugkeer huis toe, mag die hoeveelheid ammunisie in sy besit nie die voorgeskrewe hoeveelheid oorskry nie. Hierdie beperkinge geld nie vir professionele jagters en sportskuts of persone wat gelisensieerd is by die registrateur om meer as 200 rondtes en 2400 slagdoppies te besit nie.

Word 'n persoon toegelaat om dele van 'n vuurwapen te besit?

Die term "dele" beteken 'n slot, 'n brugstuk of 'n glystuk. Geen persoon mag dele van 'n vuurwapen besit nie, tensy die persoon 'n lisensie vir die relevante vuurwapen besit, 'n handelaars-, gewersmid-, vervaardigers-, invoerder-, uitvoerder- of vervoerpermit het.

Wanneer word 'n persoon onbevoeg verklaar om 'n wapen te besit?

'n Persoon word outomaties onbevoeg verklaar indien hy skuldig bevind word aan sekere misdade. Dit sluit vuurwapenverwante oortredings, oortredings verwant aan huishoudelike geweld, dwelm- of alkoholmisbruik, dwelmhandel, verkragting en openbare geweld in. Die SAPD mag persone onbevoeg verklaar om 'n wapen te besit.

Hoe moet 'n persoon 'n vuurwapen in die publiek dra?

'n Handwapen moet in 'n holster of soortgelyke houer wees wat aan die liggaam gedra word, of in 'n rugsak of soortgelyke sak. 'n Vuurwapen moet in 'n houer wees wat ontwerp is vir die doel, geheel en al bedek wees en die persoon moet effektiewe beheer oor die vuurwapen hê.

Hoe moet 'n persoon 'n vuurwapen stoor?

Vuurwapens moet in 'n goedgekeurde kluis wat vas is aan 'n onbeweegbare struktuur (bv. muur) gestoor word. Die regulasies sal duidelik die tipe kluis wat gebruik mag word, spesifiseer.

Die wettige gebruik van 'n wapen teen 'n ander persoon

Slegs in twee gevalle is dit volgens die reg in ons land geregverdig om geweld teen 'n ander persoon te gebruik en die persoon te beseer en selfs dood te maak, nl. noodweer (selfverdediging) en tydens die arrestasie van 'n persoon wat 'n besondere misdaad gepleeg het.

Noodweer

In noodweer verdedig 'n persoon hom teen 'n onregmatige (onwettige) aanval deur 'n ander persoon. In sekere omstandighede mag die verdediger die aanvaller selfs doodmaak.

Noodweer is 'n verweer wat 'n beskuldigde gewoonlik in die hof opper, met ander woorde die persoon wat die geweld toegepas het, word gewoonlik van moord, manslag, poging tot moord of aanranding aangekla en hy opper dan die verweer dat hy uit selfverdediging opgetree het. Alhoewel hy nie sy verweer hoef te bewys nie, moet aan die volgende reëls voldoen word:

- Dit moet 'n onwettige aanval wees. Hy is nie geregtig om homself met geweld te verweer teen 'n wettige aanval nie. Byvoorbeeld, as hy met die rugbybal hardloop, is die opponent geregtig om hom te duik; hy kan hom nie nou skop of slaan omdat hy hom geduik het nie, want die aanval was wettig. Net so mag hy hom nie teen 'n polisieman verset wat hom wettiglik arresteer nie.
- Die aanval moet gerig wees teen sy lewe, 'n ander se lewe of sy eiendom. Alhoewel hy sy eiendom mag beskerm en selfs 'n persoon in die omstandighede mag doodmaak, kyk die howe gewoonlik na die waarde van die eiendom wat beskerm was om te besluit of hy redelik opgetree het.
- Die aanval moet reeds begin het of onmiddellik dreigend wees, maar nie alreeds verby nie. Indien hy teen 'n persoon optree nadat die aanval reeds verby is, tree hy in weerwraak op en dit word nie toegelaat nie. Net so kan hy nie geweld gebruik indien hy bewus raak dat hy later aangeval gaan word nie. Die reg verwag van hom om dan ander middele te gebruik, soos byvoorbeeld om die polisie te kontak.
- Die aanval hoef nie teen die verdediger self te wees nie. Hy kan dus die lewe of eiendom van 'n ander persoon ook beskerm.
- Die verdediging moet teen die aanvaller gerig wees. Indien A jou aanval, mag jy nie vir B beseer of dood nie.

- Die afweerhandeling moet nodig wees om die aanval af te weer. Indien daar ander, minder skadelike, metodes is om die aanval af te weer moet dit eerder gebruik word. Byvoorbeeld, as 'n verhuurder die huurder onregmatig uit die huis wil sit, behoort die huurder gewoonlik nie geweld teen die verhuurder te gebruik nie; hy moet 'n hofbevel kry wat die verhuurder verbied om hom uit die huis te sit.

Die afweerhandeling mag nie meer skadelik wees as wat nodig is om die aanval af te weer nie. Byvoorbeeld, as die aanvaller hom klap, mag die verdediger nie 'n vuurwapen uitpluk en die aanvaller skiet nie. (Dit sal natuurlik 'n verskil maak indien die verdediger 'n swak persoon in 'n rolstoel is en die aanvaller 'n baie sterk persoon is wat moontlik 'n mens kan laat sterf met so 'n klap.) So ook kan 'n vrou moontlik haarself met 'n wapen verdedig teen 'n fisiese aanval deur 'n man. Indien die aanvaller tydens die aanval gewapen was, sal die hof gewoonlik die verdediger gelyk gee dat hy homself met 'n wapen kon verdedig.

Indien die verdediger die perke van noodweer oorskry, word hy self die aanvaller en sal die hof hom daarvoor straf.

Besering of dood tydens arrestasie

Enigeen het die bevoegdheid om 'n persoon, wat 'n misdaad in sy teenwoordigheid pleeg of verdink word dat hy 'n misdaad gepleeg het, te arresteer. Hierdie misdade sluit die volgende in: hoogverraad, moord, strafbare manslag, verkragting, onsedelike aanranding, roof, aanranding waar 'n ernstige wond toegedien word, brandstigting, inbraak met die opset om 'n misdaad te pleeg, diefstal, vervalsing, bedrog en ontsnapping. Indien so 'n persoon ontvlug of weerstand teen die arrestasie bied, kan die nodige geweld gebruik word om die voortvlugtige weer te arresteer of die persoon wat hom verset, onder bedwang te bring. Sou die verdagte persoon in die omstandighede gedood word, sal die hof dit as straffelose doodslag beskou. Die persoon wat hom op hierdie verweer beroep, moet die volgende bewys:


- Dat hy gepoog het om die verdagte persoon weens 'n misdaad, genoem in die Eerste Bylae, te arresteer
- Dat die misdaad in sy teenwoordigheid gepleeg is of dat die verdagte persoon redelikerwys verdink kon word dat hy die misdaad gepleeg het
- Dat die verdagte persoon gevlug of weerstand gebied het
- Dat die arresteerder die verdagte persoon op geen ander wyse as om hom dood te maak, kon herarresteer of onder bedwang kon bring nie

Die reg vereis dat die arresteerder die voortvlugtige moet waarsku en, indien dit moontlik en veilig is, selfs waarskuwingskote te vuur. Indien die hof bevind dat die arresteerder te veel geweld of onnodige geweld gebruik het, sal hy aan moord, manslag of aanranding skuldig bevind word. Uit voorgaande is dit duidelik dat 'n persoon nie geweld mag gebruik bloot omdat iemand jou eiendom steel of selfs in jou huis is nie. Sou jy poog om die inbreker te arresteer en hy probeer ontvlug of jou aan te val, sal jy geregtig wees om die nodige geweld te gebruik. Daar moet ook nooit gepoog word om die getuie te verbloem of te verdraai nie, byvoorbeeld deur 'n wapen in die oorledene se hand te druk of hom van buite die huis binne toe te sleep nie. Die Polisie het metodes om dit uit te vind.

Die doodmaak van 'n mens is 'n ernstige saak. Oorweeg die saak goed voordat jy 'n wapen aanskaf of dit gebruik. Indien daar egter 'n gewapende aanval op jou is, moet nie huiwer nie – wend onmiddellik al die nodige geweld aan om die aanval af te weer. Jou eerste plig is om te oorleef. Jy is dit aan jouself, jou naaste en jou Skepper verskuldig.

20. DIE VERKENNER DOEN KAARTWERK.

Party mense dink dat dit baie moeilik is om 'n kaart te lees, want daar is so baie strepies en "onnodige" goed op. Iemand wat nie woorde kan lees nie, dink seker maar dieselfde as hy na hierdie bladsy kyk! As jy net eers verstaan wat elke dingetjie beteken, is dit maklik om te lees en dit is presies wat ons gaan doen.



Wat is 'n kaart?

'n Kaart is 'n simboliese voorstelling volgens 'n sekere skaal op 'n plat vlak van die natuurlike en/of kunsmatige verskynsels op 'n deel van die aarde.

- **Simboliese voorstelling** beteken net dat een kolletjie 'n hele stad kan voorstel of 'n dun kronkelstrepie 'n groot breë rivier. (Elke voorwerp word nie geteken presies soos dit lyk nie.)
- **Volgens 'n sekere skaal** beteken dat die kaart baie kleiner is as die stuk grond wat dit voorstel en dat die verhoudinge dieselfde gebly het (die prentjie is nie skeef getrek nie). Ons sal nou-nou verder bespreek wat 'n skaal is.
- **Op 'n plat vlak** beteken dat die ongelyke oppervlak van die stuk grond met hoë berge en bome en wat nog, nou op 'n plat stuk papier voorgestel moet word.
- **Natuurlike verskynsels** is byvoorbeeld berge, riviere, en bosse (nie deur die mens gemaak nie).
- **Kunsmatige verskynsels** is byvoorbeeld geboue, paaie en damme.

As jy 'n kaart van Suid-Afrika sou probeer teken waarop al die inligting in verband met Suid-Afrika moet verskyn, sal jy gou probleme ondervind. Jy teken byvoorbeeld al die paaie, riviere, bevolkingsdigtheid, reënval, ens. op die kaart – sal jy dan die berge se name kan onderskei van

DIT IS WEL BELANGRIK OM OP ALLE KAARTE TE NOEM WATTER STELSEL GEBRUIK WAS MET DIE OPSTEL DAARVAN.

al die dorpsname? Natuurlik nie, daar is te veel inligting om op een stuk papier te sit! Daarom word elke kaart vir 'n *spesifieke doel* vervaardig waar daar dan net 'n deel van die inligting op die kaart verskyn. Byvoorbeeld, 'n padkaart vir 'n motoris konsentreer op die paaie, riviere en brûe, maar 'n kaart van dieselfde omgewing vir 'n natuurliefhebber sal eerder al die soorte bome en plante aandui.

Op 1 Januarie 1999 is die amptelike stelsel verander na 'n stelsel gebaseer op die Wêreld Geodetiese Stelsel van 1984 of soos dit algemeen bekend staan as die WGS84 stelsel. Die oorsprong is die Hartbeeshoek Radio Sterrekundige Teleskoop en staan bekend as die **Hartbeeshoek94 Datum**. Dit is belangrike om te weet dat daar 'n 312 m verskil tussen die Clark 1880 en die Hartbeeshoek94 Datum's bestaan vir dieselfde punt op aarde.

Dit is wel belangrik om op alle kaarte te noem watter stelsel gebruik was met die opstel daarvan sodat die gebruiker daarvan nie per ongeluk met die verkeerde stelsel se koördinate daarop werk nie. Koördinate word of as 'n 28°24'56" (lengte- of breedtegraad) of as 3 148 236.235m (X- of Y-waarde) afgelees. Ons gaan beide metodes vir jou leer, want elk het spesifieke gebruike wat jy kan gebruik in jou omswerwing.

Die 1 : 50 000 topografiese kaart

Hierdie kaarte word *topografiese* of *topokadastrale* kaarte genoem. Die woorde is afgelei van die Griekse woorde *topos* ('n plek) en *grafo* (skryf of teken) en kadastraal verwys na inligting wat te doen het met grense. Die doel van topografiese kaarte is dus om die verskynsels op die aardoppervlak so akkuraat moontlik op 'n kaart weer te gee.

Topografiese kaart van 'n ruitverwysing

Die topografiese kaart wat behandel word, is 'n 1 : 50 000 kaart. Dit beteken dat Suid-Afrika in blokke opgedeel is, wat as velle of kaarte uitgegee word met 'n skaal van 1 : 50 000. Die blokke is ongeveer 24 km by 28 km of 15' by 15'. Die interessante is dat die blok "vierkantig" is as jy na die minute kyk, maar die afstand stel 'n reghoek voor. Dit is omdat die lengtelyn nader aan mekaar beweeg soos wat jy nader aan die Suidpool beweeg.

Lengte en breedte ruitverwysings

Jy het al van breedtegrade en lengtegrade op skool geleer. Die lengtelyne is groot sirkels wat deur die noord- en suidpool loop en wat van 0° tot 359° gemerk is. Die breedtelyne is sirkels wat ewewydig aan die ewenaar lê en wat in elke halfrond van 0° tot 90° gemerk is met 0° op die ewenaar en 90° by die pool.

Op 'n kaart van 'n klein stukkie grond (breedte en lengte 'n paar kilometer) vertoon hierdie groot sirkels soos reguit lyne. As elke graad nou in 60 minute (60') en elke minuut in 60 sekondes (60") verdeel word, dan het ons weer 'n ruitnet oor die kaart, behalwe dat ons hier in grade, minute en sekondes gaan werk. Dit het natuurlik die voordeel dat jy nie net jou posisie op die kaart aandui nie, maar dat jy ook weet waar jy op die aardbol is! Aan die ander kant, as ons almal in Suid-Afrika is, weet jy reeds waar jy op die aardbol is en kan daar eerder 'n gerieflike ruitnet gekies word wat niks met lengte- of breedtelyne te doen het nie.

- **Kaart ruitverwysing**

Elk van die 1 : 50 000 blokke soos hierbo bespreek moet natuurlik sy eie unieke nommer hê sodat dit uitgeken kan word. Dit is veral belangrik as ons die kaarte wil bestel.

- **Ruitlyn**

Dit is die lynskaal wat rondom die kaart geplaas word sodat ons die koördinate daarvan kan aflees. Die lynskaal is afgemerk in minute. Dit is ook moontlik om die sekondes af te lees deur die minute op te deel in 60 kleiner dele wat die sekondes voorstel.

- **Koördinaatwaardes**

Daar is 'n koördinaat waarde vir elk van die vier hoeke van die topografiese plan. Elk van die koördinate word aangegee as 'n grade/minute waarde, bv. 2930'. Julle sal oplet dat grade aangedui word met 'n ° en minute met 'n ', sekond's word met 'n " aangedui. Die bokant van ons kaart is dus by 2930' lyn en die onderkant by die 2945' lyn. Die lyne word die **breedtegraad**lyne genoem. Die linkersy van ons kaart is by 2230' en die regtersy is by **2245'** en word die **lengtegraad**lyne genoem. Julle kan sien dat elke sy in 15' verdeel is as julle die waardes van mekaar sou aftrek.

- **Minuutwaardes**

Die lynskaal aan al die kante van die kaart is in 15 eweredige dele opgedeel. Elk van die dele stel 1' voor. Julle sal ook oplet dat die minute aan die bo- en onderkant van die kaart korter is as langs die sye. Dit sal verander soos jy op die aarde rondbeweeg. By die ewenaar sal die blokke naastenby ewe groot wees, maar by die pole sal dit geweldig verskil.

Doenwenk

Kom ons doen 'n koördinaatlesing in grade

Vraag: Wat is die koördinaatlesings by punte A en B?

Berekening van A

Stap 1

Die **breedtegraad**lesing word eerste geneem. Dit is die lesings vanaf die 0 lyn, met ander woorde van links na regs. Die lesing in die hoek is **29°30"**. A se afmeting is links van die hoekpunt en daarom sal ons antwoord minder moet wees.

Stap 2

Die lyn van punt A is meer as twee minute terug. Ons kan dus 3 minute aftrek. Ons weet nou dat die lesing al soos volg lyk : 29°27'

Stap 3

Neem van die sekonde lesing. Dit is waarskynlik die moeilikste deel van koördinaatlesings aangesien jy baie akkuraat sal moet werk.

Stap 4

Neem nou die sekondeblokkie en meet die lengte daarvan.

Kom ons sê dit is 32.3 mm. (**Onthou papier rek en krimp wat die lesings kan beïnvloed en daarom is 32.3 mm net 'n voorbeeld**) 32.3 mm is dus gelyk aan 60" daarom stel 1mm 1.8575851" voor.

Stap 5

Die afstand na die Punt A lesing op die kaart is 26 mm. Om die sekonde lesing te kry, vermenigvuldig jy dus 26 met 1.8575851 en kry 48.297212"; rond dit af tot drie desimale na 48.297".

Stap 6

Voeg nou jou sekondes by die res van jou lesing. 29° 27' 48.297" Oos (Jy skryf die lesing as Oos neer omdat dit Oos van die 0° lyn is.) Doen nou dieselfde met die **lengtegraad**lesing.

Stap 1

Die lesing is van bo na onder en die hoeklesing is **22°45'**

Stap 2

Punt A val in die tweede indeling daarom is die minute 31' wat ons lesing tot nou 22°46' maak.

Stap 3

Neem nou die sekondeblokkie en meet die lengte daarvan. Dit is 37 mm waar 1 mm 1.6216216" voorstel.

Stap 4

Die afstand na Punt A se lesing is 22 mm. 22 vermenigvuldig met 1.6216216 is 35.675675. Afgerond as 35.676".

Stap 5

Die lesing is dan 22° 46' 35.676" Suid (Ons is suid van die ewenaar daarom gee ons dit as Suid.)

Die antwoord is dus

29° 27' 48.297" Oos

22° 46' 35.676" Suid

Doen nou dieselfde met punt B. Die sekonde blokkies is dieselfde as in Punt A, breedte 32.3 mm en die lengtegraad is 37 mm. Die afstande wat jy kry as jy meet is 15.6 mm op die breedtegraadlyn en 10 mm op die lengtegraadlyn.

Jou antwoorde moet die volgende wees.

29° 26' 28.978" Oos

22° 50' 16.216" Suid

Kaartnaam

Elke topografiese plan het 'n naam. Die name, anders as die ruitverwysing, kan gedupliseer word. Dit sal gewoonlik die naam van die grootste of enigste dorp of stasie op die kaart wees.

Die skaal van 'n kaart

Die skaal van die kaart is die verhouding tussen die afstand tussen twee punte op die kaart en die afstand tussen dieselfde twee punte in die werklikheid.

Die berekening van afstand met 'n kaart

Een van die hoofredes waarom mense 'n kaart gebruik, is om afstande te skat. Op sommige kaarte word die afstande tussen sekere punte op die kaart aangegee (soos in padkaarte). Andersins moet dit volgens die skaal van die kaart bereken word en dit is wat jy nou gaan doen.

Veronderstel jy wil 'n sekere roete stap. Om jou staptog te beplan, moet jy onder andere weet wat die afstande langs die roete is. (Dit is natuurlik ook belangrik om te weet wanneer die roete steil is of redelik gelyk is, maar daaroor gesels ons later!) Jy het 'n kaart waarop die roete aangedui is. Die kaart is volgens 'n sekere skaal geteken; kom ons sê byvoorbeeld die skaal is 1 : 25 000. Jy wil nou die werklike afstand tussen twee punte (kom ons noem hulle A en B) op die roete bepaal.

As die lyn tussen punte A en B 'n reguit lyn is, gebruik jy 'n verdeelpasser om die afstand AB op die kaart te kry. (Jy kan die afstand ook direk met 'n liniaal meet, maar dit is nie so akkuraat nie.) Indien die roete met draaie loop, kan jy van 'n toutjie of garingdraadjie gebruik maak. Lê die toutjie op die roete tussen A en B sodat die toutjie dieselfde draaie maak. Meet dan die lengte van die reguit toutjie.

Uit 'n praktiese oogpunt: Werk altyd in millimeter – dit voorkom dat jy deurmekaar raak! Wys altyd jou berekening op die kaart – later wonder jy of jy dit reg gedoen het en dan kan jy dit weer kontroleer!

Afstandberekeninge

1. Bereken die afstande van A na B as die gemete afstand 124.5 mm is op 'n 1 : 50 000 kaart in kilometer.
2. Bereken die afstande van C na D as die gemete afstand 64.5 mm is op 'n 1 : 50 000 kaart in meter.

Kom ons doen 'n paar afstandberekeninge vanaf 'n kaart

Berekening 1

1 mm = 50 000 mm daarom is

124.5 mm x 50 000 mm = 6 225 000 mm

1 km = 1 000 m = 1 000 000 mm daarom is

6 225 000 / 1 000 000 = 6.225 km

Kontoerlyne

Een van die opvallendste kenmerke van 'n topografiese kaart is die kontoerlyne wat daarop verskyn. Dit is juis hierdie lyne wat baie mense laat dink dat die kaart "ingewikkeld" is. (Party ouens se oë dop sommer om as hulle dit sien!)

'n *Kontoerlyn* is 'n lyn wat al die punte met dieselfde hoogte bo seevlak verbind.

By party kontoerlyne (waar dit gerieflik gedoen kan word) word die hoogte met 'n syfer aangedui. Die kontoerlyne volg mekaar met 'n vaste interval op na gelang van die skaal. Op 'n 1 : 50 000 skaal is dit byvoorbeeld 20 m-intervalle.

Hierdie verskil in hoogte tussen die twee kontoere staan as die vertikale tussenruimte bekend. Die horisontale afstand tussen twee kontoere word die horisontale ekwivalent genoem. Die helling tussen twee kontoerlyne is die verhouding tussen die vertikale tussenruimte en die horisontale ekwivalent.

As twee persone op verskillende kontoerlyne staan, is die afstand tussen hulle nie dieselfde as die horisontale ekwivalent nie, want die verskil in hoogte speel ook 'n rol. As die helling klein is, sal dit nie 'n groot verskil maak nie, maar in bergagtige terrein moet dit wel in ag geneem word.

Landvorme

Riviervallei (inloper). Dit is 'n holronde terrein wat steeds daal soos met die rivier stroomaf gestap word. Die kontoerlyne is almal V-vormig. Die hoogte van die kontoerlyne styg steeds van die kleinste by die binneste V tot die grootste by die buitenste V.

Uitloper. Dit is 'n wal of 'n bergrug. Die kontoerlyne is weer V-vormig, maar in hierdie geval is die grootste hoogte van die kontoerlyne by die binneste V wat dan steeds afneem tot by die buitenste V.

Eskarp. Dit is die afgrond en rand van 'n plato. Dit het die vorm van 'n trap, maar die trap is baie hoog. Vanaf die laagste kontoerlyn is daar 'n geleidelike styging (kontoerlyne wyd uitmekaar), dan 'n baie steil rand (kontoerlyne is naby mekaar), en daarna weer 'n effense styging of daling (kontoerlyne wyd uitmekaar).

Nek. Dit is die laer gedeelte tussen twee hoë punte. Die terrein is holrond met die nek by die laagste punt.

Poort. Ons tref dit aan waar 'n rivier deur 'n bergreeks sny. Die terrein is holrond met die rivier by die laagste punt. Die hoogte van die kontoerlyne net langs die rivier verander gewoonlik nie veel van die een kant van die poort na die ander kant nie (mits daar nie 'n waterval in die poort voorkom nie!).

Bergrug (waterskeiding). Dit is aaneenlopende hoërliggende grond met 'n dalende landskap aan weerskante; oftewel, dit is 'n aaneenlopende bolronde terrein. Al langs die kruin kan die hoogte wissel.

Canyon. Dit is 'n relatief diep riviervallei met steil wande sodat daar 'n trap aan weerskante van die rivier gevorm word. (Die rivier is net 'n stippellyn in die skets, want dit hoef nie noodwendig water in te hê nie!) Let op hoe die kontoerlyne in hierdie geval verskil van die kontoerlyne by 'n riviervallei.

Koppie. Die koppies neem gewoonlik verskillende vorms aan bv. ronde koppies, tafelkoppies, tafelberge of spitskoppies. Die kontoerlyne is geslote kringe rondom die kruin van die koppie.

Magnetiese deklinasie-inligting

Dit is belangrik om te weet dat die magnetiese deklinasie vir alle kaarte verskil. Dit is omdat die posisie van elke kaart ten opsigte van die magnetiese noord verskil. Die gedeelte op die topografiese kaart sal vir jou die afwyking op 'n spesifieke tydstip gee en ook die jaarlikse afwyking daarna.

Projeksie-inligting**Indeks van velle**

In die area sal jy drie dinge kry. Die eerste is die beskrywing van hoe hoogte bepaal word. Die tweede is die kontoerintervalle en laastens 'n beskrywing van die projeksie wat gebruik was met die opstel van die kaart. Die belangrikste vir jou as Verkenner is om die waarde van die kontoertussenruimtes te weet. Dit is vir 'n Suid-Afrikaanse 1 : 50 000 topografiese kaart gewoonlik 20 m.

Suid-Afrikaanse ruitlynverklaring

Die verklaring gee die konstante waardes aan van die SA Ruitlyn-koördinaatstelsel. Dit is weereens gewoonlik konstant vir 'n Suid-Afrikaanse 1 : 50 000 topografiese kaart en die waarde is 10 000 m. As jy dus enige lesing neem byvoorbeeld +329X dan moet jy 10 000 bytel om 'n waarde van + 3 290 000 m vanaf die ewenaar te kry.

Velindeks

Die velindeks kan gebruik word om te sien wat die ruitverwysings is van die kaarte wat om jou huidige kaart val.

Dit is ook baie belangrik om te weet hoe oud die inligting is wat op die topografiese kaart is. Die uitgawe dui aan wanneer die gebied laaste gevlieg en opgedateer is.

AS JY BYVOORBEELD IN 'N AREA WIL GAAN STAP, SAL DIE DATUM VAN DIE KAART NIE SO 'N GROOT ROL SPEEL NIE AANGESIEN DIE TOPOGRAFIE RELATIEF STATIES IS.

As jy egter die kaart wou gebruik om te sien waar mense bly of watter boerdery-aktiwiteite in die omgewing plaasvind, sal die nuutste kaart natuurlik beter wees, want die dinge verander gereeld.

Posisiebepaling

Seker die belangrikste rede waarom mense kaarte gebruik, is om hulle posisie te bepaal en dan te besluit waarheen hulle daarvandaan gaan beweeg.

Dit is soms ook baie belangrik om iemand anders te laat weet waar jy presies is. Dink byvoorbeeld aan 'n noodsituasie waar 'n Verkenner so ernstig beseer is, dat hy met 'n helikopter vervoer moet word. Die loods van die helikopter moet presies weet waarheen om te vlieg. Daar is twee hulpmiddels wat op kaarte aangebring word om jou te help om jou posisie gou en redelik akkuraat aan te gee.

GRAADWIELOPDAGTE

Afrikanerskap

Woon 'n Afrikaanse kultuurgeleentheid (bv. 'n opvoering, kultuurherdenking, kultuurfees) by en evalueer die geleentheid.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. 'n Program, toegangskartjie of kennisgewing van die geleentheid is ingesluit.		
2. 'n Foto is ingesluit waarop die Verkenner die geleentheid bywoon. Die Verkenner moet herkenbaar wees op die foto.		
3. 'n Beskrywing van die Verkenner se persoonlike belewenis en indrukke van die geleentheid is gegee (minimum 50 woorde).		
4. Die geleentheid is evalueer deur opbouwende kritiek oor die geleentheid te lewer (minimum 50 woorde).		

Burgerskap

Beplan finansiële onafhanklikheid deur die finansiële klimaat in ag te neem.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die invloed van die brandstofprys op die Verkenner se leefwyse is kortliks bespreek (minimum 30 woorde).		
2. Die invloed van die rentekoers op die Verkenner se leefwyse is kortliks bespreek (minimum 30 woorde).		

3.	Die invloed van die wisselkoers op die Verkenner se leefwyse is kortliks bespreek (minimum 30 woorde) .	
4.	'n Persoonlike plan om finansiëel onafhanklik te wees, is opgestel (minimum 50 woorde).	
5.	'n Motivering vir die plan om finansiëel onafhanklik te wees, is gegee (minimum 50 woorde).	

Christenskap

Beskryf hoe jy jou Christenskap op sosiale media uitelef.


STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die sosiale media wat hy / sy verkies om te gebruik, is genoem.		
2. Ten minste twee voordele van hierdie sosiale media is genoem.		
3. Ten minste twee nadele van hierdie sosiale media is genoem.		
4. 'n Beskrywing van die Verkenner se uitlewing as Christen op hierdie sosiale media is gegee (minimum 100 woorde).		

Voortrekkerlewe

Identifiseer en beskryf 'n Voortrekkeraktiwiteit waar jy as 'n diensbare leier 'n verskil gemaak het.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die aard van die Voortrekkeraktiwiteit is kortliks beskryf (minimum 20 woorde).		
2. Die aktiwiteit is toegelig met ten minste een foto (of enige ander vorm van bewys) van deelname aan hierdie aktiwiteit.		
3. Die geleentheid wat hom voorgedoen het tydens hierdie aktiwiteit waar die Verkenner as diensbare leier 'n verskil kon maak, is beskryf (minimum 50 woorde).		

5 *BAAS- VERKENNER*



5 *BAAS- VERKENNER*

Geloofsvaardighede

1. Die Verkenner skep ruimte vir verskillende geloofsbelewensisse.
2. Die Verkenner onderskei tussen deugde, norme en waardes.

Sosiale vaardighede

3. Die Verkenner gesels oor gesinsverhoudings.
4. Die Verkenner is bewus van sosiaal aanvaarbare gedrag.
5. Die Verkenner bestuur tyd effektief en produktief.
6. Die Verkenner stel 'n CV op.
7. Die Verkenner voer 'n onderhoud.

Kulturele vaardighede

8. Die Verkenner redeneer oor die toekoms van Afrikaans.
9. Die Verkenner ontdek die geskiedenis van Republiekwording tot vandag, asook Namibië se geskiedenis.
10. Die Verkenner gesels oor kultuurbegrip.
11. Die Verkenner verduidelik die belangrikheid van kulturele vryheid.
12. Die Verkenner verduidelik wat die ekonomiese waarde van kultuur is.

Burgerskapvaardighede

13. Die Verkenner dra kennis van finansiële instellings.
14. Die Verkenner is betrokke by armoedeverligting.
15. Die Verkenner is betrokke by sy gemeenskap.

Voortrekkervaardighede

16. Die Verkenner lei 'n vergadering.
17. Die Verkenner reël 'n funksie.
18. Die Verkenner neem kennis van moderne navigasietegnieke.

GRAADWIELOPDRAGTE

1. DIE VERKENNER SKEP RUIMTE VIR VERSKILLENDE GELOOFSBELEWENISSE.

Geloofsbelewenis of spiritualiteit is die wyse hoe ek God in my lewe beleef en Hom aanbid.

Verskillende mense ontmoet die lewende Here op verskillende maniere en beleef die ontmoeting ook verskillend.

Die algemene spiritualiteitstyle is:

Denkers	Suiwer uitleg van die Bybel as Woord van God Prediking belangrikste – erediens suksesvol goeie preek, logika, Dogma, rasioneel Orde Lofprysing is lekker, maar verkieslik met orrelklanke, maar die inhoud van die liedere is belangriker as die wysie. Gebed – woorde, regte woorde – baie mense sê ek kan nie mooi bid nie
Voel	God deur emosie beleef/God ervaar Preek is belangrik, maar sang bring warmte in ons harte Verkies musiek ligter en ritmies Getuienisse as uitdrukking van ander se geloofsbelevensisse Diep roerende preek, spontane diens Lof en aanbidding inspireer tot gebed
Eenvoud	Stil word – erediens in natuur, kleinword voor grootheid van God Eenvoud en min woorde (soek nie baie praatjies, lang preke, liedjies nie) Deur simboliese handeling en liturgie – nagmaal, doop, kerse beleef God as werklikheid in die natuur Openheid en egtheid in erediens Gebed is nie regte woorde of warm nie; gebruik sang om stil te word Verbaas – jongmense lewe vol gekletter en geraas en gejaag
Doeners	Betrokkenheid ook by erediens – waar kan ek werk Appel van erediens – geregtigheid in die samelewing Preek lewe deur verskil maak aan ander Gewete oor sosiale sake Geregtigheid en regverdigheid in samelewing Emosies geraak deur hoop, liefde, omgee vir ander Gebed – dade

Wat is vir die Here belangrik in 'n erediens?

Efesiërs 4:10-17

- Fokus: eer van die Here – vers 10 – Groot God wat Sy mense ontmoet. Nie belangrikste wat my behoeftes is nie, maar God se eer. Sy Woord staan daarom sentraal in 'n erediens.
- Egte Godsbelevensisse as opregte mens. Here wil my ontmoet soos ek is as egte mens.
- Ruimte vir mekaar: vers 7 – verskillend is, maar elkeen wil toerus vir diens en vir opbou van gemeente. Maklik om net vir een groep voorsiening te maak – geestelike verarming tree in as net 1 groep se behoeftes geakkommodeer word; Vers 15 – liefde by waarheid en vers 16.
- Akkommodering van ander mense lei tot geestelike groei omdat ek voor God en t.w.v. God se mense moet sterf aan myself, my voorkeure, my behoeftes. Koring korrel sterf, vrugte, oes – Vers 13.
- 'n Erediens is gerig op die lewe en diens tot eer van God waar ek is – vers 17 – ou/nuwe lewe/riglyne vir nuwe lewe.

In Die Voortrekkers staan verskillende geloofsbelevensisse teenoor mekaar. Die Voortrekkers skep ruimte vir elke persoon om as egte mense die Here te ontmoet. Voortrekkers verstaan, waardeur en akkommodeer mekaar se verskillende geloofsbelevensisse selfs al verskil dit van my styl.

Die een unieke geloofservaring wat Voortrekkers bied, is eredienste in die natuur. Wat is meer spesiaal as om stil te word met sonsopkoms, saam met maats, onder 'n koelteboom, langs die branders van die oseaan, en God se grootheid te beleef?

2. DIE VERKENNER ONDERSKEI TUSSEN DEUGDE, NORME EN WAARDES.

Deugde

Vir die ou Grieke was die begrip *arete* 'n sentrale term vir die nadenke oor die morele lewe. Dié begrip is moeilik vertaalbaar. Die woord "deug" is die bekendste vertaling, maar dit is belangrik om in te sien dat dit nie vir die ou Grieke gegaan het oor die een of ander konserwatiewe, bedompige lewensuitkyk (soos die beeld wat die woord dikwels vandag oproep) nie. 'n Mens sou *arete* kon vertaal met iets soos voortreflikheid of "lewenskuns". Die gedagte van die sogenaamde kardinale deugde was veral invloedryk. Hierdie vier deugde, te wete wysheid, regverdigheid, moed en selfbeheersing, vorm die skarnier (*cardo*) waarom die morele lewe draai.

Plato skryf onder meer hieroor in die vierde boek van sy *Die republiek*. Plato se leerling Aristoteles (384–322 v.C.) sou die omvattendste beskrywing van die deugde opstel. Vir Aristoteles is elke aktiwiteit gerig op die een of ander doel: so is die doel van die mediese wetenskap gesondheid, dié van oorlog oorwinning, dié van die ekonomie rykdom, en so meer. Op die vraag wat die mens se hoogste doel is, antwoord hy dat dit nie in geld, eer of genot lê nie, maar in die leef van die "gelukkige lewe" (die *eudaemonia*).

Die deugde is daardie eienskappe wat die individu in die stadstaat of *polis* bekragtig tot 'n lewe van *eudaemonia*. Deugsaamheid in Aristoteles se etiek bestaan daarin om die middeweg tussen twee uiterste posisies te kies.

Vroeg-Christelike morele besinning het ook by dié tradisie van die deugde aangesluit. Die kerkvader Augustinus (354–430) lewer 'n belangrike teologiese bydrae deurdat hy die kardinale deugde as vorms van liefde met God as primêre voorwerp beskou.

Die Bybelse deugde (geloof, hoop en liefde) toon raakpunte met die kardinale deugde, maar is van 'n hoër orde. Die Christelike deugde transformeer die natuurlike deugde en verander só die inhoud en status wat die Grieke aan hierdie deugde verleen het.

So ontwikkel die gedagte van die "sewe deugde" wat deur die eeue 'n sterk invloed op mense se morele verbeeldings uitgeoefen het, nl.

- wysheid
- regverdigheid
- moed
- selfbeheersing
- geloof
- hoop
- liefde

Norme

'n *Norm* is 'n spesifieke riglyn vir optrede wat aandui of omskryf wat die aanvaarbare en korrekte gedrag in 'n sekere situasie is. Alle kulture bevat 'n groot aantal norme wat deur die mense van daardie kultuur aanvaar word. Buite die spesifieke kultuur word dit egter nie aanvaar nie. Vir Voortrekkers is die Bybel die norm vir ons optrede. Die Bybel vat ook grond in elke kultuur.

Die Westerse kultuur word beskou as 'n Christelike kultuur. Afrikaners se kultuurbegrip sluit baie nou by 'n Westerse kultuur aan. Ten spyte van al die goeie dinge van die Westerse kultuur is dit nie sonder kritiek nie. As ons eerlik kyk na die Westerse kultuur sien ons kritiekpunte soos:

- *Individualisme – die mens se woord is wet en elkeen maak soos hy of sy wil.* Westerlinge doen dit wat hulle geniet, hulle wil alleen gelaat word en onafhanklik van ander optree. Die selfsugtige lewensingesteldheid van Westerlinge bring mee dat vooruitgang, groei, sukses en ontwikkeling as baie belangrik beskou word. Dit gebeur dikwels ten koste van hul medemens en gemeenskap.
- *Persoonlike sukses en selfverwesenliking is die dryfveer en maatstaf vir geluk en status.* Dit is vir mense belangrik wat hulle ry, waar hulle bly en wat hulle kry. Dit het tot gevolg dat Westerlinge bereid is om hard te werk, maar dikwels net vir hulle eie voordeel. Westerlinge is dikwels meer op eie sukses ingestel as op ander mense se behoeftes. Sukses word slegs aan geld gemeet. Die skepping word oormatig ontgin tot eie voordeel en dit lei tot uitbuiting en misbruik van die skepping. Interaksie met die medemens is van min waarde.

Die gevolg hiervan is dat die waarde van die lewe net in die oppervlakkige, materiële gesoek word. Die vervulling wat geloof en naastediens bied, word nie beleef nie.

Christus kom staan op die skerpkant van kultuur. Hy is die maatstaf waaraan elke kultuur en kulturele aktiwiteit getoets moet word. Alle kulture moet hervorm word na Christus se beeld. Dit beteken in 'n Christelike kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers moet ons:

- die eer van God hoër ag as enige van ons eie prestasies en doelwitte.
- alles wat ons doen, toets aan die Woord van die Here.
- nie vra wat kan ek kry nie, maar waar kan ek 'n bydrae lewer.
- alles wat ons doen nie in eie krag nie, maar in afhanklikheid van God doen.

Waardes

WAARDES IS WERKWOORDE WAT ONSE LEWE RIG EN OMSKRYF, WAT AAN ONSE LEWE SIN EN BETEKENIS GEE.

Wanneer twee verskillende waardes binne 'n verhouding paaie kruis, kan heelwat konflik en teenstrydigheid ontstaan. Dit is soos twee mense in 'n roeiboot wat in teenoorgestelde rigtings roei – as eenheid gaan julle nie ver kom nie. Albei dink hulle doen goed en reg, maar die resultaat is vir albei ongunstig.

Selfs al verskil mense se waardes van mekaar tree Voortrekkers steeds respektvol teenoor ander op.

Mense se waardes word elke dag getoets en jou persoonlike waardekeuses laat jou dikwels stroomop swem, maar as dít is wat vervulling in jou lewe bring, is daar nie regtig 'n alternatief nie.

3. DIE VERKENNER GESELS OOR GESINSVERHOUDINGS.

Die bousteen van die samelewing

Die huisgesin is die bousteen van die samelewing. Uit die huisgesin het die staat, kerk, skool en kultuurorganisasies gegroei. As iets in die huisgesin reg of verkeerd loop, word dit in al die ander samelewingsvorme opgemerk en gevoel. As die fondament van 'n huis kraak, dan bars die mure.

Die oefenskool van die samelewing

In 'n gesin kry jy 'n rykdom verhoudings: man-vrou, broers-broers, susters-susters en broers-susters. Daar is ook 'n verskeidenheid van eienskappe: oud, jonk, sterk, swak, gesag, gehoorsaamheid, agting, liefde, betroubaarheid en vertroue. Die gesin is dus veral die plek waar 'n mens leer om saam met ander mense te lewe – om teenoor ander met liefde, geduld, begrip, eerlikheid, hoflikheid, onselfsugtigheid en met respek optree.

Gesinsverhoudings

- Jou verhouding met jou ouers en gesinslede moet in die eerste plek deur jou respek vir hulle gekenmerk word.
- Julle moet mekaar se persoonlikhede, goeie en slegte eienskappe, voorkeure, drome en ideale leer ken en mekaar probeer verstaan en aanvaar.
- Julle moet mekaar kan vertrou en ook mekaar se vertroue waardig wees. Vertroue word verdien as die resultaat van betroubare optrede.

Die sosiale, ekonomiese en kulturele omstandighede van ons moderne samelewing het baie verander en dit het 'n impak op die ouer-kind-verhouding.

Ekonomiese druk dwing beide ouers om te werk – ouers werk voldag en moet ook die huishouding versorg.

- Vrouens wil werk vir emosionele en intellektuele stimulasie en bevrediging.
- Kinders word van kleinsaf versorg in omstandighede waar hulle baie meer tyd in die portuurgroep spandeer as met volwassenes.
- Kinders is baie besig – hulle het baie naskoolse aktiwiteite, baie huiswerk, baie sosiale aktiwiteite, baie tegnologie.
- Die kultuur van die klein gemeenskap waar kinders nou betrokke was by ander volwassenes wat instaan as die ouers nie daar is nie, het verander.
- Die kerngesin het verander – enkelouerskap, huweliksprobleme en egskeding is algemeen en dit sit baie druk op die gesin.
- Familie en vriende is net so besig. Hulle kan nie instaan vir die ouers nie.
- Tegnologie van kommunikasie het ontplof – dit is hoogs verslawend en baie tyd word daaraan spandeer deur kinders én ouers.
- Gesinsetes, geselstyd en gesinsaktiwiteite raak al hoe minder 'n prioriteit vir besige gesin.

Ouers kla dikwels oor die volgende gedrag van hul tieners:

- Nukkerig en ongeduldig as hulle by die ouers is, maar gelukkig as hulle by die maats is.
- Het niks te sê vir die ouers nie.
- Geniet nie meer gesinstyd nie en probeer daarvan weg kom.
- Praat eintlik net met die ouers as hulle iets wil hê.
- Ongeskik en soms selfs vyandig.
- Altyd besig om op die selfoon met die maats te "praat."
- Veeleisend dat die ouers in hulle behoeftes moet voorsien, maar gee niks terug nie.
- Gaan net gewillig saam met die ouers as daar iets vir hulle gekoop gaan word.
- Is styf en ongemaklik as die ouers fisiese liefde wil wys.

Kom ons lys 'n paar redes hoekom goeie verhoudings in 'n gesin belangrik is sodat:

- julle mekaar kan ondersteun.
- jou ouers die pad na volwassenheid saam met jou kan loop. As hulle na genoeg aan jou is, sal hulle jou kan beskerm en geleidelik loslaat soos jou verantwoordelikeheidsin groei totdat hulle jou kan vertrou om die pad alleen te loop.
- jy 'n stewige basis vir jou gevoelslawe kan opbou en selfvertroue kan aankweek.
- jou ouers hulle opdrag van God kan uitvoer om jou op te voed (en moenie hulle kwalik daarvoor neem as dit jou nie pas nie!).
- jou ouers jou soms (wanneer jy dit regtig nodig het) met moeilike keuses kan help.
- jy die gevoel van veiligheid en sekuriteit in jou ouerhuis kan ervaar, wat jou sal bybly lank nadat jy reeds die ouerhuis verlaat het.
- jy die voorreg van 'n hegte gesinsverband kan belewe wat vir jou 'n rolmodel kan wees wanneer jy self 'n ouer is.

Die Voortrekkersaak is 'n gesinsaak

Kultuurorganisasies soos Die Voortrekkers speel 'n noodsaaklike rol in die gemeenskap se herskeppingsproses, juis omdat 'n lewenskragtige kultuurlawe nie net 'n stabiliserende faktor is nie, maar kultuurorganisasies ook 'n vangnet bied vir gesinne in nood.

Die Voortrekkers is by uitstek 'n plek om aan gesinne 'n gebalanseerde behoortruimte te bied.

Die Voortrekkers is 'n familiehuis met baie kamers. Daar is plek vir almal. Pa en ma. Oupa en ouma. Boetie en sussie. Oom en tannie. En baie vriende wat kom kuier.

Die Voortrekkers beskou gesinsbetrokkenheid as noodsaaklik om 'n positiewe antwoord te bied op die gesinskrisis van ons tyd.

In 1961 het die Hoofbestuur 'n tienpunt-gesinsbeleid aanvaar as grondslag vir Die Voortrekkers se gesinsfokus. Die beleid is tydens 2017 se kongres herbevestig.

1. Die Voortrekkers glo dat godsdien en 'n lewe gegrondves op die Woord van God die fondament van die huisgesin is.
2. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin een van die vernaamste ankers in die behoud van ons kultuur, taal en tradisies is.
3. Die Voortrekkers glo dat die gesinslawe die vernaamste terrein is waar die beginsels van diens en diensbaarheid uitgeleef kan word.
4. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die ideale Voortrekkerspan is waar die ideale en doelstellings van die beweging elke dag nagestreef kan word.
5. Die Voortrekkers glo dat die belangrikste en blywendste stene in die gebou van 'n mooi en kerngesonde karakter in die huisgesin gelê word.
6. Die Voortrekkers glo dat liefde en onderlinge vertroue die bindende krag van die huisgesin is.
7. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die vernaamste terrein is om aan mense te leer dat hulle nie alleen regte en voorregte het nie, maar veral ook pligte en verantwoordelikhede wat hulle moet nakom teenoor mekaar, teenoor hulle kultuur, land en Skepper.
8. Die Voortrekkers glo dat ouers die stewige ankers vir hul kinders in die huisgesin is en dat hulle daarvoor geëer, gerespekteer en liefgehe moet word.
9. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die kern van 'n gelukkige en betrokke gemeenskap is.
10. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin moet saam werk, saam speel, saam staan, saam lag, saam treur, saam streef, saam glo, saam dien en saam aanbid en dan ook saam moet Koers Hou!

VOORTREKKERS IS 'N GESINSAAK!

4. DIE VERKENNER BEWUS IS BEWUS WAT SOSIAAL AANVAARBARE GEDRAG IS.

- Wees dankbaar. Sê dikwels dankie. Nie net teenoor jou ouers, maats of onderwysers nie, maar ook teenoor vreemdelinge, bv. die kassiere by die winkelsentrum.
- Moenie net "dankie" of "ja" sê nie, sê "Dankie, ma".
- Toon respek teenoor almal, maar veral teenoor ouer mense. Tree behulpsaam op teenoor jonger, ouer en swakker mense. Gee jou sitplek vir 'n ouer persoon, as daar te min plekke is.
- Wag by die deur dat 'n ouer persoon eerste ingaan.
- Kyk mense in die oë en groet hulle vriendelik.
- Komplimenteer ander as hulle iets bereik het.
- Praat beleefd met almal.
- Maak 'n keuse om van mense te hou.
- Wees 'n goeie luisteraar. Stel opreg in ander belang. Vra vrae dat hulle kan sien dat jy belangstel.
- Wees betyds vir afsprake en kuiers, daardeur respekteer jy ander se tyd.
- Leer ander respekteer wat anders as jy is – persone wat ander belangstellings het, van ander kulture is of ander perspektiewe het.
- Respekteer die opinies van ander, al stem jy nie saam nie. Kierkegaard het gesê dat daar in baie gesprekke 'n tyd kom dat die gespreksgenote moet ooreenkom om te verskil.
- Moenie ander oordeel voor jy hulle leer ken het nie.
- Pas jou eie klere en besittings goed op.
- Respekteer ander se eiendom.
- Wees opreg.
- Indien jy nie iets goed van of vir iemand kan sê nie, bly liewer stil.
- Hou jou uit ander se sake uit. Hou jouself besig met verskillende aktiwiteite sodat dit nie vir jou nodig is om jou gedurig met ander se sake te bemoei nie.
- Moenie ander uitsluit nie. Respekteer ander deur hulle te betrek in die geselskap. Jy hoef nie vriende met hulle te wees nie, jy kan net ordentlik wees.
- Respekteer jouself. Leef gesond en moenie jou liggaam skade berokken (alkoholmisbruik by tieners) nie.
- Trek netjies aan en wees goed versorg.
- Doen wat jy sê jy gaan doen. Om betroubaar te wees, is 'n baie goeie eienskap.



Algemene goeie tafelmaniere:


- Mans/seuns gaan sit nie voor al die dames/dogters sit nie.
- Mans/seuns trek die stoel vir dames/dogters uit.
- Wag agter die stoel totdat die belangrike mense eerste sit.
- Wees betyds vir ete. Laat weet vroegtydig indien jy nie gaan saam eet nie.
- Neem klein happies, sodat jy nie te lank hoef te kou nie.
- Kos word na die mond gebring. Die kop sak nie tot by die kos nie.
- In 'n restaurant breek jy stukkies af of sny 'n broodrolletjie in kleiner stukke en smeer elke stuk net voor jy dit eet.
- Indien jy genooi word om by mense te eet en jy is allergies vir enige kos of 'n vegetariër, tref voorafreëlings met die gasvrou/organiseerder.
- Gedekte eetgerei by 'n formele ete word altyd van buite af gebruik met die hoofgereg by die grootbord.

- Terwyl jy tussen happe kou, sit jou mes en vurk skuins bo-op die bord neer met die vurk se tande na onder in die vorm van 'n X of omgekeerde V.
- Ons eet gewoonlik met die vurk se tande na onder. Die vurk kan omgedraai word by 'n informele ete. Die vurk kan ook soos 'n lepel in die regterhand gehou word en gebruik word om sagte kos te eet.
- Draai pasta om die vurk in 'n bolletjie en bring dan na jou mond toe. Jy kan die lepel in jou linkerhand gebruik om met die draaiery te help.
- Indien jy klaar geëet het, draai die vurk met sy tande na bo en sit die mes met die snykant na binne langs die vurk in die middel van die bord.
- Jy kan begin eet nadat almal kos het, die tafelgebed gedoen is, en die gasvrou begin eet of wanneer die gasvrou aandui dat gaste maar mag begin.
- Wees te alle tye konsidererend teenoor jou tafelgenote.
- Mense begaan ongelukkies. Hanteer dit met grasie en stel dit reg.
- Borde word twee-twee weggeneem en eenkant skoongekrap en opmekaar gestapel.
- Gebruik jou hand vir groen aspersies, sushi, toebroodjies, 'n gebraaide ribbebeen en 'n tjop- of hoenderbeentjie se laaste afeet. Sê eers: "Verskoon my hand, asseblief". By 'n formele ete gebruik 'n mens net jou vurk en mes. As jy 'n olyf eet, kan jy die pit met jou vingers uit die mond haal en op die kant van die bord sit.
- Dit is aanvaarbaar om 'n tandestokkie aan tafel te gebruik: vorm 'n bakkie met jou een hand voor jou mond terwyl jy die tandestokkie gebruik.
- Vir 'n nies of hoes sit jou hand voor jou mond, draai effens eenkant toe en hoes/nies agtertoe. Indien dit erg of aanhoudend is, verskoon jouself vir 'n tydjie van die tafel. Vermy 'n neusblasery en 'n gesnuiewery.
- Jy sit nie jou elmboë op die tafel by formele geleenthede nie. Terwyl jy eet, is die elmboë langs die sye met die hande wat op die rand van die tafel rus. Na ete, indien om die tafel gekuier word, kan die elmboë maar op die tafel rus. Hou die gasheer en gasvrou dop.
- Wees gesellig aan tafel en neem aan die gesprek deel om die geleentheid te laat vlot.
- Bedank, wys jou waardering en komplimenteer die kok.
- Vra of jy kan help met die afdek.
- As jy genoeg rede het, kan jy met reg beswaar maak oor diens in 'n restaurant. Onthou om ook krediet te gee vir goeie diens en kos. Die kelner verdien sy footjie.



Selfoontetiket

- Wees in beheer van jou selfoon. Moenie dat jou selfoon jou beheer nie.
- Praat saggies as jy jou selfoon in die publiek antwoord. Beweeg weg van die ander persone sodat hulle nie jou gesprek kan hoor nie.
- Moenie persoonlike onderwerpe bespreek terwyl ander jou kan hoor nie.
- Moenie jou selfoon beantwoord of teksboodskappe stuur as jy deel van 'n geselskap is nie.
- Moenie op jou foon inligting opsoek terwyl jy met 'n persoon gesels nie.



- Gebruik geskikte profiel-prente.
- Moenie jou foon hardop tydens 'n funksie in 'n saal of in 'n teater antwoord nie.
- Maak seker jou boodskappe bevat nie spel- en taalfoute nie. Gebruik SMS-taal wanneer dit sinvol is.
- Moenie foto's waaroor jy later ongemaklik kan voel, neem en vir mense stuur nie.
- Moenie enige beledigende boodskappe vir 'n persoon stuur nie. Jy kan later dalk baie spyt wees.
- Skakel jou selfoon af as jy in 'n teater, kerk of fliek is of 'n funksie bywoon.
- Moenie skinder of enige vloekwoorde gebruik as jy boodskappe stuur nie. Let op jou taalgebruik.
- Moenie jou foon aanskakel en teksboodskappe tik in 'n donker teater of fliek nie. Die lig is sigbaar en steurend.
- Moenie video's en foto's met jou selfoon in 'n donker vertrek neem en veral as dit nie toelaatbaar is nie.
- Moenie 'n selfoon beantwoord wanneer jy bestuur nie.

5. DIE VERKENNER BESTUUR TYD EFFEKTIEF EN PRODUKTIEF.

Tydmorsers

Om jou tydsbestuursvermoë te verbeter, is dit belangrik dat jy kennis dra van dinge wat algemeen bekend is daarvoor dat dit tyd mors. Almal mag nie ewe veel op jou van toepassing wees nie – jy moet elkeen oorweeg en vasstel tot watter mate jou tyd deur daardie tydmorsers beïnvloed word. Voorbeelde van tydmorsers sluit die volgende in:

- **Gebrek aan beplanning, prioritisering en fokus**

Sonder beplanning, prioritisering en fokus sal jy vind dat jou gedagtes gereeld wegdwaal, dat jy op 'n deurmekaar en ongeordende manier werk en dat jy nie jou tyd spandeer op dit wat regtig vir jou belangrik is nie. Jy sal op die ou einde werk aan aktiwiteite wat jou nie by jou einddoel sal uitbring nie, en daarom is dit nie 'n effektiewe benutting van jou tyd nie. Jy sal rigtingloos voel en jou produktiwiteitsvlakke sal afneem. As jy nie ten volle gefokus is op die 'hier en nou' nie, sal jy nie die momentum hê wat nodig is om effektief te wees en jou werk vinniger en makliker gedoen te kry nie.



- **Uitstel**

Deur dinge te los tot later mors nie net jou tyd nie, maar ook jou energie en denke. Wanneer jy iets uitstel, spandeer jy onnodig baie tyd om daaroor na te dink en jou daaroor te bekommer. Jy maak dit vir jouself moeilik omdat jy iets nog nie gedoen het nie en daarom kan jy nie jou tyd effektief spandeer nie, veral nie wanneer die teikendatum op die horison is en dit wat jy uitgestel het uiteindelik gedoen moet word nie. As jy jouself beskou as iemand wat uitstel, kan jy in hierdie eindelose spiraal opeindig.

- **Onderbrekings**

Hier kan verwys word na die telefoon, mense wat by jou inloer, onverwagse gebeurtenisse of besoekers, WhatsApp-kuiers, rekenaarspeletjies of enigiets anders wat jou laat ophou met dit waarmee jy besig was. Onderbrekings keer dat jy kan fokus – dit trek jou weg van die dinge wat eintlik op daardie stadium belangrik is.



- **Pak te veel aan/te min delegering/om nie 'nee' te sê nie**

Is jy iemand wat dit moeilik vind om 'nee' te sê? Indien wel het jy waarskynlik heeltemal te veel hooi op jou vurk en dit kan lei tot swak prestasie, spanning en lae moraal.

AS JY NIE DELEGEER NIE, VERBEUR JY DIE GELEENTHEID OM JOU TYDSBENUTTING TE VERBETER.

Of dalk is jy 'n mikrobestuurder – iemand wat daarop aandring om alles te beheer en al die werk self te doen, want jy kan niemand anders vertrou om dit reg te doen nie. (Hierdie is 'n probleem vir almal – nie net vir die bestuurders nie!) Jy mors baie

tyd as jy dink dat jy die enigste een is wat dinge goed genoeg kan doen, en daarom probeer om alles self te doen. Jy sal naderhand soveel hê om te doen dat daar te min tyd sal wees vir dít waarmee jy regtig goed is – jou gawes, sterkpunte en vermoëns. As jy nie delegeer nie, verbeur jy die geleentheid om jou tydsbenutting te verbeter deur ander toe te laat om jou basiese en roetine-take namens jou af te handel.

Om te veel aan te pak, sit jou onder druk en keer dat jy jou beste kan lewer. Deur nie jou beste te gee en nie optimaal effektief te wees nie, maak dat alles langer vat en jou tyd weggesteel word. Jy heg nie waarde aan jou tyd nie en kies daarom nie doelbewus hoe jy dit wil spandeer nie, en daarom neem ander die besluite namens jou. Jy kan nie jou tyd effektief bestuur as jy ander toelaat om te veel van jou te vra nie.

- **Krisisbestuur/vure doodslaan**

Wanneer jy soos 'n mal ding rondhardloop, mors jy tyd deur oneffektiwiteit. Jy's nie gefokus op wat belangrik is nie en werk nie doelgerig daaraan nie, want té veel dringende sake staan in die pad daarvan. Omdat jy so haastig is, word dit wat jy wel doen ook nie baie goed gedoen nie en dit moet dan later oorgedoen word, wat selfs meer tyd mors.

- **Telefoon, e-pos en internet**

Hierdie hulpmiddels kan, soos vergaderings, ook in tydmorsers ontaard as jy jouself nie goed bestuur nie. Tyd word gemors wanneer jy dit nie optimaal gebruik nie, wanneer jy nie duidelik is oor wat jy wil bereik nie of as jy weg dwaal van die punt af. Dis maklik om jouself te oortuig dat jy hard werk wanneer dít waarmee jy besig is eintlik geen effektiewe doel dien nie. In sulke gevalle is dit bloot 'n afleiding.

In die geval van e-pos, het baie van ons aan hierdie kommunikasiemedium verlaaf geraak. Dis baie gerieflik, en dis 'n goeie manier om 'n elektroniese rekord van jou korrespondensie te hou. Ongelukkig kan daar ook 'n klomp tyd gemors word wanneer e-posse heen en weer gestuur word in plaas daarvan om 'n vinnige telefoonoproep te maak. Om nie te praat van die euwel van die reply-to-all-knoppie nie.

Internet-breke kan ook tot 'n vermorsing van tyd lei – jy wil 'n vinnige breek vat van dit waaraan jy werk, so jy soek gou na 'n paar resensies van die nuwe flik wat jy nog graag wil gaan kyk. Voor jy weet het jy ses bladsye oop, koop jy konsertkaartjies, kyk jy vinnig deur die nuus vir die dag, vind jy uit wat op Facebook aangaan en gaan maak jou Superbruvoorspellings oor die naweek se rugby. As jy weer kyk, is die middag verby ... en jou internetblaai se geskiedenis vertel presies wat met jou tyd gebeur het!



- **Deurmekaarheid en onnetheid**

As jou werks- of leefruimte in 'n warboel is, steel dit nie net jou energie en maak dat jy minder effektief werk nie, dit mors ook tyd wanneer jy probeer om die spulletjie uit te sorteer. Jy mag vind dat jy oor en oor deur dieselfde goed soek en niks kan vind nie. Op die ou einde word die gemors 'n tydmorser in eie reg wat keer dat jy kan fokus op die effektiewe aanwending van jou tyd. Deur dinge nie te vereenvoudig nie beroof jou van jou tyd.



- **Nie genoeg af-tyd of tyd vir jouself nie**

Soms moet jy 'n tree terugneem, dinge evalueer en nuwe energie kry om werklik effektief te kan wees. Baie mense probeer om meer en meer te doen omdat hulle dink hulle gebruik hulle tyd beter, maar eintlik kan dit veroorsaak dat hulle al minder produktief raak omdat hulle fokus nie meer net op die belangrike dinge is nie. Jy mors jou tyd as jy aanhou om dinge te doen, doen, doen sonder om tyd te vat om net te "wees" en na jouself te luister. Sonder genoeg tyd vir jouself sal jou gesondheid begin skade ly en mag jy later 'n krisispunt bereik waar jou liggaam jou forseer om te rus en te herstel.

- **Veelvuldige take (multi-tasking)**

Almal hou daarvan om te glo dat hulle goed is in die uitvoering van veelvuldige take en miskien is dit waar, maar daar's 'n beperking op die hoeveelheid dinge wat jy op 'n slag kan doen sonder om die kwaliteit van jou werk in te boet of om op die ou einde langer te vat om dinge klaar te kry. As jy probeer om aan vyf projekte gelyk te werk, is jy waarskynlik besig om jou tyd te mors.

Effektiewe tydsbestuur

- **Doelwitstelling**

Die eerste stap in effektiewe tydsbestuur gaan oor die stel van doelwitte. As jy weet waarheen jy op pad is, kan jy bepaal presies wat gedoen moet word, en in watter volgorde dit moet gebeur, maar sonder behoorlike doelwitstelling gaan jou tyd weggevreet word deur 'n warboel van teenstrydige prioriteite. Mense laat dikwels die stel van duidelike doelwitte na aangesien dit tyd vat en moeite is. Hulle vergeet egter dat 'n bietjie tyd en moeite wat op daardie oomblik geneem is, baie tyd, moeite en frustrasie op die langduur kan spaar.

- **Prioritisering**

Dis belangrik om die take wat jou aandag vereis, te prioritiseer. As jy dit nie doen nie, mag jy baie hard werk, maar jou energie mors op dinge wat nie werklik van belang is nie. Die meeste mense het 'n doen-lysie van een of ander aard. Die probleem is egter dat dit dikwels net 'n lys van take is eerder as 'n aanduiding van die relatiewe waarde van verskillende take. Om effektief te werk, is dit belangrik om vas te stel wat die belangrikste take met die hoogste waarde is en die take dan in prioriteitsvolgorde aan te pak.

- **Die hantering van onderbrekings**

Wanneer jy 'n plan het en jou prioriteite vasgestel is, is die volgende belangrike stap om die onderbrekings in jou dag te beperk. Sommige onderbrekings vereis jou onmiddellike aandag, maar die res moet doelmatig bestuur word.

- **Uitstel**

Wanneer jy vasgestel het waarom jy uitstel, moet jy planne maak om die gewoonte te verbreek. Beloon jouself wanneer jy take betyds afhandel, en herinner jouself gereeld aan die nare gevolge wanneer jy dit nalaat om vervelike take te doen.

- **Skedulering**

Goeie tydsbestuur steun swaar op die effektiewe skedulering van beskikbare tyd. Wanneer jy weet wat jou doelwitte en prioriteite is, kan jy 'n skedule saamstel om jou op koers te hou en teen spanning te beskerm. Jy moet vasstel watter faktore die tyd wat jy vir werk beskikbaar het, beïnvloed. Jou skedule moet voorsiening maak vir prioriteitstake sowel as vir onderbrekings en gebeurlikhede wat andersins jou hele beplanning in chaos sou gedompel het.

6. DIE VERKENNER STEL 'N CV OP.

'N CURRICULUM VITAE (OOK GENOEM CV OF VITA) IS 'N DOKUMENT WAT 'N OORSIG GEE VAN 'N PERSOON SE ERVARING EN KWALIFIKASIES.

Dit is dikwels die eerste inligting wat 'n voornemende werkgever van 'n potensiële werknemer ontvang en die eerste fase van keuring vind op grond daarvan plaas. Kandidate wie se CV's aan die verlangde standaard voldoen het, sal gewoonlik daarna vir 'n onderhoud en moontlike verdere assesserings genooi word, waarna 'n aanstelling gemaak sal word.

Daar is verskeie maniere om jou CV op te stel. Die volgende inligting word tipies in 'n CV ingesluit:

- **Persoonlike besonderhede:** Dit sal gewoonlik jou naam en van, adres, geboortedatum, telefoonnommers en e-pos-adres insluit. 'n Paspoort grootte foto kan ingesluit word indien verkies, in welke geval 'n kop-en-skouers foto waarop jy professioneel aangetrek en vriendelik is, aanbeveel word.
- **Opleiding en kwalifikasies:** Dui jou kwalifikasies van matriek af aan. Dui aan by watter skool of tersiêre opleidingsinstansie jy die kwalifikasie verwerf het. Jy kan ook die punte wat jy in die onderskeie vakke behaal het aandui, tensy jy nie baie goed presteer het nie, in welke geval jy dit eerder moet uitlaat.
- **Werkservaring:** Deel die werkservaring waaroor jy reeds beskik met die potensiële werkgever. Gebruik werkwoorde soos 'ontwikkel', 'beplan', 'organiseer' en dies meer. Ongeag die tipe werk wat jy gedoen het, dui aan dat jy in 'n spanopset gewerk het, dat jy kwaliteit dienste moes lewer en dat jy soms met ontevrede kliënte te doene gekry het. Moenie roetine take wat nie met mense verband hou nie (bv. tafels afdek en skoonmaak in 'n restaurant) uitlig nie. Probeer om jou ervaring te koppel aan die pos waarvoor jy aansoek doen. Fokus op aspekte soos syfervaardighede, analitiese en probleemoplossingsvaardighede of jou oorredingsvermoë.
- **Belangstellings en prestasies:** Hou hierdie afdeling kort en bondig. Namate jy ouer word, sal jou diensrekord voorkeur geniet terwyl belangstellings in omvang en belangrikheid in terme van jou CV sal afneem. Jy kan hierdie inligting puntsgewys (in bullet-formaat) aanbied. Vermoed frases soos 'sosialisering met vriende', en moenie net passiewe, afgesonderde stokperdjies (bv. lees, televisie-kyk en seëlversameling) insluit nie – dit kan lei tot 'n persepsie dat jy nie goeie menseverhoudings het nie. Dui eerder 'n reeks verskillende belangstellings aan sodat jy die persepsie van 'n interessante en gebalanseerde mens sal skep. Buitengewone stokperdjies

DUI EERDER 'N REEKS VERSKILLENDE BELANGSTELLINGS AAN SODAT JY DIE PERSEPSIE VAN 'N INTERESSANTE EN GEBALANSEERDE MENS SAL SKEP.

soos valskermerspring of bergklim kan hier goed te pas kom. Belangstellings wat op die pos waarvoor jy aansoek doen van toepassing kan wees, moet beslis ingesluit word – dink byvoorbeeld aan jou belangstelling in wat om jou aangaan as jy 'n joernalis wil word, of die “speletjies” wat jy op die effektebeurs speel as jy

in 'n finansiële omgewing wil ingaan. Enige bewyse van leierskap moet ook hier ingesluit word – sportkaptein, afrigter, klasvertegenwoordiger op universiteit, huiskomiteelid, ensameer. Laastens moet enige ander vaardighede wat jou meer 'indiensneembaar' sal maak, bv. spanwerk, organisering, beplanning, oorreding en onderhandeling, ook hier ingesluit word. Die modules van die Jongleiers Ontwikkelingsprogram moet beslis hier genoem word.

- **Vaardighede:** Gewoonlik word jou taalvaardighede, rekenaarvaardighede en voertuigbestuursvaardighede hier ingesluit.
- **Verwysings:** Werkgewers wil dikwels mense wat jou ken, kontak om te bevestig of die gegewens in jou CV waar en juis is, sowel as om meer oor jou persoonlike eienskappe te wete te kom. Dis gewoonlik voldoende om twee of drie persone se besonderhede in te sluit. Hierdie mense moet jou in jou professionele hoedanigheid ken – dis nie gepas om direkte familie as verwysings in te sluit nie. Jy kan eerder jou baas/bestuurder/toesighouer sowel as jou studieleier se besonderhede insluit.
- **Persoonlike profiel:** Jy kan ook 'n persoonlike profiel aan die begin van jou CV insluit, gegewe dat dit oorspronklik en goed geskryf is. Geykte uitdrukkings soos “ek is 'n uitstekende kommunikeerder wat goed in 'n span kan saamwerk...” moet eerder vermy word.

Wenke om jou CV te verbeter:

- *Spelling en taalversorging* – hierdie punt is al etlike kere gemaak, slaan ag daarop. Moenie elipse (...), vraagtekens of uitroepetekens gebruik nie.
- *Logiese struktuur* – maak seker dat jou CV 'n logiese struktuur volg. Moenie jou laerskooldetails voor jou tersiêre kwalifikasie lys onder Opleiding nie. Die werkgever stel waarskynlik nie belang in jou Gr. 7-punte nie terwyl jou graad of diploma van groot belang sal wees.
- *Maak dit aantreklik* – gebruik spasie, kleur en 'n gepaste lettertype sodat jou CV maklik leesbaar en mooi is om na te kyk. 'n Goed georganiseerde CV dui op 'n georganiseerde persoon!
- *Verkort* – laat alles wat nie kritiek belangrik is nie uit. Weereens sal jou laerskoolpunte, hoogspring-trofee en belangstelling in hekel vir die meeste poste nie van belang wees nie.
- *Beklemtoon die goeie* – moenie die punte insluit as jy nie goed presteer het nie. Lys dan net die vakke voltooi en noem dié waarin jy onderskeidings behaal het.

- **Onthou dat jou CV die werkgever se eerste indruk van jou gaan wees – maak dit 'n skouspel!**



7. DIE VERKENNER VOER 'N ONDERHOUD.


'n Onderhoud is 'n gesprek waar vrae gevra en beantwoord word. In alledaagse taal verwys die woord "onderhoud" na 'n een-tot-een gesprek waar een persoon as die *ondervraer* of *onderhoudvoerder* en die ander persoon, afhangende van die konteks, as *ondervraagde*, *aansoeker* of *kandidaat* optree. Daar word beurtelings vrae gevra en reageer. Onderhoude behels gewoonlik die oordra van inligting van die ondervraagde aan die onderhoudvoerder, en alhoewel dit gewoonlik die primêre doel van 'n onderhoud is, kan dit wedersyds plaasvind.

NOTAS VIR 'N ONDERHOUD




Navorsing

Berei jouself voor deur navorsing te doen oor die maatskappy by wie jy die onderhoud het. Google dus die naam van die maatskappy en lees op oor presies wat hulle doen en watter produkte en dienste hulle aanbied.



Arriveer vroeg

Maak seker dat jy altyd ongeveer 10 minute voor die onderhoud opdaag. Dit sal verseker dat jy nie verbouereerd en gejaagd voorkom nie en wys dat jy 'n stiptelike persoon is.



Eerste indrukke tel

Eerste indrukke is altyd belangrik. Stap die vertrek binne met jou kop hoog gehou, glimlag en gee 'n stewige handdruk. Dit is nodig om te wys dat jy selfvertroue het.



Dokumentasie

Hou al jou dokumentasie byderhand. Dit sluit in jou CV, ID-dokument, kwalifikasies en ook bestuurderslisensie, indien nodig.

Kleredrag

- Maak seker dat jy aan die werkgewer se kleredragbeleid voldoen – vind uit of dit formeel (pak en das) is, of meer informeel (netjiese broek en kraaghemp). Jy kan navraag doen by die menslike hulpbron afdeling of jy kan oplet hoe die werknemers by die maatskappy aantrek.
- Trek 'n bietjie meer formeel as die gemiddelde werknemer aan – as die dragkode baie informeel is, vat dit een vlak op wanneer jy klere kies.
- Bedek tatoes en verwyder liggaamsjuwele tot jy seker is of dit aanvaarbaar is in daardie spesifieke omgewing.

Voorbeelde van vrae

Doen voorbereiding deur reeds antwoorde te hê op algemene vrae wat gevra word. Dit kan vrae wees soos:

Vertel my meer oor jouself.

Beskryf jouself in 'n werksituasie. Praat dus oor jou opleiding, vermoëns, prestasies en vorige werksondervinding en hoe dit jou in jou nuwe werk gaan help.

Hoe hanteer jy konflik by die werk?

Noem byvoorbeeld dat jy verkies om dinge uit te praat en dat jy bereid is om na 'n ander se mening te luister. Noem dat jy nie wrokke koester nie en dat jy kan erken as jy verkeerd is. Jy is bereid om die minste te wees.

Wat is jou salarisverwagting?

As jy reeds weet wat die salaris is wat aangebied word, hou daarby. So nie, vind uit wat 'n markverwante salaris is. Noem dat jy bereid is om te onderhandel.



Wat motiveer jou om hard te werk?

"Geld" is nie 'n goeie antwoord nie. Sommige mense werk hard omdat hulle 'n verskil in die wêreld wil maak. Ander wil leiers op hul gebied word. Dink na oor jou eie motivering.

Watter vermoëns of vaardighede het jy nodig om hierdie werk te kan doen?

Maak 'n lysie van jou vaardighede wat jou bo die res van die aansoekers begunstig. Noem byvoorbeeld dat jy passievol is oor jou werk en gee ook voorbeelde daarvan. Miskien lees jy relevante tydskrifte, of dalk volg jy aanvullende kursusse.

Wat is jou swakste eienskappe?

Fokus hier op jou werk en nie jou karakter nie. Probeer om die negatiewe om te swaai in 'n positiewe. Jy kan byvoorbeeld iets sê soos: "Ek is geneig om perfeksonisties te wees. Ek wil altyd alles 100% reg doen en is nogal hard op myself."



Vertel my van jou huidige werk.

Moet nóóit iets negatief oor 'n vorige of huidige werkgewer sê nie. Vertel liever wat jy by die maatskappy geleer het en hoe dit jou loopbaan bevorder het. Wanneer jy gevra word waarom jy jou huidige pos wil verlaat, noem dat jy op soek is na nuwe uitdagings en verdere geleenthede vir groei.

Wat is jou sterkste eienskappe?

Hierdie is jou kans om te wys waarom jy die geskikste kandidaat is. Miskien floreer jy onder druk, of jy hou daarvan om ander te motiveer. Dalk is jy geneig om altyd goeie oplossings te bied vir probleme. Dink aan voorbeelde om dit te illustreer.

Wat is jou kort- en langtermyn doelwitte?

Volgens Career Planet soek maatskappye werknemers wat beplan om by hulle te bly. Jou antwoord moet dit weerspieël. Noem dat jy op die kort termyn daaraan wil werk om 'n kenner op jou gebied en selfs die beste in die maatskappy te word. Op die lang termyn wil jy moontlik groter verantwoordelikhede aanvaar of selfs 'n leiersposisie by die maatskappy beklee.

Wanneer twee bestuurders elkeen van jou verwag om sy werk dadelik te doen, hoe hanteer jy dit?

Hierdie is nie regtig 'n slinkse vraag nie. Jy kan dalk voorstel dat jy en die twee bestuurders vinnig bymekaar kom sodat daar onderskei kan word tussen die dringendheid en belangrikheid van die take. Moontlik is albei dringend, maar een se spertyd is dalk vroeër as die ander.

Werk jy beter op jou eie of in 'n span?

Dit word gewoonlik van jou verwag om op jou eie én in 'n span saam te werk. Noem dat jy goed in 'n span werk, maar dat jy ook in staat is om onafhanklik te werk.

Het jy enige vrae?

Wys dat jy belangstel. Vra vrae oor die maatskappy self of oor geleenthede vir groei. Maak seker dat die pos ook aan jóu behoeftes voldoen.



8. DIE VERKENNER REDENEER OOR DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS.

Afrikaans in die nuwe bedeling

Tydens die 2011-Sensus het dit aan die lig gekom dat Afrikaans die derde grootste taalgroep in Suid-Afrika is met meer as ses miljoen moedertaalsprekers (Zulu en Xhosa die twee ander taalgroepe) en met bykans net soveel mense wat dit as tweede of derde taal praat.

Tog is daar 'n opvatting dat Afrikaans aan die kwyn is en nie deur baie mense gepraat word nie. Volgens die Sensus is die opvallendste taalverandering dat daar 'n toename in huistaalsprekers van Engels is, met 'n afname in Afrikatale en 'n geringe toename in Afrikaans. Dit is 'n geval van taalverskuiwing.

Taalverskuiwing geskied wanneer mense van 'n taalgroep daardie taal met 'n ander taal vervang. Soms is dit net gedeeltelike verskuiwing – wanneer die verskuiwing net binne 'n sekere konteks plaasvind, bv. Afrikaanssprekendes wat by restaurante en tydens inkopies Engels praat, maar by die huis Afrikaans praat.

Wanneer mense egter die ander taal die heeltyd gebruik en die oorspronklike taal afskeep, word dit totale taalverskuiwing. Die afsterf van die taal is die finale fase van taalverskuiwing. Dit geskied gewoonlik oor 'n lang tydperk en in verskillende fases. Tweektaligheid wat oorgaan in vervangende tweektaligheid, waar die sprekers hul eie taal met die dominante taal begin vervang, is een van hierdie fases. Dit lei tot sprekers wat hul moedertaal nie meer ordentlik kan praat nie en uiteindelijke eentalig word.

DIE AFSTERF VAN DIE TAAL IS DIE FINALE FASE VAN TAAIERSKUIWING.

Weens Engels se dominante status word dit in verhouding met die ander tale meer gebruik (al is dit nie die moedertaal van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners nie). Mense kies bloot om dit meer as ander tale te praat omdat hulle dit as die taal van ekonomiese, politiese en sosiale mag beskou.

Daar is 'n toenemende daling in die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in beide skole en universiteite. Volgens statistieke het Afrikaans-enkelmediumskole in 'n provinsie soos Mpumalanga van 1993 tot 2003 met 96% gedaal (van 90 skole tot slegs 3 in 2003). Vyf Suid-Afrikaanse universiteite was in 1980 Afrikaans-medium en 15 Engels; in 1994 was 18 Engels, 5 tweektalig en géén universiteit wat Afrikaans as enigste onderrigmedium gebruik nie.

Afrikaanse ouers plaas toenemend hulle kinders in Engelse skole. Afrikaanse skole veg om voortbestaan en Afrikaanssprekendes in die gemeenskap dien self die doodslag toe! Die gesindheid is dat kinders met 'n Afrikaanse opvoeding 'n agterstand teenoor Engelse in die sakewêreld sal hê. Dit is 'n groot mistasting. Suksesvolle Afrikaanse sakelui, soos die Ruperts, staan glad nie terug in die sakewêreld nie.

Die wêreld is hedendaags 'n globale stad met multinasionale beroepslui in elke hoekie van die aardbol. Ingenieurs van Duitsland (eentalige nasie), het nie 'n agterstand teenoor Engelse ampsgenote nie, om nie te praat van die 800 000 Afrikaners wat geëmigreer het en werk kon kry "ten spyte van" hulle moedertaalonderrig nie. Waarom die wanpersepsie? Dalk weens uitlatings soos dié van professor Jansen.

Prof. Jansen, rektor van die Universiteit van die Vrystaat, het onlangs die stelling gemaak dat Engels, eerder as Afrikaans, die taal van versoening in hierdie land sal moet wees. "Dit verbaas my steeds hoe 'n versigtige argument oor taalinklusiwiteit ernstig verdraai kan word vir die maksimum mediabohaai," het hy getwiet in reaksie op die ontstoke debatvoering wat daarop gevolg het.

Wat hy taalinklusiwiteit noem, sal noodwendig tot eentaligheid lei. Ons behoort eerder meertaligheid na te streef. Slegs diegene wat reeds eentalig Engels is, sal by Jansen se voorstel baat en ander sprekers sal hul tale daarvoor inboet, soos wat reeds aan die gebeur is met die Afrikatale.

Volgens die skrywers van 'n navorsingsverslag, "Taalkeuses en -opinies van Afrikaanssprekende studente aan Unisa", word die oorheersing van Engels onder die skyn van veeltaligheid aangeblaas. By Unisa neem die aantal vakke wat slegs in Engels aangebied word al hoe meer toe en verloor Afrikaans sy voorheen gelyke status met Engels.

'n Taal se oorlewing word gemeet aan faktore soos die behoud van die taal se funksies en die status van die taal. 'n Taal moet hoë sowel as lae funksies hê. As 'n hoë funksie soos gebruik in amptelike konteks verlore gaan, het dit 'n negatiewe effek; daarom is dit van kardinale belang dat Afrikaans steeds as 'n vakkundige taal op tersiêre vlak gebruik moet word.

Kitsfeite oor Afrikaans:

Afrikaans is die derde mees gesproke taal in Suid-Afrika (Engels is die vierde taal).

6,59 MIL

Ongeveer 6,59 miljoen mense in Suid-Afrika gebruik Afrikaans as 'n eerste taal.



Afrikaans is die derde jongste Germaanse amptelike taal. Faroërs is die tweede jongste en Luxemburgs die jongste.

10,3 MIL

10,3 miljoen leerders in Suid-Afrikaanse skole leer Afrikaans as tweede taal.

95%

Meer as 95% van Afrikaans se woordeskat is van Nederlandse oorsprong.



Afrikaans is die enigste Wes-Germaanse taal wat buite Europa ontwikkel het.



Afrikaans is daarom 'n Afro-Germaanse taal: dit het in Afrika ontwikkel en word in Afrika gepraat.



Afrikaans is ook 'n Suider-Afrikaanse Kreoolse taal: hierdie taal met verskillende invloede word ook in Namibië, Zimbabwe en Botswana gepraat.



Hierdie Kreoolse taal het in die sewentiende eeu ontwikkel in die Nederlandse kolonie, die Kaap van Goeie Hoop, onder die invloed van Nederlands, Khoi-Khoen en die gesproke taal van die slawe (bv. Maleis).

Voorbeelde is:


- piesang (Maleise invloed)
- baadjie (Maleise invloed)
- gogga (Khoi-Khoi-imploed)
- baie dankie (Nederlands *hartelĳk dank* en Maleis *banyak*)

In Suid-Afrika is minder as die helfte - 40% - van Afrikaanssprekendes wit.

Die vroegste gepubliseerde Afrikaanse woordelys is in 1844 deur 'n Nederlander, ANE Changuion, opgestel, getiteld Proeve van Kaapsch taaleigen.

Die uniekheid van vroeë negentiende-eeuse Kaaps-Hollands word hierin weerspieël; hier is voorbeelde van woorde en hulle verklarings:

- Afrikaander, Kapenaar. Men verstaat daardoor elk kolonist, die niet door geboorte of afkomst een buitenlander is [wit afstammeling van Nederlanders gebore in Suid-Afrika].
- Alláh! God. Deze Turksche benaming van het Opperwezen, wordt in navolging der Maleijers, gedurig als een uitroep misbruikt.
- Atjar, zuur, d i vruchten of groenten in azijn gelegd.
- Baatje (baaitje, van baai, wollen stof); buis of mouwvest – Hij krijg op zyn baatje; hij krijgt slaag.
- Bajan, veel. – Ook wel banje.
- Biltong, rookvleesch, aldus genaamd omdat het veelal uit een bilstuk gesneden wordt, en in gedaante eenigzins met eene gerookte ossentong overeen komt.
- Boeta of Boetje (in de kinderspr); broertje.
- Gevreet, verachtelijke benaming voor het aangezigt, nog erger dan het Holl bakkes of bakhuis.
- Kombuis (scheepswoord), algemeene benaming voor de keuken.
- Lekker, aangenaam: die pen schrijft lekker.
- Unieke taal, unieke woordeskat
- Mos of mus; immers: ik weet mos wat ik doe.
- Motje, tante, verkleinw van moei.
- Pierinkie, theeschofeltje of bordje.
- Sies! uitroep van afkeuring; foei! – Het is de fluitletter met verontwaardiging tusschen de tanden doorgedreven, en het woord is veel nadrukkelijker dan ons foei!.
- Sambok, zekere soort van karwats, uit de huid van een zeekoe gesneden.
- Sambreel, parapluie of regenscherm.



Afrikaans is 'n internasionale taal

Afrikaans is 'n beduidende taal (een van die 120 grootste tale uit 7105 tale). Min mense weet byvoorbeeld dat Afrikaanse taalverwerwing en Geskiedenis van Afrikaans as vakke geneem kan word by die Adam Mickiewicz-Universiteit (UAM) in Pole. Daar word selfs tans aan die eerste Pools-Afrikaanse woordeboek gewerk.

Afrikaans word as vak aangebied by Universiteite in Wenen, Moskou, Ghent (België) en in Nederland.

Die Zuid-Afrika Huis in Amsterdam is die grootste Afrikaanse biblioteek buite Suid-Afrika. 11% van Namibiese huishoudings gebruik Afrikaans as eerste taal.

Afrikaans word nie net in Suid-Afrika gepraat nie. In die Verenigde Koninkryk is daar ongeveer 100 000 Afrikaanssprekendes, in die VSA 19 000 en nog duisende in ander lande waar baie Afrikaners hulself gaan vestig het.

12 leuens oor Afrikaans

1. Baie min mense in Suid-Afrika praat Afrikaans. Daarom is dit beter om na Engels oor te skakel.

Verkeerd. Afrikaans, met 6,8 miljoen sprekers, is die derde grootse taal in Suid-Afrika ná Zoeloe (11,5 miljoen) en Xhosa (8,1 miljoen). Engels (4,8 miljoen) word deur slegs 9,6% van Suid-Afrika se bevolking as moedertaal gebruik (Sensus 2011).

2. Afrikaans het nie 'n plek in Suid-Afrika nie omdat dit 'n "witmanstaal" is.

Verkeerd. Die meerderheid Afrikaanssprekendes is nie wit nie. Van die 6,8 miljoen Afrikaanssprekendes is net 2,7 miljoen wit. Bruin Afrikaanssprekendes verteenwoordig 50% (3,4 miljoen); wit Afrikaanssprekendes 40% (2,7 miljoen) en swart Afrikaanssprekendes 9% (602 100), met die res uit ander groepe (Sensus 2011). Dit beteken dat meer as 60% van die Afrikaanse gemeenskap nie wit is nie.

3. Dit is beter om Afrikaans af te skaf en na Engels oor te skakel, want Afrikaans was die taal van die onderdrukker.

Engels was die taal waarin die wreedste slawehandel en koloniale uitbuiting in Afrika plaasgevind het. Die Nazi-geskiedenis is in Duits gepleeg. Tog word Engels en Duits as tale nie vir hierdie verlede gestraf nie. Waarom vandag die meerderheid Afrikaanssprekendes, wat bruin is en aan die ontvangkant van apartheid was, straf?

4. Afrikaans hoort nie in Afrika nie, want dit is nie 'n inheemse taal nie.

Afrikaans se wortels is Westers maar met sterk invloede van Asië (Maleisië) en Afrika. Behalwe dat Afrikaans na die Afrika-kontinent vernoem is, word dit nêrens anders in die wêreld gepraat nie. Hoe kan dit dan nie 'n inheemse taal wees nie? Die oneerlikheid van mense wat so sê, is dat hulle dan ten gunste van Engels is, wat blykbaar as koloniale en Europese taal in Afrika hoort.

5. Vir die langtermynoorlewing van oorwegend Afrikaanse universiteite is dit beter dat die universiteit Engels word, want Afrikaans het 'n kwynende mark.

Volgens die SAOU het 54 000 wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes in 2011 matriek geskryf. Hiervan het 36 000 universiteitstoelating gekry waarvan 29 000 hulle by universiteite ingeskryf het. Dit regverdig twee tot vier kampusse wat Afrikaanse klasse aanbied.

6. Afrikaans is nie tegnies genoeg ontwikkel as 'n akademiese taal nie.

Net vyf tale het in die twintigste eeu ontwikkel tot die hoogste vlak, nl. Hebreeus, Katalaans, Indonesies, Hindi en Afrikaans. Meer as 450 vakwoordeboeke en terminologielyste in Afrikaans is ontwikkel vir byvoorbeeld die mediese, rekenaar, ruimte, en baie ander velde. Vyf Suid-Afrikaanse universiteite bied nog klasse in Afrikaans aan. Afrikaans word as vak by Nederlandse, Poolse, Russiese, Amerikaanse, Belgiese en vele ander universiteite aangebied. Die internasionale erkenning van Afrikaans blyk uit die feit dat byvoorbeeld Microsoft, Google en Nokia, Afrikaans as een van hulle keusetale aanbied.

7. Engels is 'n internasionale taal – daarom is dit dom om in Afrikaans te wil studeer.

Internasionale navorsing het bewys dat onderrig in jou moedertaal altyd die beste is. Die Chinese studeer in Mandaryns, die Duitsers in Duits en die Franse in Frans. Die Duitse ekonomie is die sterkste in Europa en hoewel min Chinese Engels praat of verstaan, is hulle wetenskaplik ver voor baie ander lande en het reeds verskillende ruimtetuie die ruimte ingestuur.

Naas Engels is Afrikaans die enigste Suid-Afrikaanse taal wat ook internasionaal verstaan word. In die res van die wêreld is daar 24 miljoen mense wat Afrikaans verstaan, in byvoorbeeld lande soos Nederland, België en Suriname. Dit is nie die geval vir die ander Suid-Afrikaanse tale nie.

8. Die voorstander van Afrikaans is anti-Engels.

Voorstanders van Afrikaans is nie anti-Engels nie. Engels is belangrik en maak baie deure oop – veral internasionaal. Daarom behoort Engels as vak deur studente tot op universiteitsvlak geneem te word – verkieslik verpligtend. Afrikaanse studente wat in Afrikaans studeer het, doen baie goed in die buiteland waar hulle dikwels in Engels moet werk. Navorsing bewys dat studente beter vaar as hulle moeilike begrippe in hul moedertaal, bv. Afrikaans, aanleer (Kathleen Heugh). Omdat hulle Engels as taal ken, kan hulle kommunikeer en goed vaar in 'n Engelse wêreld. Daar is 'n groot verskil tussen Engels bemeester as taal, teenoor Engels as enigste taal van onderrig in alle vakke.

9. Om Afrikaans as onderrigtaal by 'n universiteit te gebruik, is teen die grondwet.

Artikel 29 (2) van die Grondwet lui: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde ... hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe ... met inbegrip van enkelmedium oorweeg ..." Van die 36 universiteitskampusse in Suid-Afrika is slegs twee nog oorwegend Afrikaans. Dit beteken dat die meeste kursusse daar nog van die begin tot die einde in Afrikaans voltooi kan word. Is twee oorwegend Afrikaanse kampusse te veel gevra?

10. 'n Taal kan nie tot niet gaan nie.

Baie tale het reeds uitgesterf. Tans is daar 1 500 tale wat met minder as 1 000 mense wat dit praat, op die grens van uitsterf is. Afrikaans is 'n Germaanse taal. Van die 22 Germaanse tale het 10 reeds verdwyn. Tale kan dus tot niet gaan.

11. Solank 'n taal nog gepraat word, kan dit nie tot niet gaan nie.

As 'n taal nie meer in die hof, in die parlement, in die skool, in die universiteite en in die ekonomie gepraat word nie, verloor dit status en is daar min aansporing vir ouers om hul kinders daarin groot te maak. Binne drie geslagte kan so 'n taal tot niet wees. 'n Taal begin dus tot niet gaan as hy sy amptelike of hoë taalfunksies verloor. Gaan slaan na hoe Oksitaans, Wallies, Skots-Gaelies en ander tale agteruitgegaan het nadat hulle hul hoë taalfunksies verloor het.

12. Afrikaans sluit uit en gee aanstoot.

Moenie enkele gevalle veralgemeen en op alle Afrikaanssprekendes van toepassing maak nie. Afrikaans darf nie die turksy in die Suid-Afrikaanse taalboord wees nie. Die manier waarop die "taalstryd" gevoer word, sal dit bepaal. Dit is in die belang van al Suid-Afrika se tale dat Afrikaans die stryd voortsit. Die bekende Afrikaanse skrywer Chris Barnard het gesê: "As Engels die oorhand (in Suid-Afrika) kry, is dit meer as net Afrikaans wat in die slag gaan bly. Tien inheemse tale gaan verdwyn. Die enigste uitheemse taal (Engels) gaan bly en al elf dele van die koek kry, miskien 'n hoflike windjie breek en verder stap Afrika in."

IN DIE RES VAN DIE WÊRELD IS DAAR 24 MILJOEN MENSE WAT AFRIKAANS VERSTAAN, IN BYVOORBEELD LANDE SOOS NEDERLAND, BELGIË EN SURINAME.

Hoekom Afrikaans?

Tog het die Afrikaanse prentjie nie net 'n donker toekoms nie. In die boek *Hoekom Afrikaans* skryf verskeie kundiges hoekom Afrikaans steeds die taal van hul hart is. Top sakeleiers, onderwysleiers, gemeenskapsleiers, professore, joernaliste, skrywers, sangers, jongmense en akteurs verduidelik waarom daar volgens hul mening steeds 'n helder toekoms vir Afrikaans is. Afrikaans is nie vir hulle 'n taal teen Engels of enige ander taal nie, maar 'n taal vir nuwe moontlikhede en hoëfunksieprestasies.

10 redes hoekom Afrikaans nog gebruik kan en moet word:

- Afrikaans is geskenk van die Here
- Afrikaans is sonder grense
- Afrikaans is 'n sappige taal
- Afrikaans laat jou tong dans
- Afrikaans is 'n moderne taal
- Afrikaans is jou reg
- Afrikaans is 'n taal van hoop
- Afrikaans is jou ID
- Afrikaans is 'n taal van status
- Afrikaans is 'n taal van geleentheid

Die toekoms van Afrikaans

Volgens prof. Wannie Carstens kan ons die volgende stappe neem om Afrikaans se voortbestaan te verseker:

- Maak seker dat Afrikaansmediumkinders na Afrikaansmediumskole gaan.
- Behou Afrikaans as wetenskapstaal.
- Behou Afrikaans as publikasietaal – publiseer koerante, tydskrifte, boeke, wetenskapartikels.
- Hou vol om Afrikaans in al sy funksies te gebruik: by die huis, by die werksplek (Afrikaans is 'n ekonomiese bate), by die kerk, in die howe, daar waar ons ontspan. Ons durf nie toelaat dat een funksie verlore gaan nie. Onthou: as ons op onderwysvlak verloor, begin die taal te kwyn – onderwys is die skakel tussen alle funksies.
- Ons moet die volle verskeidenheid van Afrikaans erken. Ons het standaard- en niestandaardvariëteite en die een is nie noodwendig beter as die ander een nie.
- Ons moet Afrikaans ondersteun waar ons kan. Kom ons koop Afrikaanse boeke, koerante en tydskrifte; luister Afrikaanse musiek; woon Afrikaanse kunstefeeste by. Kom ons gee ons geld vir Afrikaans en help 'n mark vir Afrikaans en sy produkte skep.
- Raak betrokke by Afrikaanse projekte. As jy nie tyd het nie, gee dan jou geld. Ons het baie fondse nodig om Afrikaanse kinders te laat studeer sodat hulle op hul beurt weer die ekonomie kan stimuleer deur hul vaardighede.
- Ons moet trots wees op ons taal, maar ons moet terselfdertyd ook beleef wees teenoor die sprekers van ander tale. Watter beeld dra ons van Afrikaans en sy sprekers oor?
- Ons moet werk en geleentheid in Afrikaans skep.

9. DIE VERKENNER ONTDEK DIE GESKIEDENIS VAN REPUBLIEKWORDING TOT VANDAG, ASOOK NAMIBIË SE GESKIEDENIS.

Op weg na 'n republiek

Toe die bejaarde DF Malan die vierde Eerste Minister van Suid-Afrika word, het dit vir baie Afrikaners die kroon gespan op jare se harde werk en volharding. Malan se bewindsaanvaarding het die tydperk van die generaals afgesluit en 'n nuwe era ingelui waar die nasionalistiese Afrikaners die kaart kon inkleur. Malan was vir baie Afrikaners die verpersoonliking van Afrikanernasionalisme en die strewe na 'n eie republiek.

Na die Tweede Wêreldoorlog het kleiner volke regoor die wêreld met toenemende selfvertroue op hul regte begin aanspraak maak. Hulle was vasbeslote om die juk van die Europese koloniale

moondhede af te skud. Die internasionale klimaat het gunstig geword vir onafhanklike republieke vry van voormalige Europese kolonies. In 1948 is die staat Israel gestig.

Suid-Afrika was die 21ste land in Afrika wat binne een dekade onafhanklikheid verkry het. Malan het Indië se versoek om onafhanklik te word, maar terselfdertyd lid van die Britse Statebond te bly, gesteun. Hierdie benadering het ook vir die Nasionaliste 'n middeweg gebied om 'n eie republiek te kry met behoud van die historiese band met Brittanje.

JG (Hans) Strijdom, ook bekend as die "Leeu van die Noorde" het met sy bewindsaanvaarding in 1954 die pas na Republiekwording versnel. Onder sy bewind het die Suid-Afrikaanse vlag die



HF Verwoerd, JG Strijdom en DF Malan

enigste amptelike vlag geword, "Die Stem" die enigste nasionale lied en Simonstad is onder Suid-Afrikaanse beheer geplaas. Strijdom was slegs vier jaar premier voordat hy na 'n kort siekbed oorlede is. Sy vrou, Susan, beskryf hom as 'n "idealistiese volksmens, lief vir die skone, die kunste maar veral vir musiek. Hy was lief vir tradisie, 'n waaragtige demokrat, in sy huis net soos in sy politieke lewe".

HF Verwoerd het hom in 1958 as Suid-Afrika se sesde eerste minister opgevolg. Verwoerd was 'n uitnemende akademikus en die eerste in sosiologie in Stellenbosch. In 1937 is hy as die eerste hoofredakteur van *Die Transvaler* aangestel. Hy dien eers as senator, voordat Malan hom as Minister van Naturellesake benoem het.

Verwoerd kondig in 1960 aan dat Suid-Afrika 'n referendum oor Republiekwording sou hou. Hy het onderneem dat Suid-Afrika na Republiekwording as lid van die Statebond kon aanbly, maar die ander Statebondlande het die aansoek as gevolg van Suid-Afrika se apartheidsbeleid afgekeur.



Die foto is geneem op 31 Mei 1961 op Kerkplein om 12:00, oomblikke nadat Suid-Afrika formeel 'n Republiek geword het.

Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n republiek geword. CR Swart was die eerste staatspresident. Verwoerd het tydens die geleentheid gesê:

*Die republikeinse ideaal was die besieling tot al ons dade,
dit was die besieling tot die groei van ons volk,
dit het gelei tot ons eenheid,
dit het gelei tot ons ekonomiese voorspoed,
dit het berus op ons geloof in God en was die leidraad vir ons
geestelike sowel as ons materiële lewe.
In Sy hande het ons ons toekoms geplaas en uit Sy hande het
ons die gawe ontvang.
Die krag van 'n ideaal is onuitputlik en dit sal nog verder
vorentoe besiel ...*

Afrikaners het Republiekwording as 'n tweede kans beskou nadat hulle die Boererepublieke na die Vrede van Vereeniging verloor het. Hulle wou ten alle koste 'n sukses van die republiek maak en het om dié rede vanuit hul roepingsbesef plig teenoor land en volk as een van die belangrikste waardes beskou.



Een van die hoogtepunte van die tydperk was Chris Barnard wat die wêreld se eerste suksesvolle hartoorplanting op 3 Desember 1967 uitgevoer het. Meer as 41 000 hartoorplantings in 297 sentra is wêreldwyd gedoen en Chris Barnard se metode word steeds gebruik.

Die eerste vyf jaar van die republiek is gekenmerk deur ongekeende ekonomiese voorspoed, nywerheidsontwikkeling, die vestiging van infrastruktuur en algemene vooruitgang van alle Suid-Afrikaners.

Perspektief op apartheid

Giliomee skryf dat dit vir hom moeilik is om te verstaan hoekom mens vandag geen nugter of gebalanseerde ontleding van apartheid sien nie. "Dit is vir my duister hoe die Afrikaners 'n gesonde politieke bewussyn kan ontwikkel as die hele apartheidsgeskiedenis enersyds deur sommige net in skuld en skaamte en andersyds deur sommige met blinde ontkenning bejeën word."

Die NG Kerk se 1935-sendingbeleid is enersyds 'n metode wat ontwikkel is om die evangelie aan 'n diverse samelewing te verkondig en andersyds om die kerke in die NG kerkfamilie tot selfstandigheid te begelei. As oud-NG predikant was Malan deeglik bewus van die kerklike ontwikkeling. Die oortuiging het by die nasionaliste posgevat dat die beleid as die model gesien word waarop volkereverhouding in Suid-Afrika gereël moet word. Na die oorwinning van die Nasionale Party, het Malan ook begin om die beginsels van die sendingbeleid in landswette te ontwikkel en die hele Suid-Afrikaanse samelewing aan die hand daarvan te struktureer. Die NG kerk se Kaapse Sinode het in 1949 verklaar dat die apartheidswette verwant is aan die sendingbeleid van 1935. Hiermee het die NG kerk inderwaarheid 'n Christelike goedkeuringstempel op apartheid as landsbeleid geplaas. Vir Afrikaners was dit genoeg om te weet dat die kerke die beleid as Bybels regverdig het.

**VERWOERD WOU DIE TUISLANDE VAN DIE
VERSKILLENDE SWART STAMME OMSKEP
IN ONAFHANKLIKE STATE WAAR SWART
SUID-AFRIKANERS VOLLE BURGERREGTE
SOU GENIET. HY HET VERKIES DAT
GEPRAAT WORD VAN AFSONDERLIKE
ONTWIKKELING OF VREEDSAME
NAASBESTAAN AS VAN APARTHEID.**

Verwoerd wou die tuislande van die verskillende swart stamme omskep in onafhanklike state waar swart Suid-Afrikaners volle burgerregte sou geniet. Hy het verkies dat gepraat word van afsonderlike ontwikkeling of vreedsame naasbestaan as van apartheid. Die terme was vir hom meer positief en het die beleidsoogmerke beter verduidelik. Verwoerd wou aan elke bevolkingsgroep die geleentheid bied om selfstandig na sy eie aard en vermoë te ontwikkel met behoud van eie identiteit. Om dié rede het

die twee slagspreuke "Skep jou eie toekoms" en "Behou jou identiteit" Verwoerd se uitgangspunte die beste beskryf.

Flip Buys plaas 'n gebalanseerde siening van apartheid op die tafel deur klem te lê op die positiewe en negatiewe kante van apartheid. "Aan die positiewe kant," verduidelik Buys, "was dat dit gesien is as 'n beleid om die Afrikaner as 'n klein volkie – op 'n groot en gevaarlike vasteland – se vryheid in 'n eie land te verseker, deur 'n proses wat terselfdertyd vryheid aan ander volke in hul eie lande sou bewerkstellig. Die tema van vryheid kom soos 'n goue draad na vore in tallose Afrikaanse liedere, gedigte en prosastukke, wat dit duidelik maak dat dit 'n grondmotief in die Afrikaner se nasionale strewe was. Vryheid, en nie onderdrukking nie, was die vertrekpunt van Afrikaners se soeke na oplossings vir die rassevraagstuk."

Aan die negatiewe kant was apartheid gesien as 'n metode om die Afrikaner teen Afrika te beskerm. Vryheid was die strewe, maar vrees het die dryfkrag agter die apartheidsideologie geword. Jan Lubbe verduidelik die selfvernietigende gevolge van ideologie as "gebore uit 'n situasie van vrees, bedreiging en gepaardgaande onreg, verhef dit sekere ideale tot 'n einddoel wat uiteindelik die absolute aantrekkingskrag op mense uitoefen. Dit teken subtiel 'n valse beeld van die werklikheid, 'n illusie waarin mettertyd ideologies gekleurde waardes toegeken word. Dit teer op die isolasie van mense. Dit beskou selfkritiek as 'n gebrek aan lojaliteit. Dit hol etiese waardes uit en gee daaraan 'n nuwe inhoud. Dit ontwikkel 'n eie woordeskat. Uiteindelik heilig die doel die middele."

Om die positiewe en negatiewe kante te balanseer, probeer Flip Buys Verwoerd se beleid binne die konteks van die nasionaliste se kaart verstaan. Hy beoordeel apartheid aan die hand van die strategiese in-mandjie wat op Verwoerd gewag het toe hy beleidsbesluite oor rassebetrekkinge moes ontwikkel. Dit word in die volgende tien punte opgesom:

1. Veelheidstaat, nie eenheidstaat nie

Afrikaners het histories nie Suid-Afrika as 'n eenheidstaat gesien nie. Suid-Afrika is as geografiese term beskou, geskoei op die Wes-Europese model waar verskeie volke in hul eie lande bly, maar oorhoofs kon saamwerk. Verwoerd het Suid-Afrika dikwels met die Britse Statebond vergelyk. Net soos onafhanklike nasies in die Statebond, kon volke in Suid-Afrika hulself regeer, terwyl hulle ekonomies saamwerk. Afrikaners wou die landkaart deur die tuislandbeleid herskik, sodat Suid-Afrika as 'n multinasionale staat kon funksioneer. Die konsolidasie van grondgebied en nywerheidsontwikkeling in tuislande was van die groot knelpunte wat die oogmerk gekniehalter het.

2. Stryd teen Britse kolonialisme

Die Afrikaner van 1961 het vir die grootste deel van sy bestaan vir vryheid teen Britse koloniale oorheersing geveg. Eers na die afhandeling van hierdie stryd met Republiekwording in 1961, het die hantering van die swart vraagstuk 'n nasionale prioriteit geword. Dit is selfs moontlik dat Afrikaners hul vryheidsdrang op swart volke geprojekteer het deur te glo dat elke volk soos hulle in 'n eie land vry wou wees.

3. Die nasleep van die Anglo-Boereoorlog

Afrikaners is meer as een keer in hul geskiedenis met uitwissing bedreig. Giliomee praat ook van die "bestaansang" en oorlewingsstryd van die Afrikaner as 'n klein volkie wat deur sy hele geskiedenis onveilig was. Die eerste konsentrasiekampe was in Suid-Afrika gebou, en nie in Nazi-Duitsland nie. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Nazi's hul konsentrasiekampe

selfs regverdig deur na die Engelse kampe in Suid-Afrika te verwys. Daar was 'n gevoel dat Afrikanermassasterftes nooit weer mag gebeur nie, en dat die Afrikaner nooit sy mag oor homself mag prysgee nie. NP van Wyk Louw het kort na die Tweede Wêreldoorlog in 1946 geskryf dat wanneer die Afrikaner 'n minderheid onder 'n swart meerderheid sou word, "hy so hulpeloos soos 'n Jood in Duitsland" sal wees. Gebeure in Afrika het die siening versterk dat dit die einde van die Afrikaner se veiligheid sou beteken as hy onder 'n swart regering te lande sou kom. Afrikaners het apartheid met vryheid vir alle volke in hul tradisionele lande as 'n alternatief vir wit óf swart oorheersing gesien.

Vryheid-deur-apartheid is tot die tagtigerjare as 'n voorwaarde vir Afrikaneroorlewing in Afrika gesien. Verwoerd het onderskeid getref tussen permanente of groot apartheid wat die ontwikkeling van 'n eie land vir elke volk beteken het, en klein apartheid wat as tydelike oorgangsmatreëls gesien is totdat eersgenoemde tot stand gebring is. Afrikaners was egter blind vir die morele implikasies van die beleid en die vernietigende effek wat die gedwonge skeiding op gesin- en samelewingsstrukture gehad het.

4. Armoede en taalverwaarlosing

Die nasionale welvaart van groot dele van die Afrikaner is meermale uitgewis, soos tydens die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog, verstedeliking na die oorlog, die Rebelle en die Depressie. Wat opheffing betref, was die Afrikaner op homself aangewese. Die geskiedenis van Afrikanerarmoede en taalverwaarlosing loop hand aan hand met Afrikaners se politieke verhaal. Telkens wanneer Afrikaners die politieke mag verloor het, het die afskeep van Afrikaans, "selfs Taalmoord!" en uiteindelik armoede, gevolg. Daarom het Afrikaners die handhawing van hul vryheid in 'n eie land tradisioneel as 'n voorwaarde vir die voortbestaan van Afrikaans en hul ekonomiese welsyn gesien.

5. Die stand van die swart bevolking aan die beginjare van apartheid

Voor die Tweede Wêreldoorlog was die oorgrote meerderheid swart mense nog ongeskoold, in tradisionele gebiede woonagtig, nie politiek aktief nie en was die getalle verhoudings in die dorpe en stede nie so oorweldigend soos later jare nie. Die verstedeliking tydens die oorlog het hierdie situasie verander, alhoewel dit in daardie jare nie duidelik was of dit 'n permanente toestand gaan wees nie. Die tradisionele leiers het steeds sterk steun gehad, die ANC was relatief onbekend, en soos elders in die wêreld het wit mense nog nie gemeen dat hul vlak van ontwikkeling gelyke politieke deelname in 'n eenheidsstaat regverdig nie.

Afrikaners se houdings was paternalisties. Daar was selfs 'n gevoel van trots omdat swart mense se lewensgehalte beter was as in die res van Afrika. Die sentrale vraag in die Suid-Afrikaanse politiek van die grootste deel van die vorige eeu was hoe om die Afrika-volke se reg op vryheid te verwesenlik sonder dat die Afrikaner in dieselfde proses sy vryheid verloor.

6. Ras en apartheid

**DIE AFGRYSE IN EUROPA
OOR DIE NAZI-GRUWELDADE
HET 'N RASSE-IDEOLOGIE
GRONDIG DISKREDITEER.**

Apartheid was nie gegrond op die mislukte rasse-ideologie van Hitler se Duitsland nie, maar op die Westerse hoofstroomdenke oor ras tot ongeveer die einde van die vyftigerjare. Die afgryse in Europa oor die Nazi-gruweldade het 'n rasse-ideologie grondig diskrediteer. Die winde van verandering het sterk oor die wêreld begin waai. Anti-paternalisme, rassegelykheid, politieke bevryding en sosiale kwessies soos die

ekonomiese opheffing van armes het teen die begin van die sestigjare Westerse politieke denke oorheers.

Apartheid het internasionaal 'n simbool geword van rasse-onderdrukking. Europa het die Nasionale Party met agterdog bejeën. Die Nasionale Party was vir Europa die simbool van rassediskriminasie, rasseheerskappy en die onregverdigheid van die vooroorlogse Europa. Suid-Afrika het die teiken van die nuwe onafhanklike state in die Verenigde Nasies geword. Ongelukkig het die eensydige Westerse veroordeling nie Suid-Afrika se konteks volledig in ag geneem nie.

Suid-Afrika was ver van Europa en het nie die gruwels van die oorlog eerstehands meegemaak nie. Die stryd teen Britse oorheersing was hier nog prioriteit. Apartheid was ook nie van die begin af net met teenkanting begroet nie. Die VN-sekretaris-generaal, Dag Hammarskjöld, het voorstelle aan Verwoerd gemaak om apartheid te omskep as 'n mededingende alternatief vir integrasie. Sommige Westerse lande het apartheid met belangstelling as eksperiment begroet. Die geweldige ingewikkeldheid van 'n probleem met rasse, nasionalistiese, ideologiese, etniese en kulturele aspekte het baie internasionale waarnemers laat glo dat die Suid-Afrikaanse kwessie onoplosbaar is.

7. ANC se beleid van geweld en bande met die Kommunistiese Party

Die ANC het tradisioneel baie nou bande met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party gehad. Die president van die ANC in 1927, Josiah Gumede, was na 'n besoek aan Rusland oorstelp van opwinding. Sy kommentaar oor sy besoek is veelseggend: "I have seen the world to come where it has already begun. I have been to the new Jerusalem." Dit was maar net die begin van die hegte verhouding tussen die ANC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). In Afrika het Afrika-nasionalisme, ook bekend as uhuru, soos 'n veldbrand gewoed. In Afrika-lande soos die Kongo, Mosambiek, Angola en Rhodesië het onafhanklikheid gepaard gegaan met wrede geweld gerig op die wit bevolking. Kommunistiese Rusland het bevrydingsbewegings finansiële ondersteun en hulle van wapens voorsien.

In Suid-Afrika het die ANC, Kommunistiese Party, PAC en ander bevrydingsgroepe al meer



militant geword. Die ANC-jeugvleuel het onder leiding van Tambo en Mandela die gematigde ANC-leier Moroka onttroon en Luthuli tot ANC-president verkies. Moroka was 'n mediese dokter in Thaba Nchu en die agterkleinseun van Hoofman Moroka van die Barolong. Hy het na die Slag van Vegkop beeste, melk en ander vars produkte na die Voortrekkers gestuur en hulle gehelp om na Thaba Nchu terug te keer. Vanweë die historiese band wou Moroka nie geweld teen Afrikaners steun nie.

Onder leiding van Luthuli, Mandela en Tambo is 'n militêre vleuel, Umkhonto weSizwe, gestig wat binnelandse verset moes aanblaas. Binnelandse geweld het toegeneem. In 1956 het duisende vroue na die Uniegebou opgeruk teen die passtelsel. Die ANC het ook in dié jaar die Freedom Charter as beleidsdokument aanvaar. Een van die tragiese insidente het in 1960 by Sharpeville plaasgevind toe 69 betogers deur die polisie doodgeskiet en 180 gewond is.

Verwoerd is kort daarna in 'n sluipmoordaanval tydens die Randse Paasskou geskiet. Hy het wonderbaarlik oorleef. Geweldpleging, terrorisme, sabotasie en bomontploffings het die Suid-Afrikaanse regering geen ander keuse gelaat as om die ANC, PAC, Kommunistiese Party en Poqo te verban nie. Ironies genoeg het Luthuli die Nobelprys vir vrede gekry, terwyl die gematigde Moroka in die vergetelheid verdwyn het.



Tydens die ANC se tweede raadplegende konferensie gedurende 1962 in Tanzanië, het die SAKP die meerderheid poste op die ANC se Rewolusionêre Raad verkry en so in die praktyk beheer oor die ANC se militêre vleuel oorgeneem. Hierdie magposisie is ook op ideologiese vlak versterk. Die Kommuniste, Joe Slovo en Joe Matthews, se "Strategy and Tactics of the African National Congress" is deur die ANC goedgekeur as grondslag van hul stryd. Die ANC het nie net die ortodokse Marxisties-Leninistiese ideologie nie, maar ook die SAKP se tweefase-revolusiemodel as strategie aanvaar. Slovo het daarna betekenisvol verklaar dat die kortste pad na sosialisme en uiteindelik kommunisme via 'n demokratiese staat is.

Die noue ideologiese en leiersverbintenis tussen die ANC en SAKP het enige skikking met die Nasionale Party voor die val van kommunisme ondenkbaar gemaak. Die algemene konsensus onder Afrikaners was dat die risiko te groot was om die ANC te ontban. Hul strategie was om met die swart tradisionele leiers saam te werk en afsonderlike state en strukture vir die verskillende swart groepe as teenvoeter vir die ANC te skep.

Buthlezi het destyds teen die langtermyngevolge van die ANC-strategie gewaarsku: "As ons die land nou onregeerbaar maak, sal dit na bevryding onregeerbaar bly." Hierdie voorspelling van Buthlezi is bewaarheid as gekyk word na die hedendaagse geweldsmisdaad, onderwyskrisis en boikotkultuur. Giliomee meen indien 'n volle demokrasie in 1960 ingestel is, sou dit waarskynlik tot populistiese aansprake, ernstige wrywing en kapitaalvlug gelei het. Suid-Afrika is volgens hom gelukkig dat algemene stemreg eers ingestel is nadat kommunisme as ekonomiese alternatief vir kapitalisme in duie gestort het.

8. Dekolonisasie van Afrika

Die Britse premier, Harold Macmillan, het in 1960 die land besoek en in die parlement sy beroemde "Winde van verandering"-toespraak gehou, waartydens hy die onkeerbaarheid van dekolonisasie voorgehou het. In sy antwoord, het Verwoerd gesê dat wat Suid-Afrika probeer doen met afsonderlike ontwikkeling, heeltemal in lyn daarmee is. Hy het die tuislandbeleid gesien as Suid-Afrika se vorm van dekolonisasie. Waar Brittanje leiding geneem het met die onafhanklikheidswording van Botswana, Swaziland en Lesotho, sou Suid-Afrika voortgaan met die proses om die swart tuislande tot onafhanklikheid te lei.

Die geweld waarmee baie van die Afrika-lande onafhanklik geword het en die rampspoedige beleidsrigtings wat die meeste van hul regerings na onafhanklikheid ingestel het, het nasionalistiese Afrikaners verder oortuig dat 'n algemene demokrasie in 'n eenheidstaat nie wenslik was nie. Die meeste Afrikaners het net nie Britse oplossings van een man een stem sonder die beskerming van minderheidsregte vertrou nie. Een van die belangrikste dryfvere agter die apartheidsbeleid was die idee van konflikvoorkoming. Wat apartheid in die oë van die nasionalistiese intelligentsia regverdig het, was die idee dat die Afrikaners bereid was om enige iets vir die swart mense te gun wat hulle vir hulself opeis. Net soos die Afrikaners, sal hulle geregtig wees op hul eie skole, kerke, woongebiede, tuislande en regerings wat hulle kan inrig volgens hul eie kulturele voorkeure. Die voortdurende vrees van Afrikaners vir hul veiligheid en "verswelging" deur getalle het 'n belangrike rol gespeel in die instandhouding van statutêre apartheid.

9. Die Koue Oorlog

Afrika het 'n belangrike slagveld in die Koue Oorlog geword. Die geloofwaardigheid van die

DIE ANC SE KOPPELING AAN DIE KOMMUNISME EN DIE SOWJETUNIE HET WAARSKYNLIK OOK 'N VERHARDING IN DIE REGERING SE HOUDING TEWEEG GEBRING.

NP-regering se standpunt is versterk deur 'n sterk Sowjet- militêre teenwoordigheid in Suider-Afrika. Die Amerikaanse veiligheidsdienste se sienings het gaandeweg Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid beïnvloed. Daar was al meer gepraat van 'n Sowjetgesteunde kommunistiese aanslag wat deur Amerikaans-ontwikkelde teenrewolusionêre strategieë beveg moes word. VSA-doktrines het regeringsbeleid geword, en geldige

swart strewes is soms as deel van die "aanslag" gesien wat beveg moes word. Die konflik is al minder vertolk in terme van botsende strewes na selfbeskikking wat deur afsonderlike state opgelos moes word. Die ANC se koppeling aan die kommunisme en die Sowjetunie het waarskynlik ook 'n verharding in die regering se houding teweeg gebring. Gesprekke met die oog op 'n oplossing het eers na die val van kommunisme en die beëindiging van Rusland se grootskaalse steun aan die ANC moontlik geword.

10. Botsende ideologieë

Die sosialistiese grondslag van die ANC het 'n trompobotsing met die vryemarkgesinde regering onafwendbaar gemaak. Die hoogste waarde van die sosialisme is gelykheid in die vorm van gelyke uitkomst. Die sentrale sosialistiese uitgangspunt is dat ongelykheid voortspruit uit ongelyke behandeling (verontregting) deur die samelewing, en nie weens ongelyke talente of insette nie. Die oplossing vir hierdie strukturele verontregting lê in 'n klasseopstand en revolusie. Welvaartsverdeling moet plaasvind volgens die basiese behoeftes van 'n mens, en nie volgens die persoon se produksie nie.

Vir sosialiste is demokrasie politieke gelykheid en sosialisme ekonomiese gelykheid. In praktyk het dit beteken dat die ANC die apartheidsbestel gesien het as die oorsprong van ongelykheid in Suid-Afrika, wat uitgeskakel moet word met 'n klassestryd, moet lei tot 'n nasionaal-demokratiese revolusie, wat dan weer gevolg moet word met 'n sosialistiese revolusie en uiteindelik waarskynlik deur 'n volle kommunistiese bestel. Die gewone oorsake van armoede en onderontwikkeling op die vasteland van Afrika waar daar nooit apartheid was nie, het by die ANC verbygegaan en feitlik geen waarneembare rol in hul ontledings gespeel nie.

Aan die ander kant het die regering die oorsprong van armoede en onderontwikkeling van veral die swart bevolking hoofsaaklik as die gevolg van 'n kultuur en waardestelsel beskou. Die invloed van sekere apartheidswetgewing soos werksreservering is feitlik geïgnoreer. Die swart mense se griewe is toegeskryf aan kommunistiese opstokers en intimidasie.

DIE FEIT DAT DIE ANC ENIGE SPRAKE VAN TAAL, KULTUUR EN ETNISITEIT TEENGESTAAN HET EN IN DIE MARXISTIESE TRADISIE MINDERHEDE BESKOU HET AS "ETHNIC TRASH" WAT TOTAAL UITGEWIS MOES WORD, HET OOK NIE GEHELP OM DIE AFRIKANERS SE SIENINGS TE VERANDER NIE.

Afrikanerkritiek teen apartheid

Die algemene persepsie dat alle Afrikaners apartheid gelate aanvaar het, is beslis verkeerd. Selfs onder die nasionaliste was daar fel kritiek en debatte oor oplossings en alternatiewe. Giliomee beklemtoon egter dat die materiële en ander voordele wat hierdie vordering meegebring het, nie kan opweeg teen die geestelike skade wat apartheid meegebring het nie. Die kritiek uit die letterkunde, kerklike en ekonomiese kringe word aan die hand van drie persone verwoord:



NP van Wyk Louw word deur sy tydgenote beskryf as ons grootste digter en tot vandag toe beskou as een van die Afrikaner se grootste intellektuele leiers. In 1945 is hy een van die stigters van die tydskrif *Standpunte* en bly redaksielid tot sy dood in 1970. In 1948 ken die Universiteit van Utrecht, Nederland, aan hom 'n eredoktorsgraad toe, en in 1950 aanvaar hy die leerstoel in Afrikaanse Taal en Kultuur aan die Universiteit van Amsterdam. In 1958 volg Louw vir CM van den Heever op as hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sy kennis van intellektuele gebiede soos die Katolisisme, wiskunde, geskiedenis en veral die filosofie was enorm. In 1966 ontvang hy eregrade van onderskeidelik die Universiteit van Rhodes, Universiteit van Stellenbosch en

Universiteit van Kaapstad. Deur die jare publiseer hy talle poësie en prosa. Louw wou Afrikaners tot kritiese selfondersoek dwing oor die morele implikasies van apartheid en die spanning wat dit in verhoudings bring. Hy het geglo dat Afrikaners moet "voortbestaan in geregtigheid". Louw se vertrekpunt was dat Afrikanerskap vir die buitewêreld aantreklik moes wees. Sy pleidooi vir "vrye meningswisseling" as "die lug waarsonder ons nie kan lewe nie" was daarop gerig om die harde kante van Afrikanerwees te versag in 'n tyd toe gesprekke beperk was tot eie kring en kritiese stemme gesmoor was. Sy verbondenheid met die Afrikanersaak word treffend verwoord in sy voorspraak uit *Die dieper reg*:

*Ek kom om vir 'n volk te pleit
wat klein naas al die volke staan, –
dat hulle naam nie sal verlink
en tot die stiltes gans vergaan;
maar dat hul sterk voor God durf kom.
Rein is die mens wat suiwer streef
en deur hul reg 'n nageslag
in die verre eeue nog kan leef...*

Kort voor Verwoerd se dood het hy en Louw koppe gestamp. In die *Pluimsaad waai ver* vra Louw: "Wie is die volk?" Daarteenoor was Verwoerd se vertrekpunt dat Afrikaners vanuit 'n gekonsolideerde en kragdadige posisie standpunt moet stel. Tydens die republiek se vyfde verjaarsdag het Verwoerd Louw se vertrekpunt voor die skare van 750 000 mense verdoem met begeerte dat daar eerder skrywers en digters na vore sal tree "wat nie weifelend vra: wie is 'n volk nie?, maar wat kan uitjubel: Dit is my volk!" Jaap Steyn skryf in sy Louw-biografie dat die debat die begin was van die groterwordende breuklyn onder Afrikaners. Enige kultuurgemeenskap het skrywers, digters, sangers, joernaliste en meningsvormers nodig met 'n kritiese blik op die werklikheid. Net so is daar ook beskermers nodig wat sorg dra vir interne stabiliteit. Kultuurgemeenskappe ontspoor as hulle eensydig klem op enige een van die twee plaas. Die gesprek tussen die twee vertrekpunte behoort dinamies en selfs robuus te wees, maar

nie verdelend nie. Sedert die Louw/Verwoerd-debat kon Afrikaners nie werklik suksesvol hierdie dinamiese kragte weer saambind nie. Sonder die oop verhouding na buite verstar gemeenskappe, en sonder die stabiliteit van eie integriteit verval hulle in opportunisme.

Beyers Naudé was een van die mees omstrede figure van sy tyd. Hy was 'n Afrikaner in murg en been, 'n direkte afstammeling van die Franse Hugenate en vernoem na generaal Christiaan Beyers onder wie sy pa geveg het tydens die Anglo-Boereoorlog. In 1918 was sy pa medestigter van die Broederbond en Beyers Naudé was vir etlike jare die jongste lid van die organisasie. As predikant van die NG Kerk word hy verkies tot moderator van die Suid-Transvaalse Sinode. In 1960 verwerp hy die Bybelse regverdiging van apartheid en stig die Christelike Instituut met die doel om apartheid te beveg. Hy ondersteun aktief die ANC se gewapende stryd teen apartheid en word onder huisarres geplaas. Na sy dood in 2004 is hy vereer met 'n staatsbegrafnis en Beyers Naudé-rylaan is na hom vernoem. Ten spyte van die feit dat hy deur die meerderheid Afrikaners van sy tyd as 'n verraaier beskou is, het hy kort voor sy dood nog verklaar: "Ek is 'n Afrikaner en was in my lewe nog nooit iets anders gewees as 'n Afrikaner nie."

Anton Rupert was een van die suksesvolste Afrikanerentrepreneurs tot op hede. Hy het sy maatskappy, Rembrandt, uitgebou tot 'n finansiële reus wat in 35 lande en ses kontinente sake doen. Rupert het in die sestigerjare Verwoerd die stryd aangesê oor die ekonomiese haalbaarheid van die tuislande. Verwoerd het uit vrees vir kolonialisasie van tuislande van die standpunt uitgegaan dat die tuisland-regerings self verantwoordelikheid moes neem vir nywerheidsontwikkeling. Om die rede het Verwoerd geweier dat Rupert en ander maatskappye in tuislande belê. Tyd het Rupert reg bewys. Die gebrek aan volhoubare nywerheidsontwikkeling het tot armoede in die tuislande en toenemende verstedeliking van die swart bevolking gelei.

Ten spyte van die ideale en die geweldige pogings wat ingesit is om die beleid te laat slaag, was dit teen die einde van die Vorster-tydperk duidelik dat apartheid in 'n doodloopstraat beland het. Die vinnige ekonomiese groei het swart verstedeliking dramaties laat toeneem. Die meeste swart tuislande het nie naastenby so vinnig ontwikkel as wat verwag was nie. Daarby het die internasionale weerstand teen apartheid die druk om te verander laat opbou.

Verwoerd was onder Afrikaners 'n uiters gewilde eerste minister. Baie Afrikaners onthou nog die geweldige skok toe hy op 6 September 1966 deur Dimitri Tsafendas in die Volksraadsaal met 'n dolk doodgesteek is. Verwoerd se onverwagse dood het 'n intellektuele vakuum binne die Nasionale Party gelaat wat nooit weer gevul is nie. Dit het mettertyd gelei tot 'n verstarring van politieke denke wat ook die doodsklok vir apartheid gelui het.

Vorster se uitwaartse beleid

Na die sluipmoord op Verwoerd, het advokaat BJ (John) Vorster eerste minister geword. Hy was 'n generaal in die Ossewabrandwag uit verset teen Jan Smuts se deelname aan die oorlog. Tydens sy internering was hy ook kamphoof op Koffiefontein. Vorster word later Volksraadslid vir Brakpan en minister van Justisie. Vorster was 'n gewilde eerste minister, lief vir sport en bekend vir sy humor.



John Vorster

Vorster het teen alle verwagtinge begin om klein apartheid af te takel op sportgebied. 'n Klein skeuring na regs het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP), onder leiding van Albert Hertzog en Jaap Marais, gelei.

Vorster het met hulp van sy Minister van Verdediging, PW Botha, begin om Suid-Afrika se militêre vermoë te versterk. Met die uitwaartse beleid van dialoog en détente het Vorster terselfdertyd uitgereik na ander Afrika-state. Dit het die grondslag gelê vir 'n fase van ontspanningspolitiek tussen Suid-Afrika, Afrika en sy Westerse bondgenote. Een van Vorster se groot uitdagings was om 'n oplossing vir die Rhodesiese vraagstuk te vind. Vanweë Vorster se bemiddeling, is vreedsame verkiesings gehou wat 'n einde aan die burgeroorlog gebring het.

HULLE WAS KOELBLOEDIG GENOEG OM WEERLOSE SKOLIERE IN DIE SPERVUUR TE LEI.

Vorster se drome het egter in skerpe gespat met die Soweto-onluste op 16 Junie 1976. Die algemene persepsie is steeds dat die gebeurte 'n opstand teen Afrikaans as gevolg van die regering se afdwing van Afrikaans as onderrigtaal. Advokaat Louis Pienaar bevraagteken die persepsie asof dit die volle waarheid

vertel. Pienaar bevind dat 'n "onbuigsame, hofvaardige en stompsinnige" burokrasie se toepassing van die taalbeleid beslis 'n aanleidende oorsaak tot die onluste was. 'n Toegeeflike benadering kon die tragedie beslis vermy het. Die rol van kommunistiese politieke agitators se intimidasie kan ook nie ontken word nie. Pienaar bevind die agitators het geweet dat 'n gewelddadige botsing met die polisie op hande was indien hulle met die onwettige optog sou voortgaan. Hulle was "koelbloedig genoeg om weerlose skoliere in die spervuur te lei", terwyl hulleself in die agtergrond geskuil het. Die tragiese dood van 15 skoliere het Vorster se drome vir 'n vreedsame Suid-Afrika in skerpe laat spat. Hierdie onluste het 'n nuwe fase van binnelandse onrus en geweld ingelei.

Die laaste paar jare van Vorster se bewind is gekenmerk deur toenemende gerugte oor korrupsie, wanbesteding en magsmisbruik in sekere staatsdepartemente. Die gerugte het mettertyd gelei tot 'n volledige ondersoek na die praktyke binne die Departement van Inligting. Dit het later bekend geword as die Inligting-skandaal en gelei tot die uittrede van Vorster. Alhoewel nog op die oog af sterk, het die Nasionale Party teen die einde van die sewentigerjare krake in sy fundamente begin toon, wat later sou lei tot skeuring en verbrekking van die eens magtige party van Malan, Strijdom en Verwoerd.

Teen die einde van die Vorster-era was dit duidelik dat 'n koerswysiging dringend nodig was. Afrikaners kon egter nie ooreenstem wat die koerswysiging moes wees nie.

Grensoorlog

Suid-Afrika se nuwe Eerste Minister, PW Botha, was gekonfronteer met talle uitdagings. Hy het naam gemaak as 'n uiters bekwame Minister van Verdediging en uitstekende administrateur. Na die ontstaan van onafhanklike Marxistiese swart state in Suider-Afrika het Suid-Afrika al meer in militêre operasies buite die grense van Suid-Afrika betrokke geraak. Die militêre bedreiging is vergroot deur die toenemende hulp wat vyandige buurstate van



Kommunistiese Oosbloklande ontvang het, waaronder wapens, militêre opleiding en finansiële steun. In Angola is 'n gedugte Kubaanse militêre mag saamgetrek, terwyl Kubaanse, Oos-Duitse en Russiese personeel in Mosambiek, Zambië en Zimbabwe werkzaam was. Die nuwe eerste minister van Zimbabwe, Robert Mugabe, was uitgesproke anti-Suid-Afrika. Terwyl die militêre bedreiging toegeneem het, het die Westerse lande toenemend as gevolg van die apartheidsbeleid hul rug op Suid-Afrika gedraai en ekonomiese sanksies geïmplementeer. Suid-Afrika het as die muishond van die wêreld bekend geword.

Vanaf 1966 tot 1989 was Suid-Afrika betrokke in die Grensoorlog, wat ook as die Angola-Bosoorlog bekend staan. Militêre diensplig was verpligtend vir alle jongmense en is eers in 1991 afgeskaf. Suid-Afrika het sy eie wapentuig ontwikkel en groot nywerhede soos Krygkor het ontstaan. Van die belangrike militêre operasies en veldslae was onder andere Cassinga, Savannah, Reindeer en Cuito Cuanavale.

Noodtoestand

Gewelddadige rasse-onluste het in die binneland opgevlam. In 1983 het 'n nuwe organisasie, die United Democratic Front (UDF), op die politieke toneel verskyn. Sowat 700 organisasies bestaande uit vroue-, kerk-, jeug-, sportorganisasies en vakbonde het onder een anti-apartheidsambreel verenig. Binne 'n paar maande het die UDF die mondstuk vir die verbode ANC-leiers in die buiteland geword. Vanaf 1984 het die UDF 'n strategie geloods om Suid-Afrika onregeerbaar te maak deur onrus, massa-optogte, geweld en sabotasie. Plaaslike regerings is lamgê deur brandstigting, aanranding en moord. Die betaling van munisipale behuising, water en elektrisiteitsrekening en ander gemeenskapsdienste is geboikot. Gruwelike teregstellings soos



halssnoermoorde het onder hul vaandel plaasgevind. Skares is opgestook met die slagkreet: "Ons met ons vuurhoutjiedosies en halssnoere sal hierdie land bevry". Skole en onderwysers is deur radikale leerlinge geïntimideer met hul leuse: "Bevryding voor opvoeding". Die gevolg van hierdie aksies was dat duisende swart skole ontwig was en munisipale dienste in swart gebiede feitlik in duie gestort het. Vandag steier Suid-Afrika steeds onder die kultuur van niebetaling en geweld.

In die tagtigerjare is die noodtoestand afgekondig nadat swart woonbuurte onregeerbaar geword en onluste regoor die land versprei het. Die UDF-strategie is suksesvol bekamp, maar het ook 'n skaakmatposisie tot gevolg gehad. Magnus Malan, Minister van Verdediging, se waarskuwing dat die "stryd om oorlewing" elke burger van Suid-Afrika raak, het die dringendheid van die situasie beklemtoon. Constand Viljoen het hierby aangesluit met die waarskuwing: "Elke jaar wat verbygaan, raak Afrikaners se strategiese opsies minder." Afrikaners het besef dat hulle die buitelandse en binnelandse militêre stryd suksesvol kon voortsit, maar dat 'n politieke oplossing gevind moet word.

Afrikaners soos Frederik van Zyl Slabbert het na ANC-leiers in die buiteland, soos Thabo Mbeki, begin uitreik. 'n Groep Afrikaners het onder leiding van Van Zyl Slabbert die ANC gedurende 1988 in Dakar ontmoet. Die inisiatief is egter nie deur die regering ondersteun nie en was met groot agterdog onder Afrikaners bejeën. Dit was nietemin 'n eerste kontak wat die klimaat geskep het vir die latere onderhandelinge tussen die regering en die ANC.

PW Botha het die binnelandse weerstand beskryf as 'n "totale aanslag" van kommuniste om die republiek op alle terreine lam te lê ter voorbereiding van 'n Marxistiese regering. Die direkte gevolg van die grensoorlog en binnelandse onluste was dat die Afrikaner-burgerlike samelewing grotendeels gefokus was op geestelike, fisiese en militêre weerbaarheid. In die skole was kadet- en weerbaarheidsperiodes om jong Afrikaners voor te berei op die diensplig na matriek.

Afrikanerskeurings

Die Nasionale Party (NP) was vir Afrikaners veel meer as net 'n politieke party. Die party was die beskermmer en die draer van Afrikaners se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

Reeds in 1941 het DF Malan verklaar dat die NP geen gewone partypolitieke organisasie is nie. "Ons bekleë 'n sentrale posisie in ons Afrikanervolkslewe. Skeur ons dan skeur ons hele volk in alle rigtings. Op ons, meer dan op enige ander, rus daarom in hierdie krisisuur die verantwoordelikheid om 'n eenheidsfront op te bou. Ons kan ons volk maak of ons kan hom breek."

Die profetiese woorde van Malan is bewaarheid toe Andries Treurnicht, leier van die Transvaalse Nasionale Party en kabinetsminister, in 1982 wegbreek van die NP om die Konserwatiewe Party (KP) te stig. Die KP het vinnig steun onder Afrikaners gewen en in 1987 die amptelike opposisie in die parlement geword.

Die krisis waarin Afrikaners hulself bevind het, was veel dieper as verskillende politieke rigtings of 'n ekonomiese knyp tang weens buitelandse sanksie. Ten diepste was dit 'n ideële krisis. Carel Boshoff beskryf die krisis as "n voortbestaan of oorlewingsvraag ... in die diepste sin van die woord as 'n allesomvattende kultuurkrisis." Die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing was vir meer as 'n eeu die grondslag van Afrikaners se politieke, kulturele en godsdienstige denke en aktiwiteite. Die Bybel, saam met Afrikaners se nasionale belang en aspirasies, was die vertrekpunt vir hul doen en late. Na die Anglo-Boereoorlog was Christelik-nasionalisme die ideële dryfveer om Afrikaanse skole, koerante, universiteite en organisasies te stig. Waar die Christelik-nasionale denkraamwerk aanvanklik 'n stukrag was om Afrikanerbelange te vestig en Afrikaners tot 'n eenheid saam te snoer, het dit ongelukkig oor tyd gelei tot die verbroedering tussen die NP, die Afrikaanse kerke en Afrikanerkultuur. Die verhouding tussen party, kerk, koerant, skool en kultuur was benoud en ideologies verweef.

PROTESMUSIEK, SOOS DIE VOËLVRY-BEWEGING MET BEKENDE SANGERS SOOS KOOS KOMBUIS EN JOHANNES KERKORREL, HET DIE AFRIKANER-ESTABLISHMENT UITGEDAAG.

Sedert die laat sewentigerjare het Afrikaners langsaam hand begin om weg te beweeg van die Christelik-nasionale denkraamwerk as grondslag vir aktiwiteite. Protesmusiek, soos die Voëlvry-beweging met bekende sangers soos Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel, het die Afrikaner-establishment uitgedaag, terwyl letterkundiges soos Breyten Breytenbach, hulle teen die regering verset het. Vele Afrikaanse joernaliste, politici, akademici, kerk- en kultuurleiers het die Christelik-nasionale lewensbeskouing bevraagteken, maar kon geen alternatiewe denkraamwerk bied nie.

Teen die einde van die tagtigerjare was daar 'n vloeibaarheid in Afrikanerdenke, ongeduld dat oplossings vir stedelike swart mense gevind moes word, met bekommernisse oor die gevolge van buitelandse druk, sanksies, die noodtoestand, die landswye geweld, grensoorlog en stedelike terreur. Die politiek van die dag het al meer opportunisties geword en kenmerke van krisisbestuur begin toon. In plaas van nuwe toekomsidees het beide die groot Afrikanerpartye, nl. die NP en die KP, teruggeval op ou lojaliteite en betekenislose clichés, terwyl bitter ideologiese gevegte gewoed het. Parlementêre liberale partye soos die Progressiewe Federale Party (PFP) het geen geloofwaardigheid onder die meerderheid Afrikaners gehad nie en ook onder leierskapkrisisse gebuk gegaan. 'n Lewensbeskoulike ideevakuum het ontstaan wat teen die einde van die tagtigerjare akuut geword het.

Die gevolg van die ideevakuum was 'n reeks skeurings op politieke, kerklike en kulturele gebied. Behalwe die skeuring van die NP in 1982, skeur die NG Kerk in 1987 met die stigting van die

Afrikaanse Protestantse Kerk. Toe die Afrikanervolkswag, onder leiding van Carel Boshoff, besluit het om nie saam met die FAK die Groot Trek se 150ste herdenking te vier nie, het die Afrikanerkultuurwêreld ook geskeur.

Binnelandse hervormings

Die totstandkoming van die Driekamerparlement met 'n nuwe grondwet in 1984 waar bruin Suid-Afrikaners en landsburgers van Indiese afkoms groter seggenskap oor hul eie sake sou kry, was die resultaat van PW Botha se binnelandse hervormings. Die nuwe grondwet is einde 1983 deur die oorgrote meerderheid Afrikaners in 'n referendum aanvaar. Dit was duidelik dat Afrikaners aanvaar het dat vryheid-deur-apartheid nie 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk is nie. Nuwe horisonne moes betree word. Die grootste struikelblok was egter dat swart Suid-Afrikaners steeds uitgesluit was van parlementêre en demokratiese prosesse. Een van die leemtes van die nuwe bestel was ook dat Suid-Afrikaners steeds op rassegrondslag in bevolkingsgroepe ingedeel was sonder die keuse van vrye assosiasie.



PW Botha saam met die Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher.

Westerse bondgenote soos Brittanje en die VSA het al meer druk op die Botha-regering geplaas om meer daadwerklike hervormingsmaatreëls in te stel en Mandela vry te laat. Botha het teen 1985 laat blyk dat die regering hiervoor gereed is. In 'n toespraak, wat later as die Rubicon-toespraak bekend sou staan, het Botha egter weggedeins van nuwe hervormingstappe met vae beloftes van toekomstige maatreëls. Hy het onomwonde by sy standpunt gebly dat die regering slegs sou oorweeg om Mandela vry te laat indien hy geweld afsweer.

Buitelandse steun het na die toespraak oornag verdwyn en die Rand se waarde het skerp gedaal. Buitelandse lenings aan Suid-Afrika is teruggetrek of gevries. Die toespraak het 'n simbool geword van Afrikaners wat nie die Rubicon op 'n kritiese punt in die geskiedenis wou oorstek nie en ten alle koste aan mag wou vasklou.

Teen die einde van sy termyn as president het PW Botha en Nelson Mandela mekaar in die geheim in Tuynhuys ontmoet. Die twee opponente het teen alle verwagting in baie goed oor die weg gekom en persoonlike aanklank bymekaar gevind. Hulle was tot Botha se dood op vriendskaplike voet. Die historiese ontmoeting was allerweë beskou as 'n deurbraak wat die klimaat geskep het vir Mandela se vrylating en gesprek tussen ANC en die regering.

Onderhandelinge begin

Teen 1988 was die kommunistiese indringing in Suider-Afrika gestuit. Die Sowjetunie het laat blyk dat hulle gretig was om militêr uit Suider-Afrika te onttrek. Beide Suid-Afrika en Kuba was ook bereid om die oorlog te beëindig. Die val van die Berlynse muur en die beëindiging van die Koue Oorlog het nuwe geleenthede vir dialoog geskep.

In 1989 word PW Botha deur FW de Klerk as president opgevolg. De Klerk se pa, Jan de Klerk, was 'n voormalige minister en senator, en sy oom, JG Strijdom, was eerste minister. Met bewindsaanvaarding het De Klerk hom verbind tot die soeke na 'n vreedsame oplossing vir Suid-Afrika, die beëindiging van geweld en die normalisering van demokratiese prosesse.

Op 2 Februarie 1990 het hy aangekondig dat Nelson Mandela saam met ander ANC-leiers vrygelaat sal word, en dat die ANC, PAC, Kommunistiese Party en ander partye ontban sal word.

'n Moeilike proses van grondwetlike onderhandeling is by KODESA 1 en 2 begin. Binnelandse geweld het toegeneem. Van die geweld is aangeplaas deur partye wat teen die onderhandelinge gekant was. Tydens De Klerk se besoek aan die VSA om met President HW Bush te beraadslaag het die ANC deur middel van Operasie VULA 'n staatsgreep beplan. Die poging het misluk, maar het bygedra tot die spanning in die land.

De Klerk ontvang saam met Nelson Mandela in 1993 die Nobelprys vir vrede. Tydens sy toespraak het De Klerk in die stadsaal van Oslo "O, wye en droewe land" aangehaal wat NP van Wyk Louw in 1938 vir die Groot Trek-eeufees geskryf het:

*O wye en droewe land, alleen
onder die groot suidersterre.
Sal nooit 'n hoë blydschap kom
deur jou stil droefenis?
Jy ken die pyn en eensaam lye
van onbewuste enkelinge,
die verre sterwe op die veld,
die klein begrafnis;
eenvoudige mense wat getrou
en enkeld bitter dinge doen,
en enkeld val soos korrels saad;
stil daad, klein trou, klein trouloosheid
van dié wat om 'n ander diens soos knegte jou verlaat.
Sal nooit 'n magtige skoonheid kom
oor jou soos die haelwit somerwolk
wat uitbloei oor jou donker berge,
en nooit in jou 'n daad geskied
wat opklink oor die aarde en
die jare in hul onmag terge;
'n grootsheid van so 'n suiwer glans,
dat mense in 'n verre land
wat van jou naam die melding hoor,
met wilde en helder oog sal staar
soos vroeë vaarders in die nag
verslae gesien het kim bo kim
die nuwe, blom-groot sterre styg
op uit jou see se wit gevaar?*



Adjunkpresidente Thabo Mbeki en FW de Klerk saam met President Nelson Mandela tydens die oorgangsregering

Die eerste verkiesing waaraan alle Suid-Afrikaners op 'n gelyke basis kon deelneem, het op 27 April 1994 plaasgevind. De Klerk dien na 1994 as adjunkpresident in die Mandela-kabinet tot sy uittrede uit die politiek in 1997. Die Nasionale Party het kort daarna ontbind.

Na afloop van die verkiesing op 27 April 1994 het Nelson Mandela Suid-Afrika se nuwe president geword. Hy het 'n versoenende hand na Afrikaners uitgesteek met die woorde: "Die uitdaging van die Nuwe Patriotisme is nie een van 'n keuse tussen Afrikanerdom en Suid-Afrikanerskap

nie. Inteendeel, dit is gewis oor die genesende versoening van Afrikaners met volle Suid-Afrikanerskap.” Veral sport het ’n belangrike samebindende krag geword. Alle Suid-Afrikaners was trots toe die Springbokke in 1995 die Wêreldbeker-rugby wen onder leiding van die kaptein, Francois Pienaar. Die gebeure waar Mandela in ’n nr. 10-Springboktrui saam met Pienaar die trofee vashou, het ’n simbool geword van ’n wen-nasie; van versoening tussen wit en swart, van ’n werklike nuwe Suid-Afrika.

Ten spyte van die aanvanklike belowende versoening het Afrikaners spoedig onder groot druk gekom. Die nuwe Suid-Afrika het Afrikaners met twee kernvrae gekonfronteer. Eerstens moes Afrikaners aan hulself vra of daar nog plek is vir Afrikaners in Afrika?

DIE INSTITUUT VIR RASSE-AANGELEENTHEDE HET BEREKEN DAT MEER AS ’N MILJOEN AFRIKANERS IN EEN DEKADE (1995-2005) DIE LAND PERMANENT VERLAAT HET. DIT IS ONGEVEER 20% VAN WIT SUID-AFRIKANERS.

Dit was ’n moeilike vraag vir Afrikaners om te beantwoord. Die Instituut vir Rasse-aangeleenthede het bereken dat meer as ’n miljoen Afrikaners in een dekade (1995-2005) die land permanent verlaat het. Dit is ongeveer 20% van wit Suid-Afrikaners. Afrikaners se getalle het demografies afgeneem en vir die eerste keer in dekades het die Afrikaners beleef wat dit werklik beteken om ’n minderheidsgemeenskap te wees. Dit was asof Afrikaners self die vraag ontkennend beantwoord het.

Magsverlies

Na die uitslag van die 1994-verkiesing het Afrikaners vir die tweede keer in een eeu magsverlies beleef. Die optimistiese verwagting by baie Afrikaners was dat Suid-Afrika met sy progressiewe grondwet in ’n liberale demokrasie sou ontwikkel met ’n vrye pers, onafhanklike regbank, erkenning van individuele regte en beskerming van taal- en kulturele regte deur middel van skole en universiteite. Nelson Mandela het na afloop van die verkiesing op 27 April 1994 ’n versoenende hand na Afrikaners uitgesteek met die woorde:

Die uitdaging van die nuwe patriotisme is nie een van ’n keuse tussen Afrikanerdom en Suid-Afrikanerskap nie. Inteendeel, dit is gewis oor die genesende versoening van Afrikaners met volle Suid-Afrikanerskap.

In stede daarvan om in die gees van versoening vele tale, kulture en verhale te akkommodeer, is ’n eensydige meesterverhaal op die verlede, hede en toekoms afgedwing om die Nasionaal-demokratiese rewolusie se doelwit van rasetransformasie te regverdig. Giliomee beskryf die praktiese toepassing van die ideologie van ’n “Nasionale Demokratiese Rewolusie” as volg:

Ten spyte van die feit dat die demokrasie in verskeie Afrikalande lank reeds meer skyn as substansie is, bly meerderheidsregering steeds die groot morele alibi van Afrika-nasionalisme, en word dit selfs gebruik om openlik rassistiese beleide te vergoelik.

Waar die ANC in ballingskap sterk deur Leninistiese beskouings beïnvloed is, ag hy homself as ’n voorhoedeparty en nie as die agent van die mense se wil nie. Hy tref weinig onderskeid tussen die staat en regerende party en besluit self watter “kaders” in die staatsdiens “ontplooï” moet word. Die ANC dwing ook die groter ondernemings in die privaatsektor om hul personeel die demografiese profiel te laat weerspieël. Die ANC verskaf ook welsyn aan die massa op so ’n wyse dat hul afhanklikheid van die regering voortdurend versterk word.¹

¹ Giliomee H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe Desember 54(4).

Selfverryking deur korrupsie, regstellende aksie, kaderontplooiing, die soustrein, die brutaliteit en omvang van die plaasmoorde, tesame met die miskenning van Afrikaans, het die belowende potensiaal van nasiebou ondergrawe. Iets waarteen 'n filosoof in Stellenbosch, Johannes Degenaar, reeds teen 1995 al gewaarsku het.

Die misdaadgolf wat die land teen 2000 getref het, tesame met die impak van regstellende aksie op dienslewering, het landsverlating van amper 'n miljoen Afrikaners tot gevolg gehad.² Konserwatief bereken het tussen 'n kwart en 'n vyfde van Afrikaners geëmigreer wat enorme demografiese druk op die Afrikanerminderheid plaas.

Identiteitsverlies

Wimpie de Klerk het teen 1999 Afrikaners as kroes, kras en kordaat beskryf. Volgens De Klerk is Afrikaners in die nuwe bedeling:

... letterlik inmekaar gekrul, siek, olik. Afrikaners is aan die rondmaal soos 'n klomp vasgekeerde skape ... Dan is daar die hink-en-pink Afrikaners wat etikette om hulself hang: die ontnugterdes; die rigtingloses; die sinici; die magteloses; die bedruktes; die beswaardes; die afwagtendes wat wag op 'n kaptein wat weer hekke sal oopmaak ... Ander klein volkies is in hulle kroesheid uiteindelik uitgewis.

Hy doen voorspraak dat Afrikanerskap verruil moet word vir die niksseggende en vaag gedefinieerde konsep *Afrikaanses*.

Hierby het dit nie gebly nie. In aansluiting by die ANC se struggle-retoriek van die tagtigerjare het President Mbeki in sy tweenasietoespraak Afrikaners in 2004 gedefinieer as "kolonialiste van 'n spesiale soort" en die samelewing verdeel tussen wit rykes en swart armes. President Zuma het Afrikaners in 2010 vanuit 'n Zoeloe-nasionalistiese raamwerk as die enigste wit stam van Afrika gedefinieer. President Zuma het selfs sover gegaan om in 2010 Afrikaners uit te daag om as die wit stam van Afrika hulle eie Nkandla te vind. Siende blind dat die Nkandla wat hy en die ANC vir Suid-Afrika aangebied het, gebou was op die fundamente van korrupsie en morele bankrotskap.

Afrikanerskap is deur sommige meningsvormers in die Afrikaanse media as eksklusief en uitsluitend beskou; iets waarvoor mens eintlik skaam behoort te wees; 'n denkbeeldige gemeenskap en 'n sosiale konstruk van nasionaliste in die apartheidsera om wit oorheersing oor swartmense te konsolideer. Uit vrees vir etikettering en beskuldigings van neo-apartheid, eksklusiwiteit, etnosentrisme en alles nog wat, het baie Afrikaners onsuksesvol gepoog om met vreemde terme soos wit Suid-Afrikaanse Afrikaanses of wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners uitdrukking te gee aan hulle kulturele identiteit. Vele Afrikaners en voorheen Afrikanerorganisasies het gewillig, gedienstig en gedwee na allerhande maniere gesoek om 'n politieke korrekte kniebuiging te maak en die ideologie van rasse-transformasie organisatories te internaliseer.

Die nuwe bedeling het Afrikaners gekonfronteer met twee essensiële vrae, naamlik is daar nog plek vir Afrikaners in Afrika en wil ons nog Afrikaners wees?

² Lawrence Schlemmer bereken die getal op 750 000 Afrikaners, die SAIRR op 850 000 en sommige selfs tot 'n miljoen.

Afrikanerorganisasies

Afrikaners het die vroeë deur middel van nuwe sterk organisasies beantwoord. Die verlies aan politieke mag met die ontbinding van die Nasionale Party (NP) het Afrikaners gedwing om buite die politiek nuwe toekomsstrategieë te bedink. Afrikaners het hulself begin herorganiseer in sterk burgerlike organisasies.

Hierdie organisasies, wat elk 'n eie nismark bedien, het oor tyd met toenemende selfvertroue begin standpunt inneem oor taal-, kultuur-, onderwys- en burgerregtekwessies. Hulle ontstaan teen die regering en standpunte oor 'n wye verskeidenheid van kwessies het aan Afrikaners nuwe selfvertroue gegee. In minder as 'n dekade het die Afrikanerorganisasies se gesamentlike ledetal dié van die NP op die hoogtepunt van sy mag verbygesteek. Dit sou egter 'n fout wees om te meen dat alle Afrikanerorganisasies uit een mond praat of aktuele sake noodwendig vanuit dieselfde oogpunt beskou. Binne Afrikanergeledere is daar soms skerp verskille en uiteenlopende standpunte. Ton Vosloo plaas dit in 'n nugter konteks as hy skryf:

“DIT IS VERSKRIKLIK BELANGRIK DAT ONS ALTYD DAARDIE REG VOORBEHOU DAT ONS VAN MEKAAR MOET, MAG EN KAN VERSKIL. ONS IS NIE HIER OM EENSGESIND TE WEES NIE. DIT IS STIMULEREND EN DIT IS DIE DINGE WAT AFRIKAANS SAL LAAT OORLEEF. AS ONS DIE OU KODES NET KAN ONTLEER DAT JY NIE EINTLIK JOU MOND OF JOU BEK TE VEEL MAG OOPMAAK NIE.”

Afrikaanse musiek en kultuur het in die nuwe Suid-Afrika 'n nuwe groeifase beleef. Kunstefeeste, soos die Woordfees, KKNK en Aardklop word in groot getalle bygewoon en jaarliks is daar splinternuwe Afrikaanse musiek- en toneelproduksies. Musiekfeeste soos Huisgenoot-Skouspel en Afrikaans is Groot word deur duisende mense ondersteun. Die Afrikaanse filmbedryf het ook 'n nuwe groeitydperk beleef met die vervaardiging van talle nuwe Afrikaanse films. KykNET, die Afrikaanse televisiekanaal, is die vinnig groeiendste televisiekanaal in die land. In 2012 het die FAK 'n nuwe Sangbundel bekendgestel waarin Afrikaanse liederes van 1980 tot 2012 opgeneem is.

Bok van Blerk se De la Rey-lied het oornag 'n treffer geword. Afrikaanse letterkundiges soos die Hertzogprys-wenner Deon Opperman het die geskiedenis afgestof. Sy *Ons vir Jou*-produksie was die eerste Afrikaanse musiekblyspel oor die Anglo-Boereoorlog. Die produksie het landswyd vol sale getrek.

Afrikanerorganisasies soos die FAK het leiding geneem met die reël van kulturele herdenkingsgeleenthede soos die Afrikaanse Bybel se tagtigste verjaarsdag en die Groot Trek se 175ste herdenking. Kulturele dae soos Geloftedag word in groter getalle as vantevore gevier.

Regstellende aksie een onvoorsiene gevolg gehad, nl. 'n nuwe geslag Afrikaanse entrepreneurs wat sedert 1994 ontstaan het. Hierdie nuwe geslag Afrikaanse entrepreneurs speel 'n groot rol in die finansiële instandhouding van Afrikaanse kerke, skole en kultuur.

Afrikaners het stelselmatig hul verlede herontdek en daarmee saam met 'n toenemende nuwe selfvertroue hul stem laat hoor. De Villiers se profetiese woorde het waar geword. Die eerste tree uit genesing van depressie, is om te sê: “Ek wil lewe!”, of soos Totius in “Die besembos” uitroep: “my dood kry is min!”

*Ek is gebore waar sonneglōre die lug daarbowe ontgloei;
waar die westewind, my vyandig gesind,
ontwaak om my top te verskroei;
waar die aarde se kors my brandende dors
met weinige druppeltjies les,
en die ryke seën van oorvloedige reën
my selde besproei in my dorre gewés;
waar die land lê en smag in 'n sonnebrand wat
my arme wortels wil knou,
en snags die ryp my blaartjies kom knyp dat ek byna sterwe van kou.
Van my eerste verskyning gedreig met verdwyning
het ek vreeslik gestry om te leef,
want vernielende magte met meerdere kragte
het my in my worsteling omsweef.
By droë jaar is my jeugdige blaar deur die osse se tong my ontruk,
en die menslike hand het my stamme verbrand,
met geweld van my wortels geruk.
En slaan soms die vlamme van die gras in my stamme –
tot bo in die blaartjies fyn –
dan staan ek te bewē tot my jeugdige lewe
in die ashoop geheel verdwyn.
Hoonlaggend trek dan die vlamme span
en my plekkie op aarde staan leeg;
net my assies lê daar, maar die winde vergaar
om ook dié uit die wêreld te vee.
Maar al slaan om my stam die woedende vlam
wat knett'rende vonke saai;
al kom al die winde, die kwalik gesinde,
om my as uit die wêreld te waai;
al kom ook die dier om sy eetlus te vier; al word ek gekap en gekloof;
al word ek gestowe deur die son daarbowe
wat my laaste sappe wil roof;
nagtans sien ek my hoogte in die vreeslikste droogte
met my altyd groenende top;
en my wortels verduur én droogte én vuur,
ja ek staan uit my as weer op.
Laat dan mense en diere, droogte en viere,
met al wat hul kwaad wil versin,
maar kom om te kap, te brand en te trap –
ek leef en sal lewe; my dood kry is min!*

Afrikaners in Namibië

Die eerste Afrikaners noord van die Gariep

Die storie van Afrikaners in Namibië het reeds 1738 begin, toe die eerste Hollandssprekendes die Gariep oorgesteek het. Hulle was Pieter de Bruyn, Willem van Wyk, Frans Campher, Jan Gous, Augustus Lourens, Lodewyk Putter, Hendrik Ras, Jacob Swart, Andries van der Walde, Sybrand van Dyk en Matthys Willemse. In 1786 het sewe gesinne hulle gevestig in die omgewing van Keetmanshoop. Die bekendste was Gideon Visagie wat ook vee van die omliggende Nama-bevolking geruil het. Gedurende 1868 besoek Hendrik van Zyl en nog 'n Bern Bouwer die Herero leiers, Maharero en Aponda, om jag- en verblyfregte te verkry.

Dorslandtrekkers

HUL TREKLEIER GERT ALBERTS, HET DIE TOG BESKRYF AS 'N TREKGEES OM NUWE HORISONNE TE VERKEN.

Die eerste van die Dorslandtrekkers uit Transvaal bereik Rietfontein, oos van Gobabis op 18 Januarie 1876. Die rede vir hulle trek uit die Transvaal was onbekend, maar hul trekleier Gert Alberts, het die tog beskryf as 'n trekgees om nuwe horisonne te verken. As gevolg van dors in die Kalahari en koors langs die Okavango-moerasse, het die trekgruppe ontsettende lyding deurgemaak. Nadat nog trekke

die getalle versterk het, trek die Dorslandtrekkers in Januarie 1878 vanaf Rietfontein ooswaarts deur die Omaheke, vanwaar hulle uiteindelik weswaarts, suid van Etosha na Otjitundua en Kaoka-Otavi in Kaokoland trek. Die Dorslandtrekkers kom op 22 Desember 1880 in Huila in Angola aan. Hulle vestig hulle by Humpata en lewer oor 'n tydperk van 50 jaar 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling in die gebied.

In April 1885 aanvaar 46 Dorslandtrekkers 'n aanbod van 'n handelaar, W Jordan, om hulle in 'n gebied rondom Grootfontein te vestig. Hulle kies 'n bestuur, stel regulasies op en stig die Republiek van Upingtonia. Die Duitsers wou egter nie die Boere se eiendomsreg op die grond by Grootfontein of die klein republiek erken nie.

Nog 'n groep van 100 gesinne uit Transvaal bereik in 1892 Grootfontein. Van hulle vestig hulle in die gebied, terwyl die res hulle aansluit by die Afrikaners in Angola.

Vanaf 24 Augustus 1928 tot Januarie 1929 trek die nasate van die Dorslandtrekkers vanaf Angola deur die Kunene-rivier om hulle in Suidwes-Afrika te vestig. Altesaam 373 gesinne (sowat 1900 mense) het aan die trek deelgeneem. Hulle hervestig op plase naby Gobabis, Aranos, Grootfontein en Otjiwarongo. Slegs sowat 40 gesinne het in Angola agtergebly.

Ten spyte van groot ekonomiese ontwigting, omdat die trekkers geen besittings, behalwe dit wat op 'n ossewa gepas het, die land kon inbring nie, het die "Angolaboere" hulle binne 'n paar jaar hervestig. Suid-Afrikaanse joernaliste het melding gemaak van hierdie mense se suiwer gebruik van hul moedertaal na 'n halfeeu in Angola. Dit, tesame met hul Christelike lewenswaardes, was van die groot eienskappe wat hulle die nuwe land binnegedra het.

Suid-Afrika val Duitswes-Afrika binne

Op 6 Mei 1915 val generaal Louis Botha met die Unie-magte Duitswes-Afrika binne. 'n Groep Afrikaners in Duitswes-Afrika wat hulle vereenselwig het met die Suid-Afrikaanse Rebelle stig Boere-Vrykorps onder leiding van Andries de Wet om die Unie-troepe se intog vanaf Upington teë te staan. Hul poging misluk hoofsaaklik vanweë gebrek aan militêre dissipline en ervaring. Die Duitse bevelvoerder Franke gee op 9 Julie 1915 by Korab oor.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse veldtog meer as 15 miljoen pond gekos het, was die verowering van die gebied in minder as ses maande met 'n lewensverlies van minder as 300 Suid-Afrikaanse soldate 'n uitsonderlike militêre prestasie. Die verowering van Duitswes-Afrika is ook deur die Geallieerde magte as 'n groot oorwinning begroet in 'n tyd toe daar maar min suksesse op die Europese front was. Met die ondertekening van die Vrede van Versailles in 1919 is Duitswes-Afrika as 'n Klas C-mandaatgebied onder Suid-Afrika se beheer geplaas. Dit het beteken dat die gebied nooit polities en ekonomies onafhanklik sou word nie en dat Suid-Afrika die gebied deur sy landswette sou regeer.

Stryd om Afrikaans

Die eerste skool vir Afrikanerkinders is reeds in Augustus 1883 op die plaas Gannapan in die omgewing van Rietfontein, naby die huidige Aroab, begin. Die onderwyser was MH le Roux wat sy opleiding in Wellington onder doktor Andrew Murray ontvang het. Die skool het tussen 40-50 leerlinge gehuisves, maar moes na 13 maande sluit vanweë die oorlog tussen Hendrik Witbooi en die Duitsers.

Albertus Kooy en sy vrou kom in 1902 na Suidwes-Afrika om 'n skool vir Afrikanerkinders in die Gibeon-omgewing te begin. In 1903 skuif die skool na Kub aan die Visrivier waar dit vir 50 jaar sou bestaan. In 1917 kom die Windhoek Hoërskool tot stand. Die onderrig was aanvanklik Hollands en Engels, maar vanaf 1950 slegs Afrikaans.

Engels en Hollands word in 1920 die amptelike tale van Suidwes-Afrika. Meneer Gys Hoffmeyer word die eerste Afrikaanssprekende administrateur van Suidwes-Afrika.

DIT WAS VERAL 'N DUITSE-AFRIKANER, ERNST SCLENGEMANN, WAT 'N BELANGRIKE ROL SOU SPEEL OM AFRIKAANS IN SUIDWES-AFRIKA TE VESTIG.

Dit was veral 'n Duitse-Afrikaner, Ernst Schlengemann, wat 'n belangrike rol sou speel om Afrikaans in Suidwes-Afrika te vestig. Onder sy leiding verskyn op 8 April 1927 *Die Suidwester-Afrikaner*, 'n koerant wat bedoel was om as mondstuk vir Afrikaners te dien. Hy verteenwoordig die Afrikaanse gemeenskap van Suidwes in 1929 by die stigting van die FAK. Talle toneelstukke en poësie het ook uit Schlengemann se pen verskyn. Die heel eerste Afrikaanse gedig in Suidwes, nl. "Die Namib-woestyn", is in 1929 deur Schlengemann geskryf:

*Verlate, verdor, deur die lewe verstoot,
Is my wese verbitter met nyd,
En ek voer in die diens van my Meester, die Dood,
Met alles wat lewe 'n stryd.
Heet soos my sonskyn en diep soos my sand
En hard soos my berge se rots,
Is die wreedheid van weerwraak wat binne my brand
Met die haat van gekrenkte trots.
Geen skoonheid, geen skadu, geen groenheid of gras,
Geen vleie my vaalte versier;
Seëvierend verdryf ek indring'rig gewas
En folter vir mens en vir dier:
Ek teken mirages uit tergende spot
Vir verdwaaldes, gemartel deur dors,*

*En my sande dans juigend met helse genot
Oor geraamtes verstrooi op my bors.*

*Maar saans as die mis oor my west'like strand
Soos 'n lykkleed my kaalte bedek,
En die nagwinde kerm oor my eind'lose sand
En skadu's my lengte oorstrek-
Dan word ek meteens met weemoed omgewe,
Al bly ek hoogmoedig en wreed,
En ek smag na die wellus van groenheid el lewe,
En sug in my eensame leed.*

Politieke omwentelinge

Gedurende 1949 kondig doktor DF Malan aan dat Suid-Afrika nie langer op die inlywing van Suidwes by die Unie van Suid-Afrika sal aandring nie. In 1962 word die Odendaal-kommissie aangestel om die politieke, sosiale en ekonomiese toestande in Suidwes-Afrika te ondersoek. Dit lei onder meer daartoe dat 'n groot aantal plase van Afrikanerboere deur die regering gekoop en by die tradisionele grond van die Herero, Damara en Nama gevoeg word.

Op inisiatief van die Nasionale Party van SWA kom die 11 etniese groepe in 1975 in die ou Duitse Turnhalle in Windhoek byeen om te besin oor die konstitusionele toekoms van die land.

Regter MT Steyn, kleinseun van president MT Steyn, word vanaf 1 September 1977 as die eerste administrateur-generaal van Suidwes-Afrika aangestel. Hy gaan voort om die weg van een-mens-een-stem-verkiesing onder toesig van die Verenigde Nasies voor te berei en diskriminerende wetgewing af te skaf. Die Veiligheidsraad aanvaar Resolusie 435 waarvolgens Suidwes-Afrika op grond van 'n algemene verkiesing onafhanklikheid kan kry.

As gevolg van die Grensoorlog vind die verkiesing egter eers November 1989 plaas, wat deur SWAPO gewen word.

Onafhanklikheidswording

Op 21 Maart 1990 word Suidwes-Afrika 'n onafhanklike staat en heet voortaan Namibië. Onafhanklikheidswording het vir die Afrikaners geweldige implikasies gehad. Gevestigde Afrikaanse kultuurorganisasies met Suid-Afrikaanse wortels het oornag uit Namibië onttrek. Afrikaanse en ander regeringskole moes Engels as onderrigtaal begin gebruik. Soos wat die Suid-Afrikaanse weermag uit Namibië onttrek het, het die getalle van Afrikaners dramaties gekrimp. Die NG Kerk het amper 40 000 lidmate verloor en Die Voortrekkers se getalle het in 'n jaar of twee gedaal van 800 tot 40. Afrikanererfenisterreine het verlate en leeg gestaan en oor tyd verwaarloos. Vandag is daar 'n handjie vol Afrikaners, wat maar 2% van die totale Namibiese bevolking is. Daar is 'n groot persentasie Afrikaanse moedertaalsprekers onder die Rehoboth Bastervolk, Kaapse Kleurlinge woonagtig in Namibië, asook Afrikaanse tweedetaalsprekers onder die ander taalgroepe. In 2011 was 11% van die Namibiese huishoudings Afrikaanse moedertaalsprekers.

Netwerk vir Afrikanerbelange

Enkele Afrikanerkultuurorganisasies het na onafhanklikheid oorgebly, soos Die Voortrekkers, ATKV, Dorslandtrekkersvereniging en verskeie Gelooftefeeskomitees. Die Afrikaanse groepe het nie goeie onderlinge skakeling met mekaar gehad nie. 'n Klein groepie Afrikaners het egter besef dat ons kultuur en tradisies nie op hierdie manier voldoende bewaar en uitgebou sou word in Namibië nie. Onder leiding van Nico Tromp, Callie Opperman, Polla Steyn, Ernst Stals en Jurie Viljoen is die organisasie Netwerk vir Afrikanerbelange gestig. Netwerk het uitgereik na Afrikaanse organisasies en begin om die werksaamhede te koördineer.

Hulle het in samewerking met die Selfhelp Trust in die middestad van Windhoek 'n bymekaarkomplek vir Afrikaners opgerig en dit Ons Erfdeel genoem. Op die terrein is ook 'n belangrike Afrikanermonument in Namibië, nl. die Bittereinder-monument. Die boodskap was duidelik – Afrikaners is steeds hier, is steeds georganiseer en ons lewer steeds 'n bydrae. Netwerk het ook leiding geneem om betrokke te raak by Rapport Onderwysfonds se beurskomitee. Op dié manier verseker hulle dat voornemende Afrikaanse onderwysstudente (en andere) beurse kry sodat hulle kan kom terugploeg in die land. Daarby het Netwerk Afrikanereiendomme en finansiële bates in Namibië gekonsolideer, sodat dit uitnemend aangewend kan word vir die bevordering van ons kultuur.

Netwerk belê ook in Die Voortrekkers as die volgende geslag Afrikanerleiers in Namibië en Die Voortrekkers word op Netwerk se bestuur verteenwoordig. Soos wat Afrikaners na onafhanklikheid hul selfvertroue herwin het, het Die Voortrekkers se getalle dramaties gestyg van 40 na amper 500.

Afrikaners het ook eie inisiatief begin neem en 12 privaat Christelik-Afrikaanse skole regoor die land gestig. Uit eie kapitaal het Afrikaners die skole gefinansier, onderwysers betaal en geboue opgerig wat in geldwaarde gesamentlik al meer as 'n biljoen Namibiese Dollar werd is (R1 = N\$1). Vandag is daar duisende Afrikaanse kinders wat kwaliteit onderwys op Christelike grondslag in hul moedertaal ontvang, iets wat baie Afrikaansprekendes in Suid-Afrika as vanselfsprekend aanvaar. Namibiese Afrikaners het die prys vir moedertaalonderrig nie net in geldwaarde betaal nie, maar ook deur harde werk, deursettingsvermoë en selfopoffering.

Afrikaanse kultuur in Namibië het in so mate begin blom dat die Ministerie vir onderwys en kultuur die Boeremusiekilde in 2013 finansiële ondersteun het om in die VSA te gaan optree. Netwerk het in 2013 hande gevat met die FAK deur die ondertekening van 'n kulturele vennootskap. Dit is die eerste internasionale kulturele vennootskap tussen Afrikanerkultuurorganisasies.

Namibiese Afrikaners hoef lankal nie meer aan hulself te dink as die vyfde provinsie of die verlengstuk van Suid-Afrika met sy probleme nie. Namibiese Afrikaners het in twee dekades eie kultuurvoete gevind, eie kultuurorganisasies gestig, monumente en terreine gebou, kultuurfondse geskep, eie helde ontwikkel en antwoorde vir hul uitdagings gevind. Namibiese Afrikaners is nie net staatkundig nie, maar ook kultureel onafhanklik. Die ontwikkeling van netwerke en vennootskappe vra van kultuurorganisasies 'n fyn trap om nie die eiesoortige ontwikkeling van Afrikanerkultuur dood te trap nie. Die verskeidenheid verryk en verdiep Afrikanerkultuur in Suider-Afrika. Soos die Dorslandtrekkers van ouds is die Namibiese Afrikaners steeds besig om verder te trek en nuwe horisonne vir Afrikaners te verken.

10. DIE VERKENNER GESELS OOR KULTUURBEGRIIP.

Die kultuuropdrag

God se kultuuropdrag aan die mens om te bewoon, te bewerk en te bewaar, is 'n opdrag om skeppend te werk.

Dit is 'n opdrag

- om te bou, nie te breek nie;
- om te bewaar, nie te vernietig nie;
- om te heers, nie te oorheers nie.

Dit is 'n opdrag om lig te wees.

Kulturele identiteit

Die kulturele definisie van Unesco is:

“... CULTURE SHOULD BE REGARDED AS THE SET OF DISTINCTIVE SPIRITUAL, MATERIAL, INTELLECTUAL AND EMOTIONAL FEATURES OF SOCIETY OR A SOCIAL GROUP ... IT ENCOMPASSES, IN ADDITION TO ART AND LITERATURE (ALSO) LIFESTYLES, WAYS OF LIVING TOGETHER, VALUE SYSTEMS, TRADITIONS AND BELIEFS.³”

Kultuur kan samevattend beskryf word as 'n volk of gemeenskap se wyse van optrede, oortuigings, waardes, tradisies, lewenswyse, onderlinge verhoudings, simbole en taal. Kultuur is die totale geestesgoedere op elke lewensterrein wat van een geslag na 'n ander oorgedra word.

Kulturele identiteit word algemeen beskou as die eienskappe van 'n bepaalde kultuur. In die vorming van kulturele identiteit speel geloofbeskouing, geskiedenis en oorgeërfde tradisies, erfgoed en selfsiening van 'n kultuurgroep in eie konteks 'n wesenlike rol. Elke persoon het 'n persoonlike erfenis (van sy voorouers); nasionale erfenis (soos bepaal deur die geskiedenis en simbole van sy land en kontinent); natuurlike erfenis (natuurskoon en natuurlike hulpbronne) en 'n kulturele erfenis (monumente, musiek, tradisies en lewenswyse).

Kulturele identiteit word deurlopend en dinamies gevorm en ontwikkel deur 'n ingewikkelde netwerk van kontekstuele verhoudinge, tradisies en gedrag, en skeppende werk.

Kultuur skep betekenis

Kultuur skep betekenis deur selfverwesenliking

Deur die Bybelse kultuuropdrag van bewoon, bewerk en bewaar uit te leef deur skeppende werk, word betekenis geskep. 'n Skeppende kultuur getuig van lewenskrag waardeur eie potensiaal verwesenlik word. Om dié rede definieer NJ van der Merwe Afrikaners se kultuurstryd as “'n stryd” van individu en gemeenskap om hulself te wees, vir hulself te dink en eie selfstandigheid te handhaaf.

³ United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization, 2002.

Deur kreatief en skeppend te werk, trek kultuur met elke nuwe geslag 'n moderne baadjie aan om betekenis te gee aan eie konteks. Skeppende kultuur ontwikkel ook kulturele kapitaal. Kulturele kapitaal is die waardes en tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word. In krisistye kan Afrikaners teruggryp na hul kulturele kapitaal en uit die krag daarvan leef. In groeitye kan Afrikaners op die waarde daarvan kapitaliseer en 'n toekoms skep.

Kultuur skep betekenis deur idees

Indien 'n kultuurorganisasie nie met vars toekomsgerigte idees relevant bly nie, het so organisasie op die lang termyn geen bestaansreg nie. So 'n kultuurorganisasie sal stadig maar seker doodbloei omdat sy lede nuwe en relevante idees elders sal gaan soek. NJ van der Merwe het kultuur beskou as "die hoogste intellektuele bate" van 'n volk. Hy beskryf die kulturele ideeruimte as die Afrikaner se "geestelike vryheid". Hennie Aucamp sluit by die gedagte aan as hy skryf: "In krisistye is kultuur geen luukse nie, maar die hoogste vorm van selfbehoud. Kultuur staan vir interne orde en interne orde is die fondament vir alle beskawing." Deur middel van die "interne orde" wat 'n ryk kultuurlewe bring, word stabiliteit en kontinuïteit tussen hede, verlede en toekoms geskep. Deur Afrikaanse musiek, letterkunde, poësie, kuns en ander vorme van kulturele uitlewing, neem kultuurorganisasies Afrikaners se "geestelike vryheid" en "interne orde" in beskerming. Deur skeppende werk skep kultuur nie net balans nie, maar skep ook betekenis vir elke kaart. Alleen wanneer kultuur uitstyg bo partypolitiek, kan kultuurorganisasies 'n veilige ruimte bied vir toekomsgerigte denke en debatte.

Van der Merwe het egter 'n skerp skeidslyn tussen kultuur en partypolitiek getrek. Hy waarsku dat Afrikaners ondanks partypolitiese tweespalt en ontwrigting op die kulturele terrein "partypolities blind moet wees". As kultuurleier was daar vir hom "geen plek" vir partypolitiek op die kultuurakker nie. Merkwaardige woorde as daar in ag geneem word dat Van der Merwe ook 'n politieke leier was. Die jaar 1934 is gekenmerk deur politieke woede, bitterheid en skeuring as gevolg van die samesmelting tussen Hertzog en Smuts se onderskeie politieke partye. Na die partyskeuring het Van der Merwe Hertzog opgevolg as partyleier van die Nasionale Party in die Vrystaat.

'n Mens sou kon reken dat Van der Merwe juis Afrikanerkultuurorganisasies soos die FAK en Die Voortrekkers sou wou inspan om partypolitiese oogmerke te verwesenlik. Van der Merwe het egter geredeneer dat Afrikaners op die kulturele terrein gemeenskaplike grond kan vind waar hulle "ongeag partypolitiese oortuiginge om dieselfde vuur kan sit", selfs wanneer "ons soms teenoor mekaar nukkerig is". Die grootste taak van kultuurorganisasies was vir hom om Afrikaners van alle politieke partye in die gemeenskaplike kultuurstrewe te verenig. Van der Merwe waarsku dat indien die partypolitiek 'n houvas op die kultuurlewe kry, Afrikaners se "geestelike vryheid" kort voor lank sal verstik deur twis en verdeeldheid, en sal die kultuur sy inherente vermoë verloor om rigtinggewende ideële leiding aan Afrikaners te bied.

Kultuur skep betekenis met nuwe woorde

Net so min as wat gister se kaarte oplossings vir vandag bied, net so min kan kultuurorganisasies met ou woorde en geykte uitdrukkings eietydse betekenis skep. Afrikaans is immers 'n dinamiese taal wat vir elke kaart 'n nuwe woordveld skep. Deur vars woorde word kry ou begrippe nuwe betekenis wat eietyds vertolk en toegepas kan word. Vars woorde getuig van vars denke in kultuurorganisasies. Kultuurorganisasies wat suksesvol met nuwe woorde nuwe inhoud aan hul konteks gee, word as relevant beleef en speel 'n belangrike beïnvloedingsrol.

Kultuur skep betekenis deur diensbare leierskap

Kulturele leierskap kan niks anders wees as diensbare leierskap nie. Diensbaarheid is die asemhaling van 'n kultuurorganisasie. Die kwaliteit van diensbare leierskap word nie bepaal deur titels, posisie of vaardigheid nie, maar deur gesindheid. Sonder 'n gesindheid van diensgerigtheid en diensbaarheid, is 'n gemeenskap se kultuurlewe dood. Net so word 'n kultuurleier se verantwoordelikheid nie bepaal deur posisie of titel nie, maar deur die grootheid van sy dienswerk. Diensvaardigheid is waardegedrewe leierskap met onderliggende waardes soos nederigheid, integriteit, toewyding en verantwoordelikheid. Deur 'n gesindheid van diensbaarheid ontsluit 'n kultuurleier deur eie voorbeeld die potensiaal in ander om hulself te verwesenlik. Kultuurorganisasies skep met diensbare leierskap betekenis in 'n gemeenskap deur die praktiese verskil wat hulle maak. Dienswerk vorm die karakter en waardes van 'n gemeenskap.

Kultuur laat selfvertroue leef


Selfvertroue met waardes

Kultuur is ook die bril waarmee Afrikaners na die wêreld kyk. Dit is vir Afrikaners belangrik om vanuit 'n Christelike perspektief na die lewe te kyk en daarvoor standpunt in te neem. In Die Voortrekkers se kultuurstorie is dit duidelik dat Die Voortrekkers van die eerste tree af nie op losse skroewe wou staan nie, maar geanker wou wees in die Bybel. Soos vir die Voortrekkers van ouds is die Bybel ons touleier, ons kompas en ons lantern op 'n sweepstok. Of die Bybel voor in die wakis, langs die bedkassie of in 'n sportsak is, vir 'n Voortrekker is dit ondenkbaar om sonder God se Woord te leef. Die feit dat die Bybel in Afrikaans beskikbaar is, is 'n geskenk wat nooit vanselfsprekend aanvaar mag word nie.

Die Voortrekkers se waardegesprekke het nooit stagneer nie. Kongres na kongres, vergadering na vergadering, spanbyeenkoms na spanbyeenkoms vra Die Voortrekkers hoe kan die Bybelse waardes verdiep en toegepas word? Die Voortrekkers het nooit teruggedeins vir uitdagings nie, maar vir elke vraag 'n waardegedrewe standpunt ontwikkel wat hulle prakties kon toepas. Bybelse waardes gee selfvertroue om op die voorpos te kan staan, omdat die waardes ewigheidsware het.

Selfvertroue oor identiteit

'n Goed ontwikkelde taal- en kulturele identiteit gee aan Afrikaners selfvertroue om hul kultuureie te koester en terselfdertyd ander kultuurgemeenskappe se erfenis en tradisies te respekteer. Baie Afrikaners ontken ongelukkig die verlede, terwyl kultuurorganisasies soos Die Voortrekkers kontinuïteit met die verlede soek en krag put uit die geskiedenis. Die Nederlandse teoloog Herman Bavinck het op 'n stadium opgemerk dat die Afrikaner se geskiedenis vir hom reël is. "In krisistye gryp hy daarna terug en put daaruit krag vir die toekoms." Die Voortrekkers verstaan wat Emily Hobhouse met haar waarskuwing bedoel: "'n Geskiedenis wat vergete is, is 'n toekoms wat verlore is" en Winston Churchill waarsku: "A leader who can see further back can see further ahead." Die verlede gee nie net koerswysers vir die toekoms nie, maar help Voortrekkers om met insig antwoorde te ontwikkel vir eietydse kaarte. Voortrekkers is nie blind vir foute wat gemaak is of besluite wat anders kon wees nie. Gelukkig is daar veel meer waarop Afrikaners trots kan wees, as waaroor hulle skaam hoef te voel. Juis om dié rede moet kultuurorganisasies hul verantwoordelikheid nakom om Afrikaners se groot stories in herinnering te roep.



Afrikaners het hul identiteit bevestig en gevier deur die bou van kulturele bakens van monumente, gedenktekens en die ontwikkeling van erfenisterreine. Hierdie bakens vertel die verhaal van Afrikaners se gang deur die eeue. Waar ou spore lê en waar Afrikaners nuwe spore trap. Die kulturele waarde van nuwe bakens om Afrikaners se groot stories in herinnering te roep en eietjds te bevestig, kan nooit oorskat word nie. Wanneer Afrikaners nuwe spore trap of ou spore in herinnering roep, het kultuurorganisasies die verantwoordelikheid om bakens te plant. Die waarde van nuwe monumente, al is dit hoe klein, kan nooit oorskat word nie. Dit getuig van selfvertroue. Dit gee selfvertroue aan die volgende geslag Afrikaners.

Selfvertroue oor grense heen

Afrikaners beoefen hul kultuur in 'n multikulturele land. 'n Gedeelde land is deel van Afrikaners se verlede en toekoms. Kultuurorganisasies wat die vermoë ontwikkel om met selfvertroue as gelyke vennote sonder die prysgawe van eie identiteit netwerke te vestig, te akkommodeer, saam te werk, te onderhandel en te beding, wanneer nodig, sal groei in prestige en invloed. Afrikaners het nooit daarvan weggedreins om oor grense heen 'n hand van vriendskap te reik of te aanvaar nie. So werk kultuurgemeenskappe saam tot voordeel van almal in Suidelike Afrika. Die stigters van die Voortrekkers wat die hand van vriendskap van die Scouts aanvaar het, het 'n goeie voorbeeld van bogenoemde gestel.

Kultuur as brugbouer

Die brug tussen kultuur en gemeenskap

Groot getalle is nie die belangrikste maatstaf vir 'n invloedryke kultuurorganisasie nie. Die belangrikste suksesfaktor is 'n organisasie se inherente vermoë om die eiesoortigheid van verskillende gemeenskappe te kan akkommodeer.

KULTUURORGANISASIES MAG NIE IN HUL EIE KLEIN KULTUURHOEKIE PRIVATISEER NIE, MAAR MOET DIE VERMOË ONTWIKKEL OM WYER AS DIE EIE TE KYK.

Die vermoë van Die Voortrekkers om diversiteit te hanteer in twee lande en 'n veelvoud van gebiede, kampe, oorde, Voortrekkerkommando's en spanne, is een van die redes waarom Die Voortrekkers groei. Die balans tussen eiesoortigheid en verweefdheid is 'n voorwaarde vir 'n florerende kultuurorganisasie. Kultuurorganisasies met 'n nasionale, selfs internasionale voetspoor, se uitdaging is om

aan elke gemeenskap die ruimte te bied vir die ontwikkeling van 'n eie identiteit, eie besluit en aanvaarding van eie verantwoordelikheid. Die samehang word gevind in gedeelde waardes, oortuigings en simbole. Op dié wyse word fyn balans tussen eiesoortigheid en verweefdheid gehandhaaf.

Die Voortrekkers se kultuurstorie toon dat kultuurorganisasies nooit eenkant in isolasie mag staan nie. Kultuurorganisasies is onlosmaaklik deel van 'n groter gemeenskap. Kultuurorganisasies mag nie in hul eie klein kultuurhoekie privatiseer nie, maar moet die vermoë ontwikkel om wyer as die eie te kyk. Kulturele volwassenheid as lewenshouding beteken om saam met ander medeverantwoordelikheid te neem vir gemeenskaplike sake. In die nuwe bedeling is die gemeenskappe aangewys op hulself om suksesvol te wees. Die strydbehoud van Afrikaanse taal en kultuur in instellings soos skole en universiteite, is so 'n gemeenskaplike saak. Hierdie opvoedkundige instellings is immers die lewensaar en voedingsbron van die Afrikaanse kulturele wêreld.

Florerende kultuurorganisasies skep nie net in eie kring 'n ruimte vir individuele behoeftes en die vry vloei van idees nie, maar bou 'n verhoudingsbrug na die gesin, kerk en skool en mede-Suid-Afrikaners. Waar 'n kultuurorganisasie 'n gemeenskapsvisie ontwikkel, is daar groei, betrokkenheid, sigbaarheid, energie en dinamika.

Die brug tussen kultuur en ekonomie

Die benoeming en inhuldiging van 'n hoofbeskermheer en -vrou van 'n kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers is nie sommer net nog 'n moet-doen-gebeurtenis nie. Nuwe beskermhere of ambassadeurs is simbolies van die nuwe strategiese ruimtes waarin kultuurorganisasies hulself bevind. In vorige kaarte was Die Voortrekkers se hoofbeskermheer 'n galery van goewerneur-generaals, presidente, eerste ministers en ministers. Deur die benoeming van bewese suksesvolle sakepersone soos Nico Tromp as hoofbeskermheer, bou Die Voortrekkers 'n brug tussen die ekonomiese en kulturomgewing. In die een-en-twintigste eeu is dit nie kultuur en staat nie, maar kultuur en ekonomie wat mekaar wedersyds moet aanvul.

Kultuurorganisasies sal in die konteks van die huidige kaart as kulturele entrepreneurs hul belange moet bevorder. Soos die vastrappers van ouds, sal die geslag kulturele entrepreneurs finansiële hulpbronne en kundigheid in gemeenskappe moet ontsluit as steun vir nuwe gemeenskapstrukture. Kulturele entrepreneurskap is die enigste manier om Afrikaanse kultuurerfenis suksesvol en volhoubaar te bevorder.

Ekonome toon dat jong Afrikaners se ekonomiese toekoms in entrepreneurskap lê. Afrikanerkultuurorganisasies, soos Die Voortrekkers, sal relevant bly as hulle met die bewese suksesresep van kultuur, avontuur en natuur jong Afrikaners voorberei om ekonomies vir hulself en hul gemeenskap te kan sorg. Deur 'n brug te bou na die ekonomiese wêreld, bied kultuurorganisasies aan die nuwe geslag Afrikaanse entrepreneurs 'n ruimte waarin hulle met hul kundigheid in jong Afrikanerleiers se toekoms kan belê.

11. DIE VERKENNER VERDUIDELIK DIE BELANGRIKHEID VAN KULTURELE VRYHEID.

Kulturele vryheid as 'n grondwetlike en internasionale reg

Die Voortrekkers funksioneer binne die regsorde van Suid-Afrika en Namibië.

Die Grondwet waarborg die reg tot individuele vryheid, maar ook vryheid van kultuurgemeenskappe in artikel 30 en 31.

Artikel 30. Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

en

Artikel 31(1). Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap–

(a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en

(b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.

31(2). Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

Artikel 30 van die Grondwet verleen dus aan elkeen die reg om sy taal van eie keuse te gebruik, sy godsdienste te beoefen en aan die kulturele lewe van sy eie keuse deel te neem, terwyl artikel 31 weer erkenning verleen aan persone wat aan taal-, kultuur- en godsdienstgemeenskappe behoort om verenigings en organe van die burgerlike gemeenskap te vorm en daarby aan te sluit. Die artikel gaan verder met 'n verbodsbepaling dat niemand daardie reg ontsê mag word nie.

Artikel 31 maak dit onmoontlik vir die staat om byvoorbeeld 'n wet te maak wat vereis dat elke kultuurvereniging of instelling se samestelling verteenwoordigend van die totale Suid-Afrikaanse bevolking moet wees, want 'n kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers sal byvoorbeeld nooit so doelwit kan bereik sonder om sy identiteit as 'n kultuurstelling van Afrikaanssprekende jongmense te wees nie.

Verder sou dit onbestaanbaar met artikel 31 van die Grondwet wees as 'n wet, of 'n riglyn of vereiste deur 'n openbare instelling eis dat elke gemeenskapsorganisasie ter wille van inklusiwiteit en transformasie, slegs Engels as voertaal moet gebruik. Dit sal die lede van 'n kultuurorganisasie hulle reg ontsê om hul vereniging te bedryf in die taal van hul keuse en dit te doen saam met lede van daardie gemeenskap.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir die reg van kultuurgemeenskappe en kultuurorganisasies om hulself op 'n geloofs- en waardegrondslag te organiseer met die beginsel van vryheid van assosiasie. Kulturele vryheid bied nie net aan Afrikaners die ruimte om Afrikaners te wees, of aan kinders die reg om in hul moedertaal skool te gaan nie, maar ook aan kultuurorganisasies soos Die Voortrekkers die reg om ons kultuur voluit te leef en te ontwikkel.

Vanuit die grondwetlike ruimte, maak Die Voortrekkers 'n normatiewe keuse vir die Christelik-Afrikaner-waarderaamwerk. Dit beteken Die Voortrekkers handhaaf niediskriminerende lidmaatskapspraktyke, maar vereis wel dat wanneer 'n persoon uit vrye keuse aansoek doen om lidmaatskap, onderneem die aansoeker vrywillig om hom/haar met die normatiewe raamwerk van Die Voortrekkers te vereenselwig, dit te onderskryf en te bevorder.

Kulturele vryheid is ook geanker in die grondwet en internasionale reg. Die Verenigde Nasies het in 2004 kulturele vryheid as 'n internasionale beginsel aanvaar om minderhede se kultuurregte te waarborg. Die reg tot kulturele vryheid word suksesvol in verskeie lande toegepas.

Kulturele vryheid as 'n eietydse uitdaging

Die Voortrekkers het nie sommer op 'n lentedag uit die niet ontstaan nie. Die Voortrekkers is gebore uit die ideaal van kulturele vryheid. Op die beslissingspunt mag kultuurmense nie net tevrede wees om eenkant te staan nie. NJ van der Merwe beskryf Afrikaners se kultuurtaak "as die stryd van individu en gemeenskap om hulself te wees, vir hulself te dink en eie selfstandigheid te handhaaf." Kultuurmense se taak is om die vlammetjie van kulturele vryheid om onself te mag wees, ons taal te mag praat, ons mense se geskiedenis te mag vertel te laat brand. Die verantwoordelikheid dwing kultuurmense om nuut te dink en anders te doen. Danie Goosen beskryf dit as "'n beweging weg van staatsafhanklikheid na gemeenskapsselfstandigheid; weg van die sindroom van wag op die staat se inisiatief na deelname aan eie gemeenskapsinstellings; weg van die teleurstellings in die staat na 'n benadering wat self skep, self handel en self die toekoms oopmaak. Dit is 'n kultuurstrategie wat gekenmerk word deur nuwe kulturele woordeskat, kulturele vlugvoetigheid en die wegbeitel van uitgediende benaderinge."

KULTURELE VRYHEID IS VEEL BELANGRIKER AS WAT DIE MEESTE MENSE BESEF. ONGELUKKIG VOEL JY EERS DIE GEMIS AS JY DIT VERLOOR HET.

Tydens 'n beraad vir hoërskoolleerders in 2000 beklemtoon Tom Dreyer, voormalige Hoofleier van Die Voortrekkers: "Ons moet almal dieselfde ideaal hê, naamlik dat Suider-Afrika 'n veilige en voorspoedige woonplek vir almal sal wees. Kulturele vryheid is veel belangriker as wat die meeste mense besef. Ongelukkig voel jy eers die gemis as jy dit verloor het. Kulturele vryheid beteken dat Afrikaners hulle taal en kultuur ongehinderd kan uitleef en dieselfde vryheid

ook aan die ander burgers van die land gun, want ons bou aan die ideaal van 'n land waar elke kultuurgroep se kinders en kleinkinders vry, veilig en voorspoedig kan woon."

Kulturele vryheid is 'n grondwetlike reg en word ook as 'n groepreg deur die Verenigde Nasies erken. Op die beslissingspunt mag Afrikaners nie kulturele vryheid vir onself toeëien asof dit net ons reg is nie. Laat ons opstaan vir die reg tot kulturele vryheid van alle landsburgers. Kulturele vryheid rus immers op die waarde van respek. Kulturele selfrespek vir jouself, vir jou taal en kultuur, maar ook respek vir ander se taal en kultuur. Deur op te staan vir die reg tot kulturele vryheid vir almal, beteken ook dat respek die hoeksteen van 'n ordelike, ruimteskeppende en gelukkige land word.

12. DIE VERKENNER VERDUIDELIK WAT DIE EKONOMIESE WAARDE VAN KULTUUR IS.

Op 'n manier is elkeen van ons elke dag besig met beleggings. Beleggings in geleerdheid, beter werkgeleenthede, verhoudings, loopbane, in suksesvolle ondernemings of beleggings op die aandelebeurs. Al die beleggings is daarop gemik om 'n beter toekoms te skep.

Soos tyd vorder, sien jy of jou belegging groei toon. Of jou investering tot wins kom. As jy jou beleggings na waarde skat, sal jy gereeld navraag doen om te sien wat die stand van jou belegging is. As jy nie meet nie, dan weet jy nie.

Kulturele beleggings word anders gemeet. Nie met rand en sent nie, maar deur hoëfunksieprestasies.

Die geskiedenis van die Afrikaner word gedefinieer deur sterk individue wat in hul eie idees glo en dit selfs stroom-op verwerklik. Hulle is entrepreneurs, mense wat eie inisiatief neem, innoverend en kreatief op vele gebiede is en daarmee ook leiers in hul beroepe of omgewing is. Van 'n boerdery ... tot 'n internasionale onderneming.

Sakelui wat afsydig teenoor so 'n kultuur staan, is soos 'n boer wat sy plaas se damme nie in stand hou nie en so sy watervoorraad laat wegsyfer.

Hulle steur hulle nie aan die ekonomie van so 'n kulturele watervoorraad nie.

As mens dink dit is duur om in kulturele bates te belê, probeer werk in kulturele droogte.

Sakelui is gewoond om sake-aktiwiteite te meet. Die kommersiële waarde van produkte en dienste is duidelik. Hoe meet jy die ekonomiese waarde van kultuur?

Kultuur is die saldo van jou skeppende werk. Dit oriënteer jou ten opsigte van jou verlede, hede en toekoms. Net soos met 'n belegging op die beurs, kan jy om jy rondkyk om te sien waarmee jy en jou mense vandag besig is en of dit waarde wen, of waarde verloor. Kortom, kultuur skep 'n ekostelsel waarbinne 'n gemeenskap winsgewend kan floreer. Elke hoëfunksieprestasie skep 'n kulturele belegging wat geestelike en ekonomiese welvaart befonds en ontsluit.

'n Mens kan maklik die fout maak om kultuur net te sien as "sagte ware", as 'n sagte belegging. Dit ... sal 'n groot oordeelsfout wees.

Kulturele "hardeware" is werksetiek, vindingrykheid, selfvertroue en integriteit. Dit is juis so 'n kultuur wat vryheid, onafhanklikheid en selfsorg bewerk.

So het klein dade en groot drome van kulturele en sake-entrepreneurs, 'n Afrikaanse toekoms oopgeslaan.

Kulturele beleggings/kapitaal word internasionaal gemeet aan jou voortbestaanswaarde, keusewaarde, opvoedingswaarde, prestigewaarde en erfeniswaarde.

13. DIE VERKENNER DRA KENNIS VAN FINANSIËLE INSTELLINGS.

Jy weet reeds wat 'n bank is, maar weet jy wat doen 'n bank alles?

Banke soos Absa, Nedbank, Capitec lewer 'n verskeidenheid dienste aan Jan Publiek, bv.:

- Bewaar geld d.m.v. lopende rekeninge (soos tjek- en spaarrekeninge).
- Verskaf korttermynlenings soos 'n oortrokke fasiliteit op jou tjekrekening en kredietkaart.
- Verskaf beleggingsmoontlikhede aan die publiek wat min het om te belê en beperkte kennis het, bv. vaste deposito's, kollektiewe beleggingskemas en oorsese beleggings.
- Verskaf 'n verskeidenheid van adviesdienste:
 - Aftreebeplanning
 - Boedelbeplanning
 - Belastingbeplanning

Hoeveel van die bogenoemde terme is vir jou bekend?

Voorbeelde van 'n paar soorte ander finansiële instellings:



Beleggingshuise

'n Instansie wat spesialiseer in die bestuur en maak van beleggings, bv. Investec en Allan Gray. 'n Persoon kan so 'n instansie nader om potensiële beleggingsgeleenthede te soek om in te belê. Indien die persoon voel hy is bevoeg genoeg om alles self te bestuur, sal hulle hom net adviseer en moontlike transaksies fasiliteer. Hiervoor word 'n administrasiefooï betaal.

Andersins kan jy hulle nader en 'n bedrag onder 'n fondsbestuurder/portefeuljebestuurder/batebestuurder (baie name vir iemand wat dieselfde doen) se sorg plaas. Hy bestuur jou geld na goeddunke en enige opbrengs daaruit val jou toe, nadat hy 'n gedeelte daarvan vir homself (die beleggingshuis) geneem het as vergoeding vir die dienste gelewer.

Aksepbanke

Soortgelyk aan 'n handelsbank, maar hier is die fokus op baie groot kliënte, bv. Rand Aksepbank ("Rand Merchant Bank") (Aanvaar net bedrae met baie nulle in).

Met ander woorde groot maatskappye en mense wat groot bateportefeuljes moet bestuur.

Versekeraars

Min mense weet van die verskeidenheid dienste wat verskeringsmaatskappye soos Sanlam, Momentum, Outsurance en MiWay bied. Hulle verkoop polisse, maar wat beteken dit presies?

Sanlam is 'n lewensversekeraar en MiWay 'n korttermynversekeraar. Die polisse wat ons by Sanlam en ander lewensversekeraars koop, is soos spaarplanne waar ek elke maand 'n bedrag belê en dan aan die einde van 'n tydperk die geld plus die rente daarop sal terugkry. Dit word annuïteite genoem. Of ek kan by hulle 'n lewenspolis koop wat 'n bedrag uitbetaal wanneer ek sterf sodat my mense wat agterbly, geld het om van te lewe. Ek kan selfs 'n polis uitneem teen 'n ernstige siekte wat maak dat ek nie meer kan werk nie, en dan betaal hulle my salaris elke maand uit.

MiWay verkoop ook polisse, maar dit beskerm ons teen ongelukke en misdaad. Ek betaal elke maand 'n bedrag op 'n korttermynpolis en as daar iets met my kar of huis gebeur, sal MiWay my vergoed vir my skade.

'n Derde soort versekeraar is mediese fondse. Ons betaal weereens maandeliks 'n paaïement en wanneer ons siek word, sal die mediese fonds betaal vir ons besoek aan die dokter.

Aangesien daar so 'n groot hoeveelheid mense is wat hulle as finansiële adviseurs voorgedoen het, en nie die nodige kwalifikasies het nie, het die regering wetgewing ingestel om dit te reguleer.

Alle finansiële adviseurs moet nou registreer en aan streng kwalifiserende vereistes voldoen. Die bewys dat iemand finansiële advies mag gee, is wanneer die toepaslike registrasiedokument getoon kan word.

Ontwikkelingsbanke

Hierdie banke verskaf hoofsaaklik krediet aan persone en instansies wat die land opbou en ontwikkel.

Voorbeelde hiervan is die Landbank, wat geld aan boere leen om hul boerdery te finansier, en die Nywerheidsontwikkelingskoöperasie, wat geld aan iemand sal leen wat laekostebehuising (HOP-huise) wil bou of ander besighede wil begin. Hierdie instansies se rentekoerse is gewoonlik aansienlik laer as dié van ander banke en finansiële instellings.

Al die bogenoemde instellings word direk of indirek deur SARB in terme van wetgewing gereguleer. Dit is die SARB se wetlike taak om die finansiële instellings te reguleer om ons as publiek te beskerm. Die Registrateur van Banke is hiervoor verantwoordelik.

14. DIE VERKENNER ONTWIKKEL 'N STANDPUNT OOR ARMOEDE EN WERKLOOSHEID.

JD Kestell het gesê:

“DIE SKULD VAN LIEFDE IS IN DIE HART VAN 'N GELOWIGE TEENOR SY MEDEMENS SE SORGE EN PROBLEME ASOOK 'N ONTFERMING OOR SY LOT. DIÉ LIEFDESSKULD GEE AAN DIE BEOEFENAAR DAARVAN VOLDOENING IN DIE GEMOED EN VREDE IN DIE DIEPSTE VAN SY SIEL.”

Uit 'n Christelike oogpunt werk 'n land nie as daar net ekonomiese voorspoed is vir 'n uitgesoekte groep mense nie.

Armoedeverligting word deur die staat benader vanuit welsynstoelaes en staatsubsidies aan getransformeerde welsynsdienste, wat lei tot 'n reuse belastinglas. Druk word opgebou oor die herverdeling van rykdom en nasionalisering om ongelykheid reg te stel.

Opheffing-deur-opleiding

Waar die staat misluk om nuwe idees vir die oplossing van die armoedevraagstuk te ontwikkel, het die gemeenskap die verantwoordelikheid om met positiewe alternatiewe idees vorendag te kom.

Wyle prof. Elize Botha, taalkenner, kanselier van Stellenbosch, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, het vertel hoe sy as 'n arm kind in die dertigerjare, haar verslind het aan die rykdom van Afrikaanse boeke. Later jare het sy ook van dankbaarheid getuig teenoor diegene wat na die ellende van Afrikaanse taallose mense omgesien het en begin werk het aan die droom van 'n Afrikaanse Bybel, Afrikaanse boeke, Afrikaanse tydskrifte, Afrikaanse koerante *“tot heil van miljoene”*. Vandag is baie van dit wat in die dertigerjare skaars was vir baie Afrikaanssprekendes vanselfsprekend. Nie alles wat beskikbaar is in Afrikaans is egter ewe toeganklik vir arm Afrikaanssprekendes nie. Om alle moontlike hulpbronne te ontsluit, vra dat Afrikaanssprekendes die historiese omgewaardes van *helpmekaar, redmekaar en saam met mekaar* sal afstof en nuut in eietydse konteks moet toepas. Afrikaans is vir 'n persoon in minder goeie omstandighede slegs 'n taal van hoop as die Afrikaanse gemeenskap bereid is om 'n helpende hand uit te reik om geleenthede in Afrikaans vir arm Afrikaanssprekendes te ontsluit.

Die sleutel tot die suksesvolle aanpak van armoede bly steeds goeie moedertaalonderwys, doelgerigte vaardigheidsopleiding waardeur kinders uit Afrikaanse gemeenskappe deel word van die ekonomiese hoofstroom, 'n gesindheid van helpmekaar en samewerking, asook die versterking van die middelklas. Hierdie oplossing wat beskryf kan word as opheffing-deur-opleiding is reeds histories as suksesvol bewys en moet weereens in eietydse konteks nuut toegepas word.



NP van Wyk Louw het tereg gesê Afrikaans is 'n broodsaak. Dit is 'n samevoeging van broodnodig en noodsaaklik. Met geleenthede vir opleiding in Afrikaans sal Afrikaanse kinders uit arm gemeenskappe nie net in hul brood kan voorsien nie, maar sal Afrikaans as taal kan asemhaal. Afrikaans sal 'n welverdiende plek kan volstaan in Suid-Afrika, Afrika en die internasionale gemeenskap.

15. DIE VERKENNER IS BETROKKE BY SY GEMEENSAP.

Kultuurorganisasies is onlosmaaklik deel van 'n groter gemeenskap. Juis daarom mag 'n kultuurorganisasie soos Die Voortrekkers nie in hul eie klein kultuurhoekie privatiseer nie, maar is as diensbare leiers betrokke by hul gemeenskap.

Daar is 'n toenemende behoefte aan leiers wat hul hand opsteek om te dien. Ons land is dors vir diensbare leiers wat 'n saakmakende rol kan speel om hul gemeenskappe met positiewe waardes te beïnvloed. Sonder die dienswerk van vele gemeenskapsleiers sou 'n organisasie soos Die Voortrekkers nie moontlik gewees het nie.

Anders as politieke leiers is gemeenskapsleiers nie beperk tot enkele figure nie. Gemeenskapsleiers sluit skoolhoofde, onderwysers, predikante, verenigingsvoorsitters, vrouedienslede, kerkraadslede, kommandoleiers, Voortrekkeroffisiere en talle ander persone in, wat op een of ander wyse 'n invloed op hul gemeenskap het.

'n Gemeenskapsleier se verantwoordelikheid word nie bepaal deur posisie of titel nie, maar deur sy dienswerk. Deur diensbaarheid ontsluit kultuurleiers die potensiaal in ander om hulself te verwesenlik.

Gemeenskapsleiers se invloed word anders gemeet as dié van politieke of ekonomiese leiers. Die invloed van 'n gemeenskapsleier word gemeet in welke mate die leier daarin geslaag het om die gemeenskap se karakter positief of negatief te vorm.

Gemeenskappe se karakter word gevorm deur die gemeenskapsleier se vermoë om:

- te netwerk met die doel om samewerking tussen rolspelers te bewerkstellig.
- positiewe waardes in die gemeenskap te vestig.
- die gemeenskap aan te moedig om betrokke te raak by gemeenskapsprojekte.
- gesinne, kinders en jongmense te betrek. Gesonde gesinne is die kernbousteen van 'n gesonde gemeenskap en kinders en jongmense is die gemeenskapsleiers van die toekoms.


16. DIE VERKENNER LEI 'N VERGADERING.

Wat is 'n vergadering?

'n Vergadering is 'n ordelike byeenkoms van twee of meer persone ten einde gemeenskaplike sake te bespreek en besluite te neem.

Let wel:

- Elke organisasie of besigheid word volgens sy grondwet, konstitusie, reglemente of standaardprosedure verplig om bepaalde vergaderings te hou.
- Hierdie genoemde dokumente skryf ook duidelik bepalings voor wat nagekom moet word om die vergadering regsgeldig te maak.
- Die persone hoef nie in dieselfde vertrek te wees nie, want met moderne tegnologie is feitlik alle soorte vergaderings moontlik.
- Vergaderingsprosedure is oor verloop van jare ontwikkel en gevestig vir formele vergaderings sodat daar voldoende geleentheid is om sake behoorlik en ordelik te bespreek en effektiewe besluite te neem.
- Met 'n informele vergadering of 'n kuiergeleentheid praat almal gelyk, deurmekaar en oor enige onderwerp – niemand hoef met jou opinie saam te stem of te verskil nie en besluite word meestal nie geneem nie.



Dink vir 'n oomblik waar die eerste vergadering aangeteken is? In Genesis 3:9 tot 23 is dit God wat die eerste vergadering oproep tussen Adam, Eva en die slang in die tuin van Eden om te kom rapporteer na die sondeval. Hiertydens word nuwe besluite en lewensriglyne aan elkeen deurgegee – lees dit gerus en sien hoe akkuraat word die besluite “genotuleer”. Die Bybel is daarna ook vol gedokumenteerde vergaderings wat gehou is in die Ou en Nuwe Testament. Ook in die wêreld is daar oneindig baie gedokumenteerde vergaderings waar die griffier, ordonnans en sekretaris die gesprekke tussen koninklikes, burgers, grondeienaars, slawe, werkgewers en so meer aangeteken het. Doen 'n bietjie moeite om na sulke notules te kyk.

Die eerste gedokumenteerde vergadering wat in Suid-Afrika plaasgevind het, is gelei deur Jan van Riebeeck.

Bekende vergaderings

Die volgende vergaderings is algemeen bekend:

- Beheerliggaam van 'n skool
- Skoolbestuur
- Verkennerraad van 'n Voortrekkerkommando
- Kommandobestuursvergadering van 'n Voortrekkerkommando
- Spanvergadering van 'n span (formeel en informeel)
- Direksievergadering van 'n besigheid
- Komiteevergaderings
- Sake-ete (Informeel)
- Parlement
- Televisiedebatte
- Telefoon- en Skype-konferensies – word ook op TV en radio uitgesaai

Soorte vergaderings**Gewone vergadering:**

Almal is saam onder een dak in dieselfde vertrek.

Voordeel: Dit is baie maklik waar almal naby aan mekaar woon, want reiskoste en reistyd is nie 'n probleem nie. Almal kan direk met mekaar praat.

Nadeel: Indien lede van ander provinsies af moet reis, word tyd gebruik en koste vir reis en verblyf word hoog.

E-pos-vergadering (ook kletskamer op internet):

Die saak of sake onder bespreking word aan lede van die betrokke vergadering per e-pos gestuur of op 'n webblad geplaas. Almal lewer per e-pos of in die betrokke kletskamer kommentaar. Dit word daarna deur die sekretaris saamgevoeg in een dokument en weer aan almal gesirkuleer vir verdere kommentaar.

Voordeel: Almal kan op hul eie tyd die dokument onder bespreking lees en kommentaar invoeg.

Nadeel: Die sekretaris word onder druk geplaas om al die kommentare behoorlik te verwerk ten einde die proses te bestuur. Lede kan maklik nie kommentaar lewer nie en sy insette gaan dan verlore.

Telefoonkonferensie:

Dit vind plaas wanneer die lede gelyktydig telefonies in verbinding is met mekaar – in Suid-Afrika kan 'n maksimum van 7 persone so verbind word.

Voordeel: Reiskoste, verblyfkoste en reistyd word gespaar.

Nadeel: Lede verloor emosionele kontak, net een persoon kan op 'n slag praat, die voorsitter moet sorg dat elkeen geleentheid kry om te praat.

SMS-vergaderings:

'n Kort SMS waarop 'n antwoord verlang word, word gestuur en elkeen stuur per SMS 'n antwoord.

Voordeel: Dit is 'n vinnige metode om spoedeisende besluite te neem.

Nadeel: Dit word beperk tot eenvoudige sake.

Skype-konferensie:

Die deelnemers aan die vergadering is elk in 'n eie lokaal en met skootrekenaars met mekaar in verbinding.

Voordeel: Reiskoste, verblyfkoste en reistyd word gespaar en die persone kan mekaar sien.

Nadeel: Die hoë koste en relatiewe ontoeganklikheid maak dit tans nog baie duur en nie baie bruikbaar nie.

Informele vergadering:

Voorbeelde hiervan is 'n sake-ete, potjie gholf, kenmekaar of 'n spanvergadering. Na so 'n sake-ete of potjie gholf sal een van die partye wel 'n nota aan die ander teenwoordige persone kan stuur waarin die sake waartoe ooreengekom is, aangeteken word.

Voordeel: Dit is minder formeel en daar is geleentheid om behoorlik te netwerk (guns te wen) en mekaar te leer ken.

Nadeel: Besluite word nie behoorlik beredeneer en aangeteken nie en waardevolle inligting wat aangebied is, kan so verlore gaan.

DIE PERSONE HOEF NIE IN DIESELFDE VERTREK TE WEES NIE.

Kennisgewing/Oproep vir 'n vergadering

- Die jaarprogram van die skool, kommando en kerk bevat meestal reeds die betrokke datums van vergaderings. Almal wat deel is van die vergadering kan die datum dus reeds aanteken. Sake wat op die vergadering bespreek moet word, moet betyds aan die sekretaris deurgegee word ten einde in die sakelys opgeneem te word.
- Lede van 'n vergadering kan ook opgeroep word om op 'n bepaalde datum deel te vorm van 'n vergadering. Die minimum tyd wat nodig is om 'n vergadering op te roep, word in die organisasie se voorskrifte omskryf. In die geval van Die Voortrekkers bepaal die reglemente dat dit op kommandovlak ten minste 10 dae voor die tyd moet wees.
- Normaalweg sal die sekretaris in beide bogenoemde gevalle 'n oproep mondelings, per pos, per e-pos of per SMS aan lede van die vergadering stuur ten einde hulle kennis te laat neem van die vergadering. Sake wat bespreek moet word, kan dan voor 'n gegewe datum aan hom deurgegee word.
- Die oproep sluit normaalweg ook die datum, plek, tye, kleredrag en aard van die beplande vergadering in sodat die nodige praktiese reëlins deur lede van die vergadering getref kan word. Tipiese praktiese reëlins: reisreëlins, verblyf, kleredrag, oop telefoonlyn beskikbaar, e-pos in werking en so meer.

Sakelys (Agenda)

- Die sakelys bevat al die sake waaroor daar op die vergadering gepraat moet word.
- Die sakelys word deur die sekretaris saamgestel en met die voorsitter van die vergadering uitgeklaar alvorens dit na lede van die vergadering versprei word.
- Dit is algemene gebruik om die saak waaroor bespreking gevoer moet word, behoorlik in die sakelys te omskryf en 'n aanbeveling te maak indien 'n besluit gevra word. Lede van die vergadering moet, nadat die voorstel behoorlik bespreek is, hulle vir of teen die aanbeveling uitspreek deur daaroor te stem. Met die beskikbaarheid van e-pos is dit ook maklik om deurlopend alle dokumente aan lede te stuur. Die reglement van Die Voortrekkers bepaal dat die volledige sakelys ten minste vier dae voor die vergadering beskikbaar moet wees.
 - i Die sakelys van vergaderings behoort altyd die volgende punte in te sluit:
 - ii Opening - Skriflesing en/of gebed
 - iii Verwelkoming
 - iv Konstituering kworum/verskonings
 - v Lief en leed - omgee vir mekaar
 - vi Notule van vorige vergadering
 - vii Vasstelling van sakelys
 - viii Sake in volgorde (sluit ook sake in wat nog nie afgehandel is nie)
 - ix Afsluiting (volgende vergadering en bedankings hier ingesluit)

Algemene voorafreëlins

Dit is die sekretaris se plig om toe te sien dat alle praktiese reëlins vooraf getref word om die vergadering suksesvol te laat verloop. Dit sluit in die vergaderlokaal, etes, verversings, rekenaars, blaaiborde met papier en penne, tafels en stoele, oop- en toesluit van lokaal, telefoonreëlins in geval van 'n telefoonkonferensie en reis- en verblyfreëlins.

Kworum

'n Kworum is die minimum getal stemgeregtigde lede van die vergadering wat teenwoordig moet wees, of in verbinding moet wees om besluite van die vergadering regsgeldig te maak. Die getal stemgeregtigde lede word in die grondwet, konstitusie of reglemente van die organisasie bepaal – 'n kworum in Die Voortrekkers word in die Reglemente omskryf. 'n Vergadering bestaan meestal uit 'n vaste aantal lede, maar soms ook uit 'n onbepaalde aantal lede soos 'n ouervergadering by

die skool of 'n jaarvergadering van 'n Voortrekkerkommando. Daar is vier algemene metodes hoe 'n kworum omskryf word:

- i Gewone meerderheid is die helfte plus 1 van die aantal lede.
- ii 'n Persentasie van die lede bv. 75%.
- iii Die verlening van prokurasie aan 'n lid van die betrokke vergadering waar 'n ander lid van die vergadering hom skriftelik magtig om namens hom vir besluite op die vergadering te stem. (Dit word veral in besighede gebruik.)
- iv Die aanwesige lede vorm die kworum soos in die geval van kongresse, ouervergaderings, jaarvergadering van besighede, Voortrekkerkommando's en uitgestelde vergaderings.

Voorsitter

Die voorsitter neem die leiding en is verantwoordelik vir die ordelike en billike afhandeling van die sake op die sakelys. Elke mens kan nie 'n goeie voorsitter wees nie, omdat die persoonlikhede van mense en die kennis en vaardighede (talente) waaroor hulle beskik grootliks verskil. 'n Suksesvolle voorsitter moet op die volgende let:

- 'n Goeie kennis van die organisasie is noodsaaklik.
- Hy verseker dat al die regstegniese vereistes vir die vergadering nagekom is.
- Hy is die hoogste gesag in die vergadering.
- Hy bestuur die vergadering met die sakelys as vertrekpunt.
- Hy pas die korrekte vergaderingsprosedures toe.
- Hy handhaaf goeie orde.
- Hy bestuur die tyd wat aan spesifieke sake afgestaan word sodat die sakelys effektief afgehandel kan word.
- Hy sien toe dat almal 'n billike spreekbeurt kry – ook die minderheid.
- Hy sorg dat die wil van die meerderheid tot uitdrukking kom in besluite.
- Hy sien toe dat sake so volledig moontlik gedebatteer word.
- Hy som die stand van die bespreking gereeld vir die vergadering op.
- Hy het 'n gewone en ook 'n beslissende stem in geval van 'n staking van stemme.
- Indien die voorsitter aan die bespreking van 'n saak wil deelneem, moet hy 'n waarnemende voorsitter deur die vergadering laat aanwys totdat die saak afgehandel is.

Sekretaris

Die sekretaris moet in al die administratiewe sake van 'n vergadering leiding neem. Die sekretaris moet ook beskik oor die nodige kennis, vaardighede en 'n persoonlike motivering om van hierdie portefeulje 'n sukses te maak. 'n Goeie sekretaris sal toesien dat die volgende punte behoorlik hanteer word:

- Hy moet weet wanneer en wie vir 'n vergadering opgeroep moet word.
- Hy is in besit van al die kontakbesonderhede van al die lede.
- Hy gee behoorlik kennis van 'n vergadering met datum, tyd, plek en klededrag en versoek insette vir die sakelys.
- Hy weet hoekom die vergadering gehou word en stel die sakelys volledig saam en kontroleer dit met die voorsitter.
- Hy tref al die nodige voorafreëlins – verversings, lokaal, hulpmiddels.
- Hy sien toe dat 'n kworum teenwoordig is en deurentyd teenwoordig bly.
- Hy hou behoorlik notule van die vergadering en stel dit binne twee weke beskikbaar.
- Hy hanteer al die korrespondensie vir die vergadering.
- Hy sorg dat hulpmiddels beskikbaar is en behoorlik werk – projektors, blaaibord, rekenaar, drukker en so meer.

- Hy is goed op hoogte van die grondwet, konstitusie, reglemente en standaardprosedure van die organisasie.
- Hy is die voorsitter behulpsaam met die toepassing van vergaderingsprosedure.
- Hy hou stembriewe en ander skryfbehoeftes byderhand.
- Hy is lojaal teenoor die voorsitter en die organisasie se doelwitte.
- Hy sien toe dat die lokaal opgeruim is en alle toerusting versorg is.
- Hy moet toesien dat alle dokumente behoorlik gestoor word.

Ander ampsdraers

Die meeste vergaderings sal van die dienste van 'n besturende direkteur of uitvoerende beampte, ondervoorsitter en penningmeester gebruik maak.

- *Besturende direkteur/uitvoerende beampte*: Die persoon is 'n betaalde amptenaar van die organisasie of besigheid en sien toe dat die dag-tot-dag-aktiwiteite van die organisasie of besigheid hanteer word.
- *Adjunkvoorsitter (adjunkspanleier of adjunkkommandeier)*: Hy neem waar wanneer die voorsitter nie daar kan wees nie of wanneer die voorsitter aan 'n spesifieke debat wil deelneem.
- *Penningmeester*: Hy hanteer die finansies van die betrokke organisasie of besigheid en moet daarvoor aan die vergadering verslag doen.

Notule van 'n vergadering

Die notule is 'n geskrewe weergawe van die sake wat op die vergadering hanteer is en besluite wat geneem is. In Die Voortrekkers word daar meestal gebruik gemaak van 'n notule wat 'n kort storie vertel (*narrative minutes*).

In die parlement word die spreker net so aangehaal in die Hansard (*verbatim minutes*).

In groter besighede word net die besluite genotuleer (*resolution minutes*).

Baie notules bevat 'n kolom of 'n aksieblad waar aksies wat onderneem word, duidelik uitstaan.

**DIE BELANGRIKSTE
IS OM DIE NOTULE
IN 'N STYL TE
SKRYF WAT VIR
DIE VERGADERING
AANVAARBAAR IS.**

Die volgende bepalings ten opsigte van 'n notule word algemeen vir gebruik aanvaar, maar die belangrikste is om die notule in 'n styl te skryf wat vir die vergadering aanvaarbaar is. Dit moet so gou as moontlik uitgestuur word.

- Die naam/tipe van die vergadering, datum, tyd en plek word aangeteken.
- Die lede teenwoordig word in die notule aangeteken onder konstituerende of 'n bylaag met almal se name, in geval van groot vergaderings, word aangeheg.
- Al die punte op die sakelyste en die sake wat tydens die vergadering bygesit is, word in die notule opgeneem.
- Die belangrike punte van die bespreking van 'n saak word kortliks en gebalanseerd opgesom sonder dat name van sprekers in besonder genoem word. Hierdie opsomming moet die besluit logies en korrek verklaar.
- 'n Besluit word behoorlik aangeteken en moet ten minste voldoen aan die volgende: Wie moet wat, wanneer, waar doen en hoe moet dit gedoen word.

- Dokumente wat voor die vergadering gedien het, moet behoorlik aangeteken en as bylae tot die notule uitgestuur en geliasseer word.
- Die eerste konsepnotule moet so gou as moontlik, maar nie later as twee weke na die vergadering nie, aan lede vir kommentaar deurgegee word.
- Die finale notule word na inwerk van kommentare aan lede gestuur vir goedkeuring sodat besluite wat geneem is, ook afgehandel kan word.
- Die finale notule word met die eersvolgende vergadering bekragtig.

Basiese vergaderingsprosedures

• **Beginnels van vergaderingsprosedure**

Orde: slegs een saak op 'n keer word hanteer

Gelykheid: almal in die vergadering het gelyke reg

Regverdigheid: wees hoflik teenoor almal en onpartydig

Reg van minderheid: laat die minderheid ook gehoor word

Wil van die meerderheid: die meerderheidsbesluit word deur die hele vergadering aanvaar

• **Mosie/voorstel**

'n Lid van die vergadering kan 'n voorstel (mosie) mondelings of skriftelik aan die vergadering stel in verband met die hantering van die saak onder bespreking. 'n Voorstel begin met die woord "dat" en word positief gestel. Die voorsitter stel die voorstel en 'n sekondant word gevra. Indien die voorstel nie aan die bepalinge voldoen nie, moet die voorsitter die mosie buite die orde reël. Na aanvaarding van die voorstel mag die volgende sprekers net oor (vir of teen) die voorstel op die tafel praat. Byvoorbeeld, die voorstel: "Dat die span nie volgende naweek gaan kamp nie" is ontoelaatbaar, en laat dadelik die vraag ontstaan "Hoekom nie?". Die voorstel kan eerder gestel word: "Dat die spankamp uitgestel word totdat 'n geskikte datum daarvoor gevind word."

• **Sekondant**

Dit is enige lid van die vergadering wat die voorstel sekondeer.

• **Amendement**

Dit is 'n positiewe wysiging of byvoeging van 'n voorstel wat reeds voor die vergadering dien deur sekere woorde te skrap, by te voeg of met ander woorde te vervang. Daar kan ook meer as een amendement op 'n voorstel ingedien word, maar elke amendement moet ook weer 'n sekondant hê, anders verval dit onmiddellik.

• **Repliek**

Dit is 'n geleentheid wat die voorsteller van 'n voorstel kry om te antwoord op die argumente wat in die bespreking na vore gekom het, net voordat die voorstel tot stemming gebring word. Die voorsteller mag nie nuwe argumente opper nie. Daar is geen reg van repliek op ordevoorstelle en amendemente nie.

• **Op 'n punt van orde**

Dit is 'n vraag wat deur enige lid aan die voorsitter gestel word om die aandag op 'n onreëlmatigheid in die prosedure te vestig. Die voorsitter moet onmiddellik op die vraag reageer deur sy beslissing daaroor te gee. 'n Punt van orde word nie aan die vergadering vir beslissing voorgelê nie – die voorsitter se beslissing is finaal.

Gewoonlik handel 'n punt van orde oor:

- die afwesigheid van 'n kworum;
- onweloweglike taal of laster;
- geen voorstel op die tafel nie;
- 'n bespreking wat nie ter sake is nie;
- 'n spreker wat nie gehoor kan word nie;
- die verbreking van die grondwet, reglemente of vaste gebruike.

- **Ordevoorstel (sluitingsmosie)**

Dit is 'n spesiale voorstel wat ten doel het om die verdere bespreking van 'n voorstel wat ter tafel is, te verhoed, uit te stel of te beëindig. Enige lid wat nog nie oor die voorstel gepraat het nie, kan so 'n voorstel maak. Die voorsitter moet onmiddellik op 'n ordevoorstel reageer deur óf dit buite die orde te reël, óf vir 'n sekondant te vra. As daar 'n sekondant vir die voorstel is, word die vergadering dadelik gevra om daaroor te stem, sonder enige bespreking of enige amendemente.

- **Spreekbeurte**

Die voorsitter ken spreekbeurte toe. Die voorsitter kan die tyd wat 'n spreker mag praat vooraf bepaal. Wanneer 'n spreekbeurt gebruik word, moet die saak aangespreek word en nie die persoon nie. Verwys na "die" of "n" vorige spreker. Indien 'n persoon van die reëlins afwyk, mag die voorsitter hom vra om woorde terug te trek, sy spreekbeurt onmiddellik te voltooi of hom buite die orde reël.

- **Stemming**

Die voorsitter bepaal wanneer daar oor 'n saak gestem moet word. Normaalweg sal die voorsitter seker maak dat die saak onder bespreking behoorlik toegelig is en almal weet waaroor daar gestem moet word. Die vergadering sal stemtellers aanwys waar stemme getel moet word. Die volgende vier metodes word algemeen gebruik wanneer daar gestem word met dien verstande dat, wanneer daar oor persone gestem word, daar van stembriewe gebruik gemaak word:

- a Antwoord hard met ja of nee – voorsitter bepaal self
- b Opsteek van hande
- c Stem met briefies
- d Verdeel in groepe en tel die mense in die groep

'n Voorstel word aanvaar as:

- "algemeen" – almal het daarvoor gestem
- met 'n "meerderheid van stemme" – party was buite stemming of daar is ook stemme teen die voorstel.

- **Staking van stemme**

Waar daar met 'n stemming presies gelykop gestem word vir 'n bepaalde saak het die voorsitter 'n beslissende stem. Indien die voorsitter dit nie wil gebruik nie, verval die voorstel. Indien daar egter oor persone gestem word en die voorsitter nie 'n beslissende stem wil uitbring nie, word 'n volgende stemming versoek. Indien daar met die derde stemming nie uitsluitel verkry word nie, kan daar besluit word om die lot te werp. Na 'n gebed om leiding sal die lot gewerp word rondom die verkiesing.

- **Buite stemming**

Persone kan besluit om buite stemming te bly en dit kan ook so aangeteken word in die notule indien nodig.

17. DIE VERKENNER REËL 'N FUNKSIE.

Voorafbeplanning

Belanghebbendes

Die eerste stap is om al die belanghebbendes vir die funksie bymekaar te kry sodat voorafbeplanning gedoen kan word. Probeer om die eerste vergadering te hou in die plek waar die beplande funksie gaan plaasvind. Indien daar nog nie op 'n vaste perseel of terrein besluit is nie, kan al die belanghebbendes by 'n sentrale punt soos 'n restaurant of huis bymekaar kom.



Beplanning

Die belangrikste faktore wat eerste aandag moet geniet, is die lokaal, datum, tyd en aard van die funksie. Die datum sal die eerste aspek wees wat bepaal en afgehandel moet word. Bepaal die datum en hou ook 'n ander datum in gedagte [plan B] ingeval die lokaal vir die eerste datum nie beskikbaar is nie.

Terrein/lokaal

Aangesien sale en ander terreine lank voor die tyd bespreek word, is dit noodsaaklik om dadelik te bepaal waar die funksie aangebied gaan word en wat die prys vir die huur sal wees.

Begroting

Afhangende van die fondse wat beskikbaar is, sal bepaal word hoeveel daar aan die lokaal spandeer kan word. Indien fondse nog bekom moet word, moet daar dadelik 'n fondsinsamelingskomitee saamgestel word om die fondse bymekaar te kry.

Program

'n Deeglik vooraf uitgewerkte program is belangrik om sake vlot te laat verloop. Gaskunstenaars, spyseniers en ander versierings moet so spoedig moontlik bespreek word om teleurstelling te voorkom.

Gastelys

Bepaal wie genooi word na die geleentheid. Waar hulle gekontak kan word. Wie die uitnodigings gaan versorg. Wanneer daar terug geantwoord moet word.

Werksindeling

Die werksindeling geld vir die dag waarop die funksie gaan plaasvind. Elkeen wat deel van die beplanningskomitee was, moet nou ingedeel word om die dag voor en tydens die funksie spesifieke take te verrig.

Take

Vorbereiding van lokaal – dit sluit in dekor, beligting, klanktoerusting, sitplekuiteensetting, tafelpasings. Dit is ideaal indien die lokaal 'n dag voor die aanvang van die funksie voorberei word. Indien dit nie moontlik is nie, moet daar heelwat aan die dagbeplanning spandeer word om alles gereed te kry voor die funksie in aanvang neem. Sommige aspekte soos advertensiebaniere moet weke voor die tyd opgesit en weer verwyder word.

Werkverdeling

Daar moet deeglik besin word oor watter taak elkeen van die organiseerders verantwoordelik sal wees. Moenie 'n taak aan iemand opdra wat nog geen ondervinding in die verband gehad het nie, of lig oningeligstes duidelik in wat hulle opdragte behels. Die voorsitter of sameroeper moet voortdurend kontroleer dat alle take op 'n bepaalde tydstip afgehandel is.

Die funksie self

Sorg dat almal wat betrokke is by reëlins betyds – ten minste 'n uur en 'n half – voor die aanvang van die funksie op hulle poste is. Kontroleer vir oulaas of alles onder beheer is en hou die voorafgereelde noodplan gereed.

Wees rustig en kalm en geniet self ook die funksie.

Nabetragting

- Onthou dat die suksesvolle funksie die werk was van baie toegewyde persone.
- Stuur of deel bedankings uit.
- Sorg dat alle finansiële uitgawes betaal is voor die winste bereken word.
- Besorg die sleutels van die lokaal terug.
- Stuur berigte vir die media.
- Versamel die foto's en videomateriaal en besorg dit aan die organiseerders.
- Skryf 'n verslag en stuur dit vir die oorhoofse organisasie.

18. DIE VERKENNER KENNIS NEEM VAN MODERNE NAVIGASIEEGNIEKE.

Gedurende die afgelope 30 jaar het Geografiese Inligtingstelsels ontwikkel tot een van die nuttigste hulpmiddels vir geografe en ander belanghebbendes.

DEFINISIE:

Alhoewel daar verskeie definisies vir GIS is, is die volgende die meer aanvaarde pogings:

- GIS is 'n rekenaarstelsel wat geografiese inligting (ligging) kan versamel en inligting kan stoor, en dit dan manipuleer en vertoon in die vorm van kaarte. 'n Studie van hierdie onderwerp sal jou in staat stel om ruimtelike patrone te beskryf, ooreenkomste en verskille te bepaal, en die interafhanklikheid tussen mense en die omgewing te bepaal.
- GIS kombineer databasisfunksies met kartografiese modellering.
- GIS is 'n geïntegreerde gereedskap vir die invoer, berging, bestuur, herwinning, manipulasie, analisering, modellering van data, asook afvoer en beeldverwerking.
- GIS stel 'n mens in staat om gebeure te **verduidelik**, uitkomst te **voorspel** en strategieë by wyse van visualisering te **beplan**.

DIE VRAAG ONTSTAAN WATTER NUT GIS HET. DIT HET SO 'N INTEGRALE DEEL VAN ONS LEWENS GEWORD SONDER DAT DIE GEWONE MAN OP STRAAT DIT BESEF.

Die voordele van die gebruik van GIS kan so opgesom word:

- GIS is rekenaargebaseerd en het al die voordele (en nadele) van 'n rekenaarinstrument.
- GIS is al in verskeie werkplekke gevestig en het bewys dat dit nie 'n verbygaande gier is nie.
- GIS kan 'n akkurate, doeltreffende en wetenskaplike instrument wees.
- GIS kan gebruik word om organisatoriese integrasie te verbeter.
- GIS help om beter besluite te neem.
- GIS maak kaarte.

Hier volg **enkele** voorbeelde van die alledaagse gebruik van dié wetenskap:

- Die polisie gebruik dit om tred te hou met die voorkoms van misdaad in sekere gebiede. Dit stel hulle in staat om polisiëring te beplan.
- Stads- en streekbeplanners gebruik dit op groot skaal. Dit kan byvoorbeeld help om te bepaal watter stuk grond geskik is vir 'n nuwe winkelsentrum.
- Die daarstelling van 'n busdiens vir skoliere, sowel as die roete wat so 'n bus moet volg.
- Die impak van aardverwarming op gemiddelde seevlakke.
- Die voorkoms van indringerplante in 'n sekere bioom.
- Waar moet boorgate gesink word en pyplyne gelê word?
- Sal daar oor tien jaar genoeg skole in 'n sekere gebied wees?

Onder **gebruikers** tel die volgende:

- Ondernemings
- Toerismebedryf
- Kommunikasie
- Veiligheid en intelligensie
- Onderwysers
- Ingenieurswese
- Selfoonnetwerke
- Omgewingsbestuur
- Regering
- Mynbou
- Bosbou
- Landbou

Hierdie is slegs enkele van die legio voorbeelde waar GIS gebruik word.

GIS-programme gebruik verskillende soorte ruimtelike data:



Inligting soos sensussyfers, verkeerstellings, marknavorsing, ens. Elke stukkie inligting verwys na 'n spesifieke plek op die aarde, daarom praat ons van ruimtelike data.



Kaarte kan omskep word in inligting in digitale vorm vir gebruik deur 'n GIS.



Afstandswaarneming (Engels *remote sensing*) deur vliegtuie en satelliete voorsien data van 'n afstand af. Die **ruimtelike resoluë** van moderne satellietbeelde is nou so laag as 60 cm-grepe, wat baie gedetailleerde inligting gee.

'N GROOT HOEEVELHEID INLIGTING OOR DIE AARDE SE OPPERVAK WORD VERKRY VAN SATELLIETE WAT OM DIE AARDE WENTEL.

Daar is verskillende stelsels wat data insamel:

'n **Passiewe stelsel** gebruik klein sensors of detektors wat energieseine meet wat deur die aarde se oppervlak weerkaats of uitgestraal word.

'n **Aktiewe stelsel** straal sy eie energie na 'n landskap teiken uit. Die straling wat van die teiken terugkeer word waargeneem en deur die sensors gemeet. Dit is waarom sommige satelliete op enige tydskop metings kan neem, dag of nag, somer of winter. Radarsatelliete wat mikrogolwe uitstraal, kan deur wolke, mis en reën dring om die aarde se oppervlak waar te neem.

Die straling wat deur hierdie satellietstelsels waargeneem word, word gemeet en as **digitale data** aangeteken. Hierdie data word na grondstasies oorgesend en kan gebruik word om visuele beelde te skep, soortgelyk aan lugfoto's. Waardevolle inligting kan oorgedra word, bv. geologie, plantegroei, seetemperature, seestrome, grondgebruik, oeste en selfs oesopbrengs en gewassiektes.

Kom ons kyk na sommige van hierdie satelliete.



Landsat-satelliete: Die eerste Landsat-satelliet is in Julie 1972 gelanseer. Die jongste is die Landsat 7, wat in 1999 gelanseer is.

Die beelde en kaarte wat in weervoorspellings gebruik word, is afkomstig van data wat 'n paar keer per dag ontvang word vanaf die satelliete.

SPOT (System Pour l'Observation de la Terre): Dit is deel van die bekende SPOT-satellietkonstellasie wat bestaan uit vyf aard-observasie satelliete. Spot Image is deur die Franse agentskap CNES (Centre National d'Etudes Spatiales) aangewys as die alleen-operateur van die SPOT-satelliete, waarvan die eerste in 1989 in 'n wentelbaan geplaas is. SPOT-5 is in 2002 gelanseer en is baie beter as die eerste vier weergawes. SPOT-5 het 'n maksimum resolusie van 2.5 x 2.5 m in panchromatiese en 10 x 10 m in multispektrale operasie.

Wat het jy nodig om 'n GIS te bedryf?

- 'n Goeie rekenaar en hardeware soos 'n drukker, stipper, digiteerder en skandeerder.
- Kragtige programmatuur of sagteware (bv. ArcView 9 of Qgis).
- Menslike hulpbronne – mense met die vermoë om vorendag te kom met goeie vraagstelling en antwoorde
- Data – dit vorm die belangrikste deel van GIS. Daarsonder is niks moontlik nie. Verkryging van relevante databronne kan die meeste van jou tyd en finansiële bronne in beslag neem.

Funksionele elemente van GIS:

- *Invoer van data:* bring data na die GIS-omgewing.
- *Datamanipulasie:* laat verandering van primêre data toe.
- *Afvoer van data:* skuif data (of analise-resultate) uit die GIS.
- *Databestuur:* beheer toegang tot data en verseker volledigheid van data en doeltreffende stoor.
- *Dataherwinning:* herroep data vanuit gestoorde formaat na gebruik.
- *Afbeelding van data:* visualisering van primêre of afgeleide data.
- *Analiserings en modellering van data:* verkry insig rakende die verband tussen data en die modellering van ruimtelike verskynsels.

'n Paar begrippe wat in GIS gebruik word:

- **Entiteit:** 'n konkrete verskynsel wat 'n eenheid vorm, bv. 'n huis, pad, rivier, sportveld
- **Attribuut:** eienskap, kenmerk (attribuutdata is inligting wat in databasisvorm, bv. MS Access gestoor word, m.a.w. inligting in rye en kolomme)
- **Voorwerp:** die punt of stel punte wat 'n GIS gebruik om 'n konkrete entiteit voor te stel. Daar is drie soorte GIS-voorwerpe:
 - *Punt:* 'n GIS-voorwerp wat 'n geografiese kenmerk voorstel wat te klein is om op 'n kleinskaal-kaart as 'n lyn of area aan te dui, soos 'n lamppaal of 'n posbus. Hierdie punte word deur hul koördinate bepaal (breedte- en lengteligging, oftewel X- en Y-koördinate)

- **Lyn:** 'n stel geordende koördinate wat 'n smal, eendimensionele geografiese kenmerk voorstel, soos 'n straat of stroom. Die begin- en eindpunte van die lyn word nodes genoem.
- **Area:** 'n tweedimensionele voorwerp soos 'n ontspanningsgebied of 'n meer. Die grense van die area word 'n geslote stel lyne bepaal, wat 'n poligoon genoem word.
- **Algoritme:** 'n wiskundige prosedure wat gebruik word om probleme op te los deur sekere stappe te volg. Algoritmes word as 'n reeks rekenaarbevele gekodeer.
- **Stelsels:** 'n aantal programme ontwerp om met hardeware te werk om spesifieke funksies uit te voer.
- **Inligtingstelsels:** rekenaarstelsels ontwerp om inligtingsgebaseerde take te verrig.
- **GIS:** rekenaar tegnologies wat geografiese inligting organiseer sodat dit in verskeie bruikbare vorme weergegee kan word.
- **Afstandswaarneming:** die bestudering van 'n voorwerp vanaf 'n afstand. In die geval van aard-observasie is dit die bestudering van die aarde d.m.v. satelliete of kameras op vliegtuie.
- **Ruimtelike voorwerpe:** dinge wat ruimte in beslag neem, bv. 'n gebou.
- **Lyne:** dit word gebruik om werklike liniêre voorwerpe voor te stel, bv. riviere, paaie, spoorlyne, pypnetwerke, elektrisiteitslyne.
- **Punte:** dit het 'n X- en Y-koördinaat. Voorbeelde is dorpe, kerke, skole stede, bome of 'n straatlig.
- **Poligone:** word gebruik om areagebaseerde voorwerpe voor te stel, bv. damme, provinsiale grense, internasionale grense, parke.
- **Nodus (knooppunte):** die plek waar lyne ontmoet of saamloop, bv. paaie.
- **Skaal:** die skakel tussen kaartafstande en werklike afstande. 'n Klein skaal sal 'n groot area op 'n kaart voorstel, terwyl 'n groot skaal 'n klein area in fyner detail sal wys.
- **Resolusie:** hoeveel keer data vergroot of verklein is.
- **Vektordata:** data wat as lyne (bv. paaie), punte (bv. bome) en poligone (bv. plaasgrense) aangedui word op kaarte.
- **Rasterdata:** 'n ruimtelike datamodel wat ruimte definieer as 'n verspreiding van gelyke grootte selle wat in rye en kolomme versprei word.
- **Buffer(sone):** 'n sone om 'n kaartverskynsel in eenhede van tyd of afstand, bv. vloedlyne word binne 200 m vanaf riviere getrek wanneer besluit word oor bousones, of skole moet binne 1½ uur se staptyd van 'n bepaalde woongebied wees.

GRAADWIELOPDRAGTE

Afrikanerskap

Maak kontak met 'n Afrikanerkultuurorganisasie (buiten Die Voortrekkers) om vas te stel watter rol die organisasie speel in die bevordering van Afrikanerskap.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die volgende inligting is volledig gegee: naam van die organisasie; voorsitter; kontakbesonderhede; webadres; voorbeelde van bemarkingsmateriaal van hierdie organisasie; datum van kontak; aard van kontak.		

2. Die doel van hierdie organisasie is kortliks beskryf.	
3. 'n Diagrammatiese voorstelling van die funksionering van hierdie organisasie en sy wisselwerking met ander organisasies om die Afrikanersaak te bevorder is op 'n A4-grootte bladsy gegee. (Indien daar geen huidige wisselwerking is nie, is aanbevelings gemaak.)	
4. Die mate waarin die doelstellings van hierdie organisasie met Die Voortrekkers se kernwaardes van Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap vereenselwig, is bespreek (minimum 80 woorde).	

Maak 'n werkstuk van ten minste 5 bladsye oor jou Afrikanerrolmodel.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Inleiding: 'n Algemene opsomming en indrukke oor die persoon is gegee.		
2. Agtergrondinligting: Geboorteplek, kinderjare, jongmensjare, volwasse jare (getroud, kinders, verloop) en sterfte (indien van toepassing).		
3. Persoonlike inligting: Motivering vir die persoon se dryf, hoogtepunte uit die persoon se lewe en 'n uiteensetting van die persoon se belangrikste bydraes is ingesluit.		
4. Toepassing: Verduidelik hoe die persoon aan die ABC voldoen en in watter mate die Afrikanervolk armer sou gewees het sonder die persoon se bydrae.		
5. Foto's is ingesluit.		

Burgerskap

Identifiseer huidige kwelpunte wat langtermyngevolge vir jou land (Suid-Afrika of Namibië) mag inhou en hoe jy dit as positiewe landsburger sal hanteer.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Ten minste een kwelpunt is identifiseer en kortliks bespreek (minimum 50 woorde).		
2. Ten minste een mediaberig, wat betrekking het op die kwelpunt(e), is aangehaal of ingesluit by die werkstuk.		
3. Die gevolge en direkte impak wat hierdie kwelpunt(e) op hom/haar kan hê, is in 'n paragraaf bespreek (minimum 100 woorde).		
4. Die hantering van hierdie kwelpunt(e) as positiewe landsburger is bespreek (minimum 50 woorde).		

Christenskap

Identifiseer en bespreek uitdagings wat jy as Christen in vandag se lewe teëkom.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Drie redes waarom dit vandag moeilik is om jou Christenskap uit te leef, is gegee.		
2. Aksies wat geneem kan word om die redes hierbo aan te spreek, is uiteengesit (minimum 50 woorde).		

3. Die kern van die Verkenner se Christelike geloof is bespreek (minimum 100 woorde).	
4. Wenke hoe 'n Christen ander gelowe moet hanteer, is gegee (minimum 50 woorde).	

Voortrekkerlewe

Beplan 'n projek wat waarde tot die gemeenskap sal toevoeg.

STANDAARD	BEREIK Ja/Nee	KOMMENTAAR
1. Die doel van die projek is beskryf (minimum 30 woorde).		
2. Die teikengroep is beskryf (minimum 20 woorde).		
3. Die uitvoerbaarheid en moontlike struikelblokke van die projek is geïdentifiseer en beskryf (minimum 50 woorde).		
4. Die gevolge van die projek op die gemeenskap is beskryf (minimum 50 woorde).		

6 *INDEKS*



INDEKS

A

Adventsiklus 79
Afrikaans 90, 164, 317
Afrikaner 90, 264
Afrikanergeskiedenis 87
Afrikanerskap 9, 264
Afrika-unie 107
Afrika-unie vlag 108
afstandswaarneming 365, 367
agenda 358
aksepbank 353
algoritme 367
alkoholisme 248
amendement 361
ampsdraers 360
Anglo-Boereoorlog 171, 252
apartheid 324, 330
armoede 354
armoedeverligting 354
attribuut 366

B

Badenhorst, Badie 48
Badenhorst, Bennie 48
bank 98
begroting 192, 363
belanghebbendes 363
beleggingshuise 353
beplanning 247, 363
besluitneming 247
bestuursvaardighede 190
boelies 83
Boeresport 197
Boknes 46
Boshoff, Carel 48
Botha, Louis 255
Botha, PW 332
Britse setlaars 93
Bruto Binnelandse Produk (BBP) 97
burgerlike protes 277
burgerskap 9
Bybel 94, 145, 232
Bybelse idiome en idiomatiese uitdrukkings 233
Bybelvertalers 232
Bybelvertalings 232

C

Carnegie-ondersoek 259
Christelike feesdae 78
Christenskap 10
Cloete, TT 171
CQ Hou Koers 43, 51, 54
Curriculum Vitae (CV) 313

D

delegering 190, 311
demokrasie 262
deugde 304
De Villiers, ML 258
Dias, Bartholomeus 88
diensbaarheid 11, 236
diensbare leier 235
diensbare leierskap 235
digitale burgerskap 239
digitale data 366
digitale entrepreneurskap 239
digitale intelligensie (DI) 239
digitale kreatiwiteit 239
digitale vaardighede 239
doelstellings 12
doelwitstelling 312
Doornkloof 32, 35, 36, 38, 51, 52
Dreyer, Tom 55
Du Toit, JD (Totius) 232
dwelms 248

E

eietydse kultuurbegrippe 267
ekonomiese baanbrekers 263
ekonomiese begrippe 97
emosionele intelligensie 242
empatie 242
entiteit 366
entrepreneur 272
entrepreneurskap 272
entrepreneurskapsvaardighede 274
e-pos 148, 240, 311, 357
e-pos-vergadering 357
erediens 303



F

familiegeskiedenis 94
 familiestamboom 94
 fasilitering 190
 feiteversameling 247
 finansiële instellings 352
 Fourie, HCM 232
 Fourie, Jopie 256
 Franse Hugenote 91
 funksie 363
 funksiebeplanning 363

G

gastelys 363
 gedragskode 124
 Gebiedsbestuur 62
 Gebiedsraad 62
 gedrag 308
 geloofsbelewensisse 302
 gemeenskapsbetrokkenheid 355
 generasies 156
 Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 165
 Geografiese Inligtingstelsels (GIS) 364
 gesinsbeleid 307
 gesinsverhoudings 306
 geskiedenis 87, 171, 252, 322
 GIS-voorwerpe 364
 Grensoorlog 332
 groepsdruk 87
 groepspeletjies 194, 195
 grondslag 7
 Grondwet 278, 349
 grondwetlike demokrasie 278
 Groot Trek 171, 175

H

Handves van Regte 278, 279
 Hartbeesfontein 45, 46
 Heese, Japie 40
 held 95
 Helpmekaar-beweging 256
 Hertzog, JBM 170
 Hiemstra, LW 170
 historiese gedenkwaardighede 178
 historiese kultuurdae 95
 Hoofbestuur 28, 62
 Hoofdagbestuur 62
 Hoogenhout, CP 170
 Hou Koers-blad 31, 32, 55
 Huguenet, André 170
 huisgesin 306

I

ideegenerering 247
 identiteitsverlies 338
 implementering 247
 inflasie 97, 98
 informele vergadering 357
 inligtingstelsels 367
 interkulturele verhoudings 244, 269
 internet 311

J

jaarvergadering 63

K

kaart 292, 365
 kaartwerk 292
 KABA 54
 kaping 276
 Keet, BB 232
 Kestell, JD 232
 kletskamer 357
 kleurstelsel 64
 knope 124
 kompas 219
 kompasroete 221
 kongres 62
 Kommandobestuur 63
 Kommandodagbestuur 63
 kommunikasie 81
 konflik 150
 Konstitusionele Hof 278
 kuberboelie 148
 kulturele bouers 268
 kulturele burgerskap 268
 kulturele entrepreneurs 269
 kulturele identiteit 260, 345
 kulturele kapitaal 268
 kulturele selfrespek 268
 kulturele selfvertroue 268
 kulturele simbole 269
 kulturele vennootskappe 269
 kulturele volwassenheid 268
 kulturele vryheid 349
 kultuurbegrip 345
 kultuurgemeenskap 267, 349
 kultuurhelde 169
 kultuuropdrag 345
 kultuursimbole 185
 kultuurvlae 186
 kworum 358

L

Landsat-satelliet 366
 landswapen 100, 107
 landvorme 296
 Langenhoven, CJ 168, 258
 Langner, Danie 60
 leier 153
 leierskap 236
 liedjies 112

liefde 243
lokaal 363
Louw, NP van Wyk 171, 261, 330
Lunsklip 40

M

magnetiese deklinasie 297
Malan, DF 322
misdaadvoorkoming 193
mosie 361
Meurant, Louis Henri 169

N

nabetragting 364
Namibië 105, 341
nasionale liedere 99, 105
nasionale simbole 104, 107
nasionale vlag 102, 106
Naudé, Beyers 331
navigasietegniese 364
Neethling-Pohl, Anna 170
Nienaber, PJ 171
Nkosi Sikelel' iAfrika 99, 100
nodus 367
noodhulp 130
noodsituasies 275
noodweer 290
norme 305
notule 360

O

omgewingsbewaring 269
onderbrekings 312
onderhoud 315
onderhoudvoering 315
ondersteuning 247
ontwikkelingsbanke 353
Oordbestuur 63
Oorddagbestuur 63
ordevoorstel 362
organisasiestruktuur 62

P

Paassiklus 80
Pan-Afrikaanse Parlement 108
Pannevis, Arnoldus 165, 232
papierreg 281
paraatheid 98
persoonlike finansies 191
Pinkstersiklus 81
poligone 367
posisiebegreep 297
Preller, GS 170
prioritering 312
probleemdefiniëring 247
probleemidentifisering 246
probleemoplossing 246
probleemoplossingsproses 246
program 363
projeksie 297
punt van orde 361
punte 366


R

rangtekens 63
rasterdata 367
Rebellie 255
reglemente 218
Reitz, FW 169
rentekoerse 97, 98
repliek 361
Republiekwording 252, 322
resolusie 367
Rhus keeti (Tarentaalstraat) 49
rigtingbegreep 138, 219, 221
roeping 10, 235
rolprente 33, 44
romanse 243
Rothman, Miemie (MER) 261
ruimtelike voorwerpe 367
ruitlynverklaring 297
ruitverwysing 293
Rupert, Anton 263, 331




S

SMS-vergadering 357
 SPOT 366
 sakelys 358
 satelliet 365, 366
 sekondant 361
 sekretaris 359
 selfbeeld 245, 246
 selfbeeldontwikkeling 245
 selfbeeldverwesenliking 245
 selfbeheer 242
 selfbewustheid 242
 selfhandhawend 246
 selfkonsep 245
 selfmotivering 242
 selffoonetiket 309
 selffoonverslawing 249
 seremonie 217, 218



seremoniebeplanning 217
 skaal 367
 skedulering 312
 skeppende kultuur 268
 Skype 286, 357
 Skype-vergadering 357
 Slagtersnek 172
 slawerny 92
 Smuts, Jan 262
 son 138
 sone 367
 sosiale media 147, 241
 sosiale vaardighede 243
 spankamp 199
 spankos 203
 spanleier 153
 spanleierskap 153
 spanspeletjies 111
 speletjies 108
 spelleier 194
 spiritualiteit 302
 spiritualiteitstyle 303
 spreekbeurte 362
 staptoer 284
 staptoerbeplanning 284
 stelsels 367
 Stem van Suid-Afrika, Die 258
 stemming 362
 sterre 138
 Strauss, Piet 57
 Strijdom, JG 323
 Swart, CR 323



T

taalhelde 169
taalverskuiwing 317
tafelmaniere 309
take 363
telefoon 311
telefoonkonferensie 357
terrein 363
Tien Gebooie 228
tienerdepressie 163
touwewk 124
touwewkspeletjies 198
tradisionele speletjies 196
tydmorsers 310
tydsbestuur 191, 310

U

uitstel 312
Unie van Suid-Afrika 255
Uys, Jamie 170

V

VOC 89
vaardighede 4
vaardigheidspeletjies 282
Van der Bijl, Hendrik 263
Van der Mervre, NJ 26, 33, 232
Van der Walt, Johan 52
Van Riebeeck, Jan 89
Van Rooyen, EE 232
veiligheidswenke 275
vektordata 367
velindeks 297
verantwoordelikheid 235
verdedingingsmeganisme 249
vergadering 355, 357
vergaderingprosedure 361
verhouding 243, 244
Verkennerbelofte 27, 75
Verkennerkampe 66
Verkennerkentekens 67

versekeraars 353
verslawing 248
Verwoerd, HF 323
Visser, CF 19, 33, 39
voorsitter 359
Voortrekkerdepot 35
Voortrekkerdrag 28, 57, 65
Voortrekkerkode 12
Voortrekkerliedjies 112
Voortrekkerloopbaan 2
Voortrekkerleuse 25
Voortrekkersimbole 15
Voortrekkerstorie 18
Voortrekkervlag 17, 25
Voortrekkerwapen 16, 26
voorwerp 366
Vorster, John 331
vriendskappe 86
Vryburgers 90
vryheid van assosiasie 267
vuurwapenhantering 287

W

waardes 305
Wemmershoek 47, 51, 55
Wenhoogete 37, 38
werkloosheid 354
werksindeling 363
werkverdeling 363
wese 7
Wessels, Albert 263
wisselkoers 97, 98

Y

ysbrekers 110

